Tweedens het die Reformatore hulle net so sterk uitgespreek teen die subjektivisme van die doperse rigtinge. Hulle was in die sestiende eeu verteenwoordigers van die Spiritualisme. Die Spiritualisme leer dat 'n mens op 'n bepaalde manier nadruk lê op die werk van die Heilige Gees. By die spiritualiste gaan dit om 'n visie wat die werk van die Heilige Gees afgrens in die strukture wat in die skepping gegee is. Dit beteken dat die Heilige Gees sy werk nie volbring deur middel van menslike ampsdiens nie. Wanneer die Heilige Gees sy goddelike werk doen, doen Hy dit sonder 'n middel. Hy doen dit regstreeks in die hart van die mens: "Het geschreven woord van die bijbel en de bediening van het Woord door de ambtsdrager vallen in het heilsproses als bemiddelende faktor weg." (Trimp, 1985:25.) Na diepe reformatoriese oortuiging het die goddelike werk van die Heilige Gees op aarde 'n werkplek en dus ook 'n aanwysbare plek waar Hy gevind kan word. Die Heilige Gees werk die heil deur die bedienng van die Woord van God. Die Heilige Gees is ook self God en Hy regeer oor die gang van die Woord en die ingang van die Woord in die harte van mense.

## 1.2 Omskrywing van die tema

Die tema vir die studie is: *Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk.* Die klem van die studie val op heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die sentrale probleemstelling wat die studie wil oplos is om na te gaan op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die leeruitkoms van die kategese word op verskillende maniere geformuleer. Oor die algemeen word die leeruitkoms van die kategese gesien as die geloof van die verbondskinders en dan in die besonder geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsbelydenis. Dit blyk uit sekere bronne (Frank, 1886:54; Bavinck, 1903:91; Stone, 1967:69; Van Genderen, 1991:109) dat daar ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese 'n leemte is. Die kinders moet nie net gelei word tot ***geloof***sekerheid (certitudo fidei) nie, maar tot ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening.
As wetenskaplik besin word oor die leeruitkoms van die kategese moet dit geskied binne die konteks van die verbond en die koninkryk van God (Van Wyk, 1989:86). Omdat die verbond sy neerslag

vind in die doop en die leeruitkoms van die kategese sigbaar word in die koninkryk van God, moet oor die kategese gehandel word in die konteks van die verbond en die koninkryk van God.

## 1.3 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat ondersoek word is die vraag na heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die grondvraag is hoe die gelowige deel kry aan die verlossing (heil) wat Christus aan die kruis verwerf het, en op watter wyse, indien wel, die kategese as middel kan dien om dit te bereik. Vir die kategese is dit belangrik om te weet hoe die verbondsjeug deel kry aan die verlossing in Jesus Christus. In die studie wil vasgestel word hoe die kategese as middel gebruik kan word om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 1.4 Aktualiteit en noodsaaklikheid van die studie

Tradisioneel gaan dit wat die leeruitkoms van die kategese betref om die geloof van die verbondskind in al sy verskillende bestaansvorme. In hierdie studie sal ondersoek word of die leeruitkoms van die kategese verder strek as net die geloof. Verskillende sake sal behandel moet word waaraan daar op die gebied van die kategese nog nie duidelik genoeg aandag gegee is nie.

Behalwe dat daar in die kategese nie genoegsaam aandag geskenk is aan ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening nie, blyk uit 'n aantal kategetiese bronne dat in die praktyk van die kategese die klem grootliks op die ***heilshistoriese*** en nie op die ***heilsordelike*** val nie (Meulenbelt, 1913:90-41; Van Veldhuizen, 1925:50-162; Van Uchelen, 1945:7-51;. Hagenbeek, 1947:58-67; Dijk, 1952:115-151; Dijk, 1954:7-25; Berkelbach van der Sprenkel, 1965:5-31; Bijlsma, 1969; Dingemans, 1991:133-159). In kategetiese literatuur, veral handboeke en handleidings, word voldoende aandag geskenk aan die heilshistoriese. Maar wat die heilsordelike betref is daar egter 'n ***leemte***, moontlik vanweë die té eng formulering van die leeruitkoms van die kategese of die verwaarlosing van die wyse waarop die verbondskind hulleself die heil toe-eien. Tereg val die klem in 'n meerdere of mindere mate op die geloofsekerheid maar dan geskied dit ten koste van die heilsekerheid. Vanaf die tyd van die Nuwe Testament tot met die Reformasie het hierdie betrokke saak, die verhouding tussen die heilshistoriese en die heilsordelike, veral in die kategese, nie aandag gekry nie. Wat die heilsordelike betref is daar dus 'n ***leemte***.

Na die reformasie het daar in die tradisie van Calvyn en Luther verandering ingetree: "Steeds meer kregen de heilsordelijke, op de persoonlijke toeëigening betrekking hebbende, vragen de aandacht

boven die heilshistorische." (Ridderbos, 1966:6.) Die diepste grond van heilstoe-eiening rus nie in die wilskeuse van die mens nie maar in die verbondstrou van God wat dit vir die gelowige sal voleindig (Ps. 138:8a). Dit sluit egter nie die wilskeuse van die mens onder leiding van die Heilige Gees uit nie.

Dat beide die heilshistoriese en die heilsordelike aan die orde moet kom spreek uit 2 Korintiërs 5 (Quist, 1989:9). Paulus skryf dat "een vir almal gesterf het" (vs 15); "die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (vs 17). "Dat God in Christus die wêreld met homself versoen het" (vs 19) – dit is die ***heilshistoriese***. Maar terselfdertyd gaan dit ook om "die bediening van die versoening" (vs 18) wat aan die apostels toevertrou is, waarin heel sentraal staan: "Laat julle met God versoen" (vs 20) – dit is die ***heilsordelike***. Die taak van die Heilige Gees is derhalwe om die heil aan die gelowiges toe te pas en dit word op 'n heilsordelike wyse gedoen. Om vanuit die kategese as vakwetenskap 'n duidelike antwoord te kan gee ten opsigte van die heilsekerheid en heilstoe-eiening, word daar aan die inhoud en betekenis van die heilshistoriese én die heilsordelike aandag gegee.

Een van die vernaamste vrae waarmee die Pneumatologie deur die eeue geworstel het, is dié na die heilstoe-eiening. Dit gaan om die vraag hoe die Heilige Gees betrokke is by die inbring van die heil in die menselike eksistensie (Jonker, 1981:137). Daar moet aandag gegee word aan die vraag hoe die mens betrek word by die verlossing in Christus, aan die vraag na die aktiwiteit of passiwiteit van die mens by die ontvangs van die heil en in die algemeen aan die wyse waarop die mens as individu die heil deelagtig word en daardeur geraak word.

## 1.5 Gereformeerde belydenisskrifte

Die verwaarlosing van die heilsekerheid en heilstoe-eiening in die kategese kan nie gewyt word daaraan dat dit nie in die belydenisskrifte gevind word nie.

### 1.5.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561)

In artikel 22 word bely dat *"die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie."* Artikel 35 neem die belydenis verder in die artikel oor die heilige nagmaal: *"om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou, het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus . Hy voed en onderhoud die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê* ***deur die geloof geestelik toege-eien en ontvang word****."*

### 1.5.2 Die Heidelbergse Kategismus (1563)

Die Heidelbergse Kategismus spreek meer in besonder oor die heilstoesegging en heilstoe-eiening.

#### 1.5.2.1 Sondag 7, vraag 21 en 22

Die vraag word gevra wat die Christen moet glo. *"Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."* Behalwe 'n "*vasstaande kennis*" is die geloof ook "*'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, die vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.*" Dit is die taal van heilstoe-eiening: "*'n vaste vertroue*" wat geskenk is.

#### 1.5.2.2 Sondag 20 en 25

In Sondag 25 word bely dat die geloof ons Christus en sy weldade deelagtig maak (vrae 65, 66, 67). Die belydenis in Sondag 20 is duidelik en helder: dat die Heilige Gees *"saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is"* en dat *"Hy ook aan my gegee is sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry."*

#### 1.5.2.3 Sondag 23 en 31

In Sondag 23 blyk dat God aan my *"sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus* ***skenk***. *Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart* ***aanneem****"* (vraag 60). *"En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof* ***aanneem*** *en* ***my eie maak*** *nie"* (vraag 61). Die werkwoord **aanneem** kom voor in vraag 20 en vraag 61. In Sondag 31 antwoord 84 word weer eens die woord **aanneem** gebruik: *"Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof* ***aanneem****"* (antwoord 84).

### 1.5.3 Die Dordtse Leerreëls (1618-1619)

In die tyd van die Dordtse Sinode is daar veel nagedink oor die vrae rondom die heilstoesegging en heilstoe-eiening. Daar word gedink aan hulle *"wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertroue, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie kragtig ervaar nie – ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God beloof het om hierdie dinge in ons te bewerk – moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulle ook nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag"* (1:16). Die gelowige sal te doen kry met twyfel en in sware aanvegtinge kom. Daarom voel hulle die volle geloofsvertroue en die heilsekerheid nie altyd nie. Maar hulle kan verseker wees van hulle ewige heil (5:11).

## 1.6 Knelvrae

Aan die hand van die volgende vrae wat binne die gebied van die kategese nog nooit beantwoord is nie, word die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid verder bespreek:

a. Gaan dit in die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid om die *fides qua creditur*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsinhoud*, of gaan dit om die *fides quae creditur*, dit wil sê die *objektiewe geloofshouding*, of gaan dit om albei?

b. Gaan dit in die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid om die sekerheid van die geloof as *actus directus*, dit wil sê die gerigwees van die geloofsoog "op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof" (Hebr. 12:2), of word hiermee bedoel die sekerheid van die geloof as *actus reflexus*, dit wil sê die sekerheid van die sigself beskouende geloof?

c. Vanuit grammatikale hoek sal vasgestel moet word of die genitief in die uitdrukking "sekerheid van die geloof/heil" 'n *genitivus objectivus* of 'n *genitivus subjectivus* is.

d. Is geloofsekerheid en heilsekerheid 'n sekerheid ten opsigte van die feit *dat* ek glo, of beteken dit sekerheid ten opsigte van *wat* ek glo of in *Wie* ek glo? Is geloofsekerheid sekerheid ten opsigte van my *geloof* of is dit sekerheid ten opsigte van *God se genade in Jesus Christus*?

e. Ten opsigte van heilsekerheid sal duidelikheid ook verkry moet word in verband met die *sillogismus practicus* en die *sillogismus misticus*.

## 1.7 Metode

### 1.7.1 Aansluiting by die model van Zerfass

Wat die metodiese aanpak van die navorsing betref word aansluiting gevind by die model van Zerfass (1974:167 e.v.) in navorsing van die Praktiese Teologie (vgl. ook Venter, 1995;181-202 en 1996:25-26). 'n Metode wat verder ontwikkel en aangepas is deur onder andere Dingemans (1989) en Heitink (1993 & 1998). Daar het ook fynere onderskeidinge ten opsigte van die metode plaasgevind (vgl. Louw, 1993:83; Pieterse, 1985:3-5; Kruger, 2000:10-34 en De Wet, 2001:146-149). Basies behels die metode die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit o.a. die grenswetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe (Kruger, 1999:6). Wat die literatuurstudie behels, word dus binne bogenoemde model die metode van analise en interpretasie geïmplementeer en waar toepaslik, en veral in die ontginning van metateoretiese materiaal, word ook eklekties te werk gegaan.

### 1.7.2 Die Praktiese Teologie se eie-aard

Kruger (2000:9) wys daarop dat die Praktiese Teologie se eie-aard, op die voetspoor van Habermas, beskryf word met die begrip *handeling*. Die begrip is later uitgebrei na *kommunikatiewe handeling* (Pieterse, 1991:43-45). Kruger (2000:9) vestig verder die aandag op die standpunt van Louw (1996:23) wat aandui dat die Praktiese Teologie 'n aksiegeoriënteerde of gedragsgeoriënteerde vak is.

### 1.7.3 Die vorme en vlakke waarin teorieë bestaan

Die teorieë waarom dit in die Praktiese Teologie gaan kan in die volgende vorme en vlakke onderskei word (Vgl. Kruger, 2000:9-10):

#### 1.7.3.1 Basisteoretiese vorming

'n Basisteorie is 'n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke dissipline (soos Praktiese Teologie) ontwikkel is vir die spesifieke gebruik binne daardie dissipline. 'n Basisteorie stel bibliologies-dogmaties en eties-normatiewe funderinge.

### 1.7.3.2 Metateoretiese vorming

Metateorie is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat min of meer universeel aanvaar word en wat die Teologie met die meeste ander wetenskaplike dissiplines in gemeen het. Metateorie hou dus verband met inter-dissiplinêre koppeling, dit wil sê die koppeling tussen Praktiese Teologie en die Gedragswetenskappe. Hierby sal resultate van voltooide vraelyste van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk betrek word as empiriese dimensie en bepaalde afleidings daaruit sal vir hierdie navorsing gemaak word.

### 1.7.3.3 Praktykteoretiese vorming

Praktykteorie is 'n teorie wat binne die Praktiese Teologie ontwikkel word. Hierdie teorie beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Praktykteorieë is teorieë wat ten grondslag lê aan die kerklike praxis (of praktyk). Praktiese Teologie moet vasstel watter teorieë ten grondslag aan verskillende aspekte van die kerklike praxis lê en dan die bestaande praxis in 'n teoretiese raamwerk plaas (deskriptiewe funksie) nadat bepaal is of die nuwe praktykteorie en nuwe praxis (deskriptiewe funksie) nadat bepaal is of die bestaande praxis en onderliggende teorieë doeltreffend is. 'n Praktykteorie het dus ook 'n funksionele waarde alhoewel 'n doeltreffendheidstoets dikwels eensydig en subjektief kan wees.

In die lig van die gebruik van bogenoemde navorsingsmodel val die studie uiteen in drie hoofdele:

1. 'n ***Basisteoretiese studie*** van toepaslike dele van die Bybel met gebruikmaking van die grammaties-historiese studie ten opsigte van ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening en sake wat daarmee verband hou.
2. 'n ***Metateoretiese studie*** wat eklekties te werk gaan, van relevante aspekte in die kindersielkunde en didaktiek ten opsigte van die godsdienstige, faseologiese en ideologiese ontwikkeling van die kind.
3. 'n ***Praktykteoretiese studie*** van hoe 'n basisteorie in verhouding met 'n metateorie veronderstel is om in die praktyk toegepas te word.

## 1.8 Eie waarneming

In die studie is ook gebruik gemaak van die eie waarneming en bevinding as kategeet vir 34 jaar (1969-2003) in verskillende gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In drie van die vier gemeentes wat bedien is (Elliot/Maclear, Standerton, Lydenburg, Klerksdorp) is alle katkisasieklasse self waargeneem. Die navorser het vir sestien jaar gedien as lid van die Deputate vir Katkisasie van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, waartydens die praktyk van die kategese ondersoek en verdiep is. Geleidelik het 'n bewuswording by die outeur ontstaan van die leemte in die leeruitkoms van die kategese ten opsigte van heilsekerheid en heilstoe-eiening.

Daar word ook gebruik gemaak van die resultate van vier ondersoeke ten opsigte van die godsdiens van die jeug. Die ondersoeke is die volgende:

1. 'n Ondersoek by wyse van 'n vraelys wat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen het (Handelinge van die 34e sinodale vergadering 1961 & Handelinge van die 35e sinodale vergadering 1964).

2. 'n Ondersoek by wyse van 'n vraelys wat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1988 gedoen het (Handelinge van die 43e sinodale vergadering1988 & Handelinge van die 44e sinodale vergadering 1991).

3. 'n Tieneronders oek by wyse van 'n vraelys wat in 1999 onder tieners van die NG Kerk gedoen is en waarvan die resultate gepubliseer is in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (2001:15-27, Maart & Junie).

Aangesien die resultate van hierdie ondersoeke beskikbaar was en grootliks met mekaar ooreenstem, is daar nie 'n spesiale vraelys-ondersoek vir hierdie studie gedoen nie. Daar word met dankbaarheid en erkenning gebruik gemaak van bogenoemde resultate.

## 1.9 Samevatting

Die volgende kan dien as samevattende motivering vir hierdie studie:

In die vakliteratuur oor kategese wat vir die studie bestudeer is, is daar 'n leemte ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese geïdentifiseer. Daar is ook 'n behoefte aan verdiskontering van die saak van die ***heilshistoriese*** en die ***heilsordelike*** wat die kategese betref.

## 1.10 Verloop

Die studie bestaan uit drie hoofdele:

1. 'n ***Basisteoretiese hoofdeel*** gerig op die Bybelse ten opsigte van ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening.
2. 'n ***Metateoretiese hoofdeel*** gerig op die godsdienstige ontwikkeling van die verbondskind vanuit die kindersielkunde.
3. 'n ***Praktykteoretiese studie*** waarin die basisteorie in verhouding met die metateorie 'n praktiese neerslag gee van die studie.

Die hoofstukindeling is soos volg:

Hoofstuk 1 : Verantwoording en oriëntering.

Hoofdeel A : 'n ***Basisteoretiese hoofdeel*** gerig op die Bybelse ten opsigte van ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening.

Hoofstuk 2 : Basisteoretiese perspektiewe op geloofsekerheid, heilsekerheid en heilstoe-eiening
Hoofstuk 3 : Basisteoretiese perspektiewe op die verbond en die koninkryk van God
Hoofstuk 4 : Basisteoretiese perspektiewe op die objektiewe heil en die subjektiewe geloof
Hoofstuk 5 : Basisteoretiese perspektiewe op die realisering van die heil
Hoofstuk 6 : Basisteoretiese perspektiewe op die verseëling met die Heilige Gees
Hoofstuk 7 : Basisteoretiese perspektiewe op heilsekerheid
Hoofstuk 8 : Basisteoretiese perspektiewe op heilstoe-eiening.

Hoofdeel C: 'n ***Meta- en Praktykteoretiese hoofdeel*** waarin die basisteorie in verhouding met die metateorie 'n praktiese ondersoek word.

Hoofstuk 9 : Basis- en metateoretiese perspektiewe op die verbondskind.

Deel 1 Die verbondskind in perspektief van sy psigiese funksies.

Deel 2 Die verbondskind in perspektief van sy leeftydsfases.

Deel 3 Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkklimaat.

Hoofdeel C: 'n ***Praktykteoretiese hoofdeel*** waarin die basisteorie in verhouding met die metateorie 'n praktiese neerslag gee van die studie.

Hoofstuk 10 : Metateoretiese perspektiewe op die kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening – vraelyste.

Hoofstuk 11 : Praktykteoretiese perspektiewe op die kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening geformuleer op grond van die basis- en metateoretiese perspektiewe.

Hoofstuk 12 : Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk van God: S*amevattende gevolgtrekkings.*

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING

HOOFSTUK 2

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING**


2.1 Probleemstelling ... 17
2.2 Geloof ... 17
2.2.1 Doelstelling van punt 2.2 ... 17
2.2.2 Ou Testament ... 18
2.2.2.1 Algemene oorsig ... 18
2.2.2.2 Die stamme *bth* en *yr'* ... 18
2.2.2.3 Samevatting van die gegewens in die Ou Testament ... 31
2.2.3 Nuwe Testament ... 31
2.2.3.1 ἀλήθεια ... 32
2.2.3.2 πιστεύω, πιστή, πίστις, πίστος ... 33
2.3 Heil ... 36
2.3.1 Doelstelling van punt 2.3 ... 36
2.3.2 Die Ou Testament ... 36
2.3.2.1 Eksegetiese verkenning ... 36
2.3.2.2 Gevolgtrekking ten opsigte van heil in die Ou Testament ... 39
2.3.3 Nuwe Testament ... 40
2.3.3.1 σῴζω ... 40
2.3.3.2 σωτήρια ... 40
2.3.3.3 Samevatting ... 43
2.3.3.4 σωτήρ ... 44
2.3.3.5 Die verlossing en heil in Jesus Christus ... 46
2.4 Sekerheid ... 52
2.4.1 Doelstelling ... 52
2.4.2 Die Ou Testament ... 52
2.4.2.1 Die studie van Köhler soos weergegee deur Jepsen ... 52
2.4.2.2 Verskillende afleidings ... 53
2.4.2.3 Die betekenis van בטח ... 53
2.4.2.4 Die gebruik van בטח in verhouding met God ... 54
2.4.3 Die Nuwe Testament ... 55
2.5 Toe-eien ... 56
2.5.1 Doelstelling ... 56
2.5.2 Die Heidelbergse Kategismus ... 57
2.5.3 Nederlandse Geloofsbelydenis ... 58
2.5.3.4 Samevatting ten opsigte van die Nederlandse Geloofsbelydenis ... 59
2.5.4 Dordtse Leerreëls ... 59
2.5.5 Samevatting ten opsigte van die belydenisskrifte ... 61
2.5.7 Skriftuurlike ondersoek ... 61
2.5.7.1 Ou Testament ... 61
2.5.7.2 Nuwe Testament ... 65
2.5.7.2.1 λαμβάνω ... 64
2.5.7.2.2 δέχομαι ... 64
2.6 Konklusies ... 68

# HOOFSTUK 2 [1]

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE EIENING

## 2.1 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat die studie wil oplos is om aan na te gaan op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die leeruitkoms van die kategese word op verskillende maniere geformuleer. Oor die algemeen word die leeruitkoms van die kategese gesien as die geloof van die verbondskinders: geloofsgroei, geloofskennis, geloofsbegrip, geloofsinsig, geloofsonderskeiding, geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid, geloofsgehoorsaamheid, geloofsbelydenis, geloofsgetuienis. Dit blyk uit sekere bronne (Frank, 1886:54; Bavinck, 1903:91; Stone, 1967:69; Van Genderen, 1991:109) dat daar ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese 'n leemte is. Die kinders moet nie net gelei word tot ***geloof***sekerheid (certitudo fidei) nie, maar tot ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening. In hoofstuk 2 word basisteoreties ondersoek wat die betekenis is van die verskillende begrippe wat gebruik word. Vier begrippe is ter sprake, naamlik *geloof, heil, sekerheid* en *toe-eiening*. Hierdie begrippe word vervolgens uit die Ou en die Nuwe Testament belig.

## 2.2 Geloof

### 2.2.1 Doelstelling

Tradisioneel gaan dit wat die leeruitkoms van die kategese betref om die geloof van die verbondskind in al sy verskillende bestaansvorme. In hierdie studie sal ondersoek word of die leeruitkoms van die kategese verder strek as net die geloof. Om vas te stel op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening is dit nodig om die begrip ***geloof*** in die Skrif na te gaan en vas te stel wat die betekenis daarvan is sodat die onderskeid tussen geloofsekerheid en heilsekerheid getrek kan word. Omdat geloof die middel is waardeur die verbondskinders deur die Heilige Gees aan Jesus Christus en sy weldade verbind word

[1] Alle aanhalings is uit die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling tensy anders vermeld.

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 23, Vraag 60) word die begrip *geloof* nou in sy verskillende betekenisse in die Ou en Nuwe Testament nagegaan.

## 2.2.2 Ou Testament

### 2.2.2.1 Algemene oorsig

Wanneer geloof in die Ou Testament nagegaan word met die oog daarop om die betekenis en inhoud van die begrip vas te stel, is dit noodsaaklik om 'n opmerking van Moberley (1997:427) in gedagte te hou. Hy vestig die navorser se aandag op die feit dat "the language of faith/belief (pistis, pisteuō), which is of central importance in the New Testament, does not hold a position of similar importance in the Old Testament. The difference, however, is perhaps more one of terminology than of basic outlook." Die opmerking van Moberley is belangrik omdat daar in die Ou Testament drie woorde gebruik word waarvan die inhoud met geloof te doen het. Die drie woordstamme is ***bṭḥ, yr'*** en ***'mn***.

### 2.2.2.2 Die stamme *bṭḥ* en *yr'*

Die stamme ***bṭḥ*** en ***yr'*** beteken by benadering "om geloof te hê" of "om te glo". Moberley (1997:428) formuleer die betekenis van die twee woordstamme egter anders. Die stam ***bṭḥ*** beteken volgens hom om te vertrou en die stam ***yr'*** om te vrees, waarvan die betekenis meer slaan op morele gehoorsaamheid as op godsdienstige ontsag. By die nagaan van die betekenis van die twee woordstamme in twee teksgedeeltes blyk dit dat Moberley korrek is in sy afleiding wat die betekenis van die woordstamme ***bṭḥ*** en ***yr'*** betref.

#### 2.2.2.2.1 Die woordstam *bṭḥ*

Die woordstam ***bṭḥ*** het van betekenis verander en is dus nie van betekenis in die vasstelling van geloof in die Ou Testament nie: "In any case the wrestling for linguistic expression is obviously the struggle for a content which is new in relation to the previous sense of בטח." (Moberley, 1997:428.)

> *Op grond van die bevinding van Weiser en Moberley dui die betekenis van die woordstam **bṭḥ** op vertroue in die algemeen en nie primêr op geloof nie.*

#### 2.2.2.2.2 Die woordstam *yr'*

Twee teksgedeeltes is hier ter sprake, naamlik Genesis 22:12 en Job 28:28.

### 2.2.2.2.2.1 Die vertaling van יָרֵא in Genesis 22:12

- "En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees (יָרֵא) en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie."
- Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling het יָרֵא vertaal met: "Nou weet Ek dat jy My ***dien***".
- Die 1951 Nederlandse Bijbelvertaling lui: "want nu weet Ik, dat gij **godvrezend zijt** (יָרֵא)."
- Die New International Version van 1973 het die vers só vertaal: "Now I know that you **fear** God (יָרֵא)."
- Die vertaling van die Vulgata doen dit op dieselfde wyse: "nunc cognovi quod **times** Deum (יָרֵא)."
- Ook die vertaling van die LXX kom hiermee ooreen: "νῦν γὰρ ἔγνων ὅτι φοβῃ (יָרֵא) σὺ τὸν Θεόν."

*Wat die gebruik van* יָרֵא *in Genesis 22:12 betref dui die inhoud daarvan nie eerstens op geloof nie maar vrees, in die sin van om God te dien of om godvresend te wees.*

### 2.2.2.2.2.2 Die vertaling van יָרֵא in Job 28:28

- In die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling lees die vers: "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die **vrees** (יִרְאַת) van die Here is wysheid."
- Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling het die vers vertaal: "om die Here te **dien** (יִרְאַת), dit is wysheid." (Hier kan ook verwys word na Spreuke 1:7 en Spreuke 9:10.)
- Dieselfde vers is deur die 1951 Nederlandse Bijbelvertaling só weergegee: "de **vreze** des Heren (יִרְאַת) – dat is wijsheid."
- Die New International Version se vertaling lui só: "The **fear** of the Lord (יִרְאַת) – that is wisdom."
- Die Vulgata gee dit ook so weer: "Ecce **timor** Domini (יִרְאַת), ipsa est sapientia."
- Die vertaling van die LXX is gelykluidend: "Ἰδου ἡ Θεοσέβεια (יִרְאַת) ἐστι σοφία."

*Wat die gebruik van* יָרֵא *in Job 28:28 betref dui die inhoud daarvan nie op geloof nie maar vrees, in die sin van om God te dien of om godvresend te wees.*

### 2.2.2.2.2.3 Konklusie ten opsigte van die woordstamme *bṭḥ* en *yr'*

*Op grond van hierdie bevinding word in dié studie derhalwe nie verder aandag gegee aan die woordstamme **bṭḥ** en **yr'** nie, want **bṭḥ** dui net op vertroue in die algemeen en **yr'** is die uitdrukking van vrees van die Here in dié sin van om God te dien of om godvresend te wees. Derhalwe word daar verder gekonsentreer op die Hebreeuse stam **'mn**.*

### 2.2.2.2.3 Wortelbetekenis van die woordstam אָמֵן

Jepsen (1974:29) skryf dat dit moeilik is om die werklike betekenis van die Hebreeuse wortel אָמֵן vas te stel want dit kan nie, wat sy oorsprong betref, met ander Semitiese tale vergelyk word nie. Die rede is dat die stam אָמֵן nie in Akkadies, Ugarities, Fenisies of ou Aramees voorkom nie. Die gangbare vertaling van die Hebreeuse stam אָמֵן is "firm, certain, dependable," maar dit ontgin nie die diepste betekenis nie. Weiser verklaar die verstaan van אָמֵן só: "on close examination, 'mn may prove to be a formal term, whose content is determined differently in each case by the partical subject: the word may refer to the relationship between reality and the essence of the subject in question." Die wortelbegrip אָמֵן sal in sy verband verklaar moet word.

### 2.2.2.2.4 Die gebruik van die wortelbegrip אָמֵן in die Ou Testament

Vervolgens word nagegaan hoe die woord אָמֵן in verskillende verbuiginge in die Ou Testament gebruik word. Om die betekenis van die begrip geloof in die Ou Testament vas te stel word die wortelbegrip in drie vorme ondersoek, naamlik, die bywoord, die naamwoord en die werkwoord.

a. Bywoord אָמֵן
b. Naamwoorde אֱמֻנָה, אֱמֶת
c. Werkwoord, nif'al נֶאֱמַן
d. Werkwoord, hif'il הֵימִן

#### 2.2.2.2.4.1 Die bywoord אָמֵן

אָמֵן is 'n woord wat volg as respons op wat iemand anders gesê het. Dit hoort tuis in die liturgiese konteks van dialogiese aard (Deut. 27:14-26; Neh. 8:6) en beteken "staan vas". Die woord word ook gebruik in die sin wat ons dit in Afrikaans ken, naamlik "amen", vas en seker (Num. 5:22; 1 Kon. 1:36; Ps. 106:48; Jer. 11:5). Dit is 'n woord wat 'n reaksie is op wat iemand anders gesê het. Dit word dan hoofsaaklik in liturgies-dialogiese konteks (Deut. 27:14-26; Neh. 8:6) of in doksologiese konteks (Ps. 41:13; Ps. 72:19; Ps. 106:48) gebruik.

*Die bywoord אָמֵן wys op iets wat vas en stewig en onwankelbaar is. Aan die karakter van so iets kan die eienskap van standvastigheid gegee word.*

## 2.2.2.2.4.2 Die naamwoorde אֱמֶת en אֱמוּנָה

### 2.2.2.2.4.2.1 אֱמֶת

Die naamwoord אֱמֶת is die mees algemene woord wat van die stam אָמַן afgelei is. Dit kan vertaal word met "*waarheid*" (1 Kon. 10:6; 2 Kron. 9:5) of ook "*waar*" (Deut. 13:14; Deut. 17:5; Deut. 22:20). Dit is die begrip waarmee die karakter van יְהוָה aangetoon word, "trou" of "getrou". Taylor (2000:487) verwys in hierdie opsig na Sagaria 8:8. "Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees, **in trou en geregtigheid**" (בֶּאֱמֶת וּבִצְדָקָה).

### 2.2.2.2.4.2.2 אֱמוּנָה

אֱמוּנָה word net soos אֱמֶת verbind met die karakter van God (Deut. 32:4; Klaagl. 3:21-23). Alexander & Rosner (2000:488) skryf dat אֱמוּנָה en אֱמֶת "are often used interchangeable, and means 'steadfastness', 'truthfulness', 'faithfulness' and sometimes 'faith'."

*Die* **naamwoorde** אֱמֶת en אֱמוּנָה *wys beide op iets wat trou, betroubaar, standvastig, onwankelbaar is. In hierdie opsig het dit dieselfde inhoud as die bywoord* אָמֵן. *Dit toon aan dat geloof 'n saak is wat nie twyfelagtig, wankelbaar of onstabiel is nie.*

## 2.2.2.2.4.3 Die werkwoord, *nif'al* נֶאֱמַן

As die nif'al נֶאֱמַן gebruik word ten opsigte van dinge beteken die woord "lasting, continual, firm" (Jepsen, 1974:295). As die nif'al נֶאֱמַן gebruik word ten opsigte van mense, dui dit op mense wat betroubaar is (Spr. 15:13; Jes. 8:2; Jer. 42:5; Neh. 13:13). Die nif'al נֶאֱמַן kom in teologiese sin voor in verskillende verbindinge (Jepsen, 1974:295):

- Die Here is getrou (נֶאֱמָן - Jes. 49:7).
- Abraham is getrou (נֶאֱמָן - Neh. 9:8).
- Israel was nie getrou (נֶאֶמְנָה) aan God nie (Ps. 78:8).
- God se belofte sal vir ewig vasstaan (נֶאֱמָן - Ps. 89:38).

Die nif'al נֶאֱמַן word oorwegend gebruik vir God en die mens. Nif'al נֶאֱמַן beteken "that a thing corresponds to what it promises to be" (Jepsen, 1974:297).

*Die werkwoord nif'al נֶאֱמַן is die begrip waardeur God en mens se getrouheid uitgedruk word. 'n Eienskap wat vastigheid of standvastigheid uitdruk.*

#### 2.2.2.2.4.4 Die werkwoord, *hif'il* הֶאֱמִין

##### 2.2.2.2.4.4.1 Hif'il הֶאֱמִין is die ekwivalent van die Nuwe-testamentiese πιστεύω in die Ou Testament

Die hif'il הֶאֱמִין is die Ou-Testamentiese ekwivalent van πιστεύω (Moberley, 1997:431). Die hif'il word gewoonlik gebruik met die preposisies **l**[e] en **b**[e]. Dit verwoord die verskil tussen om te glo dat iets die geval is en om te glo in iemand. Wanneer dit gebruik word met die preposisie **l**[e] beteken die werkwoord "om te glo" in die sin van om 'n verslag as waar te aanvaar (vgl. die koningin van Skeba – 1 Kon. 10:7; 2 Kron 9:6). Dit korrespondeer met אֱמֶת wat wys op die waarheid van 'n verslag (Jes. 53:1; Jer. 40:14). הֶאֱמִין is drie keer gebruik as 'n parallel met בטח, wat vertroue ("trust") beteken, in Job 39:11-12, Psalm 78:22 en Miga 7:5. (Vgl. 2 Kon. 17:14 en Num. 20:12 הֶאֱמִין in negatiewe sin en Jona 3:5 en Gen. 15:6 הֶאֱמִין in positiewe sin.)

##### 2.2.2.2.4.4.2 Revue van standpunte ten opsigte van die hif'il הֶאֱמִין

Jepsen (1974:298) vestig die aandag op die konklusies van die volgende teoloë:

- **Pedersen** skryf in verband met die **hif'il** הֶאֱמִין se betekenis: "To make a man true, he'emin, means the same as to rely on him. It implies confidence in his having the will and power to maintain the claims of the covenant. They make him 'true,' i.e. firm, sure, and strong; to consider as soul firm and thus to contribute to its firmness, that is to 'make true,' to believe in it."

  Pedersen se verklaring vanuit hierdie hoek gesien is té menslik gerig en moet met goeie oordeel gelees word.

- **Eichrodt** verklaar in verband met die **hif'il** הֶאֱמִין dat dit beteken "to consider firm, trustworthy, to find to be reliable". **Hif'il** הֶאֱמִין "is used to describe this (positive) relationship; and it does indeed very happily strike the exact note of the adventurous attitude toward God". Eichrodt kom dan tot die konklusie: "Since the basic meaning of the root *'mn* in Arabic is to be secure,

out of danger, one could choose as the preferable translation of die Heb. *He'emin,* to regard as assured, to find security in."

*Eichrodt lê in sy verklaring te veel gewig op die menslike besluit en sy verklaring kan bevraagteken word.*

- **Weiser** merk op dat **hif'il** הֵימִין beteken "to say Amen to something with all the consequences that this involves for object and subject". Weiser kom tot die volgende konklusie: "The concept *'mn* relates the totality of the manifestations of human life to the relationship with God."

  *Weiser se standpunt is gebalanseerd en moet sterk in berekening gebring word.*

- **Von Rad** kom tot die volgende formulering in verband met **hif'il** הֵימִין: "In Hebrew 'to have faith' is litterally 'to make oneself secure in Yahweh." Maar dan voeg hy daarby: "But the object to which, according to Gen. 15:6, Abram directed his faith is – as is usual in the OT – something in the future."

  *Von Rad wys op die aktualiteit van hif'il* הֵימִין *as dit gaan om die saak van die geloof. Geloof is die middel waardeur jy sekerheid verkry in God vir tyd en ewigheid.*

- **Procksch** vertaal **hif'il** הֵימִין met: "to become trustworthy, to become faithful".

  *Procksch se verklaring is baie skraal en neig tot eensydigheid.*

- **Schlatter** gee die volgende omskrywing van **hif'il** הֵימִין : "The antithesis to this unfortified condition of the soul, the manifestation of its inner stability through trust and confidence, which is also essential to the preservation of the community, is called *he'emin.*"

  *Schlatter slaag met 'n goed gebalanseerde formulering wat die kern van die saak aansny en dit raakvat in die sinsnede "the manifestation of its inner stability through trust and confidence".*

- **Wildberger** skryf: "The original and wholly concrete meaning of the root *'mn* is 'firm, reliable,' and therefore the meaning of the hiphil is 'to be (or become) firm, to have or gain stability."

  *Van Wildberger se kant is dit 'n versigtige en bruikbare formulering.*

### 2.2.2.2.4.4.3 Konklusie ten opsigte van hif'il הֵימִין

Uit die revue van skrywers blyk watter breë betekenis **hif'il** הֵימִין in die Ou Testament het. Dit varieer van die gedagte om jouself seker en vas te maak tot dié van in jouself stabiliteit te hê. Teoloë het tot hierdie konklusie gekom (1) by wyse van die etimologie van אָמַן, (2) die betekenis van die **hif'il** (הֵימִין) en (3) 'n afleiding van die teologiese gebruik van geloof (הֵימִין) in die Ou en Nuwe Testament. Na eie oordeel is die verklaring van Von Rad die naaste aan die kern. As dit om die saak van geloof gaan is dít primêr, naamlik geloof in God. Dit kan gebeur dat die mens aan te veel dinge rondom God glo, eerder as in God self (Deist, 1979:1). Daarom is die formulering van die begrip *geloof* vir hierdie studie van die grootste belang.

### 2.2.2.2.4.4.4 Hif'il הֵימִין se negatiewe lading

Dit is nodig om te wys op die negatiewe lading in die betekenis van **Hif'il** הֵימִין in die Ou Testament, want dit sal ons bring by die werklike inhoud van die woord. In Spreuke 14:15 (יַאֲמִין) en in Spreuke 26:25 (אַל־תַּאֲמֶן־בּוֹ) het הֵימִין 'n negatiewe betekenis. *Dit is die karakteristieke eienskap van 'n dwaas om alles te glo wat hy hoor*. In die volgende verse word הֵימִין gebruik omdat die skrywer wil aantoon dat jy nie op iets of iemand kan vertrou nie (Job 4:18 - לֹא יַאֲמִין; Job 39:12 - הֲתַאֲמִין ; Deut. 28:66 - תַאֲמִין ; Job 15:22 - לֹא יַאֲמִין). Jepsen (1974:302) merk op dat הֵימִין in die Wysheidslitteratuur gebruik word met 'n sekere mate van skeptisisme. Hy voeg daarby dat die sekulêre gebruik van הֵימִין altyd in 'n negatiewe konteks staan. As **hif'il** הֵימִין vertaal en verklaar word, moet met die negatiewe lading van die begrip rekening gehou word.

### 2.2.2.2.4.4.5 Moses en God se boodskap

Met bostaande in gedagte kan begryp word waarom Moses skepties was oor die boodskap van God wat hy aan die Israeliete in Egipte moes verkondig. Daarom het Moses vir God gesê: "Maar as hulle my nie glo (הֵימִין) en na my stem nie luister nie, maar sê: Die HERE het nie aan jou verskyn nie?" (Eks. 4:1). Dit blyk dat God die dilemma waarin Moses verkeer het begryp. Daarom het die Here drie tekens aan hom gegee wat gepaardgaan met die boodskap – "sodat hulle kan glo (יַאֲמִינוּ) dat die HERE die God van hulle vaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, aan jou verskyn het" (Eks. 4:5). Dit gebeur ook toe so dat nadat Moses die tekens voor hulle oë gedoen het, het hulle "hom geglo" (וַיַּאֲמֵן) (Eks. 4:31). Dit het daartoe gelei, sê God, dat die volk "ook vir

altyd aan jóu kan glo" (יַאֲמִינוּ) (Eks. 19:9). Dit kan ook vertaal word met "en dan sal hulle altyd vertroue in jou hê".

- *Vir die verstaan van die geloof dui "sodat hulle kan glo (יַאֲמִינוּ)" daarop dat hulle die tekens as waar en van God komende aanvaar het en dit het as bevestiging gedien dat Moses waarlik deur God na hulle gestuur is.*

### 2.2.2.2.4.4.6 Eksodus 14:31

'n Ander gedeelte waarin הֶאֱמִין in 'n positiewe sin gebruik is, is in Eksodus 14:31 (dit word herhaal in Ps. 106:12). Nadat God Israel deur 'n wonder deur die Rooi See gelei het, en hulle gesien het hoedat die Egiptenare vernietig word, lees ons: *"Ook het Israel die magtige daad gesien wat die HERE aan die Egiptenaars verrig het. Toe het die volk die HERE gevrees en geglo (וַיַּאֲמִינוּ) in die HERE en aan Moses, sy kneg."* Daar was geen plek vir ongeloof nie. Tog is daar gedurende die 40 jaar se trek deur die woestyn telkens opgemerk dat die volk in ongeloof verval het (Num. 14:11; Deut. 1:32; 2 Kon. 17:14).

- *Dat die volk hier in God geglo (וַיַּאֲמִן) het dui daarop dat hulle dit wat gebeur het as waar aanvaar het en dit in hulle eie lewe toegepas het. Dit het vir hulle 'n werklikheid geword deur die verlossing wat hulle ontvang.*

### 2.2.2.2.4.4.7 Samevatting

Ter samevatting kan gestel word:

(a) הֶאֱמִין dui op die subjek in wie die vertroue groei, meestal met verwysing na 'n persoon of 'n boodskap.

(b) As הֶאֱמִין gebruik word, word daar duidelik genoem in wie of waarin die vertroue geplaas word.

(c) In hierdie opsig is הֶאֱמִין dus 'n oordeel, 'n uitspraak oor wat en wat nie die vertroue verdien nie.

(d) Jepsen (1974:308) kom tot die gevolgtrekking: "Perhaps the best paraphrases that have been suggested to convey the meaning of *he'emin* are: to gain stability, to rely on someone, to give credence to a message or to consider it to be true, to trust someone."

Vervolgens word die gebruik van אָמַן in twee Skrifgedeeltes nagegaan: Genesis 15:6 en Habakuk 2:4.

### 2.2.2.2.4.5 Genesis 15:6

"En hy het in die HERE geglo" (הֶאֱמִן)

Hierdie Skrifgedeelte handel oor die saak van wat geloof is en hoe geloof ontstaan het en ook die gebruik daarvan.

#### 2.2.2.2.4.5.1 Agtergrond

Genesis 15:6 moet in konteks verstaan word want dit sal die werklike betekenis van "En hy het in die HERE geglo" (הֶאֱמִן) laat blyk. God het vier maal aan Abram verskyn (Gen. 12, 13, 15, 17). Dit strek oor 'n periode van 25 jaar. Die besonder persoonlike verhouding tussen God en mens kom sterk na vore in die persoonlike roeping van Abram (Helberg, 1976[a]:155). Die geloof dui op hierdie intiem persoonlike verhouding tussen mens en God. Geloof besit 'n individueel persoonlike karakter. Dit beteken dat die gelowige die weg van die geloof moet volg, uit God se beloftes moet leef en nie die weg van eie belang en stoflike welvaart moet volg nie. Abram word deur God se vrymagtige verkiesing geroep (Gen. 12). God maak drie beloftes aan Abram: 'n landbelofte (Gen. 12:1), 'n nageslagbelofte (Gen. 12:2) en 'n nasieskapbelofte (Gen. 12:2). In Abram sal die nasies van die aarde geseën word. God se verhouding met Abram het 'n sterk gerigtheid op die toekoms. Jepsen, (1974:298) wys in hierdie opsig dat Von Rad, wat Abram betref, dit raak formuleer: "In Hebrew 'to have faith' is litterally 'to make oneself secure in Yahweh." Hy beklemtoon die sekerheid in God as hy skryf: "But the object to which, according to Gen. 15:6, Abram directed his faith is – as is usual in the OT – something in the future." God lê sy verhouding met Abram, wat 'n duidelike toekomskarakter het, in 'n verbond vas. Hierdie verbond berus op verkiesing, aanneming en genade. Voordat die verbond gesluit word, moet Abram eers bewys lewer dat hy in die HERE glo. Hierdie geloof behels iets spesifieks, naamlik, dat die HERE deur 'n wonder verlossing bewerk deur lewe te wek waar geen lewe is nie, maar net dood.

Volgens Helberg (1978:51) blyk dit uit die volgende drie dinge:

a) Abram slaak 'n versugting omdat hy kinderloos gaan sterf (15:2). Hy en sy vrou kon nooit kinders hê nie en is bowendien nou te oud daarvoor (Rom. 4:17-21). Die voortgang van sy geslag is afgesny en so ook die voortgang van die HERE se verlossing.

b) Die HERE beloof dat Hy vir hom 'n eie seun gebore sal laat word en dat Hy uit die seun 'n talryke nageslag sal verwerk (15:4-5).

c) Abram glo dit en hierdie geloof word hom tot geregtigheid gereken (15:6).

Wat hou Abram se geloof in? Glo (הֶאֱמִן) beteken dat Abram so op die HERE vertrou dat hy op die belofte beslag lê, dit vir homself toe-eien, dit sy eie maak. Daarom word dit hom tot geregtigheid gereken, dit wil sê gereken as 'n weldaad waarop hy, deur die HERE se genade, reg het. Abram het nie vanself reg op hierdie dinge nie, maar die HERE "reken" dit tog vir hom toe. Die geregtigheid van Abram beteken dat Abram voldoen aan die vereiste wat die HERE aan hom stel en dat hy daarom in die regte verhouding met God staan. Abram vertrou op God se lewewekkende verlossingskrag in sy lewe.

- *Geloof is dus 'n toe-eiening, hoewel nie 'n eiegeregtige toe-eiening nie, maar 'n heilstoe-eiening van God se beloftes wat Hy aan 'n mens toesê.*

### 2.2.2.2.4.5.2 Die inhoud

Brüggemann (1982:144) wys daarop dat Genesis 15:1-6 op 'n besondere manier gestruktureer is. Dit bestaan uit 2 dele: vers 1-3 en dan vers 4-6, waarvan vers 6 die hoogtepunt vorm. Die twee dele het presies dieselfde konstruksie. Belofte en reaksie op die belofte.

- **Deel 1, verse 1-3:**

*Belofte*: Dat Abram nie moet vrees nie want God is vir hom 'n skild en sy loon is baie groot (vs. 1).
*Reaksie*: Abram vra of hy sonder erfgenaam heengaan want die Here het aan hom geen nageslag gegee nie (vs. 2-3).

- **Deel 2, verse 4-6**

- *Belofte*: Die een wat uit Abram se liggaam voortkom sal die erfgenaam wees (vs. 4).
- *Teken*: Die sterre word as teken gegee van hoe talryk Abram se nageslag sal wees (vs. 5).
- *Reaksie*: Abram het in die HERE geglo en God het hom dit tot geregtigheid gereken (vs. 6).
- Die twee beloftes (vs. 1 en vs. 4) is wat die inhoud betref dieselfde.
- Die reaksies op die beloftes is egter verskillend (Bruggemann, 1982:144). Die eerste reaksie "A disbelieving protest or lament" (vs. 2-3), en die tweede reaksie "An act of faith" (vs. 6).

Die vraag is waarom die twee reaksies van Abram verskil? Wat het Abram na die tweede belofte van reaksie laat verander? "Surely it is not because he feels new generative powers in his loins. Nor because he has new expectations for Sarah. The new promise for his life is not any expectation of flesh and blood. Rather, he has come to rely on the promise speaker. He has now permitted God, to

be not a hypothesis about the future, but the voice around which his life is organized." (Bruegemann, 1982:144.)

Keil en Delitzsch (1885:212) verklaar הֶאֱמִן só: "הֶאֱמִן from אָמַן to continue and to preserve, to be firm and to conform, in Hiphil to trust, believe (πιστύειν)." Hierby omskryf hulle dit as: "that state of mind which is sure of its object, and relies firmly upon it; and as denoting conduct towards God, as a firm, inward, personal, self-surrendering reliance upon a personal being especially upon the source of all being." Keil en Delitzsch (1885:213) kom dan tot die volgende gevolgtrekking: "Faith therefore is not merely *assensus* but *fiducia* also, unconditional trust in the Lord and His word, even where the natural course of events furnishes no ground for hope or expectation." Dit is die geloof wat by Abram gevind is (vgl. Rom. 4).

Abram se geloof is ingeweef in God se optrede. Wat in Genesis 15:6 by Abram oorgaan tot geloof het reeds 'n aanvang in Genesis 12. "En hy het in die HERE geglo" (Gen. 15:6) moet teen die breëre agtergrond van God se verhouding met Abram gesien word. Hierby kom die belangrike feit na vore dat geloof te doen het met die mens se verhouding tot God. Reeds in Genesis 12 het God drie beloftes aan Abram gemaak: 'n *nageslagbelofte,* 'n *landbelofte* en 'n *nasieskapbelofte*. God bevestig die beloftes met twee tekens. Eerstens dien die sterre as teken van die vervulling van die nageslagbelofte (vs 5) en tweedens dien die kontraktuele ritueel met die diere wat middeldeur gesny is, as teken van die landbelofte (vs 9-17). Nog nie een van God se beloftes het op daardie stadium vir Abram waar geword nie. Dit is asof Abram God aanvanklik verwyt (vs 3). God se beloftes bly vir hom net toekomsmusiek en hy sien en ervaar nie die werklikheid daarvan nie. Die geloofslewe van Abram (en die ander aartsvaders) staan enersyds vierkantig in die konkrete lewe en leef andersyds sterk uit toekomsverwagtings (Helberg, 1976[a]:156). Hierin kom die spanning na vore tussen die Goddelike verkiesing en die menslike hantering daarvan.

Dan breek vers 6 aan. Ten spyte van die teleurstelling van Abram, omdat hy nog nie kinders het nie en ook die feit van die onvervulde landbelofte, gaan die geloof in sy hart nou oor in ***vertroue.*** Ten spyte van die teleurstelling en die ontnugtering wat vir hom 'n werklikheid is, vertrou Abram - הֶאֱמִן (Hif'il, perfektum, 3 ps enkv. ml). Davidson (1963:32) gee die betekenis aan as "to trust, confide, believe in, rely upon". Die aandag word toegespits op die betekenis van die hif'il. Die hif'il het hier 'n deklaratiewe betekenis (Gemser, 1953:77). Van Abram word verklaar: "hy het in die Here geglo". Keil en Delitzsch (1885:212) gee ook die betekenis van die hif'il weer as "to trust, to believe" en dan verbind hulle dit met die Nuwe-testamentiese πιστεύω. Hulle omskryf הֶאֱמִן as "that state of mind which is sure of its object, and relies firmly upon it, and as denoting conduct towards God, as a firm inward, personal, self-surrendering reliance upon the source of all being." Volgens Sikkel

(1906:75) berus Abram "door het geloof in de verbintenis des HERE en hij gaf zich met blijdschap aan den HERE over in geloof". Hiermee word nie aangetoon dat Abram die geregtigheid verkry deur te glo nie. Die geregtigheid is in Christus bewerk maar Abram ontvang dit deur middel van die geloof. Griffith Thomas (1963:138) verduidelik die betekenis van "geloof" deur te verwys na "amen". [2] Hy skryf verder dat Abram "had faith before, but now it was prominent and emphatic, as clearer, stronger, fuller, trust in God." Geloof is die menslike reaksie op die openbaring van God. Die Woord van God kom; die mens glo: "God accounted Abraham's faith as the channel for the reception of the gift of righteousness." (Griffith Thomas, 1963:138.)

Taylor (2000:488) merk op dat die Hebreërskrywer eerstens vir Abel, Henog en Noag as voorbeelde van die geloof noem. Maar "the explicit terminology of faith/faithfulness does not appear in the biblical narrative untill the story of Abram and his family. In this foundational cycle of stories both the certainty and the anxiety, the clarity and the ambiguity of the faith-shaped relationship between God and his people stand out". Die verhouding tussen God en Abram bestaan vanweë God se inisiatief en bly voortbestaan op grond van God se trou nie dit wat in Abram gevind word nie. Daarvan getuig Eliëser, Abram se slaaf: "Geloof sy die HERE, die God van Abram my heer, wat sy goedertierenheid (וַאֲמִתּוֹ) en sy trou (מֵעִם) aan my heer nie onttrek het nie." (Gen. 24:27.) [3]

- *Die wortelbetekenis van die Hebreeuse stam אָמֵן wys na iets wat waar, eg en opreg is en dat dit op die toekoms gerig is.*

### 2.2.2.2.4.6 Habakuk 2:4

Habakuk 2:4 ("Maar die regverdige, deur sy geloof - בֶּאֱמוּנָתוֹ יִחְיֶה - sal hy lewe") moet verstaan word teen die agtergrond van die profesie. In hooftrekke gaan dit om die vertrapte reg van die volk onder heerskappy van die heilige God, met die boodskap dat die regverdige deur geloofsvertroue sal lewe (Helberg, 1976[b]:235). Dit word gestel as teenstelling tot die gesindheid van die selfvoldane en gewelddadige mens (2:4, 7) wat op eie krag en geweld staat maak (1:11). Die antwoord lê in vertrouensvolle oorgawe aan die soewereiniteit van God en persoonlike gemeenskap met Hom. Helberg (1976[b]:237) kom hier tot 'n tweërlei konklusie: (1) Vertroue op God hou ook in dat 'n mens betroubaar bly deurdat jy aan Hom vashou, op Hom bly wag en die oplossing nie langs ander weë, soos deur krag en geweld, soek nie. (2) Habakuk 2:4 is een van die weinige plekke in die Ou

[2] The original Hebrew for "believed" comes from a root whence we derive our Amen. "Amen" in Scripture never means as petition ("may it be so"), but is always a strong assertion of faith ("it shall be so", or "it is so").

[3] Paulus verwys na Genesis 15:6 in Galasiërs 3:9 (ὥστε οἱ ἐκ πίστεως εὐλογοῦνται σὺν τῷ πιστῷ 'Αβραάμ) en ook in Romeine 4:3 (ἐπίστευσενδὲ 'Αβραὰμ), Romeine 4:9 (ἐλογίσθη τῳ 'Αβραὰμ ἡ πίστις εἰς δικαιοσύνην).

Testament waar die geloof so duidelik genoem word as die een saak waarvan die wel of die wee van 'n mens afhang. Van Katwijk (1912:104) skryf dat בֶּאֱמוּנָתוֹ vertaal word met geloof en beteken "vast, stevig zijn, vastheid". Die begrip vastheid word op verlerlei wyse in die Ou Testament gebruik. Van Katwijk (1912:105) onderskei die volgende betekenisse:

- In *fisiese sin*: in Eksodus 17:12 toe Aäron en Hur Moses se arms vas en stewig gestut het totdat die geveg teen die Amalekiete oor was.
- In *oordragtelike sin*: in Jesaja 33:6 waar daar sprake is van "bestendigheid van jou tye".
- In *etiese sin*: as *opregtheid* (Ps. 119:30; Spr. 28:20); *waarheid* (Spr. 12:17 & 22; Spr. 14:15; Jer. 9:2) en veral *trou* (Jer. 7:28).

Van Katwijk (1912:105) skryf dat dit nie daarom gaan om בֶּאֱמוּנָתוֹ hier te vertaal as *trou* nie. Hy verwys na verskeie teoloë (Von Gumpah, Hitzig, Ewald, Wellhausen, Nowack e.a.) wat בֶּאֱמוּנָתוֹ as 'n begrip beskou wat te doen het met regskapenheid of braafheid, 'n opregte gesindheid teenoor Jahwe. Op die manier is בֶּאֱמוּנָתוֹ 'n karaktereienskap, 'n vastheid van sin en oortuiging, waardeur die צדיק, wat die besit nie sedelik ondergaan nie, maar aan die beloftes van Jahwe bly vashou, verseker, dat Jahwe die oorhand sal hê en nie die kwaad nie.

Wat vir die studie van belang is, is die grammatikale samestelling van vers 4 wat sal bydra tot die verstaan van heilsekerheid en heilstoe-eiening. Vers 4 is gekonstrueer as 'n parallelisme (Robertson, 1990:177). Die teks is soos volg saamgestel:

a. Die opgeblasene
b. is nie reg nie
c. in hom
a. die regverdige
c. deur sy geloof
b. sal hy lewe

Die eerste helfte van vers 4 volg dieselfde patroon as die saamgestelde sin in Hebreeus. Die subjek staan eerste, daarna die onafhanklike bysin te same met 'n voornaamwoord en 'n agtervoegsel wat terugwys na die oorspronklike subjek. Die parallellisme van die konstruksie tussen die twee dele van die vers wys op die verbintenis tussen "is nie reg nie" met "sal hy lewe", eerder as met "die regverdige". Wat die konstruksie beklemtoon is belangrik.

"Deur sy geloof" word soos volg benadruk:

- Die woordorde in die tweede deel van die vers is omgekeerd dié van die eerste deel.
- Wat die verskil verder onderstreep is die kontras van die woordorde in die eerste helfte teenoor die tweede helfte.

Die opgeblasene wat nie in homself reg is nie, moet sterf. In kontras daarmee staan dat die een wat op God se genade vertrou sal lewe. Deur te verstaan dat "deur die geloof" grammatikaal verbind is met "sal hy lewe" eerder as met "die regverdige" mag die skyn wek dat die vraag bly bestaan van hóé 'n persoon regverdig word. In hierdie vers blyk dit dat die ware regverdiging altyd van buite die mens kom. Die ontvangs van die lewe is 'n geskenk van God deur die geloof, dan is die regverdiging die basis van die lewe en het hulle dieselfde bron, naamlik, "deur die geloof" en "sal hy lewe".

Van Abraham is dit ook waar volgens Genesis 15:6. Regverdiging deur die geloof is vir Abraham en Habakuk 'n werklikheid. "Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe" beskryf die wyse waarop 'n persoon voortaan sal lewe en nié die wyse waarop hy geregverdig is nie. Die posisionering van die frase voor die werkwoord, wat die frase bepaal, wys die belangrikheid van die frase aan.[4]

- *Die wortelbetekenis van die Hebreeuse stam* אָמַן *wys na iets wat waar, eg en opreg is.*

### 2.2.2.3 Samevatting van die gegewens in die Ou Testament

- Geloof het te doen met die mens se verhouding tot God.
- Die gebruik van die woordstamme ***bṭḥ*** en ***yr'*** druk eerder vrees vir die Here, of om God te dien uit, as dat dit "geloof" beskryf.
- Die wortelbegrip אָמַן wys op iets wat vas, seker, waar, trou, onbeweeglik is.
- Geloof in die Ou Testament beteken om vas in die Here te wees.
- Geloof is volgens אָמַן om aan God vas te hou.
- Geloof staan enersyds in die konkrete lewe en leef andersyds sterk uit toekomsverwagtings.

### 2.2.3 Nuwe Testament

[4] Paulus verwys na hierdie waarheid in Romeine 1:17 (ἐκ πίστεως) en Galasiërs 3:11 (ὅτι ὁ δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται) en die Hebreërskrywer maak ook daarna 'n verwysing. (Hebr. 10:38 - ὁ δὲ δικαιός μου ἐκ πίστεως ζήσεται).

Die naamwoorde van die Hebreeuse wortel אָמַן, naamlik אֱמוּנָה en אֱמֶת word beide in die Nuwe Testament vertaal met πίστις of ἀλήθεια. Vervolgens word eers die onderskeid tussen πίστις en ἀλήθεια getref waarna die inhoudsbetekenis in die Nuwe Testament vasgestel word.

### 2.2.3.1 ἀλήθεια

### 2.2.3.1.1 Ontleding

Abbott-Smith (1956:20) dui hierdie woordgroep aan as:

a. ἀλήθεια b. ἀληθέω c. ἀληθής d. ἀληθινός

Die Nuwe-Testamentiese gebruik van ἀλήθεια word bepaal deur die Semitiese gebruik van אֱמֶת en ook deels deur die Griekse en Hellenistiese gebruik van ἀλήθεια (Bultmann, 1969, 1:238). Die betekenis van אֱמֶת en ἀλήθεια is nie presies dieselfde nie, soos blyk uit die feit dat die LXX אֱמֶת beide met πίστις én ἀλήθεια vertaal het (selfs ook δικαιοσύνη).

Louw en Nida (1988[b]:668) deel die groep begrippe in twee semantiese velde in, naamlik, dié met die opskrif "real, unreal" en ook met die opskrif "mode". Twee betekenisvariasies, ἀληθής en ἀλήθεια word ingedeel in dieselfde subdomein, naamlik dié met die opskrif "true, false". Gesamentlik bestryk die begrippe die tema van "real, unreal" en "true, false". ἀληθής het betrekking op dit wat eg is in die ware sin van die woord en nie dit wat denkbeeldig as eg voorgehou word nie (Joh. 6:55; Joh. 17:19, Matt. 14:33). ἀλήθεια dra die gedagte van iets wat werklik, waar is (Matt. 22:16; Joh. 17:19). ἀλήθεια wys ook na iets wat in ooreenstemming is met sekere historiese feite, dinge wat werklik gebeur het (Joh. 4:18; Joh. 19:35; Mark. 5:33; Joh. 8:32).

ἀλήθεια hoort in die semantiese veld "genuine, phony" (eg en bedrieglik, oneg, nageboots, vals – Heb.10:22). ἀλήθεια pas in die semantiese veld met die opskrif "communication" en die subdomein "speak truth, speak falsehood" (Gal. 4:16). Volgens Louw en Nida (1988[b]:416, 667, 673) het hierdie groep begrippe te doen met waar/vals, werklik/onwerklik, eg/oneg. Bultmann (1978, 1:242-251) sluit aan by die outestamentiese אֱמֶת en formuleer die betekenis van ἀλήθεια as "sekerheid" (Ef. 4:21). ἀλήθεια is ook iets waarop 'n mens kan steun (Rom. 3:3-7). God se ἀλήθεια teenoor die mens se ψεῦμα (→ ψεῦδος) in Romeine 3:7 (cf. Vs 4) is niks anders as God se πίστις = "faithfulness" (vs 3), en tussen die πίστις en ἀλήθεια van God staan sy δικαιοσύνη (vs 5) teenoor die menslike ἀδικια (vs 4). Dit kan alleen verstaan word in die lig van אֱמֶת.

- ἀλήθεια dui ook op opregtheid en eerlikheid (2 Kor. 7:14).
- ἀλήθεια wys op die ware toedrag van sake (Rom. 1:18).
- ἀλήθεια kan ook vertaal word met "geloof" (2 Kor. 13:8).
- ἀλήθεια dra verder die betekenis van goddelike realiteit (Joh. 8:44).

ἀληθής beteken iets wat konstant of waardevol is (1 Pet. 5:12; cf. Jes. 43:9). Dus kan ons die betekenis só saamvat: ἀληθής beteken betroubaar, geloofwaardig, vertroubaar (Rom. 3:4). Dit dra ook die inhoud van dit wat ernstig ("sincere") en eerlik ("honest") is (Mark. 12:14; Joh. 3:33; Joh. 7:18; Joh. 8:26). Hübner (1990, 1:58) formuleer die betekenis van ἀλήθεια só: "ἀλήθεια means truth in die sense of *unhiddenness* and *disclosedness* of the state of affairs which exibits itself and is therefore perceived in its actuality."

Danker (2000:42) wys op 3 hoofmomente in die verstaan van ἀλήθεια. [1] Dit beteken om in ooreenstemming te wees met dit wat waar, betroubaar en eerlik is (Rom. 3:7; Rom. 15:8; 2 Kor. 7:14; 1 Kor. 5:8; Ef. 5:9). [2] Verder beteken dit die inhoud van dit wat waar is. a. Meer in die algemeen (Ef 4:25; Rom. 9:1). b. Veral die inhoud van die Christendom "as the ultimate truth" (2 Tim. 2:15; Kol. 1:5). [3] ἀλήθεια karakteriseer 'n ware gebeurtenis as eg en waar (Fil. 1:18; Rom. 2:2; Matt. 22:16; Joh. 17:19).

#### 2.2.3.1.2 Gevolgtrekking

- *ἀλήθεια het die betekenisnuanses van opregtheid, eerlikheid, sekerheid, betroubaarheid.*

### 2.2.3.2 πιστεύω, πιστή, πίστις, πίστος

Vier terme kom in sig vanuit die Nuwe Testament:

a. πιστεύω b. πιστή c. πίστις d. πιστός

Louw en Nida (1988[b]:365) deel dié ses begrippe in die subdomein "believe to be true".

#### 2.2.3.2.1 πιστεύω

Kittel (1968:203) dui die betekenis van πιστεύω aan as "to rely on, to trust, to believe". Dit kan ook beskryf word as dat "the main focus is religious. Depending on the context, πιστεύω can mean consider the true, obey, or trust. (Balz en Schneider, 1993, 3:92.) Daar sal baie noukeurig opgelet moet word na die konteks waarin πιστεύω voorkom. In die Nuwe Testament word die Hebreeuse **nif'al** נֶאֱמַן en **hif'il** הֶאֱמִין, behalwe vir een uitsondering, met πιστεύω vertaal (Childs, 1993:596). Nixon (1975:483), Abbott-Smith (1956:361), Balz en Schneider, (1993, 3:92) wys op die verskillende grammatikale konstruksies waarin πιστεύω in die Nuwe Testament voorkom as dit by die verstaan van die woord kom. Die volgende is hier ter sprake:

a. In 1 Korintiërs 11:18 is πιστεύω *nie religieus* gerig nie: "Want in die eerste plek hoor ek as julle saamkom in die gemeente dat daar skeuringe onder julle is, en gedeeltelik glo ek dit (καὶ μέρος τι πιστεύω)." (Vgl. ook Joh. 9:18; Hand. 9:26.) πιστεύω het dus betrekking op σχίσματα (skeuringe).

b. Πιστεύω kom verder voor met die *datief van die persoon*: "Hulle het ook gegaan en dit vir die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie" (οὐδὲ ἐκείνους ἐπίστευσαν) – die klem val op οὐδὲ ἐκείνους (maar dié) (Markus 16:13). (Vgl. ook Mark. 16:14; Matt. 21:25).

c. Πιστεύω kom voor met die *datief van die voorwerp*: "En die man het die woord geglo" (ἐπίστευσεν ὁ ἄνθρωπος τῷ λόγῳ). (Joh. 4:50). In hierdie geval het πιστεύω betrekking op τῷ λόγω.

d. Πιστεύω kom ook voor met die *akkusatief van die voorwerp*: "En elkeen wat lewe en in My glo (πιστεύων εἰς ἐμὲ), sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?" (πιστεύεις τοῦτο) (Joh. 11:26). In hierdie geval het πιστεύω betrekking op τοῦτο. (Vgl. ook 1 Kor. 13:7.)

e. Πιστεύω kom verder voor met die *infinitief*: "Maar ons glo (πιστεύομεν) dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word (σωθῆναι) op dieselfde manier as hulle ook" (Hand. 15:11). πιστεύω het hier betrekking op σωθῆναι- om gered te word, die infinitief passief. (Vgl. ook 2 Tess. 1:10b.)

f. Πιστεύω kom nog voor met *betreklike bysinne*: "En Hy sê vir hulle: Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo (πιστεύειν - praes. infin.) alles wat die profete gespreek het!" (Luk. 24:25). πιστεύω het hier betrekking op die betreklike bysin na "alles - πᾶσιν" - "wat die profete gespreek het" - οἷς ἐλαλησαν οἱ προφῆται".

g. As πιστεύω gebruik word in 'n *ὅτι sin* (Joh. 8:24 – "Ek het dan vir julle gesê dat julle in julle sondes sal sterwe; want as julle nie glo (πιστεύσητε) dat (ὅτι) dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe"). ὅτι-sinne druk die inhoud van die geloof in Christus uit. Dit gaan ook soms saam met die akkusatief en die infinitiewe sinskonstruksie (Hand. 8:37 – "Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus

Christus die Seun van God is.") het dit te doen met 'n religieuse saak. Netso moet dit ook gesien word as πιστεύω in 'n verklaring gebruik word (Mark. 13:21 – "En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of Kyk, daar! – moet dit nie glo nie" - μὴ πιστεύετε). (Vgl. ook Matt. 24:23; Joh. 3:12.)

h. Die inhoud van πιστεύω sal in baie gevalle afhang van die *konteks waarin dit voorkom*. In Romeine 14:2 beteken dit byvoorbeeld "Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente."

### 2.2.3.2.2 πιστή

Die naamwoord πιστή wat afgelei is van πιστεύω is iemand wat in Jesus Christus glo. 'n Gelowige. Handelinge 16:1 – "'n gelowige Joodse vrou - γυναικὸς Ἰουδαίας πιστῆς".

### 2.2.3.2.3 πίστις

Die naamwoord πίστις kan vertaal word as *lojaliteit* of *vertroue*. Dit word egter baie min in die sin van *lojaliteit* gebruik (Bultmann & Weiser, 1961:60). Louw en Nida (1988b:377) merk op dat dit verkeerd sal wees om πιστεύω en πίστις te vertaal met woorde wat bloot "vertroue" of "sekerheid" beteken. Daar móét 'n mate van geloof ter sprake wees want ware vertroue en sekerheid kan slegs in iemand gevind word "who is believed to have the qualities attributred to such as person". Πίστις is dus die status om iemand te wees in wie volledige vertroue gestel kan word – daar moet vertroubaarheid, betroubaarheid, geloofwaardigheid wees. "Sal hulle ontrou (ἡ ἀπιστία αὐτῶν) miskien die getrouheid van God (τὴν πίστιν τοῦ Θεοῦ) vernietig?" (Rom.3:3.)

- Πίστις *en* πιστεύω *is om te glo in die goeie nuus aangaande Jesus Christus en om 'n volgeling van Christus te word. Dit is om in alle fasette van die lewe 'n gelowige te wees (Rom. 1:8; Rom. 1:16; Ef. 2:8).*

### 2.2.3.2.4 πίστος

πίστος word in die *passief* gebruik om vertrou te word of om in geglo te word: "As u oordeel dat ek in die Here glo (πιστὴν), kom dan in my huis en bly daar." (Hand. 16:15.)

### 2.2.3.2.4 Samevatting van die gegewens in die Nuwe Testament

- Soos in die Ou Testament word geloof in die Nuwe Testament ook die middel waardeur die mens met God in 'n verhouding staan.
- Beide ἀλήθεια en πιστεύω wys op 'n saak wat seker en betroubaar is.
- Geloof is die band wat die mens aan Christus vasbind.

## 2.3 Heil

### 2.3.1 Doelstelling

Om aan te toon op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening, is dit nodig om die begrip ***heil*** in die Skrif na te gaan en vas te stel wat die betekenis daarvan is.

### 2.3.2 Die Ou Testament

#### 2.3.2.1 Eksegetiese verkenning

##### 2.3.2.1.1 Vyf verbandhoudende sake ten opsigte van יָשַׁע

In die Ou Testament word die woord יָשַׁע of יָשׁוּעַ gebruik as dit by die saak van die heil, van die verlossing kom. Daar is 5 verbandhoudende sake wat die omvang van die woord יָשַׁע belig (Horne, 1975:222):

a. In die meeste gevalle word heil, verlossing gesien as die **werk van 'n soewereine God** (Jes. 43:11). Dit is Yahweh wat sy volk uit die slawerny van Egipte verlos het (Psalm. 106:7-10). Hy het hulle ook gered uit die mag van Babilon (Jer. 30:10).
b. Heil, verlossing is **in die geskiedenis bewerk**. Daarvan is Eksodus 14:30 'n bewys: "So het die HERE Israel dan dié dag uit die hand van die Egiptenaars verlos (וַיּוֹשַׁע יְהוָה)." In die gang van die geskiedenis, op die tyd toe God daaroor besluit het, word die verlossing uit Egipte vir die Israeliete 'n werklikheid.
c. Verlossing word beskryf as die verlossing **uit die mag van vyande**. Van hierdie vyande is onder andere die dood en die vrees vir die dood (Psalm. 6:4-5; Psalm. 107:13-14), die bek van die leeu (Psalm. 22:21), die slagveld (Deut. 20:4), die sonde (Psalm. 51:14).
d. Die verlossing wat God gee was nie net bloot 'n verlossing en 'n bevryding van gevaarlike aardse situasies nie. Dit was 'n **verlossing met 'n besondere doel**. Die verlostes moes die

Naam van die Here grootmaak en hulle lewens aan Hom toewy (1 Kron. 16:23; Jes. 43:11-12; Sag. 8:13; Psalm. 119:146).

e. Die mens kan homself die verlossing net op een wyse **toe-eien** (sy eie maak, in besit neem), en dit is **deur die geloof** ("salvation is appropriated solely by faith in God" [***appropriate*** *i.e. om vir jouself te neem;* ***appropriation*** *i.e. die handeling om vir jouself toe te eien.* ***Appropriate*** van die Latyn: appropriatio] [5]). "Appropriation is a general term used in theology to speak of the integration or application of an aspect of the Christian belief system into Christian practice. Thus it is not enough to have an intellecrual concept of faith and trust in Christ without actually exercising faith and trust in Christ. The believer's exercising of faith, then is called the appropriation of faith." (Grenz, 1999:14.)

### 2.3.2.1.2 Die grondwoord יָשַׁע

Die Ou-Testamentiese woord יָשַׁע is die grondwoord vir heelmaak of red (die selfstandige naamwoord is יֵשׁוּעַ). Oorspronklik het dit beteken "ruim", "wyd wees", in teenstelling met "kwelling, belemmerd, vasgeklem, vassit". Die "beklemden en verdrukten" word gered, hulle kry nuwe lewenskanse: so kom hulle tot die heil (Lochman, 1979:29). Dit geld vir die individuele nood van die mens, soos dikwels in die psalms tot uitdrukking kom, asook die kollektiewe nood, van God se volk wat in verdrukking verkeer. Hulle word dan gered van die onderdrukkende vyand.

### 2.3.2.1.3 Die locus classicus, Eksodus 14:30

Aandag word nou gegee aan die locus classicus, Eksodus 14:30: "So het die HERE Israel dan dié dag uit die hand van die Egiptenaars verlos" (וַיּוֹשַׁע יְהוָה.). Die oorwinning van Israel oor die Egiptenaars is beskryf as וַיּוֹשַׁע יְהוָה ("*Die Here het gered*") - יֵשׁוּעַ staan hier in die Hif'il futurum. As יֵשׁוּעַ in die Hif'il gebruik word, beteken dit "to make spacious for one who is constricted" (Föhrer, 1971:973). Die hif'il, as die kousatiewe stamformasie, dui aan dat iemand die oorsaak (causa) is dat 'n ander 'n handeling verrig of in 'n sekere toestand verkeer. Omdat die handeling plaasvind wanneer die eerste party aan 'n derde party hulp verleen, omdat die derde party verdruk en onderdruk word deur 'n tweede party, beteken die werkwoord יָשַׁע "to come to the rescue" en "to experience rescue" (Fohrer, 1971:973). Verlossing, in die sin van יֵשׁוּעַ wys op iemand, die eerste

[5] Volgens dieWebster's comprehensive reference Dictionary and Encyclopedia 1954 moet met die volgende begrippe ook rekening gehou word: [a] appropriate = toe-eien, inpalm. [b] appropriately = toepaslik, passend. [c] appropriative = toe-eienend. [d] appropriation = toe-eiening. Grenz, Guretski & Nordling (1999:14) skryf oor "appropiation" soos volg: "A general term used in theology to speak of the integration of application of an aspect of the Christian belief system into Christian practice. Thus it is not enough to have an intellectual concept of faith and trust in Christ. The believers exercising of faith, then is called the appropriation of faith."

party, wat swak is, verdruk en onderdruk word (Israel) en dan deur 'n derde party (God) verlos en beskerm word van die hand van die onderdrukker (die tweede party, die Egiptenaars). Dit beteken verder dat die eerste party nie homself kan verlos nie en ook nie self die verlossing kan bewerk in samewerking met die derde party nie. Die verlossing deur die derde party is van so 'n aard dat die verdrukte en onderdrukte verlore sou wees sonder die verlossing wat hy van buite ontvang. Die subjek is die God van Israel, 'n feit wat in die hele hoofstuk (Eks. 14) beklemtoon word (vgl. Vss 14, 18, 25, 27, 31). Die term יְשׁוּעַ is nie gebruik om die eksodus (uittog) te omskryf nie maar wel die **redding** uit die nood waarin hulle as volk was. Dit is dus 'n redding deur God. Daarom kan die psalmdigter getuig: "Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal roem op die Naam van die HERE onse God." (Psalm. 20:8.)

#### 2.3.2.1.4 Gevolgtrekking

Die 5 verbandhoudende sake in verband met die betekenis van יָשַׁע kom duidelik in Eksodus 14:30 voor.

a. Die verlossing van Israel uit die slawerny van Egipte is die **werk van die soewereine God**, Yahweh.

b. Die verlossing is **in die geskiedenis bewerk**. In die gang van die geskiedenis, op die tyd toe God daaroor besluit het, word die verlossing uit Egipte vir die Israeliete 'n werklikheid.

c. Die verlossing van Israel deur die soewereine God, Yahweh is 'n verlossing **uit die mag van vyande**.

d. Die verlossing van Israel deur God was 'n **verlossing met 'n besondere doel**. Die verlostes moes die Naam van die Here grootmaak en hulle lewens aan Hom toewy.

e. Israel kon hulleself die verlossing net op een wyse **toe-eien** (hulle eie maak, dit in besit neem), en dit is **deur die geloof**. Die wat God se belofte om verlossing geglo het het onder leiding van Moses uit Egipte uitgetrek.

#### 2.3.2.1.5 Die betekenismoontlikhede

Navorsers gee verskillende betekenismoontlikhede vir יָשַׁע.

Die woord יְשׁוּעַ beteken *"he shall be a deliverance, i.e. deliverer"* (Davidson, 1963:354). Die begrip יָשַׁע as werkwoord beteken om te verlos, om te bevry, om te red. Horne (1975:222) formuleer die grondbetekenis van יָשַׁע as *"to be wide," "roomy," "broad"* in figuurlike sin *"to be well off,"* of *"to be free."* Hy wys daarop dat kennis en insig van die Ou-testamentiese woord יָשַׁע nodig is om

byvoorbeeld Matteus 1:21 te verstaan: *"Sy sal 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* Die Naam Jesus beteken hier Verlosser, net soos dit die geval is met die naam Josua in die Ou Testament.

Clines (1993:337) brei die verklaring van יֶשַׁע só uit:

a. Salvation of God (Psalm. 50:23).
b. Salvation of your people (Hab. 3:13).
c. My salvation (Psalm. 27:1).
d. Your name is my salvation (Psalm. 62:8).
e. My salvation is before your eyes (Psalm. 33:8).

Koehler en Baumgartner (2.1995:449) vertaal יֶשַׁע op drieërlei wyse:

a. "help, deliverance, salvation (Jes. 17:10; Miga 7:7; Hab. 3:18; Psalm. 18:47).
b. salvation given by God (Jes. 51:5; 2 Sam. 22:36; Psalm. 12:6, Psalm. 18:36).
c. salvation which man finds (with God) (2 Sam. 23:5; Jes. 45:8; Jes. 62:11)."

Van Gemeren (1997:556) skryf die volgende in verband met יֵשׁוּעַ: "It is almost exclusively a theological term with Yahweh as its subject and his people as its object." Die wortel יֶשַׁע dui teologies spesifiek op die handele van God ter verlossing van Israel. In die name Josua en Jesus kom die wortel voor, asook in die leenwoord *hōsanna*, "verlos nou." Een van die kortste geloofsbelydenisse in die Ou Testament lui: "Die Here red" en "Die God van ons heil" (Lochman, 1979:29). Die volk wat verdruk word word gered uit die hande van die onderdrukkende vyande. Dit is die weg van heil.

In die Ou Testament het die heilsbegrip betrekking op die heel konkrete aardse en historiese aangeleenthede. Maar dit sien ook uit bo die terrein van die geskiedenis. Die heil het 'n protologiese dimensie en veral 'n eskatologiese dimensie. Die heil wat die volk in die eksodusgebeure ontvang verwys sowel na die begin (protologies) as die einde (eskatologies) van die geskiedenis. Dit kan nie nagelaat word om te beklemtoon nie dat die verlossing, die redding, op God se ***belofte*** rus nie (Eks. 29:45-46; Lev. 26:12). In die Bybel word die verlossing in verband gebring met die outestamentiese beloftes.

### 2.3.2.2 Samevatting ten opsigte van heil in die Ou Testament

Die betekenis van die woord יָשַׁע in die Ou Testament is deurgaans verlossing. Die begrip heil is 'n sinoniem van *verlossing* in Afrikaans en moet so verstaan word. Heil beteken verlossing; verlossing wat deur 'n derde party (God) aan 'n tweede party (Israel) gegee is uit die slawerny onder die eerste party (Egipte). In wese is dit 'n heenwysing na Jesus Christus. Hy het God se volk verlos uit die slawerny van die sonde.

### 2.3.3 Nuwe Testament

#### 2.3.3.1 σῴζω

In die Nuwe Testament vra die begrippe σωτήρια en σωτήρ aandag. Σωτήρ is afgelei van σῴζω "om te red", "om te verlos." Σωτήρια staan bekend as "a state of having been saved." Louw en Nida (1988b:240) meld dat σῴζω 3 betekenisse in die Nuwe Testament het: (a) "To rescue from danger and to restore to a former state of safety and well being"; (b) "to cause someone to become well again after having been sick"; (c) "to cause someone to experience divine salvation – to save." Voorts is "salvation a comprehensive word bringing out the truth that God in Christ has rescued people from the desperate state that their sins had brought about" (Hawthorne en Martin, 1993:858). Louw en Nida (1988b:241) plaas σῴζω in die semantiewe veld waarin dit gaan om 'n rede ter verlossing of om vry van gevaar te wees. Dit gaan om die redding uit gevare en die herstel van 'n vroeëre staat van veiligheid en 'n goeie lewensbestaan. As Petrus wegsink in die watergolwe, toe hy besig was om op die water na Jesus toe te loop, toe skree hy κύριε, σῶσόν με ("Here, red my" – Matt. 14:30). Hy roep om verlos te word van, gered te word uit die lewensgevaar van die stormsee (vgl. ook Hand. 7:25; Hand. 27:34). Die geestelike aspek van σῴζω blyk duidelik uit 1 Korintiërs 1:21 waar verlossing in geestelike sin bedoel word: σῶσαι τοὺς πιστευοντας ("die wat glo, te red") (vgl. ook 1 Kor. 9:22 & Ef. 2:5).

- *σῴζω beteken om te red, om te verlos, om te bevry van die sonde. Verlossing is nodig omdat die mens verswelg word deur die golwe van die kwaad.*

#### 2.3.3.2 σωτήρια

##### 2.3.3.2.1 Skrifgegewens

###### 2.3.3.2.1.1 Betekenis in die algemeen

Ten opsigte van σῶτῆρια dui dit op 'n staat van reeds verlos te wees (Louw en Nida, 1988b:241). 2 Korintiërs 7:10 – ἡ γὰρ κατὰ θεὸν λύπη μετάνοιαν εἰς σωτηρίαν ἀμεταμέλητον ἐργάζεται ("Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding" – vgl. ook 1 Pet. 1:9). Σωτήρ word vertaal met "verlosser, redder" (Luk. 1:47; 1 Tim. 2:3; Fil. 3:20). Σωτήριον is (a) die manier waarop mense goddelike verlossing ervaar – "salvation, the way of saving" (Luk. 3:6) en (b) "The message of salvation, the message about being saved (Hand. 28:28) (Louw en Nida, 1988b:242). Σωτήριος "pertaining to divine salvation, bringing salvation" (Tit. 2:1).

- *Σωτήρια verwys na God se dade in 'n breë sin sonder om sy individuele dade mis te kyk.*

Martin en Davids (1977:1072) skryf dat "in both the Septuagint and secular Greek σῶτήρια and σῴζω are connected with the notion of physical deliverance (e.g. from peril, illness, death)." Σῶτήρια, σῴζω en σωτήρ "lends itself metaphorically to the notion of eschatological salvation". Die titel σωτήρ "is applied to both God and the Son He sent into the world for its salvation" (Martin en Davids, 1997:1072). Σωτήρ word 8 keer in die Nuwe Testament vir God gebruik (Luk. 1:47; 1 Tim. 1:1; 1 Tim. 2:3; 1 Tim. 4:10; Tit. 1:3; Tit. 2:10; Tit. 3:4; Jud. Vs. 25) en 17 keer vir Christus (Fil. 3:20; Luk. 2:11; Joh. 4:42; Hand. 5:31; Hand. 13:23; Ef. 5:23; 2 Tim. 1:10; Tit. 1:4; Tit. 2:13; Tit. 3:6; 2 Pet. 1:1, 11; 2 Pet. 2:20; 2 Pet. 3:2, 18; 1 Joh. 4:14) (Balz en Schneider, 1990:326). Die belydenis van Christus as die σωτήρ vind 'n hoogtepunt in die belydenis van die inwoners aan wie die Samartitaanse vrou die boodskap van Christus gebring het in Johannes 4:42: "Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker (σωτήρ) van die wêreld is." Voorheen was alles voorlopig maar nou is daar vir hierdie mense die vervulling – dit is 'n groot sekerheid.

Hawthorne en Martin (1993:858) is van oordeel dat daar nie groot gewag gemaak moet word van die feit dat God én Christus σωτήρ genoem word nie, "for the accepted NT teaching that God acted in Christ is summed up in Paul's own words: 'God was in Christ reconciling the world to himself' (2 Kor. 5:19). From one point of view it is clear enough that salvation originated with the Father and from another it was the Son who did what was necessary to bring about salvation."

Alexander en Rosner (2000:762) verklaar: "In biblical usage, salvation is a comprehensive term denoting all the benefits, physical or spiritual, that are graciously bestowed on humans by God. The use of the Hebrew verb *(hosia)* (the hiphil of *ys'*) and the Greek word σῴζω in reference to both physical and spiritual healing reflects the Bible's holistic view of salvation, which can be summed up in the Hebrew term *salom.*" Σῶτήρια is 'n algemene term, wat die bevryding of redding uit

velerlei situasies aandui. Hawthorne en Martin (1993:858) vat dit só saam: "It may be used of the healing of disease, of safety in travel and of preservation in times of peril. It may apply to people or to things."

### 2.3.3.2.1.2 In die evangelies

In die evangelies word die wondertekens van Jesus Christus bekend gemaak waar Jesus meermale gesê het "jou geloof het jou gered". In hierdie konteks het σωτήρια 'n sterk fisiese betekenis. As Paulus die woord gebruik dui dit daarop dat die menswording van Christus te doen het met verlossing van die sonde. Abbott-Smith (1956:436) dui aan dat σῴζω in die Nuwe Testament gebruik word "especially of salvation from spiritual disease and death in which sense it is spoken of in Scripture as either (1) past, (2) present, or (3) future, according as redemption, grace or glory is the point in view." Behalwe die religieuse gebruik van σῴζω en σωτήρια word dit in die Nuwe Testament slegs gebruik wanneer daar akute gevaar vir die liggaamlike lewe is (Foerster, 7.1971:989). Σῴζω is dikwels ook gebruik as daar sprake is van die genesing van siekes deur Jesus Christus (16 keer). Om verlore te wees beteken die dood; om gered te wees beteken die **lewe**. In die Sinoptiese evangelies is σωτήρια 'n gebeurtenis in die toekoms wat dui op die ingaan in God se koninkryk en tog is dit ook teenwoordige tyd as daar sprake is van verlore wees en gered word. In die eerste deel van Handelinge getuig die apostels dat die heil, die verlossing geleë is in Christus: "En die saligheid (ἡ σωτηρία) is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered (σωθῆναι) moet word nie." (Hand. 4:12; vgl. ook Hand 5:31.) "The apostolic word is the announcement but also, as apprehended by the hearers, the means of salvation" (Hand. 11:14 – "hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered (σωθήσῃ) sal word"). (Foerster, 7.1971:989). In die tweede deel van Handelinge praat Paulus soos 'n Jood tot die gehoor in die sinagoge, en deel mee hy is gestuur met die boodskap van verlossing (Hand. 13:26, Hand. 23:30-41).

### 2.3.3.2.1.3 Paulus se sendbriewe

In die sendbriewe van Paulus word σωτήρια gesien as verlossing van sonde en van die gevolge van die sonde. Paulus gebruik die werkwoord σῴζω 29 keer, die naamwoord σωτήρ 12 keer, σωτήρια 18 keer en σωτηριον en σωτηριος 1 elk. Paulus gebruik σῴζω en σωτήρια hoofsaaklik wanneer daar sprake is van die verhouding tussen die mens en God. Die objek van verlossing is nie die ψυχή nie, dit is of die hele mens of sy πνεῦμα (1 Kor. 5:5). Foerster (1971:992) toon aan dat die vergewing van sondes (verlossing), versoening en regverdiging van mekaar onderskei moet word maar nie

geskei moet word na aanleiding van σωθῆναι nie" (aor. Infin. Pass. van σῴζω). As voorbeeld kan Romeine 5:9-11[6] geneem word: *"Aangesien ons nou vrygespreek is* (δικαιωθέντες) *op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word* (σωθησόμεθα). *Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is* (κατηλλάγημεν), *staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is* (καταλλαγέντες), *deur die lewe van sy Seun* (ἐν τῃ ζωῇ αὐτοῦ). *Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het* (δἰ οὗ νῦν τὴν καταλλαγὴν ἐλάβομεν)." In hierdie verse is δικαιωθῆναι en κατηλλάγῆναι merkbaar onderskei van die futurum σωθῆσεσθαι deur die νῦν en die aoristus partisipium ἐλάβομεν. Paulus plaas σῶτὴρια dan in toekomstige, eskatologiese tyd. Daar moet weer eens beklemtoon word dat σῴζομαι en σωτηρία in kontras met regverdiging, versoening en verlossing, na die toekoms verwys, 'n eskatologiese verlossing. Regverdiging, versoening en verlossing dui op die onmiddellike hede: "σῶτὴρια regularly refers tot salvation in the supernatural-eschatological sense. This salvation is already present now and will be fulfilled eschatologically at the end." (Balz en Schneider, 1990:327.)

Die inhoud van die komende σῶτὴρια het Paulus tweërlei ontwikkel: aan die een kant is dit verlossing van die komende oordeel van God oor die sonde (Rom. 5:9; 1 Kor. 3:15; 1 Tess. 5:9). Dit sal plaasvind na die wederkoms van Jesus Christus tydens die laaste oordeel (2 Kor. 5:10). Paulus sou die toekomstige σῶτὴρια nie van die volbragte δικαιωθῆναι en κατηλλάγῆναι kon onderskei as σῶτὴρια nie ook vir hom 'n positiewe inhoud gehad het nie. Soos δικαιωθῆναι en σωθήσεσθαι van mekaar onderskei word in Romeine 5 so is God se δικαιοῦν te onderskei van sy δοξάζειν in Romeine 8:30. In Romeine 8:30 word aangetoon dat die goddelike δόξα die positiewe inhoud van die σῶτὴρια is. Die konteks waarin τῇ γὰρ ἐλπίδι ἐσώθημεν (Rom.8:24) staan wys daarop dat hierdie ἐσώθημεν, die redding in hoop, ἀπολύτρωσις τοῦ σώματος ἡμῶν (Rom. 8:24 – *"die verlossing van die liggaam"*) as sy inhoud het.

- Σῶτὴρια het eerstens die eindoordeel as inhoud.
- Σῶτὴρια het tweedens die eer van God as inhoud.

### 2.3.3.3 Samevatting van punt 2.3.2.2.1

Die begrip σῶτὴρια dui op 'n staat van reeds verlos te wees. Σωτήρια verwys na God se dade in 'n breë sin sonder om sy individuele dade mis te kyk. In die sendbriewe van Paulus word σῶτὴρια

[6] 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.

gesien as verlossing van sonde en van die gevolge van die sonde. Die objek van verlossing is nie die ψυχή nie, maar die hele mens. Aan die een kant is σωτηρία die verlossing van die komende oordeel van God oor die sonde. Aan die anderkant dui σωτηρία op die goddelike δόξα wat die positiewe inhoud van die σωτηρία is.

### 2.3.3.4 σωτήρ

### 2.3.3.4.1 Skrifgegewens

Σωτήρ som Christus se totale bediening en doel op (Balz en Schneider, 1990:327). In Lukas 2:10-11 maak die engel aan die skaapwagters bekend "dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker (σωτήρ) wat Christus, die Here, is." Die feit dat σωτήρ sonder 'n lidwoord gebruik word is die rede waarom Lukas die verklarende relatiewe sin byvoeg: "wat Christus, die Here, is". Die boodskap van die engel is deur die skaapwagters bedoel vir al die Jode. Die boodskap is afgegrens vir Israel aan wie die belofte van 'n verlosser gemaak is.

In Handelinge 5:31 lees ons: "Hom het God as Leidsman en Verlosser (σωτῆρα) deur sy regterhand verhoog". Handelinge 12:23 lees: "Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser (σωτῆρα) verwek." Hierdie twee boodskappe is bedoel vir Jode en mense wat God vrees. Die betekenis van σωτήρ word verhelder deur die feit dat in Handelinge 3:15 sprake is van ἀρχηγὸς τῆς ζωῆς ("die Leidsman tot die lewe") en in Handelinge 7:35 verwys word na ἄρχων καὶ λυτρωτής ("owerste en verlosser"). Die ooreenkoms tussen σωτήρ en λυτρωτής en die hoorders van die boodskap dui aan dat dit gerig is tot mense met 'n Joodse Messiaanse hoop maar dat die inhoud van die verlossing van die sondes nie die bevryding van die politieke mag van Rome is nie.

Die Naam *Jesus Christus* het heilsbetekenis in die lig van Handelinge 4:12 – "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." Die Christelike heil is nie anoniem nie. Die identiteit van Christen-wees kan nie losgemaak word van die Naam Christus nie. Die Christendom staan of val by die Naam Christus. Die Naam Christus, en net dié Naam alleen, vorm juis die "onderscheidend-christelijke" (proprium christianum) (Lochman, 1979:35). Die heil is absoluut gebonde aan die Naam Christus. In hierdie opsig moet daar versigtig gewaak word om in 'n *nominalistiese denkwyse* te verval. Dit is die denkwyse wat van die gedagte uitgaan dat begrippe en name slegs konvensionele middele is waarmee die mens hom uitdruk, instrumente om in kommunikasie met ander mense te

kom. Teenoor die nominalistiese denkwyse staan die *platonies-realistiese denkwyse* wat stel dat begrippe en name 'n hoë metafisiese waarde besit (Lochman, 1979:35). Die Bybel is nie nominalisties of realisties nie. 'n Naam is nie maar net 'n asem oor die stembande met die vorming van 'n geluid nie. In die Bybel dra die naam die geheimenis van die unieke persoonlikheid van hom wat die naam dra. Daarom vra God eerbied vir sy Naam (3e gebod). As daar dus van Jesus Christus gepraat word is in die Naam die volledige Persoon en sy geskiedenis vervat: "En tegelijk: hij draagt in zich de hoofdtrekken van het heilshistorisch program van dit 'centrum van het heil' " (Lochman, 1979:35.)

In die Nuwe Testament vind ons geen ***heils-ordelike*** sistematiek nie. Geloof is die sentrale begrip. Alles wat in die Woord van God tot ons kom kan slegs deur die geloof ontvang word. Die geloof kom deur die verkondiging van die evangelie (Rom. 10:17). Die heil word in hierdie wêreld 'n werklikheid maar dit bly 'n *geloofswerklikheid*. Die heil wat in Christus vir die wêreld berei is, kan alleen ons persoonlike eiendom word, wanneer die heilsweg betree word, soos dit in die Heilige Skrif aangewys word.

Van God se kant is alles geskenk wat tot die lewe en die godsaligheid nodig is (2 Pet. 1:3-4). God wil dat almal salig word en het nie behae in die dood van 'n sondaar nie (Eseg. 33:11; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9). Maar nie almal word verlos nie. Christus is gestuur tot 'n val en 'n opstanding (Luk. 2:34; 2 Kor. 2:15-16). Die heil in Christus is nie 'n kooptransaksie, waarby die hemel ons eiendom word teen die prys van geloof en bekering nie. Dit is 'n geskenk van God uit vrye genade (Rom. 3:24).

Maar hierdie vrye genade van God hef nie die bewuste reaksie van die mens op nie. Dit werk nie meganies of magies nie. Inteendeel, slegs op die weg van geloofsgehoorsaamheid kan dit jou eiendom word. God nader die mens eerste in Jesus Christus, maar dit sal tevergeefs wees indien die mens nie tot God nader nie (Jak. 4:8). Die verlossing is 'n daad van God maar dit moet deur die mens beantwoord word. God alleen bepaal die weg waarlangs die sondaar persoonlik die verlossing deelagtig word.

- Ons moet weet wat daar van die mens geëis word.
- Ons moet ook weet wat God van sy kant af doen om ons op die weg van die ewige lewe te lei.

Twee dinge is van belang:

a. 'n Ondersoek na die heilsorde (ordo salutis).

b. Die genadewerking van die Heilige Gees (operationes gratiae).

Die heilsorde omvat alles wat van die mens geëis word. In die werk van die Heilige Gees word die wyse ondersoek waarop die heil in ons tot stand gebring word. Die saligmakende geloof (fides salvifica). Dit gaan om die geloof waarvan die saligheid (ῄ σωτηρια) van die sondaar 'n vrug is.

#### 2.3.3.4.2 Samevatting

In σωτήρ is die dienswerk en doel van Christus se koms saamgevat. Die Christelike heil is nie anoniem nie dit bestaan net in Jesus Christus. Die Naam Christus, en net dié Naam alleen, vorm juis die onderskeidende karakter van die Christendom. Die heil is absoluut gebonde aan die Naam Christus. As daar dus van Jesus Christus gepraat word is in die Naam die volledige Persoon en sy geskiedenis vervat. Die heil word in hierdie wêreld 'n werklikheid maar dit bly 'n *geloofswerklikheid.* Die heil wat in Christus vir die wêreld berei is, kan alleen ons persoonlike eiendom word, wanneer die heilsweg betree word, soos dit in die Heilige Skrif aangewys word.

### 2.3.3.5 Die verlossing en heil in Jesus Christus

#### 2.3.3.5.1 Die aard van die verlossing

In wese is verlossing die daad of die toestand van verlossing van die kwaad of gevaar, of dit nou ook al fisies of psigies, tydelik of ewig is: *"In essence salvation is the act or state of deliverance from harm or peril, whether that danger be physical of spiritual, temporal or eternal"*- (Harris, 2000:762.)

#### 2.3.3.5.2 Die voorsiening van die verlossing

In die Ou en die Nuwe Testament word God bekend gemaak as die God van heil (Psalm. 68:20). Sy koninkryk is sy ewige verlossings soewereiniteit (Psalm. 145:13; Op. 11:15). Beide sy verlossingsoptrede as Regeerder en die ryk waaroor Hy verlossend regeer is hierin begrepe. Die wese van die Ou Testament en die Nuwe Testament is die aankondiging dat God verlossing skenk: in die een geval tydens die eksodus uit Egipte (Deut. 6:21-23) wat liggaamlike verlossing is en in die ander geval verlossing aan die kruis (Kol. 1:19-20) wat geestelike verlossing bring.

#### 2.3.3.5.3 Die omvang van die verlossing

In die Bybel word die verlossing bekend gemaak in korporatiewe en individuele sin. Die Ou Testament lê grotendeels klem op die korporatiewe omvang van die verlossing en die Nuwe Testament op die individuele omvang daarvan. Die eenvoudige formulering van Paulus "in Christus" verbind die twee aspekte. Die gelowige staan in 'n persoonlike verhouding met die opgestane Christus en is ook deel van die liggaam van Christus, die kerk.

### 2.3.3.5.4 Die noodsaaklike vereistes van die verlossing

Verlossing van sondes kan nooit verkry word op grond van menslike optrede nie (Rom. 3:20; Ef. 2:8-9; Tit. 3:5). Die menslike optrede is te alle tye omvat deur die optrede van God. Daar word in die Bybel groot klem gelê op die menslike veranwoordelikheid: "werk julle eie heil (τὴν ἑαυτῶν σωτηρίαν) uit met vrees en bewing" (Fil. 2:12). Saam met hierdie opdrag kom die versekering van die allesomvattende inwerking van God: "want dit is God wat in julle werk" (Fil. 2:13).

### 2.3.3.5.5 Die inhoud van die heil

Die **heil** "is het grote heilshandelen van God, waarvan heel de Schrift vol is" (Quist, 1989:10). Daarom kan daar nie oor die bybelse heil gespreek word op anonieme, vryblywende, verwisselbare, simboliese of mitologiese wyse nie. Jy kan dit alleen op 'n konkrete en presiese manier doen: die heil kom van God en het betrekking op God (Lochman, 1979:18).

Daar is twee kante:

a. die *redding* van die komende toorn en oordeel van God (Rom. 5:9; 1 Kor. 5:5; 1 Tess. 5:9).
b. die *heerlikheid*, as die gelowige gelykvormig gemaak word aan die beeld van die Seun (Rom. 8:29; Fil. 3:20).

Die vraag is waarin die heil bestaan. Dit word uitgedruk in die woorde soos redding, behoudenis, regverdiging, versoening. Dit is woorde wat die nuwe verhouding omskryf waarin God in Christus die mens tot Hom gestel het. Op grond daarvan is daar die aanneming tot kinders, erfgenaam wees van God, mede-erfgenaam van Christus (Rom. 8:17; Ef. 1:18). Quist (1989:10) vestig die aandag daarop dat die heil ook lewe omvat. Dit sien op die nuwe lewe wat elkeen wat saam met Christus gesterf en opgestaan het ontvang (Rom. 6:4; 2 Kor. 5:17).

Die heil het alles te doen met regverdiging (Rom. 10:10; Rom. 5:9-10). Die heilseëninge word alleen in die weg van die amptelike verkondiging deel van die gelowige (Velema, 1996:148). Wat ontvang die gelowiges? Efesiërs 1:13[7] verduidelik dit soos volg: *"Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël."* Efesiërs 2:5-7[8] sê voorts: *"Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het."* In Handelinge bestaan die heil, met name in die vergewing van sondes (3:19; 5:31; 2:47; 2:38).

Die heil bestaan dus in:

- Die redding, regverdiging, vergewing van sondes en die heerlikheid wat daarop volg. Dit is al daar maar kom ook nog in sy volle openbaring.
- Die prediking/verkondiging is by uitstek die middel waardeur Christus die heil uitdeel.
- Die Heilige Skrif moet genoem word "die door de Geeste in staat zijn om zalig te maken. Het geloof in Jezus is daarbij wezenlijk" (Velema, 1996:148).

Heil is die redding wat voortvloei uit 'n versoende verhouding met God en die lewe binne hierdie versoende verhouding met God in en deur Jesus Christus. Die heil wat toege-eien word is dus alles wat die gelowige in Jesus Christus toegesê is. Die heil wat Jesus Christus gebring het en waaraan die mens deel kan hê deur toe-eiening, bied aan die mens 'n volledige lewe in hierdie verdeelde wêreld. Heil is ook lewensvernuwing, die ontplooiing van die ware menslikheid in die volheid van God (Kol. 2:9). Dit is die heil vir siel en liggaam, vir individu en maatskappy, en vir die sugtende natuur (Rom.8:19; Lochman, 1979:23).

In 2 Korintiërs 5:11-12 skryf Paulus ten opsigte van die heil wat die gelowige homself toe-eien:

- Vers 15 – Christus sterf vir almal.
- Vers 17 – Die oue het verbygegaan en die nuwe het gekom.
- Vers 19 – Christus het die wêreld met Homself versoen.
- Vers 19 – Die heilshistoriese gebeure.
- Vers 20 – Die heilsordelike toe-eiening.

[7] Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.
[8] Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.

Die heil waaroor dit gaan is die groot heilshandele van God. 2 Petrus 1:3-11 is die locus classicus ten opsigte van heilstoe-eiening. Breed (1994:109) toon aan dat die perikoop 2 Petrus 1:3-11 in drie gedagte-eenhede uiteenval:

a. Gedagte-eenheid 1 (1:3-4) – Die **historiese gedeelte** van die apostel Petrus se leer.
b. Gedagte-eenheid 2 (1:5-10) – Die **aanmoedigingsgedeelte** van die apostel Petrus se leer.
c. Gedagte-eenheid 3 (1:11) - Die **eskatologiese gedeelte** van die apostel Petrus se leer.

Vir die saak van heilstoe-eiening is in hierdie Skrifgedeelte twee sake van belang:

a. Vers 3 - Dit wat God geskenk het.
b. Vers 8 - Dit wat God geskenk het moet in besit geneem word.

Vers 3-4 bevat die "moeilike" sinsbou van 'n genitivus absolutus wat die plek van die hoofsin inneem (Breed, 1994:109): "*Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk* (δεδωρημένης) *wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle kdie verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.*" Grammatikaal is die onderwerp van die partisipiumhandeling dieselfde as die naamwoord waarmee die partisipium in naamval, geslag en getal kongrueer. Die partisipium, δεδωρημένης (gen., enkv., vr.), "het geskenk" in vers 3 kongrueer met die naamwoord δυνάμεως (gen., enkv.) "krag", nader aangedui as τῆς Θεΐας δυνάμεως, "sy goddelike krag". Sintakties word die handeling van die sin dus deur die genitiewe deelwoord δεδωρημένης (het gegee, het geskenk) beheers en die subjek van die handeling is τῆς θεΐας δυνάμεως αὐτοῦ (die goddelike krag van Hom). Letterlik: "sy goddelike krag het geskenk." Die persoon wat optree, die een wat "skenk" is ingesluit in die subjektiewe genitief deur middel van αὐτου wat terugwys na vers 2. Αὐτοῦ verwys na Jesus Christus (Breed, 1994:112). Die subjek van 1:3-4 is Jesus Christus. Vers 3 sluit in hierdie verband aan by vers 1 en 2. In vers 1 toon Petrus aan dat hy 'n dienaar (δοῦλος) en 'n apostel (ἀπόστολος) van Jesus Christus is. Die ἡμῖν (met ons) in vers 1 verwys na Petrus en die ander apostels. In die brief van Petrus ontvang die lesers 'n boodskap van Jesus Christus self. Deur Jesus Christus het hulle ook 'n kosbare geloof ontvang. Jesus Christus is ook die subjek van vers 2.

- Vers 2a God het in Christus opgetree en dit het heerlike gevolge.
- Vers 2b Jy moet groei in die besef en belewing van hierdie gevolge van God se optrede.
- Vers 2c Jy kan groei deur in jou verhouding met God te groei.

As Petrus skryf: "Sy Goddelike krag het ons alles (πάντα) geskenk," moet vasgestel word wat die ***alles*** (πάντα) is. In vers 1 lees ons: *"Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het."* Petrus meld dat hy en die lesers van die brief 'n stel aanvaarde geloofswaarhede ontvang het; geloofswaarhede in hulle "volheid" (πάντα). Jesus Christus het nie 'n deel van die geloofswaarhede teruggehou nie. Hy het ***alles*** (πάντα) gegee wat nodig is om die doel wat gestel is te bereik. Die geloof (πίστιν) wat hulle ontvang het, het 'n besondere lewenswyse volgens God se wil. Die ὡς waarmee Petrus vers 3 begin dui daarop dat Petrus in vers 3 die πίστιν van vers 1 weer hervat.

## 2.3.3.5.6 Die doel waarvoor die heilswaarhede gegee is

Dit is vervolgens belangrik om duidelikheid te kry oor waarom Jesus Christus die πάντα gegee het, en oor wat die doel daarvan is. Om die doel aan te toon begin Petrus met die voorsetsel πρὸς, gevolg deur twee akkusatiewe, ζωὴν καὶ εὐσέβειαν. Hierdie twee woorde dui die doel aan waarom *alles* (πάντα) aan die apostels gegee is. Die geloofswaarhede wat die lesers ontvang het lei tot 'n besondere leefwyse – 'n leefwyse wat volgens God se wil ingerig is. Hierdie leefwyse word deur Jesus Christus van die gelowige geëis. Petrus beklemtoon dat die Een wat 'n lewe volgens God se wil eis ook die Een is wat verlos het van die slawebande van die sonde.

Die woord εὐσέβειαν ("godsvrug"[9]) dui op 'n gedragswyse wat die korrekte geloof en houding uitstraal ("om te lewe en Hom te dien"[10]). Dit is opmerklik hoe die skrywer *goddelike krag* en *menslike verantwoordelikheid* met mekaar in verhouding bring. Goddelike krag is aan die apostels gegee, maar dit wat gegee is, moet daartoe dien dat volgens God se wil gelewe word. Petrus maak dit dus duidelik dat Jesus Christus met sy goddelike krag in 'n besondere vennootskapsverhouding met die dissipels te staan gekom het. Die gawe wat Hy deur sy goddelike krag aan hulle gegee het, word vir hulle 'n opdrag om volgens God se wil te lewe (Breed, 1994:115). Dié oorgang blyk duidelik in vers 4 waar die skrywer vanaf die eerste persoon "ons" (ἡμῖν) oorgaan na die tweede persoon "julle" (γένησθε). Petrus toon aan wat aan die apostels "gegee" is en watter gevolge dit vir die lesers inhou. Vir dié studie is van belang die "gawe" en die "eis". Wat ontvang is, en wat gevra word. Hoe word dit wat God ***gee*** 'n werklikheid in die lewe van die gelowige. Heilstoe-eiening is die proses waardeur die objektiewe heil in Christus (gegee) subjektief deel van die gelowige gemaak word (opdrag). Die ***gawe*** wat Hy deur sy goddelike krag aan hulle gegee het, word vir hulle 'n ***opdrag*** om volgens God se wil te lewe.

---

9 1953 Afrkaanse Bybelvertaling.
10 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.

Daar is 'n parallel tussen wat Petrus in 1:3-4a aangaande die apostels sê en dit wat hy in 1:4b aangaande die lesers sê.

| | |
|---|---|
| ▪ 2 Petrus 1:3-4a | - Die gawe aan die apostels (heilsindikatief). |
| Vers 3a | - Lewe en godsvrug. |
| Vers 3b | - Geroepenes van Christus. |
| Vers 4a | - Beloftes vir die toekoms. |

| | |
|---|---|
| ▪ 2 Petrus 1:4b-11 | - Die gawes aan die lesers (heilsparaklese) |
| Vers 4b | - Verbondsvennote van God. |
| Vers 5-10 | - Godvrugtige lewe. |
| Vers 11 | - Beloftes vir die toekoms (heilsbelofte). |

- Die ***heilsindikatief*** bestaan uit "sy goddelike krag" en die "heerlikheid" daarvan. Dit word as die indikatief beskou omdat hier van die "skenking" gepraat word.
- Die ***heilsparaklese*** is geloofgroei. Dit behels die toevoeging van 'n Christelike lewensstyl by die geloof.
- Die ***heilsbelofte*** behels die ingang in die koninkryk van God en die ewige lewe in Jesus Christus.

Daar kan ook gewys word na 2 Korintiërs 5:18-20, waar Paulus skrywe dat die *prediking* as bedieningsvorm in die heilsfeit gewortel is, naamlik, dat God Hom met onsself versoen (vers 18a en 19a). Die plek van die prediker is dié van 'n gesant om Christus wil, nie om die mens wil nie, maar om Christus wil. Die prediker is die mond waardeur God mense vermaan (vs. 20b). Daarom is dit 'n basiese vereiste vir die *preek* dat dit heilstoe-eiening moet bewerk.

### 2.3.3.5.7 Die sentrum van die heil

Die sentrum van die heil is geleë in die Naam, Persoon en Geskiedenis van Jesus Christus (Lochman, 1979:25). In die gebeure met Christus het die volheid van die tyd gekom: "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur" (Gal. 4:4). Niemand kan 'n ander fondament lê vir die heil as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus." (1 Kor. 3:11);

"Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie." (Hand. 4:12.)

#### 2.3.3.5.8 Samevatting

Die **heil** is die grote heilshandele van God, waarvan die Skrif vol is. In wese is verlossing die daad of die toestand van verlossing van die kwaad. Die wese van die Ou Testament en die Nuwe Testament is die aankondiging dat God verlossing skenk. Verlossing van sondes kan nooit verkry word op grond van menslike optrede nie. Heil is die redding, wat voortvloei uit 'n versoende verhouding met God en die lewe binne hierdie versoende verhouding met God in en deur Jesus Christus. Die heil wat toege-eien word is dus alles wat die gelowige in Jesus Christus toegesê is.

## 2.4 Sekerheid

### 2.4.1 Doelstelling

Om aan te toon op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening, is dit nodig om die begrip ***sekerheid*** in die Skrif na te gaan en vas te stel wat die betekenis daarvan is. Om die doelstelling te bereik moet die onderskeid en ooreenkoms tussen **geloofsekerheid** (certitudo fidei) en **heilsekerheid** (certitudo salutis) vasgestel word (Frank, 1886:1; Bavinck, 1903:93; Stone, 1967:69; Van Genderen, 1991:109). Daar is in hierdie hoofstuk reeds aandag geskenk aan die betekenis en inhoud van *geloof* en *heil* soos wat die begrippe in die Bybel gebruik word. Vervolgens is dit nodig om die Bybelse betekenis en gebruik van die woord *sekerheid* na te gaan.

### 2.2.3 Die Ou Testament

Die begrip wat onder die loep kom is בטח – om seker te voel. Die betekenis van בטח sal uit die gebruik van die woord in die Ou Testament afgelei moet word want (a) dit kan nie in enige ander van die Semitiese tale opgespoor word nie; en (b) in Arabies het *bataha* 'n totaal ander betekenis naamlik, "to knock down, throw down" om plat te slaan, neer te gooi.

#### 2.4.2.1 Die studie van Köhler soos weergegee deur Jepsen (1975, 2:88)

L. Köhler het 'n poging aangewend om die oorspronklike betekenis van בטח vas te stel. Hy vergelyk אֲבַטִּחִים *(abhattichem)*, "waterlemoene" met die Arabiese בָּטַח wat, beteken "a mare which is so pregnant that the offspring can be felt. It is easy to see what the fully pregnant mare and watermelons have in common. Both are plump, taut." Köhler is dus van mening dat dieselfde woordstam, בָּטַח, tot beide begrippe aanleiding gegee het en dat die wortelbetekenis van בטח is: "to be plump, taut" = "to be firm, tight." Hy maak die gevolgtrekking dat בטח beteken: "to be swelling, growing, to become round." Met Jepsen (1975, 2:88) word saamgestem dat die verklaring van Köhler ten opsigte van die betekenis van בטח nie aanvaarbaar is nie. Selfs al word in gedagte gehou dat Köhler verklaar dat "to be firm" die oorspronklike betekenis is van dié woorde wat vertaal word met "to trust, be confident, rely on". Taalkundig gaan die argument van Köhler nie op nie. Indien die navorser die Hebreeuse אֲבַטִּחִים en die Arabiese *batah* terugvind in dieselfde wortel sal dit onderskei moet word van בטח "to feel secure". In die Hebreeus is gelykluidende woordstamme nie iets vreemds nie.

## 2.4.2.2 Verskillende afleidings

Verskillende woorde is afgelei van die wortel בטח. Eerstens die werkwoord בָּטַח wat gewoonlik in die kal en hoogsuitsonderlik in die hif'il voorkom. Tweedens die naamwoord בֶּטַח in die segolaatvorm, [11] wat gewoonlik in die bywoordelike sin gebruik word. Derdens 'n ander naamwoord מִבְטָח, wat gebruik word met die *mem*-voorvoegsel. Vierdens kan 'n paar geïsoleerde vorme genoem word (tussen hakies word die betekenis van die woord weergegee (a) volgens "A Literal Translation of the Bible" soos gebruik in "The Interlinear Bible", en (b) volgens die 1953 Afrikaanse vertaling). Die begrippe is: בִּטְחָה (Jes. 30:15 – "trust", vertroue), בִּטָּחוֹן (Jes. 36:4 – "trust", vertroue; Pred. 9:4 – "hope", hoop) en בַּטֻּחוֹת (Job 12:6 – "at ease", sekerheid). Jepsen (1983, 2:89) skryf dat בטח allereers die betekenis het van "to feel secure, be unconcerned". Indien daar na die rede vir die sekerheid gevra word dan is dit "to rely on something or someone." Die woord בטח is by uitstek die begrip waardeur aangetoon word dat die mens volledige sekerheid in God het.

## 2.4.2.3 Die betekenis van בטח

Die afgeleide woorde van die wortel בטח het die betekenis van *om seker te voel.* Sekerheid is 'n konsep wat van sentrale teologiese belang is. "It expresses that which is or at least should be central in people's relation with God (Moberly, 1997, 1:644). Dit kan ook die rede gee vir die sekerheid, *om*

[11] Die segolata is naamwoorde wat in die laaste lettergreep 'n s$^{e}$gôl as kenmerkende vokaal het.

*iemand of iets te vertrou.* Dikwels het die algemene betekenis van die woord 'n negatiewe lading. Die ding waarop jy steun of vertrou blyk misleidend te wees, sodat die woord wat van die wortel בטח afgelei is ook gebruik word om die idee van volledige sekerheid in God uit te druk. "This ambivalence is significant in understanding the use of the root **tbh**" (Jepsen, 1975, 2:88). Dit is ook in hierdie sin gesien deur die vertalers van die Septuaginta. Hulle vertaal בטח met πεποιθέναι afgelei van πείθω "to trust in, believe in, put confidence in" (The Analytical Greek Lexicon, s.a.:314; Abbott-Smith, 1956:353). Wanneer בטח in 'n sin gebruik word wat wil uitdruk dat die mens op God vertrou, word die meer algemene term ἐλπίζω, "om te hoop", gebruik.

Die vertaling van enkele verse van Psalm 115 is in hierdie opsig van belang. In vers 8 word בֹּטֵחַ vertaal met πεποιθότες. Maar die בְּטַח van vers 9, בִּטְחוּ van vers 10 en בִּטְחוּ van vers 11 is vertaal met ἐλπίζειν. Die volgende verse kan ook met mekaar vergelyk word: Psalm 49:7, הַבֹּטְחִים is vertaal met πεποιθότες; Psalm 135:18, בֹּטֵחַ is ook vertaal met πεποιθότες; Psalm 146:3, תִּבְטְחוּ is vertaal met πεποίθατε. Waar בטח in Jesaja en Jeremia gebruik word om na valse sekerheid te verwys is πεποιθέναι gebruik (Jepsen, 1975:89).

### 2.4.2.4 Die gebruik van בטח in verhouding met God

God se volk kon weet dat hulle in alles op God kon vertrou. Hierdie sekerheid spreek uit 'n verskeidenheid van teksverse waar die gelowige geprys word wat in alles God vertrou. Jeremia 17:7 – "Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is." Jeremia 17:7 staan in 'n skerpe kontras met vers 5 waarin die mens vervloek word wat op mense vertrou: "Vervloek is die man wat op die mens vertrou." Die herhaalde vermaning "vertrou die Here" moet egter verstaan word in die lig van die wysheidslitteratuur (Spr. 3:5; Ps. 37: 3 & 5; Spr. 22:19) "Thus in distress and darkness also, one is to seek security and support in God." (Jepsen, 1975, 2:92.) Hierdie vermaning is nadruklik in Jesaja 30:15 gestel as die profeet vir Juda wil wys waar hulle krag werklik lê: "In terugkeer en rus lê julle heil, in stil-wees en vertroue bestaan julle krag; maar julle wou nie." In Jesaja 7:9 verbind die profeet die huis van Dawid met "geloof". Hy verbind die voortgaande bestaan van Juda, die terugkeer van die res uit Juda na Jerusalem, met die innerlik sekuriteit wat in Yahweh verborge is en wat aan die volk krag en sterkte bied.

In 'n verskeidenheid teksverse kom dié belydenis voor: "Ek vertrou op U, in barmhartigheid en genade" (o.a. Pss. 13:6; 25:2; 26:1; 28:7; 31:7; 52:10). Al hierdie teksgedeeltes word saamgebind deur 'n eenvoudige band, naamlik dat daar in die tyd van nood, wat dit ookal mag wees, geen manier is om dit te ontglip as net om skuiling by God te vind nie, Hom te vertrou en sekerheid in Hom te

hê. "This gives these confessions their peculiar strength; inner power of the worshipper rests on this certainty" (Jepsen, 1975, 2:93). In vergelyking met die **belofte** aan die *boteach* (die een wat vertrou), en met die **vermaning** om te vertrou en die **belydenis** van vertroue, is die eenvoudige verklaring van iemand dat hy op God vertrou skaars. Van Hiskia word gesê (2 Kon. 18:5): "Hy het op die HERE, die God van Israel vertrou .... " Hier kan ook te berde gebring word 1 Kronieke 5:20; Jesaja 37:10; Jeremia 39:18: "It is quite difficult as well to find objective statements in the Old Testament concerning present trust in Yahweh. It is easier to find statements concerning present lack of trust." (Sef. 3:2, Ps. 78:22; Jepsen, 1975, 2:93.)

Die gevoel van sekerheid in God is 'n steun en hulp vir die mens in die lewe.

- As Israel veilig woon is dit die gevolg van Goddelike beskerming (1 Sam. 12:11; 1 Kon. 5:5; Ps. 78:50).
- Die frase "sal veilig lê en rus" word in die besonder gevind in goddelike beloftes (Jes. 14:30; Hos. 2:20; Deut. 12:10; Jer. 23:6; Sag. 14:11).
- Hierdie sekerheid is deel van die mens se vertroue op God (Ps. 4:9; Ps.16:9; Job 24:23).
- Dit is die resultate van 'n regverdige lewe wat vir God aanneemlik is (Spr. 1:33; Spr. 3:23; Spr. 10:9; Job 11:18). "Thus there is an intimate connection between 'seeking security in God' and 'security' in external and internal life." (Jepsen, 1975, 2:93.)

### 2.4.3 Die Nuwe Testament

Die begrippe wat in die Nuwe Testament aan die orde kom is ἀσφάλεια, ἀσφαλής, ἀσφαλίζω, ἀσφαλως. Louw en Nida (1988b:668) verdeel die begrippe in drie semantiese velde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. | Semantiese veld 18 | - | Attachment. |
| b. | Semantiese veld 21 | - | Danger, risk, safe, save. |
| c. | Semantiese veld 31 | - | Hold a view, believe, trust. |

Die indeling van Louw en Nida ontgin al die betekenis moontlikhede van die begrippe:

- Dit beteken om iets vas te maak dat dit veilig is. Die tronkbewaarder het Paulus en Silas se voete in die blok *vasgemaak* – ἠσφαλίσατο.
- Paulus skryf aan die Tessalonisense (I 5:3) dat daar mense is wat praat van vrede en *veiligheid* – ἀσφάλεια.

- Dit wat Paulus vir die Filippense skrywe (3:1) gee aan hulle groot *sekerheid* – ἀσφαλές. Die tronkbewaarder kry die opdrag om Paulus en Silas *sorgvuldig/veilig* te bewaak – ἀσφαλῶς.
- Die soldate moes die graf van Jesus *verseker* – ἀσφαλισθῆναι.
- Lukas skryf sy evangelie sodat die lesers met volle *sekerheid* (ἀσφάλειαν) kan weet die dinge waaromtrent hulle onderrig is.
- Petrus sê aan die einde van die "pinksterpreek" dat die hele huis van Israel *sekerlik* (ἀσφαλῶς) weet dat God Jesus Here en Christus gemaak het.

Schneider (1990, 1:175) onderskei tussen die letterlike en die figuurlike betekenis van ἀσφαλές.

- Onder die **letterlike betekenis** verstaan hy dit wat in Hebreërs 6:19 geskrywe is, dat die Bybelse hoop beteken om met algehele *sekerheid* (ἀσφαλῆ) te weet dat God wat Hy beloof het waar sal maak.
- In die letterlike sin vind ons die betekenis van ἀσφάλεια ook in Markus 14:44, waar Judas Iskariot vir die mense wat Jesus wil vang sê dat dit die een is wat hy sal soen – "gryp Hom en neem Hom met *sekerheid* (ἀσφαλῶς) weg."
- Die letterlike betekenis van ἀσφάλεια spreek kenmerkend in Matteus 27:64-66. Die owerpriesters en die Fariseërs versoek Pilatus om die graf van Christus te *verseker* (ἀσφαλισθῆναι). Hulle vra Pilatus om die bevel te gee dat die graf tot die derde dag *verseker* (ἀσφαλίσασθε) sal word. Pilatus verskaf aan hulle 'n wag en sê: "gaan *verseker* (ἀσφαλίσασθε) dit soos julle dit verstaan."
- Die figuurlike betekenis van ἀσφάλεια verwys na objektiewe waarheid.
- Vanweë die skare se geskreeu kon die owerste oor duisend geen *sekerheid* (ἀσφαλὲς) kry in verband met Paulus se situasie nie (Hand. 21:34).
- Paulus wil met *sekerheid* (ἀσφαλές) weet waarvan die Jode hom beskuldig (Hand. 22:30).
- Festus tree vir Paulus in die bresse voor koning Agrippa en noem dat hy niks *sekers* (ἀσφαλές) oor hom kon skrywe nie.

## 2.5 Toe-eien

### 2.5.1 Doelstelling

Om aan te toon op watter wyse die kategese as 'n middel dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening, is dit nodig om die begrip ***toe-eien*** in die Skrif na te gaan en vas te stel wat die betekenis daarvan is. Daar is in hierdie hoofstuk reeds aandag geskenk aan die betekenis en inhoud van *geloof, heil* en *sekerheid* soos wat die begrippe in die Bybel gebruik word.

Vervolgens is dit nodig om die Bybelse betekenis en gebruik van die woord *toe-eien* na te gaan. Om die betekenis van *toe-eien* Bybels te kan vasstel, word 'n ander benadering gevolg as by die begrippe *geloof, heil* en *sekerheid*. Die begrip toe-eien kom nie in dié vorm in die Bybel voor nie. Daarmee word nie bedoel dat die saak van toe-eiening nie in die Bybel voorkom nie. Om daartoe in staat te wees om die Bybelse begrip vir *toe-eien* te kan ontleed word eers gekyk watter begrippe op kerklike vlak gebruik word om die saak van toe-eiening uit te druk, waarna die Bybelse gegewens ontleed sal word. As 'n wegspring word gekyk na watter begrippe in die belydenisskrifte vir die saak gebruik word.

### 2.5.2 Die Heidelbergse Kategismus

#### 2.5.2.1 Antwoord 20

In antwoord 20 word beklemtoon dat nie alle mense wat in Adam verlore gegaan het deur Christus gered word nie. Wie word gered? Dié mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade **aanneem.**

- ***Aanneem** is die begrip wat hier gebruik word om die eie aktiwiteit van die gelowige uit te druk.*

#### 2.5.2.2 Antwoord 30

In antwoord 30 word gestel dat slegs dié mense wat die Verlosser met 'n ware geloof **aanneem** en alles in Hom het wat vir hulle saligheid nodig is.

- ***Aanneem** is die begrip wat hier na vore kom waardeur die aktiwiteit van die gelowige uitgedruk word.*

#### 2.5.2.3 Antwoord 60

Antwoord 60 is die belydenis dat die mens slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus voor God regverdig is. Die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus word aan die gelowige *geskenk*. God reken dit die uitverkorene toe asof hy nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof hy self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir hom volbring het. Die vraag is verder hoe hierdie weldade van Christus vir die gelowige 'n werklikheid word. Die antwoord is kort

en bondig: aan hierdie weldaad het die gelowige deel vir sover hy dit met 'n gelowige hart **aanneem**.

- *Die verantwoordelikheid van die mens word uitgedruk in die begrip **aanneem**.*

#### 2.5.2.4 Antwoord 61

As die kategismusleermeester vra waarom die gelowige slegs deur die geloof geregverdig is, word bely dat die mens op homself nie op grond van die waarde van sy geloof vir God aanneemlik is nie. Slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus is die gelowige se geregtigheid voor God. Die gelowige kan daarin nie deel as hy dit nie deur die geloof **aanneem** en sy **eie maak** nie.

- *Die belangrike begrippe wat hier uitstaan is **aanneem** en **eie maak** wat dui op die aktiwiteit van die gelowige.*

#### 2.5.2.5 Antwoord 84

Aan die gelowiges word verkondig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof **aanneem**.

- ***Aanneem** is die begrip wat hier gebruik word om die aktiwiteit van die gelowige uit te druk.*

#### 2.5.2.6 Samevatting ten opsigte van die Heidelbergse Kategismus

In die Heidelbergse Kategismus word die aksie van toe-eiening uitgedruk in die woorde **aanneem** en **eie maak**.

### 2.5.3 Nederlandse Geloofsbelydenis

#### 2.5.3.1 Artikel 22

In artikel 22 word die regverdiging deur die geloof bely. Die versoening wat Christus bewerk het is voldoende en hoef deur niks aangevul te word nie. God het in Christus volledige versoening bewerk

met sy kruisdood. Hoe word die kruisweldade van Christus vir die gelowige 'n werklikheid? Guido de Bres formuleer dit vanuit die Skrif dat die mens deur die geloof Christus **omhels** met al sy verdienstes. Dit **maak** Hom ons **eie**.

- *Die optrede van die gelowige word uitgedruk in die begrip **aanneem, omhels, eie maak.***

#### 2.5.3.2 Artikel 29

In artikel 29 word nie alleen net eie kenmerke van die ware kerk gegee nie maar ook die kenmerke van die Christene. Die eerste kenmerk waaraan Christene uitgeken word is "hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus **aangeneem** het".

- *Die geloofsaktiwiteit van die Christen word uitgedruk in die begrip **aangeneem**.*

#### 2.5.3.3 Artikel 35

Om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges in Christus besit, in stand te hou is Christus gestuur as die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. "Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik **toege-eien** en ontvang word."

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens word uitgedruk in die begrip **toege-eien.***

#### 2.5.3.4 Samevatting ten opsigte van die Nederlandse Geloofsbelydenis

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word die geloofsaktiwiteit uitgedruk in die woorde **aanneem, eie maak, omhels** en **toe-eiening.**

### 2.5.4 Dordtse Leerreëls

#### 2.5.4.1 Hoofstuk 1, artikel 4

Op die mense wat die evangelie nie glo nie bly God se toorn: "Hulle wat die evangelie egter **aanneem** en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof **omhels**, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe."

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens word uitgedruk in die begrippe **aanneem** en **omhels**.*

### 2.5.4.2 Hoofstuk 1, artikel 13

Die oordeel van God kom oor elkeen "wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself **toe-eien**."

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens trek saam in die begrip **toe-eien**.*

### 2.5.4.3 Hoofstuk 2, artikel 3 – verwerping van die dwaling

Die Sinode van Dordtrecht, 1618/1619, verwerp die dwaling van hulle wat leer: "Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; ook nie die geloof waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadig tot saligheid **toe-eien** word nie." (Dit gaan in die studie nie om die dwaling nie maar om die positiewe stelling dat God se kinders hulle die voldoening van Christus deur die geloof tot saligheid **toe-eien**.)

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens word nie uitgedruk in die begrip verwerwing nie maar deur die begrip **toe-eiening**.*

### 2.5.4.4 Hoofstuk 2, artikel 4 – verwerping van die dwaling

Die Sinode van Dordtrecht, 1618/1619, verwerp die dwaling van hulle wat leer: "God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus **aanneem**, voor God regverdig en salig gemaak word nie."

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens word uitgedruk met die woord **aanneem**.*

### 2.5.4.5 Hoofstuk 2, artikel 6 – verwerping van die dwaling

Die Dordtse Sinode (1518/1519) het ook die dwaling verwerp van hulle wat die onderskeid tussen *verwerwing* en **toe-eiening** misbruik om by die onversigtiges en onervarenes die denkbeeld in te prent: dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Die positiewe stelling hier is dat daar onderskeid is tussen *verwerwing* en **toe-eiening**.

- *Die geloofsaktiwiteit van die mens word nie uitgedruk in die begrip verwerwing nie maar in die begrip* ***toe-eiening****.*

### 2.5.4.6 Samevatting ten opsigte van die Dordtse Leerreëls

In die Dordtse Leerreëls word die aksie waardeur die voldoening van Christus in die lewe van die gelowige 'n werklikheid word uitgedruk deur die begrippe **aanneem, omhels** en **toe-eiening**.

### 2.5.5 Samevatting ten opsigte van die belydenisskrifte

In die drie besondere belydenisskifte word die menslike aktiwiteit ten opsigte van deelwording aan die verlossing uitgedruk in die begrippe **aanneem, eie maak,** **omhels** en **toe-eien**. Daar is reeds genoem dat die begrip **toe-eiening** nie in die Bybel voorkom nie. Daar sal verder vasgestel moet word of die begrippe **aanneem, eie maak** en **omhels** in die Bybel voorkom en wat die betekenis daarvan is.

### 2.5.7 Skriftuurlike ondersoek

### 2.5.7.1 Ou Testament

Daar is drie begrippe in die Ou Testament wat die aksie van toe-eiening uitdruk:

a. לָקַח = neem, vat, gryp
b. אָחַז = gryp
c. תָּפַשׂ = gryp

#### 2.5.7.1.1 לָקַח

Die wortel לקח is 'n algemeen gebruikte woord in die outestamentiese Hebreeus en word oor die algemeen ook in die ander Semitiese tale gevind (H. Seebass, 1997:15) לָקַח se wortelbetekenis is "neem", "vat", "gryp". Die uitermate baie gebruik van לָקַח as werkwoord, om 'n daaropvolgende werkwoord wat die eintlike aksie beskryf te beklemtoon ("almost as a verbum relativum"), suggereer dat die primêre klem op die *verantwoordelikheid* van die subjek lê ten opsigte van die aksie. Dit verwys dus na die inisiatief van 'n persoon se aksies, sy optrede. Die werkwoord לָקַח kom 939 keer in die Ou Testament voor in die kal. Die nif'al verskyn 10 keer, 15 keer in die pual en 2 keer in die hitpael.

Seebass (1997:17) toon aan dat לָקַח in die kal die betekenis het van "take, seize, grab, take for oneself, take away". Hy voeg by dat לקח ook beteken "to a more militant sense of, appropriate [12] for oneself," and finally "get fetch." Vir die studie is dit van belang dat na לָקַח verwys word as "appropriate for oneself" wat wesenlik beteken om vir jouself toe te eien, vir jouself te neem. Els (1997:812) wys op die volgende betekenisse van לָקַח "in terms of its semantic content":

a. take, take in hand, grasp.
b. to take and carry along (with/unto oneself).
c. to take from (followed by the accusative of things or persons).
d. to take away as to deprive of, follow.

In hierdie opsig kom die verklaring van Els (1997:812) ooreen met die verklaring van Seebass (1997:17) dat לָקַח onder andere die betekenis het van "appropiate", toe-eien. [13]

### 2.5.7.1.2 אָחַז

Die wortel אחז is algemeen bekend in die Semitiese tale met die kernbetekenis daarvan as "gryp". In die kal word אָחַז 58 keer in die Ou Testament gebruik, die nif'al 7 keer, die piel en hofal 1 elk. Wat die grootste aantal betref moet die woord vertaal word met "gryp" ("to grasp, layhold on, seize, hold fast) (Schmid, 1997:81). Die objek word aangedui met בְּ of die akkusatief. (Voorbeelde is: Gen. 25:25: Gen. 22:13; Eks. 4:4; Rigt. 15:3; Job 17:9 – figuurlik). Schmid (1997:82) vestig verder die aandag daarop dat אָחַז nie 'n omskrewe teologiese betekenis het nie.

[12] ***Appropriate*** *i.e. to take to one's self;* ***appropriation*** *i.e. the act of assigning to one's self volgens* Webster's comprehensive reference Dictionary and Encyclopedia (1954).

[13] Vergelyk voetnoot 12.

### 2.5.7.1.3 תָּפַשׂ

Koehler en Baumgartner (1999:1779) dui die betekenis van תָּפַשׂ aan as "to seize, take possession of." Jesaja 49:15 – "jy wat die top van die heuwel ***in besit hou***" (תֹּפְשִׂי). Dit beteken "to lay hold of, seize". Die volgende moet ook in gedagte gehou word:

a. תָּפַשׂ met בְּ van die ding:
"En ek het die twee tafels ***gegryp***" - וָאֶתְפֹּשׂ (Deuteronomium 9:17)

b. תָּפַשׂ met בְּ van die persoon:
"As 'n man sy broer ***aangryp***" - יִתְפֹּשׂ (Jesaja 3:5)

c. תָּפַשׂ met die akkusatief van die persoon:
"het die priesters en die profete en die hele volk hom ***gegryp*** - וַיִּתְפְּשׂוּ
(Jeremia 25:8)

d. תָּפַשׂ gevolg deur חַי - "maar hulle het die koning van Ai lewendig *gevang*" - תָּפְשׂוּ חָי (Josua 8:23)

e. תָּפַשׂ met die akkusatief van die persoon en בְּ van die ding:
"Toe ***gryp*** sy hom aan sy kleed" - וַתִּתְפְּשֵׂהוּ (Genesis 39:12)

f. תָּפַשׂ in metaforiese sin:
"sodat Ek die huis van Israel in hulle hart kan ***gryp***" - תְּפֹשׂ בְּלִבָּם
(Esegiël 14:5).

g. Die nif'al kom in die volgende voorbeelde voor:
   - Om te vang ("to be caught")
     - Mense – Jeremia 34:3
     - Diere – Esegiël 19:4 & 8
   - Gevang word ("to be trapped, seize")
     - Jeremia 38:23
     - Esegiël 21:28
     - Psalm 10:2
   - Betrap vrou in ontug – Numeri 5:13.
   - Om te oorwin – Jeremia 50:45 en Jeremia 51:41.

h. Die piël imperfektum
"to grasp a lizard in the hand" – Spreuke 30:28.

- תָּפַשׂ *het in al sy verskillende vorme die betekenis van gryp, neem, vang, iets gryp en jou eie maak.*

## 2.5.7.2 Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is daar twee begrippe wat die aksie van toe-eiening weergee:

1. λαμβάνω
2. δέχομαι

Louw en Nida (1988$^b$:453) plaas die begrippe bymekaar in dieselfde semantiese veld 34 ("association") en in die subdomeine D ("acknowledge") en G ("accept as true"). Subdomein D word omskryf as "to recognize or acknowledge the truth of something, normally implying something good." Subdomein G "involves not only belief but also corresponding behaviour. Acting in accordance with one's belief is not merely an implication of the belief but a crucial semantic component in the meanings in this subdomain, for 'to accept or receive something as true' implies in the New Testament context acting in accordance with such a belief."

### 2.5.7.2.1 λαμβάνω

Louw en Nida (1993b:372) dui die betekenis van λαμβάνω aan as "to come to believe something and to act in accordance with such a believe." Die kernbetekenis van λαμβάνω is om iets te ontvang, iets te aanvaar, om tot die geloof in verband met 'n sekere saak te kom en dan ooreenkomstig die geloof op te tree. Kittel (1959:5) meld dat die oorspronklike betekenis van λαμβάνω "to grasp, to seize" is. Die betekenis van die woord het egter in twee rigtings ontwikkel: 'n aktiewe rigting en 'n passiewe rigting (Arndt en Gingrich, 1957:455).

- In die **aktiewe sin** beteken λαμβάνω "to take, to take in hand, to take hold of, grasp, to bring under one's control on one's own initiative".
- In die **passiewe sin** beteken λαμβάνω om gegryp te word, om vasgehou te word, om beheer te word.

In die **aktiewe sin** moet die volgende in gedagte gehou word:

**a.** Om met die hand te neem, vas te hou, te gryp.

In hierdie opsig word daar aan verskillende voorwerpe gedink: *brood* (Matt. 25:25); *beker* (Mark. 14:22); *boek* (Op. 5:8); *lampe* (Matt. 25:1, 3); *swaard* (Matt. 25:52); *mosterdsaad* (Matt. 13:31).

Hieronder moet die "neem" ook in figuurlike sin gesien word: "Maar die sonde het aanleiding gevind – λαβοῦσα – Rom.7:8); "Neem as voorbeeld van lyding" (λάβετε - Jak. 5:10).

b. Wegneem, neem met of sonder geweld.

"En die owerpriesters het die silwerstukke geneem" (λαβόντες– Matt. 27:5). "Hy het ons krankhede op Hom geneem" (ἔλαβεν - Matt. 8:17).

c. Om iets as jou besit te neem.

"En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem" (λαβεῖν - Matt. 5:40).

d. Om "tiendes" of "betaling" te ontvang.

Vir die tema van die studie is die volgende gebruik van λαμβάνω belangrik:

a. **In besondere sin:**

- "Maar ek neem die getuienis van 'n mens nie aan nie" (τὴν μαρτυρίαν λαμβάνω – Joh. 5:34).
- "en julle neem ons getuienis nie aan nie" (τὴν μαρτυρίαν ἡμῶν οὐ λαμβάνετε – Joh. 3:11).
- "Maar almal wat Hom aangeneem het" (ὅσοι δὲ ἔλαβον αὐτόν – Joh. 1:12).
- "en julle neem My nie aan nie" (καὶ οὐ λαμβάνετε με – Joh. 5:43).
- "wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het" (ὁ λαμβάνων ἄν τινα πέμψω ἐμὲ λαμβάνει, ὁ δὲ ἐμὲ λαμβάνων λαμβάνει τὸν πέμψαντα με – Joh. 13:20).
- "Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie" (ὁ ἀθετῶν ἐμὲ καὶ μὴ λαμβάνων τὰ ῥήματά μου – Joh. 12:48).
- "Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het" (ὅτι τὰ ῥήματα ἅ ἔδωκάς μοι δέδωκα αὐτοῖς, και αὐτοι ἔλαβον, και ἔγνωσαν ἀληθῶς ὅτι παρὰ σοῦ ἐξῆλθον, καὶ ἐπίστευσαν ὅτι σύ με ἀπέστειλας – Joh.17:8).
- "Dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydskap aanneem." – οὗτός ἐστιν ὁ τὸν λόγον ἀκούων και εὐθὺς μετὰ χαρᾶς λαμβάνων αὐτόν. – Matt. 13:20.)

- "dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang" (ἄφεσιν ἁμαρτιῶν λαβεῖν διὰ τοῦ ὀνόματος αὐτοῦ πάντα τὸν πιστεύοντα εἰς αὐτόν – Hand. 10:43).
- "...deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry" (δι' οὗ ἐλάβον χάριν καὶ ἀποστολὴν εἰς ὑπακοὴν πίστεως – Rom. 1:5).

b. **In die algemeen**:

- λαμβάνω word gebruik (soos ook in die LXX) met 'n persoonlike subjek of 'n persoonlike objek, "to take oneself, to take captive". Dit gaan ook saam met 'n dubbele akkusatief.
- λαμβάνω word ook gebruik met 'n abstrakte objek "to take".
- λαμβάνω word verder ook gebruik in verband met dinge waarop die mens 'n aanspraak het, "to collect".
- Met 'n materiële objek van die noodlot of die toestand van liggaam en siel "which 'seize' a man", bv. besetenheid.
- Meer in die algemene pleonastiese, toutologiese gebruik, met dikwels die beklemtoning van die aktualiteit. λαμβάνω word in die algemeen in verhalende sin gebruik.
- In passiewe sin beteken λαμβάνω "to receive, to acquire". In religieuse sin dui die negatiewe op die goddelike selfbestuur: God kan niks ontvang nie want alles behoort aan Hom.

### 2.5.7.2.2 δέχομαι

### 2.5.7.2.2.1 δέχομαι buite die Nuwe Testament

a. δέχομαι het die betekenis van "to receive" of "to accept". Die objekte wat ontvang word kan wissel van geskenke, briewe, geld ens. In die profetiese litteratuur van die Ou Testament word *neem* en *aanneem* ook gerig op 'n sekere objek. "Mag jy My maar vrees, *tugtiging **aanneem***" (Sef. 3:7; vgl. Ook Jer. 2:30; Jer. 5:3; Jer. 7:28). Ook in buite bybelse geskrifte word δέχομαι gebruik in die sin van om 'n swaar las te aanvaar.

b. δέχομαι – "to receive" word in die Nuwe Testament gebruik om te verwys na gasvryheid waarin iemand ontvang word (Luk. 9:53; Joh. 4:45; Gal. 4:14; 2 Kor. 7:15).

c. δέχομαι "to receive, hear or understand the words of someone" (Jer. 9:20; Matt. 11:14). In die Ou Testament word δέχομαι in sy betekenis gevind in לָקַח (Spr. 10:8 "Hy wat wys van hart

is, *neem* die gebooie *aan*"). In Deuteronomium 30:1 (*"ter harte neem"*) en Jesaja 57:1 (*"ter harte neem"*). Hier word לקח gebruik om te verwys na heilige insig in die weë van God.

### 2.5.7.2.2.2 δέχομαι in die Nuwe Testament

In die Nuwe-Testamentiese grammatika is die subjek altyd 'n persoon of 'n woord wat na persone verwys bv. "Samaria" verwysende na die inwoners van Samaria (Hand.8:14) en "elke plek" (Mark. 5:11) (Petzke, 1990:292). Op dieselfde bladsy toon Petzke aan dat die grammatiese objekte van δέχομαι verdeel kan word in drie groepe, naamlik objekte, persone, feite. As voorbeelde van die neem en ontvang van 'n objek kan hier dien die neem van 'n *skuldbewys.* In die Nuwe Testament word δέχομαι twee maal in besondere verband genoem.

a. Toe Christus die dissipels uitgestuur het sê Hy in Matteus 10:40-41: "Wie julle ontvang (δεχόμενος), ontvang (δέχεται) My; en wie My ontvang (δεχόμενος), ontvang (δέχεται) Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang (δεχόμενος) omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang (λήμψεται); en wie 'n regverdige ontvang (δεχόμενος) omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang (λήμψεται)."

b. In hierdie opsig kan daar ook verwys word na die ontvangs van die evangelie in Handelinge (8:14 - δέδεκται; 11:1 – ἐδέξαντο; 17:11 – ἐδέξαντο; Jak. 1:21 – δέξασθε; 1 Tess. 1:5 – δεξάμενοι; 1 Tess. 2:13 – παραλαβόντες). In plaas van die Evangelie, die Woord van God, is daar ook melding van die βασιλεία τοῦ Θεοῦ wat ontvang moes word.

## 2.6 Samevatting van 2.5.7

Vir die aktiwiteit hoe die verlossing wat Jesus Christus aan die kruis verwerf het, deel word van die gelowige word verskillende begrippe gebruik. In die belydenisskrifte word die aktiwiteit benoem as aanneem, eie maak, toe-eien, omhels. Die begrip toe-eien kom nie as sodanig in die Woord van God voor nie, maar wel die begrippe aanneem, eie maak en omhels wat die betekenis van toe-eiening inherent dra. 'n Studie van die begrippe in die Bybel het die volgende betekenisse na vore gebring:

- לקח gee gestalte aan die aktiwiteit van met jou hand gryp, om iets te neem en saam met jou te dra, "to appropriate for oneself" wat die aanduiding is van jouself iets toe-eien.

- אָחַז word, wat die grootste aantal betref, vertaal met *gryp*. Dit kan ook beteken om besit te neem van iets. Per geleentheid is dit ook vertaal om iemand of iets te vang.
- תָּפַשׂ word vertaal met gryp en ook om iets in besit te neem.
- λαμβάνω se kernbetekenis is om iets met die hand te neem, om iets onder jou beheer te neem, om te vat, om te neem, om dit jou eiendom te maak.
- δέχομαι om iets te neem of te ontvang.

Die skrifgetuienis dui dus op 'n aktiwiteit waardeur die mens iets vir hom neem wat hy voorheen nie gehad het nie. Dit is om iets wat jy nie besit het nie as jou besitting te neem. Heilstoe-eiening is die subjektiewe realisering van die objektiewe heil wat God ons toesê. Toe-eiening is die proses waardeur die objektiewe heil in Christus subjektief deel gemaak word van die gelowige. In die praktyk kom dit daarop neer dat die gelowige met behulp van die heilsparaklese in die Bybel gedryf word om Christus en al sy weldade na te jaag en aan te kleef.

**2.7 Konklusies**

- In hierdie hoofstuk is basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die betekenis van vier belangrike begrippe aangebied, naamlik *geloof*, *heil*, *sekerheid* en *toe-eien*.
- *Geloof* het te doen met die mens se verhouding tot God. Geloof in die Ou Testament en die Nuwe Testament beteken geloof om vas in God te wees, aan God vas te hou. Geloof is die middel waardeur die mens met God in verhouding staan. Geloof is die band wat die mens aan God vasbind.
- Die betekenis van die woord *heil* is in die Ou Testament en die Nuwe Testament verlossing. Heil is dus die groot heilshandele van God, dit is die daad of die toestand van verlossing van die kwaad. Heil is die redding, wat voortvloei uit 'n versoende verhouding met God en die lewe binne hierdie versoende verhouding in en deur Jesus Christus.
- Die begrip *sekerheid* beteken om seker te voel en om iemand of iets te vertrou. Dit beteken op 'n dieper vlak om iets vas te maak sodat dit veilig is. Vir die doel van die studie gaan dit om die betekenis dat die mens op God vertrou dat Hy sal waar maak wat Hy beloof het.
- Die begrip *toe-eien* kom nie in dié vorm in die Bybel voor nie maar die saak van toe-eiening kom wel voor. In die belydenisskrifte word toe-eien herhaaldelik gebruik in die sin van iets jou eie maak. In die Ou Testament word die daad van toe-eiening teruggevind in begrippe wat gryp, neem, vang beteken. In die Nuwe Testament dui dit die aktiwiteit aan waardeur Jesus Christus deel word van die gelowige. Begrippe soos aanneem, eie maak, omhels gee die betekenis van toe-eien weer.

- Nadat die kernbetekenisse van geloof, heil, sekerheid en toe-eien in hierdie hoofstuk vasgestel is word daar nou in hoofstuk 3 aandag gegee aan die verbond en koninkryk van God.

# HOOFSTUK 3

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING TEN OPSIGTE VAN DIE VERHOUDING TUSSEN KATEGESE, DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD

HOOFSTUK 3

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING TEN OPSIGTE VAN DIE VERHOUDING TUSSEN KATEGESE, DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD.**


3.1 Probleemstelling ........ 72

A. DIE VERBOND ........ 72

3.2 Motivering en inleiding ........ 72
3.2.1 Motivering ........ 72
3.2.2 Inleiding ........ 73
3.3 Die verbond en die koninkryk in die formuliere vir die doop, die belydenisaflegging en die nagmaal ........ 74
3.3.1 Die doopsformulier ........ 74
3.3.2 Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof ........ 75
3.3.3 Die nagmaalsformulier ........ 75
3.3.4 Samevatting ........ 76
3.4 Die verbond: 'n Ondersoek in die Ou Testament ........ 76
3.5 God rig die verbond op ........ 78
3.5.1 יְהוָה - tetragrammaton ........ 78
3.5.2 Die verbinding van יְהוָה en אֱלֹהִים ........ 84
3.5.3 Definisie van die verbond ........ 85
3.6 Die verbond: 'n Ondersoek in die Nuwe Testament ........ 86
3.7 Die Middelaar van die verbond ........ 88
3.8 Die vervulling van die verbond in Christus ........ 89
3.9 Verbond en vrederaad ........ 91
3.10 Verbond en uitverkiesing ........ 92
3.10.1 God is die bron van die uitverkiesing ........ 92
3.10.2 Die uitverkiesing is trinitaries ........ 92
3.10.3 Die drie dimensies van die verkiesing ........ 92
3.10.4 Die verbond en die verkiesing val nie saam nie ........ 94
3.10.5 Die verbond en die verkiesing staan nie los van mekaar nie ........ 94
3.10.6 Die uitwerking word sigbaar in die verbond ........ 95
3.11 Verbond en wedergeboorte ........ 96
3.12 Verbond en doop ........ 96
3.13 Verbond en geloof ........ 96
3.14 Verbond en heilstoe-eiening ........ 99
3.15 Konsekwensies vir die kategese ........ 99
3.15.1 Die gedoopte is 'n bondeling ........ 99
3.15.2 Met wie is die genadeverbond opgerig? ........ 100
3.15.3 Eie standpunt ........ 102
3.16 Verantwoordelikheid tot heilstoe-eiening ........ 103

HOOFSTUK 3

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING TEN OPSIGTE VAN DIE VERHOUDING TUSSEN KATEGESE, DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

## 3.1 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat in hierdie studie ondersoek word is die vraag of en op watter wyse die kategese 'n middel is om die verbondskinders tot heilsekerheid en heilstoe-eiening te lei. Die leeruitkoms van die kategese kom dus onder die soeklig. Prinsipieel is kategese *onderrigtende verkondiging* en *verkondigende onderrigleer* (Van der Merwe, 1999:44). Daar moet vasgestel word op watter wyse, indien wel, die kategese deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die verbondskinders bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. As wetenskaplik besin word oor die leeruitkoms van die kategese moet dit geskied binne die konteks van die verbond en die koninkryk van God (Van Wyk, 1989:86). Omdat die verbond sy neerslag vind in die doop en die leeruitkoms van die kategese sigbaar word in die koninkryk van God, moet oor die kategese gehandel word in die konteks van die verbond en die koninkryk van God.

In hoofstuk 3 is die doel nie om die dogma van die verbond en die koninkryk volledig uiteen te sit nie. Die ondersoek rig hom op dié fasette van die verbond en die koninkryk wat van toepassing is in die lig van die sentrale probleemstelling.

A. DIE VERBOND

## 3.2 Motivering en inleiding

### 3.2.1 Motivering

Wanneer ons in die kategese besig is met heilstoe-eiening speel verskillende faktore 'n rol (Verboom, 1989:73). Die belangrikste daarvan is die teologiese faktor. Wat die katkisante betref het heilstoe-eiening te doen met 'n breëre geloofsopvatting en geloofsbelewing: "Zo hang de visie op de heilstoëeigening bijvoorbeeld samen met de plaats die het verbond en de verkiezing in de

geloofsbeleving innemen." (Verboom, 1989:73.) Hierdie gesigspunt is belangrik want in die dogmatiek behandel Heppe, byvoorbeeld, die heilstoe-eiening los van die hoofstuk waarin die genadeverbond behandel word. By Heppe is dit dus eers die heilstoe-eiening en daarna die genadeverbond. Dit is logies nie moontlik nie. Bavinck behandel egter eers die genadeverbond en daarna die heilsorde want die verbond vorm die grondslag vir die heilsorde. Gelowiges moet weet dat die beloftes van die Evangelie vir hulle geld kragtens die genadeverbond en dat hulle daarop moet antwoord met die daad van heilstoe-eiening. Heilstoe-eiening is ingebed in die kader van die verbond, waaroor in die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 74 sê, dat die dooplidmate "net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is". Aan die kinders word ook deur die bloed van Christus die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof.

### 3.2.2 Inleiding

Wanneer God werk, verhoudinge aangaan en dit onderhou, doen Hy dit altyd binne 'n vaste raamwerk, onder bestendige aanwysings, dit is binne verbonde (Brienen, 1993:12). Ook wanneer God sy ontferming aan mense bewys doen Hy dit in die gestalte van die genadeverbond. Wanneer daar geskryf word oor die leeruitkoms van die kategese gaan dit om verskeie sake. Meer as enigiets anders kom die leer van die verbond te sprake. Dit word in die doopsformulier beklemtoon: "As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem." 'n Ewige verbond dui op 'n verbond wat vas en onverbreekbaar is omdat God monopleuries die verbond opgerig het. Wat die inhoud van die verbond betref, kan vermeld word dat dit daaroor gaan dat die Here God in vrye genade vir Hom 'n volk uitverkies het met wie Hy in gemeenskap wil lewe en van wie Hy verwag dat hulle dieselfde teenoor Hom sal doen (Van Wyk, 2003:4). God belowe en Hy eis; Hy vra (gehoorsaamheid) maar Hy skenk ook (genade). Hy sal vir sy volk 'n God wees, maar hulle moet ook vir Hom 'n volk wees – waarskynlik die mees voorkomende uitdrukkig in die hele Skrif tot in die laaste Bybelboek (Op. 21:3).

Deur die behandeling van die verbond word bepaal wie die voorwerpe vir kategetiese onderrigleer is en in die behandeling van die koninkryk word daar gelet op die leeruitkoms van die kategese wat prakties in die koninkryk van God sigbaar moet word. Hiermee is die grense van hoofstuk 3 getrek. Die kategetiese aktiwiteit in die kerk het te doen met die dooplidmate tussen hulle doop en die aflegging van geloofsbelydenis waardeur hulle toegang tot die nagmaal verkry (Kerkorde, artikel

61). Die geloofsbelydenis is onlosmaaklik met die doop en die nagmaal verbind (Van Wyk, 1989:86).

## 3.3 Die verbond en die koninkryk in die formuliere vir die doop, die belydenisaflegging en die nagmaal

Vooraf word nagegaan op watter wyse die verbond en die koninkryk van God figureer in die formuliere van die doop, die belydenisaflegging en die nagmaal.[14] In hierdie verkenning word nie ingegaan op die betekenis van die verbond en die koninkryk van God nie, want dit kom later in die hoofstuk aan die orde.

In die *doopsformulier*, die *formulier vir die aflegging van belydenis van geloof en* die *nagmaalsformulier* kom die saak van die *verbond* en *koninkryk* kenmerkend na vore. Die oorsigtelike behandeling daarvan dien as motivering vir die formulering van hierdie studie, nl. *Heilsekerheid en heilstoe-eiening*[15] *as leeruitkoms vir die kategese binne die konteks van die verbond en die koninkryk.*

### 3.3.1 Die doopsformulier

Die saak van die verbond kom 4 keer en die Koninkryk van God 2 keer in die doopsformulier voor.

a. Die doopsformulier open met die stelling dat die mens as sondaar nie in die ***"ryk van God"*** kan kom nie anders as deur die wedergeboorte nie. Hierdie waarheid word deur die doop as verbondsteken "geleer" (Matt. 19:28; Tit. 3:5; 1 Pet. 1:3).

b. As die kindjie in die Naam van God die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader dat Hy 'n ewige ***genadeverbond*** met die gelowiges oprig (vgl. ook die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34; Heidelbergse Kategismus, Vraag 74; Dordtse Leerreëls, 1.17; 2.2, 4, 5, 8; 5.1).

---

[14] Met van Wyk (1989:86) word saamgestem dat die formulier vir die aflegging van geloofsbelydenis kronologies tussen die doopformulier en die nagmaalformulier tuishoort in die liedboek van die berymde Psalms en Skrifberymings in gebruik in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit was in die verlede nie die geval nie, maar in die Psalmboek van 2001 is die saak reggestel.

[15] Dit kan ook genoem word "verbondsinwilliging" (De Klerk, 1964:128). In die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof word geformuleer "*aanvaarding van die verbond*".

c. Die doop is 'n seël en ontwyfelbare getuienis dat ons 'n ewige ***verbond*** met God het.

d. Die kinders moet as erfgename van die ***ryk van God*** en van die ***verbond*** gedoop word.

e. Die doop is 'n instelling van God om aan die ouers en kinders sy ***verbond*** te verseël.

### 3.3.2 Die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof

In die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kom die saak van die verbond 5 keer aan die orde. [16]

a. Die formulier open met die sin: "God het in Jesus Christus, ons Here, die ***verbond van genade*** met ons en ons kinders opgerig."

b. Dan word vervolg: "As kinders en erfgename het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie ***verbond*** maar word ons ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die ***verbond*** geroep."

c. In die formulier staan verder: "Daarom moet verbondskinders wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik in die midde van die gemeente bely asook hulle voorneme om deur die krag van die Heilige Gees die ***verbondsgemeenskap*** met God te onderhou."

d. Die formulier word afgesluit met: "Waar u hier openlik u geloof bely en God se ***verbonds-beloftes*** wat in u doop verseël is, aanvaar het, wek ons u op om hierin te volhard."

### 3.3.3 Die nagmaalsformulier

Die saak van die verbond kom 4 keer en die koninkryk van God 1 keer in die nagmaalsformulier voor.

a. Christus sê die beker is die ***nuwe testament*** (dit is die verbond van genade en versoening) in sy bloed.

b. Die mense wat nie in ware geloof die nagmaal gebruik nie het geen deel aan die ***ryk van Christus*** nie.

c. Christus het aan die einde met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige ***testament***, die ***verbond van genade en versoening*** bevestig toe Hy gesê het: "Dit is volbring."

d. Dat die gelowiges kan glo dat hulle tot hierdie ***genadeverbond*** behoort het Christus die nagmaal ingestel (1 Kor. 11:23-25).

---

[16] By 'n eventuele herformulering van die formulier vir die aflegging van belydenis van geloof behoort die saak van die *koninkryk van God* meer eksplisiet genoem te word om in lyn te kom met die doop- en nagmaalsformulier.

e. Daar word tydens die nagmaal gebid: "Laat ons só waarlik deel hê aan die nuwe en ewige ***testament*** en ***verbond van die genade***."

Die doop en die nagmaal is tekens en seëls van die ***verbond*** en die ***koninkryk***. Die doopbevel in Matteus 28:19 staan binne die konteks van die gesagvolle heerskappy (koninkryk!) van Jesus Christus aan wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is. Die doop moet plaasvind *in* die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat beteken dat die dopeling geplaas word onder die verkiesende, verlossende en vernuwende heerskappy van die drie-enige God. Ten opsigte van die nagmaal word die motiewe van die verbond en die koninkryk, volgens Matteus 26:26-29, ten nouste met mekaar verbind: *"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament (waardeur die verbond beseël[17]) word wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader."* (Vgl. ook Mark. 14:24-25; Luk. 22:16-20.)

### 3.3.4 Samevatting

Die saak van die verbond en die koninkryk is vir die kategese so aktueel dat 'n bespreking ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese nie kan geskied sonder die behandeling van die verbond en die Koninkryk van God nie. Die formuliere vir die doop, die belydenisaflegging en die nagmaal bevestig die noue verband tussen kategese, verbond en die Koninkryk van God.

Daar word vervolgens basisteoreties aandag gegee aan die inhoud van die verbond en die koninkryk.

## 3.4 Die verbond: 'n Ondersoek in die Ou Testament

### 3.4.1 Die betekenis van die term בְּרִית

Oor die betekenis van die Hebreeuse woord בְּרִית, wat meestal met verbond vertaal word, bestaan geen eenstemmigheid nie. Dit is omdat die etimologie van בְּרִית onseker is (De Vuyst, 1964:14; Botterweck en Ringgren, 1975:253; Cachet, 1977:5 & 77; Van Rooy, 1983:13; Dumbrell, 1984:15;

[17] Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.

Gerber, 1988:78). Botterweck en Ringgren (1975:253-255) wys op vier moontlike verklarings vir die etimologie van בְּרִית.

### 3.4.1.1 Die eerste moontlikheid vir die verstaan van בְּרִית

As naamwoord is בְּרִית afgelei van ברה "om te eet" (2 Sam. 3:35; 2 Sam. 12:17; Ps. 69:22). ברה is egter nie die normale werkwoord vir eet nie. Dit word eerder verbind met "herstel", "beterskap" of "genesing". Die etimologie van בְּרִית op hierdie grond is twyfelagtig.

### 3.4.1.2 Die tweede moontlikheid vir die verstaan van בְּרִית

'n Tweede moontlikheid is dat בְּרִית afkomstig is van die Akkadies *birit* met die betekenis van "tussen". Die preposisie *birit* ("tussen") kan moeilik as die grondvorm van die nomen בְּרִית verklaar word (Cachet, 1977:6).

### 3.4.1.3 Die derde moontlikheid vir die verstaan van בְּרִית

'n Derde moontlikheid is dat בְּרִית afgelei is van *brh*, "om te kyk vir" of "om te kies". Dié verklaring is ook onaanvaarbaar omdat die ontwikkelingsgeskiedenis van die woord hier meer kunsmatig as voor die handliggend is (Cachet, 1977:6).

### 3.4.1.4 Die vierde moontlikheid vir die verstaan van בְּרִית

Die vierde moontlikheid is dat בְּרִית afkomstig is van die Akkadiese ***birîtu***, met die betekenis van "vasmaak, vashaak, toeknip, omhels, omklem, bind, boei". In hierdie verklaring sit daar meer meriete en dit moet in gedagte gehou word.

### 3.4.1.5 Die vyfde moontlikheid vir die verstaan van בְּרִית

Nog 'n moontlike betekenis is dié van Cachet (1977:7), naamlik die gedagte van 'n tussenruimte wat geboue of gebiede saamsnoer is in oordragtelike sin gebruik vir 'n band of ketting wat mense aanmekaar boei. In Esegiël 20:37 is daar sprake van *"band van die verbond"* (בְּמָסֹרֶת הַבְּרִית), waardeur die gedagte van 'n band tussen mense versterk word. Botterweck en Ringgren (1975:255)

beskou hierdie verklaring as "the most plausible solution" en Cachet (1977:7) kom tot die slotsom "dat die Akkadiese *biritu* (m) as grondvorm van die Hebreeuse בְּרִית wel die voorkeur geniet".

### 3.4.1.6 Semantiese veld van בְּרִית

Ten spyte van al die onsekerheid teken die Ou Testament die verhouding van die HERE en Israel nie as 'n kontrak van 'n ondernemer wat medewerkers aantrek en die wedersydse regte en pligte vaslê nie, maar as 'n verdrag van 'n edelmoedige grootvors met 'n vasal (Wentsel, 1982[2]:105). Die verbond dra die karakter van 'n genadige soewereine wilsbeskikking waarin die verkorenes vrywillig opgeneem word. Dit is duidelik dat בְּרִית dui op 'n verhouding of verhoudinge. בְּרִית het 'n wye semantiese veld wat meermale nie in gedagte gehou word nie (Van Rooy, 1983:13). Van Rooy wys daarop dat navorsing deur Weinfeld en Kutsch aangetoon het dat בְּרִית nie, soos deurgaans verstaan word, op 'n verhouding tussen verskillende partye (soos God en sy volk) dui nie. Veral Kutsch het bevind dat בְּרִית net dui op een of ander verpligting. So sal in wat as die verbond met Abraham bekend staan die begrip בְּרִית kan dui op God se selfverpligting teenoor Abraham, sonder dat dit dui op die verhouding tussen hulle. Die verbond by Sinai is die verpligting wat God op sy volk gelê het. Die verhoudingsfeer word daardeur uit die oog verloor. Van Rooy (1983:13) bevind dat die semantiese veld van בְּרִית wyer is as net 'n verpligting, om die elemente van seën en vloek en die besondere verhouding, spesifiek tussen God en sy volk, in te sluit.

## 3.5 God rig die verbond op

*God* is die Oprigter van die verbond. Dit spreek duidelik uit die wyse waarop dit in die Woord van God bekendgemaak word. In Genesis 2 waar God die verbond met Adam en Eva opgerig het, word deurentyd aangetoon dat dit die **"Here God"** is wat aan die woord is – יְהוָה אֱלֹהִים (Gen. 2:8, 9, 15, 16, 18, 21). Dit is God se Verbondsnaam. Vir die kern van die studie is dit nodig om in te gaan op die Verbondsnaam van God – יְהוָה – waarmee Hy Homself aan die verbondsmense bekendstel, want dit gee inhoud en betekenis aan die verbond.

### 3.5.1 יְהוָה - tetragrammaton

#### 3.5.1.1 אֱלֹהִים אֲדֹנָי שַׁדַּי en יְהוָה

In die Ou Testament maak God verskillende Name van Homself bekend o.a.: אֱלֹהִים - God; אֲדֹנָי - Here; שַׁדַּי – die Almagtige. Van al die Name van God is יְהוָה veral die Naam van God wat binne die

verbond gebruik is. Vir die kategese is dit belangrik. In die Naam אֲדֹנָי (Here) sit die gedagte dat God die Eienaar, die Besitter is van alle dinge. In die Nuwe Testament is die Naam **Κυριος** die Naam waarmee Jesus benoem word – **ons Here**, Jesus Christus. In Sondag 13, vraag 34 van die Heidelbergse Kategismus word die inhoud van hierdie Naam verklaar: Ons noem Jesus Christus **ons Here** "omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie, maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het". As God Homself bekendmaak gebruik Hy sy Verbondsnaam, יְהוָה en God verklaar dit ook nader.

### 3.5.1.2 God maak Homself bekend as יְהוָה

Die Verbondsnaam van God, יְהוָה kom vroeg al in die Bybel voor. In Genesis 1:1-2:3 maak God Homself bekend as אֱלֹהִים maar in Genesis 2:5-4:26 word יְהוָה as Openbaringsnaam gebruik. Met die roeping van Moses kom יְהוָה prominent na vore (Kuhn, 1977:761; Mathews, 1996:192). Volgens Eksodus 6:1-2 was die Naam יְהוָה op daardie stadium vir Israel 'n nuwe Naam: "Ek is die HERE (יְהוָה)! En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige (שַׁדַּי), maar met my Naam, die HERE (יְהוָה) het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie." Maar van daardie oomblik af is יְהוָה die Naam waarmee die volk van die Here Hom moet aanroep. In Eksodus 3:15 sê God verder: "Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag."

### 3.5.1.3 Verklaring van יְהוָה in Eksodus 3:14

God laat die verklaring van sy Naam nie aan mense oor nie, want daartoe is die gevalle mens in sy sonde nie in staat nie. In Eksodus 3:14 kom God Self om sy Naam te verklaar: "Ek is wat Ek is." (אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה.) Dit is God se verbondsnaam. יְהוָה moet verstaan word vanuit Eksodus 3:14: "JHWH is the proper name for Israel's God." (Houtman, 1993:94). Die Jode het nie die Goddelike Naam in sy oorspronklike vorm uitgespreek nie. Die Masorete het vokale by die konsonante gevoeg soos afgelei van אֲדֹנָי of אֱלֹהִים of שְׁמָא (Houtman, 1993:94.) Die gangbare teorie is dat die *tetragrammaton* (יְהוָה) oorspronklik uitgespreek is as "Yahweh". Die etimologie van יְהוָה is wêreldwyd in dispuut. Tans word aanvaar dat יְהוָה afgelei is van הוה / הוי (= Hebr. היה) "be". Aan die Naam is betekenis gegee in verhouding met Israel. God gee inhoud daaraan in Eksodus 3:14 - אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה ("Ek is wat Ek is"). Dit is belangrik om te weet dat God sy Naam verklaar in verhouding met die verbondsmense. Daarom is יְהוָה bekend as God se Verbondsnaam.

In die LXX is Eksodus 3:14 vertaal as 'Εγώ εἰμι ὁ ὤν (Houtman, 1993:94). Theodosius het אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה vertaal: ἔσομαι ὃς ἔσομαι = "Ek sal wees wie Ek sal wees". In die Vulgata is dit vertaal as ego sum qui sum = "Ek is wie Ek is". Houtman (1993:95) toon aan dat die frase in Eksodus 3:14 אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה 'n sogenaamde "idem per idem" konstruksie is. "The verb of the main clause is repeated in the relative clause by אֲשֶׁר". Die werkwoord van die hoofsin (אֶהְיֶה) word dus deur אֲשֶׁר in die betreklike sin (אֶהְיֶה) herhaal. Die werkwoord van die betreklike sin (אֶהְיֶה) het ten volle betrekking op die werkwoord van die hoofsin (אֶהְיֶה). "Ek is" (hoofsin) wat "Ek is" (betreklike sin). Die "idem per idem" konstruksie kom ook elders in die Ou Testament voor (Eks. 4:13; Eks. 16:23; Eks. 33:19; 1 Sam. 23:13; 2 Sam. 15:20; 2 Kon. 8:1). Die "idem per idem" konstruksie word gebruik om 'n ongedefinieërde woord (יְהוָה) te definieer. Houtman (1993:95) formuleer dit so: "This seems to us what is the case in 3:14 where the indefinite modifies the subject: 'I am whosoever I am' or 'What does it matter who I am'." Die bekendmaking van sy Naam is God se antwoord op die vraag van Moses: "Hoe is sy Naam?" (Eks. 3:13). God se antwoord wys hulle daarop dat Hy só groot en onvergelykbaar is dat Hy nie in 'n aantal letters of in een woord, of 'n enkel term uitgedruk kan word nie. God wys daarop dat 'n mens nie oor of van Hom kan praat in die sin van "Hoe is sy Naam?" nie. Nadat God Moses hierop gewys het gee Hy toe 'n antwoord: "Ek is wat Ek is" (אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה); of net "Ek is" (אֶהְיֶה). "He cannot report any names but he may provide material concerning the character of his superior." (Houtman, 1993:96.) Moses mag dus vir die volk sê יְהוָה het my gestuur. God het vir Moses die versekering gegee dat Hy יְהוָה is in verhouding met hom (Eks. 3:12 – "Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien").

### 3.5.1.4 Die inhoudsbetekenis van יְהוָה

In die Bybelse tyd het die name van mense betekenis gehad. Dit is juis waarna Moses hier vra. Hy vra nie na die Eienaam van God nie maar na Sy karakter en hoedanighede. Moses wil weet wat God vir hom en die Israeliete is. Hy vra dus nie **wie** God is nie maar **watter** soort God Hy vir Israel is. Moses vra wat die God van die vaders nou gaan **doen.** Hy vra **wie** God in sy dade is. Dit sluit baie nou aan by die rede waarom God sy Woord, die Bybel, gegee het. God se doel is:

a. Om Homself aan die mens bekend te maak. Om te sê **Wie Hy is.**
b. Om sy dade aan die mens bekend te maak. Om te sê **wat Hy doen.**
c. Om sy wil aan die mens bekend te maak. Om te sê **wat Hy wil.**

Daarom doen Moses navraag. Moses en die volk het God immers geken as die God van die vaders. Hulle ken Hom as die een wat die ryke beloftes aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het. Israel is alreeds vir vier eeue in Egipte (Gen. 15:13; Eks. 12:40-41). Van geslag tot geslag is die Naam van God sedert die optrede van Josef en sy broers (Gen. 37-47) oorgedra. Israel ken God op daardie stadium net in Naam. In hulle toestand van toenemende slawerny ken hulle God nog nie as Verlosser en Redder nie. Hulle het God aangeroep as 'n "God-sonder-dade." Maar nou kom daar 'n verandering. "Hulle geroep om hulp het tot God (אֱלֹהִים) opgegaan. God (אֱלֹהִים) het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink. Hy (אֱלֹהִים) het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem." (Eksodus 2:23b-25.) God sê aan Moses dat Hy die ellende van sy volk gesien het en hulle noodkrete gehoor het. Hy wil hulle van die mag van Egipte bevry en hulle laat trek na die land van die belofte (Eks. 3:7-8). Daarop vra Moses na God se Naam om presies te kan sê wie is die God van hulle vaders in sy **dade**, 'n vraag wat op die vakwetenskaplike vlak van die kategese ook van belang is. Met Wie het ons in God te doen? Eerstens het ons te doen met God van die belofte. 'n Volgende vraag is, is God van die belofte net 'n God van woorde? Omdat die God van die vaders, Abraham, Isak en Jakob, gehoor het wat die inhoud van Moses se vraag is, het Hy geantwoord: אֶהְיֶה אֲשֶׁר אֶהְיֶה ***"'Ek is' het my na julle toe gestuur."*** (Eks. 3:14b.)

God maak sy nuwe Naam aan Moses en die volk bekend. Wat is die openbaring in die Naam יְהוָה? Dit is duidelik dat God nie nodig gehad het om deur hierdie Naam vir die volk te bewys dat Hy bestaan nie. Inderwaarheid is dit nooit vir God nodig om dit te bewys nie. ***"Ek is"*** beteken dus nie, ***"Ek bestaan"*** nie. As daar na die inhoud van die Naam gevra word noem Francke (s.a.:48) drie moontlikhede:

a. Die een standpunt is dat jy daar moet lees: "Ek sal trou bly aan myself", wat dui op God se getrouheid.
b. 'n Ander standpunt is dat jy daarin moet lees dat God sê "Ek sal dieselfde wees", wat dui op God se onveranderlikheid.
c. 'n Derde moontlikheid is dat jy daarin lees dat God daar sal wees, wat dui op God se aanwesigheid.

Indien die woordjie "is" op 'n westerse of wysgerige manier gelees word, kan niemand werklik iets daarvan verstaan nie (Francke, s.a.:49). Indien wel, sal ons dink dat God vir Moses en Israel iets wil sê oor sy ewige en goddelike en ondeurgrondelike **wese**. Dan kom die mens tot die gevolgtrekking dat hier *openbaring* en *verberging* tegelyk is. God sê dus iets oor Homself, maar Hy sê dit so dat dit eintlik verborge bly. Nie een van die drie standpunte bring ons nader aan die werklike verstaan van

God nie. Hulle bied geen oplossing nie. "Ek is" moet derhalwe vanuit 'n ander hoek verstaan word. Francke (s.a.:49) noem twee moontlikhede:

a. Ons moet daaraan dink dat "is" in die Bybel dikwels beteken, om werksaam te wees, aktief te wees. Die farao sê byvoorbeeld vir Josef in Genesis 41:40 "Jy moet oor my huis wees" – תִּהְיֶה עַל־בֵּיתִי Dit beteken nie dat Josef passief daar sal rond sit en niks doen nie. Van Josef word nie gevra om 'n passiewe toesighoudende posisie in te neem nie. Inteendeel, dit gaan van Josef die hoogste aktiwiteit vra.

b. Daar kan ook gekyk word na Spreuke 22:26. "Wees nie onder die wat handslag gee" אַל־תְּהִי Dit beteken nie dat jy nooit in hierdie mense se geselskap mag wees nie, maar dat jy nie aan hulle aktiwiteite sal deelneem nie. Jy sal nie met hulle meedoen nie. Jy sal nie aktief aan hulle dade meedoen nie.

Die vasstelling van dié feit het besondere invloed in die verstaan van God se Verbondsnaam: "Ek is". God se verbondsnaam "Ek is" (אֶהְיֶה) beteken dus: Ek is werksaam of Ek sal werksaam wees. God beklemtoon sy aktiwiteite, sy optrede, dit wat Hy doen. Dít moet Moses vir die volk onderstreep. Daarom sê God vir Moses (Eks. 3:15-17) : "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het My na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag. Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle aangedoen word in Egipte. Ek het besluit om julle te laat wegtrek uit die ellende van Egipte na die land wat oorloop van melk en heuning'." God beklemtoon dit vir Israel dat Hy dink aan sy beloftes aan die vaders en dat Hy Israel nou na Kanaän gaan lei. As hulle in die afgelope vier eeue gedink het God is net 'n Naam sonder om iets te doen, gaan die werklikheid vir hulle nou sigbaar word. God sê duidelik wat Hy **gaan doen**. God gaan hulle verlos. God gaan saam met hulle optrek in **dade**. Hy sal **werksaam, aktief** wees. God maak Hom bekend as: Ek is julle God, Ek sal nou aktief word as julle Verlosser. God sê vir hulle nie net wat Hy in sy goddelike **Wese** is nie, maar wie Hy prakties vir sy verbondsvolk gaan wees. Hy gee die volle openbaring oor sy **handelswyse**, sy **optrede** teenoor sy volk en sy kerk.

Met die Naam יְהוָה sê God vir sy volk dat Hy magtig van **daad** is, ten volle aktief in die vervulling van sy verbondsbeloftes. In die Naam יְהוָה lê die hele program van die heilsdade van God se besluite. Eers het God Hom net bekend gemaak as שַׁדַּי – die Almagtige. God die Almagtige (שַׁדַּי) is die eerste Verbondsnaam waarin God sy magtige beloftes gemaak het. Nou kom God met die tweede

verbondsnaam, יְהוָה om te sê dat die beloftes werklik vervul word. God is nie alleen die **Spreker** van die beloftes nie Hy is ook die **Vervuller** van die beloftes. Hy is nie net die God wat beloftes maak nie, Hy is God wat die beloftes verwerklik.

Die verbondsnaam (יְהוָה) spreek ook van God se heiligheid, onbereikbaarheid en onbegryplikheid (Kruger, 2000:161). Tog is die benaming "Ek is" 'n uitdrukking van God se teenwoordigheid, getrouheid en onveranderlikheid. Dit sluit aan by God se belofte in Eksodus 3:10 om by Moses te ***wees*** wanneer hy met die farao gaan praat. Wanneer God in Eksodus 3:15 'n nadere verklaring van die Naam יְהוָה gee as "die God van Abraham, Isak en Jakob" word die element van ***persoonlike verbondenheid*** binne die vernbond beklemtoon.

### 3.5.1.5 Die doel van God se Naamsaankondiging

Daar is nog een saak uit Eksodus 3:15-17 waaraan aandag geskenk moet word, naamlik wat God se **doel** is met sy Naamsaankondiging. Die antwoord is geleë in Vers 15 se laaste deel: "Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag." God sê vir die volk, in die verbond, in die kerk, dat dit so is: die een geslag gaan en die ander geslag kom. 'n Baie lang ry van geslagte van die verbond kom en gaan, van die een eeu tot volgende eeu, maar God bly vir ewig, vir al die verbondsgeslagte, יְהוָה - die HERE, die Vervuller van Sy heilsbeloftes. Die HERE bly onveranderlik aktief besig om te doen wat Hy beloof het. God het die volgende beloftes verwerklik:

a. Israel is uit Egipte verlos deur die magtige tekens en wonders.
b. God het vir Israel die krag gegee om die heidenvolke uit Kanaän te verdryf en uit te roei. (Hieraan was Israel ongehoorsaam!).
c. God het Israel in Kanaän ingelei en die land uitgedeel aan die geslagte van die verbond.
d. God het sy Seun, Jesus Christus, laat mens word uit die maagd Maria.
e. God het die sondeskuld en sondestraf op sy Seun laat neerkom aan die kruis op Golgota tot versoening van sy kerk.
f. God het sy Seun uit die graf opgewek sodat Hy aan God se uitverkore kinders die nuwe lewe in oorvloed sou gee.
g. God het sy Seun in die hemel opgeneem sodat Hy oor alle dinge sou regeer.
h. God het met Pinkster die Heilige Gees uitgestort soos wat Hy beloof het en dat die Gees in die uitverkorenes woon en werk tot die dag van Jesus Christus se wederkoms.
i. God het telkens sy kerk in groot gevaar, verdrukking en verleiding vasgehou en bewaar.

In Jesus Christus het יְהוָה oor en oor bewys dat Hy sy beloftes gestand doen. Hy is die Waarmaker, die Vervuller, die Verwerkliker van sy verbondsbeloftes. En dit is juis wat in die kategese deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien moet word. Aan die verbondskinders kan die waarheid bedien word dat die Satansmagte deur geweld (die draak) en deur verleiding (die slang) die gelowiges onder die dwaling wil bring dat God nie **doen** wat Hy **beloof** nie. Die Satan wil die gelowiges verlei met die aanklag dat God net 'n Prater is. Hy is een wat beloftes op beloftes maak. Hy is nie 'n Dader, 'n Doener nie. In Openbaring 1:8 leer ons van God: "Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." Die Een wat ***is***, die Een wat ***was*** en die Een wat ***sal kom***. Daar spreek dit duidelik: Die Een wat ***werksaam is***, wat ***werksaam was***, wat gaan kom om ***werksaam te wees*** om sy allerlaaste beloftes 'n werklikheid te maak. God se Naam יְהוָה spreek van al God se verlossingsaktiwiteite wat aan die verbondskinders bedien word deur die Gees en Woord en wat hulle hulleself moet ***toe-eien***.

#### 3.5.1.6 Samevatting

God se Verbondsnaam, wat juis in die saak van die verbond van deurslaggewende betekenis is, is ook aktueel in die tema vir hierdie studie. God se uitverkore kinders ontvang die verlossing deur die geloof alleen (Hab. 2:4; Rom. 1:17). In hierdie saak gaan dit nie om die waarheid, **dat** jy glo nie, maar **wat** jy glo. Dit gaan nie net om die kennis van God se Naam nie want dit ken die Satan en die heidene ook. Dit gaan om die kennis en vertroue en deurlewing van dit wat God in die lewe van die verbondskind doen en sy antwoord daarop.

### 3.5.2 Die verbinding van יְהוָה en אֱלֹהִים

Die verbinding van יְהוָה en אֱלֹהִים kom in die Pentateug net voor in Genesis 2:4 – 3:24 en ook in Eksodus 9:30. Dit is opmerklik dat in Genesis 3 beide die slang en Eva net van אֱלֹהִים praat. Honig (1938:179) tref die volgende onderskeid:

- אֱלֹהִים is meer in die algemeen God se Naam soos wat Hy bekend word in die ryk van die natuur.
- יְהוָה is God se Naam, soos Hy bekend word in beide die ryk van die natuur en die ryk van die genade.

Uit Eksodus 6:2[18] moet nie afgelei word dat die aartsvaders die naam יְהוָה glad nie geken het nie. Wat wel die geval is, is dat hulle nog nie die ryke inhoud daarvan besef het nie (Van der Merwe, 1965:173). Soos dit blyk uit Genesis 3 kan die Satan God slegs ken as אֱלֹהִים (Jak. 2:19). Eva, op pad om die eerste sonde te doen, het reeds in haar gedagte die Godsnaam יְהוָה gelos, en het God nog net negatief geken as die Almagtige met wie sy implisiet klaar die liefdevolle verbondsverhouding verbreek het. אֱלֹהִים is die Naam van God as die Skepper van die groot heelal. אֱלֹהִים druk God se alomteenwoordige goddelikheid uit, terwyl יְהוָה God se Naam is in verband met die verbondsverhouding tussen God en sy volk, Israel (Gen. 15:7; Eks. 3:14-15): "Its combination with Elohim achieves an overlapping of these theological emphasis. Yahweh, the Lord of his people, is in fact, the all-wise and powerful Elohim-Creator." (Kuhn, 1977:762.)

### 3.5.3 Definisie van die verbond

Grudem (1994:515) formuleer die volgende definisie vir die verbond: "A covenant is an unchangeable, divinely imposed legal agreement between God and man that stipulates the conditions of their relationship." An (2001:59) definieer die verbond aan die hand van G.C. Aalders: "A covenant is an agreement, established between two parties, whereby a bond is made between the parties and whereby they, standing on equal basis, mutually undertake certain commitments." Dan vervolg An (2001:60): "A covenant between God and man is a conditional promise, sealed by blood sovereignly administered by God (Gen. 17:9-11), with blessings for those who obey the conditions of the covenant and curses for those who disobey its conditions (Ex. 19:5-6). The covenant is God's plan and pledge for accomplishing the redemption of sinning man." Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 4 van die verwerping van die dwaling, bied ook 'n omskrywing van die verbond wat as definisie kan dien, alhoewel dit in die deel van die verwerpinge staan. Wanneer die negatiewe egter daaruit weggeneem word, is dit 'n positiewe omskrywing van die genadeverbond. Die verwysing hier is na die eerste deel van die vierde verwerping van die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2: "Dat die nuwe verbond van die genade wat God die Vader, deur die tussenkoms van die dood van Christus, met die mense gemaak het, nie daarin bestaan dat ons deur die geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word." Van't Spijker (1991[b]:384) wys daarop dat hierdie formulering onder die oë van die Dordtse vaders gegroei het. Die Sinode verwerp die dwaling wat sê: "God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie". Dan

[18] "En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God (אֱלֹהִים), die Almagtige,(שַׁדַּי), maar met My Naam HERE (יְהוָה) het Ek my nie aan hulle bekend gemaak nie."

word die verbond na sy inhoud soos volg geformuleer: *"Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon."* Hierdie omskrywing behels die volgende:

a. Dat die genadeverbond deur God die Vader met mense gemaak is.
b. Dat dit tot stand gekom het deur die tussenkoms van die dood van Jesus Christus op God se wyse.
c. Dat dit bestaan in die feit, dat ons deur die geloof geregverdig en salig gemaak word op grond van die soendood van Jesus Christus.
d. Dat dit 'n werklikheid is, vir sover jy die verdienste van Christus deur die geloof aanneem.

Verbond en kruis hoort bymekaar. Die kruis is die grond vir die verbond. In die verbond gaan dit om salig te word deur middel van die regverdiging. Toe-eiening van die heil geskied deur die regverdiging deur die geloof, uit genade en nie uit werke nie, dit geskied vir sover die mens die verdienste van Christus aanneem deur die geloof. J.J. van der Schuit omskryf die genadeverbond in sy Collegedictaat op p. 167 soos volg (aangehaal deur Brons, 2004[b]:238): "Dat zij is die bijzondere vorm van heilsbedeling, waarin God Zichzelf in Christus als Middelaar weg schenkt aan de zondaar en deze in de weg des verbonds het eigendom van God wordt." Belangrik in die omskrywing van van der Schuit is dat hy die verbond as 'n besondere vorm van die *heilsbedeling* van God sien. Daarmee onderskei hy die genadeverbond duidelik van die *heilsbeskikking* van God. God se heilsbeskikking is "dat God voor zondaren heil beschikt, tot heil van zondaren besloten heeft en zondaren tot dat heil beschikt en zo tot het deel ontvangen aan dat heil verkoren heefte, gaat terug tot in die ewigheid, door de Schrift aangeduid als 'voor de grondlegging der wereld'. De heilsbeschikking raakt uiteindelijk alleen de uitverkorenen, ieder persoonlijk en de gemeente gezamentlijk, als het geheel van die uitverkorenen, en zo de nieuwe mensheid vormend waarmee God, ondanks de zondeval, Zijn scheppingsdoel zal bereiken" (Brons, 2004[b]:239).

## 3.6 Die verbond: 'n Ondersoek in die Nuwe Testament

### 3.6.1 Die term διαθήκη

#### 3.6.1.1 Die gebruik van συνθήκη en διαθήκη

Die LXX het die woord בְּרִית nie met συνθήκη, *tweesydige ooreenkoms*, weergegee nie, maar met διαθήκη, wat in die Hellenistiese wêreld die betekenis van 'n eensydige wilsbeskikking het, en dan dikwels in die sin van die laaste wilsbeslissing, 'n testament. Deur die gebruik van die woord διαθήκη word die eensydige goddelike inisiatief en die verpligtende karakter van die verbond van God met Israel benadruk. Via die LXX het διαθήκη die gangbare weergawe van בְּרִית in die Nuwe Testament geword. Met enkele uitsonderinge verwys διαθήκη in die Nuwe Testament na Jeremia 31:31v. – die nuwe verbond wat van krag geword het. Dit is die aanduiding van die nuwe heilswerklikheid wat met Christus gekom het.

### 3.6.1.2 Galasiërs en Hebreërs

Twee maal het διαθήκη die betekenis van "testament", nl. in Galasiërs 3:15vv. en Hebreërs 9:16v. (Loonstra, 1990:209; Louw en Nida, 1988:572). Louw en Nida (1988[b]:446) plaas die begrip διαθήκη in die semantiese veld van domein 34, "association" (1988[b]:446) en in subdomein E, met die betekenis van "establish or confirm a relation" (1988[b]:451). "'Covenant' implies relationship, promise and expectation" (Newman, 1997:245).

#### 3.6.1.2.1 Galasiërs

In Gal. 3:15vv. vergelyk Paulus die διαθήκη van God aan Abraham met 'n διαθήκη van 'n mens wat regskrag gekry het. Hier moet bepaal word watter twee van die betekenisse van διαθήκη is gebruik.

a. διαθήκη word hier gebruik in die sin van die Hellenistiese privaatreg, dus in die gebruiklike sin van "testament"[19];

b. διαθήκη word gebruik in die sin van die Joodse regsinstelling van die *mattana bari*, die beskikking van 'n gesonde persoon.[20]

Kenmerkend vir hierdie laaste vorm is dat die voorwerp waarop die regshandeling betrekking het, onmiddellik in die besit van die begunstigde oorgaan, ook al bly die reg tot vruggebruik aan die begunstiger tot dié se dood. Die reëling is onherroeplik en die regskrag daarvan is nie afhanklik van die afsterwe van die een wat die reëling getref het nie. Hierdie laaste regsinstelling pas die beste in die verband van Galasiërs 3:15-17. ***God se testament het reeds in sy belofte aan Abraham regskrag gekry.***

---

[19] Loonstra, 1990:209 verwys na Behm Th.W.N.T. II, p.131.
[20] Loonstra, 1990:209 verwys na Mußner, Der Galaterbrief, Freiburg, 1977.

### 3.6.1.2.2 Hebreërs

In Hebreërs 9:16v. kom die eksegeet ook in die regssfeer. Hier is duidelik wel gedink aan 'n testament in Hellenistiese sin, getuig die woorde "testament" en "dat die testamentmaker dood is". Die betekenis *"testament"* word hier assosiatief en nie normatief gehanteer nie. Dit blyk uit die volgende:

a. Van die dood van die testamentmaker gaan vers 18 onmiddellik oor op die bloed van kalwers en bokke waarmee die eerste διαθήκη ingewy is. Dat die dood van die diere 'n voorafbeelding sou wees van die afsterwe van die testamentmaker is onaanneemlik.
b. Die voortsetting in vers 18 sluit aan by vers 15, waar Christus die *mediator* van die nuwe διαθήκη genoem word. Die vergelyking van Christus met 'n *testator* is dan weer losgelaat. Deur die assosiatiewe vergelyking met 'n *testator* word die noodsaak van Christus se sterwe vir die inwerkingtreding van die nuwe διαθήκη onderstreep.

### 3.7 Die Middelaar van die verbond

Die uitdrukking "Middelaar van die verbond" word op 3 plekke in die brief aan die Hebreërs gevind:

a. Hebreërs 8:6 – ἐστιν διαθήκης μεσίτης
b. Hebreërs 9:15 – διαθήκης καινῆς μεσίτης
c. Hebreërs 12:24 – και διαθήκης νέας μεσίτῃ

Die verbond is nie 'n saak van beskouing of van ware en suiwere definisie nie. Die verbond is 'n saak van lewende troos vir diegene wat "uit swakheid in sondes val, sodat hulle nie aan die genade van God twyfel of in sondes bly lê nie" (Doopsformulier). In die saak van die genadeverbond moet ons nie die aanvegtinge wegredeneer of die sondeswakheid wegdefinieer nie. In sy denke het die mens die neiging om gebrokenheid en skeeftrekkinge te probeer harmoniseer. Die verbond van God verteenwoordig een van die grootste moontlike disharmonieë (Van't Spijker, 1991[1]:376). God en sondaar word in een asem genoem. God skaam Hom nie om hulle God genoem te word nie. Só is die verbond van God. Die verbond dien om die heil wat van die Here is en ook van Hom alleen kan kom in ons lewe 'n goddelike realiteit te maak, waaruit jy mag lewe en waarmee 'n mens kan sterwe. Die verbond van die genade en van die versoening is 'n weg om die ewige heil persoonlik deelagtig te word (Van't Spijker, 1991[1]:376).

God kom na die mens met sy aanbod van genade. Hier moet egter duidelik onderskei word.

- Die *aanbod* van genade is vir alle mense.
- Maar die *belofte* van genade is nét vir die uitverkorenes.

God beloof die genade met die bevel van geloof en bekering. So word in die weg van die nuwe verbond geloof geëis en ook geloof gewerk deur die belofte. Calvyn skryf dat Christus tot ons kom "beklee met sy beloftes" (Institusie, 2.9.3). Verder: "Die ware kennis van Christus is dus as ons Hom aanneem soos Hy deur die Vader vir ons aangebied word, naamlik geklee in sy evangelie." (Institusie, 3.2.6.) Christus "beklee met sy beloftes", "geklee in sy evangelie", word ons eie, deurdat ons die belofte glo. Bediening van die woord is bediening van die versoening, bediening van die verbond wat lei tot toe-eiening van die heil deur die Heilige Gees.

## 3.8 Die vervulling van die verbond in Christus

Die skadubedeling van die Ou Testament val in Jesus Christus weg en die gelowige staan voor die volle, diepe sin en werklikheid van die genadeverbond. Die deputate vir Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wys in hulle rapport aan die 42e Nasionale Sinode (1985 Acta:492) op die plek wat Jesus Christus in die genadeverbond inneem. Al die beloftes wat God van ouds af gedoen het is deur Christus vervul en aan al die eise wat God in die verbond gestel het is voldoen. Daar is 'n nou verband tussen die dood van Christus en die genadeverbond. Dit lees ons in die Nagmaalsformulier: "dat Hy aan die einde met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige testament, die verbond van genade en versoening, bevestig het toe Hy gesê het: Dit is volbring." Op Golgota lê die regsgrond vir die nuwe verbond van die genade, wat ook die verbond van versoening genoem kan word. Golgota beteken egter nié dat alle mense in die staat van verlossing is nie; daaragter lê die werklikheid dat die genade toege-eien moet word. Dit is nie die vrug van verdienste nie. Dit berus ook nie op die volharding van die heiliges nie. Maar die genade wat ons toege-eien word, is 'n geskenk van die verbond deur die Heilige Gees. Christus is die eintlike Middelaar van die genadeverbond. Hy kom in die plek van die eerste Adam, die hoof van die menslike geslag (Rom. 5:12-21; Ef. 1:10). Die volgende moet daaronder verstaan word dat Christus aan ons geskenk is:

a. Dit is die aanbieding van Christus met al sy weldade in die belofte van die evangelie.
b. Dit gebeur deur die prediking. Deur/in die prediking word Christus aan ons voorgestel, aangebied, beloof.

c. Die aanbieding van Christus en al sy weldade geskied met 'n bevel om tot geloof en bekering te kom.

d. Christus word aan ons gegee "as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe".

e. Hy word gegee tot 'n vernuwing van die lewe wat tot stand kom, deurdat ons met Hom gevoed en gelaaf word, 'n spys en drank vir die ewigheid.

f. Die aanbieding of skenking geskied uit grondelose barmhartigheid en op geen wyse omdat die mens dit verdien nie.

g. Wat aan die skenking voorafgaan is geen berou, geen bekering, geen trane, geen droefheid, geen verbreking van die hart of verbryseling van die siel nie (Van't Spijker, 1991[1]:403). Die enigste wat die skenking voorafgaan, wat die enigste grond is vir die verlossing, is die grondelose barmhartigheid van God.

h. Waar God met sy evangelie kom daar kom Hy met sy Seun, Christus in Wie alles is wat tot die saligheid nodig is.

In die skenking van Christus sit die regsgrond vir die geloof. Ons glo op grond van die feit, dat God ons sy Seun gee. Dat Christus aan die gelowiges geskenk is blyk duidelik uit die slotgebed by die nagmaal: "Ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u eniggebore Seun aan ons as Middelaar en offer vir ons sondes en as spys en drank van die ewige lewe *geskenk* het. Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade *deelagtig word.*" Jesus is aan ons as Middelaar geskenk. In Christus, dit wil sê, in die Middelaar is aan ons alles geskenk wat ons nodig het met die oog op ons ewige saligheid. Buite Christus is daar nie geregtigheid en heiligheid nie.

In die lig van artikel 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vind ons net één verbond al praat ons van die ou en die nuwe verbond. Hulle is gelyk. Hulle het dieselfde belofte. Dit gaan in albei om dieselfde heil. Dit gaan om dieselfde Middelaar, Jesus Christus. In die bediening van die verbond is daar egter 'n verskil. In die Nuwe Testament werk die Heilige Gees ruimer, dieper, geesteliker as in die Ou Testament.

- Die Gees werk ruimer: die grense van Israel, word deurgebreek.
- Die Gees werk dieper: die Heilige Gees heilig nie alleen die strukture nie, maar ook en veral die harte.
- Die Gees werk geesteliker: die Heilige Gees gebruik nie meer soseer die seremoniële, uiterlike middele nie. Hy bedien Hom van die kragtige middel van die bediening van die Woord.

## 3.9 Verbond en vrederaad

In die saak van die verbond sal daar ook gelet moet word op die verbond van die verlossing, ook genoem die *pactum salutis.* Die leer van die pactum salutis is in die sewentiende eeu in samehang met die hele verbondsleer ontwikkel (Van Genderen en Velema, 1992:199). In die leer van die verlossingsverbond (pactum salutis) gaan dit daarom om te laat sien dat die heil van God in Jesus Christus vas is, en dat die onwankelbaarheid daarvan gefundeer is in die ewige, Drie-enige God self.

As ons in die gang van die Skrif die begin van die verbond sien by Adam en Eva, direk na die sondeval, die nuwe nuanses daarvan bemerk by Noag, of sien hoedat die verbond van Abraham af gekanaliseer word in die spore van Israel deur Juda en Dawid en hoe die verbond uitkring tot alle volke na Pinkster, staan een saak van die begin af onwrikbaar vas: *God* is die Stigter, die Oprigter van die verbond. Só is die verbond monopleuries of unilateraal (Brienen, 1993:13).

Die leer van die verbonde gaan uit van God se werk en daar kan nie volstaan word met wat die skepsel doen nie. Daarom het die Gereformeerde Teologie altyd nadruk gelê op die verbond van die verlossing, ook genoem die vrederaad van God of die pactum salutis. In die leer van die verlossingsverbond, die pactum salutis, gaan dit om die feit dat die heil van God in Jesus Christus vas is, en dat hierdie onwankelbaarheid gefundeer is in die ewige drie-enige God self (Loonstra, 1991:310). Onder die vrederaad van God word verstaan die ewige besluit en plan van God Drie-enig om die wêreld te verlos van sonde en dood en om die ewige vrederyk te bewerkstellig. Hierin sou die **Vader** dan op die gesette tyd sy Seun stuur om die wêreld te verlos deur die sondes aan die kruis te versoen. Die **Seun** het weer van sy kant vrywillig onderneem om as Borg en Middelaar in te tree en sy lewe te gee as losprys vir die sonde, en die **Heilige Gees** het onderneem om die versoeningswerk van Christus, toe te pas en uit te voer in die heiligmaking en heerlikmaking van God se kinders en van die wêreld (Bavinck, 1967[3]:210).

In die vrederaad is dus bepaal dat Christus in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur sou word om die wêreld te red. Na die sondeval tree Christus onmiddellik in as die tweede Adam en neem die plek van die eerste Adam (Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:22). God het die genadeverbond met Adam opgerig in sy "saad", dit is die beloofde Christus (Gen. 3:15). Ons mag nie van die vrederaad 'n genadeverbond maak nie. Hier is 'n fyn onderskeiding nodig.

Die **vredeverbond** is iets wat tot God beperk bly tussen die drie Goddelike Persone. Die **genadeverbond** is 'n verbond tussen God en sy skepsel, die mens.

## 3.10 Verbond en uitverkiesing

### 3.10.1 God is die bron van die uitverkiesing

God is die uitverkiesende God, en in sy ewige raad is die getal van sy uitverkorenes van ewigheid af aan Hom bekend. God Drie-enig is die bron van die uitverkiesing. God is 92 keer die Subjek van die Hebreeuse woord **bachar** / בחר (= kies, uitverkies) en 13 keer word die passiewe vorm van die Hebreeuse werkwoord **bachir** op God toegepas (= deur God uitverkies) (Brienen, 1993:56). In die Nuwe Testament gaan die gedagte voort en Efesiërs 1 is 'n sprekende voorbeeld: "soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees". Dit is duidelik dat dit Gód is wat kies. Die uitverkiesing is 'n daad van God se wil. Die Ou Testament en die Nuwe Testament spreek van 'n boek van die lewe, waarin God Self die name van sy uitverkore kinders geskryf het (Eks. 32:32; Psalm. 69:29; Psalm. 87:6; Jes. 4:3; Dan. 12:1; Fil. 4:3; Op. 3:5; Op. 13:8). So word in die Bybel aangetoon dat die verkiesing 'n soewereine daad van God is, waarvan die kern in sy wil en welbehae geleë is (Brienen, 1993:56).

### 3.10.2 Die uitverkiesing is trinitaries

Die uitverkiesing is trinitaries van aard. Uit die mense wat die **Vader** geskep het, gee Hy die uitverkorenes aan die **Seun** (Joh. 6:37-38; Joh. 17:12) met die doel om hulle van hulle sondeskuld en sondestraf te verlos. Dit kan nóg nader omskryf word dat die Vader nie net die uitverkorenes aan die Seun "*gee*" nie (δίδωσίν - Joh. 6:37) maar dat Hy hulle ook na Jesus "*trek*" (ἑλκύσῃ - Joh. 6:44). Die vraag is, hóé word die uitverkorenes aan Jesus *gegee* en na Jesus *getrek*? Dit word gedoen deur die **Heilige Gees**. Die boodskap van die verkiesing **ontvang** (λήμψεται) die Heilige Gees van Christus en **verkondig** (ἀναγγελει) dit aan die gelowiges (Joh. 16:14). Meer nog: dit is die Heilige Gees wat die mens deur die Woord **wederbaar** (αναγεγεννημοι – 1 Pet. 3:1), hom die geloof in Jesus Christus skenk (δίδωσίν) en hom só van sy uitverkiesing verseker (Heyns, 1978:79).

### 3.10.3 Die drie dimensies van die verkiesing

Brienen (1993:56-59) wys op die drie dimensies in God se verkiesing wat vir die tema van die studie noodsaaklik is. Dit beteken dat daar tussen verkiesing en verkiesing onderskei moet word:

- Die eerste dimensie is die verkiesing tot lede en volk van die genadeverbond.
- Die tweede dimensie is die verkiesing tot profeet, priester en koning van Israel.

- Die derde dimensie is die uitverkiesing tot saligheid waaroor dit in die studie gaan.

### 3.10.3.1 Die eerste dimensie – verkiesing tot lede en volk van die genadeverbond

Onder hierdie punt kom die verhouding tussen verkiesing en verbond na vore wat vir die studie belangrik is. Veral in die Ou Testament kom dit sterk na vore. God het Abraham en sy nageslag, dit is die volk Israel, uitgekies, om sy verbondsvolk te wees: "Jy is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees." (Deut. 7:6). Die grond vir die uitverkiesing van Israel as God se verbondsvolk is nie in die volk geleë nie ook nie in hulle kwaliteit van lewe nie. Die grond vir hulle verkiesing is God se liefde wat vaslê in God se wil.

Israel se verkiesing as God se eiendomsvolk kom nie tot 'n einde as die Nuwe-Testamentiese bedeling van die verbond ingegaan word nie. God se genadegawes en sy roeping en verkiesing word nie dan teruggetrek nie (Rom. 11:29). Maar in die Nuwe-Testamentiese bedeling laat God sy verkiesing in breër kringe uitgaan sodat ander volke ook daarin gaan deel. Uit die volke van die wêreld word ander by Israel ingelyf, ingeënt (Ps. 87; Rom. 11:24): "Julle sien dus dat dié wat glo kinders van Abraham is." Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: "In jou sal al die nasies geseën word" (Gen. 12:3). Dit is dus die wat gló, wat saam met die gelowige Abraham geseën word (Gal. 2:7-9).

### 3.10.3.2 Die tweede dimensie – verkiesing as profeet, priester en koning

Oor die tweede dimensie kan kortliks gehandel word. Dit gaan oor die verkiesing as profeet, priester en koning. God kies in die Ou Testament bepaalde persone uit aan wie Hy spesiale opdragte gee. In die Nuwe-Testamentiese bedeling kies God ook bepaalde mense uit om spesifieke opdragte uit te voer: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Ef. 4:11a). Hulle opdrag is ook duidelik: *"om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus"* (Ef. 4:11b).

### 3.10.3.3 Die derde dimensie – die uitverkiesing tot saligheid

Die derde dimensie is van die uiterste belang want dit handel oor die uitverkiesing tot saligheid: "Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle

is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus" (2 Tess. 2:13-14). Diegene wat Hy daartoe verordineer het, word salig (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 8). By God is die "vertrekpunt" in verband met sy werke altyd sy ewige raad. Dis die vir-ons-verborge-dinge (Deut. 29:29).

### 3.10.4 Die verbond en die verkiesing val nie saam nie

Verbond en verkiesing val nie saam nie. Bavinck (1967[3]:210) skryf: "Wel zijn beide niet zoo onderscheiden, dat de verkiesing particulier en het genadeverbond universeel is, dat gene den vrijen wil ontkent en dit hul leert of onderstelt, dat het laatste terugneemt wat de eerste belijdt. Maar wel verskillen zy zoo, dat in de verkiezing de mensch volstrekt passief, in het genadeverbond echter ook actief voorkomt. De verkiesing zegt alleen zonder meer, wie verkoren zijn en onfeilbaar de zaligheid zullen erlangen; het genadeverbond beschrijft de weg, waarlangs deze verkoren tot hunne bestemming zullen geraken; het is, de bedding in welke de stroom der verkiesing zich voortbeweegt naar de eeuwigheid heen." Van Wyk de Vries (1957:14) sluit hierby aan as hy skryf: "Die genadeverbond het geen ander doel as alleen om die uitverkiesing te verwesenlik nie. In die uitverkiesing stel God die einddoel vas, naamlik om die uitverkorenes tot volkome saligheid te bring, terwyl die genadeverbond die middel is wat Hy aanwend om tot die doel te geraak."

### 3.10.5 Die verbond en die verkiesing staan nie los van mekaar nie

Genadeverbond en uitverkiesing staan in hulle verband oorsaaklik teenoor mekaar. Hulle staan nie los van mekaar nie. Hulle staan met mekaar in verband as oorsaak en gevolg, as doel en middel. Die doel van die genadeverbond is om die uitverkiesing te verwesenlik. Deur die genadeverbond word die uitverkiesing tot werklikheid gemaak. Wanneer die bondeling in die genadeverbond tot geloof en bekering kom, die **eis** van die genadeverbond, het die uitverkiesing werklikheid geword (Polman, s.a.:302). Daarom moet die genadeverbond beklemtoon word soos wat dit met sy beloftes en eise tot die gelowige en al hulle kinders kom. In die uitverkiesing stel God die einddoel vas, naamlik om die uitverkorenes tot volkome saligheid te bring, terwyl die genadeverbond die middel is wat Hy aanwend om tot dié doel te kom. Die verbond is die verseëling van die belofte van God. Geloof en bekering is die antwoord op die belofte. Eers hier begin die uitverkiesing werk. Vergelyk hierby die uitspraak in die Dordtse Leerreëls (Hoofstuk 1, Artikel 17, 14, 6 en 7): om die ewige raadsbesluit te verwesenlik rig dieselfde God 'n genadeverbond op met die gelowiges en hulle kinders, bring Hy deur die verbond die prediking van die Woord tot hulle, verseël Hy die Woord deur die sakramente,

begiftig Hy hulle met die geloof, regverdig Hy hulle en sit Hy sy werk voort totdat Hy hulle ten slotte verheerlik het (Rom. 8:19).

### 3.10.6 Die uitwerking word sigbaar in die verbond

Nie almal in die verbond is dus uitverkorenes nie. Bavinck (1967[3]:213) skryf dat dit vanself spreek dat die genadeverbond tydelik is, en in hierdie aardse bediening en bedeling ook mense opneem wat innerlik ongelowig bly en die geestelike weldade nie deelagtig is nie. Bavinck (1967[4]:503) onderskei uitverkiesing en genadeverbond van mekaar. Hy skryf dat die besnydenis nie die enigste bewys is dat die kinders in die Ou Testament beskou is as deelgenote van die verbond nie. Daarin is die verbond van die uitverkiesing te onderskei, naamlik dat dit aantoon hoe die verbond langs organiese en historiese weg realiseer.

Van Ismael en Isak skryf Paulus in Romeine 9:6-9. "**6.** Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; **7.** en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: 'Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom.' (Gen. 21:12.) **8.** Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word. **9.** Die woorde: 'Op die tyd sal Ek weer kom, en dan sal Sara 'n seun hê,' (Gen. 18:10; 18:14) was immers 'n belofte." Coetzee (1965:165) merk in die verband op: "Die volk Israel, die volk van die verbond in sy hoedanigheid as Godsvolk, is nie gelyk aan alle mense wat van nature, deur afstamming, tot die histories-etniese volk behoort nie; is nie gelyk aan Israel na sy empiriese omvang nie. In Romeine 9:7 lig Paulus sy verklaring met ander woorde toe: nie almal wat uit Abraham voortgekom het, is kinders in pregnante sin nie. Dit belig Paulus verder deur daarop te wys dat God self uit die vleeslike nakomelinge die één kies wat Hý wil om 'die nageslag' te wees. Hiermee het Paulus verklaar waarom die talryke ongelowige Jode nie 'n weerspreking is van 'n gehandhaafde verbond met Israel en van Israel se voortgesette staat as Godsvolk nie. Daar is immers Israeliete wat voor God nie wesentlik tot die volk Israel behoort nie; wat, hoewel gebore uit Israel, deur God buite Israel geplaas is." Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag. Hulle was wel Godsvolk ('n erenaam) met heerlikheid deur die inwoning van Gods verbonde, wetgewing, erediens en beloftes, en uit Israel is Christus gebore. Maar hulle het Christus verwerp. So moet ons rekening hou dat die kring van die verbond, soos wat die mens dit sien, wyer is as die wat God sien en aanneem.

Ismael en Isak is altwee in die verbond gebore. Hulle het altwee die verbondsteken, die besnydenis, ontvang. En tog verkies die Here vir Isak bo Ismael, omdat Hy hom aan Abraham belowe het. Die verbond is dus die bedding waarlangs die uitverkiesing vloei (Van Wyk de Vries, 1957:46). Die bedding van die rivier (verbond) is veel breër as die stroom water (uitverkiesing) wat in die middel daarvan vloei. Die Here het sy verbond gesluit met Abraham en sy nageslag, en die Here is getrou. Hy bedoel dit ernstig met sy verbond met Abraham en sy nageslag. Die gewone manier waarop mense tot die geloof in God kom is dat hulle in die verbond uit gelowige ouers gebore word. Daarom ontvang kindertjies die verbondsteken. Vir Abraham was dit die besnydenis en sedert Christus die doop. Die stroom (uitverkorenes) vloei normaalweg in die bedding van die verbond. Maar die droewige keersy is ook waar. Daar is vele wat in die verbond gebore word en die verbondsteken ontvang, wat tog maar verlore gaan. In Romeine 9:6 skryf Paulus dat nie alle gebore Israeliete salig word nie, omdat hulle nie uitverkies is nie. Net so word almal wat in die kerk gebore is, nie salig nie. Almal is nie uitverkies nie en is daarom nie ware gelowiges nie. Die uitverkiesing openbaar hom in die weg van die genadeverbond.

## 3.11 Verbond en wedergeboorte

Oor die verhouding verbond en wedergeboorte kan volstaan word met wat Van Wyk de Vries (1957:4) daaroor geskryf het: "dat die genade van die wedergeboorte aan die uitverkorenes alleen geskenk word, dit is saligmakend en kan nie verlore gaan nie. Die genade is partikulier, onwederstandelik, dit buig die wil van die mens, dit is kragdadig en lei tot die beoogde doel. As die genade só genoem word, kan onmoontlik volgehou word dat die doop die genade aan al die kinders van die gelowiges meedeel: dan kan nie geleer word dat alle kinders wat gedoop word, wedergebore is nie."

## 3.12 Verbond en doop

Die doopsformulier stel die verhouding baie duidelik: "Die doop (is) 'n instelling van God om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël." Hierdie verband tussen die genadeverbond en die doop is eers deur Calvyn en die gereformeerde dogmatici helder en duidelik gesien en in die kern raakgevat. Die grondgedagte in al die Gereformeerde belydenisskrifte is dat die doop 'n teken en seël is wat God vir die gelowiges ingestel het, om aan hulle die genadeverbond te verseël en die beloftes van die Evangelie seker te maak, te verseker. Dit is nie 'n verbond wat God nog in die toekoms moet sluit nie, maar 'n verbond wat Hy reeds gesluit het. Dit is ook nie 'n verbond, waarin God alleen die beloftes gee wat nog vervul moet word nie, maar dit strek ter bevestiging van die reeds vervulde

beloftes. Die kinders is net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit. Aan die kinders, nie minder as aan die volwassenes nie, word deur die bloed van Christus die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk beloof (Heidelbergse Kategismus, Sondag 27, Vraag 74a). Hulle moet as verbondskinders deur die doop as deur die teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf word en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. (Heidelbergse Kategismus, Sondag 27, Vraag 74b.)

## 3.13 Verbond en geloof

Die verhouding tussen verbond en geloof is nie so dat die geloof 'n voorwaarde is vir die totstandkoming van die verbond nie. Die verbond kom nie tot stand deur die geloof van die mens nie. Die verbond gaan eensydig van God uit en gaan die geloof vooraf. Die geloof is 'n gawe wat in die verbond deur God aan die mens geskenk word. "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." (Ef. 2:8.) God **gee** wat Hy **eis.** Hyself **vervul** wat Hy van die mens **vra.** God eis geloof – wat Hy deur die Heilige Gees in die harte werk (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, Vraag 65). "Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe." (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 & 4, Artikel 8.) So gee God die geloof wat Hy vra. "Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word." (Nagmaalsformulier.) God gee alle heil op voorwaarde dat jy Hom op sy woord vertrou. Hy werk self die geloof in die belofte. Hy werk die geloof in die belofte van God deur middel van die belofte (Van't Spijker, 1991[1]:404).

Daar is die skenking van die heil in die aanbieding van Christus. Die deelagtigmaking geskied deur die geloof, dit is die deelagtigmaking van wat in die belofte aan ons geskenk word.

- Dit bly nie net by die aanbieding van die heil nie.
- Die weldade van Christus word nie net uitgestal en ons aangebied nie.
- Dit word ons toege-eien, ons deelagtig gemaak deur die geloof.

Die *persoonlike deelagtigmaking* (partisipasie, deel in die heil) geskied deur die geloof in die gepredikte Woord van God. *Skenking* en *deelagtigmaking* is twee begrippe wat op mekaar betrokke is. God skenk. Die mens ontvang en kry werklik deel aan die heil. Die dopers of die geesdrywers soek die heil in hulleself. Hulle soek na tekens van ervaring. Dit word 'n spiritualistiese soeke van

die ervaring. As hulle gevra word na die sekerheid, antwoord hulle dat hulle dit ervaar, bevind en voel. "Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is. Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe." (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4, Artikel 8.) Op hierdie punt gaan die standpunte uiteen.

a. Die **dopers** of die **geesdrywers** soek die heil in hulleself. Hulle kyk na die tekens van ervaring wat aan hulle die grond kan verskaf waarop hulle kan sê: "nou weet ons dit." Dit is 'n spiritualistiese soeke na ervaring. Die innerlike bied aan hulle die fondament vir die waarheid van die belofte buite hulle. Dit gaan gepaard met die onderwaardering van die uiterlike Woord. Hulle maak van die Bybel 'n instrument wat maar gemis kan word.

b. Teenoor (a) kan geantwoord word dat die Woord van God 'n sedelike uitwerking het wat geen geestelike krag waarborg nie. Sedelikheid en geestelikheid verskil van mekaar. Dit grens aan moralisme en geestelike vernuwing. Die hart wat God vrees soek meer as moraliteit. Moraliteit of sedelikheid kan 'n kwessie van uiterlikheid wees. Die hart moet op God gerig wees. Jy kan slegs getroos word deur die Woord en die Gees. Hou jy vas aan die Woord alleen, kan dit lei tot ortodoksie met moraliteit. Hou jy vas aan die Gees alleen, kan dit lei tot mistiek met haar eie norme. Deelagtigmaking geskied deur die Gees en deur 'n ware geloof.

Daardeur neem die mens die waarheid van die belofte van God aan. Alles in die verbond is uit God, deur God en tot God: "Het geloof is ook niet een rusten in iets wat by onszelf om de Christus te zoeken, in Wien alleen de kracht en uitwerking van den doop en het verbond te vinden is." (Van der Vegt, s.a.:33.) Die voorwaarde van die genadeverbond is nie gehoorsaamheid nie, maar geloof. Hiermee word bedoel dat die geloof geen **voorwaarde** is om in die verbond te kom of die beloftes van die verbond te ontvang nie, maar dit is die **weg** *waarlangs die mens die toegesegde, beloofde heil deelagtig word.* God het sy Seun tot Middelaar verordineer. God beloof die ewige lewe. Die voorwaarde is geloof in Jesus Christus. Die **aanbod** van genade is vir elke mens. Maar die **belofte** is nét vir die uitverkorenes. God beloof voluit, met die bevel van geloof en bekering. So word in die weg van die nuwe verbond, geloof geeïs en ook geloof gewerk deur die belofte. Calvyn sê Christus kom na ons toe beklee met sy beloftes (Institusie, 2.9.3). In die Institusie (3.2.6) skryf Calvyn ook dat Christus na ons toe kom beklee met sy evangelie. Die bediening van die Woord is bediening van die versoening – bediening van die verbond – dit is die toe-eiening van die heil deur die Heilige Gees. Die bediening (administratio) van die verbond is wanneer vergewing van sondes, saligheid en ewige lewe "ons toegediend worden. Hoe? Op welke manier? Bij bediening hoort een bedienaar, een

minister. Wel die minister van het heil is niemand anders dan de Verbi Divini Minister. In de bediening van het nieuwe verbond wordt het heil toegeëigend." (Van't Spijker, 1991$^{k}$:392.) Die voorwaarde van die genadeverbond is nie die gehoorsaamheid nie maar die geloof. God het sy Seun as Middelaar verordineer. God beloof die ewige lewe. Die voorwaarde is dat die mens in die Seun glo (Van't Spijker, 1991$^{k}$:393).

## 3.14 Verbond en heilstoe-eiening

In die slotgebed van die Nagmaalsformulier lees ons: "Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word, en dat U ook tot versterking van die geloof vir ons die nagmaal laat instel en verorden het." In die eerste sin van die gebed word die skenk van Jesus ook genoem: "Ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u eniggebore Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as spys en drank van die ewige lewe geskenk het (Nagmaalsformulier). In die Middelaar is ons alles geskenk wat nodig is. In Christus moet ons al ons heil verwag. Hy is gegee tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing.

- Christus word in die belofte aangebied.
- God het ons Christus geskenk. Dit is: die aanbieding van Jesus Christus met al sy weldade.
- Die evangelie word gepreek – dit word ons aangebied.
- Die aanbieding geskied met 'n bevel van geloof en bekering.
- Christus word ons geskenk tot 'n offer vir ons sondes en 'n spys en drank vir die ewige lewe.
- In die skenk van Christus lê die regsgrond vir die geloof.

Ons glo op grond van die feit dat God ons sy Seun gee. Wat aan die skenking voorafgaan is geen berou en geen bekering, geen trane, geen droefheid, geen verbryseling van die siel of verbreking van die hart nie. Die enigste wat aan die skenking voorafgaan is die grondelose barmhartigheid van God. Die gevolgtrekking is dat die verbond die mens aktief maak en tot die geloof roep.

## 3.15 Konsekwensies vir die kategese

### 3.15.1 Die gedoopte is 'n bondeling

Die doop is 'n teken en seël van die genadeverbond wat met die gedoopte opgerig is. Die doop verseël die belofte van die genadeverbond: nie iets wat in die dopeling aanwesig is of aanwesig veronderstel word nie. In die doopsformulier word aangetoon wie die gedooptes is. Dit is die mense met wie die Vader "'n ewige genadeverbond" gesluit het. Die "ewig" dui op die vastigheid, die onverbreekbare inhoud van die belofte van God in die genadeverbond. Die sekerheid lê nie in die verbondskind nie maar in God se belofte. Die verbond word opgerig met mense wat "uit swakheid in sondes val." Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie waarheid nie gerig word aan sterk, vasstaande, onwrikbare mense nie, maar aan pap babatjies wat "in sonde ontvang en gebore is en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe is" (Doopsformulier). Dit is hulle wat soms uit swakheid in sondes val. Maar hulle hoef nie aan die genade van God te twyfel nie of in hulle sondes bly lê nie, want die doop is immers 'n seël en onbetwisbare getuienis dat hulle 'n ewige verbond met God het (Doopformulier). Hierin het Kuyper gedwaal met die leer van die veronderstelde wedergeboorte. Die verbond veronderstel niks maar gaan uit van die belofte van genade. Die wese van die verbond is die belofte van God. Dit raak dus alle bondelinge ook hulle wat later as bondsbrekers hulleself sal uitwys. Met wie is die verbond opgerig? Die bondeling is die tweede party in die verbond van die genade. In sy groot ontferming het God tot die mens gekom.

Die ou verbond het God opgerig met die mens vóór die sondeval, waar die ewige lewe beloof word, onder voorwaarde van 'n algehele gehoorsaamheid aan God en die onderhouding van die wet. Dit word ook genoem die verbond van die wet wat opnuut aan Israel voorgehou is, sodat hulle daaruit sou leer om te verstaan dat hulle hulle saligheid moet soek in 'n ander verbond, wat die "nuwe verbond" genoem word. Die nuwe verbond bestaan daarin dat God sy Seun tot 'n Middelaar verordineer het, en die ewige lewe beloof onder voorwaarde dat in Hom geglo word. Dit word genoem die verbond van die genade. Nie alleen die ewige heilsplan van God nie, maar ook die verwerwing van die heil deur die Christus lê ten grondslag aan die verbond; waarin God met sy heilsbelofte tot ons kom (Van Genderen en Velema, 1992:493). Die verlossing word wel buite die mens in Christus bewerk, maar dit beteken nie dat alle mense daarmee outomaties deel in die genade nie (Le Roux, 1991:205). Dit sou beteken dat iemand teen sy wil in die hemel as woonplek van God in gedwing kan word. God kies om die mens as verbondsmens bewustelik deel te gee, nie aan die *heilsbewerking* nie, maar wel aan die *heilstoe-eiening.*

### 3.15.2 Met wie is die genadeverbond opgerig?

Ten opsigte van die vraag met wie God die verbond oprig gaan die standpunte binne Gereformeerde konteks uiteen (Van der Vegt, s.a.:33; Velema, 1947:105):

- Die een groep glo: Die genadeverbond is opgerig alleen met die *uitverkorenes*.
- Die ander groep glo: Die genadeverbond is opgerig met die *gelowiges en hulle saad.*

By die groep wat aanvoer dat die genadeverbond opgerig is met die uitverkorenes, word daar verder twee gedagterigtinge gevind (Velema, 1947:105):

- Volgens die een groep is die verbond daar waar die verkiesing is en daardeur trek hulle die kring van die uitverkiesing baie klein.
- Die ander standpunt is dat waar die verbond is, daar is die verkiesing, en hulle trek weer die kring van die uitverkiesing geweldig groot.

By albei groepe word die verbond "gezet en behandeld onder de beheersing der uitverkiesing. Uitgangspunt is hier niet het verbond, maar de uitverkiesing" (Velema, 1947:105). Dit was ook die standpunt van Kuyper, naamlik dat die verbond net met die uitverkorenes opgerig is omdat dit tog duidelik is dat nie alle gedooptes (d.w.s. verbondskinders) salig word nie. Postma (1980:11) vra hierby die vraag: "Moet ons praat van 'n 'wesentlike' verbond, slegs met die uitverkorenes, en 'n 'uitwendige' verbond, met **alle** gedooptes?" By die ander groep wat stel dat die genadeverbond opgerig is met die gelowiges en hulle saad, is die uitgangspunt weldeeglik die verbond (Van Wyk de Vries, 1957:41; Van der Vegt, s.a.:26). Elkeen wat onder die verbond gebore is, is as kind van die verbond gebore. Hy is kind en erfgenaam van God. Daarom word met 'n kind se doop gebid: "Ons bid U, kragtens u grondelose barmhartigheid dat u ***hierdie kind van U*** genadiglik wil aansien." (Doopsformulier.) Die verbond is breër as die uitverkiesing. Kind van God wees beteken nie dat die kind wedergebore is nie of vir seker in sy lewe wederbaar sal word nie (Van der Vegt, s.a.:27). Om kind van God genoem te word wys op die besondere verhouding waarin elke gedoopte ten opsigte van God staan afgesien van die vraag of die kind ook in lewensgemeenskap met God staan. Só is daar tweërlei kinders van die verbond: die gelowiges, die gehoorsames en ook die ongehoorsames en die ongelowiges is kinders van God (Van der Vegt, s.a.:27). Velema (1947:105) maak 'n verdere betekenisvolle onderskeiding.

- Die een groep sê: Waar die verbond is word die geloof gewerk.
- Die ander groep sê: Waar geloof is word die verbond effektief.

Die eerste standpunt is die van die Vrygemaakte kring in Nederland en die tweede standpunt dié van die Christelike Gereformeerdes omdat dit hier gaan om die lewensverhouding met God (Velema,

1947:106). Dit is nie die verhouding teenoor die verbond wat beslissend is nie, maar die verhouding met die God van die verbond. 'n Uitspraak van Polman (s.a.:310) by hierdie punt is merkwaardig: "Daarom kan enerzijds in de promulgatie [21] van het verbond der genade het beloftewoord Gods zich tot het ganse saad der gelovigen richten, zodat alle kinderen der gelovigen als erfgenamen en dragers der belofte en als bondelingen kunnen worden aangemerkte. Terwijl tog anderzijds het ware zaad en die eigenlijke bondelingen alleen degenen zijn, die van Christus zijn en door de Vader aan Hem gegeven zijn, die door onvoorwaardelijke en levendmakend beloftewoord en door de Geest van Christus verwekt worden."

### 3.15.3 Eie standpunt

Ten opsigte van hierdie studie word van die volgende standpunt uitgegaan: die genadeverbond is opgerig met die gelowiges en hulle kinders en daarom is die uitgangspunt die verbond. Dit gaan egter om 'n lewensverhouding met God. Wat beslissend is, is nie die houding teenoor die verbond nie, maar die houding teenoor die God van die verbond.

Nie almal in die verbond is uitverkore nie. Nie almal in die verbond is wedergebore nie. Nie alle gebore Israeliete word salig nie, omdat hulle nie uitverkies is nie. Net so word nie almal wat in die kerk gebore is, salig nie. Daar is ook ongehoorsames en ongelowiges onder die verbond ingesluit. Van der Vegt, (s.a.:22) skryf: "het zijn immers niet enkel de uitverkorenen ter zaligheid, die in het verbond begrepen zijn. Ook zij, die later afvallig worden, behooren tevore tot het verbond."

Geloof as antwoord op die belofte is heilstoe-eiening (verbondsinwilliging). Dáár begin die verkiesing dan te werk. Daarom is tereg gesê dat die genadeverbond die uitverkiesing prakties maak en dat die verkiesing die grondslag en waarborg en kern van die verbond is; anders het ons weer 'n werkverbond waarin die mens sy saligheid self moet verdien. Geloof moet as antwoord op die verbondseis en verbondsbeloftes teenwoordig wees anders word die verbond verbreek en verwerp (Heb. 2:3; Heb. 4:1). Uit hierdie teksverse blyk dat daar by baie bondelinge geen heilstoe-eiening is nie. Volhardende ongeloof by die verbondskind is nie net 'n blote afwesigheid van geloof nie, maar dit is 'n ***weiering***. Dit is ***verbondsbreuk*** (Heb. 6:4-8; Heb. 10:28-31). Hulle wat die verbond breek deur hulle weiering tot inwilliging word deur die *verbondsvloek* getref (Deut. 20:10-14: Heb. 12:28 e.v.). Die verkiesing is dus nie 'n beginpunt in die geestelike lewe van die mens nie. Ons moet begin (a) by die verbondsbelofte in ons doop, (b) by die eis om in Christus te glo en (c) by die bekeringsroep. Vir ons staan voorop: die antwoord op God se roepstem om na Christus te kom. As

[21] Promulgatie = bekendmaking.

ons gekom het is die uitverkiesing die gevolgtrekking wat ons maak: God se genade en die werk van die Heilige Gees het my gebring kragtens God se ewige verkiesing. Almal in die kerk wat gedoop is is wel verbondskinders. Maar nie almal wat verbondskinders is, is uitverkore en wedergebore nie. Dié wat glo en waarlik vrugte dra, kan seker wees van hulle verkiesing.

Die gevolgtrekking is dus soos volg:

- Die verbond van die verlossing, die pactum salutis, is die grondslag van die genadeverbond.
- Die genadeverbond is opgerig met die gelowiges en hulle kinders.
- Die wese van die genadeverbond is die belofte van God, wat alle bondelinge raak (ook hulle wat later sal blyk die verbond te verbreek het in ongehoorsaamheid), want die droewige keersy is ook waar. Daar is vele wat in die verbond gebore word en die verbondsteken ontvang, maar wat tog verlore gaan. Dit is presies wat Paulus in Romeine 9:6 bedoel (Coetzee, 1965:165).

## 3.16 Verantwoordelikheid tot heilstoe-eiening

Die genade maak nie van ons passiewe, lydelike mense nie. God wil 'n volk hê wat sy lof vertel en in sy weë wandel. Hulle handelinge moet aktief wees as mense wat die Here dien. Die verbond maak die mens aktief (Van der Vegt, s.a.:35). Dit spreek ook duidelik uit die inhoud van die doopsformulier: "Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte; ons moet van die wêreld afsien, ons ou natuur doodmaak en 'n godvrugtige lewe lei."

Die deelagtigwording van die belofte in die verbond vind dus plaas deur geloof en bekering (Heidelbergse Kategismus, Antwoord 60(k) en 84(a); Polman, s.a.:315; Bavinck, $1965^{3}$:211; Van der Vegt, s.a.:34). Die verbondsverhouding van God se kant roep die bondeling tot heilstoe-eiening deur die geloof en tot bekering. Met die beloftes en die eise van God van die verbond moet die bondeling wat self sondaar is, persoonlik werksaam word om te kom tot die waaragtige belewing van die genadeverbond.

God vra van die bondeling 'n blye aktiewe instemming en aanvaarding van die beloftes en die eise van die genadeverbond. Die kategese moet die verbondskinders beweeg tot heilstoe-eiening. Hulle

moet kom tot persoonlike deelagtigwording van wat objektief in die verbond belowe is. Dit is die daad van heilstoe-eiening. Die skenking in die belofte en die deelagtigmaking deur die Heilige Gees, "de genadige toezegging Gods en de gelovigen toeëiening van menzen zijde, zijn van elkaar onderscheiden en op elkaar betrokken" (Polman, s.a.:303). Die eis van geloof en bekering word nie weggeneem nie maar dit is nie kondisies vir die verbond nie. Die allereerste eis van die verbond tot die mens is om in God te glo. Die verpligting van die genadeverbond is die geloof in Jesus Christus. Maar die geloof werk deur die liefde (Gal. 5:6). Daarom lees ons in die doopsformulier: "Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, **aanhang, vertrou** en **liefhê**." Dit is elkeen in die genadeverbond se plig om seker te maak dat hy wel *die geloof en bekering* deelagtig is, en om werklik op God se roepstem te antwoord en tot sy eer te lewe (Pred. 12:13; 1 Kor. 10:31; Kol 3:17; 1 Pet. 4:11). Daarom skryf Paulus aan die Korintiërs (2 Kor. 13:5): "Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe."

Die verbond is alleen die verseëling van die belofte van God. En die geloof en bekering as antwoord op die belofte is die inwilliging tot die verbond, die heilstoe-eiening. Eers hier begin die uitverkiesing werk. Die gedoopte kinders wat in die katkisasie onderrigleer ontvang, is dus dooplidmate wat die beloftes van God dra. Deur die kategetiese onderrigleer moet die kind gebring word tot die sekerheid en die aanvaarding en die toe-eiening van die verbondsbeloftes. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes geproklameer word. Die uitnodigende aanbod van genade moet tot hulle gebring word. By die kinders aangedring word op deelagtigwording van die genade deur geloof en bekering. Jy moet aandring op verbondsinwilliging. Jy proklameer God se verbondsbeloftes aan die verbondskind. Jy bring aan hom die waarheid dat hy die kenmerk, die merkteken van die verbond dra. Hy word intensief daarop gewys dat hy gedoop is. Jy bring aan hom die rykdomme van God. As jy dit glo en omhels, is jy salig. As jy dit verwerp, wag die ewige ondergang.

Al hierdie dinge spreek baie duidelik uit die dankgebed by die doop van 'n verbondskindjie: "sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem, sodat hy u vaderlike goedheid en barmhartigheid wat U aan hom en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin, om U en u Seun Jesus Christus en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys." Hieruit blyk dat deur die nakoming van die eis van die verbond die bondeling die verbondsbeloftes wat is sy doop aan hom geskenk is, persoonlik deelagtig word. Hierdie heilstoe-eiening vind in die hart plaas, nie deur die toedoen van die mens nie, maar dit is die werking van die Heilige Gees deur die Woord

van God. Die aanvaarding en toe-eiening is dus nie 'n vrye keuse van die menslike wil nie, maar dit word deur God gewerk, deur sy Woord en Gees.

God bedien Hom daarom ook van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders van sy keuse te bring tot geloof en bekering tot heilstoe-eiening. Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord (Velema, 1947:116; Polman, s.a.:315). Die belofte van die Gees gaan aan die gelowige aanvaarding van die verbond, die verbondsinwilliging of heilstoe-eiening vooraf, en bewerk dit (Jes. 59:21; Jer. 31:31-330) (Polman, s.a.:315; Bavinck, 1965[3]:211). Die belofte van God se Gees en Woord word hier weer tot in ewigheid toe aan die bondeling toegesê. Nie alleen die Woord, die prediking van die evangelie, die aanbieding van die heil, die aanbod van genade nie, maar ook die Gees, wat "ons de beloften doet aanvaarden uit een herboren hart" (Polman, s.a.:303). Die belofte van die genadeverbond is vergewing van sondes en die ewige lewe in Christus se verdienste. Die eis van die genadeverbond is geloof en bekering. As die eis nagekom word, word die gelowige die belofte persoonlik deelagtig. Die **beloof** van God roep tot **geloof**. Deur middel van die Gees en die Woord lei God tot die geloof wat as gawe in die hart van die uitverkorenes plaasvind.

B. DIE KONINKRYK VAN GOD ........ 107

3.17 Die koninkryk van God - 'n ondersoek in die Ou Testament .... 107
3.17.1 Inleidend ........ 107
3.17.2 Die begrippe מֶלֶךְ en מַלְכוּת ........ 107
3.17.3 God se soewereine heerskappy ........ 109
3.17.4 Wyse van God se soewereine heerskappy ........ 110
3.17.5 Voorlopige gevolgtrekkings insake koninkryk van God in die Ou Testament ........ 110
3.17.6 Samevatting ........ 111
3.18 Die koninkryk van God – 'n ondersoek in die Nuwe Testament ........ 112
3.18.1 Die aardse βασιλεία ........ 112
3.18.2 Die βασιλεία van die Satan ........ 112
3.18.3 Die aardse βασιλεία van die uitverkorenes ........ 113
3.18.4 Die βασιλεία van Christus ........ 113
3.18.5 Gevolgtrekkings ........ 114
3.17.6 Definisies van die koninkryk van God ........ 115
3.19 Die koninkryk van God en die sondeval ........ 116
3.20 Die koninkryk van God is 'n teenwoordige realiteit ........ 117
3.21 Die koninkryk van God is ook 'n toekomstige realiteit ........ 119
3.22 Koninkryk en wêreld ........ 121
3.22.1 Die betekenis van κόσμος. ........ 121
3.22.2 Die mondige wêreld ........ 122
3.22.3 God nie meer in die sentrum nie ........ 122
3.22.4 Vergoddeliking van die mens en vermensliking van God ........ 123
3.22.5 Die koninkryk van God word in die samelewing gerealiseer ... 123
3.23 Onderskeid tussen kerk en Koninkryk van God ........ 124
3.24 Die karakter van die Koninkryk ........ 127
3.24.1 Die *teosentriese* karakter van die koninkryk van God ........ 128
3.24.2 Die *Messiaanse* karakter van die koninkryk van God ........ 130
3.24.3 Die *pneumatologiese* karakter van die koninkryk van God ...... 131
3.24.4 Die *woord*-karakter van die koninkryk van God ........ 131
3.24.5 Die *persoonlike* karakter van die koninkryk van God ........ 132
3.24.6 Die *gemeenskaps*karakter van die koninkryk van God ........ 133
3.24.7 Die *paradoks*karakter van die koninkryk van God ........ 134
3.24.8 Die *historiese* karakter van die koninkryk van God ........ 134
3.24.9 Die *ekklesiologiese* karakter van die koninkryk van God ........ 134
3.24.10 Die *sosiale* karakter van die koninkryk van God ........ 135
3.24.11 Die *dinamiese* karakter van die koninkryk van God ........ 137
3.24.12 Die *teenswoordige* karakter van die koninkryk van God ........ 138
3.24.13 Die *toekomstige* karakter van die koninkryk van God ........ 139
3.25 Die onderskeid tussen die Koninkryk van God en die verbond 140
3.26 Die verhouding tussen God en die mens/wêreld ........ 140
3.27 Die standpunt van B. Wentsel ........ 142
3.28 Samevatting ........ 144

## B. DIE KONINKRYK VAN GOD

## 3.17 Die koninkryk van God – 'n ondersoek in die Ou Testament

### 3.17.1 Inleidend

In die Ou Testament kom daar glad nie 'n vas omlynde en geformuleerde term vir die koninkryk van God voor nie: "Dit is waar dat die *term* koninkryk selde in die Ou Testament voorkom en veral in die intertestamentêre periode ontwikkel het, hoewel die *saak self* – God se alomvattende heerskappy – oral aanwesig is (vgl. Ps. 103:19, 145:13)." (Van Wyk, 2003:17, Wentsel, 1991:535.) Die uitdrukking "koninkryk van God" kom in werklikheid nie buite die vier Evangelies van die Nuwe Testament voor nie, en in die Ou Testament glad nie. In die Nuwe Testament is die begrip *koninkryk van God* 'n geykte term of 'n bekende tegniese term en dui 'n omlynde begrip aan. Die saak van die koninkryk van God was in die Nuwe Testament só bekend dat Jesus die term dikwels gebruik, maar dit nooit verduidelik nie en ook nie gevra word om dit te doen nie (Du Toit, 1969:11; Helberg, 1976:30). Die *gedagte* van die koninkryk van God word egter in albei Testamente deurgegee (Du Toit, 1969:12). Die gedagte van God se heerskappy staan van die begin van die Ou Testament af heeltemal sentraal. Die hele Ou Testament konsentreer op die aktiewe, dinamiese heerskappy-beoefening van God (Helberg, 1976[a]:30). As ons 'n duidelike beeld van die koninkryk van God wil hê moet ons daar begin waar God konkreet handel en al handelende heers. In die ryk van die mens, dier, plant en stof, het God se skeppende woord koninklik weerklink en oral is dit gehoorsaam, dit wil sê, is sy Woord *gehoor* en daarvolgens is *gehandel* (Heyns, 1974:38). In die skepping van alle dinge blyk die absoluutheid van die koningskap van God (Potgieter, 1965:7). Op die absolute soewereiniteit en almag van God, soos dit geopenbaar is in die skepping en voorsienigheid, rus die feit van sy heerskappy oor alles wat bestaan. God se soewereiniteit is absoluut onbetwisbaar en kan op geen wyse beperk word nie. Hy regeer vir ewig as Koning oor alles (Eks. 15:18; Ps. 29:10; Jer. 10:7). Tussen God as Skepper-Koning en die skepping is daar 'n blywende verhouding want die skepping bly steeds aan sy Skepper diensbaar (Eks. 19:5; Ps. 8:2; Ps. 47:3 & 8; Ps. 82:8; Matt. 6:13).

### 3.17.2 Die begrippe מֶלֶךְ en מַלְכוּת

In die studie word nie aandag geskenk aan die algemene begrip מֶלֶךְ waar dit op aardse konings dui nie. Wel moet ons let op die begrip God as Koning. Dertien keer word יְהוָה saam met מֶלֶךְ gebruik

(Seabold, 1997:365). 'n Voorbeeld hiervan kry ons in Eksodus 15:18 – "Die Here regeer (יְהוָה יִמְלֹךְ) tot in ewigheid!" Ook in Psalm 47:9 – " God is koning (מָלַךְ אֱלֹהִים) oor die hele aarde." Ten opsigte van die inhoud van Eksodus 15:18 skryf Wright (1990:4): "The claims of Pharoah and the other gods of the state must bow to the fact that Yahweh is God as much over Egypt as over Israel, his own people. The climax of the song of Moses, after the sea had sealed the reality of Israel's deliverence, celebrated that *Yahweh is king,* for ever; and not, it was implied, Pharaoh."

Die woorde מֶלֶךְ en מַלְכוּת het vier betekenisse (Von Rad, 1964:565-571):

a. Dit verwys na 'n nasionale of siviele monargie. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die monargieë van Saul, Dawid en Salomo.

b. Die woord, מֶלֶךְ is ook gebruik om na die Verlosser Koning te verwys, die Messias. Die te wagte Messias sou uit die huis van koning Dawid kom. Dit staan veral vas in God se verbond met Dawid (2 Sam. 7).

c. 'n Volgende gebruik van die woord מֶלֶךְ staan in verband met Jahwe as Koning מַלְכוּת יְהוָה (Jes. 6:5; 1 Kon. 22:19).

d. Die naamwoord מַלְכוּת word vertaal met *koninkryk* of *koningskap.* In die Ou Testament word מַלְכוּת meestal in sekulêre sin gebruik van 'n politieke koninkryk (1 Sam. 20:31; 1 Kon. 2:12). Voor Daniël het die religieuse wêreld מֶלֶךְ en מַלְכוּת baie min gebruik. Na analogie van die beskrywing van Jahwe as 'n מֶלֶךְ is sy gesagsfeer soms 'n מַלְכוּת genoem (Ps. 22:28; Ps. 103:19; Ps. 145:11 & 13; Dan. 3:33). Von Rad (1964:570) skryf: "Small emendations of the original text in Chronicles form a smooth transition to the eschatological conception which became so important in the post-canonical writings." Vir Dawid word gesê: "En jou huis en jou koningskap (מַמְלַכְתְּךָ) sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid (2 Sam. 7:16). In 2 Samuel 7:16 dui מַמְלַכְתְּךָ op 'n meer sekulêre sin as wat dit in 1 Kronieke 17:14 (וּבְמַלְכוּתִי) die geval is: "Maar Ek sal hom laat bestaan in my huis en in my koninkryk (וּבְמַלְכוּתִי) tot in ewigheid." In Kronieke word Dawid aangestel oor Jahwe se מַלְכוּת. In 1 Kronieke 28:5 [22] sit Salomo op die troon van Jahwe se מַלְכוּת (vgl. ook 1 Kron. 29:23 [23]; 2 Kron. 9:8 [24]). Von Rad (1964:570) kom tot die gevolgtrekking "for the Chronicler, who belonged to an age when the Davidic kingdom was only a distant memory, thereby

[22] "En uit al my seuns – want die HERE het my baie seuns gegee – het Hy my seun Salomo verkies om te sit op die troon van die koningskap (מַלְכוּת) van die HERE oor Israel." (1 Kron. 28:5.)

[23] "So het Salomo dan op die troon van die HERE gaan sit as koning (לְמֶלֶךְ) in die plek van sy vader Dawid, en hy was voorspoedig." (1 Kron. 29:23.)

[24] "Geloof sy die HERE u God wat behae in u gehad het om u op sy troon as koning (לְמֶלֶךְ) vir die HERE u God te laat sit." (2 Kron. 9:8.)

displays a true though not an eschatological interest in the realisation of Yahweh's מַלְכוּת." Die skerp apokaliptiese onderskeid tussen die teenswoordige en die toekomstige koninkryk van God kom in die Ou Testament eers in Daniël na vore. As in Daniël 7 beskryf word dat die koninkryk wat van onder kom מַלְכוּ is dan het dit as inhoud die finale koninkryk van die heiliges (Dan. 7:14): "En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap" (שָׁלְטָן וִיקָר מַלְכוּ וְלֵהּ יְהִיב). Nader bepaal word dit soos volg uitgedruk: "Sy heerskappy (שָׁלְטָנֵהּ) is 'n ewige heerskappy (שָׁלְטָן) wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk (מַלְכוּתֵהּ) een wat nie vernietig sal word nie." God gee sy מַלְכוּת aan wie Hy wil (Dan. 2:44; Dan. 4:22). In Daniël 7:27 word dit bevestig: "Dan word die koningskap (מַלְכוּתָה) en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke (מַלְכְוָת) onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk (מַלְכוּתֵהּ) is 'n ewige koninkryk (מַלְכוּת), en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees." Die verwysing is gerig op 'n troonopvolging van menslike konings totdat finaliter die מַלְכוּ van die heiliges – dit is hoe die koms van die Seun verklaar word (Dan. 7:16 vv.) – ingestel is. Die volk van die Ou Verbond was gewoond aan die gedagte dat God Koning oor sy volk is. Daarby was die groot koningsgestalte van Dawid bekend – 'n koning deur God verkies en 'n man na die hart van God. En aan Dawid is die heerlike beloftes oor die bestendigheid van sy huis en koningskap gegee (2 Sam. 7) (Kempff, 1969:305).

### 3.17.3 God se soewereine heerskappy

Die koninkryk van God is die **feit, terrein** en **wyse** van God se soewereine heerskappy (Van der Walt, 1980:28; Van der Walt, 1986:9). Die Koninkryk van God beteken in die kern dát God Koning is, dát Hy regeer (Eks 15:18). God se koningskap is vir alle tye (Ps. 145:13). Op hierdie wyse word daar in die hele Bybel bely, dat God regeer (Ps. 47; Ps. 93; Ps. 95 tot 99). God se regering omspan verlede, hede en toekoms. In geen enkele fase van die geskiedenis is daar 'n werklike gevaar dat God se koningskap onderbreek sal word nie (Berkouwer, 1950:102). Die Godsregering is nie 'n abstrakte, onbeweeglike Synsmag nie, maar dit is die optrede van die God van Israel. Die God van die verbond, wat Israel leer ken het in sy verlossingsbesluite: "Dan sal jy besef dat Ek die Here is, jou Redder, dat die magtige God van Jakob jou Verlosser is." (Jes. 60:16.)

Die soewereine heerskappy van God geld vir die hele geskape werklikheid. Die heelal is die terrein waaroor God sy heerskappy voer. Zorn (1997:1) wys daarop dat: "In the broadest sense God's Kingdom refers to the furthest reaches of his sovereignty. God is sovereign and therefore he exercises control over everything he has created." Die heelal is God se ryksgebied. Hy is die Koning

vir sy volk Israel (Ps. 47:7). Hy is ook die Koning van die ganse aarde en Hy regeer oor die volke (Ps. 47:8-9). Dat God regeer blyk duidelik in die geskiedenis wat in die Bybel opgeteken is (Jes. 45:1-8; Dan. 2:36-45). God se Koningskap is universeel (Ps. 103:19). Dit strek oor die ganse skepping (Ps. 95:3-5): "Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot. Wie sou U nie dien nie, Koning van die nasies? Dit kom U toe. Onder al die konings van die nasies is daar niemand soos U nie." (Jer. 10:6-7.) Alles wat God doen het 'n doel. Hy maak alles diensbaar aan die koms van sy Koninkryk (Van Genderen en Velema, 1992:280).

### 3.17.4 Wyse van God se soewereine heerskappy

As dit kom by die wyse van God se soewereine heerskappy gaan dit nie net om die Goddelike heerskappy nie maar ook om die vrugte van sy heerskappy, naamlik seëninge soos geregtigheid, saligheid, vrede ens. wat sy onderdane mag geniet. Sy koningskap blyk uit sy verlossende handele en uit sy voortdurende leiding, maar ook uit sy oordele en gerigte.

- Die *feit* is: God heers as Koning.
- Die *terrein* is: Die heelal is die ryksgebied.
- Die *wyse* waarop God sy absolute heerskappy uitoefen is deur middel van die wette wat Hy vir die skepping gestel het. God se wet is die uitdrukking van sy wil vir die onderdane van sy ryk.

Hierbo is reeds daarop gewys dat alles wat God doen, 'n doel het. Hy maak alles diensbaar aan die koms van sy koninkryk. Ladd (1959:24) het die gedagtes raak saamgevat: "The Kingdom of God is basically the rule of God. It is God's reign, the divine sovereignty in action. God's reign, however, is manifested in several realms, and the Gospels speak of entering into the Kingdom of God both today and tomorrow. God's reign manifests itself both in the future and in the present and thereby creates both a future realm and a present realm in which men may experience the blessings of His reign."

Die Koninkryk is God se heerskappy oor en die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plante, dier, mens en engele (Heyns, 1967:118-125). Die burgers van die Koninkryk van God aanvaar God se heerskappy oor hulle lewe en gehoorsaam Hom (Kol. 3:17; Kol. 3:23).

### 3.17.5 Voorlopige gevolgtrekkings insake koninkryk van God in die Ou Testament

Tot die volgende konklusies word ten opsigte van die koninkryk van God in die Ou Testament gekom (Van Wyk de Vries, s.a.:40):

a. Die begrip koninkryk van God (מֶלֶךְ אֱלֹהִים) speel in die Ou Testament 'n betreklik ondergeskikte rol as in gedagte gehou word die sentrale posisie van die Koninkryk van God (βασιλεία τοῦ Θεοῦ) in die Nuwe Testament.

b. Die koninkryk van God beteken ook veelal 'n eienskap van God, naamlik sy mag en majesteit; dan word מַלְכוּת יְהוָה vertaal met koningskap.

c. Die koninkryk van God is in die Ou Testament baie meer kosmies as geestelik bepaal. Die Here God is Koning en Hy sal heers oor die koninkryke van die aarde; van die Messiaanse Koningsheerskappy word daarby aards gedink en ook so in die profesieë geteken.

d. Die koninkryk van God word veelal in verband gebring met die tydelike nood en ellende vanweë 'n wesenlike of nog voorspelde ballingskap, en dan só dat die stigting van die koninkryk saamval met die verlossing uit die tydelike nood.

e. Die koninkryk is "diesseitig" gesien (vgl. Veral 1 Kron. 28:5 [25]), dat daar nie per se van 'n eskatologiese moment sprake is nie.

f. As die antipode van die koninkryk van God moet gesien word die mag van die Bose, dog as sondige magskonsentrasie by die heidense volkere.

g. Van besonder belang vir die studie van die koninkryk van God in die Nuwe Testament is die nou samehang tussen die komende Messias en die komende Godsryk in die Ou Testament.

### 3.17.6 Samevatting

'n Aardse koninkryk bestaan uit drie dele: 'n grondgebied, inwoners van die grondgebied en 'n koning wat oor die gebied en die inwoners regeer. Die koninkryk van God val ook uiteen in drie dele: God wat as die almagtige, die Skepper **Koning** is; die ganse skepping as die **gebied** waaroor God as koning regeer en die **inwoners** van die koninkryk van God, die mense. Samevattend beteken dit: (a) God is koning van ewigheid af en Hy het (b) vir Hom 'n koninkryksgebied geskep en ook (c) die inwoners oor wie Hy regeer (Matt. 25:34 – "die koninkryk (βασιλείαν) wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af"). Hierdie grootse heelal vorm die skoutoneel van die *koninkryksgeskiedenis* (Ps. 103:19 – "Die HERE het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles").

---

25 "En uit al my seuns – want die HERE het my baie seuns gegee – het Hy my seun Salomo verkies om te sit op die troon van die koningskap van die HERE (מַלְכוּת יְהוָה) oor Israel." (2 Kron. 28:5.)

In die koninkryk van God gaan dit derhalwe om die feit **dát** God regeer; **wáár** en oor wíe God regeer en **hóe** God regeer.

Die gedagte van die heilryke soewereiniteit van God in die eerste plek as **daad** (koningskap, koningwees); tweedens as **terrein** (koninkryk, gebied waaroor en waarin die heerskappy uitgeoefen word) en derdens nog inhoudeliker: wat in hierdie **almagsuitoefening** in hierdie magsfeer gebeur en ontvang word (Van der Walt, 1962:32 v.).

## 3.18 Die koninkryk van God – 'n ondersoek in die Nuwe Testament

βασιλεία word in die Nuwe Testament vertaal met "koninkryk". Dit beteken eerstens 'n aardse koninkryk. Op grond van die Ou Testament is Jesus die Koning van die ware Israel in die Nuwe Testament. Daarom is daar in die Nuwe Testament ook sprake van die βασιλεία van Christus en die βασιλεία van God.

### 3.18.1 Die aardse βασιλεία

Die aardse βασιλεία wys op 'n koninkryk van 'n aardse koning, met sy ryksgebied en die burgers van die koninkryk. In die gelykenis van die ponde (Luk. 19:11-28) word van 'n man vertel wat na 'n ver land gereis (het) om vir homself 'n koningskap (βασιλείαν) te ontvang (vs 12). Dit sien op Jesus Christus wat deur die Vader na die aarde gestuur is om sy koninkryk in besit te neem. Jesus gebruik hierdie gelykenis om sy volgelinge voor te berei vir sy koninklike intog in Jerusalem. Die Satan het ten opsigte van die koninkryk van God, probeer om Jesus te verlei om aan sy Vader ongehoorsaam te wees deur aan "Hom al die koninkryke (βασιλείας) van die wêreld te wys" en belowe, om dit alles vir Jesus te gee as Hy die Satan sal aanbid. In die Skrif word die aardse βασιλεία gesien in teenstelling met die βασιλεία van God (Schmidt, 1964:580).

### 3.18.2 Die βασιλεία van die Satan

In God se Woord word daar ook melding gemaak van die koninkryk van die Satan (Matt. 12:26; Luk. 11:18): "En as die Satan ook teen homself verdeeld is, hoe sal sy koninkryk (βασιλεία) bly staan?" Die Skrif openbaar aan ons die Satan as die koning van 'n gode vyandige ryk. Hy word genoem: "die owerste van hierdie wêreld" (Joh. 12:31; Joh. 14:30; Joh. 16:11); "die owerste van die

mag van die lug" (Ef. 2:2); "die god van hierdie wêreld" (2 Kor. 4:4) (Coetzee, 1969:77). Tereg skryf Marshall (1985:6): "The frase Kingdom of God should be taken ro refer primarily to God's sovereignty rather than to the realm over which he is sovereign. It will then refer to God's sovereignty in contrast to that of Satan (Lk. 11:18) who is the ruler of 'this world' (Joh. 12:31; 14:40)." Hoewel die koningskap en die heerskappy van Satan oor die gevalle skepping in die kruisdood en opstanding van Christus ontneem is en sy gode vyandige aanslag op die Christus-Koning daarmee *finaal* misluk het, tog het God in sy alwyse en vrymagtige welbehae dit so gewil dat Satan se mag (sy *eksousia*) daarmee nog nie finaal vernietig is nie.

### 3.18.3 Die aardse βασιλεία van die uitverkorenes

Schmidt (1964:581) wys daarop dat βασιλεία ook gebruik word om die aardse koninkryk van God se uitverkore kinders aan te toon, byvoordeel dié van Dawid (Mark. 11:10).

### 3.18.4 Die βασιλεία van Christus

Jesus Christus is op die basis van die Ou-Testamentiese konings van die ware Israel in die Nuwe Testament die Koning (Schmidt, 1964:581). Daar is verskillende plekke in die Nuwe Testament sprake van Christus se βασιλεία (Matt. 13:41; Matt. 16:28; Luk. 1:33; Luk. 22:30; Luk. 23:42; Joh. 18:36; 2 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:18; 2 Pet. 1:11). Die βασιλεία van Christus is ook die βασιλεία van God. God is nie alleen Skepper-Koning nie maar Hy is ook Verlosser-Koning (Potgieter, 1965:10). In verskillende Skrifgedeeltes is daar gesamentlik verwysing na die koninkryk van God en die koninkryk van Christus (Efes. 5:5; Openb. 11:15; Luk. 22:29; Kol. 1:13; 1 Kor. 15:24). Daar is dus nie sprake van die βασιλεία van God en apart daarvan die βασιλεία van Christus nie. Jesus sê: "En Ek beskik vir julle 'n koninkryk (βασιλείαν) soos my Vader dit vir My beskik het" (Luk. 22:29). As tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid beklee Jesus Christus as die Seun, met die Vader en die Heilige Gees, die koningskap. Christus is ewig Koning (Luk.1:33; 2 Pet. 1:11; Hebr. 1:8; Openb. 11:15 & 17). Die koningskap van Christus moet in organiese samehang met sy Middelaarskap gesien word want Hy is Koning in diensknegsgestalte. In sy heerskappy bly Christus steeds afhanklik van God.[26] Want sy koninkryk is nie enigiets anders as die koninkryk van God nie. Die koninkryk van Christus is die heerskappy van God in die bedeling van die besondere genade. Die heerskappy van Christus vervang dus nie die heerskappy van God drie-enig, tussen die sondeval en

[26] Kuyper wys in De Gemeene Gratie, 1902, 3:277, daarop dat die Seun van die mens die uitwerking van die koms van die Godsryk afbid van die almag van God, waarin Hyself as Seun van God deel.

die wederkoms nie, want die bestuur van die ganse skepping is en bly die reg en die mag van die Drie-enige God (Potgieter, 1965:85).

Calvyn (Institusie, 1986, 2.15.3:651) skryf dat Christus se koningskap ewig en geestelik is: "Daaruit kan immers afgelei word waartoe dit dien, wat dit vir ons bied en die hele krag en ewigheid daarvan." Dan sluit Calvyn af (2.15.3:652): "Kortom: wanneer een van ons hoor dat die Koningskap van Christus geestelik is, moet hy deur die woord opgewek word en deurdring tot die hoop op 'n beter lewe. Wanneer hy hoor dat die kerk nou deur die hand van Christus beskerm word, moet hy die volle vrug van hierdie genade in die tyd wat kom, verwag."

### 3.18.5 Gevolgtrekking

Wanneer die terme מַלְכוּת en βασιλεία in die Heilige Skrif gebruik word in die sin van die **koninkryk van God**, dui dit altyd sy regeringswerksaamheid aan – nooit lokaliteit nie (Potgieter, 1965:5). Dit wil sy koningsheerskappy uitdruk.

Die gedagte aan 'n ruimtelike "koninkryk" is gevaarlik omdat in die Nuwe Testament "koninkryk" die gedagte van heerskappy, regeermag, koningskap voorop staan (Spoelstra, 1970, 4(13):45). In die prediking van Jesus Christus is daar deurgaans sprake van die koninkryk "zooals het op aarde tot stand komt" (Ridderbos, 1911:222). Hiermee is nie gesê dat die koninkryk van God nié die hemel sou omvat nie. Christus gee duidelik genoeg te kenne, dat die koninkryk van God beide hemel en aarde insluit. Maar in 'n groot mate is die koninkryk van God "weggesteek", verborge in sy aardse verskyning, "en de Koning zelf Zich nog achter het kleed van den Rabbi verbergt" (Ridderbos, 1911:227). Dit word duidelik in die feit dat die Koninkryk van God slegs ten dele geken kan word. Met sy eerste koms het Jesus Christus die koninkryk van God bekend gestel soos dit in hierdie tyd van sondegebrokenheid van toepassing was. Daarom kan dit net ten dele geken word. Na Christus se wederkoms breek die Koninkryk van God aan in sy volkomenheid (Ridderbos, 1911:227; Spoelstra, 1970:45).

Fravel (1970:22) verstaan onder die Koninkryk van God "the primary significance of the term seems to be associated with the idea of God's sovereignty, rule or goverance. The Bible also seems to use the term, however, to refer to the realm or sphere in which God reigns. The Kingdom of God is both present and future." Die kerk en samelewing het albei deel aan en is geroep tot gestaltegewing van 'n groter en omvattender werklikheid, naamlik die koninkryk van God. Kerk en samelewing het

albei hul onderskei plek en taak in die koninkryk, en eers van híéruit kan dus ook hul onderlinge verhouding tot mekaar, bepaal word (Heyns, 1974:37).

### 3.18.6 Definisies van die koninkryk van God

Helberg (1976:32) definieer die Koninkryk van God só: "Die soewereine, lewende God voer sy absolute heerskappy in en deur die geskiedenis deur sy Woord, in persoonlike verbondsgemeenskap met die mensdom, nieteenstaande hulle ten dode gevalle is." Floor (1974:1) bied die volgende beskrywing aan van die Koninkryk van God: "Grondliggend vir die begrip Koninkryk is die gedagte van heilryke soewereiniteit van God." In die soewereiniteit van God kan drie aspekte onderskei word. In die eerste plek is daar die daad van Gods soewereiniteit, naamlik die koningskap of die koning-wees van God. Tweedens is daar die terrein, die gebied waaroor en waarin Gods heerskappy uitgeoefen word. Dit staan bekend as die Koninkryk as ryksgebied, en derdens word ook alles wat in hierdie almagsuitoefening en in hierdie magsfeer gebeur en ontvang word as Koninkryk aangedui. Duvenage (1969:121) formuleer die koninkryk só: "Onder koninkryk van God of koninkryk van die hemele (soos Matteus dit gewoonlik noem) is dan verstaan die handeling en die heerskappy van God as Koning met betrekking tot heel die kosmos, die nuwe situasie as Hy sy koninklike heerskappy deurvoer en selfs die gebied wat onder sy heerskappy sal staan en waarbinne die weldade van die koninkryk geniet word." Marshall (1985:7) se definisie is kort en bondig: "Thus the Kingdom of God is the full and powerful manifestation of the sovereignty which God already exercise over the world."

Eenvoudigheidshalwe kan hier drie kernbetekenisse onderskei word (Van der Walt, 1986:9):

- Die eerste (en belangrikste) is: dát God Koning is, dát Hy regeer – dus eintlik: die koningskap van God, die koning-wees van die Here.
- Dit kan tweedens ook die gebied aandui waaroor God regeer en die mens van wie Hy koning is – dus: die magsweer van God, sy ryksgebied en die burgers van sy heerskappy.
- En in die derde plek word dit ook gebruik vir wat daar in sy domein gebeur en wat sy onderdane te beurt val – met ander woorde, die vrugte, die gevolge, die seëninge van sy heerskappy, soos vrede, saligheid, geregtigheid, heerlikheid.

Dit alles vat Van der Walt (1986:9) saam: die feit, die terrein en die wyse van God se koningsheerskappy. Maar die eerste betekenis is en bly die hoofsaak. Die koninkryk van God beteken dus meestal dát God Koning is, dát die Here regeer.

## 3.19 Die koninkryk van God en die sondeval

Die verwoestende uitwerking van die sonde op die skeppingswerk van God is 'n werklikheid. Die sondeval het die heerskappy van God in en oor die wêreld nie laat verdwyn nie, en dit het ook nie alle gehoorsaamheid vernietig nie. Dit het wel die invloed gehad dat die onderdane van God in plaas van sy heerskappy te aanvaar en hulle daaraan te onderwerp, hulle daarteen verset het en sy gesag oor en aanspraak op hul lewe verwerp het: "God is sovereign, but not all his creation acknowledges or acquiesces in that sovereignty. This is due to the presence of sin in the universe which God has made." (Zorn, 1997:1.) Die mens se antwoorde op God se *woord* het 'n *teenwoord*, in plaas van 'n *ja-woord* geword (Heyns, 1974:39). Vanweë die sonde het daar chaos en wanorde in die natuur en in die hart van die mens gekom. In plaas van gehoorsaamheid is daar ongehoorsaamheid. Die sonde word nie alleen in die hart van enkele mense aangetref nie, maar ook in die kollektiewe gedrag van groepe, klasse, lewenskringe en volke.

Te midde van 'n mensheid wat altyd dieper ingaan in die verheerliking van die sonde, bestaan 'n koninkryk wat die genadeheerskappy van God is oor almal wat Hy in die ewigheid uitverkies het en waardig geag het om burgers van sy ryk te wees. En dié koninkryk het moontlik geword deur die openbaring van God se geregtigheid en liefde in die versoening deur Christus Jesus en wat tot stand kom deur die wederbarende werking van die Heilige Gees (Van Wyk de Vries, s.a.:5).

'n Hele reeks beskouinge oor die koninkryk van God verdien aandag want dié sieninge loop uit op 'n verskraling van die ryke inhoud wat die Skrif aan die koninkryk van God toeken (Heyns, 1974:37).

- Die *vertikalisme* gaan van die standpunt uit dat die koninkryk bloot 'n innerlike werklikheid is waarin dit om die redding van die siel van die mens gaan, sy vrede by die kruis van Christus.
- Die *horisontalisme* leer dat die koninkryk van God 'n sosiaal-maatskaplike werklikheid is met ontwikkeling en vooruitgang as kernmomente.
- Die *futurisme* redeneer dat die koninkryk van God nie in die huidige is nie, maar dat dit 'n toekomstige werklikheid is. Dit beteken dat ons nog nie in die koninkryk is nie, maar ons is opweg daarheen.
- Die *aktivisme* gaan uit van die standpunt dat alles in die koninkryk van God afhang van die aktiwiteite van die mens. Orals waar verandering deur die mens bewerk word, daar is God.

Heil as vrug van wedergeboorte en van vergewing van sondes word geheel verweef met heil in maatskaplike en sosiale sin.

- Die *kwiëtisme* is 'n leerstelling dat dit in die koninkryk van God nie gaan om die handelinge van die mens nie, maar om dié van God. Die mens arbei nie om die koninkryk nie, maar wag op die koninkryk van God.
- Die *antroposentrisme* is 'n skeeftrekking waarin geleer word dat die koninkryk van God nie die ganse kosmos insluit nie, maar dat dit eintlik net tot die mens beperk is.

Teen hierdie sestal eensydige standpunte sal gewaak moet word, veral waar die saak van die koninkryk van God toegepas word op die terrein van die kategese.

## 3.20 Die koninkryk van God is 'n teenwoordige realiteit

### 3.20.1 Die koms van die Heilige Gees

Een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die mensheid is die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in Jerusalem. Toe die Heilige Gees op daardie dag in die kerk gaan woon het, het daarmee die koninkryk van God op aarde gekom (Floor, 1974:1). Onder al die koninkryke, republieke, demokrasieë, federasies, konfederasies en gemenebeste is daar sedert Pinksterdag ook die koninkryk van God. In sy prediking het Johannes die Doper altyd nou verband gelê tussen die koninkryk van God wat naby gekom het en die Koning (Van Wyk de Vries, s.a.:65; Zorn, 1997:4). Johannes die Doper se koninkrykprediking is niks anders nie as Christusprediking (Joh. 1:29; Matt. 3:2-3).

Ten opsigte van die koninkryk is daar 'n verskil in die koms van die koninkryk voor en na die opstanding van Christus. Die aanvanklike realisering van die koninkryk van God het eers moontlik geword deur die koms, die sterwe en die opstanding van Jesus Christus (Floor, 1981:34). Pinkster is die verwerkliking van die koninkryk van God op aarde, want die Heilige Gees wat op Pinkster gekom het, is die Gees van die verheerlikte Christus, die Gees van Christus die Koning (1 Pet. 4:14). Die heerskappy, die koningskap van Christus, word sedert Pinkster gerealiseer deur die Heilige Gees.

### 3.20.2 Die bediening van Jesus Christus

Dat die koninkryk van God 'n teenwoordige realiteit is word deur Jesus Christus in sy prediking geleer. Des te duideliker word die realiteit van die koninkryk van God gesien in die oorwinning van Jesus Christus oor die Satan: "Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom." (Matt. 12:28.) In sy wondertekens openbaar Jesus Hom as Koning wat heers oor mens, dier, plant, oor duiwels, siekte, sonde, die lewe en die dood. Die uitdrywing van duiwels, soos dit deur Jesus Christus gedoen is, is die onomstootlike bewys dat die koninkryk van God gekom het (Van Wyk de Vries, s.a.:66). Reeds by Jesus se eerste uitdrywing van duiwels word 'n aanduiding gegee van die betekenis daarvan. Dit is te vind in die uitroep van die skare mense: "Wat vir 'n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied en hulle laat gaan" (Luk. 4:36). Markus (1:27) skrywe: "Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?" Jesus openbaar in die uitdrywing van die duiwels sy mag, sy *eksoesia,* sy heersersgesag oor die Satan en die sataniese magte (Coetzee, 1969:81).

### 3.20.3 Jesus verkondig dat die koninkryk in hulle midde is

As Jesus deur sy optrede van duiweluitdrywing bewys dat Hy die duiwel oorwin het, staan dit vas dat die koninkryk van God 'n aanwesige realiteit is. Jesus sê: "En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God (ἡ βασιλεία του Θεοῦ) kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle" (Luk. 17:20-21). Oor die vertaling *"want die koninkryk van God is binne-in julle"* (γὰρ ἡ βασιλεία τοῦ Θεοῦ ἐντὸς ὑμῶν ἐστιν) is daar nie eenstemmigheid nie. Dit gaan in die besonder om die vertaling van ἐντὸς ὑμῶν ἐστιν. In verskillende Bybels is dit só vertaal:

- Die 1933 Afrikaanse vertaling: "want die koninkryk van God is **binne-in julle.**"
- Die 1983 Afrikaanse vertaling: "want die koninkryk van God is **hier by julle.**"
- Die 1951 Nederlandse vertaling: "Want zie, het Koninkrijk Gods is **bij u.**"
- Die 1977 Jay E. Adams vertaling: "God's empire is **in your midst!**
- Die 1963 Duitse vertaling: "Den siehe, das Reich Gottes ist **mitten unter euch.**"
- Die 1982 New King James Version: "For indeed, the Kingdom of God is **within** you."
- Die Vulgata: "Ecce enim regnum Dei **intra vos est.**" Die vertaling met *intra* in plaas van *inter* dui daarop dat die vertalers ook bedoel het die koninkryk van God is **"binne-in julle"**. Cassell's (1959:323) dui aan dat *intra* vertaal moet word met "within" of met "inside".

- Rienecker (1980:193) wys daarop dat ἐντὸς in die genitief staan en vertaal moet word met *"within, in the midst of, among"*.

Die vertaling van ἐντὸς ὑμῶν ἐστιν is belangrik ten opsigte van die verhouding van die gelowiges met en tot die koninkryk van God. Daar moet in gedagte gehou word dat Christus in Lukas 17:20-21 nie met die disippels of van sy volgelinge gepraat het nie maar met die Fariseërs, hulle wat Hom as die Messias verwerp het en teenstanders was van sy leer. Hulle het vir Jesus gevra wanneer die koninkryk van God sal kom. Die Fariseërs het geglo dat die koninkryk van God sal kom. Maar hulle het dit as 'n aardse koninkryk met geografiese grense verwag. Hulle verwag dit as die koninkryk van Israel met 'n koning wat in Jerusalem vanaf 'n troon regeer en wat hulle van die onderdrukking van die Romeine sal verlos. Jesus sê dat die koms van die koninkryk van God nie uit voortekens bereken kan word nie. Die rede daarvoor is omdat die koninkryk van God in Jesus reeds daar is. "Want die koninkryk van God is binne-in julle." Hiermee dui Christus aan dat die koninkryk van God nie 'n uitwendige saak is nie maar 'n inwendige saak is. Die is nie 'n saak wat uiterlik waarneembaar is nie, maar dit is 'n innerlike saak van die hart. Die teenstelling is dan duidelik want die koninkryk van God is ook 'n saak van die hart, maar van die lewe en van die hele wêreld (Van Wyk de Vries, s.a.:68).

Daar is beswaar teen die vertaling *binne-in julle* want Jesus praat met die Fariseërs wat nie in Hom geglo het nie. *Binne-in julle* sou dan beteken dat die koninkryk van God ook in hulle harte sou wees wat beslis nie die geval is nie. Daarom moet ἐντὸς ὑμῶν ἐστιν vertaal word met *"want die koninkryk van God is hier by julle"*. Dit sou die mees korrekte wees om ἐντὸς ὑμῶν ἐστιν te vertaal met *in julle midde* soos Rienecker (1980:193) dit aanbeveel en soos dit o.a. in die Vulgata vertaal is. Die koninkryk van God is rondom die Fariseërs, in hulle midde, maar hulle sien dit nie raak nie. Jesus bedoel hier Homself en die dissipels. Die koninkryk van God bestaan verder in gelowige gemeenskap met Hom, en deur die werkinge van die Heilige Gees van uit Jesus in die syne (Van Wyk de Vries, s.a.:68). 'n Persoonlike verhouding met Jesus is die antwoord op wat die koninkryk van God is en wanneer en waar dit sal kom. Omdat die koninkryk van God 'n inwendige saak is val die klem op die geestelike verandering wat daar in die harte van sy volgelinge moet wees.

## 3.21 Die koninkryk van God is ook 'n toekomstige realiteit

### 3.21.1 Die koninkryk wat was, is en kom

Naas die Skrifplekke wat spreek van die teenwoordige realiteit van die koninkryk van God, is daar uitsprake wat daarop dui dat die koninkryk van God nou ***is***, maar dat die koninkryk van God ook ***groei*** en ***ontplooi*** tot 'n koninkryk wat ***kom*** in volkomenheid (Van Wyk de Vries, s.a.:71). Inderdaad is dit so dat die koninkryk van God in die wêreld gekom het met die koms van die Koning, Jesus Christus. Aan die ander kant lees ons in die Heilige Skrif ook dat die koninkryk ***sal*** kom – dat dit, ten minste wat sekere aspekte daarvan betref, nog komende is (Kempff, 1969:313). In die gelykenisse wat telkens begin met "die koninkryk van die hemele is soos" dui Christus op die ontwikkeling van die koninkryk van God (Matt. 13 & Mark. 4). In die sogenaamde "koninkryksgelykenisse" verduidelik Christus dat die koninkryk van God nie sommer meteens daar is nie. Die Koning van die koninkryk, die Messias, het wel gekom, en in Hom breek die koninkryk reeds beslissend deur, maar dis eers finaal daar met die wederkoms. Soos wat dit met Johannes die Doper gebeur het (Matt. 11:1-19) kon daar oor die saak van die koninkryk van God twyfel ontstaan het. Daarom maak Christus van die gelykenisse gebruik sodat die mens kan verstaan hoe die koninkryk van God kom.

### 3.21.2 Die koninkryksgelykenisse

Die koninkryksgelykenisse het duidelik twee pole: daar is 'n duidelik aanwysbare beginpunt en 'n duidelike eindpunt. Tussen die beginpunt en die eindpunt van die gelykenisse is daar 'n noodsaaklike tydperk waarin byvoorbeeld die saad eers moet groei of die suurdeeg die meel moet deursuur. By die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die saaier word dieselfde orde gevind. Die hoofsaak van die koninkryksgelykenisse is dus die koninkryk van God en hoe dit kom, hoe in die koninkryk gelewe moet word en die heenwysing na die afwagting van die voltooing van die koninkryk van God by die wederkoms. Die waaksaamheidsgelykenisse (Matt. 24-25; Mark. 13; Luk. 21) dui daarop dat die afwagting van die voltooiing van die koninkryk van God met die wederkoms nie 'n passiewe wag is nie. Dit wys die gelowiges daarop dat hulle nie net moet wag nie, maar juis besig moet wees met die werk van Christus wat aan die gelowiges opgedra is.

### 3.21.3 Teenwoordige en toekomstige realiteit

Uit die Skrifgegewens is dit duidelik dat die koninkryk van God 'n teenwoordige en 'n toekomstige realiteit is (Van Wyk de Vries, s.a.:76-85). Soos in die Ou Testament die geval is, bly die koninkryk van God in die Nuwe Testament in noue samehang met Christus. Wat die teenwoordige realiteit van die koninkryk van God betref gaan dit om die selfgetuienis van Jesus, wat die toekomstige betree om sy wederkoms. Die koningsheerskappy van God in sy koninkryk, na sy praesens-futurum realiteit,

word soos volg deur Van Wyk de Vries (s.a.:79) omskrywe: "Dit is eers die koninklike heerskappy van God oor die mense, sodanig dat Hy in hulle troon, en hulle, as burgers van die ryk, met hulle ganse hart en uit liefde hulle aan Hom onderwerp. Maar hierby moet ons nie bly staan nie. Verder, die koninkryk van God wat geestelik is, innerlik in ons setel, openbaar hom ook na buite in die onderwerping van die hele lewe en die hele wêreld aan die eer van sy Naam en vertoon hom as 'n waaragtige regering op hierdie aarde. So was dit in die paradys; so is die koninkryk en moet dit aanvanklik wees in die lewe van die kinders van God in hierdie wêreld, en so sal dit eenmaal volmaak wees op die nuwe aarde, waar louter geregtigheid woon en waarop die wedergebore wêreld ten volle die karakter van 'n eintlike koninkryk sal vertoon."

Die teenwoordige en die toekomstige realiteit van die koninkryk van God word ook sigbaar in die inhoud van die Nuwe Testament na Pinkster. Die inhoud van die Handelinge van die apostels beklemtoon die gekome koninkryk in sy uitbreiding. In die sendbriewe gaan dit om die ontvouing van die koninkryk. In die sendbriewe maak die Here bekend hoe die gelowiges op alle terreine van die lewe soos burgers van die koninkryk van God moet lewe. In Openbaring gaan dit om die voltooiing, die voleinding van die koninkryk van God.

Dat die kerk in absolute sin aan die Here behoort, dit wil sê God se eiendom is, beteken nie net dat die kerk op grond van sy verhouding tot God, 'n eie karakter sal vertoon, of 'n *eie* binne-kerklike lewe sal hê nie, maar dat die kerk ook tot die wêreld in 'n besondere verhouding sal staan. Wat nie-eiendom (wêreld) is, moet eiendom (kerk) gemaak word; want wat nóu eiendom is, was vroeër ook nie-eiendom (Heyns, 1967:34).

## 3.22 Koninkryk en wêreld

### 3.22.1 Die betekenis van κόσμος

Dit gaan in die besonder om die verhouding tussen koninkryk en wêreld. Jesus Christus gebruik teenoor Pilatus die woord *wêreld* in verhouding tot koninkryk: "My koninkryk (ἡ βασιλεία ἡ ἐμή) is nie van hierdie wêreld nie (τοῦ κόσμου τούτου); as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie (νῦν δὲ ἡ βασιλεία ἐμὴ οὐκ ἔστιν ἐντεῦθεν)." (Joh. 18:36.) Die twee begrippe wat hier teenoor mekaar te staan kom in dit wat Christus sê, is βασιλεία en κόσμος. Κόσμος het in die Nuwe Testament die volgende drie betekenisse (Kempff, 1969:306-309):

a. Die eerste betekenis van κόσμος is: dit dui op die wêreldgeheel, as samevatting van alles wat geskape is.

b. Die tweede betekenis van κόσμος is dat dit dui op die woonplek van die mense, die toneel van die geskiedenis, die ekumene, die aarde.

c. Derdens dui κόσμος op die mensheid, die gevalle skepping, toneel van die verlossingsgeskiedenis en die samelewingsverbande.

Die gelowige is koninkryksmens in die samelewing. Die verbondskinders moet toegerus word vir hulle plek in die samelewing wat onderworpe is aan 'n proses van voortgaande differensiasie (Floor, 1974:59). Daar is in die samelewing van ons tyd 'n veelheid van lewensterreine wat in sy bont verskeidenheid die samelewing hoogs interessant maar ook uiters ingewikkeld maak. Die eerste twee lewenskringe waarin die verbondskind opgeneem is, is die gesin en die kerk. Namate die kind tot volwassenheid groei word die gebied van die staat, die kultuur, die terrein van sport en ontspanning, die maatskappy met sy meer sosiale en meer ekonomiese aspek vir die kind ontsluit (Brillenburg Wurth, 1951:18-19).

### 3.22.2 Die mondige wêreld

Die wêreld waarin die verbondskind as Koninkrykskind moet leef en optree word die **mondige wêreld** genoem. Floor (1974:59) verwys na die bekende Duitse teoloog en martelaar, Dietrich Bonhoeffer, wat hom besonderlik besig gehou het met die probleem van die mondigwording van die wêreld. Dit het betekenis vir die koninkryk van God as Bonhoeffer in sy beroemde werk, *Widerstand und Ergebung* (1951), 'n bundel van sy briewe wat hy in sy gevangenskap geskryf het daarop wys dat die wêreld hom in politieke, tegniese, wetenskaplike en kulturele opsig bevry het van bevoogding en daarom die mensheid in staat om sonder inmenging van buite af, of liewers van bo-af, sy eie sake te behartig en op te los. Die ontvoogdingsproses, die mondigwording van die wêreld het egter tot gevolg dat die mens hom steeds minder afhanklik gevoel van God. Die toename van wetenskaplike en tegniese mag stel die mens in staat om in die samelewing, sonder die hulp van God en van die kerk klaar te kom.

### 3.22.3 God nie meer in die sentrum nie

Die hele proses van sekularisasie vanuit die vorige eeu in die hede het gemaak dat God nie meer in die sentrum van die lewe staan nie. Die mag en die almag van God moes plek maak vir die mag en prestasievermoë van die mens (Floor, 1974:60). Dit kan tereg gevra word of daar nog wel iets soos

'n inwerking van die koninkryk van God op die samelewing in sy moderne, gesekulariseerde vorm is? Die antwoord is onomstootlik: Ja! Want God het met die oog op die wêreld, wat bedoel was as sy koninkryk, maar waarin daar sonde gekom het, 'n tussentydse reëling getref: God het die *kerk* in die lewe geroep met die bedoeling om in diens van sy koninkryk te staan (Heyns, 1974:41). God het in Christus op die kerk beslag gelê, sodat hier, in profetiese voorlopigheid, sy genadige heerskappy in die harte van mense bekend sou word. In die kerk word die boodskap van die koninkryk verkondig. Maar in die kerk gaan dit ook om 'n belewing van die heil en daarom om 'n eksemplariese vóórleef aan die wêreld van wat saam-wees in die koninkryk beteken.

### 3.22.4 Vergoddeliking van die mens en vermensliking van God

Daar moet gewaak word teen die vergoddeliking van die mens en die vermensliking van God as dit kom by die invloed van die Koninkryk van God op die samelewing. Vroeër is daar van die standpunt uitgegaan dat waar God met sy Gees en Woord werk, daar kom verandering en vernuwing as vrug van die koninkryk van God (Floor, 1974:60). Tans word die stelling omgekeer: orals waar verandering bewerk word, daar het God se verandering en vernuwing in die mens gekom. Teenswoordig word die teenoorgestelde geleer, naamlik dat oral waar daar deur die aktiwiteit van die mens verandering en vernuwing kom, daar is God teenwoordig (Dit is die gevaar van *aktivisme*). Die standpunt vroeër was dat daar vanweë die aksie van God, deur sy Gees en woord verandering en vernuwing kom as vrug van die koninkryk van God. Heil as vrug van die wedergeboorte en van vergewing van sondes word geheel verweef met heil in maatskaplike en sosiale sin. Hieruit spruit twee gevolge:

- Op hierdie wyse kry die vernuwingsdade van die mens in die samelewing 'n goddelike karakter. Wat mense in die samelewing doen word as werk van God gekwalifiseer.
- Hierin het die mens tot die gesekulariseerde standpunt gekom dat God daarin vermenslik is.

Die kerk is die belangrikste skakel tussen die koninkryk van God en die samelewing (Floor, 1974:61). Die lidmate van die kerk is tegelyk mense wat staan in die maatskappy. Die kerk is die vergadering van die burgers van die koninkryk van God. Hulle is tegelyk ook staatsburgers. Die kerk en die koninkryk kan nie sonder die mens ingedink word nie. Dit is juis die koninkryk wat tot die hoogste mate van aktiwiteit en tot 'n dinamiese en maksimale ontplooiing van die skepping aanspoor (Heyns, 1974:40; Zorn, 1997:6-7).

### 3.22.5 Die koninkryk van God word in die samelewing gerealiseer

Dit is deur middel van die kerk waardeur die koninkryk van God op die samelewing inwerk: "Die Kerk saai die saad van die Woord en die Gees gaan saam met die Woord sodat daar nuwe mense kom, mense wat Christus as hul Koning erken en dien." (Floor, 1974:72.) Die vraag is hoe die gelowige 'n invloed uitoefen op die wêreld en die samelewing rondom hulle. Dit gebeur net waar mense wat nuutgemaak is deur die Heilige Gees gaan lewe volgens die riglyne van God se Woord. Waar hulle deur die Heilige Gees gehoorsaam en oorgegewe leef uit die Heilige Skrif daar word 'n invloed uitgeoefen op die wêreld. Vernuwing van die samelewing vind dan ook op 'n besondere wyse plaas. Die vernuwing van die samelewing is onskeidbaar van die Gees, die Woord, die kerk, die ampte en die sakramente. As die heil in die samelewing gerealiseer word bring dit 'n groot verskeidenheid mee, selfs 'n teenstrydigheid kan gevind word. Dit is die gevolg van die veelheid van lewensgebiede, die veelheid van mensetipes en die veelheid van tye waarop, vir wie en waarin die heil gerealiseer moet word (Floor, 1974:74).

## 3.23 Onderskeid tussen kerk en Koninkryk van God

### 3.23.1 Onderskeiding en ooreenstemming

Bannerman (1955:249-250) merk op: "It may be enough to say that practically the kingdom of God in this world is just the church at work." Bannerman se standpunt is 'n vereenvoudiging van die vraagstuk. Bright (1953:236) vereenvoudig weer die saak na die anderkant toe: "There is no tendency in the New Testament to identify the visible church with the kingdom of God." Zorn (1997:2) merk op dat die siening van Bright korrek sal wees indien die koninkryk van God en die koninkryk van Christus rigied van mekaar geskei word. Op grond van Efesiërs 5:5 kan die koninkryk van God en die koninkryk van Christus nie geskei word nie want dit is een: "Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie."

Volgens Duvenage (1969:122), Bingle (1969:316) en Floor (1974:61) is die onderskeid tussen die kerk en die koninkryk van God die volgende:

- Kerk en koninkryk is nie identies nie maar gedifferensieerd.
- Daar kan geen botsing tussen kerk en koninkryk wees nie. En tog is die twee nie een nie.
- God bou sy koninkryk net soos Hy sy kerk bou op die ewige rots Jesus Christus.
- God bou sy koninkryk net soos Hy sy kerk deur die eeue bou met dieselfde mense.

- Die koninkryk is wyer, ruimer as die kerk. Die kerk is die plek waar die gawes en die kragte van die koninkryk, vir sover dit teenwoordig is, geskenk en ontvang word.
- Die kerk bestaan net vir 'n bepaalde tyd, maar die koninkryk is ewig.
- Die koninkryk van God het 'n allesomvattende greep op die ganse skepping, want alles wat God geskep het is sy koninkryk.
- Geen mens kan tot slegs een van die twee behoort nie.
- Die verbondenheid, die wederkerige betrokkenheid op mekaar van kerk en koninkryk, is so veelsydig dat dit nie maklik in 'n bepaalde formule saamgevat kan word nie.
- Die kerk is die vergadering van die burgers van die koninkryk van God.
- Die kerk is 'n faset van die koninkryk dog nie maar net nog een nie maar die glanspunt van hierdie diamant van soveel skittervlakke – die glans wat die glorie aan die edelsteen gee.
- Daarom mag die kerk hom van geen enkele faset of bedrywigheid van die mens distansieer nie.
- Die kerk is die ruimte waar die boodskap van die koninkryk op die rusdag verkondig en waar die koninkryk liturgies in die erediens gevier word.
- Die kerk is die gemeenskap van hulle tot wie die evangelie van die koninkryk gekom het.
- Die kerk is die gemeenskap wat op die koms van die koninkryk wag en daarvoor bid.
- Die kerk het 'n bepaalde taak ontvang ten aansien van die koninkryk.
- Die kerk is die volk wat op weg is na die eskatologiese voleinding van die ryk, die hemelse vaderland, die nuwe aarde en die nuwe hemel wat God beloof het.
- Die koninkryk het 'n normatiewe funksie ten opsigte van die lewe van die kerk.
- Die kerk het nou reeds deel aan die koninkryk.

Die saambindende faktor van die kerk en die koninkryk is Jesus Christus want Hy is die sentrum van beide. Dit is veral in sy brief aan die Efesiërs wat God deur die pen van Paulus wys op Christus in sy soewereiniteit oor alle dinge. As gewys word op die besondere sentrale betekenis van Christus vir die kerk word dit in breër verband aangetoon, die kosmiese heerskappy van Christus.

### 3.23.2 Verhouding tussen kerk en koninkryk

Om die kerk en die koninkryk in verhouding met mekaar te verstaan is dit nodig om die inhoud van Efesiërs 1 en Kolossense 1 na te gaan.

#### 3.23.2.1 Efesiërs 1

In Efesiërs 1:22 word duidelik twee terreine beskrywe: *"En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee."* In vers 19-21 word Christus se koningskap en sy heerskappy beskrywe. In vers 22a word getuig dat Hy "alle dinge onder sy voete onderwerp" het (πάντα ὑπέταξεν ὑπὸ τοὺς πόδας αὐτοῦ). Hierdie uitdrukking, "alle dinge onder sy voete onderwerp", gebruik Paulus in 1 Korintiërs 15:25-28 uitdruklik vir die koninkryk van God. Daarom word die βασιλεια in Efesiërs 1:22a aangedui, al word die naam koninkryk hier nie genoem nie en in vers 22b word met name die ἐκκλησίᾳ genoem (Van Wyk de Vries, s.a.:86; Duvenage, 1969:126). Die twee terreine wat onderskei word beheers die hele Efesiërs hoofstuk 1. Vers 7: *"In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade"* (ἐκκλησία) en vers 10: *"met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig* (βασιλεια)." Volgens vers 22 is hierdie twee terreine streng geskei. Daar is allereers die koninkryk en daarin is alles onder Christus se voete gestel. Dan is daar die kerk wat sy liggaam is en waarvan Hy die Hoof is.

By die koninkryk staan Christus bo alles. In die kerk staan Christus nie alleen bo alles nie, maar Hy is ook daarmee 'n eenheid; Hy is die Hoof en die kerk is die liggaam. Die koninkryk van God omvat die hele kosmos, die hele skepping, die heelal in sy onmeetbare grense. Die kerk omvat net die mense en van die mense alleen hulle wat glo. Wanneer Christus Hoof van die kerk genoem word dan behou "Hoof" die konnotasie van Gesagshoof (Van der Walt, 1976:47). Die Hoof beheer en bestuur alles. Hoof van die kerk is vir Christus nie 'n blote ereposisie nie maar Christus verrig werklik die diens van 'n Hoof in die liggaam van die kerk. Hierdie plek van Christus kan in die kerk aan geen sterflike mens toegeken word nie. As Hoof van die kerk gee Christus aan die kerk lewe deur sy regering.

#### 3.23.2.2 Kolossense 1

Dieselfde verhoudinge word beskryf deur Paulus in Kolossense 1: *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."* In Kolossense lê Paulus, anders as in Efesiërs, meer nadruk op die kosmiese betekenis van Christus en hy gee in hierdie teks 'n

uiteensetting van die posisie van Christus in die koninkryk van God maar kom tog eindelik weer uit by Christus as die Hoof van die gemeente (vs. 18). Hier stel Paulus die betekenis van Christus in volle lig. Sy verlossingswerk het onbeperkte dimensies. In die vergewing van sondes is ook die verlossing uit die koninkryk van die duisternis vervat. God het die gemeente oorgeplaas in die allesomvattende magsgebied van die Seun van sy liefde (Van der Walt, 1976:30).

In die sentrale perikoop, Kolossense 1:15-20. word dit nader toegelig met die allesbeheersende plek van Christus oor God se hele skepping. Uit die magsgebied van die Satan het God sy volk verlos deur hulle in die mags- en ryksgebied van die Seun van sy liefde oor te bring (vs. 13). Christus ontruk die gelowiges aan die mag van die duisternis (Van der Walt, 1976:31). Hulle is uit die mag van die duisternis oorgebring (μετέστησεν) in die werklikheid van die koninkryk van God.

In vers 18 skryf Paulus van die kerk: *"En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente* (καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος, τῆς ἐκκλησίας)." Hier hoor ons weer die verbondenheid tussen die kerk en Christus, nl. liggaam en hoof. Al ontbreek in hierdie hoofstuk 'n term wat miskien vir βασιλεια gebruik word, is daar tog rede genoeg om aan te neem dat ook hier met die tweede kring die βασιλεια aangedui word (Van Wyk de Vries, 1950:87). Die Skrif trek die skerp onderskeiding tussen Christus as die Hoof van die kerk en Christus as Koning in die koninkryk. Hiermee is die skerp onderskeiding tussen kerk en koninkryk ook getrek. Christus is vir die kerk nie alleen Hoof nie maar ook Koning. Duvenage (1969:132) skryf dat Kuyper reeds in "Pro Rege" (I. 1911:340) duidelik daarop gewys het dat aangesien die kerk nie buite die koninkryk staan nie maar 'n inherente deel daarvan vorm, die koninklike heerskappy van Christus ook wel deeglik daaroor gaan. Die Bybel leer ook duidelik dat daar 'n sterk betrokkenheid van kerk en koninkryk op mekaar is omdat beide sentraal in Christus gekwalifiseer is.

## 3.24 Die karakter van die Koninkryk

Ridderbos (1972), Floor (1974 & 1981), Helberg (1976), De Beus (1979) en Marshall (1985) gee aandag aan die karaktereienskappe van die koninkryk van God. Die volgende word onderskei:

1. Die *teosentriese* karakter van die koninkryk van God.
2. Die *Messiaanse* karakter van die koninkryk van God.
3. Die *pneumatologiese (geestelike)* karakter van die koninkryk van God.
4. Die *woord*-karakter van die koninkryk van God.
5. Die *persoonlike* karakter van die koninkryk van God.

6. Die *gemeenskap*skarakter van die koninkryk van God.
7. Die *paradoks*karakter van die koninkryk van God.
8. Die *historiese* karakter van die koninkryk van God.
9. Die *kerklike* karakter van die koninkryk van God.
10. Die *sosiale* karakter van die koninkryk van God.
11. Die *dinamiese* karakter van die koninkryk van God.
12. Die *teenswoordige* karakter van die koninkryk van God.
13. Die *toekomstige* karakter van die koninkryk van God.

## 3.24.1 Die *teosentriese* karakter van die koninkryk van God

### 3.24.1.1 God Drie-enig is Koning

Die koninkryk van God moet verstaan word teen die agtergrond van die feit dat God Koning is. Die idee van die koninkryk is dié "*van de koninklijke zelfhandhaving Gods, van de realisering van zijn rijk, van zijn komen tot de wereld om Zich in zijn koninklijke majesteit, koninklijke kracht en koninklijke recht te openbaren*" (Ridderbos, 1972:36). Die koninkryk van God dra dus 'n teosentriese karakter want God vorm die sentrum daarvan. Die koninkryk beteken verlossing, omdat God sy koningsgeregtigheid gestand doen aan diegene wat hulle vertroue op Hom stel. God handhaaf sy koninklike wil teenoor almal wat dit teenstaan. Alles konsentreer om die goddelike quant à moi, om sy self-regverdiging en self-handhawing teenoor alles wat sy koningskap weerstaan (Ridderbos, 1972:37).

### 3.24.1.2 Die koninkryk van God en die Vader

Die koninkryk van God is in die besonder gerig op die belydenis van God as Vader (Luk. 12:32; Luk. 22:29; Matt. 13:34; Matt. 25:34). Die gesamentlike waarheid van hierdie viertal teksverse is dat God as Vader die koninkryk aan Christus en die dissipels en gelowiges gegee het. Van beslissende betekenis is dat Jesus die Pater Noster (Matt. 6:9-10) begin met "laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied". Die eerste drie bedes staan in 'n besondere verhouding. Die bede "laat u koninkryk kom" word aan die een kant omvat deur die bede "laat u Naam geheilig word", en aan die ander kant deur die bede "laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel". Die bede om die *koninkryk* word omvou deur die bedes om God se *Naam* (vooraf) en God se *wil* (agterna). Die betekenis van die koms van God se koninkryk word effektief waar God se Naam geheilig word, en dit word sigbaar waar sy geopenbaarde wil geskied: "Komst van het

koninkrijk is daarom vóór alles betoning van de goddelijke heerlijkheid, het weer in volle omvang opnemen en handhaven van zijn rechten op de aarde." (Ridderbos, 1972:37.) Dit het die deurslaggewende betekenis dat elke vorm van antroposentriese of humanistiese onderrigleer in die kategese in die wortel afgesny is.[27] In die koms van die koninkryk openbaar God voor alles Homself, as die Skepper en Koning wat die heelal nie prysgee aan die magte van die verderf nie; derhalwe laat Hy sy wil geskied.

### 3.24.1.3 Die koninkryk van God en die Seun

God se krag word in die koninkryk van God sigbaar deur Jesus Christus: "Jesus thus appears as the divine agent to whom God has entrusted dominion and power, and it is thus in Jesus that the Kingdom of God becomes a reality." (Marshall, 1985:11.) Dit is in die aktiwiteite van Christus waardeur die aktiwiteite van God gesien kan word, want Hy is die Middelaar.

### 3.24.1.4 Die koninkryk van God en die Heilige Gees

Jesus Christus het in die koninkryk van God gewerk deur die krag van die Heilige Gees wat met sy doop aan Hom gegee is (Matt. 3:16-17; Matt. 12:28; Luk. 11:20). Christus skrywe sy vermoë toe aan die krag van die Heilige Gees en waarsku ongelowiges teen die gevaar van blasfemie of om teen die Heilige Gees te spreek (Matt. 12:21; Mark. 3:29; Matt. 12:32; Luk. 12:10): "Jesus recognized that his mighty works were performed in the power of the Spirit." (Marshall, 1985:10.) Geboorte uit die Heilige Gees en toetrede tot die koninkryk van God word met mekaar verbind (Joh. 3:3 en 5). Paulus verbind die Heilige Gees met die koninkryk van God in Romeine 14:17. [28] Drie sake is van belang hier:

a. Die koninkryk van God word direk in konflik gebring met die bose mag van die Satan wat teen die Gees gerig is (Luk. 22:3; Joh. 13:2 en 27; Luk. 22:28).
b. Die koninkryk van God word verbind met krag – "want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag (ἐν δυνάμει – 1 Kor. 4:20). Christus sê: "Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom."

[27] Die historiese kritisisme het in die eerste helfte van die twintigste eeu die kind in die kategese in die middelpunt geplaas en die kategese gesien as 'n kindgerigte aktiwiteit. Die ervaringsgerigte kategese wat in die middeltydperk van die twintigste eeu ontstaan het, het 'n kategetiese praktyk ge-yk waarin die ervaring van die kind die belangrikste faset was. Beide die kindgerigte en die ervaringsgerigte uitgangspunt vir die kategese was antroposentries en humanisties.

[28] "Want die koninkryk van God (ἡ βασιλεία τοῦ Θεοῦ) is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees (πνεύματι ἁγίῳ)." (Vgl. ook Gal.5:21 en 1 Kor. 4:20.)

Christus verwys hier na die antwoord van die towenaars van die farao na die derde plaag in Egipte: "Dit is die vinger van God." (Eks. 8:19.) 'n Goddelike realiteit werk in die wêreld. Christus sê: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom nie." (ἐληλυθυῖαν ἐν δυνάμει – Mark. 9:1.)

c. Die Heilige Gees is al in die Ou Testament belowe as 'n gawe vir die laaste dae op dieselfde wyse as die koninkryk van God (Joël 2:28). "The Kingdom of God and the Spirit are thus both signs of the escatological activity of God now realized in the ministry of Jesus" (Marshall, 1985:10).

### 3.24.2 Die *Messiaanse* karakter van die koninkryk van God.

As dit gaan om die saak van die koninkryk van God is die Messias-verwagting een van die belangrikste sake wat saam met die begrip koninkryk opgeroep word: "The kingdom is the fulfillment of the Old Testament. This is evident from many angles. It is true that Jesus hardly ever describes Himself as the Messiah in the Gospels. He preferred selfdesignation. Daniel 7 is a major part of the background to Jesus' use of this self description, and this is clearly pictures the Son of Man as the one through whom God's reign is established. In Daniel 7:13-14 a Son of Man is given dominion over all peoples, nations and languages." (Bartholomew, 1997:23.) In die Ou Testament gaan die profesie van die koms van die koninkryk van God gepaard met die belofte van die koms van die Messias, die Seun van God en die Koning van die koninkryk. In die begin van die evangelie van Lukas sit die gedagte van die koninkryk van God en die herstel van Israel in die vorm van 'n aankondiging van die Messias-Koning (Luk. 1:32-33). In Lukas 1 en 2 word die gedagte van die koninkryk en die van die Messias 'n ineengevlegte boodskap. Die twee gedagtes gaan in die lofsang van Maria, die Magnificat, (Luk. 1:46-56) en die lofsang van Simeon, die Benedictus Dominus, (Luk. 1:67-80) in mekaar oor. Ook in die verkondiging van Christus se geboorte in Betlehem (Luk. 2:1-7) en in die engelesang (Luk. 2:9-14) word duidelik die verband tussen die Messias en die koninkryk bepaal. Al word in die engelesang nie met soveel woorde van die koms van die koninkryk gesing nie tog is dit daar. Die proklamasie van die "eer (δόξα) aan God in die hoogste hemel" en van die eskatologiese "vrede" – toestand "op aarde" is 'n samevattende omskrywing van die heil wat in die toekoms lê in en deur die koms van die koninkryk van God. Die gedagte van die koninkryk sowel as die aankondiging van die Messias word hier in *nasionale vorm* gegiet. Van die Messias word gesê: "Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid en aan sy koninkryk sal daar geen end wees nie." (Luk. 1:33.) Voorts word verkondig dat die Messias verwek is deur die Heilige Gees: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom

ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." (Luk. 1:35.) Die prediking van Johannes die Doper bevestig die saamgaan van die koninkryk van God en die Messias. Johannes kondig immers die koms van die koninkryk aan deur te wys na die koms van die Messias (Matt. 3:11). Die *Messiaanse karaktertrek* van die koninkryk van God word ook sigbaar in die prediking van Jesus Christus as Hy die "koninkryk van God" en die "Seun van die mens" as korrelate begrippe gebruik (Matt. 10:23; Matt. 13:41; Matt. 16:28; Matt. 26:64). Die Seun van die mens is niemand anders as die Seun van Dawid nie.

### 3.24.3 Die *pneumatologiese (geestelike)* karakter van die koninkryk van God

Die pneumatologiese karakter van die koninkryk kan gesien word in die groot aandeel wat die Heilige Gees gehad het in die totstandkoming van die koninkryk van God. Die koninkryk van God word op aarde op tweërlei maniere gerealiseer (Floor, 1981:44). In die eerste plek word die koninkryk gerealiseer in die koms van die Koning. In die tweede plek word die koninkryk gerealiseer in die werwing van onderdane vir die Koning. Hierin is die Heilige Gees ten volle aktief werksaam. Mense word onder die heilsame heerskappy van Jesus Christus gebring deur die krag van die Heilige Gees. Deur die wette van die Gees word die burgers van die koninkryk van God geregeer. Deur die inspirerende inwerking van die Heilige Gees word die koninkryk van God uitgebrei onder die volkere van die aarde (Floor, 1974:2).

### 3.24.4 Die *woord*karakter van die koninkryk van God

#### 3.24.4.1 Die voertuig van die Woord

Ten opsigte van die woordkarakter van die koninkryk van God kan drie sake onderskei word: a. Die Woord wat mens geword het. b. Die Bybel as die Woord van God. c. Die prediking as die verkondiging van die Woord van God. In die Seun van God wat mens geword het (Joh. 1:14) word die koninkryk van God gerealiseer. Die koninkryk van God wat op aarde gekom het, vind sy fundering in die kruis en opstanding van Jesus Christus. In die persoon van die Here Jesus Christus het die koninkryk op aarde gekom (Floor, 1981:34). Die koninkryk van God is op aarde aanwesig in die skeppende mag van die beloftewoord. Die koninkryk van God baan sy weg deur die wêreld op die voertuig van die Woord. Dit word veral duidelik in die gelykenis van die saaier (Matt. 13). Die woordaspek van die koninkryk word in hierdie gelykenis deur Christus onthul.

### 3.24.4.2 Prediking en kategese[29]

Vir die kategese is die woordkarakter van die koninkryk van God van uiterste belang. Daar moet hierin egter onderskei word tussen prediking en kategese. Vir die kerk in die algemeén gaan dit om die verkondiging van die Woord van God deur die prediking. In die kategese gaan dit ook om die verkondiging van die Woord van God maar dan op 'n ander vlak as die prediking, naamlik onderrigleer. Dit is dus noodsaaklik om kortliks te wys op die ooreenkoms en verskille tussen prediking en onderrigleer.

Prediking en kategese is beide bediening van die Woord van God. Die bediening van die Woord neem in die kerk meer as een gestalte aan, naamlik: prediking, kategese, evangelisasie, sending, pastoraat (Van der Walt, 1992:10). Kategese is egter Woordbediening op 'n heel ander wyse as wat die geval is met die prediking in die eredienste. Prediking is die onderneming van die prediker om die Woord van God in 'n bepaalde gedeelte suiwer te verklaar en lewend en konkreet toe te pas aan die mense van ons tyd, veral in gemeenteverband, sodat dit vir hulle as 'n riglyn kan dien in hulle praktiese lewe in diens van die Here. Die lidmate moet hulle dankbaarheidslewe skoei volgens die riglyne van God se Woord. Die Heilige Gees verkondig en deel die heilsweldade deur die prediking uit. Kategese is as Woordbediening ook *Woord-opening, Woord-ontsluiting, Woord-vertolking* en *Woord-toepassing* op 'n eie unieke wyse vir die verbondskinders in die gemeente in hulle besondere lewensomstandighede, maar dit verskil wesenlik van Woordbediening as prediking. Die onderskeid tussen "onderrig" (διδάσκειν) en "verkondiging" (κηρύσσειν) is nie te vind in die **inhoud** van elkeen nie maar wel in die **vorm** waarin beide geskied (Ridderbos, 1955:137). Beide prediking en kategese het God se Woord as inhoud maar, terwyl κηρύγμα die werk is van die herout, stam διδάχη uit die lewenskring van religieuse onderwys. Prediking is κηρύγμα, **verkondiging**, terwyl kategese διδάσκειν, **onderrigleer**, is. Gesien in die lig van die ooreenkoms en onderskeid tussen κηρύγμα en διδάχη is kategese, in opdrag van die Drieënige Verbondsgod, amptelike bediening van God se Woord, deur die kerk, aan die verbondskinders in hulle verskillende leeftydsfases. Kategese is uitsluitlik kerklike onderrig, die amptelike onderwysende arbeid van die kerk. Dit is egter onderrig in die sin van verkondiging en mededeling van die Woord van God by wyse van onderrig aan 'n bepaalde groep mense: die verbondskinders. Kategese is onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer.

### 3.24.5 Die *persoonlike* karakter van die koninkryk van God

[29] Vgl. Punt 5.6.1 en punt 11.12.2.4

Die persoonsaspek van die koninkryk van God sluit aan by die Ou Testament, waar die koninkryksheerskappy van God 'n besonder persoonlike en 'n innerlike karakter besit in teenstelling tot 'n gewone aardse koningsheerskappy of koningskap. Dit raak die mens se hart. Die koninkryk van God moet nie te veel in terme van 'n aardse koninkryk of koningskap benader word nie. Die koninkryk van God het ook nie met 'n koning of ander vorste of met 'n koningskap of groot instellings en institue te doen nie. Die koningsheerskappy van God is besonder persoonlik van aard. Dit het te doen met die gewone mens wat as koningswese geskape is. Die gewone mense is die burgers en burgeresse van die koninkryk van God Die koninkryksheerskappy van God trek saam in 'n Persoon, Jesus Christus. Dit was in Christus dat God se heerskappy opnuut op aarde gevestig is. In die persoon van Jesus Christus is die koninkryk van God op aarde aanwesig. Ten opsigte van die skepping en die herskepping is dit 'n belangrike onderskeid wat getrek word. As gelet word op die persoonlike karakter van die koninkryk van God bring dit ons onmiddellik by 'n persoon; en dié persoon is Jesus Christus. In Christus het die koninkryk gekom en het God sy heerskappy opnuut op aarde kom vestig. In die skeppingswerk en die herskeppingswerk sit daar 'n besondere goddelike metodiek.

### 3.24.6 Die *gemeenskaps*karakter van die koninkryk van God

*Gemeenskap* is 'n belangrike en aktuele element van die koningsheerskappy van God. Die koningsheerskappy van God is nie 'n abstrakte heerskappy van 'n heilige God wat uit die verte, uit die verre hemel, regeer nie. God vra nie van die mens 'n blote onderwerping vanuit sy magsposisie nie, soos dit dikwels ten opsigte van die aardse koninkryk en heerser die geval is nie. God se heerskappy is nie sonder meer 'n krags- of magsuitoefening nie. Die koninkryk van God is van die begin af ingestel op *gemeenskap*. Die koningsheerskappy van God is 'n absolute heerskappy, maar 'n heerskappy in persoonlike gemeenskap met die mens. God se koningsheerskappy verskil radikaal van 'n aardse koningsheerskappy. Eerstens is die koningsheerskappy van God onmeetlik wyd en onpeilbaar diep aangesien dit die ganse heelal omvat – die aarde, die sterre, die sterrestelsels, die engele en alles wat daar is. Dít kan van geen aardse, menslike heerskappy gesê word nie. Die koningsheerskappy van God regeer die mens van *binne uit*. Die koningsheerskappy van God raak en roer die mens se hart, sy wese, sy siel. Die koninkryk van God is kenbaar vanweë die *gemeenskapskarakter* daarvan. Die idee van 'n ryk is nie uitgesluit nie, Maar 'n ryk in heel besonder gekwalifiseerde sin, naamlik 'n *ryk in mense*. God se belofte aan Israel wat aan sy verbond gehoorsaam is, lui: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van

priesters en 'n heilige nasie wees." (Eks. 19:5-6.) God se koningsheerskappy is 'n heerskappy *in mense* daar waar hulle gehoorsaamheid aan God betoon in persoonlike gemeenskap met Hom. Hulle is dan nie losse enkelinge nie maar 'n eenheid, 'n volk, 'n priesterlike ryk. Hierdie ryk is in die kern teenwoordig waar God onder sy volk woon en waar 'n wedersydse beoefening van persoonlike gemeenskap is.

### 3.24.7 Die *paradoks*karakter van die koninkryk van God

Die koninkryk van God word gekenmerk deur 'n paradoks, deur 'n geweldige spanning tussen die sonde en die opstand van die mens aan die een kant en die koningsheerskappy van God en sy gemeenskap aan die ander kant. Dié twee dinge is 'n paradoks – 'n teenstrydigheid. Enersyds is daar die moreel godsdienstige disintegrering van die mens wat die bande met die lewende God afbreek en homself in verdorwenheid onderploeg. Andersyds is daar God se volgehoue deurvoering van sy plan om die mens in verbondenheid met Hom te integreer. Aan die een kant is daar oordeel en ondergang en aan die ander kant is daar verlossing en die ewige lewe. Die spanning, die paradoks, is so groot dat dit alleen deur 'n wonder van God opgelos kan word.

### 3.24.8 Die *historiese* karakter van die koninkryk van God

Die Here werk nie tydloos en met tydlose waarhede nie, maar in historiese gebeurtenisse en in die geskiedenis wat Hy na 'n doelpunt toe lei. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die uittog van Israel uit Egipte en die beloftes wat daaraan verbonde is. Die koninkryk van God kom as 'n historiese gebeurtenis en nie slegs as 'n verandering en groei van die mens se gesindheid nie. Die historiese karakter van die koninkryk van God hou in dat dit om meer gaan as net die hier en nou van die indiwiduele mense se lewens. Die geskiedenis van die mens en die wêreld beweeg na die groot eindpunt wat God daarvoor bepaal het. Dit is die geheimenisvolle aard van die koninkryk van God – dit is *reeds* en tog moet dit *nog kom*. Daarom gaan dit in die openbaringsgeskiedenis nie net om die koninkryk as iets wat tans bestaan nie of net om die koms van die koninkryk nie as iets wat toekomstig is nie, maar dit gaan om die koninkryk én sy koms.

### 3.24.9 Die *ekklesiologiese (kerklike)* karakter van die koninkryk van God

Die koninkryk van God het ook 'n kerklike of ekklesiologiese aspek. Die verhouding koninkryk en kerk is van besondere belang in die Nuwe Testament.[30] Na die koms van die Heilige Gees met Pinkster word die uitbreiding van God se koninkryk in Handelinge beskryf. So het die koninkryk in die geskiedenis ingegaan. Die uitbreiding van die koninkryk vind plaas deur die prediking. Op dié wyse word mense opgeroep tot geloof en bekering. Namate die mense deur die Heilige Gees tot geloof gebring is word gelowiges saamgebind in verskillende kerke. Die kerke op verskillende plekke is die vergadering van die burgers van die koninkryk van God. Die kerk is die gemeenskap van hulle wat die volle heil van die koninkryk van God verwag, maar die kerk is ook die plek waar die gawes en die kragte van die koninkryk geskenk en ontvang word. Die kerk is geroep om 'n instrument, 'n orgaan van die koninkryk van God in hierdie wêreld te wees (Floor, 1974:3). Floor (1974:4) vat die verhouding van kerk en koninkryk só saam: "aan die een kant *produseer* die koninkryk die kerk, maar andersyds *introduseer* die kerk ook die koninkryk van God." Die kerk is 'n produk van die koninkryk en die koninkryk word deur die kerk verkondig. Die koninkryk gaan aan die kerk vooraf en die koninkryk het 'n baie wyer inhoud as die kerk (Ridderbos, 1950:309).

### 3.24.10 Die *sosiale* karakter van die koninkryk van God

Die tiende karaktereienskap van die koninkryk van God bring ons by die sosiale aspek van die koninkryk. Die koninkryk van God kry op aarde gestalte in die kerk wat die nuwe gemeenskap is van almal wat Jesus Christus as hulle Here en Verlosser bely (Floor, 1981:81). Floor vervolg: "In die koninkryk van God, onder die genadeheerskappy van Koning Jesus, in sy kerk, wat die liggaam van Christus is, die volk van God, word die egte koinonia, die ware gemeenskap, die werklike societas beoefen."

### 3.24.10.1 Societas van die kerk en die koninkryk

Daar moet egter kortliks 'n onderskeid getrek word tussen die societas binne kerklike ruimte en die societas van die koninkryk van God. Ten opsigte van aardse koninkryke, state, institute, verenigings, republieke is daar sprake van 'n gemeenskap waarbinne societas beoefen word. Hierdie samelewingskringe het ook 'n sosiale karakter elkeen volgens sy eie aard. 'n Duidelike skeidslyn tussen die sosiale karakter van die koninkryk van God, van die kerk en dié van die wêreld sal noodgedwonge getrek moet word omdat die burgers van God se koninkryk as lidmate van die kerk ook deel het aan die wêreldse societas insoverre hulle deel uitmaak van die verskillende

---

[30] Vgl. Punt 3.2.3.

samelewingsverbande. Dit is die gelowiges se roeping om dit te doen volgens die grondwet van die Koninkryk van God (Matt 5, 6, 7 – die Bergpreek).

### 3.24.10.2 Die mens is 'n verhoudingsmens

Verbondskinders lewe nie in isolasie nie. Omdat elke mens 'n sosiale mens is, beteken dit dat die wording van die kind, langsamerhand die sosiale- en gemeenskapsvermoë van die kind laat ontplooi. Namate die kind ouer word verbreed die grense van sy belewingswêreld en word hy opgevoed en onderrig om 'n sosiale-, 'n gemeenskapsmens te wees. Die mens is geskep tot gemeenskap. Elke mens is 'n verhoudingsmens. Die mens staan in verhouding met sy Skepper. Maar die mens staan ook in relasie tot sy medemens. Die samelewing word gevind in die huwelik wat gestalte kry in die huisgesin en dit die vorm aanneem in vele verhoudings in die maatskappy (Floor, 1974:58). Die mens leef op aarde om **saam te leef**, om saam met ander mense te wees. Die Koninkryk van God omvat die ganse heelal, derhalwe is elke faset van die mens se lewe daardeur opgevat.

### 3.24.10.3 Burgers van God se koninkryk in die wêreld

Die vraag vir die kategese is: hoe staan 'n verbondskind as lidmaat van die gemeente en burger van God se koninkryk in hierdie wêreld? Klaagliedere 4:20 gee 'n aanduiding: "Ons koning van wie ons lewe afhanklik is, die gesalfde van die Here, is gevang in hulle vanggate, hy van wie ons gedink het dat ons onder sy beskerming sal leef onder die nasies."[31] "As burgers en burgeresse van die koninkryk van God lewe ons onder die skaduwee, die beskutting en beskerming van die teokratiese Koning. As landsburgers is ons ook koninkryksburgers. Tot watter nasie ons ook al behoort, wanneer ons burgers van die koninkryk van God is, dan lewe en werk ons onder die skaduwee van Koning Jesus Christus" (Floor, 1981:81).

- By wyse van *geboorte*, soms ook emigrasie, word jy 'n burger van 'n aardse "koninkryk", van 'n sekere land.
- Deur *wedergeboorte* alleen word jy 'n burger van die koninkryk van God.

Die mens besit 'n tweërlei burgerskap: 'n aardse burgerskap en 'n hemelse burgerskap. In hierdie opsig kan nie gesê word dat die aardse burgerskap nie van belang is nie. Die mens is 'n sosiale wese, want die mens is deur God geskep tot gemeenskap: eerstens staan die mens in verhouding van die mens tot God en tweedens staan die mens ook in verhouding met medemense. Die samelewing bestaan uit verskillende samelewingsverbande, huwelik, gesin, kultuur, onderwys, staat,

---

[31] 1983 Afrikaanse Bybelvertaling.

maatskappy, ens., waarvan die mens deel is. Vir die gelowige is sy hemelse burgerskap belangriker as sy aardse burgerskap. Indien dit gebeur dat die gelowige se gehoorsaamheid aan God stry met sy gehoorsaamheid aan God dan is die gehoorsaamheid aan God prioriteit.

Die kerk is die belangrikste skakel tussen die koninkryk van God en die samelewing (Floor, 1974:61). Die lidmate van die kerk is naamlik terselfdertyd ook mense wat in die wêreld staan. Die gelowige is tegelyk koninkryksburgers en staatsburgers. Onderdanigheid in die koninkryk van God word gevra maar ook onderdanigheid aan die aardse koninkryk met sy verordeninge: "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here – of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen te prys." (1 Pet. 2:13-14.) Die kerk proklameer in sy verkondiging die koninkryk van God en die heerskappy van Jesus Christus. Die kerk roep die burgers van die koninkryk van God op om die Woord van God te gehoorsaam en moedig hulle aan om God se Woord te glo en sy gebooie in die samelewing te gehoorsaam. Die gelowiges het die opdrag om die koninkryk van God in hierdie wêreld te dien. Die kerk moet deur die gelowiges en burgers van die koninkryk van God uitgaan in die wêreld om 'n diens aan die wêreld te lewer tot leefbaarmaking van die wêreld (Floor, 1974:62). Met betrekking tot die samelewing het die kerk 'n taak om die lidmate behulpsaam te wees om Christelik verantwoord en getuigend op te tree in die samelewing. In die kategese sal die verbondskinders begelei moet word oor die verskillende metodes hoe om as 'n gelowige in die teenwoordige tyd soos 'n kind van God te lewe.

### 3.24.14 Die *dinamiese* karakter van die koninkryk van God

Die koninkryk van God het 'n sterk dinamiese inslag: "The Kingdom, or rather the Reign of God is rather the dynamic power of God as Sovereign, encouraging response, challenging, arresting, bringing new life, releasing new potential, inspiring new hope, opening new horizons for endeavour in His service Who alone brings His purpose to its consummation." (Gray, 1979:369.) Reeds in die Ou Testament is daar melding gemaak van die koms van die koninkryk. Van die gebruik van die woord βασιλεία deur Jesus geld dieselfde. As daar in die Heilige Skrif geskryf word dat die koninkryk van die hemele naby gekom het (Matt. 3:2), naby is (Luk. 21:31), wat kom (Mark. 11:10), onmiddellik sou verskyn (Luk. 19:11), is daar nie in die eerste plek te dink aan 'n ruimtelike of statiese grootheid wat as 'n komplete geheel in beweging is en wat uit die hemel sal kom nie. Daar moet verstaan word dat dit spreek van die goddelike koningsheerskappy van God, wat aktueel en effektief in werking tree. Dit gaan per slot van rekening om die handele, die dinamiese optrede van God as Koning. In Matteus 11:12-15 is daar sprake dat bestormers die koninkryk met geweld gryp

(*"word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld"* – ἡ βασιλεία τῶν οὐρανω βιάζεται, καὶ βιασταὶ ἁρπάζουσιν αὐτην). In Markus 9:1 sê Christus: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom nie (ἕως ἂν ἴδωσιν τὴν βασιλείαν τοῦ Θεοῦ ἐληλυθυῖαν ἐν δυνάμει)." Op grond van hierdie betekenis van βασιλεία word gepraat van die *persoonlike* in die uitdrukking: βασιλεία τῶν οὐρανων. Die optrede van die koninkryk van die hemele moet nie verstaan word as 'n onpersoonlike, metafisies gebeure nie, maar as die koms van God Self as Koning met krag en heerlikheid. Hierdie gedagtegang word bevestig deur verskillende gelykenisse oor die koninkryk van God. Baie van die koninkryksgelykenisse is bymekaar in Matteus 13 en Markus 4: die saaier, die onkruid tussen die koring, die mosterdsaad, die suurdeeg, die verborge skat, die pêrel, die visnet en die saad wat vanself groei.

### 3.24.15 Die *teenswoordige* karakter van die koninkryk van God

Jesus Christus praat van die koninkryk van God as 'n teenwoordige werklikheid. Teenoor die sobere van die rol wat die verlede in en om die toekomsuitsprake van Jesus speel, tref die rykdom en volheid van die hede (Van der Walt, 1962:172). Tematies vir die hede is die tipering van die evangelieverkondiging waarmee Jesus sy arbeid begin (Mark. 1:15), 'n refrein wat reeds by Johannes die Doper weerklink en waarmee die dissipels uitgestuur sal word (Matt. 10:7). "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." (Mark. 1:15.) Die hede is die vervulde tyd van die nabyheid van die koninkryk van God en van alles wat intrinsiek-noodwendig daarmee saamhang. Die hede van die koninkryk van God is die tyd van vervulling, die tyd waarin gesien en gehoor word waarna in die verlede slegs gehunker kon word, die tyd waarin die radikale wending ingetree het. Van der Walt (1962:172) wys op die kenmerke van hierdie nuwe era:

a. Die hede van die koninkryk van God is die tyd van evangelieverkondiging.
b. Die hede van die koninkryk van God is die tyd waarin die wil van God weer ontdekkend verkondig word, waarin die Skrifte weer in perspektief gestel word.
c. Die hede van die koninkryk van God is die tyd van beslissing, die tyd van keuse, met ewigheidskonsekwensies.
d. Die hede van die koninkryk van God is die tyd van genade, van barmhartigheid, van sondevergewing. Die gerig word selfs uitgestel om die tyd vir bekering te verleng (Luk. 13:6-9). Die koninkryk van God in die hede van die werklikheid, is 'n werklikheid van sondevergewing en die dringende appèl tot beslissing, tot bekering.

e. Die hede van die koninkryk van God is ook die tyd waarin 'n radikale skeiding besig is om voltrek te word met Jesus as die Groot Verdeler. Want sy koms bring nie enkel genade, genesing, sondevergewing en opname in die huisgesin van die Vader nie, maar ook vuur, verdeeldheid en die swaard (Luk. 2:34).

f. Die hede van die koninkryk van God word gekenmerk deur twee lyne: 'n groeiende aanhang om Jesus, maar parallel hiermee en weldra ook bo die eerste uit, 'n steeds toenemende teenkanting. En hierdie twee lyne (Ps.1) loop oor Golgota heen tot en met die Voleinding.

g. Die hede van die koninkryk van God met sy magtige "reeds" word ook gekenmerk deur 'n bepaalde "nog nie", 'n "nog nie" wat roep om 'n toekoms, en dit juis vanuit die oorweldigende van die "reeds": "Hierdie grond kenmerk van die hede, die 'paradoksale dialektiek' van die 'reeds' en die 'nog nie', moet dan ook as't ware met 'n innerlike noodwendigheid uitmond in die toekomsuitsprake van Jesus. Omdat die hede die stempel dra van die 'nog nie', is daar *ruimte* vir die toekoms; en omdat die hede óók die stempel dra van die 'reeds', is daar *sekerheid* oor die toekoms." (Van der Walt, 1962:174.)

### 3.24.13 Die *toekomstige* karakter van die koninkryk van God

"Teenoor die hede staan die toekoms as vervullingsvoleinding. So sterk is die oorweldigende karakter van die toekoms dat die hede soms bykans – of selfs geheel – uit die gesig verdwyn, al asof dit 'n tyd sonder besondere betekenis is." (Van der Walt, 1962:174.) Van der Walt (1962:175) onderskei drie "diepte-dimensies" ten opsigte van die toekoms van die koninkryk van God:

a. Die eerste strek tot by die lyde, dood en opstanding van Jesus Christus. Christus se toekomsuitsprake is aanvanklik gerig op sy lyde, kruisdood en opstanding (Mark. 8:31-33; Mark. 10:33-34; Matt. 17:23; Luk. 23:43; Matt. 28:18).

b. 'n Tweede diepte-dimensie van Jesus se toekomsperspektief handel oor die tydperk van sy opstanding tot met sy wederkoms (Matt. 10:17-22; Mark. 13:9-13; Luk. 12:49-53; Joh. 17).

c. Die derde diepte-dimensie van die toekoms is die Voleinding. Die middelpunt van hierdie toekomsperspektief is die koms van Jesus Christus op die wolke met veel mag en heerlikheid (Mark. 13:24-27; Matt. 25:31-46): "Die Koninkryk hét gekom – finaal en volledig, en daarmee is die ewigheidskonsekwensies van die optrede in die hede onherroeplik beseël." (Van der Walt, 1962:177.)

## 3.25 Die onderskeid tussen die Koninkryk van God en die verbond

Daar moet eers duidelikheid gekry word ten opsigte van die onderskeid en ooreenstemming tussen die verbond en die Koninkryk van God alvorens basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die verbond en die Koninkryk van God ontgin kan word.

## 3.26 Die verhouding tussen God en die mens/wêreld

Verbond en koninkryk handel beide oor die verhouding tussen God en mens/wêreld (Wielenga, 1920:33; König, 1983:40; Wentsel, 1987[3a]:233-235; Van Wyk, 1989:87; Van Wyk, 2003:19).

- Die ***verbond*** beklemtoon die *liefdevolle gemeenskap* tussen God en die mens.
- Die ***koninkryk*** beklemtoon die *genadige heerskappy* van God oor die mens.
- Die ***verbond*** is die omvattende en genadige verhouding van gemeenskap waarin God met sy volk leef ("Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal my volk wees").
- Die ***koninkryk*** dui op God se handeling met die wêreld waarvan sy volk deel is.
- In die ***verbond*** gaan dit om die kennis en gemeenskap, die liefde en trou in onderlinge wisselwerking en in kontinuïteit tussen God en die mens.
- In die ***koninkryk*** gaan dit om die regverdigheid en vrede, om die welsyn en die regte orde in die verhouding tussen God en die mens.

In die verbond en koninkryk gaan dit wesenlik oor die verhouding tussen God en die mens in al sy lewensfasette. 'n Verhouding wat voor die sondeval 'n volmaakte verhouding was, maar 'n verhouding wat deur die sondeval versteur is en wat slegs verander kon word nadat vir die sondeskuld betaal is. Die verhouding tussen God en mens is herstel op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis en wat met die koms van Christus (God met ons) en die Heilige Gees (God in ons), herstel, verinnig en vernuwe is.

Dit is 'n verbond en 'n koninkryk van genade, want sonder die mens se toedoen word hulle, ook kinders, deur die doop in die verbond en koninkryk opgeneem. In die *verbond* gaan dit om die kennis en gemeenskap, die liefde en trou in onderlinge wisselwerking en in kontinuïteit tussen God en die mens. In die *koninkryk* gaan dit om die regverdigheid en vrede, om die welsyn en die regte orde in die verhoudinge.

Die verbond en die koninkryk eintlik maar twee aspekte van een saak is (Van Rooy, 1976:6). Die Verbondsluiter is die Groot Koning, die almagtige God. Dit beteken dat by die verbondsluiting die koninkryksgedagte ook in berekening gebring moet word en dat die verbondsgedagte nooit die koninkryksgedagte mag verdring of vervang nie. Terselfdertyd mag die koninkryksgedagte ook nie die verbondsgedagte vervang nie. Wie hom hieraan sou skuldig maak sou toon dat hy ook die verbondsgedagte nie verstaan nie.

Daar kan dus nie sprake wees van "verbond óf koninkryk" nie. Dit is 'n onbybelse teëstelling, want Bybels gesien is verbond en koninkryk twee fasette van God se verhouding met die mens. Die verbond is die wyse waarop, of die weg waarlangs God sy Koninkryk op aarde vestig. Die verbond is nodig omdat die mens nie vanself God se onderdaan wil wees nie. Hy moet eers langs die weg van uitverkiesing, wedergeboorte, roeping, verbond en geloof in God se koninkryk ingelyf word: "*Die verbond is 'n Koninkryksverbond en die koninkryk is 'n Verbondskoninkryk.*" (Van Rooy, 1976:6.) "Die verbond is die inwendige gestalte van die koninkryk en die koninkryk is die uitwendige gestalte van die verbond" (Van Wyk, 2003:19). Van Wyk (2003:19) kom tot die volgende bevinding ten opsigte van die verbond en die koninkryk:

- Dit is waar dat die motiewe van gemeenskap in die verbond en dié van heerskappy in die koninkryk op die voorgrond staan, solank daar onthou word dat gemeenskap deur die Koninggod en heerskappy deur die Verbondsgod uitgeoefen word. Dis een en dieselfde God wat in gemeenskap met mense tree en wat oor mense heers.
- Van sowel die verbond as die koninkryk kan gesê word dat dit monopleuries in oorsprong en dupleuries in uitwerking is. Maar al sou die kategorieë van belofte en eis by die verbond oorheers en dié van heerskappy en gehoorsaamheid by die koninkryk voorop staan, geld van albei dat dit deur die genade van God gedra en stempel word. God skenk sy beloftes uit genade en Hy heers in genade én Hy gee die genade om aan die eise te gehoorsaam en sy heerskappy te aanvaar. Die verbond is genadeverbond en die heerskappy van God is 'n genadige heerskappy.
- Sowel by die verbond as by die koninkryk speel die Christologie en Pneumatologie 'n deurslaggewende rol.

Hierdie perspektief is nog nie binne die vakterrein van die kategetiek aangesny nie. Die leer van die verbond word in baie handboeke wel breed bespreek maar die saak van God se koninkryk nie.

## 3.27 Die standpunt van B. Wentsel

Wentsel (1987[3a]:233-234) wys op die volgende samehang en verband tussen die verbond en die Koninkryk van God:

1. Die ***Koninkryk van God*** lê allereers en veral *in die persoon van die HERE* (יְהוָה) self.

- Hy sluit as Koning 'n verbond met sy volk.
- Hy maak hulle tot sy eiendom.
- Hy bring hulle onder sy regeermag.
- Hy kondig vir hulle 'n grondwet af.
- Hy heers oor hulle as teokratiese Koning (Eks. 19-20; Eks. 24; Deut. 4).
- In Jesus verskyn God self as Koning (auto basileia).

2. Die verband lê vervolgens *in die volk.*

- Die volk van hierdie Koning is 'n koninkryk van priesters (Eks. 19:6; Deut. 4:20; 1 Pet. 2:9-10).
- Die koninkryk is breër en meer omvattend as die kerk, die amptelike instituut.
- Die duiwels is ook aan Christus onderworpe (Ps. 2; Ps. 110; Dan. 7:9-14; Matt. 28:19-20; Ef. 1:15-23; Kol. 1:15-23; Heb. 1 en 2).
- Die verhoogde Koning (Κυριος) oefen sy heerskappy wel uit deur sy dienare as sy verteenwoordigers, gevolmagtigdes en ryksgenote.
- Daar word gewys op die parallellie tussen Jesus se koningsproklamasie in Matteus 28:18-20 en die verbondsluiting van die HERE as teokratiese Koning met sy volk op Sinaïberg (Eks. 24). In die koninkrykstekste gaan dit tegelykertyd inklusief om verbondstekste.

3. Die God en Vader van die koninkryk is die God van die verbond. Verbondsgod en Koninkryksgod is dieselfde. Hy is immers die God van Abraham, Isak en Jakob en van Israel as eersgebore Seun (Eks 4:22) en van Dawid wie se verbond in die seun van Maria bestendig word. Ook om hierdie rede is verbond en koninkryk twee sye van dieselfde saak.

4. Die innige verband tussen διαθήκη en βασιλεία kom sprekend tot uitdrukking in die perikoop van *die instelling van die nagmaal* (Matt. 26:26-29; Mark. 14:22-25; Luk. 22:14-23). Die woorde *verbond* (διαθήκη) en *koninkryk* (βασιλεία) word naas mekaar gebruik. Die verbondsgemeenskap word deur God gewaarborg in die bloed van Christus en in Hom

gegrond en bevestig. Wie deel het aan die gemeenskap met Christus en sy werk gaan die koninkryk van die hemel binne: "Heel het evangelie van het koninkrijk kan in de categorieën van het Verbond worden ontvouwd, omdat Jezus' dood de inauguratie is van het door God beloofde Nieuwe Verbond." (Ridderbos, 1950:182.)

5. Ook uit die profesie aangaande die *uitstorting van die Heilige Gees* blyk die verband tussen verbond en koninkryk. So kondig Jeremia aan dat in die nuwe verbond God sy wet in die binnenste sal lê (Jer. 31:31-34). Paulus lê ook 'n verband tussen die uitstorting van die Heilige Gees en die nuwe verbond (2 Kor. 5:6). Maar Johannes die Doper wat preek dat die koninkryk naby gekom het, lê weer die verband tussen die koms van die koninkryk en die doop met die Heilige Gees (Matt. 3:1-12). Verder lê Paulus verband tussen die ingaan in die koninkryk en die doop met die Heilige Gees as die behoort tot die verbond (1 Kor. 6:9-20). Hieruit blyk dat διαθήκη en βασιλεία verwante of mekaar bepalende woorde is. Wie deel het aan die rykdom van die koninkryk, deel ook in die skatte van die verbond (Westerink, 1937:267-270). Die gemeenskap met en die heerskappy van God vorm 'n twee-eenheid.

### 3.27.1 Geloof

Deur die geloof in Christus kry 'n mens deel aan die verlossing, word jy verlos van die skuld van die sonde. Deur die vernuwing wat die Heilige Gees bewerk word die mens ook verlos van die mag van die sonde. Deur die geloof word die sondaarmens 'n burger van God se koninkryk. Dit beteken nie dat die mens dan sonder sonde en volmaak is nie. Daagliks moet die gelowiges self stry teen die kwaad op elke lewensterrein.

### 3.27.2 Hoop

Die hoop speel 'n belangrike rol by die burger van God se koninkryk. Die gelowige is immers 'n ewigheidsbestemde wese. Die gelowige werk mee aan die voltooiing van die koninkryk van God (Hand. 1:6-8). Die oorwinning van die eie onvolmaaktheid maar ook die oorwinning oor die dood, word deur die koninkryksidee as 'n verwagting aan die gelowiges voorgehou. Die roeping tot God se Koninkryk is die allesoorheersende en primêre roeping wat tot die mens kom deur die Woord van God. Hierop moet die gelowige in die geloof antwoord gee.

### 3.27.3 Liefde

Die liefde kry 'n sentrale betekenis in die koninkryk van God want die liefde is die wet van die koninkryksburger, naamlik die liefde tot God en die liefde tot die naaste (Matt. 22:37-39). By wyse

van onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer moet die verbondskinders in die kategese toegerus word in die konkretisering van die roeping. Die verbondskind moet gelei word tot roepingsvervulling wat vir hulle ook bestemmingsvervulling beteken.

## 3.28 Samevatting

Die verbond van God en die Koninkryk van God moet nie van mekaar geskei word nie, maar wel van mekaar onderskei word want beide handel oor die verhouding tussen God en die mens/wêreld. In die verbond gaan dit om die liefdevolle gemeenskap tussen God en mens met alles wat daarmee te doen het. In die Koninkryk van God, daarenteen, gaan dit om die genadige heerskappy oor die mens op alle vlakke van die lewe en die wêreld. Derhalwe is die verbond 'n Koninkryksverbond en die koninkryk is 'n Verbondskoninkryk.

# HOOFSTUK 4

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

# OP DIE OBJEKTIEWE HEIL EN

# DIE SUBJEKTIEWE GELOOF

HOOFSTUK 4

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE OBJEKTIEWE HEIL EN DIE SUBJEKTIEWE GELOOF**


4.1 Probleemstelling ........ 147
4.2 Die doel van hoofstuk 4 ........ 147
4.3 Die verhouding tussen God en mens ........ 147
4.3.1 God en mens in 'n polêre verhouding ........ 148
4.3.2 Die apolêre verhouding tussen God en mens ........ 149
4.3.3 Ons in Christus en Christus in ons ........ 165
4.3.2 Representasie en inkorporasie in en deur Christus ........ 166
4.3.3 Inlywing en verteenwoordiging in onderlinge betrokkenheid ........ 166
4.3.4 Gevare wat dreig ........ 167
4.3.5 Werklikheid vir die verbondskind ........ 167
4.3.5 In Christus geheilig deur die Heilige Gees ........ 168
4.3.6 Geloof is nie 'n menslike prestasie nie ........ 168
4.3.7 Geloof word nie buite die beslissing van die mens gewerk nie ........ 169
4.3.8 Geloof is vertroue en oorgawe ........ 170
4.3.9 Samevatting punt 4.3.3 – 4.3.8 ........ 172
4.3.10 Finale neerslag punt 4.3 – die verhouding tussen God en mens ........ 172
4.4 Die stryd teen dwalinge ........ 173
4.4.1 Inleidend ........ 173
4.4.2 Die stryd van Maarten Luther ........ 173
4.4.3 Die Reformasie se reaksie op die objektivisme ........ 174
4.4.4 Die Reformasie se reaksie op die subjektivisme ........ 174
4.4.5 Verdere afwykende standpunte ........ 174
4.4.5.1 Die mens maak homself waardig vir die genade. ........ 174
4.4.5.2 Daar is 'n samewerking tussen God en mens ........ 174
4.4.5.3 Die Rooms-Katolieke Kerk ........ 175
4.4.5.4 Die Remonstrante ........ 175
4.4.5.5 Die Piëtisme ........ 175
4.4.5.6 Die Metodisme ........ 176
4.4.5.7 Die liberale subjektivisme ........ 176
4.4.5.8 Die objektivisme ........ 177
4.4.5.9 Samevatting ........ 177
4.5 Fides qua creditur en die fides quae creditur ........ 178
4.5.1 Inleidend ........ 178
4.5.2 Geloof is 'n vasstaande kennis en vaste vertroue ........ 178
4.6 Subjektiewe en objektiewe aspekte van heilstoe-eiening ........ 179
4.6.1 Inleidend ........ 180
4.6.2 Agtergrond ........ 180
4.6.3 Historiese verloop ........ 180
4.7 Die stryd in Suid-Afrika ........ 182
4.7.1 Inleidend ........ 182
4.7.2 Die Andrew Murray-groep ........ 183
4.7.3 Die Abraham Kuyper-groep ........ 183
4.7.4 Stryd tussen die groepe ........ 184
4.8 Samevatting en konklusie ........ 189

**HOOFSTUK 4**

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE OBJEKTIEWE HEIL EN DIE SUBJEKTIEWE GELOOF

## 4.1 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat in die studie ondersoek word is die vraag of en op watter wyse die kategese 'n middel is om die verbondskinders tot heilsekerheid en heilstoe-eiening te lei. Anders geformuleer is die grondvraag: hoe kry die gelowige deel aan die verlossing wat Christus aan die kruis verwerf het, en of en hoe die kategese as middel kan dien om dit te ontvang. In wese gaan die probleemstelling om die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof.

## 4.2 Die doel van hoofstuk 4

Dogmaties handel die studie om die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof in die heilstoe-eiening (Nel, 2000:1). Die vraagstuk gaan oor die menslike subjek en die ontvangs van die objektiewe heil. Geloof as 'n menslike moontlikheid moet verstaan word in die lig van die verkryging van die heil wat deur God bewerk is (Jonker, 1981:137). In die ontvangs van die heil gaan dit om die *goddelike heil* en die *menslike outonomie*. Die vraag is hoe die mens betrek word by die verlossing in Jesus Christus. Onafskeidelik daarmee saam is die vraag hoe die Heilige Gees betrokke is by die inbring van die heil in die menslike bestaan. Die vraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord moet word, is: wat die verhouding is tussen die mens as subjek in die heilstoe-eiening en die objektiewe heil wat toege-eien moet word. Die slotvraag is of en hoe die kategese daartoe as middel dien om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 4.3 Die verhouding tussen God en mens

Binne die gereformeerde teologiese tradisie het die denke oor die verhouding tussen God en die mens voortdurend gewissel tussen 'n objektivistiese opvatting van die heil en die subjektivistiese toe-eiening daarvan deur die geloof. Dit is noodsaaklik om te aandag gee aan die vraag hoe die mens betrek word by die verlossing in Christus. Dit handel oor die aktiwiteit of passiwiteit van die mens

by die ontvangs van die heil en in die algemeen aan die wyse waarop die mens as individu die heil deelagtig word en daardeur geraak word (Jonker, 1981:137). In punt 4.3 moet vasgestel word wat die verhouding tussen God en mens is in die saak van objektiewe heil en subjektiewe geloof.

### 4.3.1 God en mens in 'n polêre verhouding

#### 4.3.1.1 Die polêre denkskema veroorsaak skeeftrekking

Baie hedendaagse Christene sien die verhouding tussen God en mens as 'n **polêre verhouding** waarbinne God en mens konkurrente van mekaar word, met 'n duidelike rolverdeling tussen God en mens (Nel & Strauss, 2002:92). Die polêre denkskema word gekenmerk deur die verdeling van die objek en die subjek wat lei tot óf 'n subjektivistiese óf 'n objektivistiese standpunt. In die polêre denkskema dui die objektiewe op God se aandeel en die subjektiewe wys na die mens se aandeel. Hierdie verdeling, tussen God se aandeel en die aandeel van die mens, het gevolge vir die saak van heilstoe-eiening omdat óf God óf die mens dan alle klem ontvang. Binne die polêre denkskema word God en die mens mededingers, konkurrente van mekaar. Op grond daarvan kan een van drie dinge dan plaasvind (Nel, 2000:16):

a. Die mens kan 'n selfstandige aandeel kry in die verlossing.
b. Die mens kan geen aandeel hoegenaamd in die verlossing hê nie.
c. Die mens ontvang genade en verantwoordelikheid.

#### 4.3.1.2 Die mens kry 'n selfstandige aandeel in die polêre skema

Binne die polêre denkskema kan die mens eerstens subjektivisties 'n selfstandige aandeel verkry in sy verhouding met God. Dit beteken dat die mens ten opsigte van die verlossing selfstandig in eie reg en krag en wil kan optree. Die gevolg hiervan is dat die *sola gratia* verminder word tot hoogstens 'n deelbydrae van God se kant tot die verlossing van die mens en dat Christus daardeur 'n halwe Verlosser word. In die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 22, bely die kerk: "Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes." Daar is net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nié alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wél in Hom, en dan het die mens wat Jesus Christus deur die geloof besit, volle saligheid. As die mens in die verlossing 'n selfstandige of onafhanklike aandeel verkry lei dit daartoe dat geloof en bekering,

op 'n tipies subjektivistiese wyse, die middele word waardeur die mens verlos word. Geloof en bekering word dan gesien as subjektivistiese dade van die mens se kant waardeur hy alleen tot verlossing en ewige saligheid kom. Daarom is daar in die Metodistiese, Modalistiese, charismatiese en sektariese bewegings die wekroep en die aandrang dat die mens sélf, in eie krag en metode, vir sy verlossing moet beywer en na eie toewyding tot bekering moet kom. Die verantwoordelikheid lê dus in die hande van die mens.

#### 4.3.1.3 Die mens kry geen aandeel in die verlossing nie

Tweedens kan die verlossing in die polêre denkskema 'n objektiewe saak word waar alles *extra nos* lê en aan die mens géén aandeel toegesê word nie. Dit gebeur as die geloof bloot 'n intellektuele kennisname van God se werk geword het en niks verder gaan as net die inneem en berg van intellektuele feitekennis nie. Al wat in hierdie opsig van die mens verwag word is om intellektueel kennis te neem van die Bybelse feite ten opsigte van die verlossingsdade en - beloftes van God. Hierdeur kry die mens geen aandeel in die saak van die verlossing nie. *Dit bring mee dat die menslike verantwoordelikheid op 'n objektivistiese manier ontken word en alle verantwoordelikheid vir die verlossing aan God alleen toegeskryf word. Dit grens aan geloofsoutomatisme en rasionalisme.*

#### 4.3.1.4 Die mens ontvang genade en verantwoordelikheid ten opsigte van die verlossing

Derdens kan genade en verantwoordelikheid in die polêre denkskema naas mekaar gestel word sonder dat daar enige integrasie of wisselwerking plaasvind. Genade en verantwoordelikheid staan dan naas mekaar soos twee parallelle spore. *Dit beteken dat alles genade is en tog is alles ook weer verantwoordelikheid.* So word genade en verantwoordelikheid verskraal wat meebring dat objektivisme en subjektivisme in die heilstoe-eiening op gespanne voet teenoor mekaar geplaas word. Dit is die resultaat daarvan dat die verhouding tussen God en mens beskou word as 'n polêre verhouding.

### 4.3.2 Die apolêre verhouding tussen God en mens

#### 4.3.2.1 God en mens is (ver)bondgenote

Die verhouding tussen God en mens is nie 'n polêre verhouding, waar God en mens konkurrent as mededingers teenoor mekaar staan nie, maar dit is 'n **apolêre** verhouding waarin God en mens (ver)bondgenote is. Die mens het geen outonome bestaan buite, naas en teenoor God soos in die *deïsme* nie. Die bestaan van God en die mens val ook nie saam soos in die *panteïsme* nie. Die mens bestaan kragtens sy verbondsverhouding, waarin God hom gestel het, tot God as sy Skepper in totale afhanklikheid (Hand. 17:28; Kol. 1:15-17; Ps. 139:5). Hierdie verhouding kan of positief (geloof) of negatief (ongeloof) wees. Die mens kan nie aan God ontsnap nie. In die verbondsverhouding tussen God en mens speel die volgende sake 'n deurslaggewende rol (Nel, 2000:18):

- Die **verbond** as *struktuur* van die verhouding tussen God en mens.
- Die **uitverkiesing** as *fondament* van die verhouding tussen God en mens.
- Die **vryspraak** as *resultaat* van die verhouding tussen God en mens.
- Die **geloof** as *binding* van die verhouding tussen God en mens.

Aan elkeen van hierdie fasette word kortliks aandag gegee.

### 4.3.2.2 Die verbond as *struktuur* van die verhouding tussen God en mens

Onder punt A van hoofstuk 3 is die verbond in die breë behandel. In hierdie hoofstuk word net op enkele sake gewys ten opsigte van die verbond wat die saak van objektiewe heil en subjektiewe geloof raak.

### 4.3.2.2.1 Die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond

Ten opsigte van die objektiewe heil en die subjektiewe geloof speel die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond 'n belangrike rol.

- Die monopleuriese gesigspunt beklemtoon die *genadekarakter* (sola gratia) van die verbond en
- die dupleuriese gesigspunt onderstreep die *noodsaaklikheid van die geloof* (sola fide) (Theron, 1985:305).

Die verhouding wat vasgestel moet word raak die eenheid of die skeiding van die monopleuriese en dupleuriese aspekte van die verbond.

#### 4.3.2.2.1.1 Skeeftrekkings ten opsigte van die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond

In die verhouding van die monopleuriese en dupleuriese aspekte van die verbond moet vir twee gevare gewaak word:

a. Die gevaar van die verselfstandiging van die dupleuriese.
b. Die gevaar van die verselfstandiging van die monopleuriese.

- *Die eerste gevaar: Die verselfstandiging van die dupleuriese aspek*

Indien die eenheid tussen die monopleuriese en dupleuriese gesigspunte ten opsigte van die verbond verbreek word en die dupleuriese 'n selfstandige of selfs 'n oordrewe klem ontvang, lei dit onvermydelik tot 'n **subjektivistiese** tendens waarin geloof 'n kondisionele en selfs kreatiewe funksie kry (Nel & Strauss, 2002:93). So 'n gedagte is vreemd aan die Heilige Skrif.

- *Die tweede gevaar: Die verselfstandiging van die monopleuriese aspek*

Indien die eenheid tussen die monopleuriese en dupleuriese gesigspunte ten opsigte van die verbond so gesien word dat die monopleuriese karakter van die verbond teenoor die dupleuriese karakter verselfstandig of verabsoluteer word, lei dit tot **valse objektivisme.**

#### 4.3.2.2.1.2 Die Skrifuurlike standpunt

##### 4.3.2.2.1.2.1 Maak volle erns met die heil en die geloof

Die aanvaarde standpunt ten opsigte van die monopleuriese en dupleuriese aspekte van die verbond is dat die *eenheid* van beide gehandhaaf moet word, maar terselfdertyd mag hulle nie met mekaar *vereenselwig* word nie. Van sowel die monopleuriese aard van die verbond, naamlik die genade, die heil, en die dupleuriese aard van die verbond, naamlik die geloof, moet volle erns gemaak word want die objektiewe heil en die subjektiewe geloof is onskeidbaar aan mekaar verbonde.

##### 4.3.2.2.1.2.2 Geloof is nie kondisioneel nie

Schilder vat die onderskeid tussen die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond saam deur te skryf dat die verbond monopleuries (eensydig) in sy ontstaan is en dupleuries (tweesydig) in

sy bestaan of uitwerking (Theron, 1985:306; Van Genderen en Velema, 1992:510; Nel, 2000:19; Van Wyk, 2003:19). Hier moet gewaak word dat aan die geloof nie 'n *kondisionele karakter* toegedig word nie. Dit gebeur as die standpunt ingeneem word dat jy in die verbond nie aan Christus gebind word nie, maar gebind word aan 'n kontrak, 'n kontrak wat bepaal dat die beloftes van die verbond vir jou 'n werklikheid sal wees. *Mits* jy glo, sal God die Here jou God wees. Dit gebeur wanneer met die dupleuriese karakter van die verbond volle erns gemaak word, maar waar die eenheid van die monopleuriese en dupleuriese perspektiewe, met ander woorde van die sola gratia en sola fide, nie meer gehandhaaf word nie. Die klem op die tweesydigheid van die verbond, in samehang met die eensydigheid daarvan, beklemtoon dat God die mens in die verbond altyd as verantwoordelike party en bondgenoot behandel. Die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof is dat die twee in die nouste verbintenis met mekaar bestaan. As antwoord op die objektiewe heil moet die subjektiewe geloof volg waardeur die heilstoe-eiening plaasvind.

#### 4.3.2.2.1.2.3 God se aandeel en die mens se aandeel ten opsigte van verbond

Die verbond is 'n betrekking waarin God *alles* is vir sy kind en die kind *alles* is vir sy Vader. In die verbond mag die mens nie in gelykwaardige sin teenoor of selfs naas God gestel word nie, asof die twee partye in die verbond op 'n voet van volkome gelykheid van regte en verpligtinge in verhouding tot mekaar staan nie.

- Dit is moontlik om **die aandeel van God** in die verbond so eensydig te beklemtoon dat daar in die gevaar van *fatalisme* en *défaitisme* verval kan word. Al die klem val dan op God se verkiesende genade as die oergrond van die verbond, en die menslike bekering word as van bykomstige betekenis geag. Dit hou in dat die objektiewe heil so oorweldigend beklemtoon word dat die subjektiewe geloof eintlik nie nodig is nie en maar kan wegval.
- Aan die ander kant is dit moontlik om **die menslike aandeel** so sterk te beklemtoon dat God se verbond heeltemal afhanklik word van wat die mens daarmee en daarvan maak. Dan dreig die gevaar van *Remonstrantse verheerliking* van die mens se vrye wil. Dit is wanneer die objektiewe heil in geheel afhanklik gemaak word van die subjektiewe geloof. Alle klem word dan op die subjektiewe geloof geplaas en die objektiewe heil word daardeur oorskadu.

Op grond van die Skrif moet gehandhaaf word dat die mens wel 'n *verantwoordelike* en *vrywillige rol* in die verbond speel want die eis van die verbond is geloof en bekering. Dit hou in dat die mens nie deur God gedwing word om sonde te doen nie, maar dat sy vryheid altyd beperk is en beheers en

gedra word deur God se absolute vryheid om die verbond op te rig en tot verwesenliking te bring. Die mens is sedert die sondeval nie meer vry om uit homself vir die goeie te kies nie, *omdat* die mens in Adam vrywillig daardie vryheid prysgegee het. Die mens besit nou *formele vryheid* maar nie *materiële vryheid nie.*

#### 4.3.2.2.1.2.4 Goddelike vrymag en menslike verantwoordelikheid

Binne die beskouing van vryheid en gebondenheid ontmoet die twee lyne van *Goddelike vrymag* en *menslike verantwoordelikheid* mekaar. Die objektiewe heil en die subjektiewe geloof ontmoet mekaar op 'n spanningslose wyse in die heilstoe-eiening. Dit kom duidelik na vore in die doopsformulier: "Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid." Dit spreek duidelik in God se verhouding met Noag. Die objektiewe heil kom na vore in die woorde: "Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here." (Gen. 6:8.) Die subjektiewe geloof is van toepassing in God se opdrag: "Maak vir jou 'n ark van goferhout." (Gen 6:14.) As Noag net vasgehou het aan die boodskap van genade en redding en self niks gedoen het nie, sou hulle die sondvloed nie oorleef het nie. Maar die objektiewe heil word vir Noag en sy gesin 'n werklikheid toe hy deur subjektiewe geloof antwoord op God se belofte en gehoorsaam God se opdrag uitvoer en die ark, as reddingsmiddel, bou.

#### 4.3.2.2.2 Die indikatief[32] van genade en die paraklese[33] van die geloof

Die genadeverbond bestaan uit *beloftes* en *eise*; die *indikatief* en die *paraklese*; dit wat *gegee* word en dit wat *gevra* word; die *indikatief van die genade* en die *paraklese van die geloof*. Die indikatief is die objektiewe heil wat gegee word en die paraklese is die subjektiewe geloof en bekering wat gevra word. Versteeg (1976:19) noem die indikatief die **werk van die Heilige Gees** en die paraklese die **werk van die gelowige.** Die indikatief is die *aantonende wys* van die verkondiging en die paraklese is die *gebiedende wys* van die verkondiging, die paranese/vermaning. Die indikatief is die aanwysing van die werklikheid en die paraklese is die opdrag wat om met die werklikheid te maak. In Bybelse sin is die indikatief die verklaring van wat waar en seker is ten opsigte van die heil in Jesus Christus en die paraklese is die dankbaarheidsantwoord van die gelowige op die heilswerklikheid.

---

[32] Met ***indikatief*** word bedoel "het heilswerk Gods in Christus door de Heilige Geest" (Ridderbos, 1966:280).

[33] Die uitdrukking wat normaalweg in teologiese literatuur saam met die term ***indikatief*** gebruik word, is *imperatief*. Vir hierdie studie word die terminologie indikatief en ***paraklese*** gebruik. Met die gebruik van die begrip ***paraklese*** word aangesluit by die gebruiksveld van die begrip in die Nuwe Testament, naamlik dat die begrip beteken om ernstig te versoek of om te vermaan (Venter, 1990:2).

- *Die werk van die Heilige Gees* word aan die mens verkondig om deur hom geglo te word. Vir Paulus is die gawe van die Gees op dieselfde wyse as die regverdiging voorwerp van die verkondiging en dus ook voorwerp van die geloof. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees kan nooit buite die geloof geken word nie.
- *Die werk van die gelowige* behoort tot die paraklese. Wat die gelowige mag en moet werk word in die paranese van die Skrif duidelik gemaak.

#### 4.3.2.2.2.1 Verhouding van die indikatief en die paraklese

Ridderbos (1966:281) skryf dat die verhouding van die indikatief en paraklese so gesien moet word dat die paraklese op die indikatief rus "en dat deze orde niet omkeerbaar is." Telkens volg die paraklese *konkluderend* (met *dus*, *daarom*) op die indikatief (Rom. 6:12-13; Rom. 12:1; Kol. 3:5-17; Ef. 4:17-5:21). Telkens word as *doel* van die positiewe heilsuitsprake, die roeping van die nuwe lewe as opvolg gestel (Rom. 7:4; 2 Kor. 5:14-21). Die indikatief van die genade roep die paraklese van die geloof op. Die paraklese mag nie 'n skaduwee oor die indikatief werp nie, want dan ontaard die evangelieprediking in wetsprediking en geloof word 'n nuwe wet. As dit gebeur, word die mens op 'n subjektivistiese wyse vir die sekerheid van sy kindskap na homself verwys, en spesifiek na sy geloof, in plaas van na Christus, die inhoud van die geloof (Nel, 2000:54). Ridderbos (1966:281) vervolg dat "het allerduidelijkst wordt de hier bedoelde verhouding wel tot uitdrukking gebracht in Phil. 2:12 e.v." "Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae." (Fil. 2:12.) Die *want* (γάρ in vers 13) gee die grond aan vir die opwekking in vers 12. Dieselfde word ook in Romeine 6:14 gevind: "Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want (γάρ) julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade." God werk nie in sy welbehae, omdat die mens sy heil met vrees en bewing werk nie. Die teenoorgestelde is waar: omdat God in sy welbehae werk, daarom moet en kan die mens werk: "Want God werkt in hem, wat nodig is voor zijn (menselijk) werken." (Ridderbos, 1966:281.)

Van die werke van die mens kan gesê word, dat dit geskied ooreenkomstig die werking van Christus "wat in my werk met krag" (Kol. 1:29; Ef. 3:20). Dit bring die gelowige tot die konklusie: "Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." (Ef 2:10.) Paulus skryf ook aan die Filippense (1:6) "dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus." Versteeg (1976:21) merk in dié verband soos volg op: "Nooit levert de gelovige een eigen aandeel naast het aandeel van de Geest.

Het werk van de Geest en het werk van de gelovige vormen een eenheid waarbij de gelovige het werk van de Geest mag werken."

Om die karakter-eie van die verhouding tussen die werk van die Heilige Gees en die werk van die gelowige aan te dui gebruik Firet (1968:173) die begrip *intermediair*[34]. Hy betrek dié begrip met name op die pastorale optrede. Hy sien die pastorale optrede "als *intermediair* van het komen van God in zijn woord". Hiermee wil Firet sê dat die gelowige geen "medium" of "werktuig" van die Heilige Gees is nie: "De wijze van werken van de Heilige Geest is juist, dat Hij aan mensen bevoegdheid en kracht geeft *als mens* God te dienen in zijn komen. De Geest maakt het met bewustheid en overleg optreden *niet overbodig,* Hij maakt dat *mogelijk,* doordat Hij daartoe de mens de vrijheid en verantwoordelijkheid geeft." (Firet, 1968:175.) Met Stählin (1969:64) en Versteeg (1976:22) word saamgestem dat wanneer dit kom by die **werk van die Heilige Gees** en die **werk van die gelowige,** daar in geen taal 'n uitdrukking is wat die wondervolle "in-mekaar" en "met-mekaar" en "deur-mekaar" van die werk van die Gees en die werk van die gelowige volledig kan omskryf nie. Daar word volstaan met die belydenis dat die Heilige Gees in en deur die gelowige wil werk en dat die gelowige die werk van die Heilige Gees mag werk.

#### 4.3.2.2.2.2 Reseptiewe en kreatiewe funksie van die geloof

Daar moet gewaak word dat die verbond nie 'n algemene *genadeaanbod* word wat eers deur die geloof 'n *pro me* karakter ontvang nie (Theron, 1985:307). Dan kry die geloof 'n *kreatiewe* in plaas van 'n *reseptiewe funksie.* Geloof word dan, inderwaarheid as gawe van God, die menslike aandeel aan die heil (kreatief), terwyl die ware geloof, omdat dit rus in die sola gratia, juis die ontkenning is van alle aandeel (reseptief). "Die belofte of heilstoesegging moet veral geglo, toegeëien en aanvaar word. Dit is die reseptiewe aspek van die geloof. Die bevel of gebod (imperatief) moet uitgevoer, gehoorsaam word. Dit dui meer op die aktiewe aard van die geloof" (Gerber, 188:226). Die ware geloof is juis waaragtige armoede (Theron, 1985:307). Calvyn omskryf hierdie waarheid in die slotparagraaf van hoofstuk 13 van deel 3 van sy Institusie só: "Daarom moet ons tot die volgende geneesmiddel kom: dat gelowiges moet aanvaar dat hulle die erfdeel van die koninkryk van die hemel om geen ander reg moet verwag nie as dat hulle in die liggaam van Christus ingelyf is en onverdiend as regverdiges gereken word. Want vir sover dit die regverdigmaking aangaan, is geloof bloot 'n passiewe saak, wat niks van ons eie bydra om God se genade te bewerk nie maar wat van Christus ontvang wat ons ontbreek." (Institusie, 3.13.5:979.) "Geloof" is wel 'n werkwoord, maar dit maak nog nie van geloof 'n werk nie. So is "rus" ook 'n werkwoord, maar in werklikheid is dit

[34] Intermediaire is 'n Franse woord saamgestel uit inter + medius (Latyn) middel + -aire (Frans) betreffende = wat tussenin bestaan, plaasvind, optree (HAT).

natuurlik die teenoorgestelde van werk. Geloof is juis om te rus in God se genadeverbond (Theron, 1985:307).

### 4.3.2.2.2.3 Passiewe imperatief en kreatiewe geloof

Al is die oproep tot bekering in 2 Korintiërs 5:20 (*"Laat julle met God versoen"* – καταλλάγητε[35] τῷ Θεῷ) 'n passiewe imperatief, bly dit nogtans 'n imperatief. In hierdie teksvers staan *passief* nie teenoor *aktief* nie, maar wel teenoor *kreatief* (Nel & Strauss, 2002:93). Dit is dus nie 'n passief wat teenoor 'n aktiewe geloofskeuse van die mens te staan kom nie.

- Indien die passiewe imperatief teenoor die aktiewe geloofskeuse van die mens sou staan, sou die eenheid tussen die objektiewe en die subjektiewe aspekte in die heilstoe-eiening verbreek word, en word daar verval in subjektivisme en objektivisme.
- Indien die "versoen" misverstaan word as uitsluitlik die mens se aandeel (bv. *Versoen jou met God*), aanvaar die mens nie die versoening wat God bewerk het nie, maar verwerp dit om self die versoening te bewerk en te voorsien na eie vermoë.

Daarom word die passiewe imperatief, καταλλάγητε, in 2 Korintiërs 5:20 gebruik. Dit moet volgens Nel (2000:69) egter wel verstaan word as 'n passief wat te staan kom "teenoor kreatief, waar geloof 'n kondisionele en kreatiewe funksie kry". (Gesien binne die konteks van die apolêre verhouding tussen God en mens, word gekies vir die sintetiese regverdigheidsleer teenoor die analitiese regverdigheidsleer[36] (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 16; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1). Die *aandeel van die mens* is dieselfde in hierdie geval as dié van 'n drenkeling wat ophou spartel en hom laat red deur die lewensredder. Indien 'n kleuter in die swembad val sal sy pa inspring en hom gryp. Uit angs en nood en dankbaarheid sal die kleuter van sy kant die hand van sy pa vasgryp, maar dit is nie sý gryp wat hom red nie, maar die gryp van sy pa. Hy **word** gegryp, gered. God die Vader gryp sy uitverkore kinders uit die stormwaters van die ewige dood. Uit dankbaarheid gryp die kinders die hand van die Vader styf vas. Die gelowige is soos 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is (Amos 4:11). Hy **word** uitgeruk. God het die mens uit die vuur geruk sonder enige meewerking en bydrae van die kant van die mens. Die mens kon niks vir homself doen nie net so min as wat die hout wat brand nader kon spring om uit die vuur geruk te word.

---

35 καταλλάγητε = tweede persoon, meervoud, imperatief, passief.

36 Die analitiese regverdigheidsleer veronderstel 'n onvermydelike polêre verhouding tussen God en mens. Dit het die noodwendige implikasie dat dit lei tot 'n subjektivistiese uitgangspunt waardeur die geloof van die mens die grond van die geloofsekerheid word.

"Daarom ook is de doop niet een verzegeling van een bepaalde stand van zaken of van een bepaald conditioneel verband, dat ons wordt aangewezen. In dat geval zou de zekerheid des geloofs niet anders zijn dan een soort *synthese* tussen objectiviteit en subjectiviteit en zou het geloof feitelijk niet rusten in een waarlijk op ons gerichte belofte Gods. Eerst via de omweg van die 'conditie' van het geloof zou men dan applicerend de belofte op zichzelf kunnen betrekken. In de ware 'usus sacramenti' wordt echter niet een onpersoonlijke toezegging tot een persoonlijke toeëigening (aan het geloof komt zulk een macht niet toe), maar wordt de waarachtigheid van de belofte van de levende God erkend en aanvaard, terwijl er *niets* wordt toegevoegd. Juist zulk een toevoeging zou de zekerheid des heils aantasten en de bange vraag oproepen, of wel Gods belofte *waarlijk* tot ons uitgaat. Het is veel meer het wonder van het geloof, dat het door de kracht des Geestes rust in het verzegelde woord der belofte, zonder dat het geloof iets veranderd heeft aan deze belofte of ook maar zijn richting zou hebben beïnvloed of *naar zich toetrokken*." (Berkouwer, 1954:193.)

#### 4.3.2.2.2.4 Heiliging deur die Heilige Gees

Om die verhouding tussen die werk van de Heilige Gees en die aktiwiteit van die mens ten opsigte van die heil prakties te kan verstaan word kortliks aandag gegee aan die heiliging deur die Heilige Gees. Met die woord *heiliging* of *heiligmaking* "wordt gewoonlijk aangeduid het werk van Gods genade, waardoor Hij degene, die Hij om Christus' wil tot zijn kinderen aanneemt, ook door zijn Heilige Geest maakt tot nieuwe mensen, die hun vreugde vinden in zijn dienst en naar zijn geboden leven." (Feenstra, 1958[b]:410.) Die gelowiges is geheilig in Christus (1 Kor. 6:11). Hulle is geheilig deur die bloed van Christus (Hebr. 10:29). Hulle is geheilig deur die Heilige Gees (Rom. 15:16). Die gelowige kry nie net sy geregtigheid van Christus nie, maar ook sy heiligheid (Gal. 3:27). Dit is die vernuwing na God se beeld en voortsetting van wat in die wedergeboorte en bekering gegee is. In die Nuwe Testament is *heiliging* die vertaling van ἁγιασμός. Ridderbos (1966:291) wys daarop dat dit "in de meest omvattende zin van toeëigening en zedelijke vernieuwing" voorkom in 1 Korintiërs 1:30: "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.". In sy eenvoudigste betekenis is heiliging "afsondering", om iets apart te hou ten einde dit aan God en sy diens te wy. In wese is heiliging die afsondering van die mens van die sonde om sodoende tot God se eer te lewe. Die heiligingsgedagte omvat egter nie net die uiterlike afsondering vir God nie, maar ook die innerlike afsondering van die sonde; dus heiliging van die hart (Joh. 17:17; 1 Tess. 5:23). Almal wat deur die geloof aan God behoort is sy volk en hulle word 'n heilige volk genoem (2 Kor. 6:15-17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 1:2); "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig." (1 Pet. 1:15-16.)

- Heiliging of heiligmaking dui in die eerste plek op 'n werk van God in die gelowiges deur die Heilige Gees (1 Kor. 1:30; 2 Tess. 2:13; 1 Pet. 1:2).
- Dan is heiliging ook die roeping en plig van die gelowige self (Rom. 6:19; 1 Tess. 4:36; 1 Tim. 2:15; Hebr. 12:14). In die heiliging van die gelowige self, in sy lewe, word die werk van God voorveronderstel.

#### 4.3.2.2.2.5 Heiliging en die nuwe lewe in Jesus Christus

Heiliging het te doen met die nuwe lewe van die mens na die verlossing van die sondes in die bloed van Christus. Dit word op 'n duidelike manier in Sondag 32 van die Heidelbergse Kategismus (vraag en antwoord 86) bely as daar gevra word waarom ons nog goeie werke moet doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is? Die antwoord is: "Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word." Die orde spreek hier duidelik: eers die regverdigmaking in Jesus Christus en dan daarna die heiligmaking deur die Heilige Gees: "Heel het nieuwe leven wordt er door gequalificeerd als het in reinheid beantwoorden aan de genadige verkiezing van God, als het zich Gode toewijden in onberispelijkheid als een heilige offerande. Het religieus, theocentrisch karakter van de nieuwe gehoorzaamheid vindt in het begrip heiliging wel zijn meest praegnante uitdrukking; gelijk omgekeerd ook nergens duidelijker dan hier de grond en oorsprong van deze gehoorszaamheid in de vrije, verkiezende genade God wordt aangewezen." (Ridderbos, 1966:292.) Hierop skryf Versteeg (1976:23) "Geheiligd zijn is de Here toegeëigend zijn." Ridderbos (1966:291) verduidelik ook dat dit by die begrip *heiliging* gaan "om het zedelijke, maar in een specifieke zin en onder een zeer gezichtshoek, nl. van het zedelijke beantwoorden aan het de Here toegeëigend zijn. Het is de zedelijke vernieuwing sub specie electionis en sub specie ecclesiae".

#### 4.3.2.2.2.6 Heiliging het 'n konkrete gestalte

Dit is God wat in Christus en deur die Heilige Gees Hom sy volk toe-eien: Nadat Paulus die kenmerkende eienskappe van die ongelowiges genoem het: hoereerders, afgodedienaars, egbrekers, wellustelinge, sodomiete, diewe, gierigaards, dronkaards, rowers, skryf hy: "En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig (ἡγιάσθητε), maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God." (1 Kor. 6:10-11.) Aan die toeeiening deur God is die toewyding aan God onlosmaaklik verbonde. Hierdie toewyding word van

die gelowige gevra op grond van die toe-eiening (1 Tess. 4:3-8[37]). Dit is opmerklik in hierdie Skrifgedeelte (1 Tess. 4:3-8) dat na die indringende vermaning tot heiliging na die gawe van die Heilige Gees verwys is. Die **werk van die Heilige Gees** en die **werk van die gelowige** moet altyd in een asem genoem word (Versteeg, 1976:24). Die heiliging (ἁγιασμός) van die gelowige deur die Heilige Gees moet in die lewe 'n konkrete gestalte aanneem. Dit moet sigbaar word in die lewensdade van die gelowige waarin die Heilige Gees hom deur en uit die Woord lei. Versteeg (1976:26) beklemtoon dat ook hierdie leiding van die Gees nie iets is wat buite die gelowige en dus buite menslike oorweginge plaasvind nie. Onder die leiding van die Heilige Gees op die weg van heiligmaking word die gelowige homself, dit wat hy in Christus is, en dan kan die gelowige in vrye verantwoordelikheid, op die aanwysing van die Heilige Gees let en die werk doen waartoe hy geroep is.

#### 4.3.2.2.2.7 Leiding van die Gees en menslike verantwoordelikheid

In die Handelinge van die apostels is dit duidelik dat die *leiding van die Heilige Gees* nie buite die *verantwoordelikheid van die gelowige* om gaan nie (Hand. 20:22; Hand. 21:4): "Wanneer we tussen de leiding van de Geest en de overwegingen van de gelovige een tegenstelling maken, maken we een tegenstelling die het Nieuwe Testament niet kent." (Versteeg, 1976:27.) Die gelowige is ook by die leiding van die Heilige Gees betrokke, hy verloor nie dan sy eie verantwoordelikheid nie. Hier kom ter sprake die amptelike dienswerk in die kerk in die krag van die Heilige Gees. Paulus skryf in hierdie verband aan die Romeine (15:18-19): "Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie – om die heidene tot gehoorsaamheid te bring, met woord en daad, deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het."

Die amp is een van die "charismata", 'n gawe, wat deur die Heilige Gees geskenk is (1 Kor. 12:28). Die Heilige Gees maak van die ampte (dienste) gebruik, waaronder die verkondiging van die evangelie: "Tegelijk blijft ook het ambtelijk werk voluit menslijk werk. Ambtsdragers bezitten geen bijzondere vorm van mens-zijn. Het zijn en blijven gewone mensen. De bevoegdheid en de kracht van de Geest worden in het ambt aan mensen gegeven. De Geest wil zijn werk werken door het ambtelijk werk als menselijke werk." (Versteeg, 1976:28.)

---

[37] "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het. Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het."

Aan kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer sit daar twee kante: (a) die Woord van God wat aan die verbondskinders bedien word en (b) die kategeet as mens wat die Woord van God bedien. Dit is twee kante, twee sye van een en dieselfde saak. Kategese is die werk van God die Heilige Gees maar ook die werk van die mens onder leiding van die Heilige Gees, en hierdie twee kan nie van mekaar geskei word nie. In die kategese werk die Heilige Gees deur die optrede van die gelowige. Dit is egter nie waar die inhoud van hierdie saak eindig nie. Ook in die lewe van elke katkisant is hierdie twee sake teenwoordig: (a) die Evangelie met al God se beloftes wat deur die Heilige Gees aan die verbondskinders *bedien* word deur die kategeet en (b) daarmee saam die oproep om op die evangelie te antwoord met *geloof* en *bekering*. In die kategese word die evangelie as die objektiewe heil aan die verbondskinders *bedien* en hulle moet daarop *antwoord* met die subjektiewe geloof en bekering.

### 4.3.2.2.2.8 Geloof en bekering is ook twee verskillende kante

Geloof en bekering kom beide uit die wedergeboorte op met die uitverkiesing as die diepste agtergrond. As die *wortel van die lewe* van die uitverkorene vernuut is (wedergeboorte), dan werk dit deur die hele mens met al sy vermoëns en kragte (bekering)[38]; "En dit ware leven uit Christus en in de Geest ontwikkelt zich nu onder de invloed van het Woord naar de zijde van het verstand tot geloof, en openbaart zich naar de zijde van de wil in bekering. Zodat de wil zich afwendt van het kwade en zich heenwendt naar wat het Woord hem als goed voorstelt." (Wiersinga, 1952:71.) Die bekering is die deurbreek van die nuwe lewe in die wil van die mens waaraan die wedergeboorte voorafgaan en waarop die lewe van heiligmaking volg. Die mens is hier selfwerksaam: "Dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuut moet word in die gees van julle gemoed en julle met

[38] **Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4:11.** "Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoer bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra."
**Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4:12.** "Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking, waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk, die mens die mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies is nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer."

die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid." (Ef. 4:22-24.) Wiersinga (1952:79) noem dat van die 140 keer waarin die woord *bekering* in die Bybel voorkom, dit slegs 6 keer dui op 'n daad van God se Gees, al die andere kere wys dit op die *wilsdaad van die mens:* "Achter deze zelfwerksaamheid van de mens ligt de eerste genade van de Heilige Geest, die de zondaar wederom geboren doet worden." (Wiersinga, 1952:80.) "Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer." (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4:12.) Die Heilige Skrif handhaaf beide: God se al-werksaamheid en die mens se verantwoordelikheid. God werk, maar die mens werk mee. Christus sê in Markus 1:15 – "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." **Bekeer** en **glo** is nie twee verskillende dinge wat die mens moet doen nie. Jy bekeer jou juis deur die evangelie te glo. Die bekering skep nie die voorwaarde vir die geloof nie, maar bestaan uit die werking van die geloof self (Noordmans, Verzamelde Werken 8:253).

Daar moet teen twee mistastings gewaak word (Theron, 1985:300):

a) Indien die eenheid van *wedergeboorte* en *bekering* nie raakgesien word nie, word bekering baie maklik nomisties verstaan. Dan kan dit gebeur dat jy jou sekerheid soek in jou bekering in plaas van die evangelie te glo.

b) Indien die eenheid van *wedergeboorte* en *geloof* nie raakgesien word nie, word wedergeboorte maklik kwiëtisties en fatalisties misverstaan.

#### 4.3.2.2.3 Samevatting

Samevattend kan die volgende punte uitgelig word:

- Die verbond is die vaste struktuur waarbinne die apolêre verhouding tussen God en mens bestaan.
- Deur die eensydige en tweesydige karakter van die verbond is dit duidelik dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel.
- Binne die verbondsverhouding bestaan die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof, spanningloos in harmonie met mekaar.

### 4.3.2.3 Die uitverkiesing as *fondament* van die verhouding tussen God en mens

In punt 3.10 is aandag gegee aan die verhouding tussen die verbond en die uitverkiesing. Vervolgens word die verkiesing behandel met die oog op heilstoe-eiening. Die verhouding tussen die sola gratia en die predestinasie moet nougeset gehandhaaf word. In die leer van die goddelike uitverkiesing gaan dit oor die ontferming van God wat God die Vader in Jesus Christus deur die Heilige Gees aan die mens gegee word.

#### 4.3.2.3.1 Die uitverkiesing en die roeping

Op verskillende plekke het Calvyn die roeping en die verkiesing op mekaar betrek, sodat die sekerheid van die verkiesing op die waarheid van die roeping gegrond is. By Johannes 6:40 gee Calvyn 'n helder uiteensetting van die samehang wat hier lê: "*En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo die ewige lewe mag hê: en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*" Dit is die moeite werd om Calvyn se uiteensetting in sy geheel weer te gee: "Want dit is die reël tot die verkryging van die saligheid, dat ons die evangelie van Christus gehoorsaam. Dit het Hy eerder reeds aangedui wanneer God dan wil dat die uitverkorenes deur die geloof behou word, en sy ewige besluit op die manier bekragtig en uitgevoer word, dan soek elkeen, wat nie met Christus tevrede is nie, maar nuuskierig vra na die ewige verkiesing, soveel hom betref, om salig te word buite die raad van God om. Die verkiesing is uiteraard verborge en geheim. Die Here maak dit bekend deur die roeping, waarmee Hy ons waardig maak. Daarom is dit dwaas, as jy jou eie saligheid en die van 'n ander in die doolhof van die predestinasie wil soek, sonder die voorgestelde weg van die geloof. Ja, deur hierdie verkeerde beskouing trag mense om die krag en werking van die predestinasie te vernietig. Want indien God ons tot die doel uitverkies het, dat ons sal glo, neem dan die geloof weg, en jy het die verkiesing vermink. Maar dit is onmoontlik om die volgorde, wat in God se raad vasgestel is van begin en einde te verbreek. Voorts, net soos die verkiesing van God deur 'n onafskeidelike band die roeping met hom meebring, so laat, as God ons kragdadig geroep het tot die geloof in Christus, dit by ons soveel krag het, asof Hy deur 'n seël wat ingegraveer is, sy besluit oor ons saligheid by ons bevestig. Want die getuienis van die Gees is die verseëling van ons aanneming tot kinders. Daarom is die geloof vir elkeen tot 'n oorvloedige getuienis, van God se ewige predestinasie, sodat dit heiligskennis is wanneer mens nog dieper wil ondersoek in stel. Immers jy doen die Heilige Gees 'n verskriklike onreg aan, as jy weier om die eenvoudige getuienis van die Gees te onderskryf."

### 4.3.2.3.2 Die getuienis van die Heilige Gees

Die getuienis van die Gees is tė sien in die stempel van die verseëling. En die verseëling, word sigbaar in die werk van die Gees, wat in die geloof waargeneem word. Daarby kom die sekerheid tot stand, wanneer jy jou hou aan die grond van die geloof: die belofte van die evangelie. Die seël van die Gees is 'n onderstreping van die waarheid van hierdie belofte. En so klim ons nie op na God in die hemel, om in God se boek te sien nie, maar ons aanskou Christus. Ons vertrou ons aan Hom toe, soos Hy tot ons kom. En in gemeenskap met Hom ontstaan die sekerheid, wat ook as sodanig die merk van die Gees dra, naamlik die Gees van Christus, wat die spieël van die verkiesing is.

Die leer van die uitverkiesing het sowel 'n teologiese as 'n soteriologiese aspek.

- In die *teologiese aspek* gaan dit veral om die erkenning, dat die genade van God soewereine genade is. Die beslissing oor ons heil lê in God se hande en nie die hande van die mens nie. Ons kan aan Hom alleen ons dank bring en Hom loof en prys.
- Wat die *soteriologiese aspek* betref dink ons met name aan die ***heilsekerheid*** wat ons deur die geloof ontvang. Dit is nie sekerheid net vir 'n tydjie nie. Die sekerheid van die heil is in wese die sekerheid van die ewige liefde van Hom, wat ons in Christus uitverkies het.

### 4.3.2.3.3 Samevatting

Die bespreking hierbo kan soos volg saamgevat word:

- Die leer van die genade alleen en die uitverkiesing is onafskeidbaar aan mekaar verbonde.
- Die mens kan nie sy plek in die uitverkiesing verdien nie want God kies nie na menslike maatstawwe nie.

### 4.3.2.4 Die vryspraak as *resultaat* van die verhouding tussen God en mens

### 4.3.2.4.1 Ontvang die vryspraak deur die geloof

In Romeine 4:5 openbaar God dat Hý die goddelose vryspreek – *"word sy geloof tot geregtigheid gereken"* (λογίζεται ἡ πίστις αὐτοῦ εἰς δικαιοσύνην). As Paulus skryf dat hy die vryspraak deur

die geloof ontvang, beteken dit nié dat geloof die grond van 'n mens se vryspraak is nie. Nêrens in die Bybel waar daar van vryspraak deur die geloof sprake is word die uitdrukking δια πιστιν gebruik nie (Nel, 2000:22). Die vraag kan gevra word: "Als het geloof Abraham tot gerechtigheid werd gerekend en hij op grond daarvan gerechtvaardigd werd (Rom. 4:3-5; Gen. 15:6; Gal. 3:6; Jak. 2:23), had Abraham dan niet in zichzelf een grond voor de gerechtigheid namelijk in zijn geloof dat het woord van Gods belofte aangreep?" (Van Genderen en Velema, 1992:563.) Of het Abraham die grond in sy geloof waardeur hy die geregtigheid van Christus omhels en homself toe-eien? Is die geloof die grond van die vryspraak? Geloof is nie 'n prestasie of 'n kwaliteit van die mens nie. Geloof is nie 'n daad van die mens wat op sy rekening geskryf kan word as 'n goeie werk van wetsvervulling nie. Die geloof is nie 'n *kreatiewe* daad nie maar 'n *reseptiewe* daad (Berkouwer, 1949[a]:183-188; Van Genderen en Velema, 1992:536-546, 563). Daarom is die geloof nie 'n verdienste nie, maar slegs die hand wat met God se beloftes gevul word.

#### 4.3.2.4.2 Christus is die grond van die vryspraak

Christus is die grond van die vryspraak (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel, 22). Geloof voeg niks by aan wat Christus gedoen het nie. Met geloof alleen (sola fide) het die Reformatore nie bedoel genade alleen (sola gratia) en met genade alleen, Christus alleen (solus Christus) nie. Die Reformatore het ook nie bedoel dat 'n mens seker kan wees van jou geloof – in subjektivistiese sin – nie, maar wel dat jy seker kan wees van God se genade in Christus (Nel. 2000:22). Geloof is nie geloof in my eie geloof nie, dit is om na Jesus te kyk (Hebr. 12:2). Geloofsekerheid is ook nie sekerheid van my geloof nie, maar sekerheid van Christus.

#### 4.3.2.4.3 Samevatting

Uit die bespreking hierbo blyk die volgende:

- Die grond van die vryspraak is nie die geloof van die mens nie maar die soenlyde van Jesus Christus.
- Geloofsekerheid is sekerheid van Jesus Christus, die Middelaar en die Verlosser.

### 4.3.2.5 Die geloof as *binding* van die verhouding tussen God en mens

Dit moet op die rekening van die Nadere Reformasie geskryf word dat die fokus van die objektiewe genade van God in Jesus Christus verskuif het na die subjektiewe toe-eiening van die heil waar die mens in die prediking opgeroep word om sy eie gemoed te analiseer ten einde die geloofsekerheid te verkry (Nel, 2000:23). Wat hierdeur gebeur is dat die mens die sekerheid van sy saligheid nie meer op Christus bou nie, maar op sy *geloof* in Christus. In Hebreërs 12:2 maak God bekend dat die werk van die Heilige Gees in die mens daarin bestaan dat Hy aan 'n mens 'n uitsig op Jesus Christus gee. Sy werk binne-in die mens bestaan daarin dat Hy die mens buitentoe laat kyk, na Jesus toe, sodat die sekerheid nie op 'n mens self of jou geestelike ervarings gebou word nie, maar op Christus self. Die mens kan op niks anders roem as die kruis van Jesus Christus nie.

### 4.3.2.6 Samevatting

Die volgende punte som die bevindinge van hierdie afdeling op:

- Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding tussen God en die mens.
- Die verhouding tussen God en mens is 'n apolêre verhouding. God en mens is daarin nie mededingers of opponente nie, maar (ver)bondgenote.
- Die apolêre verhouding tussen God en mens het (a) die *verbond* as struktuur, (b) die *uitverkiesing* as fondament, (c) die *vryspraak* as resultaat en (d) die *geloof* as binding.

## 4.3.3 Ons in Christus en Christus in ons

Die vraag na die wyse waarop hulle wat aan Christus behoort, deel kry aan die heil wat in Christus geskied het, lei tot die tweeling-gedagte: "*ons in Christus*" en "*Christus in ons*"; uitdrukkings wat Paulus gereeld gebruik (Snyman, 1977:230). Die uitdrukkings *ons in Christus* en *Christus in ons* moet gesien word in die lig van die Ou Testamentiese Openbaring (Ridderbos, 1966:56). In die Ou Testament het ons die inwoning van God *onder* sy volk sigbaar afgebeeld *in* die tempel. Ook Christus is daar teenwoordig. Hy is oral teenwoordig in die sin dat alles in die Ou Testament alleen om Hom gaan (Luk. 24:27; Joh. 5:39). Christus is die samevatting van die Ou Testament. Sy teenwoordigheid in die Ou Testament trek veral saam in twee geheimenisvolle gestaltes: Die *(uitverkore) Kneg* (Jes. 42:46, 53) en die *Seun van die Mens* (Dan. 7) *in wie* die hele geskiedenis van Israel saamgevat word (ballingskap-terugkeer; dood-opstanding, vernedering-verhoging, vgl. Jes. 25-27; Eseg. 37, vgl. Rom. 11:15) en *in wie* die volk Israel bokant homself uitwys na 'n Persoon (Snyman, 1977:231).

*Christus in ons* moet eerstens heilshistories (openbaringshistories – Snyman) verstaan word, in dié sin, dat dit histories eenmaal plaasgevind het, in die uitstorting van die Heilige Gees, op 'n bepaalde tyd, 'n bepaalde plek en 'n bepaalde geleentheid (Hand. 2:1), ná en as vrug van wat met Christus gebeur het. *Christus in ons* moet tweedens heilshistories verstaan word, as die vervulling van die Belofte van die nuwe verbond wat in die ou verbond in vooruitsig gestel is (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:25-27). *Christus in ons* moet derdens verstaan word as vervulling van die ander groot gedagte van die Ou Testament, naamlik die inwoning van God onder sy volk in die tempel. Die noue betrekking in die Nuwe Testament is dat God nie net onder sy volk woon nie en selfs ook nie net onder sy volk in Christus kom woon het nie (Matt. 1:23; Joh. 1:4; Luk. 17:21), maar dat sy volk in geheel *self* sy tempel is (Ef. 2:22) en elkeen afsonderlik (1 Kor. 6:19) en gesamentlik ook die liggaam van Christus (Rom. 12:4; 1 Kor. 2:12 e.v.; Ef. 1:23) (Snyman, 1977:233). Snyman (1964:7) vat dit só saam: "Ons in Christus – dit laat die eenheid sien in Christus, die een Hoof in wie ons almal saamgevat is en in wie ons almal saam gesterf en opgestaan het en erfgename geword het van die ewige lewe. Christus in ons – dit laat die verskeidenheid, die individuele sien in die eenheid, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige (veelkleurige) wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus onse Here (Ef. 3:10-11)."

### 4.3.4 Representasie en inkorporasie in en deur Christus

#### 4.3.4.1 Inlywing en verteenwoordiging in onderlinge betrokkenheid

Twee ander aspekte moet in hulle *onderskeidenheid* én *eenheid* reg verstaan word. Dit gaan om die **representasie** (die *verteenwoordiging*, naamlik ***déur Christus***) en die **inkorporasie** (die *inlywing*, naamlik *in Christus*) (Floor, 1969:136-167; Quist, 1989:12). Wanneer Christus sy weg deur lyde na heerlikheid gaan, is daar nog geen sprake van 'n korporatiewe eenheid tussen Hom en die gelowiges nie. Christus gaan die weg heeltemal alleen. Die gelowiges was daarin nie een met Christus gewees nie. Die verbondenheid tussen Christus en die gelowiges kom daarin na vore dat Hy die lydensweg vir hulle en in hulle plek gestap het. Hy was hulle **representant**. Dit alles kry dan 'n toepassing in die lewe van die gelowige, wanneer Christus hulle deur die Heilige Gees persoonlik betrek. Dan word hulle by Christus ingelyf. Gevolglik kan van die gelowiges gesê word dat hulle met Hom begrawe is en opgestaan het in 'n nuwe lewe (Ef. 2:4-7; Rom. 6:3-7; Kol. 2:9-12). **Representasie** en **inkorporasie**, die *heilshistoriese* en die *heilsordelike*, staan teenoor mekaar beide as brandpunte van 'n ellips: hulle val nie saam nie, maar bly van mekaar te onderskei en tog kan hulle nie van mekaar

losgemaak word nie, maar bestaan alleen in voortdurende betrokkenheid op mekaar (Oosterhoff en Steenbergen, 1974:41; Quist, 1989:12).

### 4.3.4.2 Gevare wat dreig

In hierdie saak kan 'n paar gevare aangetoon word wanneer die inlywing in Christus gesien word as suiwer heilshistories en nie ook heilsordelik nie.

a. Dit wys op die nuwe lewe wat almal wat met Christus gesterf en opgestaan het ontvang deur die werking van die Heilige Gees.
b. Die *heiliging,* as gawe en opdrag, is immers net soos die *regverdiging* deel van die heil.
c. Dan kan dit lei tot kategetiese onderrigleer waarin die verhouding met Christus eensydig-objektief ter sprake kom. In die kategese word dan net aan die verbondskinders bekend gemaak dat hulle met Christus gesterf het en ook saam met Hom opgestaan het. *Die persoonlike geloofsverhouding bly hiermee in die skadu lê.* Die eie werk van die Heilige Gees in die inkorporasie "komt in de knel".
d. Dit is Christus deur wie die nuwe lewe gewerk is en dit is die Heilige Gees deur wie dit gerealiseer word in die lewe van die gelowige.
e. Die verbondenheid tussen Christus en die verbondskinders word deur Paulus altyd verstaan in samehang met die werk van die Heilige Gees wat die gelowige kinders aan God verbind: "Het is de gemeente die tot geloof is gekomen, waarvan wordt gezegd dat zij één lichaam is in Christus." (Oosterhoff en Steenbergen, 1974:41.)

### 4.3.4.3 Werklikheid vir die verbondskind

Die vraag moet ook beantwoord word op watter wyse die gelowiges met Christus gesterf het en saam met Hom opgewek is (Ef. 2:4-7). Hoe word dit vir die individuele verbondskind 'n werklikheid?

a. Hier moet in gedagte gehou word dat daar in die Nuwe Testament nie 'n *sistematies heilsordelike* sisteem aangetref word nie.
b. Die vraag wat aan die orde kom is die vraag: hoe ons lewensgang veranker word in die sterwens- en lewensgang van Christus. *Hoe die heilsgeskiedenis van Christus ons lewensgeskiedenis ingedra word.* In die Nuwe Testament is hieroor wel duidelike riglyne aan te tref.

c. Hier kom die hele saak van **geloof** en alles wat daarmee gepaard gaan aan die orde.

Die *aktiewe rol van die mens* moet nou onder die loep geneem word.

### 4.3.5 In Christus geheilig deur die Heilige Gees

Die werk van die Heilige Gees is noodsaaklik om ons te laat deel in wat Christus verwerf het. Daar moet in hierdie opsig baie duidelik onderskei word tussen *"in Christus geheilig"* en *"deur die Gees geheilig"*.

- ***In Christus geheilig*** beteken dat ons en ons kinders reg het op die belofte van regverdiging deur die bloed van Christus. Wanneer die belofte van die regverdiging deur die bloed van Christus in die geloof aanvaar word, dan word ons die regverdiging mettertyd deelagtig.
- ***Deur die Heilige Gees geheilig*** vloei voort uit die regverdiging waardeur die reiniging deur Christus se Gees volg; 'n reiniging nie alleen "in Christus" nie, maar ook 'n heiliging "deur die Gees".
- Die *genadige toesegging van God* en die *gelowige* toe-*eiening van God se heil* – wat in die belofte tot ons kom – gaan nie alleen om die weldade wat Christus verwerf het nie, maar dit gaan ten diepste om die gemeenskap met die persoon van Christus (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21). Die gemeenskap met Christus en die ontvangs van sy weldade geskied deur die geloof, geloof wat deur die Heilige Gees gewerk word.

As die *onderskeid tussen heilstoesegging en heilstoe-eiening* egter nie gemaak word nie en die belofte gesien word as 'n reeds vervulde belofte, word die belofte losgemaak van die appèl van die geloof. Maar die geloof as gawe is ook die inhoud van die belofte. Die heilstoe-eiening wat noodsaaklik is *om God se heil te kan deel,* is 'n **beloofde heilstoe-eiening**. Daar moet gewaak word teen 'n *vanselfsprekendheidsgeloof,* 'n geloof wat as vanself saam met kerklidmaatskap en doop by iemand wat gereeld die eredienste bywoon, aanwesig geag word. Dit is ook die gevaar van verbondsoutomatisme.

### 4.3.6 Geloof is nie 'n menslike prestasie nie

Die vraag ter sprake is watter rol die mens toekom in die saak van geloof, regverdiging, heiliging ens. *Het die mens wel 'n aktiewe rol en wat is daardie rol? Watter implikasies het dit vir die*

*leeruitkoms van die kategese?* Woorde soos ons dit vind in Romeine 4:16[39]; 3:22[40] en 3:24[41] wys al 'n bepaalde faset daarvan aan. Dit verhinder ons om van die geloof ooit te praat as van 'n soort prestasie van die mens. Dit verhoed ons om te dink dat die mens eers met 'n prestasie kom voordat God die verlossing in Christus vir jou 'n werklikheid maak. Geloof is juis om af te sien van enige menslike prestasie as dit by die saak van die verlossing, regverdiging en heiliging kom. In die Nuwe Testament mag dalk afgelei word dat geloof 'n voorwaarde is vir die verlossing. Dit is wettisisme en eiegeregtigheid wat vreemd is aan die Woord van God. Die hele inhoud van die evangelie van genade verbied ons om groot te praat oor die lewensdade van die gelowende mens. God skep deur sy Woord en Gees alle voorwaardes vir die mens om tot geloof te kom (Rom. 10:13-17). Galasiërs 3:11-12 lui: "En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe." Die mens hier is "Untersubjekt" (Jonker, 1985:207)[42] of "mede-subject" (Versteeg, 1976:9)[43] in navolging van J.H. Bavinck, maar as sodanig dan tog as subject. Dit is die méns wat glo.

### 4.3.7 Geloof word nie buite die beslissing van die mens gewerk nie

*Die geloof word nie buite die beslissing van die mens om gewerk nie, maar dit is juis die krag van die evangelie, waarin Christus as die gekruisigde geteken word (Gal. 3:1), wat die mens tot geloofsbeslissing bring. Die Gees skep juis deur die Woord die moontlikheid dat die menslike subjek weer volop kan funksioneer in vryheid en verantwoordelikheid.*

As dit nie so was nie, sou die groot aantal imperatiewe in die Nuwe Testament heeltemal onbegryplik wees. 'n Imperatief is nie 'n weggesteekte indikatief nie. Die imperatief rus op die indikatief (Fil. 2:12-13). Heel diep word die geheim in Efesiërs 5:18 vertolk waar dit om die groei van die geloofslewe gaan: *"word met die Gees vervul"* – 'n imperatief van die passiewe vorm van die werkwoord!

---

39 Romeine 4:16 – "Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal."

40 Romeine 3:22 – "die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie."

41 Romeine 3:24 – "en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."

42 Jonker, H. "Reflexen". In Theologia Reformata 28/1985, 203-215.

43 Versteeg, J.P. "De Geest en de gelovige, de verhouding van het werk van de Geest en het werk van de gelovige volgens het Nieuwe Testament". Appeldoornse Studies, Kampen 1976.

- Dit is God wat skeppend spreek.
- Dit is die mens wat gelowend hoor, luister en gehoorsaam.

Die noue betrokkenheid van die geloof op die evangelie bepaal ook die *aard van die geloof* op meer as een manier. Die Woord van God is met gesag die verkondigende heils*boodskap;* die geloof mag dus kwalifiseer as geloofs-*gehoor*-saamheid (Rom. 1:5; 16;26). Uiteraard is die *gehoorsame onderwerping* aan die evangelieboodskap nooit 'n strakke formele saak wat los staan van die inhoud van die evangelie en van Hom wat die grote inhoud daarvan is nie, Jesus Christus, wat aan ons gegee is tot wysheid, geregtigheid en heiligmaking (1 Kor.1:30). Die geloof is deur die inhoud van die evangelie genormeer en het onmiskenbaar 'n *kennis*-element, waarmee bedoel is: insig om te onderskei waarop dit aankom in etiese sake (Fil. 1:9-11; Rom. 12:2), maar ook en allereers insig in die verstaan van God se heilswil, wat God in Christus geskenk het en sekerlik steeds sal skenk (1 Kor. 2:12; Ef. 1:17; Ef. 3:18-19).

### 4.3.8 Geloof is vertroue en oorgawe

Uitgaande van die evangelie as *heils*boodskap is die geloof te kwalifiseer as *vertroue* en *oorgawe*.

- Geloof is 'n saak van die hart (Rom. 10:9).
- Geloof is ook 'n saak van die kennis van die Gees .
- Geloof is die afsien van enige vertroue op enige menslike prestasie.
- Geloof is die afsien van werke van die wet-as-heilsmiddel.
- Geloof is die oorgawe aan God se genadevolle heilswerk in Christus.
- Geloof as vertroue en oorgawe dui op die mens in sy sentrale selfbepaling.

Daarby gaan iets belangrik saam. by die geloof is inbegrepe die *wete*, die *kennis* om te mag lewe in die nuwe lewe wat Christus gee. By die geloof is verder inbegrepe die *wete*, die *kennis* om te mag deel in die krag van God tot deurwerking van die nuwe lewe in die mens (Kol. 2:12 – "omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek is"). As hoop is hierdie geloof gerig op die nuwe lewe wat kom (Rom. 8:24).

Beide Woord en Sakramente is middele waardeur die Here sy reddende liefde wat in Christus se heilswerk bekend gemaak is, tot ons bring en waardeur die Heilige Gees die liefde in geloofsrelasie stel. Die doop laat sien én onderstreep kragtig wat die Here in die Woord beloof het: "Steeds zijn Woord en sacramente middelen, het is (die hand van) God zelf die toeëigent." (Quist, 1989:23.)

Versteeg (1983:122) vat dit só saam:

- Die doop is gegrond in die heilsgebeure in Christus.
- God stel die doop ook in verhouding tot die heilsgebeure.
- Aan die ander kant is die doop ook gerig op die persoonlike geloof.
- Die doop is gerig op die lewensvernuwing wat met die geloof gegee word.
- Daar moet gespreek word van 'n heilshistoriese en van 'n heilsordelike aspek van die doop.
- Die *heilshistoriese* aspek van die doop hang saam met die fundering van die doop in die heilsgebeure in Christus, terwyl omgekeerd die heilsgebeure gerig is op die doop.
- Die *heilsordelike* aspek van die doop hang verder saam met die feit, dat die doop gerig is op die geloof en die lewensvernuwing, terwyl omgekeerd die geloof en die lewensvernuwing gefundeer is in die doop
- Deur die doop is die heilsgebeure in Christus gerig op die geloof en die lewensvernuwing. Deur die doop is eweneens die geloof in die lewensvernuwing gefundeerd, in die heilsgebeure in Christus.

Heilstoe-eiening is 'n werk van God self waarby Hy dooies lewendig maak en wie nie is nie in aansyn roep (Rom. 4:17; 2 Kor. 4:6). Die Woord bring die Gees tot in die hart, die Gees bring die Woord in die hart. As dit gaan om die heil van die mens dan het ons te doen met die vrug van die werk van Jesus Christus. In die leer van die heil gaan dit om die toepassing van die weldade van Christus. Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen *verwerwing* van die weldade en die *toepassing* van die weldade:

- *Verwerwing* is die werk van God die Seun.
- *Toepassing* is die werk van God die Heilige Gees.

Dit gaan om die vrugte van die werk van Jesus Christus. By die vrugte hoort ook die werkinge van die Heilige Gees in die mens. Daarby moet onthou word dat alle weldade uit die verkiesing voortspruit (Dordtse Leerreëls, 5.9-10; Rom. 8:16 – "*Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is*"). Dit gaan hier nie om 'n medewerking van ons gees saam met die Heilige Gees waarin die getuienis deels van ons en deels van die Heilige Gees is nie. Dit gaan om die ***inwerking*** van die Heilige Gees op ons gees, sodat dit *een getuienis word* en nie *twee getuienisse* is nie. Vir die vraag na heilsekerheid is dit van die allergrootste belang dat ons besef dat dit 'n sekerheid of versekerdheid is, waarvan die grond en die oorsprong buite die mens is. Die grond van hierdie sekerheid lê in die middelaarswerk wat Jesus Christus vir ons volbring het terwyl die werk van die Heilige Gees in ons die oorsprong daarvan was.

### 4.3.9 Samevatting

Die bevindinge van punt 4.3.3 – 4.3.8 kan soos volg saamgevat word:

- Die mens word nie die heil deelagtig op grond van sy eie vermoë, wil, begeerte en gawes nie.
- Deur die Gees word die heil in Christus aan die kind van God geskenk.
- Deur die geloof word die mens by Jesus Christus ingelyf.
- Die middel waardeur die inlywing plaasvind is die geloof.
- Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie maar word deur die Heilige Gees in die hart gewerk deur die verkondiging van die evangelie.

### 4.3.10 Finale neerslag – die verhouding tussen God en mens

Samevattend blyk die volgende rakende die verhouding tusse 'n God en mens

- Die mens staan in 'n apolêre verhouding tot God en die verbond is die vaste struktuur waarbinne die apolêre verhouding tussen God en mens bestaan. God en mens is daarin nie mededingers of opponente nie, maar bondgenote. Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding tussen God en die mens.
- Deur die eensydige (monopleuriese) en tweesydige (dupleuriese) karakter van die verbond is dit duidelik dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel.
- Die Goddelike vrymag (objektiewe heil) en die menslike verantwoordelikheid (die subjektiewe geloof) bestaan spanningloos binne die verbondsverhouding.
- Die leer van die genade alleen en die uitverkiesing is onafskeidbaar aan mekaar verbonde.
- Die mens kan nie sy plek in die uitverkiesing verdien nie want God kies nie na menslike maatstawwe nie.
- Die grond van die vryspraak van die skuld van die sonde is nie die geloof van die mens nie maar die soenlyde van Jesus Christus.
- Geloofsekerheid is sekerheid van Jesus Christus die Middelaar en die Verlosser en nie die sekerheid van die geloof nie.
- Die apolêre verhouding tussen God en mens het die verbond as *struktuur*, die uitverkiesing as *fondament*, die vryspraak as *resultaat* en die geloof as *binding*.
- Die mens word nie die heil deelagtig op grond van sy eie wil, vermoë, begeerte en gawes nie maar deur die geloof. Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie maar word deur die Heilige Gees in die hart gewerk deur die verkondiging van die evangelie.

- Deur die Heilige Gees word die kind van God die heil in Christus geskenk. Deur die geloof word die mens by Jesus Christus ingelyf.
- Die middel waardeur die inlywing plaasvind is die geloof.

## 4.4 Die stryd teen dwalinge

### 4.4.1 Inleidend

"Ons kan God se heil soos dit in die Bybel verkondig word – die regverdiging, die vernuwing en die ewige lewe – vanuit vier gesigspunte benader: die *verkiesing*, die *versoening*, die *gepredikte belofte* en die *Heilige Gees*. By die heilstoe-eiening speel hierdie vier momente 'n rol. Maar dan in 'n omgekeerde volgorde. Die toe-eiening begin nie met die verkiesing nie, maar met die werk van die Heilige Gees." (Floor, 1992:16.) God se heil word ons *toegesê*. Wat ons toegesê is, moet *toege-eien* word. Dit is die werk van die Heilige Gees. Die werk van die Heilige Gees is noodsaaklik om ons te laat deel in die heil wat Christus verwerf het. Floor (1992:17) vestig die aandag daarop dat Calvyn onderskeid maak tussen aanbieding en ontvangs. Wat *aangebied* word, moet *ontvang* word. Calvyn het geskryf: "Aangeboden worden is iets anders dan ontvangen worden." (Van Genderen, 1993:28.) Die onderwerp heilstoe-eiening vra aandag vir hierdie saak wat Calvyn in die derde boek van sy Institusie onder woorde bring: "die manier waarop ons die genade van Christus ontvang" (Institusie, 3:699). Ten opsigte van die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof was daar deur die eeue heen verskillende standpunte waarna krities gekyk moet word. So byvoorbeeld is die negentiende eeuse teologiese denke deur die *liberale subjektivisme* oorheers. Gedurende die twintigste eeu het die *objektivisme* en die *heilsuniversalisme* die botoon gevoer (Jonker, 1981; Theron, 1985; Heron, 1985, Strauss, 1985; Nel, 2000; Nel & Strauss, 2002).

### 4.4.2 Die stryd van Maarten Luther

Maarten Luther het diepgaande geworstel op watter manier die mens deel kry aan die versoening en die ewige saligheid. Luther soek duidelikheid oor die wese van die vergewing, die Bybelse gronde vir die kerklike boete-sisteem en die uitverkiesing. Luther vra: (1) Is ek heilig genoeg? (2) Het ek voldoende berou? (3) Is ek 'n uitverkorene? In die leer van die Rooms-Katolieke Kerk het Luther geen antwoorde gevind nie. Hy word van sy worstelstryd verlos toe hy die inhoud van Romeine 1:17 deur die Heilige Gees verstaan: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." Die vrae waarmee Luther

geworstel het, het gegaan oor heilstoesegging en heilstoe-eiening. Dit het gegaan om die "relatie van belofte en geloof" (Van Genderen, 1993:30).

### 4.4.3 Die Reformasie se reaksie op die objektivisme

Die Reformatore moes antwoord op die objektivistiese siening van Rome, dat die Heilige Gees, in die leer- en priestersamp aktief is. Vir hulle is die leergesag onfeilbaar en die Heilige Gees maak van die sakramente die objektiewe kanale waardeur die liggaam en bloed van Christus 'n werklikheid word terwyl die prediking net 'n voorbereidende aksie is wat heenwys na die sakramentele viering. Hierdie dwaling moes die Reformatore weerlê.

### 4.4.4 Die Reformasie se reaksie op die subjektivisme

Die Reformatore het nie net die objektivistiese dwaling van Rome weerlê nie maar ook sterk standpunt ingeneem teen die subjektivisme van die doperse rigtinge en die Spiritualisme wat geleer het dat die Heilige Gees sy werk nie volbring deur middel van menslike ampsdiens nie maar regstreeks in die hart van die mens. Die Reformatore leer dat God die Heilige Gees die heil deur die bediening van die Woord toepas.

### 4.4.5 Verdere afwykende standpunte

Daar moet kortliks kennis geneem word van die volgende afwykende standpunte in verband met die saak van heilstoesegging en heilstoe-eiening sodat die slaggate vermy kan word.

#### 4.4.5.1 Die mens maak homself waardig vir die genade

Daar is afwykende standpunte waardeur die plek van die mens in die saak van heilstoesegging en heilstoe-eiening oorbeklemtoon word. Een gedagte wat telkens terugkeer is dié dat die mens homself waardig moet maak om die genade van God te kan ontvang (Van Genderen, 1993:31). Deur persoonlike inspanning moet die mens dus die geestelike toestand bereik waardeur hy vir God kan bewys dat hy werd is om die genade te ontvang. As hy God daarvan oortuig het, kry hy dit.

#### 4.4.5.2 Daar is 'n samewerking tussen God en mens

Op grond van die standpunt dat die mens homself waardig maak om die genade te ontvang word verder bepaal dat daar 'n samewerking is tussen God en die mens. Dit is 'n samewerking tussen die genade van God en die vrye wil van die mens. Dit word die standpunt van *sinergisme*[44] genoem.

### 4.4.5.3 Die Rooms-Katolieke Kerk

Die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk is dat die mens die geregtigheid ontvang na dié mate waarin die Heilige Gees dit aan elkeen gee en ook na die mens se eie ingesteldheid en samewerking. Die Konsilie van Trente het dit soosvolg geformuleer: "de gelovigen moeten door middel van goede werken met vrees en beven hun zaligheid bewerken en intussen hopen, dat God hun om Christus' wil genadig zal zijn." (Van Genderen, 1993:31.)

### 4.4.5.4 Die Remonstrante

Die leer van die Remonstrante ten opsigte van heilstoesegging en heilstoe-eiening is 'n variant van die sinergisme. Die onderskeid tussen heilsverwerwing en heilstoe-eiening verklaar hulle so, dat God, die weldade wat Christus verwerf het, gelykelik aan die mense wil gee. Dat sommige die vergewing van sonde en die ewige lewe deelagtig word en ander nie, word toegeskryf aan die vrye wil van die mens wat die aanbod van genade aanvaar of verwerp.[45] Die vrye wil van die mens bly egter 'n onsekere faktor in die saak van heilsverwerwing en heilstoe-eiening. Die Remonstrante leer dat die mens momenteel seker kan wees dat hy deel in die heil in Christus, maar die mens kan nie sekerheid hê dat hy in die geloof sal kan volhard nie. Teenoor hierdie twyfel het die Sinode van Dordrecht (1618-1619) die standpunt gestel van geloofsekerheid.[46]

### 4.4.5.5 Die Piëtisme

---

[44] *Sinergisme* is die leer dat die mens saam met God werk en dat God met die mens saamwerk in die proses van sy saligheid; "e.g. by man's acceptance of divine grace and God's assistance to man in accepting that grace" (Deist, 1984:250).

[45] *Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, verwerping van die dwaling 6*: "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat die onderskeid tussen verwerwing en toe-eiening misbruik om by die onversigtiges en onervarenes die denkbeeld in te prent: Dat God, vir sover dit Hom betref, aan alle mense die weldade wat deur die dood van Christus verkry word, in gelyke mate wou meedeel. Dat sommige die vergifnis van sonde en die ewige lewe deelagtig word en ander nie, hang van hulle vrye wil af, wat hom aanpas by die genade wat sonder onderskeid aangebied word. Dit hang nie van die besondere gawe van die barmhartigheid af wat kragtig in hulle werk, dat hulle anders as ander mense, hierdie genade vir hulleself toe-eien nie. **Die Sinode leer:** Daardie mense wat voorgee dat hulle hierdie onderskeiding reg voorstel, probeer om die kerkvolk met die verderflike Pelagiaanse dwalings te vergiftig."

[46] *Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, verwerping van die dwaling 5*: "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genadeverbond opgeneem, sodat niemand vanweë die oorspronklike sonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is. **Die Sinode leer**: Hierdie mening is in stryd met die Skrif, wat verklaar *dat ons van nature kinders van die toorn is* (Ef. 2:3)."

Dit is kenmerkend van die piëtisme van die sewentiende en agtiende eeu dat hulle gekonsentreer het op die saak van heilstoe-eiening (Van Genderen, 1993:32). Die Heilige Skrif en die ervaring van die mens is die bronne waaruit die piëtiste put in die bespreking van die heilsweg of die heilsorde. Deur die piëtiste is die heilstoe-eiening verselfstandig ten opsigte van die heilstoesegging. Dit vind ons by die piëtisme met sy lang heilsweg. Hulle het ernstig daarop aangedring dat selfondersoek gedoen word en dat daar geleef word volgens die kenmerke van die genade met die oog op die sekerheid van die heil. Dit moet alles vanself uit die mens na vore kom.

### 4.4.5.6 Die Metodisme

Die leer van die heil staan by die Metodisme sentraal. Vir hulle gaan dit om die kragtige bekering van die mens, die volstrekte oorgawe aan Christus en 'n ywer vir die koninkryk van God (Van Genderen, 1993:32). Waar die Piëtisme 'n lang heilsweg leer, bely die Metodisme 'n kort heilsweg. Alles trek byna in een punt saam: Doen dit nou! As dit die geval is, is daar ook nie enige twyfel nie.

### 4.4.5.7 Die liberale subjektivisme

By die subjektiewe lê die aksent op die genadewerking van God in die hart van die mens. Baie aandag word gegee aan die werk van Christus *in ons*. Hier kom die heilsorde te sprake. Daar is dus meer aandag vir die werk van die Heilige Gees. Deur middel van die Woord van God werk die Heilige Gees geloof in die sondaarharte. By die ontvouing van die heilsweg word gelet op die wyse waarop 'n mens tot geloof kom en hoe die geloof funksioneer. Die klem word swaar op die subjektivistiese geloof van die mens gelê, in so 'n mate dat die objektiewe heil op die agtergrond geskuif word.

Gedurende die negentiende eeu is die teologiese denke deur die liberale subjektivisme oorheers (Nel, 2000:1). Daarin het die aksent swaar op die menslike subjek in die heilstoe-eiening geval. Die liberale subjektiviste het die geloof as 'n menslike moontlikheid, funksie of houding verstaan. Oor 'n breë spektrum van denke is die geloof gesien as die uitdrukking van menslike religieusiteit (Jonker, 1981:137). By die subjektivisme lê die swaartepunt in wat daar met die mens moet gebeur. Gedurende die twintigste eeu het veral Karl Barth hom baie sterk teen hierdie liberale subjektivisme gekeer (Nel, 2000:1). Barth het geloof as 'n bepaalde gestalte van die menslike outonomie, soos dit sedert die Aufklärung na vore getree het, geïnterpreteer (Jonker, 1981:138). In sy teologiese reaksie op die liberale subjektivisme, wou Barth volledig begroot vir die objektiewe karakter van die heil wat as't ware van buite die mens kom. Hiermee het die teologiese pendulum van die subjektivisme

na 'n *objektivisme* en moontlik selfs 'n *heilsuniversalisme geswaai* (Nel, 2000:2). Ook vir hierdie skeeftrekking moet gewaak word wanneer dit kom by die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof.

### 4.4.5.8 Die objektivisme

By die subjektivisme lê die swaartepunt in wat met die mens gebeur, terwyl die swaartepunt by die objektivisme lê in wat onafhanklik van die mens gebeur (Van Genderen, 1993:33). Van hierdie gedagterigting was die teologie van Barth 'n goeie voorbeeld. Barth wil weer begin by wat God in Christus gedoen het want alles is in Christus beslis. By die objektiewe lê die klem baie sterk op die werk van Christus *vir ons*. Die groot dade van God en die verlossingswerk van Christus staan in die middelpunt. Die objektiviste sê alle mense is, objektief gesien, geregverdig en geheilig. Die objektiewe wys veral op Christus, op sy werk vir ons. By die objektivisme ontbreek die waarheid dat die heil deur die Heilige Gees in die hart van die mens toegepas word.

### 4.4.5.9 Samevatting

In die lig van wat in die bogenoemde standpunte gevind is, is dit opmerklik dat die samehang van heilstoesegging en heilstoe-eiening nêrens tot sy reg kom nie. Wat wel beklemtoon is, is die volgende:

- Die heilstoe-eiening word deur die *Rooms-Katolisisme* en die *Remonstrantisme* verselfstandig ten opsigte van die genade en dit word vir 'n deel aan die vrye wil van die mens toegeskryf.
- Die heilstoe-eiening word deur die *piëtisme* verselfstandig ten opsigte van die belofte (heilstoesegging) en daardeur uiters moeilik gemaak.
- Die heilstoe-eiening word deur skematisering verselfstandig in die gedagtegang van die *Metodisme* sodat dit eensydig beklemtoon word.

In sowel die liberale subjektivisme van die negentiende eeu as Barth se objektivistiese reaksie daarenteen in die twintigste eeu, vind daar 'n splitsing van die objektiewe en die subjektiewe aspekte met betrekking tot die heilstoe-eiening plaas. Die gevolge van die splitsing is dat die objektiewe en die subjektiewe aspekte met betrekking tot die heilstoe-eiening op gespanne voet met mekaar geplaas is. Hierdeur ontstaan daar 'n situasie waarop gevra moet word of daar nie 'n geloofsopvatting groei wat die omlysting van die Heilige Skrif en die gereformeerde belydenis verbygaan nie. Die Woord van God en die gereformeerde belydenis staan in 'n *spanningslose samehang* tussen die objektiwiteit van die heil en die persoonlike toe-eiening daarvan in die geloof. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 22, meld: "Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienste," en die

Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag 21 bely dat die ware geloof " 'n vasstaande kennis is waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar".

Binne die gereformeerde teologiese tradisie het die standpunt tussen 'n objektivistiese opvatting van die heil aan die een kant en die subjektivistiese toe-eiening daarvan deur die geloof aan die anderkant beweeg. Dit raak die saak van die ***fides qua creditur*** en die ***fides quae creditur*** wat hieronder behandel word.

## 4.5 Fides qua creditur en die fides quae creditur

### 4.5.1 Inleidend

Die wisseling tussen die objektivistiese opvatting van die heil en die subjektivistiese toe-eiening van die heil deur die geloof word dogmaties so geformuleer dat dit gaan om die *fides qua creditur* en die *fides quae creditur.*

- Met **fides quae creditur** word bedoel die *objektiewe geloofsinhoud*: "Faith is the content of my confession, the contents of faith, i.e. ecclesiastical tradition." (Deist, 1984:95.) In die fides quae creditur wys die nominatief op ***wat*** geglo word – dit is die inhoud van die geloof: "De inhoud van het geloof (fides quae) wordt bepaal door Gods openbaring." (Velema, 1990:84.)
- Met **fides qua creditur** word bedoel die *subjektiewe geloofsdade;* die geloof is naamlik die grond van my belydenis. "The act of faith leading to faith, i.e. the ground or foundation of faith, namely the work of the Holy Spirit" (Deist, 1984:95). In fides qua creditur wys die ablatief op die ***waardeur*** geglo word – die geloofsdade. Velema (1990:84) beklemtoon dat die inhoud van die geloof (fides qua) "wordt evenzeer bepaald door Gods openbaring".
- Gaan dit in die saak van geloof dus om die *fides quae,* dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud,* (die objektiewe heil wat geglo moet word – die heilshistoriese faset), of gaan dit om die *fides qua,* dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur – die heilsordelike faset) of gaan dit om albei?

### 4.5.2 Geloof is 'n vasstaande kennis en vaste vertroue

'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis nie maar ook 'n vaste vertroue (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 21). Naas אָמַן[47] word בָּטַח[48] ook in die Hebreeus gebruik met die betekenis: "zich in een toestand van zekerheid bevinden, zich verlaten op iemand" (Wentsel,

[47] Vergelyk punt 2.2.2.2.3 – 2.2.2.3
[48] Vergelyk punt 2.4

1995[4a]:629). Veral in die Psalms word Jahwe, as die storms van die lewe om jou woed, ervaar as die grond van die sekerheid en toevlugsoord van rus en geborgenheid (Ps. 4:6; Ps. 9:11; Ps. 13:6; Ps. 21:8; Ps. 22:6; Ps. 25:2; Ps. 33:31; Ps. 34:3 e.a.). God waarsku teen 'n valse gerustheid en misplaaste vertroue. Selfgenoegsaamheid hou nie rekening met tyd-gerigte en eindgerig nie (Jes. 32:9-14; Matt. 24:36-42). Jesaja kontrasteer die valse gerustheid teenoor die ware rus en sekerheid (Jes. 32:9-20). Die vertroue is nie net gerig op Jahweh nie maar ook op Jesus Christus (Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10). Die vertrouensvotum van die Romeinse offisier in Kapernaum is 'n voorbeeld: "Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Daarom het ek my ook nie waardig geag om na U te gaan nie; sê dit maar net met 'n woord, en my kneg sal gesond word." (Luk. 7:6.) Jesus hou die verwagtingvolle, onvoorwaardelike en gereserveerde vertroue van die Romeinse offisier aan die volk as voorbeeld voor: "Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie." (Matt. 8:10.)

Hieruit blyk dat die geloof van die *subjek (fides qua – waardeur geglo word – die heilsordelike)* kwalitatief maksimaal kan wees by 'n inhoudelike minimum *(fides quae – wat geglo word – die heilshistoriese)*. Die teenoorgestelde kan ook voorkom dat die objektiewe geloofsinhoud (quae) maksimaal kan wees, maar die geloofsdade (qua) ontbreek in die lewe van die lidmaat. Die vertroue is nie alleen gerig op die Persoon van God en van Jesus Christus nie, maar ook op hulle woorde en dade en op die inhoudelike van die belydenis. Die geloofsobjek is ook die "dat-sinne", uitsprake wat met "dat" (ὅτι) begin en vervolgens 'n feitelike gebeurtenis soos Jesus se kruisiging, opstanding, hemelvaart of wederkoms vermeld. Geloof as aktiwiteit is nie iets vaag, onbepaald of sonder inhoud nie. Geloof is sowel die *opneem van die heilsfeite, woorde en tradisies (fides quae)* as die *kwalitatiewe bepaalde vroomheid (fides qua)*. Die geloof is altyd πίστις τοῦ εὐαγγελίου (Fil. 1:27; 1 Tess. 4:14 – glo in die sterwe en opstanding; Rom. 10:8-10 – Jesus bely as Κυριος en glo dat God Hom uit die dood opgewek het; 1 Kor. 15:1-5 – glo in die opstanding uit die dood; Joh. 2:22b – glo in die Skrifte en in Jesus se woord; Hebr. 2:3 – glo in die paradosis[49]). Die volgende onderskeid is hier ter sprake (Van Genderen en Velema, 1992:543):

- die geloof **waarmee** geglo word – *fides qua*
- en die geloof **wat** geglo word – *fides quae*

"*Faith* is an action word. We cannot passively respond to God." (Anderson, 1993:211.)

## 4.6 Subjektiewe en objektiewe aspekte van heilstoe-eiening

[49] paradosis – dit wat gegee is (Deist, 1984:185).

### 4.6.1 Inleidend

In die saak van heilstoe-eiening kom die vraag ten opsigte van die objektiewe en subjektiewe aspekte na vore. Kritiek is uitgespreek teen die subjektiewe toepassing van die heilstoe-eiening sowel as die objektiewe toepassing daarvan. Strauss (1989:80) toon aan dat daar twee duidelik teenoor mekaar staande standpunte kristalliseer:

- Aan die een kant is daar diegene wat beklemtoon dat die mens géén "aandeel" hoegenaamd in sy redding kan hê nie – gesien die oormag van God se genade waarmee Hy die mens, sonder enige verdienste van sy kant, red.
- Aan die ander kant is daar die standpunt dat die mens eers bewustelik die genade van God moet "aanneem" anders kan hy nie gered word nie. Sy redding hang van sy "aanneem" af.

Wat in hierdie diskussie opval, is dat die eersgenoemde standpunt (dat die mens géén "aandeel" hoegenaamd in sy redding kan hê nie) gewoonlik sy uitgangspunt in die ***verbond*** neem, terwyl die laasgenoemde standpunt (dat die mens eers bewustelik die genade van God moet "aanneem" anders kan hy nie gered word nie) 'n aksent op die waarde van die *persoonlike* ***bekering*** lê (Strauss, 1989:80). Hier kom twee "teologieë" saam: 'n *"ontspanne verbondsteologie"* met 'n neiging tot objektivisme (die redding gebeur alles buite die mens en sonder toedoen van die mens, die mens antwoord maar net op die redding, hy ontvang maar net), en 'n *"oorspanne bekeringsteologie"* met 'n neiging tot subjektivisme (die redding kom eintlik eers binne in die mens tot stand). Die teoloog staan hier voor 'n dilemma: Wat moet hy hier doen? Moet hy 'n keuse maak tussen ***verbond*** en ***bekering***? Daar moet daarom vasgestel word wat die verhouding en die verskille is tussen 'n ontspanne verbondsteologie met 'n neiging tot objektivisme en 'n oorspanne bekeringsteologie met 'n neiging tot subjektivisme en die betekenis daarvan vir die kategese.

### 4.6.2 Agtergrond

Een van die vernaamste vrae waarmee die Pneumatologie deur die eeue geworstel het, is die vraag na die heilstoe-eiening. Dit gaan om die vraag hoe die Heilige Gees betrokke is by die inbring van die heil in die menselike eksistensie (Jonker, 1981:137). Daar moet aandag gegee word aan drie vrae (a) hoe die mens betrek word by die verlossing in Christus, (b) die vraag na die aktiwiteit of passiwiteit van die mens by die ontvangs van die heil en (c) aan die wyse waarop die mens as individu die heil deelagtig word en daardeur geraak word.

### 4.6.3 Historiese verloop

In die breë Protestantse kerklike en teologiese wêreld kom die saak van die verhouding tussen die objektivistiese en die subjektivistiese aspekte in die heilstoe-eiening telkens na vore.

### 4.6.3.1 Die negentiende eeu

Die subjektivisme in die liberale teologie van die negentiende eeu was aan die orde van die dag met die gevolg dat die teologiese denke in die negentiende eeu oorheers is deur die *liberale subjektivisme.* 'n Swaar aksent het op die menslike subjek in die heilstoe-eiening geval (Jonker, 1981:137). Die subjektivisme maak van die mens se geloof die subjektiewe pool in die verhouding tussen God en mens en interpreteer die geloofsverhouding tot God binne die subjek-objekskema. Die gedagte sluit veral by die wysgerige denke van die tyd aan: Net soos die subjek in die wysbegeerte heers oor die objek van sy kennis, verkry die menslike geloof in die subjektivisme 'n beheersende posisie teenoor God en sy openbaring. In sy outonomie wil die mens subjektief uitmaak hoe God is en wat ons as sy openbaring kan aanvaar. Daarmee word die werklikheid van die openbaring van God aangetas en die gesag van die Woord van God verdwyn. In die negentiende eeu is die geloof in breë kringe verstaan as 'n menslike moontlikheid, 'n menslike funksie of houding wat die uitdrukking was van die menslike religieusiteit. Hierin is die verskil met die Reformasie duidelik want die Reformasie het die geloof verstaan as 'n gawe van God, omdat dit deur die werking van die Woord van God en die Heilige Gees in die mens geskep of na vore geroep is.

### 4.6.3.2 Die twintigste eeu

#### 4.6.3.2.1 Algemene tipering

Die erfenis wat die twintigste eeu ten opsigte van heilstoe-eiening uit die negentiende eeu ontvang het, was die swaar aksent wat op die menslike subjek in die heilstoe-eiening geval het. Ook in die Neo-Protestantisme word daaraan vasgehou dat 'n mens deur die geloof die heil deelagtig word (daarin wou dit aan die Protestantse tradisie getrou bly) en die geloof neem selfs 'n sentrale plek in in die teologiese denke (Jonker, 1981:137). Die *Reformasie* het die geloof verstaan as 'n gawe van God wat ontstaan deur die werk van die Heilige Gees deur die gepredikte Woord van God. In die *Neo-Protestantisme* is 'n ander siening oor die geloof gehandhaaf, naamlik dat die geloof 'n psigologiese moontlikheid van die mens self is, wat wel deur die invloed wat daar van Jesus in die geskiedenis uitgaan versterk of geaktiveer kan word. Maar in die laaste instansie is die geloof vir hulle vrug van die mens se natuurlike godsdienstige aanleg.

### 4.6.3.2.2 Karl Barth (1886-1968)

In die twintigste eeu word die teologiese denke veral deur Karl Barth gerig op die *objektiewe karakter* van die heil wat van buite die mens kom. Daarmee word die liberale subjektivisme bestry. Ten opsigte van die Pneumatologie is daar geworstel met die saak van heilstoe-eiening (Jonker, 1981:137). Die klem val op die objektiwiteit van die daad en die Woord van God wat buite die mens lê. Die openbaring van God en die werklikheid van die heil gaan aan die mens se geloof vooraf en lê vas in die genade en trou van God. Die Heilige Gees word gesien as die subjektiewe werklikheid en moontlikheid van die openbaring. Daarmee wil Barth sê dat dit alleen deur die Gees is dat die menslike subjek God kan ken. Reaksie op die standpunt van Barth het veral van Emil Brunner, Rudolph Bultmann en Helmuth Thielicke gekom (Jonker, 1981:141-144; Nel, 2000:8). Die kritiek teen Barth het hoofsaaklik daarmee te doen dat daar gesê word dat hy, sover dit die heilstoe-eiening betref, in 'n valse objektivisme verval waar die persoon van die mens in die heilstoe-eiening geïgnoreer word en die volle betekenis van die sola fide nie verreken word nie. Sodoende word die objektiewe en subjektiewe aspekte in die heilstoe-eiening weer van mekaar geskei en op gespanne voet met mekaar geplaas (Nel, 2000:9).

## 4.7 Die stryd in Suid-Afrika

### 4.7.1 Inleidend

Nel en Strauss (2002:91) wys daarop dat die stryd tussen objektivisme en subjektivisme ook op Suid-Afrikaanse bodem neerslag gevind het met 'n beduidende invloed vir die kategese. Strauss (1989:80) meld in 'n vroeëre publikasie dat J.W. De Gruchy[50] onderskeid gemaak het tussen drie teologiese modelle in die Nederduitse Gereformeerde Kerk:

- "The tradition of Andrew Murray (missionary and pietistic evangelicalis);
- the tradition of Abraham Kuyper (Calvinism as a lifesystem) and
- those more recently influenced by the neo-Calvinism of theologians such as Karl Barth, Hendrik Kraemer en G.C. Berkouwer."

Dit is nodig om kortliks op hierdie drie groepe te let met die oog op 'n finale samevatting en konklusie

[50] De Gruchy, J.W. 1974. Reflections on dialogue between the Afrikaans and English-speaking Churches. NGTT IV 2:120-128.

### 4.7.2 Die Andrew Murray-groep

'n Groep wat ten opsigte van die saak van heilstoe-eiening 'n *oorspanne bekeringsteologie* propageer met 'n neiging tot *subjektivisme,* word genoem die Andrew Murray-groep. Hulle uitgangspunt is ***dat die redding eintlik eers binne die mens tot stand kom.*** Alhoewel Murray nie 'n uitgewerkte verbondsbeskouing nagelaat het nie, blyk uit wat hy wel oor die verbond geskrywe het dat hy meer heilsordelik (subjektief) as heilshistories (objektief) daaroor gedink het (Strauss, 1989:81). Hy skryf [51] dat 'n Christen van die vleeslike in die geestelike staat moet oorgaan. Dit gebeur die oomblik wanneer hy gereed is om God se genade ***aan te neem deur self 'n beslissende besluit te maak.*** Die besluit van die gelowige is die oorwegende. Slegs na hierdie algehele oorgawe kry die genade van God regtig vir 'n mens betekenis. In die praktiese geloofslewe het die aksent vir Murray eerder op die *bekering* as op die *verbond* geval (Coetzee, 1986:18). Daarmee is 'n patroon in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevestig wat tot vandag deur baie nagevolg word (Strauss, 1989:81). Groot klem word daarop gelê dat mense (selfs lidmate van die gemeente) op evangelisasieveldtogte tot 'n plotselinge bekering gebring moet word (Coetzee, 1986:148 e.v.). Klem word gelê op die subjektiewe besluit van die mens. Die waarde van die kinderdoop, as seël van die inlywing in die verbond, word nie ontken nie, maar sonder 'n bewustelike aanvaarding en toe-eiening van die verbondsbeloftes, bly dit 'n "dooie verbondslewe". Eers deur 'n persoonlike geloofsbeslissing kan die "formele" verbond tot 'n "lewende" verbondsverhouding met God "omskep" word.[52] Sonder 'n daadwerklike bekering, 'n "aanvaarding" van Christus se werk, 'n besluit om Jesus Christus aan te neem, het 'n mens "nog nie deel" aan God se verbondstoesegging nie.[53]

### 4.7.3 Die Abraham Kuyper-groep

'n Ander groep neem die verbond as uitgangspunt en staan 'n *ontspanne verbondsteologie* voor, met 'n neiging tot objektivisme in die heilstoe-eiening (Strauss, 1989:80). Hulle uitgangspunt is ***dat die redding van die mens buite die mens plaasvind.*** Kuyper oordeel dat die verbond vanuit die uitverkiesing verstaan moet word. God het sy verbond slegs met die uitverkorenes opgerig. Hulle en hulle alleen is wesenlike bondgenote; die ander gedoopte gemeentelede behoort slegs "uitwendig" tot die verbond. Van hierdie laasgenoemde groep geld dus dat hulle 'n "skyndoop" ontvang het. Die kinderdoop word immers op grond van die "veronderstelde wedergeboorte" aan die kinders bedien.[54]

---

[51] Murray, A. 1899:74 The two covenants and the second blessing. London: Nisbet.
[52] Belangrik is die publikasie van H.D. du Toit. 1984. Is ek gered? Kaapstad: Lux Verbi.
[53] Belangrik is die publikasie van M. Smuts (Sr). 1984. God se verbond met jou. Kaapstad: Lux Verbi.
[54] Van Genderen, J. 1983. Verbond en verkiezing. Kampen:Kok. Bladsy 22 ev.

[55] Kuyper[56] se standpunt dat die wedergeboorte aan die roeping vooraf gaan, en dat die regverdigmaking van ewigheid af geskied het 'n sterk neiging tot subjektivisme laat ontstaan. Strauss (1989:82) skryf dat Kuyper of sy navolgers[57] nié so 'n gevolgtrekking gemaak het nie, maar logies deurdink sou 'n mens op hierdie standpunt kon redeneer dat die bekering vir 'n bondeling eintlik nie nodig is nie. Omdat die bondeling weergebore is, sal hy een of ander tyd tot bekering kom. Indien dit wél die geval sou wees, bly daar geen ruimte oor vir die appél van die evangelie dat ons die beloftes van die verbond moet glo en onsself toe-eien nie. Strauss[58] skryf dat die Nederlandse kerkstryd oor die saak van die verbond, wat uitgeloop het op die Vrymaking van 1944, daartoe gelei het dat iemand soos K. Schilder kon leer dat die verbond beslis nie sonder appèl van geloof en bekering is nie. Verbond en bekering hoef mekaar dus nie uit te sluit nie.

## 4.7.4 Stryd tussen die groepe

## 4.7.4.1 Standpunt van die ontspanne verbondsteologie

'n Praktiese voorbeeld sal nou gepas wees. Die soteriologiese siening van Barth, via sy Nederlandse simpatiseerders soos van Niftrik, Noordmans en Miskotte het in die tagtigerjare ook in Suid-Afrika neerslag gevind. Strauss (1989:83) wys in hierdie opsig na die polemiek wat tussen 'n paar Nederduitse Gereformeerde Kerk se predikante in die Kerkbode gevoer is in die jare 1981.

## 4.7.4.1.2 Inleidend

Dr Manie Malan het in die Kerkbode (1981, 133[26]:11) 'n artikel geskryf oor "Kinders van die Here". Hy skryf dat daar 'n populêre opvatting bestaan "dat 'n mens die Here Jesus moet aanneem voordat jy aan sy kerk kan behoort". Malan sluit by die doopsformulier aan "dat die kindertjies lidmate van die Here se gemeente is en juis dáárom, omdat hulle lidmate van die gemeente is, gedoop moet word. Hy beklemtoon dat hulle reeds lidmate van die kerk **is**. Hoe kan hulle dan lidmate **word** deur Jesus Christus aan te neem as hulle dit **reeds is**? Daar is mense wat reken dat te veel op die verbond gereken word. Die verbond sal ons nie salig maak as ons nie tot bekering kom en veral wedergebore raak nie, sê hulle.

---

[55] Graafland, C. 1983. De doop als splijtzwam in de gereformeerde gezindte, in Van't Spijker, W. et al.: Rondom de doopvont. Kampen: Goudriaan. Bladsy 446-459.

[56] Kuyper, A. 1927. Het werk van den Heiligen Geest. Kampen: Kok. p.428.

[57] Potgieter, F.J.M. 1967. Verlossing. Bloemfontein: SACUM.

[58] Strauss, S.A. 1984. K. Schilder se siening van die betekenis van die doop in die lig van die struktuur van die verbond. NGTT XXV 4:376-388 en 1986. Alles of niks: K. Schilder oor die verbond. Bloemfontein: Patmos.

### 4.7.4.1.3 Malan se verbondstandpunt

Dan gee Malan sy verbondstandpunt weer: God het sy mense so lief gehad dat Hy met hulle 'n verbond gemaak het, 'n saligheidsooreenkoms waarin Hy onderneem om hulle salig te maak. Dit was 'n eensydige onderneming, nie afhanklik van sekere voorwaardes nie. Dit was nie 'n werk-verbond of 'n prestasie-verbond nie; dit was 'n **genadeverbond.** Die eensydige genade word nêrens so helder sigbaar gedemonstreer as in die kinderdoop nie. God kom en Hy sluit 'n kontrak met 'n suigeling waarin Hy aan die kind die saligheid in Jesus Christus belowe. Hy sê Hy wil dat hierdie kindjie moet opgroei as 'n loot van die ware wynstok. Die ouers belowe om die groot wonderlike liefde en belofte van God, soos die kindjie grootword, aan hom te vertel. En waar hulle te besig is of kennis kortkom, so belowe hulle, sal hulle die mense van die kerk toelaat om dit te doen in die kategese.

### 4.7.4.1.4 Die verantwoordelikheid van die kategese

Malan wys dan op die verantwoordelikheid van die kategese. Die katkisasiemeesters vertel vir die kinders hoe dit gekom het dat hulle as kinders van die Here gebore en gedoop kon word. Malan maak die slotsom dat 'n mens nie in die katkisasie die kinders leer hoe jy 'n kind van God kan word nie. Jy hoor hoe dit gekom het dat jy 'n kind van die Here ***is***. Hy redeneer: Op 'n dag het God met Abraham, die vader van al die gelowiges, gepraat en gesê Hy sal vir hom 'n God wees. En in hom, Abraham, sal al die geslagte van die aarde geseën word. En op Pinksterdag het Petrus gesê hierdie beloftes van God is ook bedoel vir ons en ons kinders, en daarom doop ons die kindertjies – omdat hulle 'n verbond met God het; hulle is reeds aan Hom verbonde. Nou kan jy mos nie hierdie kindertjies in die katkisasie aanspoor om kinders van God te **word**, om die Here "aan te neem" nie. Waartoe hulle aangespoor moet word, is om die belofte van God te **glo** en geleer te word hoe hulle met hulle hele lewe vir God moet dankie sê vir die verlossing. En die wat glo kry dan geleentheid om in die kerk voor al die getuies te sê dat hulle glo, en dan sê ons hulle is **belydende** lidmate. As suigelinge reeds is hulle beskou as kinders van die Here. "Wanneer hou hulle op om kinders van God te wees, sodat die kategese weer van hulle kinders kan maak?" vra hy.

### 4.7.4.1.5 God kies, nie die mens nie

Diegene wat nie glo nie, gooi in werklikheid God se beloftewoorde in sy gesig terug en diégene hoort beslis nie langer in die kerk nie. Maar as iemand voor die gemeente en voor God gesê het hy glo, en die kerkraad is oortuig daarvan dat hy weet waarvan hy praat, moet sy woord aanvaar word

en hy aan sy woord gehou word. Ons kan nie in sy hart in sien nie. En mense wat maak of hulle kan en dan meer beskeie mensies soos 'n nuwe Inkwisissie met die vraag intimideer "of hulle wedergebore is", oorskry die grense van hulle bevoegdheid en neem hooghartig langs God se troon stelling in. Malan herhaal: die wedergeboorte is nie 'n "DIY" ("do it yourself") nie. Ook nie 'n menslik-kontroleerbare toestand nie. Die wedergeboorte is God se belofte aan ons – wat geglo moet word. God belowe om alles nuut te maak, beginnende in ons harte (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4:12 [59]). Malan beklemtoon dat dit God is wat in hierdie hele saak kies, dit is nie die mens wat kies nie. Die ouers staan nie by die doop om te kies nie, maar om te luister en om te belowe dat hulle hul kindjie soos hy grootword dag-in en dag-uit van God se uitverkiesende genade en liefde sal vertel. Malan oordeel dat dit radikaal in stryd is met doop en doopbelofte om kinders met vrees tot beslissings te forseer onder die indruk dat hulle "gered" word as hulle die Here Jesus "aanneem". Hy noem dit 'n slordige en gevaarlike manier van sê: "Sonder die persoonlike toewyding van die lewe aan God, kan daar geen sprake wees van verlossing nie." God het alles gedoen. Hoe kan ons verlossing afhanklik wees van wat ons doen? Ons belydenis, ook met ons dade, is slegs die erkenning, die konstatering van die feit van ons verlossing. Ons het net so min 'n aandeel aan ons redding as wat die dankbaarheid van 'n drenkeling wat op die damwal bykom, 'n bydrae tot sy reddingsdaad lewer. Malan vra: "Sê die Bybel dan nie ons word soos brandhout uit die vuur geruk nie? Of spring die hout ook 'n entjie?" Geloofsgehoorsaamheid is onverdienstelike goeie werke. As 'n mens iets van die onpeilbare diepte van God se eensydige liefde en reddingsdaad begin agterkom, kry jy nie net 'n dieper sondebesef nie, maar lewe ook vir God.

### 4.7.4.1.6 Die sakramentele verseëling

Malan stel dat die gelowige van die toesegging van die heil in die Skrif na die sakramentele verseëling daarvan in die kerk moet beweeg. Die verbondskinders het sonder dat hulle dit weet, aan die verdoemenis in Adam deel en word ook, sonder dat hulle dit weet, weer in Christus tot genade aangeneem. Daarom moet die kinders "as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word". Dit is tog geweldige woorde; en méér as woorde, want dit gaan gepaard met die sakrament –

[59] **Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4:12** – "Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking, waarvan die Skrif so heerlik spreek, wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op soortgelyke wyse in ons gewerk nie, sodat na die voltooiing van God se werk, die mens die mag sou hê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif, wat deur Hom, die Outeur van hierdie werking geïnspireer is, is dit deur sy krag wat nie minder of geringer as die skepping of as die opwekking van die dooies is nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer."

waarmee God in nog-meer-as-woorde swart op wit sy heilsbelofte verseël. Dit moet die **glo** wat gebaseer is op die **hoor** versterk. Direk daarna word die ouers meegedeel dat hulle verplig is om hierdie kinders, soos wat hulle grootword, oor hierdie stand van sake breedvoerig in te lig.

#### 4.7.4.1.7 Die appèl op die geloof

As God dus sê hierdie kindjie is erfgenaam van die koninkryk, dan sê ons hy word groot as 'n kind van die Here – sonder om voor te gee dat ons weet wie die uitverkorenes is en wie nie. Niemand mag die sakrament ignoreer of weerspreek nie. Daarom mag niemand die kinders druk om Jesus aan te neem nie en só sekerheid van die verlossing te verkry nie. Oor die woordjie **aanneem** in Johannes 1:12 verklaar Malan dat dit dui op "***vasgryp***". Maar dan, en dit is waarop dit aankom, gaan dit in die verbondskategese nie om 'n krediet- en noemenswaardige daad nie, maar om 'n neem, 'n ontvang met leë hande van dit wat sakramenteel reeds belowe is toe jy nog niks daarvan verstaan het nie. Dit gaan daaroor dat jy in aanbidding neerval voor die wonder van God wat ons éérste liefgehad het, wat ons liefgehad het toe ons nog sondaars en kinders was, en wat dit swart op wit by die doop gesê het. Dit beteken nie dat daar op die kind 'n appèl gemaak word om hom te bekeer nie. Inteendeel. Maar nou is die appèl op die geloof soveel groter: "Kind, God het jou al liefgehad voor jy nog iets daarvan geweet het. So geweldig is God se liefde." Dis tog ondenkbaar dat jy sy liefde met woord en daad sal afwys? Die appèl is verder gefundeer op die *objektiewe* feit van die verbondsteken, nie op *subjektiewe* geloofsbelewing nie. Dit kom tweede.

#### 4.7.4.1.8 Sekerheid van die geloof

As Malan handel oor die sekerheid van die geloof en die verlossing wyt hy die onsekerheid aan die feit dat in die kategese die *wet van verdienste* die *evangelie* verdring het. Die vraag is: Waar lê jou sekerheid? Hy noem dat daar "geestelike werkers" is wat hierdie hunkering van die jongmens verstaan en onthou en dan op eie houtjie vorms opstel wat kandidate kan invul wat deur hulle na Jesus gelei is. "Ek het vandag _____ (datum) die Here Jesus aangeneem as my persoonlike Saligmaker." Om so 'n verklaring tydens kursusse of jeugkampe te laat invul is geen bewys van sekerheid nie. Jy kan seker wees *dié oomblik toe jy God se woorde gehoor het.* As die kinders **wát** hoor? Hoe nougeset hulle God se wette moet gehoorsaam? Nee, Sy woorde van genade. "O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet, ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jes. 55:1.)

#### 4.7.4.2 Die standpunt van die oorspanne bekeringsteologie

##### 4.7.4.2.1 Die aanneming van Jesus Christus

In die polemiek wat in Die Kerkbode gevoer is (1 Julie 1981 tot 21 Oktober 1981) het ds Hanan Viljoen, ds M.J. Smuts en K. Gerryts die standpunt ingeneem, dat elke gedoopte kind wat grootword, kragtens die verantwoordelikheid van die volwassenheid, self Christus as Here en Verlosser van sy lewe moet aanneem. Hierdie aanneming van Christus behels veel meer as net die geloofstoe-eiening van Christus en sy verlossingsverdienste. Dit beteken ook die aanneming van Christus as Koning van ons bestaan, dit wil sê die aanvaarding van sy Koningsheerskappy, om Hom te dien en te gehoorsaam. Elke gedoopte moet dus as hy grootword soos Moses kies, om persoonlik die keuse wat sy ouers namens hom gedoen het toe hy 'n kind was, te bevestig deur die eie lewensonderwerping of lewensoorgawe (Hebr. 11:24). Volgens hulle lê die kernprobleem van die Christendom juis hier. Gedooptes wat tot volwassenheid kom, aanvaar en eien die verlossingsverdienste van Christus in die geloof vir hulleself toe, maar so baie onderwerp hulle nie aan sy Koningsheerskappy nie. Daar vind geen waaragtige bekering of lewensonderwerping plaas nie. Hulle kom nie tot daadwerklike geloofsgehoorsaamheid nie. Hulle lê wel formeel belydenis van geloof af, maar weier die verbondsverantwoordelikheid soos beveel word in Genesis 17:9: "Maar jy moet my verbond hou." In die taal van Titus 1:16 hoor ons: "Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk." Hulle word dus wel "belydende" lidmate en bly deel van die kerk as uiterlike instituut, maar het geen deel aan die ware liggaam van Christus nie.

##### 4.7.4.2.2 Daadwerklike verbondsgehoorsaamheid

Benewens die aansporing van kinders om die beloftes van God te glo bestaan die grootste uitdaging van die kategese juis daarin dat kinders gemotiveer moet word tot daadwerklike verbondsgehoorsaamheid. Sonder hierdie verbondsgehoorsaamheid (of geloofsgehoorsaamheid Rom. 1:5) is die geloofsbelydenis en ook die doop, van geen waarde nie. Die Kategismus leer tog immers dat ons van die opregtheid van ons geloof deur ons werke verseker word. Geloof wat nie onafskeidbaar saam loop met gehoorsaamheid nie, is 'n leë dop geloof, en kan ons nie red nie (Jak. 2:14; Matt. 7:21; Rom. 2:13). Die kernprobleem met Malan se standpunt is dat hy geloof losmaak van daadwerklike lewensoorgawe en gehoorsaamheid. Sonder die persoonlike toewyding van die lewe aan God kan daar tog geen sprake wees van verlossing nie. Een van die belangrikste redes waarom die Kerk in die passiewe toestand is waarin hy is, en waarom baie gelowiges leef soos hulle

leef, is omdat "goedkoop genade" verkondig word. Die saligheid is 'n gawe van God: 'n vrye *genadegawe*, maar van die mens se kant vra dit ook 'n *opgawe* omdat die Heilige Gees ons **wederbaar**, omdat God die **geloof** aan ons gee, omdat die Heilige Gees die **liefde** van God in ons harte uitstort (Rom. 5:5), omdat sy **genade** oor ons gekom het (Ef. 2:8), omdat die Heilige Gees ons **oortuig van sonde** en na Christus lei, en die Vader ons na Christus trek (Joh. 6:44), antwoord die sondaar deur God se gawe, naamlik sy Seun as Saligmaker aan te neem.

## 4.8 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die objektiewe heil en die subjektiewe geloof aangebied. Die verhouding tussen God en mens is ondersoek (4.3) en daar is gewys op verskeie dwalinge en die stryd daarteen (4.4). Aspekte van geloof (4.5) en heilstoe-eiening (4.6) is ondersoek, en laastens is die stryd ten opsigte van geloof en heilstoe-eiening in die Suid-Afrikaanse konteks beskryf (4.7). Die volgende is die belangrikste bevindinge van hierdie hoofstuk:

- Die mens staan in 'n apolêre verhouding tot God en die verbond is die vaste struktuur waarbinne die apolêre verhouding tussen God en mens bestaan. Deur die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond is dit duidelik dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel.
- Die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof, bestaan spanningloos langs mekaar in die verbondsverhouding.
- Die grond van die vryspraak is nie die geloof van die mens nie maar die soenlyde van Jesus Christus. Geloofsekerheid is derhalwe sekerheid van Jesus Christus die Middelaar en die Verlosser en nie die sekerheid van die geloof nie. Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie maar word deur die Heilige Gees in die hart gewerk deur die verkondiging van die evangelie.
- Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding met God.
- Binne die gereformeerde teologiese tradisie het die standpunt tussen 'n objektivistiese opvatting van die heil aan die een kant en die subjektivistiese toe-eiening daarvan deur die geloof aan die anderkant beweeg. Dit raak die saak van die ***fides qua creditur*** en die ***fides quae creditur.***
- Die fides qua creditur beteken die *subjektiewe geloofsdade;* naamlik die geloof wat die grond van jou belydenis is. In fides qua creditur wys die ablatief op die ***waardeur*** geglo word.
- Die fides quae creditur word bedoel die *objektiewe geloofsinhoud.* In die fides quae creditur wys die nominatief op ***wat*** geglo word.

- In die saak van die geloof gaan dit om beide die *fides qua*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur) en om die *fides quae*, dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud*, (die objektiewe heil wat geglo moet word).

In hierdie hoofstuk is daar derhalwe tot bevindinge gekom oor geloof en heilstoe-eiening. In die volgende hoofstuk verskuif die fokus na die wyse waarop hierdie heil gerealiseer word.

# HOOFSTUK 5

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE REALISERING VAN DIE HEIL

HOOFSTUK 5

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP

DIE REALISERING VAN DIE HEIL


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Probleemstelling | 193 |
| 5.2 | Die doel van hoofstuk 5 | 193 |
| 5.2.1 | Hoofstuk 4: 'n terugskouing | 193 |
| 5.2.2 | Hoofstuk 5: 'n vooruitskouing | 193 |
| 5.3 | Eiendomsreg en eiendomsbesit in basisteoretiese perspektief | 194 |
| 5.3.1 | 'n Noodsaaklike onderskeid tussen eiendomsreg en eiendomsbesit | 194 |
| 5.3.2 | Eiendomsreg en eiendomsbesit toegepas vir die kategese | 194 |
| 5.3.3 | Die voorbeeld van Ramot in Gilead | 195 |
| 5.3.4 | Jesus Christus is die Gawe wat God gegee het | 197 |
| 5.3.5 | Die gelowige se status en toestand | 197 |
| 5.3.6 | Samevatting van punt 5.3 - eiendomsreg en eiendomsbesit | 197 |
| 5.4 | Die heilshistoriese en die heilsordelike in basisteoretiese perspektief | 198 |
| 5.4.1 | Inleidend ten opsigte van heilshistoriese en heilsordelike | 198 |
| 5.4.2 | Heilshistoriese | 200 |
| 5.4.3 | Heilsordelik | 205 |
| 5.5 | Die oproep tot geloof en bekering | 207 |
| 5.6 | Die plek van die kategese | 208 |
| 5.6.1 | Kategese en prediking | 208 |
| 5.6.2 | Waarop is kategese gerig | 208 |
| 5.6.3 | Verlossing is nie anoniem nie | 208 |
| 5.7 | Drie-enige God en die heil | 209 |
| 5.7.1 | Aktualiteit van die onderwerp | 209 |
| 5.8 | Heilstoesegging en Heilstoe-eiening | 210 |
| 5.8.1 | Inleidend | 210 |
| 5.8.2 | 'n Verkenning in die belydenisskrifte en die formuliere | 211 |
| 5.8.3 | Die Dordtse Leerreëls (1618-1619) | 212 |
| 5.8.4 | Die Doop- en Nagmaalsformuliere | 213 |
| 5.8.5 | Die regte vraag moet gevra word | 213 |
| 5.9 | Heilsbeskikking, heilsverwerwing en heilsbediening | 215 |
| 5.10 | Die toepassende werk van die Heilige Gees in die gelowige | 216 |
| 5.11 | Die gedoopte is 'n (ver)bondeling | 216 |
| 5.11.1 | Standpunte in Gereformeerde konteks | 216 |
| 5.11.2 | Die verbond onder beheersing van die uitverkiesing | 217 |
| 5.11.3 | Verbond en geloof | 217 |
| 5.11.4 | Eie standpunt | 217 |
| 5.12 | Praktiese konsekwensie | 218 |
| 5.13 | Kategese en die belofte | 219 |
| 5.14 | Die getuienis van die Heilige Gees | 220 |
| 5.15.. | Finale samevatting | 221 |

# HOOFSTUK 5

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE REALISERING VAN DIE HEIL

## 5.1 Probleemstelling

Vir die kategese is dit belangrik om te weet hoe die verbondsjeug deel kry aan die verlossing wat Jesus Christus aan die kruis verwerf het, en op watter wyse, indien wel, die kategese as middel kan dien om dit te bereik. In die studie wil die navorser dus vasstel hoe die kategese as middel kan dien om die verbondskinders te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 5.2 Die doel van hoofstuk 5

### 5.2.1 Hoofstuk 4: 'n terugskouing

In hoofstuk 4 is vasgestel dat die mens binne die vaste struktuur van die verbond in 'n apolêre verhouding tot God staan. Die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond beteken dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel. In die verbondsverhouding bestaan die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof, spanningloos naasmekaar.

### 5.2.2 Hoofstuk 5: 'n vooruitskouing

In hoofstuk 5 wil vasgestel word op watter wyse die heil in die lewe van die verbondskinders gerealiseer word, of hoe die heil 'n werklikheid word in die lewe van God se verbondskinders. Wat besinning vra is die verdere **uitwerk** van die verlossing van Jesus Christus in die daaglikse lewe van die gelowige onder die voortdurende leiding van die Heilige Gees. Engelbrecht (1989:34) skryf: "Ons geloofs*inhoud* word gestut en gedra deur die gesag wat ongetelde eeue van geloof, deur God self in menseharte opgeroep, daaraan gee. Andersyds is daar in die posisie waarin ons verkeer, in die hede van ons geloofs*belewing* 'n haas onverduurbare onbehaaglikheid."

## 5.3 Eiendomsreg en eiendomsbesit in basisteoretiese perspektief

### 5.3.1 'n Noodsaaklike onderskeid tussen eiendomsreg en eiendomsbesit

Heil gaan om die saak van verlossing. Dit is belangrik op watter wyse die verbondskinders die sekerheid verkry in verband met hulle heil (heilsekerheid) en die heil hulle eie maak (heilstoe-eiening). Om die realisering van die heil in die lewe van die verbondskinders in perspektief te stel moet eers onderskei word tussen *eiendomsreg* en *eiendomsbesit:* "Gelijk een kind, zelfs vóór zijne geboorte reeds, recht heeft op al de goederen zijns vaders, maar eerst op veel lateren leeftijd in het bezit daarvan komt, zoo ook hebben allen die later gelooven zullen, lang vóór hun geloof een eigendomsrecht in Christus op alle weldaden, die Hij heeft verworven; maar zij treden in het bezit daarvan eerste door het geloof. De verwerwing der zaligheid eischt dus hare toepassing; ze sluit haar in en brengt ze voort." (Bavinck, 1929:574.) Du Toit (1933:63) noem die volgende voorbeelde in hierdie verband:

- Iemand kan die *reg* hê op 'n groot skat omdat dit vir hom nagelaat is, dit is vir hom as 'n erfporsie bestem. Daarom is dit syne. Tog is dit moontlik dat die persoon nie in die besit daarvan is nie, omdat hy dit nie opgeëis en sy eiendom gemaak het nie. **Eiendomsreg** het in hierdie geval nie oorgegaan tot **eiendomsbesit** nie. Die persoon het steeds die reg op die besitting, maar hy besit dit nie werklik nie.
- 'n Kind van 'n miljoenêr kan, as erfgenaam van sy vader, die *reg* hê op die ontsaglike erfenis van miljoene der miljoene. Tog is dit moontlik, dat hy in die grootste armoede kan lewe omdat hy nie werklik, fisies in besit van die skat is nie. Weer eens is dit 'n geval waar die *reg* van die kind op die erfenis nie oorgegaan het tot *besit* van die erfenis nie. Die kind het nie die regte prosedure gevolg waardeur hy in besit kon kom van die erfskat nie of die kind het geen belang en erns gehad om die erfenis sy eie te maak nie. Weer eens is dit 'n geval waar eiendomsreg nie oorgegaan tot eiendomsbesit nie.

### 5.3.2 Eiendomsreg en eiendomsbesit toegepas vir die kategese

#### 5.3.2.1 Die heil as erfporsie van God se kinders

Hierdie voorbeelde kan toegepas word op die terrein van die kategese waar dit ook 'n geval is van geestelike **eiendomsreg** en geestelike **eiendomsbesit**. As mondigwordende kinders van God die Vader (Gal. 4:1-5) het verbondskinders reg op 'n groot erfenis, 'n erfenis wat vir hulle gekoop is met 'n duur prys, met die bloed van Christus aan die kruis (1 Pet. 1:4; Ef. 1:7-21). Deur die geloof is hulle erfgename van die groot skat wat Christus vir die Vader se kinders verwerf het (Rom. 4:13; Gal. 4:1 en 7; Hebr. 1:2; Hebr. 11:7). Daar moet in gedagte gehou word dat Jesus Christus klaar gesterf het en dat die verbondskinders aanspraak het op die erfporsie. Tóg kan die verbondskinders elkeen op sy weg na geloofsvolwassenheid in die grootste geestelike armoede leef omdat hulle nie in besit van die skat is nie. Dit kan dus gebeur dat 'n kind sy geloof in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker bely, maar dat dit in die lewe van die kind blyk dat hy die rykdom in Christus nie besit nie. Dit beteken dat die erfenis in Jesus Christus vir die verbondskind net 'n saak van objektiewe kennis en nie ook subjektiewe geloofsbelewing is nie.

#### 5.3.2.2 Onsekerheid oor die heil

Verbondskinders kan seker wees van die waarheid van die verlossing in Jesus Christus, maar dan is hulle nog nie seker van die heil in Christus nie. En die treurigste is dat gelowiges sê dat daar 'n grondige rede voor is, want vanweë die sondegebrokenheid is hulle in dié geestelike toestand waarin hulle is, en kan hier op die aarde nie 'n beter lewe verwag word nie. Omdat die sonde negatief inwerk op elke faset van die mens se geestelike lewe kyk hulle vooruit en sê dat dit eenmaal in die hemel beter sal gaan, daarom moet ons op aarde maar soos gebreklikes en brandarmes voortsukkel. Hulle lewe is meestal 'n geestelike tronklewe, vasgevang in die kettings en boeie van die Satan (Rom. 7:23). Van geestelike vryheid weet hulle weinig. Die gebedslewe en die omgang met God se Woord is dikwels kragteloos, vormlik en ongereeld. Van kerklike meelewing is daar nie sprake nie. Hulle bely dat hulle glo maar daar is geen verlossingsekerheid nie. Hulle sê dat hulle insig het in die heil in Christus maar hulle is nie seker of hulle aan die heil deel het of nie. Hier word gepraat van mense wat verlos is in Jesus Christus maar nie leef soos verlostes nie. Hulle lewe nie soos mense wat seker is dat hulle die verlossing as eiendom besit nie.

### 5.3.3 Die voorbeeld van Ramot in Gilead

By wyse van 'n voorbeeld word die gebeure in 1 Konings 22 bespreek. Koning Agab sê vir sy amptenare: "Weet julle dat Ramot in Gilead aan ons behoort? En ons sit stil sonder om dit uit die hand van die koning van Aram te neem!" (vers 3.) Ramot in Gilead was 'n grensstad tussen Aram en Israel. Onder Salomo se administrasie is Ramot-Gilead aangewys as die sentrum van die distrik oos

van die Jordaanrivier. Ramot was een van die asielstede en was geleë in die stamgebied van Gad (Deut. 4:43; Jos. 20:8). Ramot is toegeken aan die Levitiese families, by name die Merarigroep (Jos. 21:38; 1 Kron. 6:80). Ramot was 'n strategiese stad op die grens tydens die oorloë tussen Sirië en Israel. Ramot behoort as eiendom aan Israel, maar hulle besit dit op daardie oomblik nie werklik nie, want dit is in die hande van die vyand. Hoekom besit hulle dit nie? Want Israel doen niks *"om dit uit die hand van die koning van Aram te neem"* nie. Die erfenis wat Israel s'n is is sigbaar daar maar hulle het dit nie as besitting nie. Hoe het Ramot in Israel se besit gekom? Hoe het hulle dit aanvanklik as eiendom gekry? God het dit vir hulle **gegee** (Deut. 4:43). Van groot belang is ook dat Ramot een van die ses asielstede was. Die asielreg is in Israel gebruik as voorkoming vir bloedwraak, wanneer iemand *per ongeluk* doodgemaak is. Dié reg is by die horings van die brandofferaltaar verkry (Eks. 21:14; 1 Kon. 1:50; 2 Kon. 2:28). In die asielstad Ramot is die genade van die Here afgeteken in die asielaltaar en dit het Israel nou ontbeer omdat Ramot in die hande van die Arameërs was. Ramot bly 'n geskenk van God wat Israel onder leiding van God, na die trek deur die woestyn as hulle erfdeel in besit geneem het.

- Met die deurgaan deur die Jordaanrivier het die Israeliete 'n altaar in die middel van die rivier gebou (Jos. 4). Dit was vir hulle die afskeid van die woestynlewe. Die deurgaan deur die rivier is 'n afbeelding van die pad deur die dood na die lewe. Aflegging van die ou lewe en die opneem van die nuwe (Rom. 6:1-11). Daar moet by die kind van God 'n bewustelike en sigbare oorgawe wees in die dood met Christus. Immers is hulle saam met Christus begrawe en is hulle saam met Hom opgewek uit die dood (Ef. 2:4-7; Kol. 2:9-12). In die gebed van die doopsformulier word die deurgaan deur die Rooisee as afbeelding van die doop gesien: "U het die verharde Farao met al sy manne in die Rooisee verdrink en u volk Israel op droë grond daardeur gelei – waardeur die doop afgebeeld is." Dit wys ook na die deurgaan deur die dood tot die lewe.
- Na die deurgang deur die Jordaanrivier het die Israeliete weer 'n altaar gebou, as figuurlike afbeelding van hulle toewyding aan God in die land wat Hy aan hulle gegee het volgens die belofte aan Abram (Du Toit, 1933:67).

Daarna het die volk met geloof opgetrek en begin om in die Naam van die Here Kanaän in besit te neem (Jos. 1-22). Die land was 'n geskenk van God en die inname 'n geloofsdaad waarmee die volk die land hulle eie gemaak het. Die volk het die gawe van God (Kanaän) hulleself toege-eien, dit in besit geneem. Met elke tree van die pad het die volk met onmoontlikhede te doen gehad. Die verlossing uit Egipte en die deurtog deur die Rooi See was menslik onmoontlik, maar God het dit bewerk. Die veertigjarige swerfpad deur die woestyn en die inname van Kanaän kon nie met

menslike kragte alleen gedoen word nie, God het hulle in alles voorgegaan. Vir die geloofstoe-eiening van God se beloftes het berge vlak en seë droog geword.

### 5.3.4 Jesus Christus is die Gawe wat God gegee het

Jesus Christus, in Wie al die volheid van God woon, is God se onuitspreeklike gawe aan die gelowiges (2 Kor. 9:15). Die volheid in Christus is genoeg vir alle menslike behoeftes vir tyd en ewigheid. Die gelowige moet die gawe van God aanneem, dit omhels, dit homself toe-eien. Geloof neem wat gegee word en sê dankie. Dit mag gebeur dat mense wel geloofsekerheid het, maar dat heilsekerheid ontbreek[60] omdat hulle sê dat hulle glo, maar die werklikheid van die heil in Christus word nie in hulle lewe gesien nie. Geloof neem God net op sy woord of die gelowige ookal voel of nie voel nie, of hy ondervind of nie ondervind nie, hy *weet* dat hy ontvang het. God het *gegee*, die gelowige het *geneem*. Die gelowige moet Jesus Christus vir homself toe-eien nie alleen vir sy regverdigmaking nie, maar ook vir sy heiligmaking (Heidelbergse Kategismus, Vrae 20, 30, 60, 61, 84). Hierdie geloofstoe-eiening van Christus in sy volheid, is die geheim van ware heiligmaking (Du Toit, 1933:68).

### 5.3.5 Die gelowige se status en toestand

So kom daar in die lewe van gelowiges botsende situasies voor. Die gelowige se *status* is reg maar sy *toestand* is haglik. Hy sê hy is 'n bondeling van die Vader (sy status), maar hy leef soos 'n vondeling (sy toestand). Die skat in Christus is vir hom verwerf (sy status), maar hy lewe soos 'n bedelaar (sy toestand). Hy is vry van die mag van die sonde (sy status), maar hy leef soos 'n gevangene (sy toestand). Hy is erfgenaam van die erfenis in Jesus Christus (sy status), maar hy leef soos 'n geestelike boemelaar (sy toestand).

### 5.3.6 Samevatting – eiendomsreg en eiendomsbesit

Na aanleiding van die bespreking hierbo kan daar tot die volgende gevolgtrekking gekom word oor eiendomreg en eiendomsbesit.

- Om die realisering van die heil in die lewe van die verbondskinders in perspektief te stel moet onderskei word tussen die verbondskind se *eiendomsreg* en sy *eiendomsbesit*.

[60] Vgl. Punt 7.7.1 vir die verskil tussen geloofsekerheid en heilsekerheid.

- Gedoopte kinders het die belofte van God dat 'n ewige genadeverbond met hulle oprig en hulle tot sy kinders en erfgename aangeneem is.
- Die verlossing in Jesus Christus is elke kind van God se *eiendomsreg* maar dit moet deur toe-eiening hulle ***eiendomsbesit*** word.
- Dit beteken dat die erfenis in Jesus Christus vir die verbondskind nie net 'n saak van objektiewe kennis moet wees nie maar ook van subjektiewe belewing daarvan.
- Die gelowige moet Jesus Christus vir homself toe-eien nie alleen vir sy regverdigmaking nie, maar ook vir sy heiligmaking.
- Dit kan gebeur dat 'n gelowige se *status* as erfgenaam reg is maar sy *toestand* is haglik omdat hy nog nie in besit van die erfporsie is nie.

## 5.4 Die heilshistoriese en die heilsordelike in basisteoretiese perspektief

### 5.4.1 Inleidend ten opsigte van die heilshistoriese en die heilsordelike

#### 5.4.1.1 Heilsfeite in Bybelse konteks

Vir die suksesvolle behandeling van die tema is dit nodig om die onderskeid tussen die *heilshistoriese* en die *heilsordelike* duidelik te formuleer aangesien daar 'n moontlikheid is dat die heilshistoriese in die kategese oorbeklemtoon word ten koste van die heilsordelike. Dit gaan in die studie wesenlik om die *heilsfeite* in God se Woord, ***feite*** in verband met die verlossing van die mens in Jesus Christus. In die Woord van God word aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekendgemaak (Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, Vraag 31). Die term *heilsfeite* het eers ingeburger geraak in die nuwere Protestantse Teologie en wel in verband met die besinning oor die verhouding tussen openbaring en geskiedenis. Feenstra (1958[a]:413) wys daarop dat teenoor die bekende woord van Lessing "Geschichtswahrheiten" wat nooit as bewys kon dien vir ewige "Vernunftwahrheiten" nie, die erkenning van die historiese karakter van die openbaring noop dat die sentrale feite van die Evangelie as *heilsfeite* bekend staan. Die heilsfeite het vir die Christelike geloof 'n fundamentele betekenis en dit het 'n onvervreembare plek in die Christelike belydenis. Daar moet gewaak word teen die gevaar van verintellektualisering van die geloof, wat meer op die los feite sien as op die openbaring van God in Jesus Christus. Dit gaan in die Bybel om 'n "feitelikheid" van geheel eie aard. Dit hoef ons egter nie te verhinder om van hierdie feite ook in hulle opeenvolging, dankbaar rekenskap te gee nie (Feenstra, 1958[a]:413). De Graaf (1952:8) wys

daarop dat "God openbaart Zichzelf in iedere geschiedenis op bepaald wijze". Die Nuwe Testament toon self die betekenis daarvan aan (1 Kor. 15:3 v.[61]; 1 Tim. 3:16[62]). Teenoor die groot bedreiging van die kant van die *Docetisme*[63] en die *Gnostisisme*[64] word die nadruk hier gelê op Jesus se ontvangenis en geboorte, op sy lyde en sterwe, sy opstanding en hemelvaart, die Skriftuurlike ontwikkeling van die Christelike geloof. Daar moet vasgehou word aan die waarheid dat ons juis in die feite waarom dit gaan, te doen het met die groot heilsdade van God. Daar moet ten opsigte van die heilsfeite gewaak word teen die idealistiese vervlugting van die heilsgebeure deur Hegel en die ontmitologisering van die heilsgebeure soos deur Bultmann, wat die evangelie van sy inhoud beroof het. Die verbondenheid aan die eintlike heilsgebeure bring mee dat die gelowige hom op hierdie feite, as ***heilsfeite,*** gelowig sal verlaat, en dat die heil waarom dit hier gaan, alleen in die weg van die geloof verkry kan word.

### 5.4.1.2 'n Leemte ten opsigte van die heilshistoriese en die heilsordelike

Vanuit 'n aantal kategetiese bronne blyk dat in die praktyk van die kategese die klem grootliks op die ***heilshistoriese*** en nie op die ***heilsordelike*** val nie (Meulenbelt, 1913:90-41; Van Veldhuizen, 1925:50-162; Van Uchelen, 1945:7-51;. Hagenbeek, 1947:58-67; Dijk, 1952:115-151; Dijk, 1954:7-25; Berkelbach van der Sprenkel, 1965:5-31; Bijlsma, 1969; Dingemans, 1991:133-159). In kategetiese literatuur, veral handboeke en handleidings, word voldoende aandag geskenk aan die heilshistoriese. Wat die heilsordelike betref is daar egter 'n ***leemte***, moontlik vanweë die té eng formulering van die leeruitkoms van die kategese of die verwaarlosing van die wyse waarop die verbondskind hulleself die heil toe-eien. Tereg val die klem in 'n meerdere of mindere mate op die geloofsekerheid maar dan geskied dit ten koste van die heilsekerheid[65]. Vanaf die tyd van die Nuwe Testament tot met die Reformasie het hierdie betrokke saak, die verhouding tussen die heilshistoriese en die heilsordelike, nie aandag gekry nie. Na die reformasie het daar in die tradisie

---

[61] "Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte (κατὰ τὰς γραφάς); en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte (κατὰ τὰς γραφάς); en dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf."

[62] "En, onteenseglik, die verborgenheid (μυστήριον) van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar (ἐφανερώθη) in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig (ἐκηρύχθη) onder die heidene, is geglo (ἐπιστεύθη) in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid."

[63] **Docetisme** is die teorie dat die Seun van God of die Logos by sy verskyning op aarde slegs 'n skynliggaam of in die algemeen 'n menslike natuur aangeneem het, sodat die heilsfeite, die lyde, dood en opstanding van Christus nie reële waarheid bevat nie. Reeds in die apostoliese tyd was daar mense wat geleer het dat Christus nie in die vlees gekom het nie (1 Joh 4:2; 2 Joh:7).

[64] Die **Gnostisisme** leer dat die gnosis (kennis) die hoogste insig is, alleen vir die ingewydes (*esoterici*). Die pistis (geloof) is 'n laere trap, vir die nie-ingewydes (*exoterici*). Die Gnostiek stel teenoor die Christelike geloof die *gnosis*, 'n hoëre, *geheime kennis* van die hemelse dinge wat alleen vir die ingewydes begrypbaar is. *Deur hierdie kennis kan die mens verlos word van sy aardse gebondenheid en een word met God.* Hier word dus 'n "verlossing" sonder Jesus Christus gebied.

[65] Vgl. Punt 7.7.1. ten opsigte van die verskil tussen geloofsekerheid en heilsekerheid.

van Calvyn en Luther verandering ingetree: "Steeds meer kregen de heilsordelijke, op de persoonlijke toeëigening betrekking hebbende, vragen de aandacht boven die heilshistorische." (Ridderbos, 1966:6.) Die diepste grond van heilstoe-eiening rus nie in die wilskeuse van die mens nie maar in die verbondstrou van God wat dit vir die gelowige sal voleindig (Ps. 138:8a). Dit sluit egter nie die wilskeuse van die mens onder leiding van die Heilige Gees uit nie.

Dat beide die heilshistoriese en die heilsordelike aan die orde moet kom, spreek uit 2 Korintiërs 5 (Quist, 1989:9). Paulus skryf dat "een vir almal gesterf het" (vs. 15), "die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (vs. 17). "Dat God in Christus die wêreld met homself versoen het" (vs. 19) – dit is die ***heilshistoriese.*** Maar terselfdertyd gaan dit ook om "die bediening van die versoening" (vs. 18) wat aan die apostels toevertrou is, waarin heel sentraal staan: "Laat julle met God versoen" (vs. 20) – dit is die ***heilsordelike.*** Die taak van die Heilige Gees is derhalwe om die heil in die lewe van die gelowiges toe te pas en dit word op 'n heilsordelike wyse gedoen. Om vanuit die kategese as vakwetenskap 'n duidelike antwoord te kan gee ten opsigte van die heilshistoriese en die heilsordelike, word aan die inhoud en betekenis van elkeen eers aandag gegee.

## 5.4.2 Heilshistoriese

### 5.4.2.1 In die heilshistoriese benadering gaan dit om feite

#### 5.4.2.1.1 Die keuse van begrippe

Onder heilshistories verstaan ons die beskrywing in die Bybel van dinge soos dit gebeur het: "Salvation history is a special sort of history; it records the 'mighty works of God' rather than men." (Salm, 1964:xiii.) Drie begrippe is hier ter sprake (Berkouwer, 1953:240; Mulder, 1958:413; Ridderbos, 1973:6 en 61; Theron, 1978:43): openbaringsgeskiedenis, heilsgeskiedenis en heilshistorie. Lotter (1993:6) vestig die aandag op die opmerking van E. Sauer (Offenbarung Gottes und Antwort des Glauben, 1969:117): "Da aber die Offenbarung zugleich Heils*geshichte* ist, kann ihr lehrhafter Inhalt von dem geschichtlichen Element einfach nich losgelöst werden." Die feite in die Heilige Skrif is God se openbaring. Snyman (1977:235, voetnoot 5) se standpunt is dat daar liewer van Openbaringsgeskiedenis gepraat moet word as van Heilsgeskiedenis. Snyman skryf: "In hierdie samevattings bring Paulus ons dus nie alleen van sy geskiedenis na die geskiedenis van Christus nie, maar terselfdertyd ook van die openbaring wat hom te beurt geval het, nl. dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is, na die openbaring van God in die geskiedenis van Christus gegee, of (anders gesê) na die openbaring van God in Christus *histories gegee.* " Lindhout

(1987:9) gee ook voorkeur aan die begrip *"openbaringsgeskiedenis"* op grond van die selfgetuienis van die Heilige Skrif en omdat openbaringshistorie heil én onheil insluit terwyl heilshistorie volgens hom net aandag aan die heil in Christus sou gee. Roberts (1970:107) verkies weer die begrip heilshistories want hy sien "geen wettige rede voorhande waarom die ontwikkeling van hierdie openbaring nie as heilshistories aangedui kan word nie". Die fokus van die heilshistorie is sterk gerig op die *verwerwing* van die heil deur Jesus Christus (Lotter, 1993:6).

Daar word kennis geneem van die standpunt van Snyman (1977:235) en Lindhout (1987:9) ten opsigte van die benaming openbaringsgeskiedenis eerder as heilsgeskiedenis, maar vir dié studie word die begrip *"heilshistories"* gebruik met inagneming van die standpunt van Snyman en Lindhout. Vanweë die noue verbinding tussen die *verwerwing van die heil* en die *toepassing van die heil*, word die begrip *heilshistories* verkies. Dit word ook gedoen omdat die ander begrippe in hierdie studie daarby aansluit, naamlik heilsekerheid, heilstoe-eiening, heilsbelofte, heilsweg, heilsplan ens. Waar die begrip heilshistories bo openbaringsgeskiedenis vir hierdie studie gekies word, word die inhoud daarvan nie beperk om alleen die heil van die mens te beskryf nie, maar is die benadering sodanig dat dit in alles om die eer van die Drie-enige God gaan wat Hom in die Bybel aan die mens bekendmaak. Die teosentriese gesigshoek word met die keuse van heilshistories bo openbaringsgeskiedenis, nie ingeruil vir die antroposentriese visie nie. Die belangrikste is nie die heilstoe-eiening deur die mens nie, maar die toepassende werk van die Heilige Gees in die gelowiges. Die keuse van heilshistories bo openbaringsgeskiedenis is nie om in opposisie teenoor openbaringsgeskiedenis te staan nie, maar dit word gedoen in noue samehang daarmee.

### 5.4.2.1.2 Die feite in die Bybel het betekenis en staan in 'n verband

In die besondere openbaring is dit God self wat Hom bekendmaak. Die openbaring handel nie sonder meer oor dinge soos die skepping of die geskiedenis van volke of van Israel nie, dit wil in die eerste plek openbaring wees oor Gód (Helberg, 1980:3). Sonder twyfel gaan dit in dié saak van die heilshistoriese benadering van die Heilige Skrif om feite, maar nie feite bloot ter wille van die feite nie, of die feite ter wille van die geskiedenis nie. Hier kan tweërlei onderskei word:

- *Die feite in die Woord van God het betekenis.* Die feite is terselfdertyd God se openbaring: God wil vir ons onthul, ontsluier, vir ons iets sê met hierdie feite. Daarom is ons nie klaar met die Bybel as ons weet wat gebeur het nie: ons moet onsself afvra: Wat wil God vir ons met hierdie gebeure sê? Hoekom staan dit in die Bybel? Wat is God se boodskap in elke gedeelte?

- *Die feite in die Bybel het 'n verband.* Die feite kom nie deurmekaar voor in die Bybel soos 'n hoop los sandkorreltjies of soos 'n klomp krale wat los in 'n dosie lê nie. Soos 'n mens krale in 'n string kan inryg, elkeen op sy regte plek, so loop daar 'n duidelike lyn deur al die Bybelfeite. Hulle pas soos 'n patroon inmekaar. Dis immers dieselfde God wat deur al die eeue heen nog met dieselfde mense besig is. En daarom is daar ook 'n duidelike verband tussen al die feite.

Kremer (1976:87) bevind: "daarbij wordt zeer sterke nadruk gelegd op die lijn in de Schriftgegevens, die ons de openbaring van het heil door de eeuwen doet zien. Gods heilshandelen in Christus moet bijvoorbeeld in die Oude Testament overal word aangewesen." In die heilshistoriese benadering van die Bybel gaan dit eerstens oor die Bybelfeite waarin die verbondskinders jaar na jaar in die kategese onderrig word. Tweedens gaan dit om die feite plus die betekenis wat dit het én dit gaan derdens om die feite wat in verband staan met die hele Bybel. Hiérdie heil word deur God aan die gelowiges *gegee* in die heilstoesegging. Maar wat ons toegesê is, moet ons ook toege-eien word. Dit is die werk van die Heilige Gees (Floor, 1992:16).

### 5.4.2.1.3 Geskiedenis van die Godsopenbaring

Omdat dit in die studie gaan om die toe-eienende werk van die Heilige Gees, moet, in die lig van bostaande, kortliks gelet word op die geskiedenis van die Godsopenbaring (Snyman, 1977:139; Helberg, 1983:70; Van der Walt, 1988:2; D'Assonville, 1988:46). God openbaar Homself deur die eeue heen op verskillende wyses. In die Ou Testament deur drome, engele, naggesigte, natuurverskynels, seremonies. Hierdie openbaring is vir die mens opgeteken in die Heilige Skrif; dit is die rede waarom die Bybel 'n "openbaringsboek" genoem word (Schulze, 1987:3). Vanaf die Nuwe Testament openbaar God Hom egter deur Jesus Christus sy Seun (Hebr 11:1). Hierdie wyse waarop God Hom openbaar beskryf Berkouwer (1952:6) as 'n "unieke, overweldigende en beslissende van de Godsopenbaring in Jezus Christus". Die beheersende motief van Paulus se prediking is die *"heilryke handele van God in die koms en werk van Jesus Christus, in die besonder in die dood en opstanding van Christus"* (Ridderbos, 1966:34). Dit moet in die eerste plek nie heilsordelik verstaan word nie maar heilshistories. In Galasiërs 1:16[66] blyk dat Paulus sy prediking herlei tot 'n *openbaring,* en wel 'n openbaring in die geskiedenis (Snyman, 1977:226).

[66] Galasiërs 1:16 – "Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig."

### 5.4.2.2 Hoe die heil van God in die geskiedenis 'n realiteit word

#### 5.4.2.2.1 Dit het werklik gebeur

Die kernvraag van hierdie hoofstuk is, op watter wyse die heil in die lewe van die gelowige gerealiseer word. In die heilshistorie gaan dit juis daarom hoe die heil wat God in die Ou Testament belowe het en wat in die Nuwe Testament vervul is, gebeur het, 'n werklikheid geword het. Hoe het dit plaasgevind? Hoe het dit geskied? In die historie (geskiedenis) gaan dit oor dinge wat werklik gebeur het.[67] Dit gaan oor die egte feite maar dan feite waardeur God iets wil sê, iets wil bekendmaak, iets wil openbaar (Rom. 16:25-26; Kol. 1:26; Ef. 1:9-10; Ef. 3:4-5; 1 Kor. 2:7; 2 Tim. 1:9-10; Tit. 1:2-3). In die Bybel gaan dit nie bloot oor wat die mense gedink het nie; dit gaan ook oor wat hulle gedoen het. Meer in besonder: dit gaan om wat God in, aan en deur hulle gedoen het. Dit gaan ook om wat met hulle gebeur het. Hoe moet die gelowige alles wat gebeur het verstaan? Op grond van die openbaring van God word daar gepraat van die ewige raad van God wat alles beheer. Hier het ons te doen met God se heilsplan. Sy heilsplan is vóór alle eeue vasgestel, van ewigheid af beskik (1 Kor. 2:7) en God maak wat daarvan vir die mens nodig is om te weet, in sy Woord bekend (Deutr. 29:29). Die openbaring is "niet enkel het bekendmaken van een bepaalde waarheid of het op de hoogte brengen van zekere gebeurtenissen of feiten, maar het in de verskijning treden zelf, het tot historische realiteit worden van hetgeen tot nu toe als zodanig niet bestond, maar bij God bewaard, verborgen, teruggehouden werd" (Ridderbos, 1966:43). Dit hou veel meer in as dat dit net bekendgemaak is. Dit wil allereers sê dat dit in die geskiedenis realiteit word (Van Genderen en Velema, 1992:192). As die gerealiseerde heilsplan van God is die geheimenis die voorwerp van die verkondiging wat gerig is op die gehoorsaamheid van die geloof (Ridderbos, 1966:40-46).

#### 5.4.2.2.2 Die doel van God se verlossingsplan

Dit gaan om God se magtige plan om ons te red deur Jesus Christus op grond van sy offer aan die kruis. Christus is die hart van die heilsplan wat vir die gelowige die heerlikheid meebring. In Jesus

[67] In hierdie opsig steur dit as van die inhoud van die Woord van God gepraat word as "*stories*" of "*verhale*". Veral op kategetiese terrein kan dit deur kinders so maklik geïdentifiseer word met die verhale en die stories wat hulle uit storieboeke lees en aanhoor. So maklik kan "liewe Jesus" in dieselfde kategorie val as "liewe Heksie" en die verhaal van Dawid en Goliat is maar net soos die heldedaad van Dirkie Uys. Dit sou meer korrek wees om ten opsigte van die Bybel te praat van ***gebeurtenisse.*** Dit is immers God wat dit laat ***gebeur*** en Homself deur die ***gebeurtenisse*** openbaar. Dit is die ***heilshistoriese*** (openbaringshistoriese) ***benadering.*** Dieselfde kritiek word gemaak ten opsigte van die gebruik van die woord "*wonderwerke*" as dit gaan om die "***wondertekens***" wat Christus verrig het. In die Nuwe Testament word nie die woord **wonderwerke** gebruik nie maar net die begrip ***wondertekens*** (Joh 2:11 (τῶν σημείων); Joh 4:54 (δεύτερον σημεῖον); Joh 6:2 (τὰ σημεῖα); Joh 12:37 (τοσαῦτα δὲ αὐτοῦ σημεῖα); Joh 20:30 (σημεῖα ἐποίησεν)).

Christus en wat met Hom gebeur, is die middelpunt van die heilsgeskiedenis met name die geskiedenis van die Seun van God, die Borg en Saligmaker (Van Genderen en Velema, 1992:282). Ridderbos (1966:40) beklemtoon dat "heel de inhoud van deze verkondiging vindt dáárin zijn samenvattend karakter, dat zij de proclamatie en de explicatie is van de mens Christus' komst, dood en opstanding ingegane eschatologische heilstijd". Uit die heilsplan van God vloei die hele heilsgeskiedenis voort. Met die boodskap van die regverdiging is die begin en die einde van die Bybel en die middel van die heilsgeskiedenis betrokke (Van Genderen en Velema, 1992:586).

#### 5.4.2.2.3 Die heilshistoriese karakter van Paulus se prediking

Die prediking van Paulus het 'n heilshistoriese karakter: dit is die *heilryke handele van God in die koms en werk van Jesus Christus, in die besonder die dood en die opstanding van Christus* (Ridderbos, 1966:34). Dit moet in die eerste plek nie **heilsordelik** verstaan word nie maar **heilshistories**. Dit wil sê, "het gaan hierby ten principale niet om een verandering, die zich in de weg van geloof en bekering in het leven van die individuele Christen voltrekt, maar hetgeen eenmaal in Christus plaasvind en waaraan de zijnen in de boven-omschreven corporatie zin in Hem deel hadden" (Ridderbos, 1966:61). Die heilshistoriese uitlegging is gekenmerk deur die sterk nadruk wat op die vervullings-element gelê word (Ridderbos, 1966:38). Heilsgeskiedenis bedoel ook die vervulling van die tyd in absolute sin (Ridderbos, 1966:41). Die gerealiseerde heilsplan van God, is 'n geheimenis wat ook die voorwerp van Paulus se verkondiging en van die openbaring van God aan die heiliges is. Dit staan vas dat dit in die heilshistoriese nie gaan om verandering wat op die weg van geloof en bekering in die lewe van die Christen 'n werklikheid moet word nie.

#### 5.4.2.2.4 'n Tekortkoming ten opsigte van die heilshistoriese

Kremer (1976:87) wys op 'n bestaande tekortkoming indien slegs die heilshistoriese benadering gevolg word. Die Heilige Skrif laat nie alleen sien hoe God die Here sy heil laat kom deur die heilsgeskiedenis heen en hoe Christus daarin komende is, nie. Die Heilige Skrif spreek nie daaroor alleen nie. God laat in die Heilige Skrif die lig ook val op die ontvangers van die openbaring en spreek op 'n duidelike wyse, waarop en waarin hierdie openbaring weerklank moet vind in die harte van die hoorders. Met ander woorde, "er is niet alleen een heilshandelen Gods voor de mens, maar nie minder aan en in de mens" (Kremer, 1976:87). Daar was 'n tendens in die kategese waarin gemeen is dat met die heilshistoriese benadering volstaan kan word. Hierdie eensydigheid het veroorsaak "dat zij het geestelijke element, wil men het bevindelijke element uit het oog verliest" (Kremer, 1976:85-88).

### 5.4.2.3 Samevatting in verband met die heilshistoriese

Die bespreking van die heilshistoriese kan soos volg saamgevat word:

- In die praktyk van die kategese blyk dat die klem grootliks op die ***heilshistoriese*** en nie op die ***heilsordelike*** val nie. Wat die heilsordelike betref is daar 'n ***leemte***, moontlik vanweë die té eng formulering van die leeruitkoms van die kategese of die verwaarlosing van die wyse waarop die verbondskinders hulleself die heil toe-eien.
- Onder *heilshistories* word verstaan die beskrywing in die Bybel van dinge soos dit gebeur het. Dit beklemtoon die groot dade van God.
- Die inhoud van die heilshistorie is nie beperk om alleen die heil van die mens te beskryf nie, maar die benadering is sodanig dat dit in alles om die eer van die Drie-enige God gaan wat Hom in die Bybel aan die mens bekendmaak.
- In die heilshistoriese benadering van die Bybel gaan dit om die Bybelfeite, maar ook om die feite plus die betekenis wat dit het én die verband waarin dit met die hele Bybel staan.
- God laat sy heil in Jesus Christus deur die heilsgeskiedenis kom. God laat die lig ook val op die ontvangers van die openbaring en spreek op 'n duidelike wyse, waarop en waarin hierdie openbaring weerklank moet vind in die harte van die hoorders.

## 5.4.3 Heilsordelik

### 5.4.3.1 Hoe kry die mens deel aan die heil

Onder die begrip heilsordelik gaan dit om die weldade wat Christus aan die kruis verwerf het en die wyse waarop die mens daaraan deel kry. Paulus gee in 2 Korintiërs 5:15, 17, 18 die *heilshistoriese* weer in verband met die heilsdade van Christus. In vers 20 ("Laat julle met God versoen") is die heilsordelike aan die beurt waardeur die mens deel kry aan die heilsweldade van Christus. Die vraag om te beantwoord is: Hoe word die heil van God by ons tuisgebring, vir ons neergesit en na aan die hart gelê? Hoe leer ons om daarna te gryp, daaruit te lewe, daarvan te geniet? Hoe kry 'n mens kennis van en deel aan die heil? Dit gaan om die vraag hoe die Heilige Gees betrokke is by die inbring van die heil in die menslike eksistensie (Jonker, 1981:137).

Onder *heilsordelik* verstaan Ridderbos (1966:6) "de persoonlijke toeëigening betrekking hebbende". Hy skryf van "toeëigening van het in Christus geschonkene" (1966:299) en van "het individuele toeëigenings-proces van het in Christus geschonken heil en naar de mystieke en morele uitwerking

daarvan in het leven der gelovigen" (1966:7). Ridderbos noem verder (1966:63) dat die heilsgebeure wat in Jesus Christus bewerk is iets in die mens laat gebeur: "Zij leert ons nie alleen het heilshistorische karakter verstaan van hetgeen eenmaal in Christus is geschied, maar ook van die wijze waarop degenen, die tot Christus behoren, eenmaal en bij de voortduur in het Christus gewrochte heil participeren." By Luther èn Calvyn word alle nadruk gelê op die dood en opstanding van Christus as heilsgebeure. In latere tyd, onder invloed van die piëtisme, mistisisme en moralisme, word die nadruk verlê na die individuele toe-eieningsproses van die heil wat in Christus geskenk is en na die mistieke en morele uitwerking daarvan in die lewe van die gelowiges. In Paulus se prediking is egter nie 'n heilsordelike sistematiek te vind nie (Ridderbos, 1966:224). Paulus dink christologies-heilshistories en nie antropologies-heilsordelik nie (Ridderbos, 1966:231).

### 5.4.3.2 Toepassing van die heilsfeite

Onder *heilsordelik* word gepraat van die toepassing van die heilsfeite in en deur die gelowige: "Wij kunnen daarom spreken over een orde des heils, dat is de orde waarin, of de wijze waarop de Heilige Geest de weldaden der genade, die Christus verwierf, ons tot ons eigendom maakt." (Wiersinga, 1952:9.) Dit wys op die orde waarvolgens die heil van Christus in die lewe van die uitverkore kind van God toegepas word en hoe hy daarop reageer. In die heilsordelike gaan dit om die vraag hoe die heil van God by ons tuisgebring word, voor ons neergesit word en na die hart gelei word (Quist, 1989:10). Dit gaan oor hoe ons daarna leer gryp, daaruit lewe en daarvan geniet (Trimp, 1985:24). Hoe kry 'n mens kennis en deel aan die heil? Dit gaan om die verhouding tussen die objektiewe verwerwing en die subjektiewe toepassing van die heil (Bavinck, 1967[3]:492). Die verwerwing en toepassing van die heil kan nie van mekaar geskei word nie.

Deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer word die heil van God die Vader in Jesus Christus sy Seun, aan die verbondskinders in die kategese bedien onder leiding van die Heilige Gees. Die heil word aan hulle verkondig, dus vir hulle gegee; dit word aan hulle bedien. Die Heilige Gees is die handelende Subjek by die verkondiging (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, vraag en antwoord 65).[68] God laat die verkondiging plaasvind deur geroepe mense (Rom. 10:13-17). Dit geskied deur menslike aktiwiteite. Dit is God wat deur Christus die heil in die wêreld bekendstel en deur die Heilige Gees die mens in daardie heil laat deel. In hierdie saak val die aksente op die aktiwiteit van God én op die instrumentele funksie van die menslike verkondiging (Trimp, 1985:23).

[68] 65. *Vraag:* Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof vandaan? *Antwoord:* Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

### 5.4.3.3 Samevatting in verband met die heilsorde

Die bespreking van die heilsorde hierbo kan soos volg saamgevat word:

- *Heilshistories* is die beskrywing in die Bybel van al die dinge soos dit gebeur het en onder *heilsordelik* word gepraat van die toepassing van die heilsfeite in en deur die gelowige.
- Onder die begrip heilsordelik gaan dit om die weldade wat Christus aan die kruis verwerf het en die wyse waarop die mens daaraan deel kry.
- Die heilsordelike is die orde waarvolgens die heil van Christus in die lewe van die uitverkore kind van God toegepas word en hoe hy daarop reageer.
- Dit gaan om die verhouding tussen die objektiewe verwerwing en die subjektiewe toepassing van die heil.

## 5.5 Die oproep tot geloof en bekering

Baie sou sê die antwoord van hoe ons deel kry aan die heil, is maklik want dit lê in wat Paulus gesê het: "Glo (πίστευσον – 2 pers. enkv. aor. imper.) in die Here Jesus Christus en jy sal gered word" (Hand. 16:31). Die tronkbewaarder het vir Paulus en Silas gevra wat moet gebeur: "Menere, wat moet ek doen (ποιεῖν) om gered (σωθῶ) te word. Toe sê hulle: Glo (πίστευσον - 2 pers. enkv. aor. imper.) in die Here Jesus Christus en jy sal gered (σωθήσῃ) word." (Hand. 16:30-31.) By die *glo* kom ook die oproep tot *bekering*. Petrus het op Pinksterdag, na sy preek uit Joël 2, gesê: "Bekeer (μετανοήσατε – 2 pers. mv. aor. imper.) julle, en laat elkeen van julle gedoop (βαπτισθήτω) word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes (ἄφεσιν τῶν ἁμαρτιῶν)." (Hand. 2:38.) Dit was ook die kern van die prediking van Johannes die Doper: "Bekeer (μετανοεῖτε – 2 pers. mv. praes. imper.) julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom." (Matt 3:2.) Ook: "dra dan vrugte wat by die bekering pas." (Matt 3:8.) Die oproep tot geloof en bekering bring die Woord van God na vore as die middel waardeur die Heilige Gees die geloof werk. Deur die geloof waartoe die mens gebring word, word hy by Jesus Christus ingelyf (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, Vraag 20[69]). Die geloof word deur die Heilige Gees in die mens se hart gewerk deur die prediking van die Woord (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, Vraag 65[70]). In die kategese word deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die inhoud van die Heilige Skrif aan die verbondskinders bedien.

[69] 20. *Vraag:* Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?
*Antwoord:* Nee; maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.

[70] 65. *Vraag:* Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?
*Antwoord:* Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

## 5.6 Die plek van die kategese

### 5.6.1 Kategese en prediking[71]

Ter wille van duidelikheid moet die onderskeid tussen kategese en prediking weer kortliks geformuleer word.[72] Kategese is woordbediening op 'n heel ander wyse as wat die geval is met prediking. Kategese is woordbediening op 'n eie unieke wyse aan die verbondskinders. Prinsipieel is kategese *onderrigtende verkondiging* en *verkondigende onderrigleer* (Van der Merwe, 1999:44).

### 5.6.2 Waarop is kategese gerig

In hierdie studie wil vasgestel word op watter wyse, indien wel, die kategese deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die verbondskinders bring tot heilsekerheid en heilstoeeiening. Onder heil word verstaan: *die groot* heilshandele *van God, waarvan die Bybel vol is.* Heil volgens die Ou Testament beteken *verlossing* want die werkwoord יָשַׁע beteken om te verlos, om te bevry, om te red. (vgl. punt 2.3.2). In die Nuwe Testament is die begrippe σῶτὴρια (dit verwys na God se dade van verlossing in breë sin) en σωτήρ (Saligmaker) afgelei van σῴζω "om te red", "om te verlos." Heil volgens die Nuwe Testament beteken *verlossing* (vgl. punt 2.3.3). Om te verstaan wat met heil bedoel word kan gedink word aan woorde soos *redding, verlossing, behoudenis, regverdiging, versoening.* Dit is woorde wat die nuwe verhouding beskryf waarin die mens teenoor God te staan kom, nadat die verlossingswerk van Jesus Christus afgehandel is. Op grond daarvan kan die mens hoor van – *"aanneming tot kinders", "erfgenaam wees van God", "mede-erfgenaam van Christus"* (Rom. 8:17; Ef. 1:18). Daar moet ook gedink word aan die begrip *lewe* (veral in die geskrifte van Johannes). Dit is wat aan die verbondskinders in die kategese bedien word.

### 5.6.3 Verlossing is nie anoniem nie

Die Christelike verlossing is nie anoniem nie maar bestaan nét in Jesus Christus, die Seun van God. Daar moet vasgestel word hoe die verlossing in Jesus Christus, die enigste Verlosser en Saligmaker, die eiendom word van die verbondskinders van God. Deur die verkondigende onderrigleer en die onderrigtende verkondiging word die Drie-enige Verbondsgod aan die verbondskinders bedien. Die aandag in die kategese moet gerig wees op die Drie-enige God en sy heilsbeskikking,

[71] Vgl. Pt. 3.24.4.2 en pt. 11.12.2.4. Kategese en prediking.

[72] Prediking en kategese is albei bediening van die Woord van God. In die kerk neem die bediening van die Woord verskillende gestaltes aan, naamlik: prediking, kategese, evangelisasie, sending, pastoraat.

heilsverwerwing en heilsbediening. Dit gaan dus om die heil (verlossing) waaraan die mens moet deel kry. Maar die hele saak in verband met die heil gaan die Drie-enige God aan. Allereers is dit 'n saak van die Drie-enige God.

## 5.7 Drie-enige God en die heil

### 5.7.1 Aktualiteit van die onderwerp

#### 5.7.1.1 Teologiese verwarring ten opsigte van die saak

Daar het op teologiese vlak groot verwarring ontstaan oor die heilswerk van die drie goddelike Persone in die Drie-eenheid (Lotter, 1993:3; Feenstra, 1981:56-57; Le Roux, 1991:3). In die doopsformulier kom die saak van die Drie-eenheid nadruklik na vore waar dit gaan om die verlossing van die verbondskinders. Die verbondskinders word gedoop in die Naam van God: die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

- As die kinders in die Naam van *God die Vader* gedoop word, betuig en verseël die Vader aan hulle dat Hy 'n ewige genadeverbond met hulle oprig, hulle tot sy kinders en erfgename aanneem en hulle daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van hulle wil afweer of tot hulle beswil beskik.
- As die verbondskinders in die Naam van die *Seun* gedoop word, verseël die Seun aan hulle dat Hy hulle in sy bloed só van al hulle sondes was – waarmee Hy hulle in sy dood en opstanding inlyf – dat hulle van hulle sondes bevry en voor God geregverdig gereken word.
- As die verbondskinders in die Naam van die *Heilige Gees* gedoop word, verseker die Heilige Gees hulle deur hierdie heilige sakrament dat Hy in hulle wil woon en hulle tot lidmate van Christus wil heilig deur tot hulle eiendom te maak (*toe te eien*) wat hulle in Christus het, naamlik die afwassing van hulle sondes en die daaglikse vernuwing van hulle lewe, tot dat hulle eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

In die lofprysing, Efesiërs 1:3-14, vat Paulus die hele verlossingswerk "in een trinitarisch kader samen" (Wentsel, 1995[4a]:147).

- Die *Vader* kies en roep syne volgens sy **bestemmingsplan**.
- Die *Seun* stort sy lewe vir syne uit en word Hoof van die kerk en die kosmos volgens die **verlossingsplan**.

- Die *Heilige Gees* is aan die gemeente gegee as eerste afbetaling en onderpand van 'n enorme erfenis volgens die **heiligingsplan**.

### 5.7.1.2 Die Drie-enige God en die kategese

Daar is 'n heerlike eenheid in die werk van die Drie-enige God en die volle betekenis daarvan kom uit in die vaste belofte wat die Here as Drie-enige God gee: Ek wil jou God wees. Dit belowe al drie die Persone van die Godelike Drie-eenheid gelykelik. Daarin lê dan ook die rykdom van die verbond. Daartoe dien ook die bediening van die verbond: die genadeverbond is in wese niks anders as die weg waarin die Drie-enige God die eiendom word van die sondaar en die sondaar die eiendom van God Drie-enig. Die werk van die drie Persone in die Goddelike Drie-eenheid mag nooit van mekaar geskei word nie. Die eenheid van God se werke moet gehandhaaf word. Die eenheid in God se werke vloei voort uit die eenheid van sy Goddelike Persone. Tussen die drie Goddelike Persone van die Drie-enige God mag daar wel *onderskei* word soos dit dan ook in die doopsformulier gebeur. Dan blyk dit duidelik, uit die genuanseerde van elke belofte, wat elkeen van die Persone van die Goddelike Drie-eenheid doen:

- Die *Vader* belowe die verbondskinders om hulle tot sy kinders en erfgename **aan te neem.**
- Die *Seun* belowe om hulle van al hulle sondes **te was** in sy bloed.
- Die *Heilige Gees* belowe en verseker die verbondskinders dat Hy in hulle wil **woon** en hulle tot lidmate van Christus wil **heilig** deur tot hulle eiendom te maak (*toe te eien*) wat hulle in Christus het, naamlik die afwassing van die sondes en die daaglikse vernuwing van hulle lewe, totdat hulle eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.

## 5.8 Heilstoesegging en Heilstoe-eiening

### 5.8.1 Inleidend

In die saak van heilstoesegging en heilstoe-eiening gaan dit om die verhouding tussen God en mens. Van Genderen (1993:45) vra tereg: "Wordt er genoeg ernst gemaakt met de persoonlijke verhouding tot God?" Die vraag moet gevra word: Wie is God vir my? Dan is dit ook die vraag na die genade van God, dit wat God gee en dit wat God eis. God het ontsaglik meer belowe as wat die mens kan ontvang. Die heil in Christus omvat veel meer as wat die mens kan begryp. Die gemeenskap met Christus hou veel meer in as net skuldvergewing en lewensvernuwing. In die saak van

heilstoesegging en heilstoe-eiening gaan dit om meer as om net tot Christus te kom, maar dit gaan ook om uit Hom te lewe en Hom te dien: "Als de Heilige Geest, wanneer Hij ons toeëigent wat wij in Christus hebben, de belofte van het evangelie – in Woord en sacrament – als middel gebruikt, zal daarmee corresponderen, dat de gelovige toeëigening van het heil ook op deze toezegging gericht is." (Van Genderen, 1993:39.) Die genadige heilstoesegging van God en die gelowige heilstoe-eiening van die mens is van mekaar te onderskei en ook op mekaar betrokke.

### 5.8.2 'n Verkenning in die belydenisskrifte en die formuliere

Die woorde heilstoesegging (belofte) en heilstoe-eiening (deelagtigmaking) kom herhaaldelik in die drie formuliere van eenheid voor. Sonder om diep daarop in te gaan, word op die verskillende gedeeltes gelet.

#### 5.8.2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561)

In artikel 22 word bely dat *"die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie."* Artikel 35 neem die belydenis verder in die artikel oor die heilige nagmaal: *"om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou, het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus. Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê* ***deur die geloof geestelik toege-eien en ontvang word.****"*

#### 5.8.2.2. Die Heidelbergse Kategismus (1563)

Die Heidelbergse Kategismus spreek meer in besonder oor die heilstoesegging en heilstoe-eiening.

##### 5.8.2.2.1 Sondag 7, vraag 21 en 22

Die vraag word gevra wat die Christen moet glo. *"Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer."* Behalwe 'n *"vasstaande kennis"* is die geloof ook "*'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, die vergewing van sondes, ewige*

*geregtigheid en saligheid geskenk het."* Dit is die taal van heilstoe-eiening: *" 'n vaste vertroue"* wat geskenk is.

### 5.8.2.2.2 Sondag 20 en 25

In Sondag 25 word bely dat die geloof ons Christus en sy weldade deelagtig maak (vrae 65, 66, 67). Die belydenis in Sondag 20 is duidelik en helder: dat die Heilige Gees *"saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is"* en dat *"Hy ook aan my gegee is sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry."*

### 5.8.2.2.3 Sondag 23 en 31

In Sondag 23 blyk dat God aan my *"sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus* ***skenk****. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart* ***aanneem****"* (vraag 60). *"En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof* ***aanneem*** *en* ***my eie maak*** *nie"* (vraag 61). Die werkwoord **aanneem** kom voor in vraag 20 en vraag 61. In Sondag 31 antwoord 84 word weer eens die woord **aanneem** gebruik: *"Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof* ***aanneem****."* (antwoord 84.)

## 5.8.3 Die Dordtse Leerreëls (1618-1619)

In die tyd van die Dordtse Sinode is daar veel nagedink oor die vrae rondom die heilstoesegging en heilstoe-eiening. Daar word gedink aan hulle *"wat die lewende geloof in Christus, die vaste vertroue, die gewetensrus, die beoefening van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus nog nie kragtig ervaar nie – ofskoon hulle die middele gebruik waardeur God beloof het om hierdie dinge in ons te bewerk – moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie.Hulle moet hulle ook nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag"* (1:16). Die gelowige sal te doen kry met twyfel en in sware aanvegtinge kom. Daarom voel hulle die volle geloofsvertroue en die heilsekerheid nie altyd nie. Maar hulle kan verseker wees van hulle ewige heil (5:11).

## 5.8.4 Die Doop- en Nagmaalsformuliere

In die doopsformulier word ten opsigte van die verbondskindjie bely dat "*as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur **tot ons eiendom te maak** (heilstoe-eiening) wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe.*"

In die gebed van die nagmaalsformulier vra ons: "*Laat ons só waarlik **deel hê** aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg.*" Na die nagmaal genuttig is word God gedank: "*Ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u eniggebore Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe geskenk het. Ons dank U ook dat U **ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word.***"

## 5.8.5 Die regte vraag moet gevra word

### 5.8.5.1 Die "ek"- vraag

As dit kom by die saak van heilstoesegging en heilstoe-eiening, is die eerste vraag wat die sondige mens vra: Wat moet ek doen? Dink maar aan die tronkbewaarder van Filippi wat vir Paulus en Silas vra: "Menere, wat moet ek doen (τί με δεῖ ποιεῖν) om gered te word?" (Hand. 16:30.) Ons lees van die mense wat teenwoordig was toe die Heilige Gees uitgestort is dat hulle vir die apostels gevra het: "Wat moet ons doen (τί ποιήσωμεν), broeders?" (Hand. 2:37.) Op pad na Damaskus bring God vir Paulus tot bekering en terwyl hy nog bewe en verbaas is van wat plaasvind, vra Paulus: "Here, wat wil U hê moet ek doen (ὅ τί σε δεῖ ποιεῖν)?" (Hand. 9:6 en Hand. 22:10.) 'n Skare mense het na die prediking van Johannes die Doper geluister en toe vir hom gevra: "Wat moet ons dan doen (τί οὖν ποίσωμεν)?" (Luk. 3:10.) Langs die Galilea See het 'n groot klomp mense rondom Jesus Christus versamel en na sy prediking geluister. "Toe vra hulle Hom: Wat móét ons doen (τί ποιῶμεν) om die werke van God te volbring? Jesus antwoord en sê vir hulle: Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het." (Joh. 6:28-29.) Hierdie vraag is tipies menslik. Dit stel die *ek* op die voorgrond. Die gelowige móét egter vra *wat moet ek doen?* – maar dan in verhouding met wat jy van God ontvang het. Die mens se *doen* word bepaal deur wat hy van God

*ontvang.* Die vraag is wat moet ek doen met dit wat U vir my gegee het? Of: Hoe kan ek U Naam verheerlik met dit wat U vir my gegee het?[73]

### 5.8.5.2 Wat doen God

In die saak van heilstoesegging en heilstoe-eiening kom na vore watter vraag die mens moet vra. Die volgorde van die vrae in hierdie opsig is prinsipieel bepaal. Daar moet nie met die vraag begin word aangaande die verantwoordelikheid van die mens nie, maar wel by wat God doen om die mens die skatte en gawes van Christus deelagtig te maak (Van Genderen, 1993:36). Dit gaan allereers om die *heilsbeskikking* as die werk van God die Vader; die *heilsverwerwing* as die werk van God die Seun en die *heilsbediening* as die werk van God die Heilige Gees. Die *heilstoesegging* en *heilstoe-eiening* is as deel van die heilsbediening, die werk van God die Heilige Gees in die gelowige.

### 5.8.5.3 Wat word toege-eien?

Die belangrike vraag hier is: Wat eien die Heilige Gees ons toe? Die Heilige Gees eien ons die weldade toe wat Christus vir die kinders van die Vader verwerf het, soos by die doop gesê is: "As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig *deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het,* naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word." (Doopsformulier.) As Middelaar het Christus die volkome verlossing vir sondare bewerk. Hier kan ons praat van die sondeskuld, die sondesmet, die sondemag en die sondestraf. Maar Christus herstel die mens in 'n regte verhouding tot God, Hy vernuut ons na die beeld van God en Hy bewaar ons by die verworwe verlossing (Van Genderen, 1993:37). Daar is geen *skuldvergewing* sonder *lewensvernuwing* nie; en daar is ook geen *lewensvernuwing* sonder *skuldvergewing* nie. Die allereerste vraag is: Hoe eien die Heilige Gees ons die afwassing van die sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe toe? Hoe maak die Heilige Gees ons die regverdiging, die heiliging en alle weldade van Christus deelagtig?

### 5.8.5.4 Dieper verstaan van die Godsopenbaring

Daar moet gewaak word teen 'n ongeërgde houding ten opsigte van die kategese. Dit is die houding van dink dat die kinders *langsamerhand,* soos wat hulle van jaar na jaar van die een klas na die

[73] Vgl. Lukas 18:18 – die ryk jongman: "Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

ander beweeg, kennis sal opdoen wat *geleidelik* tot vertroue sal groei en uiteindelik geloof in die hart sal word waardeur hulle by Christus ingelyf word. Die heil in Christus is so ryk, dat die verbondskind deur die heilstoe-eiening die boodskap van God se Woord al dieper verstaan. Die dieper verstaan bring meer klaarheid en sekerheid, dit bring meer innerlike vrede en geestelike vreugde in die geloofslewe. Maar dan sal die beleid insake kategese hiervan ernstig moet kennisneem.

"Als de Heilige Geest, wanneer Hij ons toeëigent wat wij in Christus hebben, de belofte van het evangelie – in Woord en sacrament – als middel gebruikt, zal daarmee corresponderen, dat de gelovige toeëigening van het heil ook op deze toezegging gericht is." (Van Genderen, 1993:39.) God se genadige toesegging en die mens se gelowige toe-eiening kan wel van mekaar *onderskei* word, maar dit kan nie van mekaar *geskei* word nie want hulle is op mekaar betrokke.

## 5.9 Heilsbeskikking, heilsverwerwing en heilsbediening

Die doopsformulier gee in kort bestek die karaktereienskap weer van die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, as Drie-enige God[74]. Deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer word die evangelie in verband met ons Drie-enige God aan die verbondskinders bedien. Die aandag van die kategese moet gerig wees op die Drie-enige God en sy *heilsbeskikking, heilsverwerwing* en *heilsbediening*:

- In die *heilsbeskikking* gaan dit om die werk van God die Vader.
- In die *heilsverwerwing* gaan dit om die werk van God die Seun.
- In die *heilsbediening* gaan dit om die werk van God die Heilige Gees.
- In die heilsbeskikking word die *uitverkiesende genade* van God die Vader aan die kinders bedien.
- In die heilsverwerwing word die *verlossende genade* van God die Seun aan die kinders bedien.
- In die heilsbediening word die *heiligende genade* van God die Heilige Gees aan die kinders bedien.
- Die werk van God die Vader word aangetoon in die saak van die ***uitverkiesing***.
- Die werk van God die Seun word aangetoon in die werk van die ***regverdigmaking***.
- Die werk van God die Heilige Gees word aangetoon in die werk van die ***heiligmaking***.

---

[74] Vgl punt 5.7.1.2.

So word die verbondskind van ewigheid tot in ewigheid toegevou in die werk van ons Drie-enige God.

Die tema van die studie omvat die **toepassing** van die uitverkiesende en die verlossende genade in die lewe van die verbondskinders. God die Heilige Gees wil *"tot ons eiendom maak wat ons in Christus het." Heilstoe-eiening* is 'n wesenlike bestanddeel van die heilswerk van die Drie-enige God. Die fokuspunt van die studie is die toe-eienende werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees pas die heil in Christus toe, en Hy doen dit deurdat hy die verbondskinders toe-eien wat hulle in Christus het.

## 5.10 Die toepassende werk van die Heilige Gees in die gelowige

Lotter (1993:5) merk op dat daar in die gereformeerde teologie 'n kennelike gebrek is aan die studie oor die toepassingswerk van die Heilige Gees in die gelowiges. Op die vakgebied van die kategese strek hierdie gebrek nog verder. Die werk van die Heilige Gees is in die saak van heilstoe-eiening van kritieke belang omdat die toepassing van die heil op die "werksterrein" van God die Heilige Gees val: "In die lewe en werk van Paulus het die Gees so ver gegaan as wat Hy in die daad van die mens se toe-eiening van die heil maar moontlik wil gaan." (Engelbrecht, 1987:34.) Indien daar op die vlak van die toe-eiening van die heil egter 'n diskrepansie sou ontstaan tussen dit wat van die werk van die Heilige Gees geglo word en die manier waarop dit uitgeleef word, kan dit tot gevolg hê dat daar 'n gaping ontstaan (Lotter, 1993:5). Lovelace (1979:229) noem dit 'n "sanctifiction gap".

## 5.11 Die gedoopte is 'n (ver)bondeling[75]

### 5.11.1 Standpunte in Gereformeerde konteks

Binne Gereformeerde konteks is daar twee antwoorde ten opsigte van met wie God die verbond opgerig het.

- Die eerste standpunt is dat die genadeverbond met die *uitverkorenes* alleen opgerig is. Die verbond bestaan uit uitverkorenes en almal wat uitverkies is is bondelinge en alle bondelinge is uitverkorenes.
- Die tweede standpunt is dat die genadeverbond met die *gelowiges en hulle nageslag* opgerig is. Die verbond bestaan uit almal wat in die verbond gebore of daarin opgeneem is.

[75] Vgl. Punt 3.15.2 en 3.15.3.

### 5.11.2 Die verbond onder beheersing van die uitverkiesing

Daar is verder 'n tweërlei onderskeiding ten opsigte van die standpunt dat die genadeverbond opgerig is met die uitverkorenes alleen.

- Enersyds is die standpunt dat waar die verkiesing is, daar is die verbond, en daardeur word die kring van die verbond baie klein getrek.
- Andersyds is die standpunt dat waar die verbond is, daar is die verkiesing en daardeur word die kring van die uitverkiesing geweldig groot getrek.

By albei groepe word die verbond behandel onder die beheersing van die uitverkiesing. Die een groep se standpunt is dat die verbond net met die uitverkorenes opgerig word want alle gedooptes word nie salig nie. Die ander groep sê dat die verbond breër is as die uitverkiesing. Kind van God wees beteken nie dat die kind wedergebore is nie of vir seker in sy lewe wederbaar sal word nie. Om kind van God genoem te word wys op die besondere verhouding waarin elke gedoopte ten opsigte van God staan afgesien van die vraag of die kind ook in lewensgemeenskap met God staan. Só is daar tweërlei kinders van die verbond: aan die een kant die gelowiges, die gehoorsames en aan die ander kant die ongelowiges, die ongehoorsames.

### 5.11.3 Verbond en geloof

'n Volgende betekenisvolle onderskeiding kan gemaak word:

- Die een standpunt is: Waar die verbond is, word die geloof gewerk.
- Die ander standpunt is: Waar geloof is, word die verbond effektief.

Dit is nie die verhouding teenoor die verbond wat beslissend is nie, maar die verhouding met die God van die verbond. Enersyds word die genadeverbond bekendgemaak as God se beloftewoord aan die nageslag van die gelowiges, waardeur alle kinders van die gelowiges as erfgename en draers van die belofte en as bondelinge gemerk word. Andersyds is die ware nageslag en die eintlike bondelinge nét diegene wat van Christus is en deur die Vader aan Hom gegee is (Joh 6:37), wat deur onvoorwaardelike en lewendmakende beloftewoord en deur die Gees van Christus verwek word.

### 5.11.4 Eie standpunt

In die saak van heilsekerheid en heilstoe-eiening word uitgegaan van die standpunt dat die genadeverbond met die gelowiges en hulle kinders opgerig is. Die uitgangspunt is dat die verbond 'n lewensverhouding met God is en nie 'n verhouding met die verbond nie. Almal in die verbond is nie uitverkore en wedergebore nie. Bybelse voorbeelde is onder andere Kain, Gam, Ismael, Esau, Saul, Judas en Demas. By die verbond is ook diegene ingesluit wat, al het hulle die verbondsteken van die besnydenis en die doop ontvang, ook ongehoorsaam en ongelowig is en ingesluit wat later hulleself as afvalliges bewys. Geloof is die antwoord van die ware gelowiges op die belofte en eise van die verbond. Dáár begin die verkiesing werk. Die genadeverbond maak die uitverkiesing prakties en die uitverkiesing is die grondslag en waarborg van die verbond. Geloof moet as antwoord op die verbondseis en verbondsbeloftes teenwoordig wees anders word die verbond verbreek en verwerp (Heb. 2:3; Heb. 4:1).

Die beginpunt van die geestelike lewe van die mens is nie die verkiesing nie, maar (a) die verbonds*belofte* in die doop, (b) die *eis* om in Christus te glo en (c) die *bekeringsroep* wat tot elke gedoopte uitgaan. Voorop staan die antwoord van die gelowige op die roepstem van God om na Christus te kom (Joh. 6:37[76]). Vir diegene wat na Christus gekom het is die uitverkiesing die konklusie, die slotsom. God se genade en die werk van die Heilige Gees het my na Christus gebring, kragtens God se ewige verkiesing. Hierdie standpunt het die volgende konsekwensie: al die gedooptes in die kerk is wel verbondskinders. Maar almal wat verbondskinders is, is nie uitverkore en wedergebore nie. Dié wat glo en waarlik vrugte van die geloof dra, kan seker wees van hulle verkiesing.

Die volgende bevindings kan dus gemaak word:

- Die verbond van die verlossing is die *grondslag* van die genadeverbond.
- Die genadeverbond is opgerig met die gelowiges en hulle kinders.
- Die *wese* van die genadeverbond is die belofte van God, wat alle bondelinge raak ook hulle wat later sal blyk die verbond te verbreek het in ongehoorsaamheid, want die droewige keersy is ook waar. Daar is vele wat in die verbond gebore word en die verbondsteken ontvang, maar wat tog verlore gaan (Rom. 9:6).

## 5.12 Praktiese konsekwensie

Die genade maak nie van die gelowiges passiewe, lydelike mense nie maar aktiewe mense wat die Here dien. Die deelagtigwording van die belofte in die verbond vind plaas deur geloof en bekering.

[76] "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."

Die verbondsverhouding roep die bondeling van God se kant tot heilstoe-eiening deur die geloof. Die eis van geloof en bekering word nie weggeneem nie maar dit is nie voorwaarde vir die verbond nie. Dit beteken dat die bondelinge met God se verbonds*beloftes* en verbonds*eise* persoonlik werksaam moet word om te kom tot die waaragtige belewing van die genadeverbond, tot heilstoe-eiening. Die bondelinge moet tot persoonlike deelagtigwording van wat objektief in die verbond belowe is kom. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes en die dringendheid van die verbondseise verkondig word.

Die heilstoe-eiening vind in die hart plaas, nie deur die toedoen van die mens nie, maar dit is die werking van die Heilige Gees deur die Woord van God. Die aanvaarding en toe-eiening is dus nie 'n vrye keuse van die menslike wil nie, maar dit word deur God gewerk, deur sy Woord en Gees.

Dus: God bedien Hom ook van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders van sy keuse tot geloof en bekering en tot heilstoe-eiening te bring. Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord. Die belofte van die Gees gaan aan die gelowige aanvaarding van die verbond, die verbondsinwilliging of heilstoe-eiening vooraf, en bewerk dit. Die belofte van God se Gees en Woord word hier weer tot in ewigheid toe aan die bondeling toegesê. Die belofte van die genadeverbond: vergewing van sondes en die ewige lewe is in Christus se verdienste. Die eis van die genadeverbond is geloof en bekering. As die eis nagekom word, word die gelowige die belofte persoonlik deelagtig. Die **beloof** van God roep tot die **geloof** van die mens. Deur middel van die Gees en die Woord lei God tot die geloof wat as gawe in die hart van die uitverkorenes plaasvind.

## 5.13 Kategese en die belofte

As God se volk van God se beloftes wil lewe dan sal hulle sorg dat die beloftes Sondag vir Sondag aan hulle bedien word. As dit in God se kerk ontbreek kry sy volk geen voedsel en geen voeding nie. Dan word dit 'n skrale toestand, ook al is daar nog soveel in die kerk "te koop". In die lewe van die geloof moet God se volk gelei word na God se beloftes om op die beloftes en uit die beloftes te lewe.

Die geloof begin naamlik by die belofte, berus op die belofte en eindig in die belofte. In die Woord van God lees ons telkens die woorde: Ek sal, Ek gee, Ek belowe, Ek skenk, Ek sorg, Ek maak ens. Wie waarlik geestelik wil lewe moet vanuit hierdie beloftes van God lewe. God het tot ons troos die beloftes gegee en laat hierdie beloftes ook aan die gelowiges bedien word in die prediking. God troos met wat Hy doen, met wie God is, met wat Hy beloof.

So groei daar sekerheid en al meer en meer sekerheid, want jy word seker van God se Woord, van Homself. Belofte-kategese lei daarom heen na die God van die belofte, om Hom aan te roep. So gaan die gelowige seker weet en vas vertrou. Seker *weet* dat hulle deur God uitverkies is en *vas vertrou* dat elkeen altyd 'n uitverkorene sal bly. *Vas* en *seker glo* dat hulle lewende lede van die kerk van Christus is en dit ewig sal bly. 'n Mens weet dit alles vas en seker op grond van God se Woord wat aan my bedien word en die Heilige Gees wat God se Woord in my hart toepas. Op hierdie wyse word jy verseker van die vergewing van sondes en die ewige lewe. daarom kan jy dit Sondag na Sondag met oortuiging in die erediens bèly (In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21 en 22 word dit breër uitgelê wat daarmee bedoel word).

*Belofte-kategese* is *troos-kategese.* Dié troos het die verbondskinders in die sonde-gebrokenheid van hulle lewe daagliks nodig. God se volk moet leer om al meer en meer te lewe uit hierdie beloftes wat ewig vasstaande is.

## 5.14 Die getuienis van die Heilige Gees

Die Heilige Gees vernuwe die mens en verseël God se kinders met die oog op die ewige toekoms. Die saak van die verseëling van die Heilige Gees as dit kom by die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid, is van die allergrootste belang.[77] Die Heilige Gees is ten nouste daarby betrokke. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in die hart werk. Maar dit is ook die werk van die Heilige Gees waardeur die gelowige tot die sekerheid van die geloof kom en al meer kom. Die gelowige is in geheel op die werk van die Heilige Gees aangewys en ten volle van hierdie werk van die Heilige Gees afhanklik. God sê: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus." (Rom. 8:16-17.)

As die Heilige Gees in die lewe van die mens werk, is die eerste waarvan die mens oortuig word die sonde. Die oortuiging is so sterk dat die mens glo dat hy nie 'n kind van God is nie en ook nooit kan wees nie. Die mens staan voor dié onmoontlikheid, maar terselfdertyd word ook na die kindskap van God verlang. Om kind van God te wees word begeerlik en noodsaaklik omdat die Heilige Gees in die hart werk. By die ware sondebesef kom die wete dat 'n groot wonder nodig is om kind van God te word. Dit lê nie in die vermoë van die mens nie, daarom is dit God alleen wat hierdie saak kan bewerk. Die Heilige Gees gaan nie op 'n buite-bybelse wyse die sekerheid in jou oor fluister of 'n spesiale openbaring vir jou gee nie. Sommige mense wag daarop! Die Heilige Gees bring jou so dig

[77] Vgl. Hoofstuk 6.

by die Woord van God dat jy inderdaad dig by God is. Jy word na God toe gelei. Dit is die enigste weg. Die Heilige Gees werk in die hart van die mens. Hy open die hart vir die Woord van God en Hy open die Woord van God vir ons hart. Hy gaan die Woord van God in die hart van die mens toepas. Daarmee gaan die Heilige Gees nie hier en daar 'n teks uit die Gods Woord neem om 'n vonk in jou hart te laat ontspring nie: "Maar het is veel rijker, want we hebben niet een tekst uit dit Woord, maar heel heilstoe-eiening Woord gekregen en komen er nooit meer klaar om het helemaal te verstaan." (Loonstra, 1996:714.) Die mens moet buig voor die héle Woord van God en gehoorsaam word aan die héle Woord van God. So word jy al meer en meer oortuig dat die Woord van God die volle waarheid is.

## 5.15 Samevatting

Die tema van die studie omvat die **toepassing** van die uitverkiesende en die verlossende genade in die lewe van die verbondskinders. God die Heilige Gees wil *"tot ons eiendom maak wat ons in Christus het."* Dit beteken dat die verlossing in die lewe van die kinders 'n werklikheid moet word. Drie fasette speel hier 'n belangrike rol: *heilsbeskikking, heilsverwerwing, heilsbediening.*

a. Die *heilsbeskikking* is die *uitverkiesende genade* van God die Vader.
b. D *heilsverwerwing* is die *verlossende genade* van God die Seun.
c. Die *heilsbediening* is die *heiligende genade* van God die Heilige Gees.

Langs hierdie drieërlei weg word die heil beskik, verwerf en gerealiseer. Die genade maak nie van gelowiges passiewe, lydelike mense nie maar aktiewe mense wat die Here dien. Die deelagtigwording van die belofte in die verbond vind plaas deur geloof en bekering. Die (ver)bondelinge moet tot persoonlike deelagtigwording van wat objektief in die verbond belowe is kom. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes en die dringendheid van die verbondseise verkondig word. Die realisering daarvan geskied deur die geloof.

# HOOFSTUK 6

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE VERSEËLING VAN DIE HEIL

HOOFSTUK 6

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE VERSEËLING VAN DIE HEIL**


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Probleemstelling | 224 |
| 6.2 | Die doel van hoofstuk 6 | 224 |
| 6.2.1 | Hoofstuk 4 en 5: 'n terugskouing | 224 |
| 6.2.2 | Hoofstuk 6: 'n vooruitskouing | 225 |
| 6.3 | Verspreiding van die woord σφραγίζω in die Nuwe Testament | 225 |
| 6.4 | Gebruike van die seël (σφραγίς) in die Bybelse tyd | 225 |
| 6.4.1 | Beskerming | 226 |
| 6.4.2 | Bewys van eienaarskap | 226 |
| 6.4.3 | Die egtheid van dokumente | 226 |
| 6.4.4 | Handelsmerk | 226 |
| 6.4.5 | Ritueel | 226 |
| 6.4.6 | Samevatting | 226 |
| 6.5 | Die Drie-enige God en die verseëling (σφραγίζω) | 227 |
| 6.5.1 | Die Drie-enige God tree as 'n Goddelike Eenheid op | 227 |
| 6.5.2 | Die werk van God die Heilige Gees is verseëlende genade | 227 |
| 6.5.3 | Samevatting | 229 |
| 6.6 | 2 Korintiërs 1:21-22 | 229 |
| 6.6.1 | Die konteks waarin 2 Korintiërs 1:21-22 voorkom | 230 |
| 6.6.2 | βεβαιῶν (nom. enkv. ml. pres. part. akt. van βεβαιόω) | 231 |
| 6.6.3 | χρίσας (nom., enkv., ml., aor., part. van χρίω) | 231 |
| 6.6.4 | Betekenis van die woord σφραγίζω in die Nuwe Testament | 234 |
| 6.6.5 | φραγισάμενος (nom, enkv, ml, aor, part van σφραγίζω) | 235 |
| 6.6.6 | ἀρραβῶνα (akk, enkv van ἀρραβών) | 239 |
| 6.6.7 | Samevatting ten opsigte van 2 Korintiërs 1:21-22 | 240 |
| 6.7 | Eksegetiese ondersoek van Efesiërs 1:3-14 | 241 |
| 6.7.1 | Grammatikale ontleding van die perikoop | 241 |
| 6.7.2 | Trinitariese neerslag | 243 |
| 6.7.3 | Funksie van die perikoop as geheel | 245 |
| 6.8 | Die tydstip van die verseëling (σφραγισάμενος) | 248 |
| 6.8.1 | Vertaling | 248 |
| 6.8.2 | Die keuse by die vertaling | 250 |
| 6.8.3 | Jesus Christus is eerste verseël | 250 |
| 6.8.4 | Die plek van God se Woord in die verseëling | 251 |
| 6.8.5 | Die betekenis van die aoristus | 251 |
| 6.8.6 | Die verhouding tussen geloof en verseëling | 253 |
| 6.8.7 | Geloof in oorsaaklike betekenis | 254 |
| 6.8.8 | Die doel van die werk van die Heilige Gees | 257 |
| 6.8.9 | Verseëling met die Heilige Gees en die doop | 257 |
| 6.9 | Gevolgtrekking | 258 |

# HOOFSTUK 6

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE VERSEËLING VAN DIE HEIL

## 6.1 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat ondersoek word is die vraag na heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die grondvraag is hoe die gelowige deel kry aan die verlossing wat Christus aan die kruis verwerf het, en op watter wyse, indien wel, die kategese as middel kan dien om dit te bereik. 'n Tema wat sal bydra tot die oplossing van die sentrale probleemstelling is die tema van die verseëling met die Heilige Gees waaraan in hierdie hoofstuk aandag gegee word: "De verzegeling met de Heilige Geest werd geroemd als fundamenteel voor de heilzekerheid." (De Boer, 1968:11.)

## 6.2 Die doel van hoofstuk 6

### 6.2.1 Hoofstuk 4 en 5 'n terugskouing

Alvorens die verseëling van die heil in hierdie hoofstuk bespreek word, word daar kortliks hier onder aangedui wat die strekking was van die bespreking van die heil in die voorafgaande hoofstukke.

- In hoofstuk 4 is vasgestel dat die mens in 'n apolêre verbondsverhouding tot God staan. As dit om die mens se ewige heil gaan, handhaaf God sy vrymag maar hef nie daarmee die mens se verantwoordelikheid op nie. Die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof bestaan spanningloos naasmekaar.
- In hoofstuk 5 is bevind dat God die heil op 'n ordelike wyse in die lewe van sy uitverkore kinders realiseer. As die Drie-enige God is die Vader die *Heilsbeskikker*, die Seun is die *Heilsverwerwer* en die Heilige Gees is die *Heilsbedienaar*. Die heil word 'n werklikheid in die lewe van die mens deur middel van die geloof wat God die Heilige Gees in sy hart werk.

### 6.2.2 Hoofstuk 6 'n vooruitskouing

In hoofstuk 6 wil vasgestel word watter betekenis die verseëling met die Heilige Gees het vir heilsekerheid en heilstoe-eiening en hoe, indien wel, die kategese as middel dien om die verbondskinders daartoe te bring.

## 6.3 Verspreiding van die woord σφραγίζω in die Nuwe Testament

Op vier plekke in die briewe van Paulus kom die saak van die verseëling (σφραγισάμενος) met die Heilige Gees voor:

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. | 2 Korintiërs 1:22 | - | σφραγισάμενος – wat ons ook *verseël* het. |
| b. | 2 Korintiërs 5:5 | - | ἀρραβῶνα τοῦ πνεύματος – wat ons ook die Gees as ***onderpand*** gegee het. |
| c. | Efesiërs 1:13 | - | ἐσφραγίθητετῷ πνεύμτι – *verseël* is met die Heilige Gees van die belofte. |
| d. | Efesiërs 4:30 | - | ἐσφραγίθητε – deur wie julle *verseël* is tot die dag van die verlossing. |

Op verskillende ander plekke in die Nuwe Testament word die woord σφραγίζω ook gebruik, maar nie in die sin van verseëling met die Heilige Gees nie:

- Matteus 27:66 – Christus se graf is verseël (σφραγίσαντες).
- Johannes 3:33 – "Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit (ἐσφράγισεν) dat God waar is".
- Johannes 6:27 – want Hom het God, die Vader, verseël (ἐσφράγισεν).
- Openbaring 7 – die getalle van die verseëldes (ἐσφραγισμένοι).
- Openbaring 10:4 – Verseël wat die sewe donderslae gespreek het (σφράγισον).
- Openbaring 22:10 – Moenie die woorde verseël nie (σφραγίσηs).

## 6.4 Gebruike van die seël (σφραγιs) in die Bybelse tyd

### 6.4.1 Beskerming

In die vroegste tye is die amulet verseël, om te verhoed dat enigeen daarmee peuter. Daar is magiese krag toegeken aan die seël sodat iemand wat dit breek sal vrees dat iets ernstigs met hom kan gebeur. As die seël nie gebreek is nie, was is dit vir jou die waarborg dat niks met jou sal gebeur nie. Daniël word in die leeukuil verseël (Dan 6:18), wat as waarborg moet dien dat niemand hom sal kan help nie. Die graf van Jesus word verseël as versekering dat niemand sy liggaam uit die graf sal kan verwyder nie (Matt 27:66).

### 6.4.2 Bewys van eienaarskap

Die seël is op artikels gebruik om die eienaarskap daarvan te bewys. Agter die metaforiese gebruik van die woord *seël* (ἐσφράγις) en die werkwoord *verseël* (σφραγίζω) lê die voorstelling van 'n kenteken, 'n merk, 'n brandmerk of 'n inkerwing wat aan slawe gegee is om hulle as eiendom van 'n eienaar te waarmerk (Floor, 1979:83). So 'n verseëling was bedoel as beskerming sodat die slaaf nie van sy eienaar ontvreem of geroof kan word nie. In Romeine 4:11 word die besnydenis (περιτομῆς) 'n teken (σημεῖον) en 'n seël (ἐσφράγις) genoem.

### 6.4.3 Die egtheid van dokumente

Die mees algemene gebruik van die verseëling was om die oorspronklikheid en juistheid van dokumente te waarborg. Juda gee aan Tamar sy seëlring as waarborg (Gen 38:18) en Potifar gee sy seëlring aan Josef as sigbare teken dat hy die huislike gesag aan Josef oordra (Gen. 41:42; vgl. ook Jer. 32:10-14; 1 Kon. 21:8-13, Neh. 9:28; Neh. 10:1; Ester 8:8).

### 6.4.4 Handelsmerk

Seëls is gebruik as 'n vroeëre metode om 'n handelsmerk aan te bring. Dit word veral op kleipotte gevind.

### 6.4.5 Ritueel

Seëls is ook gebruik "in community rites especially in the annual New Year Festival when the kings of Assyria and Babylonia sought the blessing of the gods in prosperity for the nation" (Huey, 1975:322).

### 6.4.6 Samevatting

Die saak van verseëling was vir die mense in die tyd van die Bybel nie iets vreemd nie, want dit was 'n praktiese gebruik oor 'n wye spektrum van die lewe. Ten opsigte van die verseëling met die Heilige Gees word dus by 'n baie bekende praktyk van verseëling aangesluit.

## 6.5 Die Drie-enige God en die verseëling (σφραγίζω)

### 6.5.1 Die Drie-enige God tree as 'n Goddelike Eenheid op

In hierdie hoofstuk gaan dit om die *toepassende werk van die Heilige Gees* in verhouding met die Vader en die Seun (Van't Spijker, 1989[a]:359). Daar moet gewaak word dat die toepassende werk van die Heilige Gees ten opsigte van die heil nie los gesien word van die werk van God die Vader en Jesus Christus die Seun nie. Die werk van die Goddelike Drie-eenheid moet nooit uitmekaar gehaal word nie, derhalwe is die werk van heilstoepassing deur die Heilige Gees nooit 'n los "entiteit" naas die ander twee Persone in die Goddelike Drie-eenheid nie (Floor, 1988[b]:375 e.v.). Oor die werk van die Vader en die Seun kan nie besin word sonder om die Heilige Gees te vermeld nie. Calvyn het ook van die standpunt uitgegaan dat die Gees en Woord as tweevoud in wedersydse verbondenheid met mekaar staan en het sy diepste grond in die saamgaan met die werk van Christus. En die werk van Christus wortel op sy beurt weer in die eenheid van die werk van die Drie-enige God (Van't Spijker, 1989[m]:51). Ten opsigte van die Heilige Gees gaan dit om dieselfde heil wat in die verkiesing beoog is en in die versoening bewerk is (Van't Spijker, 1989[a]:359). Oor die *Vader* word in die besonder gespreek in verband met die ***verkiesing***. Dit gaan om die Vader van ons Here, Jesus Christus. Daarmee word die *verkiesing* geplaas in die raamwerk van die *verlossing* en nie omgekeerd nie. Die werk van die Seun staan sentraal in die geheim van die versoening, die verlossing deur sy bloed. Die Skrif handel nie op 'n abstrakte wyse oor die leer van die versoening nie. Die werk van die Seun is die grondslag van 'n openbaring van wysheid en insig. By die kruis leer ons wat presies die vrees van die Here inhou, wat verstand en insig gee in die heilsplan van God.

### 6.5.2 Die werk van God die Heilige Gees is verseëlende genade

Ons kan nie oor die werke van God skryf sonder die vermelding van die Heilige Gees nie. In 'n sekere sin is die Heilige Gees die einde van al God se werke. Die algehele vervulling met die Heilige Gees vorm die heerlikheid van die komende bedeling. God is alles en in almal (1 Kor. 15:28). Vir die Heilige Gees gaan dit om dieselfde heil as waarvan in die verkiesing en versoening sprake is. Waar die Heilige Gees werk blyk dit hoe sterk die genade is, waardeur ons *verkies* is, en waardeur

ons *verlos* word: "Door de Geest word het kruis in ons eigen leven geplant, zodat wij met Christus medegekruisigd worden, nie slechts op de manier van het recht van God, dat ons vrijspreekt, maar ook op de wijze van de nieuwheid des levens waardoor wij wezenlik veranderd worden tot een nieuwe gehoorzaanheid. Dit is de werk van de Geest, zoals het de kracht der verzoening effectief maakt in ons leven." (Van't Spijker, 1989[b]:366.) Die verseëling met die Heilige Gees is 'n aanduiding van die volle heil. Van't Spijker (1989[a]:360) noem dat daar op twee maniere tekort gedoen kan word aan die werk van die Heilige Gees.

a. Eerstens, indien die arbeid van die Heilige Gees losgemaak word van die volle trinitariese heil. Wanneer die werk van die Heilige Gees vereensydig word, word alle aksente verkeerd geplaas.
b. Tweedens sal jy tekort doen aan die volle rykdom van die werk van die Heilige Gees as die verseëling versmal word tot 'n onderdeel van die heil. Dan laat jy die werk van die Heilige Gees uiteenval in allerlei onderdele, byvoorbeeld die wedergeboorte, bekering, geloof, heiliging, verseëling ens.

Onder die verseëling met die Heilige Gees moet verstaan word die volheid van die werk van die Heilige Gees, nie slegs net een spesifieke onderdeel daarvan nie, maar die karakteristieke. kenmerkende aanduiding van die volheid van die genade wat in verkiesing, versoening en verseëling in die lewe van God se kinders 'n werklikheid word en al hoe meer word totdat dit in die eindtyd 'n volheid sal bereik. Daarom stel ons as uitgangspunt in die studie dat net soos die werk van die Vader die *verkiesende genade* is, is die werk van die Seun die *versoenende, verlossende genade* en die werk van die Heilige Gees is die werk van die *verseëlende genade*: "Voor Paulus zijn deze drie onlosmakelijk met elkaar verbonden. Zij vormen elk voor zich een bijzonder facet of aspect van Gods genade in Christus. Zij weerspiegelen het werk van de Vader, dat van de Zoon en dat van die Geest. Maar hun werk vormt een eenheid, zoals zij zelf, de Vader, de Zoon en de Heilige Geest de ene en waarachtige God zijn." (Van't Spijker, 1990[u]:3.)

Ten opsigte van die werk van die drie Persone van die Goddelike Drie-eenheid lees ons in Efesiërs 1:3-14 die volgende:

- Die werk van God die Vader is die uitverkiesing. Dit is die *uitverkiesende genade* waardeur God die *heil **beskik*** vir elkeen waarop Hy in die uitverkiesing besluit het (vs. 4-6).
- Die werk van God die Seun is die regverdigmaking. Dit is die *versoenende genade* waardeur God die *heil **verwerf*** vir elkeen wat deur Hom uitverkies is (vs. 7-12).

- Die werk van God die Heilige Gees is die heiligmaking. Dit is die *verseëlende genade* waardeur God die *heil* aan sy uitverkore kinders ***bedien*** (vs. 13-14).

So kom die werk van die Goddelike Drie-eenheid tot volheid en vervulling. Ten opsigte van die heilsekerheid en die heilstoe-eiening beweeg ons op die werksterrein van God die Heilige Gees. Dit gaan om die werk van die Heilige Gees, wat Christus verheerlik. Dit gaan om die werk van die Heilige Gees, wat ons van God se ewige liefde verseker, soos dit in Christus geopenbaar is.

Dit gaan in alles om die trinitariese heil – die heil van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Die verseëling met die Heilige Gees is die aanduiding van die heil wat uit die ewigheid van die Vader se *verkiesende liefde*, óór die Golgota van die *versoenende liefde* van die Seun heen, vandag, hier en nou, in ons eie lewe 'n plek soek as die *verseëlende liefde* van die Heilige Gees wat deur ons ervaar word: "Zo verzegelen wij, dat God waarachtig is, wanneer wij verzegeld worden tot het volle heil van de drieënige God. Zékerheid, onwankelbare zékerheid dat een erfenis wacht in heerlijkheid. (Van't Spijker, 1989[a]:360.)

### 6.5.3 Samevatting met betrekking tot die Drie-enige God en verseëling

As dit gaan om die verlossing van die mens openbaar God in sy Woord dat Hy as die enigste God, in sy Goddelike Drie-eenheid, verantwoordelik is daarvoor. Die heil waarvan ons praat is die trinitariese heil – die heil van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Dit gaan om die Vader se *verkiesende liefde*, en die *versoenende liefde* van die Seun, en die *verseëlende liefde* van die Heilige Gees.

Daar word vervolgens eksegeties aandag geskenk aan dié gedeeltes in die briewe van Paulus, waarin die saak van die verseëling met die Heilige Gees voorkom. Dit is: 2 Korintiërs 1:21-22 en Efesiërs 1:3-14.

## 6.6 2 Korintiërs 1:21-22[78]

[78] "Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het."

2 Korintiërs 1:21-22 kom voor in die eerste hoofdeel[79] van 2 Korintiërs, waar Paulus se veranderde reisplanne opgeteken word en waarin die sogenaamde "tranebrief"[80] ook voorkom. Die apostel verskuif baie maklik "van sy gewoon menslike planne na die mees verhewe "teologie" waar hy skryf oor die drie Persone in die Goddelike Drie-eenheid" (Lotter, 1993:28).

### 6.6.1 Die konteks waarin 2 Korintiërs 1:21-22 voorkom

2 Korintiërs 1:21-22 kom voor in die perikoop wat strek van 1:12-22, waarin Paulus handel oor sy planne en voornemens. By vers 17 is daar 'n moontlike breuk as die sin begin met τοῦτο οὖν waar οὖν beteken *dan,* wat as merker kan dien by die oorgang tussen die gewoon menslike planne van Paulus (vers 12-17) en dit wat God vir hom bepaal (vers 18-22). In vers 17 word drie maal verwys na *"voorneem"*, βουλόμενος[81] en βουλεύομαι[82]. Hier word Paulus se menslike voornemens (vers 12-17) skerp gekontrasteer met God se voornemens en dade soos dit in vers 20-22 na vore kom. "Dit lyk baie waarskynlik dat hierdie gedeelte gesien kan word as 'n soort "parentese oor wat God doen" tussen die menslike planne van Paulus (vooraf en later) met as oorgang die beroep op die feit dat God getrou is (πιστὸς ὁ Θεὸς - vers 18)" Paulus hervat die beskrywing van sy menslike planne en gedagtes met ἐγὼ in vers 23. Die saak van die verseëling met die Heilige Gees val in dié gedeelte waarin die optrede van God beskryf word (vers 17-22). By vers 19 kom 'n definitiewe afwyking van die voorafgaande planne van die apostel wat dan in die volgende verse na 'n uiteensetting wat (terugkykend) op die Drie-eenheid kan dui (Lotter, 1993:31).

Daar is vier begrippe in 2 Korintiërs 1:21-22 wat aandag verdien met die oog op die behandeling van die tema:

- βεβαιῶν - bevestig.
- χρίσας - salf
- σφραγισάμενος - verseël
- ἀρραβῶνα - waarborg

79 2 Korintiërs bestaan uit vier hoofdele. 1. Die eerste hoofdeel 1:12-2:13. 2. Die tweede hoofdeel 2:14-7:19. 3. Die derde hoofdeel 8:1-9:15. 4. Die vierde hoofdeel 10:1-13:13.

80 Die ingrypende verskille en styl tussen 2 Korintiërs 1-9 en 2 Korintiërs 10-13 het Skrifverklaarders daartoe gebring om te sê dat ons hier met twee verskillende briewe te doen het. 1 Korintiërs 1-9 word die "versoeningsbrief" genoem en 2 Korintiërs 10-13 die ***"tranebrief"*** na aanleiding van 2 Korintiërs 2:4.

81 βουλόμενος nom. ekv. ml. pres. part. van βούλομαι, voorgeneem.

82 βουλεύομαι 1 pers. enkv. pres. ind. mid. van βουλεύω, voorneem.

### 6.6.2 βεβαιῶν (nom., enkv., ml., pres. part. Akt. van βεβαιόω)

"Maar Hy wat ons saam met julle bevestig (βεβαιῶν) in Christus en ons gesalf het, is God" (2 Kor. 1:21). βεβαιῶν staan in die praesensvorm wat dui op voortdurendheid en kontinuering; binne die konteks van vers 21 beteken dit 'n lewenslange proses. βεβαιῶν beteken bevestig of vestig, om iets vas en seker te maak. Louw en Nida (1988[b]:340) toon die betekenis van βεβαιῶν aan onder andere as "confirm", "establish", "make good". Die woord βεβαιῶν "causes someone to be firm or established **in belief**" (Song, 1998:178). In vers 21 hang die betekenis van die praesens partisipium βεβαιῶν af van die betekenis van εἰς Χριστὸν: "This could refer to the believer's incorporation into Christ, as a member of the body of Christ, and βεβαιῶν would allute to the continual securing of the relationship to Christ." (Song, 1998:178.) Die "bevestig-wees in Christus" is 'n objektiewe gebeure met weinig of geen subjektiewe resultate nie, wanneer die gelowige nie heilstoe-eienend daarmee te werk gaan nie (Lotter, 1993:38). Die bevestig-wees in Christus (ὁ δὲ βεβαιῶν ἡμας σὺν ὑμῶν εἰς Χριστὸν) het 'n objektiewe oorsprong maar ook 'n subjektiewe element, 'n effek in die mens. Die heil begin **buite** die gelowige as 'n daad van God (objektief), maar word voortgesit en uitgewerk **binne** die gelowige as voortdurende handeling van God en **heilsbelewing** aan die kant van die gelowige (subjektief). Dit gaan derhalwe om die **subjektiewe heilstoe-eiening** en **heilsbelewing** (Lotter, 1993:38): "Paul also called the Holy Spirit the 'guarantee'. He has put his seal upon us and given us his Spirit in our hearts as 'n guarantee. When God gives his great salvation according to Paul's understanding, he not only *gives* it, he gives with it his *guarantee* that he has given it, and this is the Holy Spirit." (Bruner, 1970:271.)

- *βεβαιῶν beteken bevestig of om iets vas en seker te maak. Die praesensvorm waarin βεβαιῶν staan wys daarop dat die "bevestig in Christus" 'n lewenslange proses is wat die mens aktiveer tot heilstoe-eiening en heilsbelewing.*

### 6.6.3 χρίσας (nom., enkv., ml., aor., part. van χρίω)

#### 6.6.3.1 Salwing in Bybelse perspektief

"Maar Hy wat ons saam met julle bevestig (βεβαιῶν) in Christus en ons gesalf het (χρίσας), is God." (2 Kor. 1:21 – ὁ δὲ βεβαιῶν ἡμας σὺν ὑμῖν εἰς Χριστὸν καὶ χρίσας ἡμᾶς Θεός.) Die subjek van die werkwoord χρίω is die predikaat (s.nw.) Θεός aan die einde van die vers, "Hy wat ons gesalf het is God." Na βεβαιῶν, wat in die praesens vorm staan en voortgaande handeling aandui, is die daaropvolgende werkwoorde in vers 21-22 in die aoristus partisipium (χρίσας;

aandui, is die daaropvolgende werkwoorde in vers 21-22 in die aoristus partisipium (χρίσας; σφραγισάμενος; δοὺς) wat 'n eenmalige gebeurtenis aandui. Die begrip χρίσας (*gesalf*) is 'n bekende saak in die Woord van God. Ten opsigte van die samehang tussen verseëling en salwing met die Heilige Gees lees ons in 2 Korintiërs 1:21-22. Op verskillende plekke kom ons die begrip salwing teë in die Nuwe Testament. Die simboliese handeling van die salwing ken ons uit die Ou Testament. Profete, priesters en konings is deur salwing aangewys, afgesonder en op betekenisvolle manier bekwaam gemaak vir hulle amp. In die Ou Testament dui salwing op die ontvangs van besondere gawes om opdragte van die Here uit te voer, vgl. Saul – 1 Sam. 10:1-10; Dawid – 1 Sam. 16:13; Salomo – 1 Kon. 1:39; Jehu – 2 Kon. 9:6). Jesus Christus is ook gesalf "tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning" (Matt. 3:16-17). Salwing sien besonderlik op toerusting met die Heilige Gees. In die Nuwe Testament is daar eintlik net 1 gesalfde nl. Christus wat deur God afgesonder en bekwaam gemaak is as Verlosser. Sy salwing geskied tydens sy doop. Christus het die Heilige Gees in volheid ontvang. Dit is opvallend hoe in 2 Korintiërs 1:21-22 die verseëling met die Heilige Gees verbind word aan die salwing met die Heilige Gees.

In 2 Korintiërs 1:21-22 is daar besonder sterk trinitariese elemente wat na vore kom veral wanneer dit handel oor die salwing (Lotter, 1993:42). Hier is melding van:

- die ***Vader*** wat die gelowiges bevestig (βεβαιῶν) in Christus (die Gesalfde – let op die sin-speling tussen Χριστὸς en χρίσας).
- Christus, die Gesalfde, die ***Seun*** van God, is ook betrokke by die salwing van die gelowige.
- Dit wat daarop volg, is 'n verdere uitbou van wat God doen deur middel van Christus en die **Heilige Gees.**

Voortvloeiend uit die βεβαιῶν (die bevestiging) volg (a) die χρίσας (die salwing), (b) die σφραγισάμενος (die verseëling) en (c) die δοὺς τὸν ἀρραβῶνα τοῦ πνεύματος (en die Gees as onderpand in ons harte gegee het). Dit is alles wat God doen in trinitariese verband. Salwing het te doen met **toerusting** en **geestelike kennis.**

### 6.6.3.2 Salwing is toerusting

Louw en Nida (1988$^{b}$:484) toon aan dat χρίω hoofsaaklik gebruik word vir die aanstelling of die bekwaammaking van iemand: "to assign a person to a task, with the implication of supernatural sanctions, blessings and endowment". Die gelowiges word deur God met die Heilige Gees toegerus

vir hulle belangrike taak as verlostes om hulle roeping in hierdie wêreld as God se kinders suksesvol te kan uitvoer. Die salwing bring mee dat die gelowige God in hierdie wêreld bely, hom aan God in die daaglikse lewe toewy en teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk stry. Van't Spijker (1989[g]:416) beskryf dit so: "Daartoe moest het komen! Immers een mens leeft niet zonder godsdienst, hij leeft wel zonder God in de wêreld. En waar de Geest in ons leven de dinge van God tot een werklijkheid maakt, daar gaan wij God zelf missen, daar gaan we ook zelf God zoeken. En daar zal God zichzelf aan ons openbaren, zodat we niet alleen te maken hebben met een eeuwige liefde der verkiezing, nie alleen ook met een eeuwige liefde der verzoening, maar ook met een eeuwige liefde die zich openbaart in de heiliging. God de Heilige Geest en onze heiligmaking."[83] In die Heidelbergse Kategismus word met die woord heiligmaking die volledige werk van God die Heilige Gees aangedui, so ook dui Paulus in Efesiërs 1:13 met die verseëling die hele werk van die Heilige Gees aan, soos dit aan ons geskenk word uit ewige liefde en kragtens die volbragte werk van ons Middelaar en Saligmaker, Jesus Christus.

- Deur die salwing word ons deelgenote van Christus deur die Gees.
- Die verseëling is aanduiding van dieselfde inhoud met dien verstande, dat sowel die salwing as die verseëling wys op 'n deelgenootskap aan Christus en al sy weldade.

Slegs op dié manier is ons in die oog van God gemerk as sy eiendom: ***in*** Christus en ***deur*** sy Gees. Eenvoudig gestel beteken dit dat 'n ware christen, d.w.s. iemand wat deur die Gees van Christus tot profeet, priester en koning in sy diens afgesonder is, die kenmerk dra van die **eiendomsreg** wat God op hom het. Die salwing is 'n **eiendomskenmerk** wat voortvloei uit die verordinering of afsondering tot 'n amp of 'n diens wat beteken dat jy vir hierdie amp of diens bekwaam gemaak is. *Verseël met die Heilige Gees* is die uitdrukking wat wys op die **eiendomsreg** wat God op sy volk het. Dit is "het stempel waarmee Hij hen onderskeidt van allen die niet van Hem zijn" (Van't Spijker, 1989[g]:416). *Verseël* met die Heilige Gees, *gesalf* met die Heilige Gees, *toegerus* met die Heilige Gees as onderpand: dit is alles uitdrukkings wat ons die rykdom van die werk van die Heilige Gees wys.

### 6.6.3.3 Salwing het te doen met geestelike kennis

Behalwe die toerusting vir die taak as gelowige het die salwing ook te doen met **insig** en **geestelike kennis.** In Jesaja 11:1-3 e.v. word die salwing van die messiaanse koning profeties beskrywe (Floor, 1979:12). Die toerusting met die Heilige Gees word dan in drie begrippe-pare nader geteken:

[83] Hier is weer sprake van die Goddelike Drie-eenheid: liefde van die verkiesing (Vader), liefde van die versoening (Seun), liefde van die heiliging (Heilige Gees).

- Die Gees van wysheid en verstand (vers 2a).
- Die Gees van raad en sterkte (vers 2b).
- Die Gees van kennis en die vrees vir die Here (Vers 2c).

Lotter (1993:43) haal Andrews[84] aan wat skryf dat die gelowiges na salwing "direct knowledge of spiritual truth" besit. Na salwing besit die gelowiges die vermoë om geestelik te kan onderskei waarop dit aankom (1 Kor. 2:15; Rom. 12:2).

- *χρίσας (gesalf) is in die aoristus partisipium wat 'n eenmalige gebeurtenis aandui. Deur die salwing word ons deelgenote van Christus deur die Gees. Salwing sien simbolies op toerusting met die Heilige Gees. Salwing het te doen met toerusting en geestelike kennis. Die salwing is 'n eiendomskenmerk wat voortvloei uit die afsondering tot 'n amp of 'n diens wat beteken dat jy vir hierdie amp of diens bekwaam gemaak is in God se diens.*

### 6.6.4 Betekenis van die woord σφραγίζω in die Nuwe Testament

Louw en Nida (1988[b]:568) dui die betekenis van σφραγίζω aan as "to use a seal, to close, to make something secure, to seal, to put a seal on." Abbott-Smith (1956:435) onderskei vier betekenis-moontlikhede van die werkwoord verseël (σφραγίζω):

a. Om te verseël om veiligheidsredes: Matt. 27:66, Openb. 20:3, Rom. 15:28.
b. Metafories vir geheimhouding, om weg te steek: Joh. 14:17, Openb. 10:4, Openb. 22:10.
c. Vir onderskeiding: Openb. 7:3-8.
d. In metaforiese sin: Ef. 1:13

Louw en Nida (1988[b]:568) skryf dat die woord σφραγίς beteken: "an engraved object used to make a mark denoting ownership, approval or closure of something (normally done by pressing into heated wax and usually attached to a document or letter) – seal, signet". Om dokumente te verseël was 'n algemene gebruik in die antieke tye. Verseëling was deel van die daaglikse lewe in Babilonië (Kittel, 1971:940). Seëls en die gebruik van seëlringe het soms die beeld van gode gedra. Dit het die eienaar en gebruiker daarvan met 'n sekere god verbind.

- *Die woord σφραγίς beteken om iets te grafeer of om iets te verseël om die egtheid daarvan te waarborg.*

[84] Andrews, E.H. 1982. The promise of the Spirit. Hertfortshire : Evangelical Press. 264 p.

### 6.6.5 φραγισάμενος (nom., enkv., ml., aor., part. van σφραγίζω)

### 6.6.5.1 'n Duidelike onderskeid tussen salwing en verseëling

Verseëling het veral te doen met die stabiliteit en versterking van die gelowiges nadat hulle in Christus bevestig is (βεβαιῶν). Die verseëling (σφραγισάμενος) is die *voortgaande werk van die Heilige Gees* in diegene wat glo. Op 'n belangrike onderskeid moet gewys word:

- Die χρίσας (vers 21 – "bevestig") is 'n *aanvanklike (inisiële) saak* van bekwaammaking van die gelowiges deur God die Heilige Gees.
- Die gee van die Heilige Gees as onderpand (καὶ δοὺς τὸν ἀρραβῶνα τοῦ πνεύματος ἐν ταῖς καρδίαις ἡμῶν) is gerig op die *toekomsverwagting* van die gelowiges.
- Die verseëling (σφραγισάμενος) is wat die Heilige Gees *voortdurend* doen om die gelowiges te verseker daarvan dat hulle kinders van God is, om hulle te verseker dat die verlossing waaragtig is en dat hulle veilig bewaar word "tot die dag van (finale) verlossing" (Ef. 4:30 - εἰς ἡμέραν ἀπολυτρώσεως).

*Salwing* (χρίσας) en *verseëling* (σφραγισάμενος) moet nie met mekaar verwar word nie, want hulle is nie dieselfde nie. *Salwing* (χρίσας) en *verseëling* (σφραγισάμενος) is wel beide aktiwiteite van die Heilige Gees maar in wese totaal verskillend met uiteenlopende vertrek- en doelpunte. In die samehang van *salwing* (χρίσας) en *verseëling* (σφραγισάμενος) word ons opmerksaam gemaak van wat Paulus in 2 Korintiërs 1:21-22 skryf: "Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het." Dit is opmerklik dat *verseëling* (σφραγισάμενος) met die Heilige Gees verbind word aan *salwing* (χρίσας) met die Heilige Gees. Deur die laaste (*salwing* – χρίσας) word jy *deelgenoot* van Christus, deur die Heilige Gees: "De verzegeling is aanduiding van hetzelfde met dien verstande, dat zowel de zalving als de verzegeling wijzen op een deelgenootschap aan Christus en al zijn weldaden. Slechts op die manier zijn wij in het oog van God gekenmerkt als zijn eigendom: in Christus en door zijn Geest." (Van't Spijker, 1989[h]:422.) Ons kan dus sê dat 'n ware christen, dit wil sê iemand wat deur die Heilige Gees tot profeet, priester en koning afgesonder is in God se diens, die kenmerk dra van die **eiendomsreg** wat God op hom het. Die salwing is 'n tipiese eiendomskenmerk wat voortvloei uit die verordening of afsondering tot 'n amp of diens terwyl dit beteken, dat jy tot hierdie diens bekwaam gemaak word.

### 6.6.5.2 Inhoud van die verseëling (σφραγισάμενος)

In Winslow[85] vind Lotter (1993:46) die volgende definisie van verseëling: "It is the act of the Holy Spirit by which the work of grace is deepened in the heart of the believer, so that he has an increasing and abiding conviction of the acceptance in Jesus, and his adoption into the family of God. It is clearer and more undoubted manifestation of Christ to the soul, a larger degree of the sanctifying, witnessing and anointing influences of the Holy Ghost, evidencing itself in a growing holiness of character." Reymond, (1998:767) formuleer dit só: "The sealing of the Spirit, to be distinguished from the baptism of the Spirit and the filling of the Spirit, is that act of God, performed in connection with his act of adoption, whereby he seals the believer to the final day of redemption by the indwelling presence of the Spirit of adoption, whose indwelling is the guaranteeing 'down payment' of the Christian's full and final inheritance." As ons 'n oomblik terugtree in die geskiedenis tot by die Nadere Reformasie vind ons by Wilhelmus A. Brakel (1635-1711) ook iets van 'n definisie vir die verseëling met die Heilige Gees (Van't Spijker, 1990[k]:355). Hy skryf: "verzegelen bestaat uit het overzetten van een wapen of merk, zoals het in een zegel of signet is gegraveerd. De bedoeling is viervoudig: a. het aangeven van een eigendomsmerk; b. het verbergen van iets voor een ander; c. het ongeschonden bewaren van een zaak; d. het verzekeren, dat men deel of eigendom heeft aan een bepaalde zaak. Op de gelowigen toegepast wil dit zeggen, dat de Heilige Geest zelf de gelovigen doet delen in het heil." Van Genderen en Velema (1992:717) skryf: "Wij moeten echter staande houden, dat die doop niet verzegelt wat in de dopeling aanwezig is of verondersteld wordt, maar de belofte van het verbond." Daar is 'n verskil tussen die verseëling van die belofte en die verseëling van die gelowige.

In 2 Korintiërs 1:22 staan die verseëling (σφραγισάμενος) in die aoristus participium medium wat beteken dat dit iets is wat herhaaldelik weer moet gebeur. Dit beteken die heilsverseëling gebeur en dan gebeur dit weer en weer. Waar die *salwing* (χρίσας– nom., enkv., ml., aor., part.) 'n eenmalige *bekwaammaking* is, is die *verseëling* (σφραγισάμενος– nom., enkv., ml., aor., part.) 'n *voortgaande handeling* wat dui op die *voortdurende versterking en oortuiging* van die gelowiges dat hulle kinders van God is. Verseëling het dus met ***groei*** te doen ten opsigte van die wete dat die gelowige 'n besitting van God is. God is sy Eienaar (Heidelbergse Kategismus, Sondag 1, Vraag 1[86]). Deur die verseëling word dit aan die gelowiges gesertifiseer dat hulle kindskap eg is want God

[85] Winslow, O. 1984. The work of the Holy Spirit. Edinburgh: The Banner of Truth Trust. 223 p.

[86] 1. *Vraag:* Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? *Antwoord:* Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort.

self druk deur sy Heilige Gees gedurig sy stempel op hulle af en waarmerk hulle as God se kinders. Verseëling het ook nog die betekenis dat die gelowiges veilig bewaar sal word.

### 6.6.5.3 Die betekenis van die verseëling (σφραγισάμενος)

Daar is reeds vasgestel dat *salwing* te doen het met **toerusting** en **geestelike kennis**. In die konteks van 2 Korintiërs 1:21-22 beteken verseëling drie dinge:

a. Eienaarskap.
b. Om iets te waarmerk.
c. Om iets of iemand veilig te bewaar.

#### 6.6.5.3.1 Die betekenis van eienaarskap

Christus het die gelowiges met sy bloed gekoop (Hebr 9:12). Deur hierdie koopaksie behoort die gelowiges aan God en is Hy hulle *Eienaar*.[87] "Dit is nou die taak van die Heilige Gees om hierdie eienaarskap van die kind van God aan hom/haar te beseël, dit wil sê in te prent dat dit so is en verder te oortuig dat dit so is." (Lotter, 1993:47.) Die Satan neem met hierdie toestand nie vrede nie. Hy wil die gelowiges tot onsekerheid en twyfel bring of hulle aan God behoort. Daarom is die verseëling met die Heilige Gees 'n *voortgaande proses*. Die gelowiges moet oortuig word dat hulle met die kosbare bloed van hulle Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, vir eens en vir altyd gekoop is. En so is die werk van die Heilige Gees die merk van die eiendomsreg wat die Vader op hulle het. In 2 Timoteus 2:19 is 'n bevestiging van die gedagte van eienaarskap: "Ewenwel, die fondament (θεμέλιος) van God staan vas met hierdie seël (σφραγῖδα ταύτην)." Dit is met die Heilige Gees van die belofte dat hulle verseël is (vgl. Ef 1:13) "and as God's promise carries with it the absolute certainty of fulfillment, they are preserved under the seal of the Holy Spirit inviolate unto the day of redemption" (Song, 1998:180).

Die werkwoord *verseël* (ἐσφραγίσθητε) is in die eerste plek bedoel om aan te toon dat die lesers van die brief, as gelowiges uit die heidendom deur die ontvang van die beloofde Gees, nou God se eiendom is en nie meer aan die Satan nie behoort. Die Gees is hulle *eiendomsbewys*. Die Gees as seël *verseker* die gelowiges dat hulle God se eiendom is en deel het aan Christus en sy verlossing. Deur die verseëling met die Heilige Gees gee God aan die gelowiges in Efese die *stempel* dat hulle ook, net soos alle ander gelowiges uit die Jodedom en heidendom, sy eiendom is. Verseëling met die

---

[87] Heidelbergse Kategismus, *vraag 33*: Waarom noem jy Hom (Christus) ons Here? *Antwoord:* Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het.

Heilige Gees, salwing met die Heilige Gees, toegerus met die Heilige Gees as onderpand: dit is alles uitdrukkinge wat wys op die rykdom van die werk van die Heilige Gees in die gelowige.

### 6.6.5.3.2 Die betekenis van 'n waarmerk

Om iets te waarmerk is 'n aktiwiteit wat vandag bekend is. As iemand 'n CV vir 'n werksaansoek voorberei moet die fotostate van dokumente *gewaarmerk* word dat dit 'n juiste kopie van die oorspronklike is. Om iets te waarmerk is om die egtheid daarvan te bevestig, om te bevestig dat die kopie presies ooreenstem met die oorspronklike dokument. Die afskrif word as waar *gesertifiseer*. Dit is die betekenis wat na vore kom in die saak van die verseëling met die Heilige Gees. Die Heilige Gees verseël, sertifiseer, bevestig dat die kindskap van die gelowige eg, waar is. God plaas die Heilige Gees as 'n seël op die gelowige waardeur as't ware op die gelowige geskrywe is: *oorspronklik, eg, waar:* "Dis 'n uiters belangrike funksie wat die Heilige Gees hier verrig: om herhaaldelik die gelowiges in te prent dat hulle egte Christene is en nie nabootsels of mense wat nie kompleet is nie, asof daar nog iets moet bykom." (Lotter, 1993:48.)

By die wedergeboorte is die Christen volledig kind van God en is die verseëling (inprentig, sertifisering) die waarmerk dat so 'n persoon *kompleet* in Christus is en dat daar nie nog iets ontbreek nie. Lotter (1993:48-49) gebruik die metafoor van 'n baba: wanneer 'n baba gebore is, besit hy alle liggaamsdele, net soos by 'n volwasse mens, teenwoordig is al is dit nog nie ontwikkel en volgroeid nie. Niemand sal kan sê dat die baba nie volledig mens is nie, net omdat die armpies dun is of die verstandelike vermoëns nog nie ontwikkel is nie.

Verseëling is die werk van God alleen. Van die mens kan daar geen aktiwiteit in hierdie opsig uitgaan nie. Die mens is die passiewe ontvanger van die verseëling. Die mens moet God se evangelie van verseëling met die Heilige Gees ***glo***, en dit daardeur sy eie maak. Aan die verseëling as sodanig kan die mens niks doen nie.

### 6.6.5.3.3 Die betekenis van veilige bewaring

Die derde betekenis van verseël dui op *veilige bewaring* met die oog op die toekoms. Die verseëling met die Heilige Gees verdryf al die vrese vir die toekoms. Die gelowige kan hom onder alle

omstandighede veilig voel by God. Alle vrese vir die toekoms word met die verseëling met die Heilige Gees verdryf en die gelowige kan doelgerig die toekomspad stap.

- Die *bevestiging* (χρίσας) is 'n *aanvanklike saak* van bekwaammaking van die gelowiges deur God die Heilige Gees.
- *Die verseëling* (σφραγισάμενος) *is wat die Heilige Gees voortdurend doen om die gelowiges daarvan te verseker dat hulle kinders van God is.*
- Waar die *salwing* (χρίσας) 'n eenmalige *bekwaammaking* is, is die *verseëling* (σφραγισάμενος) 'n *voortgaande handeling* wat dui op die *voortdurende versterking en oortuiging* van die gelowiges dat hulle kinders van God is.

### 6.6.6 ἀρραβῶνα (akk., enkv. van ἀρραβῶν)

Die volgende begrip wat in 2 Korintiërs 1:21-22, 2 Korintiërs 5:5 en Efesiërs 1:15 aandag vra, is die begrip *onderpand* (ἀρραβῶν). In al drie hierdie teksgedeeltes staan ἀρραβῶν in die eskatologiese verwagting van die kerk, die beloofde heil, die beloofde erfenis, die verheerliking van die liggaam by die opstanding (Coetzee, 1979:5). As die Heilige Gees die ἀρραβῶν (onderpand) genoem word het dit die gedagte van *waarborg*. Die Gees as *geborgde belofte* wys wat ons in die toekoms nog meer van die Gees kan verwag. Ons hoef nie te twyfel nie, want ons sal die volle erfenis ontvang (Floor, 1979:82). Song (1998:181) wys daarop dat ἀρραβῶν "is the first down-payment by which he who makes it, assures the recipient of final payment in full". Ons sal die nuwe hemel en die nuwe aarde beërwe en ook 'n nuwe liggaam ontvang, dit is die Heilige Gees se waarborg.

Die Gees, waarmee jy verseël word, is tewens 'n onderpand, 'n waarborg. Dit dui op 'n eerste paaiement van betaling, waardeur die verkryging van die hele bedrag gewaarborg word. In Efesiërs 1:15 lees ons: *"verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die* ***onderpand*** *is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid."* Die volle erfenis sal eenmaal uitgekeer word. Maar as eerste termyn ontvang ons die gawe van die Heilige Gees. Dit dui op die voorlopige van die heil van God. Maar die woord onderpand sien veel meer op die sekere waarborg, wat ons ontvang, as eenmaal die volle bedrag, die volle erfenis uitgekeer sal word. Wie met die Heilige Gees verseël is het daarin 'n groot gawe ontvang.

Die vraag is, *wie* ontvang die verseëling met die Heilige Gees? Hiëronymus Zanchius (1516-1590) het aan die begin van die Nadere Reformasie geskryf dat dit alleen die uitverkorenes is wat verseël

word op die manier waarop daaroor in Efesiërs 1:13 gespreek word (Van't Spijker, 1990^d.:143). Die uitverkorenes is afkomstig uit die Jode en die heidene. Zanchius noem dit 'n innerlike seël, in onderskeiding van die seël, wat in die doop gegee word en wat die nie-gelowiges ook kan ontvang. Die uiterlike seël van die sakrament is te onderskei van die seël met die Gees van die belofte. Hiermee het Zanchius die sentrale gedagte van Bucer en Calvyn vasgehou en uitgewerk. Die klem val daarop dat die gelowige *in Christus* verseël word.

In 'n sekere sin, is dit alles egter slegs in beginsel[88]. Die volle erfenis is nog nie daar nie. Die heil van die Here, in al sy heerlikheid, is nog uitstaande. Ons het nog net 'n klein beginsel van die volmaaktheid. Die waarborg, dat die volle heil eenmaal in alle heerlikheid ons deel sal wees, ontvang ons deur die verseëling met die Heilige Gees, en dit mag ons tot groot vertroue stem. Die volle erfenis sal eenmaal ons deel wees. Song (1998:181) bevind dat die genitief τοῦ πνεύματος "functions in apposition: the Spirit is the deposit or down-payment. The Spirit is therefore the gift given in the heart of the believers as the deposit or down-payment. The full payment will be something extra: the life of the resurrection". In Efesiërs 1:15 is die Gees die waarborg teenoor die twyfel of ons wel ooit die erfenis van die verlossing sal ontvang (Versteeg, 1959:15).

- *Deur die Heilige Gees die ἀρραβῶν te noem lê die gedagte van waarborg. Die Gees as geborgde belofte wys wat ons in die toekoms nog meer van die Gees mag verwag. Die volle erfenis sal eenmaal uitgekeer word. Maar as eerste termyn ontvang ons die gawe van die Heilige Gees as 'n waarborg.*

### 6.6.7 Samevatting ten opsigte van 2 Korintiërs 1:21-22

Uit die voorafgaande bespreking blyk veral die volgende aspekte belanrik te wees:

- Dit is belangrik om te let op die werkwoord βεβαιῶν (bevestig) wat wys op die voortdurende sekuriteit van die gelowige se bestaan εἰς Χριστὸν. Die praesens van die partisipium βεβαιῶν dui aan dat die daad van bevestiging onveranderlik is, en die ἡμας σὺν ὑμῶν (saam met julle) gee die bevestiging dat die een wees met Christus steeds sal toeneem.
- Die werkwoord χρίσας (salwing) dui aan dat die gelowige deel het aan die koninklike voorregte as kind van God, ook in die tye wat kom. Paulus verseker die lesers dat God hulle

[88] Heidebergse Kategismus, *Vraag 114*: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam? *Antwoord:* Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid, maar tog so dat hulle met 'n emstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe.

gesalf het (χρίσας) en dat Hy hulle verseël het (ἐσφραγίσθητε) as mense wat aan Hom behoort.

- Die gedagte van σφραγισάμενος (verseëling) in vers 22 bevestig dat die gelowige figuurlik deur God gemerk is deur die Heilige Gees as eiendom van God. Die mens dra die merkteken van God se eienaarskap.

- Meer nog, die Heilige Gees as ἀρραβῶν (onderpand/waarborg), wys na die afbetaling of eerste paaiement van die beloofde verlossing wat God in die harte van sy gelowige kinders gegee het. Die Heilige Gees waarborg dat God hulle gesalf en verseël het.

## 6.7 Eksegetiese ondersoek van Efesiërs 1:3-14

### 6.7.1 Grammatikale ontleding van die perikoop

Die lofprysing (εὐλογια) vers 3-14, is één lang sin wat bestaan uit 12 verse, en dit is moeilik om "deze lofprijzing in kleinere delen te splitsen, want de lange zin is als een gouden keten waarvan de schakels onlosmakelijk aan elkaar verbonden zijn" (Floor, 1995:43). Die perikoop vertoon 'n paar opvallende kenmerke:

- Die gebruik van voorsetsels - ἐν, εἰς, κατα, πρo.

- Die plasing van die voornaamwoorde (αὐτος, ἡμεις, ὑμεις) telkens aan die einde van die vers.

- Die wisseling van die eerste en die tweede persoon meervoud.

Efesiërs 1:3-14 is 'n lofprysing van ongekende diepte en rykdom: "Op een verheven toon, wordt door Paulus bij wijze van spreken een hele dogmatiek ontvouwd." (Floor, 1995:44.) Paulus skryf oor verkiesing, versoening, verlossing, verseëling.

Mouton (1987:82) maak die volgende verdeling van die perikoop Efesiërs 1:3-14. Die gestruktureerdheid van, en die rigtingwysers in die perikoop dui op God se **handeling** of **seëninge**, **metode** en **doelwit** (Mouton, 1987:88).

| Kolon | God se **handeling** of **seëning** (in Christus) | God se **metode** (in Christus) | God se **doel** (in Christus) |
|---|---|---|---|
| 1 | Uitverkiesing | "soos Hy ons in Hom uitverkies het" (vs 4)<br>"deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus" (vs. 5) | "om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees" (vs. 4)<br>"tot lof van die heerlikheid van sy genade" (vs. 6) |
| 2 | Verlossing | "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed" (vs. 7)<br>"deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het (vs. 9) | "met die doel om alle dinge onder een hoof in Christus te verenig" (vs. 10) |
| 3 | Erflating | "in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het" (vs. 11) | "sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid" (vs. 12) |
| 4 | Verseëling | "in wie julle ... verseël is met die Heilige Gees" (vs. 13) | "tot lof van sy heerlikheid" (vs. 14) |

God se **seëninge**, metode en doelwit kan na fynere ontleding ook in terme van God se **motivering** en **tydsbepaling** uiteengesit word (Mouton, 1987:88).

| Kolon | God se **seëning** | **Motivering** | **Tydsbepaling** |
|---|---|---|---|
| 1 | Uitverkiesing | "na die welbehae van sy wil" (vs. 5) | "voor die grondlegging van die wêreld" (vs. 4) |
| 2 | Verlossing | "na die rykdom van sy genade" (vs. 7)<br>"Na sy welbehae" (vs. 9) | "om die volheid van die tye te reël" (vs. 10) |
| 3 | Erflating | "ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil" (vs. 11) | "nadat ons vantevore daartoe verordineer is (vs. 11) |
| 4 | Verseëling | "... die Heilige Gees ... wat die onderpand is van ons erfdeel" (vs. 14 – versekering) | "om sy eiendom te verlos" (vs. 14 – toekomsbepaling) |

Efesiërs 1:3-14 is as geheel 'n loflied op God se genadewerk in Jesus Christus. Die inleidende εὐλογητός (*geseënd*) is die duidelike strukturele rigtingswyser in hierdie verband (Floor, 1995:43-44). Die triniteit is hier duidelik sigbaar.

### 6.7.2 Trinitariese neerslag

In Efesiërs 1:3-14 word God Drie-enig as die Inisiatiefnemer in die gebeure wat vermeld word geopenbaar. Die oorheersende rol wat God volgens Paulus se metaforiese beskrywing speel, is dié van 'n ***genadige Vader*** wat die gelowiges seën, uitverkies, voorbeskik tot aanneming as sy kinders, hulle verlos, vergewe, die verborgenheid van sy wil aan hulle bekend maak, die volheid van die tye reël, hulle laat erf, en met die Heilige Gees verseël (Mouton, 1987:140-141). ***Jesus Christus*** speel in die gedeelte uiteraard die rol van Middelaar. Paulus gebruik die name ***Christus, Here*** en ***Verlosser*** om Jesus se bemiddelende rol en status mee te beskryf. Alles wat die Vader vooraf besluit het, word "*in Hom*" tot uitvoering gebring. Die verseëling met die Heilige Gees is altyd 'n verseëling in Christus. In Efesiërs 1:3-14 lees ons 8 keer van "in Christus", "in Hom", "in die Geliefde".

a. Vers 3 : "in Christus".
b. Vers 4 : "in Hom".
c. Vers 6 : "in die Geliefde".
d. Vers 7 : "in Hom".
e. Vers 10 : "in Christus".
f. Vers 11 : "in Hom".
g. Vers 13 : "in wie".
h. Vers 13 : "in wie".

Die verseëling word twee maal in verband met "in Hom" genoem. In vers 13 lees ons twee maal van "in wie julle":

a. "***in wie julle*** ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het" – ἐν ᾧ καὶ ὑμεῖς ἀκούσαντες τὸν λόγον τῆς ἀληθείας, τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν,
b. "***in wie julle,*** nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte" – ἐν ᾧ καὶ πιστεύσαντες ἐσφραγίσθητε τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ ὅς ἐστιν.

Sy Middelaarswerk strek tot by die uiterste grens waar Hy sy bloed gee om die mens te verlos (vs. 7): "We moeten goed tot ons laten doordringen wat dit vir ons onderwerp inhou. Het betekent, dat we over de verzegeling niet kunnen spreken los van Christus, buiten Hem" (Van't Spijker, 1989[d]:386). Die rol van die derde Persoon in die goddelike Drie-eenheid, die ***Heilige Gees***, word metafories beskryf as dié van 'n *onderpand* of *waarborg* (ἀρραβὼν). In Christus ***verseël*** God die gelowiges *met die Heilige Gees.* Die gelowiges uit die heidene is verseël met die *Heilige Gees van*

*die belofte* (ἐσφραγίσθητε τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ). Dit is die Gees wat beloof is as gawe van die eindtyd (Floor, 1965:65). Van't Spijker (1989[d]:387) maak vier gevolgtrekkings uit die gedagte van die verseëling met die Heilige Gees in Christus: (a) 'n lokale betekenis, (b) 'n juridiese betekenis, (c) 'n etiese betekenis, (d) 'n gemeentelike betekenis.

1. *'n Lokale betekenis*: Die verseëling met die Heilige Gees geskied slegs in gemeenskap met Jesus Christus. Buite Christus is daar geen sekerheid van die verlossing en die ewige lewe nie.

2. *'n Juridiese betekenis*: Die enigste eiendomsreg, wat ontwyfelbaar is is die eiendomsreg wat deur die Heilige Gees kom en wat ons dit in Christus laat verstaan.

3. *'n Etiese betekenis*: Die verseëling met die Heilige Gees is nie 'n saak van aanskouing nie maar van lewe. Dit gaan dus om die gelowige se lewe uit Christus. Daar bestaan geen Christelike etiek wat nie in gemeenskap met Christus sy bron vind nie. "sonder My kan julle niks doen nie" (Joh 15:5b).

4. *'n Gemeentelike betekenis*: Die bewussyn van kindskap, die troos in lewe en in sterwe, bestaan nét in Jesus Christus. Hy is die Hoof en die kerk (almal wat aan God behoort) is die liggaam.

"Verzegeling met de Heilige Geest is een allerindividueelst gebeuren. De Geest van Christus herstelt de persoon naar de bedoeling van haar Schepper (Van't Spijker, 1989[d]:387). Die Heilige Gees doen dit in gemeenskap met Christus, wat in die gemeente woon en werk.

- Vers 4-6 handel oor God se *verkiesende genade* en is 'n omvattende eerbetoning aan God vir al die seëninge waarmee Hy die gelowiges *in Christus* geseën het.
- Vers 7-12 handel oor God se *versoenende genade* in Jesus Christus en hierdie seën van God word verder omskryf in terme van "verlossing" na "die rykdom van genade".
- Vers 13-14 handel oor God se *verseëlende genade* deur die werk van die Heilige Gees.

Mouton (1987:83) toon aan dat die formule ἐν ᾧ (*"in wie"*) en ἐν αὐτῷ (*"in Hom"*) die vernaamse grammatikale verbinding tussen die onderskeie kola vorm. Die hoofwerkwoorde wat deur ἐν ᾧ en ἐν αὐτῷ gekoppel word is onderskeidelik εὐλογητὸς *(geseënd is)*, ἀπολύτρωσιν *(verlossing)*, ἐκληρώθημεν *(erfdeel ontvang)* en ἐσφραγίσθητε *(verseël)*, wat gesamentlik die hoofredes aandui waarvoor God geprys moet word.

### 6.7.3 Funksie van die perikoop as geheel

### 6.7.3.1 Oorsigtelik

### 6.7.3.1.1 Inligting oor wie God is

Daar word nou gekyk na die teksfunksie van die perikoop as geheel om uiteindelik die plek en betekenis te bepaal van vers 13-14 ten opsigte van die verseëling met die Heilige Gees. Die perikoop gee op 'n kompakte wyse inligting oor wie God is, en oor wat Hy "in Christus" gedoen het. Dit handel oor die uitverkiesing, aanneming as kinders, verlossing, bekendmaking van die verborgenheid, ontvangs van 'n erfdeel en verseëling met die Heilige Gees wat direk aan Christus gekoppel word (Mouton, 1987:99). Hiermee versterk God nie alleen die geloof van die Efesiërs in Christus (1:1) nie, maar hiermee wys God ook op die diepste sin van hulle bestaan. Dit raak die rykdom wat God vir sy volk berei het. In vers 3 word dit genoem "alle geestelijke seëninge in die hemele in Christus" (Van't Spijker, 1989[b]:366).

### 6.7.3.1.2 Aansporing van die gelowiges

Die perikoop dien ook as aansporing vir die gelowiges (met die doel om hulle te **oorreed**) om "tot lof van God se heerlikheid" op te tree. Daar word drie maal geskryf: εἰς ἔπαινον δόξης αὐτοῦ ("*tot lof van sy heerlikheid*" vv. 6, 12, 14). Ook die strategiese inleidingswoorde εὐλογητος ὁ Θεὸς ("*geseënd is die God*") dra hiertoe by.

### 6.7.3.2 Vers 13 en 14

Die teksverse van belang in die perikoop, Efesiërs 1:3-14, is verse 13-14:

| | |
|---|---|
| "in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid." | ἐν ᾧ καὶ ὑμεῖς ἀκούσαντες τὸν λόγον τῆς ἀληθείας, τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν, ἐν ᾧ καὶ πιστεύσαντες ἐσφραγίσθητε τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ ὅς ἐστιν ἀρραβὼν τῆς κληρονομίας ἡμῶν, εἰς ἀπολύτρωσιν τῆς περιποιήσεως, εἰς ἔπαινον τῆς δόξης αὐτοῦ. |

#### 6.7.3.2.1 Vers 13 en 14 is 'n byvoeging

Dit is nodig om daarop te let dat vers 13-14 as 'n byvoeging gelees moet word (Bhae, 2000:62). Hier skuif Paulus se aandag van *ons* (ἡμᾶς) na *julle* (ὑμεῖς). Bhae (2000:62) vervolg: "The addition is from the 'we' group which as Jewish Christians to the 'you' group which are Gentile Christians." Die geestelike seëninge van God sluit nie net die Joodse Christene in nie maar ook die Christene wat uit die heidendom tot bekering gekom het. Hierdie waarheid word bevestig deur die gebruik van die bywoord καὶ (*ook*) in vers 13. Twee gelykwaardige sinsnedes volg nou: τὸν λόγον τῆς ἀληθείας (*die woord van die waarheid*) en τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν (*die evangelie van julle redding*). Die boodskap van dié twee sinsnedes is "that the true word is the gospel which saves you" (Bhae, 2000:63). Die eerste deel van vers 13 sê dat hulle die evangelie *gehoor het* (ἀκούσαντες) en die tweede deel van die vers bevestig dat hulle die evangelie *geglo het* (πιστεύσαντες). Die logiese gevolg in die derde deel van die vers is dat hulle *verseël is met die Heilige Gees van die belofte* (ἐσφραγίσθητε τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ). Hier is dus drie handelinge:

a. *Gehoor het* (ἀκούσαντες) vers 13a.
b. *Geglo het* (πιστεύσαντες) vers 13b.
c. *Verseël is* (ἐσφραγίσθητε) vers 13c.

- Dan word die posisie van die Heilige Gees nader aangedui: *"die Heilige Gees van die **belofte*** (τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας), *wat die **onderpand** is van ons erfdeel"* (ὅς ἐστιν ἀρραβὼν τῆς κληρονομίας ἡμῶν), vers 13d-14a.
- Dan volg die doel wat God Hom voorstel: *"om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid"* (εἰς ἀπολύτρωσιν τῆς περιποιήσεως εἰς ἔπαινον τῆς δόξης αὐτοῦ), vers 14b.

#### 6.7.3.2.2 God se eienaarskap

Wanneer Paulus in vers 13 van ἐσφραγίσθητε (verseël) skryf, wend hy 'n bekende antieke gebruik metafories aan om God se ***eienaarskap*** ten opsigte van sy kinders te bekragtig en die versekering van sy liefde en versorging vir hulle te waarborg (Mouton, 1987:139). 'n Gesaghebbende persoon het naamlik sy merk (seël) op alle dokumente wat hy versend het, aangebring. Sodoende het hy die egtheid daarvan verseker. Die *verseëling* kon ook dien as beskerming teen enige beskadiging of vervalsing van 'n dokument (Rienecker, 1976:522). Uit die konteks van 1:3-14 blyk dit dat die Heilige Gees God se teken aan die gelowiges is, waarmee Hy hulle as sy ware eiendom gemerk het: "The Spirit of God's Son, who is also the Spirit of adoption, not only testifies with Christians' spirits

that they are children of God but also, as the guaranteeing pledge (ἀρραβῶν) of their inheritance (note here the legal sonship terminology), seals them as God's own possession to the day of eschatological redemption (Eph 4:30; 2 Cor 5:5)." (Reymond, 1998:762.)

#### 6.7.3.3 Christus as verhoogde Κύριος

Christus is verhoog in die hemel en van daar oefen Hy as die verhoogde Κύριος met sy gemeente gemeenskap deur die Heilige Gees. Deur die gawe van die Heilige Gees ontvang die gemeente deel aan die heerlikheid van die verhoogde Heiland en Verlosser. Die Gees van die verhoogde Jesus Christus is derhalwe die Inougurator en ook die Gawe van die eindtyd (Floor, 1979:55). Die apostel toon die verbinding aan tussen die verseëling nou, en die dag van die verlossing straks. Dit is die verkryging van die verlossing soos Paulus dit aantoon in Efesiërs 1:7: "in Hom (Christus) het ons die verlossing." Maar die manier waarop ons dit het is deur die hoop. Wat ons in Christus het, besit ons deur die Heilige Gees. Die verseëling met die Heilige Gees is 'n ontwyfelbare teken en seël dat dié dag eenmaal sal aanbreek. Dan sal in vervulling gaan dat die uitverkorenes gekroon sal word met heerlikheid en eer.

#### 6.7.3.4 Absolute sekerheid en betroubaarheid

##### 6.7.3.4.1 Die Heilige Gees 'n ἀρραβῶν (vgl. punt 6.6.6)

Ten nouste verbonde met die woord ἐσφραγίσθητε (verseël) is die beskrywing van die Heilige Gees as die ἀρραβὼν τῆς κληρονομίας ἡμῶν (*die onderpand van ons erfdeel*) (vs. 14). Met die keuse van die begrip ἀρραβὼν wil Paulus nogeens die absolute sekerheid en betroubaarheid van God se heilswerk in Christus kommunikeer (Mouton, 1987:139). In die antieke handelstransaksies is die term ἀρραβὼν gebruik vir 'n deposito of eerste paaiement wat vooruit betaal moes word om óf 'n kontrak geldig te maak, óf die koper se wettige aanspraak op die betrokke artikel te waarborg (Stott, 1979:49).

##### 6.7.3.4.2 Die Heilige Gees is 'n waarborg

Paulus beskryf die Gees hier ***metafories*** as 'n "deposito of eerste paaiement" wat nie alleen vir die lesers as voorsmaak van die komende heerlikheid moes dien nie, maar ook as ***waarborg*** moes dien dat hulle ***reeds*** die volkome heil van God in Christus deelagtig geword het. Terselfdertyd is dit 'n

waarborg dat God ook die uitstaande deel in die toekoms aan hulle sou "uitbetaal". Met verwysing na Romeine 8:14-17 en 30-39 waar dit ook om die belofte van ewige erfgenaamskap gaan, toon Coetzee (1984:338) die belangrike verband aan tussen die inhoud van die erfenis en die hele gedagte van die heerlikheid/verheerliking δόξα/δόξαζῶ van God. In Efesiërs 1:3-12 wys die apostel op die versekering wat God aan die gelowiges gee. Hulle leer hoop in Christus, maar God gee aan hulle die waarmerk as aangewesenes vir die hereniging van alle dinge in Christus en om hulle so te verseker van die toekoms (Ef. 1:3-14).

### 6.7.3.5 In Christus verseël

Die vraag is waarmee moet die formulering ἐν ᾧ (*in wie*) waarmee vers 13 begin, verbind word: met die werkwoord πιστεύσαντες (*glo*) of met die hoofwerkwoord ἐσφραγίθητε (*verseël*)? "Het ligt het meest voor de hand in aan te nemen dat Paulus wil zeggen dat de lezers 'in Christus' verzegeld (ἐσφραγίθητε) zijn met de Geest der belofte (τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ)" (Floor, 1995:65.)

## 6.8 Die tydstip van die verseëling (σφραγισάμενος)

Verseëling is die taak van die Drie-enige God wat deur sy Heilige Gees in die gelowiges werk en hulle alles gee en lei in wat nodig is om hulle kindskap van God reg te verstaan en uit te leef (Lotter, 1993:50). Die belangrike vraag is: *wanneer* vind die verseëling plaas? Op watter tydstip word die verseëling met die Heilige Gees 'n werklikheid? Een groep vertalings (Efesiërs 1:13-14) dui 'n sekere tyd aan met die bepaling "nadat"; ander het dit bloot vertaal met "toe".

### 6.8.1 Vertaling

Hieronder volg etlike voorbeelde van die verskillende vertalingsmoontlikhede van die betrokke gedeeltes in Efesiërs 1:13-14:

- **1933 Afrikaanse vertaling**

"in wie julle ook, ***nadat julle*** die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, ***gehoor het***, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte."

- **1983 Afrikaanse vertaling**

"Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God ***toe julle*** die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, ***gehoor*** en tot die geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël."

- **De Statenvertaling**

"In welke gij ook zijt, ***nadat gij*** het woord der waarheid, namelijk het evangelie uwer zaligheid ***gehoord hebt***; in welken gij ook, nadat gij geloofs hebt, zijt verzegeld geworden het die Heilige Geest der belofte."

- **1951 Nederlandse vertaling**

"In Hem zijt ook gij, ***nadat gij*** het woord der waarheid, het evangelie uwer behoudenis, ***hebt gehoord***; in Hem zijt gij, toen gij geloven werdt, ook verzegeld met den Heiligen Geest der belofte."

- **1977 Jay E. Adams vertaling**

"In Him you too, ***by hearing*** the Word of truth – the good news of your salvation – when you also believed in Him, were sealed by the promised Holy Spirit."

- **1971 The Living Bible vertaling**

"And because of what Christ did, all you others too, ***who heard*** the Good News about how to be saved, and trusted Christ, were marked as belonging to Christ by the Holy Spirit, who long ago had been promised to all of us Christians."

- **1963 Duitse vertaling**

"In ihm seid auch ihr, die ***ihr gehört habt*** das Wort der Wahrheit, nämlich das Evangelium von eurer Seligkeit – in ihm seid auch ihr, da ihr gläubig wurdet, versiegelt worden mit dem deiligen Geist."

- **1991 The Youth Bible**

"So it is with you. ***When you heard*** the true teaching – the Good News about your salvation – you believed in Christ. And in Christ, God put his special mark of ownership on you by giving you the Holy Spirit."

- **Die Vulgata**

"In quo et vos, ***cum audissetis*** verbum veritatis, (Evangelium salutis vestrae) in quo et credentes signati estis Spiritu promissionis sancto, qui est pignus hereditatis nostrae , in redemptionem acquisitionis, in laudem gloriae ipsius."

### 6.8.2 Die keuse by die vertaling

Die gelowiges is met die Gees verseël in Christus. Uit die Grieks mag dit lyk asof Paulus die geloof net maar terloops ter sprake bring: "In wie julle, *nadat julle ook geglo het* (ἐν ᾧ καὶ πιστεύσαντες), verseël is met die Heilige Gees van die belofte" (vs 13). Die hoofwerkwoord is **verseël** (ἐσφραγίσθητε). *Gelowig word* (πιστεύσαντες - nom. mv. ml. part. Aor.) word in die vorm van 'n deelwoord (partisipium) weergegee in die aoristus. Die nadruk val dus op die *verseëling* (ἐσφραγίσθητε) met die *Gees van die belofte* (τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ). Paulus wil aan die lesers goed verduidelik dat die ***verseëling*** nie losstaan van die ***geloof*** nie, maar juis onlosmaaklik daarmee verbind is.

'n Keuse sal gemaak moet word ten opsigte van die vertaling van Efesiërs 1:12-13. Grammatikale oorweging sal 'n groot rol speel. Die 1933 Afrikaanse vertaling lees: "in wie julle ook, ***nadat julle*** die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, ***gehoor het***, in wie julle, **nadat julle** ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte." De Statenvertaling lees: "In welke gij ook zijt, ***nadat gij*** het." Die 1951 Nederlandse vertaling lui ook: "In Hem zijt ook gij, ***nadat gij*** het woord der waarheid." In die Vulgata is vertaal: "In quo et vos, ***cum audissetis*** verbum veritatis" waar *cum* vertaal kan word met "toe" of "nadat". Die ander vertalings lees anders en het nie die tydsbepaling "*nadat*" nie.

### 6.8.3 Jesus Christus is eerste verseël

Dit is baie moeilik om uit die verskillende vertalings die presiese orde van gebeure voor te stel; die een lyk duidelik (1933 Afrikaanse vertaling) en die ander weer onduidelik (1983 Afrikaanse vertaling). Daar moet in gedagte gehou word dat in die Johannesevangelie die verseëling in die eerste plek betrekking het op Christus (Joh 6:27 – "Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; *want Hom het God, die Vader verseël*" – τοῦτον γὰρ πατὴρ ἐσφράγισεν ὁ Θεος. Die gebruik van die aoristus

(ἐσφράγισεν) in Johannes 6:27 vra dat die leser meer in die besonderhede daarna sal kyk. Burge (1987:85) bevind soos volg: "The incarnation, the image of the Father, and the seal placed on the sacrificial victims have all been suggested. But the best interpretation recalls the baptism/anointing of Jesus recorded in 1:32-33. Here the Baptist took this event as God's indelible messianic mark on, Jesus. The spirit was Jesus'."

## 6.8.4 Die plek van God se Woord in die verseëling

Tog moet ons sê dat "nadat julle die woord van die waarheid gehoor het" (ἀκούσαντες τὸν λόγον τῆς ἀληθείας) en "nadat julle ook geglo het" (ἐν ᾧ καὶ πιστεύσαντες), ooreenkom met die "toe die waarheid wat aan julle verkondig is" en "en tot geloof gekom het". Die vertalers van die State Bijbel maak 'n opmerking in die kantlyn dat die verseëling met die Heilige Gees geskied deur die geloof en op die geloof. Daarmee word afgelei dat die verseëling met die Heilige Gees vir die Efesiërs 'n werklikheid geword het, toe hulle tot geloof gekom het, op die geloof, of deur die geloof is hulle met die Heilige Gees verseël. Daar word verwys na Galasiërs 3:2 – "Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?" Dit is deur die prediking van die geloof dat die Heilige Gees kragte werk. Die werke van die wet maak die Gees dood. Dit bring geen seën nie maar vloek. Paulus bedoel dit, soos wat die leser begryp, in die spesiale situasie van die Galasiërs. Hulle het van die spoor van die geloof afgewyk. Paulus herinner hulle nou aan hulle eie verlede: hulle het nie deur die werke van die wet die Gees ontvang nie, maar deur die prediking van die geloof. Eintlik sê Paulus in Efesiërs 1:13 presies dieselfde. Die Efesiërs het die verseëling met die Heilige Gees ontvang deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het. Toe het God sy seël op hulle gesit. Dit was die wonder van die Gees. Deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het, die oomblik toe hulle begin glo word hulle verseël met die Heilige Gees. Dit gaan hier oor die gehoorde woord (prediking en kategese). Aan die "nadat *julle ook geglo het*" (πιστεύσαντες), word 'n tydsbepaling gekoppel. Dit kan ook opgeneem word "als het verwijzen naar een oorzakelijk verband. De horen van het Woord is noodzakelijk, om verzegeld te worden met de Geest" (Van't Spijker, 1989[e]:397). Van't Spijker vervolg: "het werk van de Geest, dat ons aan Christus verbindt, geschiedt niet eerder, dan wanneer wij het Woord gehoord hebben." In hierdie reaksie is geen toevallige sameloop van omstandighede nie. Ons hoor die Woord en dan word ons verseël as geloof in die hart gewerk word.

## 6.8.5 Die betekenis van die aoristus

Dit is belangrik om te weet dat daar 'n *oorsaaklike verband* is, dat die gepredikte, die-tot-klank-gekome-Woord van God wat ons *hoor*, as 'n ***medium dien om aan ons die verseëling met die Heilige Gees te skenk.*** Ons het die Woord nodig om die Heilige Gees te verstaan. Die Woord is die middel waardeur die Heilige Gees werk. Daarom praat ons altyd van die Gees en Woord. Die Woord word ingeskakel in die saak van die verseëling met die Heilige Gees: "Note too that this sealing is represented by the aorist tense as an accomplished fact, suggesting that as the Spirit is the witness that the Christian is a child of God and as such an heir of God (Rom. 8:16-17), so the indwelling Spirit of adoption, given in conjunction with God's constituting act of adoption, becomes also at the same time the 'guaranteeing pledge' of the believer's full inheritance and the 'mark' or 'seal' that the believer belongs to God's houshold to the final day of redemption (see Eph. 4:30; 2 Cor. 5:5)." (Reymond, 1998:763.)

'n Belangrike vraag is wat die tydsaanduiding aoristus (*"nadat julle geglo het"* – πιστεύσαντες) beteken? Daar is drie moontlikhede:

a. Die eerste moontlikheid is dat ons te doen het met 'n ***antesedente deelwoord*** waarmee temporele, tydelike opeenvolging uitgedruk word. Die betreklike voornaamwoord *"julle"* (ὑμῶν) het betrekking op die antesedente deelwoord (πιστεύσαντες): "nadat *julle ook geglo het"*. Die volgorde is dus eers kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en dán die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν).
b. Die tweede moontlikheid is dat ons te maak het met 'n ***subsekwente deelwoord*** wat in 'n groot mate ooreenstem met wat gevind word in die antesedente deelwoord, maar tog is daar 'n verskil. Hier word daarop gedui dat die opeenvolging nie onmiddellik is nie maar *'n tyd later.* Die kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν) vind subsekwent plaas, eers die geloof en dan, nie onmiddellik daarna nie, ook nie koïnsident, gelyktydig daarmee nie, maar op 'n latere stadium, die verseëling met die Heilige Gees.
c. Die derde moontlikheid is dat ons te maak het met 'n ***koïnsidente deelwoord*** waarmee gelyktydigheid of ooreenstemming van gebeure aangegee word. Die kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν) vind koïnsident, gelyktydig plaas.

Daar word grootliks hieroor verskil. Anglada (1987:49) kies vir die antesedente opvatting. Maar sy keuse is medebepaal deur sy vooringenome standpunt dat die verseëling per se as 'n *tweede,*

*volgende daad* van God beskou moet word. Hier moet in gedagte gehou word dat in die Grieks die tyd van 'n deelwoord sterk relatief is. Die aoristus gee net die handeling aan nie die tydsrelasie nie. Dikwels word die aoristus gebruik waar gelyktydigheid bedoel is (vgl. Matt. 22:1; Hand. 11:1; Hebr. 9:12). Uiteindelik sal uit die konteks afgelei moet word wat die tydsfaktor is. Efesiërs 1:13 maak duidelik dat die aksies wat deur beide werkwoorde *glo* (πιστεύσαντες) en *verseël* (ἐσφραγίσθητε) aangedui word, baie nou met mekaar in verband staan. As Paulus die aksent wou lê op die ***geskei wees*** van die aksies, sou hy daarop meer nadruk gelê het in die Grieks. Nou doen hy niks meer as om net die aksies van mekaar te ***onderskei*** nie; "daardoor geeft hij aan dat de verzegeling met de Geest het geloof vooronderstelt" (Floor, 1995:67). Op grond van die grammatikale oorweging kies Floor (1995:68) vir die vertaling van Greijdanus: *"in Wien ook gij gelovig geworden zijnde verzegeld zijt met den H. Geest der belofte"*. Die seël is die Heilige Gees, en die seël word nie ontvang waar geen geloof is nie.

### 6.8.6 Die verhouding tussen geloof en verseëling

Ons moet 'n onmiddellike relasie lê tussen geloof en verseëling. As jy die vertaling "nadat julle geglo het" wil handhaaf, kan jy nie die sinsnede opneem in sy **temporele betekenis** nie. Hiermee word die moontlikheid verwerp dat die *subsekwente* verklaring van die *aoristus partisipium* as korrek aanvaar word en die *antesedente* nie as waar aanvaar word nie. Die *subsekwente* verklaring sou beteken dat die verseëling met die Heilige Gees plaasvind eers nadat die mense tot geloof gekom het, moontlik 'n geruime tyd daarna. Saam met Floor (1979:84) word aanvaar dat die aoristus partisipium 'n ***koïnsidente partisipium*** is. Daar moet in gedagte gehou word dat die tydsvorm van 'n partisipium baie relatief is: "Hoewel 'n antesedente aksie in verhouding tot die hoofwerkwoord in die algemeen deur 'n aoristus of 'n perfektum tot uitdrukking gebring word, die aoristus oor die algemeen gelyktydigheid uitdruk." (Floor, 1979:84.) Die betreklike voornaamwoord *"julle"* (ὑμῶν) het betrekking op die antesedente deelwoord (πιστεύσαντες): "nadat *julle ook geglo het"*. Die twee werkwoorde wat betrekking het op die *"julle"* (ὑμῶν), *glo* (πιστεύσαντες) en *verseël* (ἐσφραγίσθητε) moet beskou word as die twee kante van een en dieselfde saak. Die volgorde is: eers kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en dan die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν). Die verseëling met die Heilige Gees verskil in wese nie van die doop met die Heilige Gees of die wedergeboorte nie. Deur die doop met die Heilige Gees of die wedergeboorte as 'n verseëling met die Heilige Gees aan te dui, word net 'n bepaalde aspek van die werk van die Heilige Gees in die gelowige tot uitdrukking gebring, naamlik die *waarborgaspek* en

die *aspek van veilige bestemming* (Floor, 1979:84). Op dié wyse word die hele gedagte van eiendomsreg beklemtoon.

In Efesiërs 1:13 word onmiskenbaar 'n verhouding gelê tussen geloof en die verseëling met die Heilige Gees. Die vraag is *op watter manier ons oor hierdie relasie nadink.* Om dit te beantwoord moet die teks self eers ondersoek word.

### 6.8.7 Geloof in oorsaaklike betekenis

Efesiërs 1:13 – "-in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte." (ἐν ᾧ καὶ ὑμεῖς ἀκούσαντες τὸν λόγον τῆς ἀληθείας, τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν, ἐν ᾧ καὶ πιστεύσαντες ἐσφραγίσθητε τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ ὅς ἐστιν ἀρραβὼν τῆς κληρονομίας ἡμῶν, εἰς ἀπολύτρωσιν τῆς περιποιήσεως, εἰς ἔπαινον τῆς δόξης αὐτοῦ.)

#### 6.8.7.1 Die verseëling met die Heilige Gees is nie 'n "second blessing" nie

Die sinsnede, "nadat *julle ook geglo het"* (πιστεύσαντες) moet verstaan word in **oorsaaklike betekenis.** Die geloof is die middel, waardeur ons die eiendomstempel van die Heilige Gees ontvang, want deur die geloof is ons in Jesus Christus ingelyf. 'n Mens kan wel die gevolgtrekking maak dat dit 'n opvatting in die sin van die moderne charismatiese bewegings s'n uitsluit. In die kontrovers tusen die Gereformeerde teologie en die Pinksterbewegings het dit in die besonder gegaan oor die vraag of die verseëling met die Heilige Gees saamgaan met die geloof of op die geloof volg. Die kernvraag is of die verseëling met die Heilige Gees 'n tweede en nuwe daad van die Here in ons lewe is, en of dit saamval met die wedergeboorte en die geloof. Eksegete in die Pinkstergroepe lê nadruk op die feit dat in Efesiërs 1:13 die werkwoord glo (πιστεύσαντες) in 'n aoristus partisipium vorm gebruik word. Hulle vertaal ook: "nadat julle tot geloof gekom het", maar beklemtoon dat die verseëling met die Heilige Gees 'n gebeurtenis is wat plaasvind een of ander tyd *na die geloof.* Daar is dus twee fases in die geestelike lewe volgens die Pinkster-eksegete: *eers* die geloof en *daarna* (een of ander tyd) die verseëling met die Heilige Gees. Die verseëling met die Heilige Gees is dan 'n tweede werk van God ("second blessing") in dieselfde gelowige.

Wagenaar (2004:482) skryf: "Ik kom nogal eens de gedachte tegen van een 'second blessing' (tweede zegen) als een soort acte van de Geest na onze bekering. Kennelijk geeft de Heilige Geest

nog een soort tweede bekering, gepaard gaande met nieuwe toewijding intense vreugde en tongentaal. Maar in die eerste bekering neemt Christus toch alles mee." Daar is geen doop of vervulling met die Heilige Gees as 'n aparte gebeure na die bekering nie. Die gelowige het nie 'n "second blessing" nodig nie; ook nie 'n spesiale doop met die Gees of 'n oordoop nie. Wagenaar (2004:482) wys die regte pad aan: "Wij moeten dan terug naar de rijkdom van Christus. We moeten terug naar een nieuwe toewijding aan Christus. In diepe verootmoediging alle schatten en gaven in Hem ontdekken en dan er ook uit leven. De bijbel spreekt over groei en toename in fijngevoeligheid, vervulling van die vrucht der gerechtigheid, welke dood Jezus Christus is (Fil. 1:9-11)."

### 6.8.7.2 God merk sy eiendom

Die teks leer nie dat daar gewone gelowiges was, en daarnaas is daar dié mense wat 'n besondere ervaring gehad het nadat hulle tot die geloof gekom het nie; naamlik dat hulle met die Heilige Gees verseël is terwyl die ander gelowiges nog nie verseël is nie. Die verseëling met die Heilige Gees geskied deur die geloof. Die geloof is uit die gehoor van die woord van die waarheid, die evangelie van ons behoud (Rom. 10:17). En waar die geloof kom, daar sit God die seël van die Gees in die hart. So merk Hy self sy eiendomsbewys. Die geloof lei tot die verseëling met die Heilige Gees. Van't Spijker (1989[a]:360) skryf: "Het (verseëling) is niet maar een tweede daad, een bijkomende acte van de Geest, die Hij aan ons doet door ons te verzegelen. Maar het is juist datgene waarin zijn arbeid aan ons het best getypeerd kan worden." Dit beteken volgens Lotter (1993:51) dat verseëling "nie 'n *ekstra* is na die geloof nie, maar dat dié twee, geloof en verseëling saamval. Daar is derhalwe geen sprake van 'n 'second blessing' nie." Reymond (1998:763) beklemtoon ook dat "the Spirit's sealing, as which justification, definitive sanctification, and adoption, follows the Christian's believing as one of the consequences of saving faith". Onder die "second blessing" word dieselfde verstaan as die doop met die Heilige Gees. Andrew Murray het onder die "second blessing" iets verstaan wat na die bekering plaasvind en die oorgang aandui na 'n hoër stadium van die Christelike lewe. Dit gebeur by wyse van 'n krisis, alhoewel die oorgang in sommige gevalle ook by wyse van geleidelike groei en verligting geskied (Coetzee, 1986:182). Van't Spijker (1989[a]:360) merk in hierdie verband op: "Het is niet maar een tweede daad, een bijkomende acte van de Geest, die Hij aan ons doet door ons te verzegelen. Maar het is juist datgene waarin zijn arbeid aan ons het best getypeerd kan worden."

### 6.8.7.3 "Nadat" in oorsaaklike sin

In Efesiërs 1:13 maak God bekend dat die verseëling met die Heilige Gees in die Efesiërs plaasgevind het, toe hulle tot geloof gekom het, en op die geloof, of liewer *deur die geloof* het dit plaasgevind. Toe het die Here sy seël op hulle afgedruk. Daar is 'n onmiskenbare, onverbreeklike verband tussen geloof en verseëling. Vir hierdie studie word die vertaling "nadat" gekies, nie in *temporele, tydelike* sin nie, naamlik: eers "**nadat**" die mens tot geloof gekom het, moontlik 'n geruime tyd daarna, is daar sprake van die verseëling met die Heilige Gees nie. Die "**nadat**" word in *oorsaaklike* sin verstaan (Van't Spijker, 1989[f]:403). Die geloof is die middel waardeur die gelowige die eiendomstempel van die Heilige Gees ontvang. Die verseëling met die Heilige Gees geskied *deur die geloof.* "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." (Rom. 10:17.) Waar die geloof kom, sit God sy seël van die Heilige Gees in die hart; daar plaas Hyself sy *eiendomsbewys*. Efesiërs 1:13 leer dat die *geloof* direk lei tot die *verseëling met die Heilige Gees.*

### 6.8.7.4 Die omgekeerde is ook waar

Ook die omgekeerde is waar. Net die Heilige Gees alleen leer ons om te glo. Die geloof is 'n gawe van die Heilige Gees (Rom. 10:13-17; Heidelbergse Kategismus Sondag 7). Ons ontvang die Heilige Gees, dit wil sê die lewe van God, nie uit die werke van die wet nie maar uit die prediking van die geloof (Ef. 2:8). En deur die geloof word jy verseël met die Heilige Gees. ***Die seël is die Heilige Gees en hierdie seël word nie ontvang waar geloof nie alreeds is nie.*** As daar nie geloof is nie, word die Heilige Gees ook nie as seël ontvang nie.

Later in Efesiërs 4:30 noem Paulus nogmaals die verseëling met die Heilige Gees: *"En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."* Uit die diverse plekke in die brief blyk verder dat die apostel daarby dink aan wat die gemeente wat tot die geloof kom, van God ontvang het. Die volgende onderwerpe is ter sprake:

a. Die gelowige gebedstoegang tot die Vader (2:18).
b. Saamgevoeg word tot een woonplek van God (2:22), in eenheid van die Heilige Gees (4:3), ondersteun deur apostels, profete, herders en leraars (4:11 v.v.).
c. Die openbaring aan apostels en profete oor die mede-erfgenaam-wees van die heidene (3:5-6).
d. Die versterking van die inwendige mens met as gevolg toenemende kennis van die liefde van Christus (3:16; 4:23).
e. Die onderlinge spreke met psalms, lofsange en geestelike liedere (5:18-20).
f. Die saambid vir alle heiliges (6:18).

Blykbaar dink Paulus nie uitsluitlik aan die individuele verseëling met die Heilige Gees nie, soos daar later in die teologie gedink is nie. Hy dink aan die vele gawes wat in die Christelike gemeente gevind is nadat 'n persoon tot geloof gekom het. In ander briewe noem hy ook die verskillende gawes wat die mens ontvang het. Die realiteit van die lewende gemeente is 'n seël vir die gelowige. Dit is aan die Gees van Christus te danke dat die geestelike lewe in allerlei vorme bestaan.

### 6.8.8 Die doel van die werk van die Heilige Gees

Wat is die doel van die werk van die Heilige Gees wat as verseëling omskryf word? Die werk van die Heilige Gees beoog om sekerheid te bring in die gemeente en in die harte van mense. Die Woord van God, wat die woord van die waarheid is (τὸν λόγον τῆς ἀληθείας), die evangelie van verlossing (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν), is in sigself vas en seker. Verseëling is dat die Heilige Gees in die gemeente en as elke gelowige bevestig wat van God se kant reeds onwankelbaar vas is. Sommige mense meen dat die verseëling met die Heilige Gees die eintlike gebeure in die heil is. Hulle sê dán *eers* word die saligheid ervaar. Die uitgangspunt is dat wat in die stille ewigheid gebeur in God se *verkiesing* is onbereikbaar en oneindig ver buite die mens se belewingswêreld. Wat ook eenmaal aan die kruis op Golgota gebeur het ten opsigte van die *verlossing* lê eeue der eeue agter die gelowiges. Die werk van die Heilige Gees word egter deur die mens self nou ervaar (Van't Spijker, 1989[b]:386). Die werking van die Heilige Gees vind plaas in die belewingswêreld van die gelowiges.

### 6.8.9 Verseëling met die Heilige Gees en die doop

Vir baie eksegete staan dit vas dat Paulus met die verseëling deur die Heilige Gees die doop bedoel, soos dit spoedig in die Christelike Kerk "expliciet als zegel werd gequalificeerd" (Ridderbos, 1966:445). Hulle redeneer dat die dopeling deur die doop as eiendom van Christus *gestempel* is en onder sý beskerming lewe. Die verseëling met die Heilige Gees (as eiendoms- en beskermingsteken) sou "met de, door de doop verleende gave van de Geest samenvallen" (Ridderbos, 1966:445). Die doop sou deur die kwalifikasie "verseëling" as eskatologiese handeling verstaan moet word, waarin die dopeling oorgaan om die eiendom van die Drie-enige God te wees, in wie se Naam die doopshandeling plaasvind. "Door het geven van de Geest als onderpand zou de aldus verstane rechtshandeling voltooid zijn" (Ridderbos, 1966:446). Ook die uitdrukking "en ons gesalf het" sou op die doop betrekking hê. Baie teoloë is huiwerig om die verseëling met die Heilige Gees en die doop met mekaar te vereenselwig. "Het uitgangspunt van de term "verzegeling" ligt dus niet in de

sacramentele toeëgening of afstempeling van Christuswege, maar in het bewijs, dat de gaven van die Geest zelf oplevert in degene, die haar ontvangt" (Ridderbos, 1966:446).

## 6.9 Gevolgtrekking

Die hoofargumente en belangrikste bevindinge van hierdie hoofstuk is soos volg:

- Die gedagte van σφραγισάμενος (*verseëling*) in 2 Korintiërs 1:22 bevestig dat die gelowige figuurlik deur God gemerk is deur die Heilige Gees as eiendom van God. Die werkwoord βεβαιῶν toon aan dat die gelowige voortdurende sekuriteit het εἰς Χριστὸν. Die praesens van die partisipium βεβαιῶν wys dat die daad van bevestiging onveranderlik is, en die ἡμας σὺν ὑμῶν gee die bevestiging dat die een wees met Christus steeds sal toeneem.
- Die werkwoord χρίσας dui aan dat die gelowige deel het aan die koninklike voorregte as kind van God, ook in die tye wat kom. Paulus verseker die lesers dat God hulle gesalf het (χρίσας) en dat Hy hulle verseël het (ἐσφραγίσθητε) as mense wat aan Hom behoort.
- Die Heilige Gees as ἀρραβῶν (*onderpand/waarborg*), wys na die afbetaling of eerste paaiement van die beloofde verlossing wat God in die harte van sy gelowige kinders gegee het. Die Heilige Gees waarborg dat God hulle gesalf en verseël het.
- Die hoofwerkwoord in Efesiërs 1:13-14 is **verseël** (ἐσφραγίσθητε). *Gelowig word* (πιστεύσαντες) word dus in die vorm van 'n deelwoord (partisipium) weergegee in die aoristus. Die nadruk val dus op die *verseëling* (ἐσφραγίσθητε) met die *Gees van die belofte* (τῷ πνεύματι τῆς ἐπαγγελίας τῷ ἁγίῳ). Paulus wil aan die lesers goed verduidelik dat die ***verseëling*** nie losstaan van die ***geloof*** nie, maar juis onlosmaaklik daarmee verbind is.
- Daarmee maak ons die afleiding dat die verseëling met die Heilige Gees vir die Efesiërs 'n werklikheid geword het, toe hulle tot geloof gekom het, op die geloof, of deur die geloof is hulle met die Heilige Gees verseël.
- Die Efesiërs het die verseëling met die Heilige Gees ontvang deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het. Toe het God sy seël op hulle gesit. Dit was die wonder van die Gees. Deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het, die oomblik toe hulle begin glo word hulle verseël met die Heilige Gees. In hierdie opsig is daar 'n *oorsaaklike verband*, dat die gepredikte, die-tot-klank-gekome-Woord van God wat ons *hoor*, as 'n ***medium dien om aan ons die verseëling met die Heilige Gees te skenk***.
- In die tydsaanduiding (aoristus): *"nadat julle geglo het"* (πιστεύσαντες) het ons te maak het met 'n ***koïnsidente deelwoord*** waarmee gelyktydigheid of ooreenstemming van gebeure aangegee word. Die kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en die verseëling met die Heilige

Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν) vind koïnsident, gelyktydig plaas.

- Efesiërs 1:13 maak duidelik dat die aksies wat deur beide werkwoorde *glo* (πιστεύσαντες) en *verseël* (ἐσφραγίσθητε) aangedui word, baie nou met mekaar in verband staan. Ons moet 'n onmiddellike relasie lê tussen geloof en verseëling.
- Daar word aanvaar dat die aoristus partisipium 'n ***koïnsidente partisipium*** is. *Glo* (πιστεύσαντες) en *verseël* (ἐσφραγίσθητε) moet beskou word as die twee kante van een en dieselfde saak. Die volgorde is: eers kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en dan die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν).
- Dit beteken dat verseëling nie 'n *ekstra* is na die geloof nie, maar dat dié twee, geloof en verseëling saamval. Daar is 'n onverbreeklike verband tussen geloof en verseëling. Vir hierdie studie word die vertaling "nadat" gekies maar nie in *temporele, tydelike* sin nie, naamlik: eers "**nadat**" die mens tot geloof gekom het, moontlik 'n geruime tyd daarna is daar sprake van die verseëling met die Heilige Gees nie. Die "**nadat**" word in *oorsaaklike* sin verstaan.
- Waar die geloof kom, daar sit God sy seël van die Heilige Gees in die hart. Daar plaas Hyself sy *eiendomsbewys*. Efesiërs 1:13 leer dat die *geloof* direk lei tot die *verseëling met die Heilige Gees.* Verseëling is dat die Heilige Gees in die gemeente en as elke gelowige bevestig wat van God se kant reeds onwankelbaar vas is.

Vervolgens verskuif die fokus in die volgende hoofstuk na die kwessie van heilsekerheid.

HOOFSTUK 7

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID

HOOFSTUK 7

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HEILSEKERHEID**


| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Probleemstelling | 262 |
| 7.2 | Die doel van hoofstuk 7 | 262 |
| 7.2.1 | Hoofstuk 4, 5 en 6: 'n terugskouing | 262 |
| 7.2.2 | Hoofstuk 7: 'n vooruitskouing | 263 |
| 7.3 | Bybelse gegewens | 263 |
| 7.3.1 | Sekerheid | 263 |
| 7.3.2 | Heil | 264 |
| 7.4 | Uitgangpunt | 264 |
| 7.5 | Aktualiteit | 265 |
| 7.6 | Sekerheid in die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis | 266 |
| 7.6.1 | Sekerheid in die Heidelbergse Kategismus (1563) | 266 |
| 7.6.2 | Sekerheid in die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) | 266 |
| 7.7 | Geloofsekerheid teenoor heilsekerheid | 267 |
| 7.7.1 | Verhouding tussen geloofsekerheid en heilsekerheid | 267 |
| 7.7.1.1 | Geloofsekerheid en heilsekerheid verskil van mekaar | 267 |
| 7.7.1.2 | Geloofsekerheid en heilsekerheid is identies | 268 |
| 7.7.1.3 | Geloofsekerheid impliseer heilsekerheid | 268 |
| 7.7.2 | Die geloof as sekerheid | 269 |
| 7.7.2.1 | Definisie van geloofsekerheid | 269 |
| 7.7.2.2 | Geloofsekerheid en geloofsinhoud | 270 |
| 7.7.2.3 | Geloofsekerheid het 'n "pro me"- karakter | 270 |
| 7.7.3 | Heilsekerheid | 271 |
| 7.7.3.1 | Omskrywing van heilsekerheid | 271 |
| 7.7.4.5 | Knelvrae | 272 |
| 7.8 | Die fides quae creditur, die objektiewe geloofsinhoud, of, die fides qua creditur die subjektiewe geloofsdade | 272 |
| 7.8.1 | Objektiewe geloofsinhoud en subjektiewe geloofsdade | 272 |
| 7.8.1.1 | Geloof is 'n persoonlike daad van die mens | 272 |
| 7.8.1.2 | Geloof is kennis en vertroue | 276 |
| 7.8.1.3 | Christus is die middelpunt van qua en quae | 278 |
| 7.8.1.4 | Gegryp wees deur die genade van God | 279 |
| 7.9 | Die geloof as actus directus en geloof as actus reflexus en in watter mate die sillogismus practicus en die sillogismus misticus 'n rol speel in die saak van heilsekerheid. | 280 |
| 7.9.1 | Die instelling van die sillogismi | 280 |
| 7.9.2 | Besware teen die sillogismi | 283 |
| 7.10 | Gronde van die heilsekerheid | 283 |
| 7.11 | Ware en valse sekerheid | 285 |
| 7.11.1 | Nugterheid word gevra | 285 |
| 7.11.2 | Die kenmerke van ware heilsekerheid | 286 |
| 7.11.3 | Twee verskille tussen ware en valse heilsekerheid | 287 |
| 7.11.4 | Word getoets op grond van die Woord | 289 |
| 7.11.5 | Die weg van die geloof: trapsgewys | 290 |
| 7.12 | Samevatting | 298 |

| |
|---|
| **HOOFSTUK 7**<br>**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE**<br>**OP HEILSEKERHEID** |

## 7.1 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling wat in hierdie studie ondersoek word is die vraag na heilsekerheid en heilstoe-eiening. Dit lei tot die vraag na hoe die gelowige deel kry aan die verlossing in Jesus Christus en van die heil in Christus seker kan wees.

## 7.2 Die doel van hoofstuk 7

### 7.2.1 Hoofstuk 4, 5 en 6: 'n terugskouing

Alvorens heilsekerheid in hierdie hoofstuk bespreek word, word daar kortliks hieronder aangedui wat die strekking was van die bespreking van heil in die voorafgaande hoofstukke.

- In hoofstuk 4, 5 en 6 is vasgestel dat die mens in 'n apolêre verbondsverhouding tot God staan. As dit om die mens se ewige heil gaan, handhaaf God sy vrymag maar hef nie daarmee die mens se verantwoordelikheid op nie. Sonder spanning bestaan die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof naasmekaar. God realiseer die heil op 'n ordelike wyse in die lewe van sy uitverkore kinders. As die Drie-enige God is die Vader die *Heilsbeskikker*, die Seun is die *Heilsverwerwer* en die Heilige Gees is die *Heilsbedienaar*. Die heil word 'n werklikheid in die lewe van die mens deur middel van die geloof wat God deur sy Gees en Woord in sy hart werk.

- Die verseëling met die Heilige Gees is 'n onontbeerlike faset as dit gaan om heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die verseëling met die Heilige Gees is nie 'n *ekstra* na die geloof nie, maar die twee, geloof en verseëling, val saam. Die band tussen geloof en verseëling kan nie verbreek word nie. Waar die geloof kom, sit God sy seël van die Heilige Gees in die hart en daar plaas Hyself sy *eiendomsbewys*. Efesiërs 1:13 leer dat die *geloof* direk lei tot die

*verseëling met die Heilige Gees.* Verseëling is dat die Heilige Gees in die gemeente en in elke gelowige bevestig wat van God se kant reeds onwankelbaar vas is en in die sakramente afgeteken word, die ewige heil in Jesus Christus.

### 7.2.2 Hoofstuk 7: 'n vooruitskouing

In hoofstuk 7 moet vasgestel word wat die inhoud en betekenis is van *heilsekerheid.* Die onderskeid tussen geloofsekerheid en heilsekerheid sal ook duidelik geformuleer moet word.

## 7.3 Bybelse gegewens

### 7.3.1 Sekerheid

#### 7.3.1.1 Inleidend

Om vas te stel wat heilsekerheid is, is dit nodig om die begrip ***sekerheid*** in die Skrif na te gaan. Dit is ook noodsaaklik om die onderskeid en ooreenkoms tussen **geloofsekerheid** (certitudo fidei) en **heilsekerheid** (certitudo salutis) vas te stel (Frank, 1886:1; Bavinck[1], 1967:543; Stone, 1967:69; Van Genderen, 1991:109). In hoofstuk 2 is die begrippe בָּטַח (Ou Testament: *om seker te voel*) en ἀσφάλεια, ἀσφαλής, ἀσφαλίζω, ἀσφαλως (Nuwe Testament: *sekerheid*) reeds ondersoek met die oog daarop om die betekenis van *sekerheid* in die Bybel vas te stel. Kortliks word die essensie daarvan opsommend weer gegee.

#### 7.3.1.2 Ou Testament (vgl. punt 2.4.2)

Die afgeleide woorde van die wortel בטח beteken *om seker te voel.* So het die vertalers van die Septuaginta dit ook vertaal. Hulle vertaal בטח met πεποιθέναι afgelei van πείθω "to trust in, believe in, put confidence in" (Abbott-Smith, 1956:353). Die gevoel van sekerheid in God is 'n steun en hulp vir die mens in die lewe: "Thus there is an intimate connection between 'seeking security in God' and 'security' in external and internal life." (Jepsen, 1975, 2:93.) Anders as in die omgangstaal het die woord "*geloof*" in die Skrif die konnotasie van vastheid en sekerheid. Beide die woorde vir "*glo*" en "*waarheid*" in die Ou Testament hou verband met dieselfde stam wat ons terugvind in die woord "*amen*" (אָמֵן).

### 7.3.1.3 **Nuwe Testament** (vgl. punt 2.4.3)

Die begrip wat in die Nuwe Testament aan die orde kom vir sekerheid is ἀσφάλεια met die betekenis om iets vas te maak dat dit veilig is. Ten opsigte van die studie word verwys na sekerheid (בֶּטַח en ἀσφάλεια) in ***figuurlike sin***. Dit is objektiewe versekering wat nie sigbaar is nie, maar gesetel is in die hart van die mens. In sy *letterlike betekenis* kan die daad van *versekering* subjektief gesien word, byvoorbeeld die seël op die klip voor Jesus se graf (Matt. 27:66).

## 7.3.2 Heil

Die tweede begrip wat in hierdie hoofstuk belangrik is en ook in hoofstuk 2 in besonderhede behandel word, is ***heil***.

### 7.3.2.1 **Ou Testament** (vgl. punt 2.3.2)

In kern beteken heil (יָשַׁע of יְשׁוּעָה) verlossing. Die Ou-Testamentiese woord יָשַׁע is die grondwoord vir heelmaak of red (die selfstandige naamwoord is יְשׁוּעָה). Verlossing word beskryf as die verlossing *uit die mag van vyande* (Eks. 14:30). Die wortel יָשַׁע dui teologies spesifiek op die *werk van 'n soewereine God* ter verlossing van die mense wat aan Hom behoort.

### 7.3.2.2 **Nuwe Testament** (vgl. punt 2.3.3)

In die Nuwe Testament beteken σωτηρία en σωτήρ (afgelei van σῴζω) *om te red, om te verlos, om te bevry van die sonde. Verlossing is nodig omdat die mens verswelg word deur die kwaad.* Σωτηρία beteken om reeds verlos te wees. Σωτήρ word vertaal met *verlosser, redder*." Σωτήρια verwys na God se dade in 'n breë sin sonder om sy individuele dade mis te kyk. Heil is die redding, wat voortvloei uit 'n versoende verhouding met God en die lewe binne hierdie versoende verhouding met God in en deur Jesus Christus. Die sentrum van die heil is geleë in die Naam, Persoon en geskiedenis van Jesus Christus. Die heil wat toege-eien word is alles wat die gelowige in Jesus Christus toegesê is.

## 7.4 Uitgangpunt

Die klem in hierdie hoofstuk val op die positiewe *sekerheid* en nié op die negatiewe *twyfel* nie. Uiteraard kan die twee nie van mekaar geskei word nie, want om sonder sekerheid te wees is om te twyfel. Die fokuspunt van die studie is *heilsekerheid* en *heilstoe-eiening*, derhalwe is die fokuspunt

van die hoofstuk ***heilsekerheid***. Wat wel aan die orde sal moet kom ten opsigte van heilsekerheid is die verskil tussen ***ware heilsekerheid*** en ***vals heilsekerheid***. Alhoewel dit gaan om heilsekerheid (certitudo salutis) sal geloofsekerheid (certitudo fidei) ook behandel moet word om sodoende 'n duidelike onderskeid te kan tref tussen beide. Daar sal ook vasgestel moet word in watter opsig die resultate van die hoofstuk invloed uitoefen op die formulering van die leeruitkoms van die kategese.

## 7.5 Aktualiteit

'n Algemene trek in die lewe van die mens is die soeke na sekerheid en vastigheid. Elke mens wil seker wees van sy familie se liefde, van sy vriende se lojaliteit, van sy werk se standvastigheid, van sy huisgesin se geborgenheid. So kan die spoor van sekerheid in die ruimte van elke lewenskring gesoek word. Die dringendheid van sekerheid lê veral op godsdienstige vlak. Die gelowiges vra voortdurend na geestelike sekerheid want dit gee aan hulle geborgenheid in Christus. Op die terrein van die kategese is sekerheid 'n saak van hoë prioriteit, want met belydenisaflegging moet die verbondskinders met sekerheid kan getuig dat hulle God se verbondsbeloftes, wat in die doop verseël is, aanvaar en dat hulle sal volhard om daarin te lewe. Gelowiges getuig dat hulle nie altyd die sekerheid het nie, want hulle kan nie van die sekerheid van hulle persoonlike heil getuig nie. Hulle geloofswoordeskat bevat begrippe soos "miskien", "dalk", "ek hoop so", "wie sal weet", "hoe sal 'n mens weet".

Hierdie situasie in die lewe van gelowiges bring die vraag na vore: Kan daar wel sprake wees van egte sekerheid ten opsigte van die heil in Jesus Christus? Paulus getuig aan die einde van Romeine 8: "want ek is versekerd" (vs 38). Die werkwoord wat Paulus gebruik is πέπεισμαι (1e pers., enkv., perf., indik., pass., van πείθω) wat beteken "to persuade", "om te oortuig". Paulus sê in Romeine 8:38 "want ek is versekerd ek is oortuig, ek is seker".

Loonstra (1990:16) motiveer sy studie, "verkiezing – versoening – verbond" waarin hy die leer van die *pactum salutis* in die Gereformeerde Teologie beskryf en beoordeel, op 'n besondere wyse. Hy skryf dat die Gereformeerde Teologie in die leer van die pactum salutis getrag het om voluit rekening te hou met enersyds God se ewige raadsbesluite en andersyds die geskiedenis van die heil in die verskillende fases van die verbond. Die heilsgeskiedenis staan met die verbond van die verlossing in die nouste verband. Deur die wisselende geskiedenis van die verbond tot op die konstante faktor van die ewige pactum salutis te deurgrond, het die Gereformeerde Teologie die onwankelbare fondament bloot gelê op grond waarvan die persoonlike heil van die gelowige uit alle tye vas en seker is. Dit gaan om die betroubare van die verbond en die *persoonlike sekerheid van die heil.*

## 7.6 Sekerheid in die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis

### 7.6.1 Sekerheid in die Heidelbergse Kategismus (1563)

In **vraag 1** van die Heidelbergse Kategismus word gevra na die enigste troos in lewe en in sterwe. Dan kom hierdie sinnetjie in die antwoord na vore: "*Daarom **verseker** Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe.*" In **antwoord 21** word geloof nie alleen *'n vasstaande kennis* genoem nie maar ook *'n vaste vertroue*. **Antwoord 22** spreek van die artikels van ons *algemene en ongetwyfelde Christelike geloof.* In **antwoord 26** word God die Vader bely as die God wat om sy Seunswil my God en Vader is, *"op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel"* nie. In **antwoord 44** word ten opsigte van die neergedaal het na die hel geantwoord: *Sodat ek in my swaarste aanvegtinge **verseker** kan wees.* **Vraag 69** vra: "Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan **verseker** dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom? **Antwoord 69** bely dat Christus beloof het dat ek net so **seker** met sy bloed en Gees gewas is as wat ek uitwendig met die water gewas is. **Antwoord 73** stel dat ek *deur die goddelike waarborg en teken **verseker** word dat ek net so werklik geestelik van my sonde gewas is as wat my liggaam uitwendig met water gewas word.* Van dieselfde *sekerheid* word ook in **vraag 79** bely. **Antwoord 86** lui: *"Sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof **sekerheid** kan kry."* Die refrein wat deur die antwoorde trek is dat die mens deur Jesus Christus sekerheid kry. Dié sekerheid van die heil word aan ons verkondig in die evangelie en dit word ons persoonlik toegepas en verseël deur die heilige sakramente. Dit alles het ons te danke aan die werking van die Heilige Gees. Die egtheid van die geloof word bewys in die goeie werke.

Ten opsigte van sekerheid kan ons in die Heidelbergse Kategismus saamvat dat die ***fondament** van die sekerheid Christus en sy Woord is, wat sigbaar gemaak word in die sakramente, die **bewerker** van die sekerheid is die Heilige Gees, die **aard** van die sekerheid is die geloof en die **bevestiging** van die sekerheid word gevorm deur die goeie werke.*

### 7.6.2 Sekerheid in die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561)

Kenmerkend van die Reformasie is die feit dat die mens weer geleer het om voor die goddelike majesteit van die Woord te buig. Die sola scriptura was nie net 'n teorie nie, maar 'n ervaring van die werklikheid: die Heilige Skrif is erken as die Woord van die lewende God. Die gesag van die Heilige Skrif is erken. Die Skrif is steeds met dieselfde Geesteskrag vervul. Dit is die Gees van die Woord wat aan die Woord sy uitwerking gee. In artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word dit so geformuleer: *Ons glo ook sonder twyfel (die sekerheid) alles wat in die boeke van die Ou*

word dit so geformuleer: *Ons glo ook sonder twyfel (die sekerheid) alles wat in die boeke van die Ou Testament en die Nuwe Testament begrepe is,* ***omdat*** *die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.* Dit gaan hier om die goddelike inhoud van die Heilige Skrif.

## 7.7 Geloofsekerheid teenoor heilsekerheid

### 7.7.1 Verhouding tussen geloofsekerheid en heilsekerheid

Ten opsigte van die verhouding tussen geloofsekerheid en heilsekerheid is daar een van drie moontlikhede:

a. Geloofsekerheid en heilsekerheid verskil van mekaar.
b. Geloofsekerheid en heilsekerheid is identies.
c. Geloofsekerheid impliseer heilsekerheid.

#### 7.7.1.1 Geloofsekerheid en heilsekerheid verskil van mekaar

Tussen geloofsekerheid (certitudo fidei) en heilsekerheid (certitudo salutis) is daar 'n verskil van betekenis. Geloofsekerheid (certitudo fidei) en heilsekerheid (certitudo salutis) moet van mekaar onderskei word maar mag nie van mekaar geskei word nie. Bavinck (1901:21) onderskei tussen "sekerheid van die waarheid" en "sekerheid van die heil". Onder sekerheid van die waarheid verstaan Bavinck geloofsekerheid. Hy skryf verder: "Maar aan deze zekerheid der waarheid heeft de Christen niet genoeg, hij heeft daarbij ook behoefte aan zekerheid des heils." (1901:69.) Hy vervolg (1901:70): "Deze beide soorten van zekerheid zijn echter, schoon onderscheiden, niet van elkander scheiden; zij hangen onderling ten nauwste samen, de eene bestaat niet zonder de andere." Hieruit spreek duidelik dat Bavinck 'n onderskeid tussen geloofsekerheid en heilsekerheid maak, sodat elkeen sy eie inhoud en betekenis kry.

Van Genderen (1991:110) haal G. Ljunggren[89] aan wat dieselfde standpunt as Bavinck het "dat men in dogmatische verhandelingen onderscheidt pleegt te maken tussen de begrippen geloofszekerheid, soms ook wel zekerheid van de waarheid genoemd, en heilszekerheid. De eerste zekerheid is overigens op de tweede gericht en de tweede is nie onafhankelijk van de eerste."

*Die slotsom van bostaande standpunt is dat geloofsekerheid en heilsekerheid van mekaar verskil elkeen met sy eie inhoud en dinamika, maar dat geloofsekerheid en heilsekerheid in so 'n mate op mekaar gerig is dat heilsekerheid nie sonder geloofsekerheid kan bestaan nie.*

[89] G. Lunggren, 1920. Zur Geschichte der christlichen Heilsgewißheit von Augustin bis zur Hochscholastik. Göttingen.

### 7.7.1.2 Geloofsekerheid en heilsekerheid is identies

Van Genderen (1991:109) verduidelik dat "soms wordt de heilszekerheid sonder meer als geloofszekerheid aangeduid, maar men kan verschil maken, al moet daarby bedacht worden, dat een onderscheiding niet betekent, dat wij het een van het ander moeten scheiden". Daar is teoloë wat beskou dat geloofsekerheid en heilsekerheid dieselfde is. Theron (Nel, 2000:34) skryf "geloofsekerheid is Christussekerheid en daarom heilsekerheid". Hy skryf dat dit sekerheid is ten opsigte van God se genade in Christus. Janson (1973:11) meen ook dat geloofsekerheid en heilsekerheid dieselfde is as hy skryf geloofsekerheid is "die sekerheid van die gelowige aangaande sy saligheid, sy ewige bestemming, die sekerheid dat die gelowige in Jesus Christus 'n kind van God is én bly." En net 'n paar sinne verder vra hy die vraag: "Het God dit ooit so bedoel dat gewone mense heilsekerheid moet hê?"

*Die slotsom van bogenoemde standpunt is dat geloofsekerheid en heilsekerheid dieselfde is. Dit is twee name vir dieselfde saak. Tussen geloofsekerheid en heilsekerheid kan daar nie onderskei word nie.*

### 7.7.1.3 Geloofsekerheid impliseer heilsekerheid

#### 7.7.1.3.1 Heilsekerheid 'n verbesondering van geloofsekerheid

Daar is ook die sienswyse dat die geloofsekerheid die heilsekerheid impliseer. Dan is die heilsekerheid 'n verbesondering van die geloofsekerheid: "De heilszekerheid is naar haar aard geloofszekerheid: zekerheid door het geloof." (Van Genderen, 1991:123.) Verder gaan dit in heilsekerheid "om de zekerheid des geloofs, dat zich op Christus richt" (Loonstra, 1991:311). Volgens die Woord van God *is* geloof sekerheid en gee dit sekerheid (Heb. 11:1). Die sekerheid is in die geloof self opgesluit en word nie agterna van buite af bygevoeg nie (Bavinck, 1967[3]:213). "De verzekerdheid is onafscheidelijk van alle geloof, is die kiem van alle kern, en noodzakelijk uit zich zelf uit het inhaerente naar buiten komende vroeg of laat." (Kuyper, s.a.:125.) Die versekerdheid is een van die bestanddele van die geloof en hoort tot die wese van die geloof (Dordtse Leerreëls 5.9-10). "As geloof in sy oorsprong en voortgang 'n werk van die Heilige Gees is, dan is geloof per definisie geloofsekerheid" (Heyns, 1978:310).

#### 7.7.1.3.2 Heilsekerheid word in die weg van geloof gevind

Die apostels skryf briewe aan die kerke, aan diegene wat seker is van hulle saligheid (Gal. 2:20; 1 Tim. 1:15[90]; Rom. 8:16; 1 Joh. 3:2). Geloofsekerheid is ook 'n wete (Rom. 8:28; 1 Joh. 5:18-20). Dit is 'n sekere wete en vaste vertroue (Heidelbergse Kategismus, Vraag 21) (Van Genderen, 1961:674). 'n Onseker geloof is 'n contradictio in terminis. Die grond vir die sekerheid lê in die openbaring van God in Jesus Christus waarop die geloof hom rig, en waaraan die volle versekerdheid van die geloof behoort te beantwoord (Heb. 10:22). So word in die weg van die geloof die heilsekerheid ontvang, ook genoem die heilsversekerdheid wat na aard geloofsekerheid is en ook sonder meer sekerheid genoem word (Van Genderen, 1961:674). Weber (1983:429) toon aan dat "wherever faith is accompanied by certainty (and it is an essential property of faith), it is based on the fact that 'our salvation may be taken entirely out of our hands and put in the hand of God alone .... for we are so weak and uncertain that if it depended on us, not even a single person would be saved; the devil would surely overpower us all".

*Die slotsom van hierdie derde standpunt is dat geloofsekerheid en heilsekerheid nie los van mekaar gesien kan word nie en ook nie van mekaar geïsoleer kan word nie. Heilsekerheid is die verbesondering van die geloofsekerheid.*

### 7.7.2 Die geloof as sekerheid

#### 7.7.2.1 Definisie van geloofsekerheid

Heyns (1978:310) formuleer die volgende definisie van geloofsekerheid: "Geloofsekerheid is die permanente openheid vir wat altyd weer van Gods kant kom en aan die mens gedoen word en vir hom geld; dit is die voortdurende bereidheid om telkens weer opnuut te begin by wat God tot die mens sê en daarom volhardend af te sien van wat selfs die gelowige mens tot homself te sê het." Van watter sekerwees word melding gemaak in geloofsekerheid? Heyns (1978:310) beskryf dit so: "Geloofsekerheid is die seker-wees van Hom in Wie geglo word; dis die sekerheid van die uitverkiesing en roeping (Rom. 8:30); die sekerheid van die profetiese woord wat vas is (2 Pet. 1:19); die sekerheid van ons kindskap van God (Rom. 8:16); die sekerheid van die bloed van Christus wat ons die heiligdom laat binnegaan (Hebr. 10:19); die sekerheid van harte wat deur besprinkeling gereinig is (Hebr. 10:22); die sekerheid van 'n oorgang uit die dood in die lewe (1 Joh. 3:14); ja, die sekerheid van 'n verseëling en die ontvangs van die Heilige Gees as onderpand in ons harte (2 Kor. 1:22)."

[90] 1 Tim 1:15 – dit is die objektiewe mededeling van die heil, maar daarna die subjektiewe insluiting: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is."

### 7.7.2.2 Geloofsekerheid en geloofsinhoud

Die vraag wat gevra moet word is: is geloofsekerheid die sekerheid ten opsigte van die *geloofsinhoud*? Dit beteken dat vasgestel moet word of die geloofsekerheid 'n sekerheid van die mens se geloof is en of dit 'n sekerheid is van God se genade in Jesus Christus? Theron (1985:299) haal die woorde van P. Althaus aan: "Ich weisz nicht, ob ich glaube; aber ich weisz, an wen ich glaube." Ten opsigte van die sekerheid van die geloof skryf Theron (1985:301): "Anders as in ons omgangstaal, het die woord 'geloof' in die Skrif die konnotasie van vastheid en sekerheid. Interessant dat in die Ou Testament beide die woord vir 'glo' en die woord vir 'waarheid' verband hou met dieselfde stam wat ons terugvind in ons woord 'amen' (אָמֵן). Jesus Christus die 'Waarheid' (Joh. 14:6), word in Openbaring 3:14 ook die 'Amen' (ἀμήν) genoem. Om die evangelie te glo (Mark. 1:15) is dan ook om amen te sê op God se Amen. Christus is immers 'die ja' van God, die 'ja' op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop 'Amen' sê. God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig op Christus (2 Kor. 1:19-21)."

### 7.7.2.3 Geloofsekerheid het 'n "pro me"- karakter

Geloofsekerheid het 'n *pro me*-karakter (Heidelbergse Kategismus, vraag 21[91]). "Die *pro me* behoort tot die wese van die evangelie" (Theron, 1985:301). 'n Mens kom nie eers tot bekering voordat jy kan glo dat God se genade vir jou genoeg is nie. Jy kom juis tot bekering deur te glo dat God se genade in Jesus Christus vir jou genoeg is. Geloofsekerheid moet verstaan word as sekerheid van Jesus Christus en moet nie verwar word met sekerheid van 'n mens se geloof in Christus nie. 'n Mens mag nie op jou geloof vertrou nie want dan vertrou jy ten diepste nog op jouself. Geloof is nie iets wat 'n mens doen nie, maar dit is 'n verhouding waarin jy tree; 'n verhouding met die gekruisigde Here (Nel, 2000:37). Die geloof het dus nie 'n kondisionele of 'n kreatiewe funksie nie. Jy hoef nie iets deur die geloof te doen om gered te word nie. Die aktiwiteit van jou geloof lê daarin dat jy jou op Christus moet werp, of Christus met al sy verdienste moet omhels (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 22[92]). Geloof is om in God se genade te rus. Dit beteken om van jouself

[91] 21. *Vraag:* Wat is 'n ware geloof? *Antwoord:* 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook ***aan my*** uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.

[92] Artikel 22. Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ***ons eie*** en soek na niks anders as na Hom nie.

niks te verwag nie, ook nie van jou geloof nie, maar alles van God te verwag. Dit is nie die daad van jou geloof wat jou red nie, maar die *inhoud* van 'n mens se geloof, naamlik Jesus Christus die Gekruisigde.

### 7.7.3 Heilsekerheid

#### 7.7.3.1 Omskrywing van heilsekerheid

Heilsekerheid is die oortuiging dat jy persoonlik in die heil, die verlossing in Jesus Christus, deel (Ps. 23; Ps. 73:23-24; Rom. 5:1-2; Rom. 8:31-39; Rom. 14:8; 2 Kor. 5:1; Fil. 1:21; 2 Tim. 4:7-8; Hebr. 10:22; 1 Joh. 3:1-2; 1 Joh. 5:20). Die heilsekerheid is 'n aspek van die ryke skat van die regverdiging van die gelowige (Wentsel, 1995[4a]:441). Dit is die sekerheid van deel hê aan Christus en aan alle heil wat Hy vir die mens verwerf het omdat jy deel het aan die heil en daaruit lewe. Sekerheid van die geloof is tweeledig: (a) dit het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens en (b) dit het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. Om hierdie onderskeiding, wat nie as 'n skeiding bedoel is nie, ook in die terminologie tot uitdrukking te bring, kan die *oortuiging, dat die mens persoonlik deel het aan die heil,* heilsekerheid genoem word. Dit is 'n sekerheid wat slegs deur middel van die geloof te verkry is. Geloofsekerheid is op heilsekerheid gerig en heilsekerheid kan nie onafhanklik van geloofsekerheid bestaan nie. Die onderskeid tussen geloofsekerheid en heilsekerheid kan só geformuleer word:

- **Geloofsekerheid** (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens en vra nie na die praktiese toepassing daarvan nie.
- **Heilsekerheid** (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here en vra na die praktiese toepassing daarvan.

Heilsekerheid kan nader bepaal word as 'n sekerheid van die vergewing van sondes, die vernuwing van die lewe, die gemeenskap met God, die kindskap van God, die verkiesing, die volharding en die ewige lewe: "Het is de zekerheid van het deel hebben aan Christus en aan alle heil, dat Hij verwierf." (Van Genderen, 1977:415.) Jy kan nié die term *geloofsekerheid* gebruik as jy bedoel om sekerheid te hê dat jy 'n ware gelowige is nie, en dié sekerheid dan te wil onderskei van heilsekerheid nie. Want heilsekerheid is die sekerheid aangaande die ***werklikheid*** en ***egtheid van die geloof***. "Weliswaar is my geloof 'n gawe van die Gees van God, maar dit beteken nog nie dat ek daarom op my geloof mag vertrou nie. Goeie werke is, as vrug van die Gees, tog ook gawes van God, maar daaruit volg nie dat ek op my goeie werke mag vertrou nie. Wie op sy goeie werke of op sy geloof vertrou, al is dit gawes van God, vertrou op homself." (Theron, 1985:303.)

Die volgende gevolgtrekkings kan dus gemaak word:

- Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die heil.
- Heilsekerheid (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here.

#### 7.7.4.5 Knelvrae

Aan die hand van die volgende vrae word die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid verder bespreek:

a. Gaan dit in die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid om die *fides qua creditur*, dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud*, of gaan dit om die *fides quae creditur*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade*, of gaan dit om albei?

b. Gaan dit in die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid om die sekerheid van die geloof as *actus directus*, dit wil sê die gerigwees van die geloofsoog "op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof" (Hebr. 12:2), of word hiermee bedoel die sekerheid van die geloof as *actus reflexus*, dit wil sê die sekerheid van die sigself beskouende geloof?

c. Is geloofsekerheid en heilsekerheid 'n sekerheid ten opsigte van die feit *dat* ek glo, of beteken dit sekerheid ten opsigte van *wat* ek glo of in *Wie* ek glo? Is geloofsekerheid sekerheid ten opsigte van my *geloof* of is dit sekerheid ten opsigte van *God se genade in Jesus Christus*?

d. Ten opsigte van heilsekerheid sal duidelikheid ook verkry moet word in verband met die *sillogismus practicus* en die *sillogismus misticus*.

Daar word nou aan elkeen van hierdie vrae afsonderlik aandag gegee.

## 7.8 Die fides quae creditur, die objektiewe geloofsinhoud, of, die fides qua creditur die subjektiewe geloofsdade

### 7.8.1 Objektiewe geloofsinhoud en subjektiewe geloofsdade

#### 7.8.1.1 Geloof is 'n persoonlike daad van die mens

##### 7.8.1.1.1 Die geloofsdaad het 'n sekere geloofsinhoud

Geloof is 'n daad, 'n handeling, 'n optrede, 'n aksie van die mens. Geloof is 'n daad van aanvaarding: "Wie gelooft, stelt een daad. Hij is een gelovige, als deze daad niet eenmalig is, maar zijn bestaan karakteriseert." (Velema, 1990:96.) In die geloof gryp die mens, omdat hy gegryp is (Fil. 3:12); die mens ken, omdat hy geken is (1 Kor. 13:12); die mens laat hom oorhaal, omdat God hom oorgehaal het (Jer. 20:7). Geloof het volgens Velema (1990:84) inhoud en is 'n daad. Dit moet in gedagte gehou word dat geloof dui op 'n verhouding, waarin God Hom aan die mens bekendstel én waarin die mens op God se selfopenbaring ingaan en antwoord gee: "Geloof is alomvattend – van inhoud, van duur en van zijn." (Velema, 1990:96.) Die mens is nie 'n gelowige as hy net één keer geglo het nie. Die teenoorgestelde is ook waar: 'n mens kan nie net een keer glo en dis klaar nie. "Men kan niet geloven zonder tegelijk een gelovige te zijn!" (Velema, 1990:97.) Geloof kan nie bestaan sonder die daad van die geloof nie. Daar is geen geloof sonder die subjek wat glo nie. Geloof kan nie bestaan sonder die mens van wie gesê kan word hy is 'n gelowige nie. Hy beleef sy geloof. Hy leef daarmee en hy leef daaruit.

Die inhoud van die geloof is die kennis van die persoon, met wie die gelowige 'n geloofsverhouding het. Velema (1990:98) praat van die "kennis-relatie en die relatie-kennis" volgens Johannes 20:30-31.[93] In hierdie teks staan al die elemente en aspekte van wat die Bybel geloof noem. Hier staan *waarmee* geloof gemoeid is én wat dit oplewer. Alles wat Johannes in sy evangelie opgeskryf het handel oor die woorde en dade van Christus. Dit is die *kennis* waarvan die geloof leef. Dit is kennis wat die geloof in die hart van die mens oproep. Alles in die evangelie is opgeskryf "*dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God*". "Dat is dat gij door deze kennis een relatie ontvangt tot de beschreven persoon." (Velema, 1990:99.)

Daar sit 'n volgende waarheid in dié teksverse: Die mens hét deur te glo die lewe in Christus. Die geloofsverhouding met die Seun van God is 'n lewende verhouding. Die inhoud van die geloof (fides qua) word bepaal deur die Godsopenbaring. Die daad van die geloof (fides quae) ook. "Men kan voor fides quae niet zeggen: object; noch kan men voor fides qua zeggen: subject." (Velema, 1990:84.) God gaan 'n verhouding met die mens aan. Hy doen dit deur Selfopenbaring. Die mens is nie soewerein of outonoom in sy verhouding met God nie. Die mens antwoord op die Woord van God: "Dat de daad van het geloof (fides qua) antwoord is, blijkt uit het feit dat de inhoud van het geloof (fides quae) door Gods openbaring wordt bepaald. Zo zijn fides quae en fides qua onlosmakelijk verbonden." (Velema, 1990:84.) Ter sprake is die *geloofsdaad* van die mens wat 'n sekere *geloofsinhoud* het. In die geloofsdaad staan die mense een vir een voor God om

[93] "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam."

verantwoording te doen ten opsigte van hulle optrede. Dit is ook die geval met heilsekerheid en heilstoe-eiening; dit is 'n individuele saak en nie groepsdinamika nie. Dit kan gesien word in die antwoord van vraag 21 in die Heidelbergse Kategismus[94] [95]. Op die vraag: "Wat is 'n ware geloof?" word in die *eerste persoon enkelvoud* geantwoord – ***ek aanvaar***, die Heilige Gees werk in ***my hart***, God het ***aan my*** vergewing en saligheid gegee. Geloof is 'n persoonlike saak; daarom sal heilsekerheid en heilstoe-eiening ook 'n persoonlike saak wees. Die persoonlike karakter van die geloof bring die saak van *fides qua creditur* en *fides quae creditur* na vore.[96] Onder *fides quae creditur*[97] word verwys na die **subjektiewe geloofsdade**, en die *fides qua creditur*[98] verwys na die **objektiewe geloofsinhoud**. Die plek waar die klem geplaas word, sal 'n invloed hê vir die kategese, byvoorbeeld: "Die klem op die subjektiewe geloof (*fides qua*), bring mee dat die ouderdom waarop toelating tot die nagmaal plaasvind, neig om verhoog te word. Die Rooms-Katolieke objektivisme daarenteen openbaar die teenoorgestelde tendens naamlik om die toelating te vervroeg." (Theron, 1996:299.)[99]

Die Hervormde teoloog, P.J. Muller handhaaf die onderskeiding tussen qua en quae (Mans, 1967:377). Die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud) noem hy "saligmakende geloof" en die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) is vir hom "geloofsleer". Hy meen dat 'n "valsche toestand" kan ontstaan wanneer die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud), dit wil sê, "het bloote aannemen eener belijdenis of leer" as die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) beskou word. (Mans, 1967:378). Dit het die belangrike betekenis dat die aanname van die belydenis nog nie geloof hoef te wees nie. Daar moet ook gewaarsku word teen 'n fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) wat los wil staan van die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud).

### 7.8.1.1.2 Vir die kategese het hierdie waarhede praktiese waarde

---

94 21. *Vraag:* Wat is 'n ware geloof? *Antwoord:* 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ***ek*** alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in ***my*** hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan ***my*** uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.

95 Kuyper (s.a.:122) maak die opmerking dat in die dogmatiek "het geloof triplex is, cognitio, assensus en fiducia." Die Heidelbergse Kategismus (vraag 21) noem egter net twee kante: nl. fiducia en laat die cognitio met die assensus ineenvloeien. De laatste voorstelling is de juiste.

96 Die terminologie *fides qua creditur* en *fides quae creditur* is in gebruik sedert die tyd van Augustinus en tydens die Protestantse skolastiek van die sewentiende eeu het dit in die teologie ingeburger geraak (Nel, 2000:28).

97 Fides quae credituur – letterlik vertaal: geloof **wat** geglo word.

98 Fides qua creditur – letterlik vertaal: geloof **waardeur** geglo word.

99 Aan beide gevare van die objektivisme en die subjektivisme word in Calvyn se geloofs- en belydenisbeskouing ontkom. Anders as by Bucer bely die jong lidmaat nie sy *persoonlike* geloof nie, maar die kind bely die geloof van die *kerk*. Nie die subjektiewe geloofsakte (*fides qua*) nie, maar die objektiewe geloofsinhoud (*fides quae*) word beklemtoon. Uiteraard word die subjektiewe geloofsakte (*fides qua*) nie as onbelangrik beskou nie, maar sonder die objektiewe geloofsinhoud (*fides quae*) is die geloofsakte leeg. Oor die innerlike van die mens kan die kerk in elk geval nie oordeel nie. Die kind voeg hom/haar wel bewustelik in die geloofsgemeenskap van die kerk.

Die volgende praktiese toepassings spruit uit hierdie waarhede:

- Dit behoort 'n kerkraad se oë oop te maak vir die moontlikheid dat 'n belydeniskatkisant kan bely dat hy die belydenis van die kerk soos gefundeer in die Woord van God aanvaar en op grond van hierdie belydenis as geloofsryp geag word om belydenis van geloof af te lê. In hierdie geval word in die praktyk geoordeel op grond van die objektiewe geloofsinhoud, die geloofskennis waarvan die katkisant rekenskap kan gee terwyl daar nie gelet word op die subjektiewe geloofsdade nie. Hierop word dieper ingegaan in hoofstuk 8.
- 'n Volgende gevaar is, as die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) los staan van die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud), dat die "voorbeeldige lewenswyse" van 'n katkisant verkeerdelik gesien kan word as geloofswerke, terwyl die katkisant bloot 'n oppervlakkige, 'n algemeengeldende, humanistiese en eksistensiële beginselraamwerk gebruik om 'n "vroom en goeie" lewe te vertoon. Dit beteken dus dat die lewe van die kind nie gewortel is in God en sy Woord nie.

Die Heidelbergse Kategismus, vraag 21, kan nie in betekenis geïsoleer word van vraag 22 nie. Waar in vraag 21 die klem gelê word op die individuele sy van die geloof kom die ons-karakter van die geloof in vraag 22 na vore.[100]: Calvyn se definisie van geloof moet hierby in gedagte gehou word: "Geloof is die vaste kennis van die welwillendheid van God gegrond in die waarheid van sy belofte in Christus en deur die Heilige Gees geopenbaar en beseël." (Institusie, 3.2.7:717.) Daar is by Calvyn 'n onderskeid tussen kennis en vertroue, maar hierdie onderskeiding moet nie gesoek word in fides quae creditur (objektiewe geloofskennis) nie, maar wel in die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) (Graafland, 1961:27). Dit beteken dat nie die voorwerp van die geloof nie, maar die verskillende gerigthede daarvan die onderskeiding tussen kennis en vertroue tot gevolg het: "Ze kan het best zo geformuleerd worden, dat de kennis vooral de objectieve zekerheid van het heil aangeeft, zoals God dit in zijn Woord heeft geopenbaard, terwijl het vertrouwen vooral gericht is op de subjectieve zekerheid van het heil, dat is de zekere wetenschap van het persoonlijk deel hebben aan de genade Gods in Christus." (Graafland, 1961:28.) Geloofsekerheid bestaan uit die kennis (*scientia*) van die betroubaarheid van God en sy genade. Die geloof rus nie op menslike gissings en vermoedens nie, maar dit rus op die objektiewe sekerheid, dit is die objektiewe geloofsinhoud, die geloofskennis (fides quae creditur) wat die gelowige kry uit die Woord van God. Die objektiewe geloofskennis (fides quae creditur) is iets *buite* die mens; dit is nie subjektief nie maar moet subjektief word. Op die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud), die inhoud van die Woord

[100] 22. *Vraag:* Wat moet 'n Christen glo? *Antwoord:* Alles wat in die evangelie beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

van God, rig die mens sy verstand by wyse van lees, oordink en bepeins. Dit is die inhoud van die geloof. Dit is die ***vasstaande kennis*** wat die Heidelbergse Kategismus in vraag 21 noem.

- *Geloof is vanuit hierdie hoek 'n aktiwiteit van die mens. Met geloof in die hart doen die mens iets. Sy doen word gerig deur die geloofsinhoud wat hy besit. Daarby is geloof 'n persoonlike saak. Geloof is aan die een kant objektiewe geloofskennis en aan die ander kant is geloof subjektiewe geloofsdade. Die objektiewe geloofsinhoud lê buite die mens in die Woord van God waaruit die mens dit verkry. Die subjektiewe geloofsdade lê in die mens as 'n reaksie op die geloofsinhoud, die antwoord wat bestaan uit geloof en bekering.*

### 7.8.1.2 Geloof is kennis en vertroue

Word Calvyn se definisie[101] as uitgangspunt geneem, moet ook in gedagte gehou word "dat geloof nie net 'n persoonlike saak is nie" (Nel, 2000:29). Die fides quae creditur (objektiewe geloofskennis) is terselfdertyd nie nét 'n objektiewe saak nie, want behalwe *geloofs**wáárhede*** is dit ook ***gelóófs**waarhede.* Die fides quae creditur (objektiewe geloofskennis) is in werklikheid die *geobjektiveerde* en daarom *sigbare* fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade). Dit is die ***vaste vertroue*** van die gelowige waarvan die Heidelbergse Kategismus in vraag 21 getuig. Vertroue "is uitdrukking van vastheid en van de verwachting van geborgenheid. Vertrouwen wijst op het houvas dat God een mens geeft" (Velema, 1990:90). Die fides qua creditur, die subjektiewe geloofsdade, is die eie maak van die Skrifwaarhede met die doel om daaruit en daardeur te lewe. Dit beteken dat die fides qua creditur, die subjektiewe geloofsdade, nie suiwer 'n subjektiewe saak is, wat net op homself gerig is, sonder inagneming van die objektiewe geloofswaarhede nie. Die subjektiewe geloofsdade volg op die objektiewe geloofsinhoud. Die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) is die verwerkliking van die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud). Bavinck ($1967^4$:92) wys daarop dat die reformatore gestaan het in die "plerophorie des geloofs" naamlik dat daar 'n sterk geloof was en 'n heldere geloofsbewustheid. "Maar dese periode van sterk geloof en heldere geloofsbewustheid ging spoedig voorbij; en trad een ander geslacht op, dat deze inwendige, geestelijke reformatie nie meer doorleefd had." Wat was toe die situasie? Lidmate kon in hulle belydenis wel ***sê*** dat die geloof bestaan in 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertroue dat hulle sonde om Christuswil vergewe is, maar die werklikheid het die teenoorgestelde gewys. "Verzekerde Christenen waren er zeer weinige; de meeste leden der kerk waren onverschillig, tevreden met hulle orthodoxie, of zoekenden of twijfelenden, die geene rust kon vinden." (Bavinck, $1967^4$:93.) Soos ook in ons tyd was die *leer* suiwer, maar die *lewe* het nie van die suiwer leer getuig nie. In sulke

[101] "Geloof is die vaste kennis van die welwillendheid van God gegrond in die waarheid van sy belofte in Christus en deur die Heilige Gees geopenbaar en beseël" (Institusie, 3.2.7:717).

omstandighede word gekla oor die verval van die kerk en die agteruitgang van die sedes want daar is 'n groot persentasie mense wat hulle suiwer geloof bely (fides qua creditur) maar hulle lewensdade (fides quae creditur) is nie daarvan 'n getuienis nie. "Rechtzinnigheid, lidmaatschap der kerk, geboorte uit geloovige ouders, doop, belijdenis, avondmaal waren niet genoeg." (Bavinck, 1967[4]:93.) "Het geloof is in de Schrift echter geen verstandelijk aannemen slechts van het getuigenis der apostolen aangaande Christus, maar eene persoonlijke verhouding tot, een band der ziel aan Christus." (Bavinck, 1967[4]:99.)

Indien die twee aspekte van die geloof, naamlik vasstaande kennis (fides quae creditur) en vaste vertroue (fides qua creditur), van mekaar losgemaak word en die een ten koste van die ander oorbeklemtoon word, kan dit tot valse objektivisme of valse subjektivisme lei. Wie die fides qua (geloofsdade) nie deur die fides quae (geloofskennis) laat bepaal nie, dwaal. Wie hom tot die fides quae (kennis) beperk en nie vir die fides qua (dade) oog het nie, verval in rasionalisme wat moralisme as tweelingsuster het. Die fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade) mag dus nie *individualisties* verstaan word nie, maar wel *individueel* en *eksistensieel*. Daardeur word die balans bewaar: "When we deal with faith as a subjective attitude (the *fides qua creditur*) we deal at the same time with the faith that is believed, the contents of faith (the *fides quae creditur*). (Berkhof, 1990:32.) Later in dieselfde werk skryf Berkhof (1990:444): "To avoid confusion, a distinction now commenly made is that between *fides qua creditur* (the act of believing) and *fides quae creditur* (the content of faith)." Berkhof (1990:444) vermaan die leser: "This is a necessary but dangerous distinction; it threatens to tear apart as 'subjective' and 'objective' what in the covenantal fellowship belong together as the two sides of one event." Fides qua (subjektiewe geloofsdade) sonder fides quae (objektiewe geloofsinhoud) sou tot kettery lei, en fides quae (objektiewe geloofsinhoud) sonder fides qua (subjektiewe geloofsdade) sou 'n blote vir-waar-hou impliseer, maar 'n dergelike neutrale afstandhouding is geen geloof meer nie. As subjektiewe daad is die geloof tegelyk besig met wat objektief geglo word en die persoonlike deel hê aan die heil (subjektiewe geloofsdade) omdat die objektiewe sekerheid van die geopenbaarde heil (quae) slegs die helfte van die waarheid is, waar die vertroue (qua) as die ander helfte nog moet bykom. Iemand kan kennis hê sonder vertroue, maar vertroue is nie moontlik sonder kennis nie: "En omdat de objectieve` zekerheid logisch aan de persoonlijke zekerheid voorafgaat, moet ook de kennis aan het vertrouwen voorafgaan. Het laaste word uit de eerste geboren." (Graafland, 1961:29.)

- *Geloof het twee kante: kennis en vertroue, en die een kan nie sonder die ander nie. Gelykelik moet die kind van God aan albei pole vashou anders word die een kant ten koste van die ander kant oorbeklemtoon wat die oorsaak is van 'n valse objektivisme of subjektivisme.*

### 7.8.1.3 Christus is die middelpunt van qua en quae

As *fides quae creditur* (**objektiewe geloofsinhoud**) en *fides qua creditur* (**subjektiewe geloofsdade**) teenoor mekaar gestel word dan is dit duidelik dat Christus die sentrum van beide is: die sentrum van die Woord (quae) en die sentrum van die gelowige se geloofslewe (qua). Christus is daarom die inhoud van die objektiewe geloof (quae) en die inhoud van die subjektiewe uitlewing van die geloof (qua). Daar moet hierby beklemtoon word dat die fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud), terselfdertyd gerig is op die persoon van die gelowige. Die leer van die kerk is daarom dan ook nie 'n abstrakte, teoretiese aangeleentheid nie (Nel, 2000:29). Die *pro me karakter* van die leer behoort tot die wese van die leer van die kerk.

- Die persoonlike karakter van die *fides quae creditur* (objektiewe geloofsinhoud) word gereflekteer in die persoonlike karakter van die *fides qua creditur* (subjektiewe geloofsdade).
- Die persoonlike aard van die *fides qua creditur* (subjektiewe geloofsdade) is individueel.
- Die pro me karakter van die *fides quae creditur* (objektiewe geloofsinhoud) vind sy subjektiewe afdruk in die hart van die gelowige. Daarom definieer die Heidelbergse Kategismus geloof nie net as 'n *vasstaande kennis* nie maar óók 'n *vaste vertroue.* Wie glo, glo nie net met die verstand (hoof) nie maar óók met die hart en die hand. Glo is nie net die instemming met 'n aantal teoretiese waarhede nie. Hierdie kennis is terselfdertyd vertroue en dus alreeds eksistensieel (aanwesig) van aard. 'n Mens glo met jou ganse bestaan (Nel, 2000:31).

Dit is noodsaaklik dat in hierdie opsig baie duidelik onderskei word om die gevaar van dwaling vroegtydig raak te sien.

- As kennis, geloofsinhoud (quae) en vertroue, geloofsdade (qua) van mekaar geskei word, word beide aan die gevaar van **eksistensialistiese misverstaan** blootgestel en dit kan lei tot 'n oppervlakkige mensgeworde leefstyl.
- Indien geloof primêr as *vertroue* verstaan word in teenstelling met *kennis* dan kry die persoonlike geloof maklik 'n eie gewig. Dit is in stryd met die ware geloof want geloof kry dan maklik 'n **kreatiewe funksie**, wat dit nie het nie.
- Indien die *fides quae creditur* (objektiewe geloofsinhoud) nie die *fides qua creditur* (subjektiewe geloofsdade) bepaal nie maar die omgekeerde vind plaas – die *fides qua creditur* (subjektiewe geloofsdade) bepaal die *fides quae creditur* (objektiewe geloofsinhoud) – word God se genadebeloftes maklik Armeniaans as 'n algemene, ongeadresseerde aanbod verstaan. Dié ongeadresseerde aanbod ontvang eers deur die geloof sy *pro me* karakter. Dit is wanneer

die geloof, die beloftes, wat nie by voorbaat op die mens persoonlik gerig is nie, as't ware na die mens toe trek. So 'n siening kan uiteraard subjektivisties wees.

Bavinck ($1967^4$:109) sluit by Calvyn aan dat die cognitio (vasstaande kennis) sluit die fudicia (vaste vertroue) in en die fiducia is sonder die cognitio nie moontlik nie: "In beide komt het aan op de receptio Christi, dat is op het persoonlijk aannemen, niet van eene leer, maar van den persoon van Christus, gelijk Hij in het Evangelie ons aangeboden wordt; het ware geloof is in één woord die groote weldaad van het genadeverbond, waardoor wij Christus worden ingelijfd en Hem met alle zijne weldaden aannemen. Gelijk het aanbod der genade Gods in Christus aan allen gepredikt moet worden, zoo mag dat ook door allen met een kinderlijke geloof worden aangenomen." (Bavinck, $1967^4$:109.)

- *Christus is die middelpunt van die objektiewe geloofsinhoud én die subjektiewe geloofsdade. Indien die verhouding versteur word kan dit lei tot dwaalleer.*

### 7.8.1.4 Gegryp wees deur die genade van God

Die ware geloof is eerder 'n *gegryp-wees* deur die genade van Christus as 'n persoonlike gryp na die genade van die mens se kant. Die mens se gryp is egter net die refleks van jou gegryp-wees deur Christus. 'n Oorbeklemtoning van die persoonlike geloof hou die gevaar in dat die gelowige as religieuse persoonlikheid homself wil handhaaf in plaas daarvan om hom met Christus te laat kruisig. Die aanneem van Christus beteken dan dat 'n mens aanvaar dat God jou in Christus aangeneem het. Die versoening het dus 'n *extra nos* karakter – dit beteken dat iets vir jou as mens gedoen word van buite af. Geloof is om met dankbaarheid van hierdie feit kennis te neem en dit te omhels. Geloof het 'n persoonlike maar ook 'n institusionele kant, in die lig van Romeine 10:10.[102] Die evangelie is nie kollektivisties van aard nie, maar ook nie individualisties nie. Dit word soos volg verwoord deur Nel (2000:32): "Wie sy geloof bely, sing die 'liefdeslied van die bruid', maar daarom sing hy dan ook in die koor van die kerk deur die eeue. Sonder die stem van die individu word daar glad nie gesing nie, maar sonder die stem van die kerk sing die individu vals. Of sy moed begewe hom."

- *God het reeds in die daad van uitverkiesing sy kinders gegryp. Deur die geloof gryp die mens terug (actus reflexus). Dit is nie die gryp van die mens wat hom red nie, maar die gryp van God. Van buite af, van God af, word die genade in jou hart geplaas en kry jy deur die geloof deel aan die verlossing in Jesus Christus.*

[102] Romeine 10:10 "want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."

## 7.9 Die geloof as actus directus en geloof as actus reflexus en in watter mate die sillogismus practicus en die sillogismus misticus 'n rol speel in die saak van heilsekerheid.

### 7.9.1 Die instelling van die sillogismi

As dit by geloofs- en heilsekerheid kom is dit die Heilige Gees wat die gelowige ondersteun teen die aanslae van die twyfelsaaiende lasteraar, die Satan. Sonder die optrede van die Heilige Gees deur die Woord sal elke mens in die kloue van die Satan val en die sekerheid in verband met sy verlossing sal verdwyn. "De schriftelijk vastgelegde beloften in het verbondsboek" bly die basis en bron van die sekerheid (Wentsel, 1995[4a]:442). Behalwe die Heilige Gees as goddelike Helper (Parakleet) is daar nog twee hulpmiddele om tot sekerheid te kom: (a) die gemeenskap van die gemeente en (b) die selfwaarneming deur die gelowige langs die weg van *"sluitredes"* (sillogismi). Daar word nou net op die tweede hulpmiddel die sillogismi gelet. Spoedig na die eerste fase van die Kerkhervorming het die saak van geloofs- en heilsekerheid na vore getree en word die sogenaamde *sillogismi* (die sillogismus practicus en die sillogismus misticus) ingespan om op 'n indirekte wyse die sekerheid te bewerk: "Geen directe zekerheid meer, die in het geloven zelf ligt opgesloten, maar een indirecte zekerheid, die uit de aanwezigheid van (de vruchten van) het geloof kan worden geconcludeerd." (Graafland, 1976:105.) Die gelowige kan en mag uit die waarneming van die werkinge en die vrugte van die Heilige Gees in homself (sillogismus misticus) of in sy goeie werke (sillogismus practicus) tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n wedergeborene of 'n uitverkorene is (1 Kor. 15:17; 2 Kor. 13:5; Matt. 7:15-23; Joh. 15:1-7; Heidelbergse Kategismus, Sondag 32[103]; Dordtse Leerreëls, 1.12.[104] Calvyn noem ook 1 Joh. 3:14[105] en 2 Pet. 1:10[106] as bewysplekke vir die sillogismus practicus) (Weber, 1983:360).

---

[103] Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, 86. *Vraag:* Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is? *Antwoord:* Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.

[104] Dordtse Leerreëls, 1.12 Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker. Dit gebeur in verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie. Hulle ontvang hierdie versekering nie deur nuuskierig die verborgenhede en dieptes van God te probeer deursoek nie, maar wel deur in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waar te neem. Hierdie onfeilbare vrugte van die uitverkiesing is ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid ens. (2 Kor. 13:5).

[105] 1 Johannes 3:14 – "Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood."

[106] 2 Petrus 1:10 – "Daarom broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie."

"Deze methode van de zelfwaarneming en sluitrede mag echter *nooit tot de kroongetuige* van zekerheid worden." (Wentsel, 1995[4a]:443.) "According to the Canons of Dort (1619), true faith in Christ is one of the infallible fruits of election which the elect observe in themselves with a spiritual joy and holy pleasure (1.12). For many this constant spiritual introspection led to a great uncertainty concerning their salvation. Faith, however, points entirely away from itself and is as such an act concerning which we can at the most only *afterwards* detect some consequences and fruits in our deeds or feelings (*syllogismus practicus* or *mysticus*)." (Berkhof, 1979:445.) Die hantering van die sluitrede kan die groei van sekerheid bevorder: "The meaning of the term is that a syllogistic conclusion can include 'practical' elements, those which are a part of the activity or suffering of man, and thus they can lead to a practical result." (Weber, 1983:359.)

Teenoor die Rooms-Katolieke leer van die *konjekturale sekerheid*[107] waarin aangeneem word dat die gelowige van sy ewige behoud slegs maar 'n vermoede kan hê en nie volstrek seker kan wees nie, stel die Reformatore die volstrekte sekerheid. Die geloof as *actus reflexus*[108] is beskou as die vrugte van die geloof wat na buite sigbaar word, in die praktyk van die lewe, wat 'n aanduiding is van lewensheiliging. Later van tyd in die Nadere Reformasie is die geloofsrefleksie meer gerig op die werking van die geloof na binne, in die geloofsbevinding van die hart. Bavinck (1967[4]:92) omskryf die *actus directus*[109] en die *actus reflexus* só: "Tusschen den actus directus des geloofs, waardoor ik in mijne verlorenheid tot Christus de toevlucht neem, ten einde uit zijne hand de vergeving en de zaligheid te ontvangen, en den actus reflexus des geloofs, waardoor ik tot mij zelven terugkeer met die bewustheid, dat ik waarlijk de vergeving en de zaligheid deelachtig ben, kwam dus de ernstige vraag in te staan: maar geloof ik waarlijk in Christus, is mijn geloof van den echten stempel, is het niet tijdelike aandoening, die straks weer voorbijgaat, is het geen tijd- en geen historische geloof?" Onder die *actus directus van die geloof* word dus verwys na die uitgaande daad van die geloof en onder die *actus reflexus van die geloof* word verwys na die terugkerende daad van die geloof. Die *actus directus van die geloof* is die daad waardeur 'n mens vanuit homself tot Christus sy toevlug neem met die besef van sy sondeverlorenheid, met die doel om uit die hand van Christus vergewing van sonde en die saligheid te ontvang[110]. Die *actus reflexus van die geloof* is die daad waardeur 'n mens van af Christus tot homself terugkeer met die besef van sekerheid dat hy waarlik die vergewing van sondes en die ewige lewe ontvang het.

---

107 *Konjekturaal = b.nw.* Wat op gissings berus (HAT Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Reds. Odendal, F.F. & Gouws, R.H. Midrand : Perskor Uitgewers. 1387 p.

108 *Actus reflexus* van die geloof beteken: Die "wederkeerende daad des geloof".

109 *Actus directus* van die geloof beteken: Die "uitgaande daad des geloof".

110 In die nagmaalsformulier staan: *"Tog kom ons nie na die nagmaal omdat ons onsself sondeloos en volmaak ag nie; inteendeel, ons kom juis omdat ons **ons lewe buite onsself in Christus soek.**"*

Daar was tydens die eerste fase van die kerkhervorming 'n voorkeur vir die ***sillogismus practicus***, gerig op die praxis pietatis: "Maar vooral na de Dordtse Synode gaat de syllogismus mysticus steeds meer het veld beheersen, totdat zij tenslotte in de laatste periode van de Nadere Reformatie, het gereformeerde Piëtisme van de 18e eeuw, vrijwel alleen voorkomt." (Graafland, 1976:105.) Vanweë die sekerheid en betroubaarheid van die Woord van God en die God van die Woord, het die geloofsekerheid en heilsekerheid, nie in die geloof self gelê nie, maar in Hom in Wie geglo word. Uiteraard kan die gelowige met sy *fides qua creditur (subjektiewe geloofsdade)* allerlei ervaringe deurmaak. Hy kan in nood verkeer. Hy kan sê: "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" (Mark. 9:24.). Die wisseling van geloofsbelewing (swak en sterk geloof) lê aan die kant van die gelowige subjek. Daar kan stagnasie kom in die funksionering van die geloof. Die geloof kan deur die verskillende 'seisoene' van geloofsbelewing gaan – die een oomblik is dit die lentetyd van die geloof en kort daarna ervaar die gelowige die onvrugbare wintertyd van die geloof om na 'n lang worsteling in die vrugbare somertyd van die geloof te verkeer. Dit is egter iets anders as om die geloof self tot onsekerheid te verklaar. Wie die geloof na sy wese onseker noem, of nog op weg na die sekerheid is, sonder dat dit met die *fides quae creditur (objektiewe geloofsinhoud)* gegee is, doen aan die wese van die geloof tekort.

Die verskil tussen geloofsekerheid en heilsekerheid is reeds geformuleer, (Vgl. Punt 7.7.2.1). Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens. Heilsekerheid (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. As ons handel oor die heilsekerheid en geloofsekerheid word allermins gepraat van 'n sekerheid wat deur beredenering verkry word. *Geloofsekerheid* (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens wat onwankelbaar vas staan in die Woord van God. Op hierdie punt moet die gelowige net luister en is beredenering nie vanpas nie. Daarteenoor het *heilsekerheid* (certitudo salutis) betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. Op hierdie punt maak die mens, onder leiding van die Heilige Gees, dit wat hy objektief uit die Woord van God hoor, subjektief sy eiendom en leef prakties uit die waarheid van die Goddelike Woord in al die fasette van die lewe.

*Sekerheid van God en die heil* is nie 'n rasionele gebeurtenis nie (Van Amstel, 1996$^c$:713). Dit beteken dus dat die mense wat intellektueel uitstaande is nie noodwendig groter sekerheid sal hê bo die wat minder intellektueel is nie. Daarom gaan dit om geloofsekerheid en heilsekerheid en sien dit op sekerheid wat op geestelike vlak lê. 'n Sekerheid wat deur die Heilige Gees gewerk word en deur dieselfde Gees versterk word (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, Vraag 65). Waar die Heilige Gees dit werk hang dit nie af van die kwaliteite van die verstand nie, maar is dit meer 'n saak van

*geestelike insig*, "van een geestelijk zo afgesteld zijn en afgestemd zijn dat we een geestelijke intuïtie ontvangen, een antenne die opvangt wat van God is" (Van Amstel, 1996[c]:714).

### 7.9.2 Besware teen die sillogismi

Wentsel (1995[4a]:642-643) toon aan dat daar ook besware is teen die gebruik van die sluitrede:

a. *Die eerste beswaar*: Die heilsekerheid word omvat in 'n redenasie oor die saak, en die vraag is of die beredeneerde sekerheid die twyfelaar bevredig.
b. *Die tweede beswaar*: Die gebruik van die sillogismi moet afgewys word want daardeur word die grond van die heilsekerheid verplaas van die belofte na die kenmerke en hierdie ondersoekte kenmerke word dan tot die hoofgrond gemaak of selfs die enigste grond van sekerheid. Hier kom 'n versubjektivering na vore, want hoe moeilik is dit om die onderskeid aan te wys tussen die wedergeborene op sy slegste en die nie-wedergeborene of sy beste?
c. *Die derde beswaar*: Wat ook verwerp moet word is dat die gelowige uit afkeer van 'n sieklike vorm van selfondersoek sy toevlug neem tot 'n objektivisme waarin die gedistansieerde aandag gewy word aan die werk van die Heilige Gees, die geloofsontwikkeling, die behoefte aan heilsekerheid en die verskillende fases van sekerheid sonder dat dit in die lewe grondvat. "Een eenzijdige 'belofte-objectivisme' is een volstrekt onvoldoende remedie tegen een ziekelijk 'onzekerheids-subjectivisme', als de pneumatische psychotherapie word veronachtzaam." (Wentsel, 1995[4a]:643.)

## 7.10 Gronde van die heilsekerheid

Die volgende vier gronde van heilsekerheid word onderskei:

1e grond: die betroubare beloftes van God.

2e grond: die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees waarmee Hy ons geloof beseël en versterk.

3e grond: die gemeenskap en paraklesis van die gemeente.

4e grond: die Geesteservaringe, vrugte, goeie werke en ondervinding van die Christene in hierdie wêreld.

### 7.10.1 Betroubare beloftes van God

*Die eerste grond van heilsekerheid* lê in die betroubare beloftes van God. God se betroubare beloftes word heilshistories in Betlehem sigbaar toe Christus as God se Amen mens geword het (Luk. 2:10-14; 2 Kor. 1:20-22). Die beloftes omvat die heil in sy geheel, besonderlik die kindskap, die vergewing van sondes, die ewige lewe en die gawes van die Heilige Gees soos dit in die doop sigbaar afgebeeld word. Die verhoogde Christus, die Amen en getroue en betroubare Getuie (Open. 3:14) maak die beloftes aan die mens bekend deur die lees van die Heilige Skrif, en die amptelike bediening van die Woord in al sy vorme en die sakramente. Die Heilige Gees oortuig die mens daarvan dat die beloftes van God vertrouewekkend en geloofwaardig is en wek daardeur geloof in die hart. Die uitwendige, middellike getuienis van die Heilige Gees mag nie losgemaak word van die inwendige, onmiddellike getuienis nie, maar val ook nie daarmee saam nie. Alle hoorders word naamlik nie gelowiges nie: "Het Woord van God is altijd de vaste grond, waarop hij staat, maar aan deze zekerheid der waarheid heeft hij niet genoeg, Hij heeft ook behoefte aan zekerheid des heils." (Van Genderen, 1991:110.)

## 7.10.2 Die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees

*Die tweede grond van heilsekerheid* lê in die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees waarmee Hy die geloof beseël en versterk. Hier het ons dus te doen met 'n eie, eiesoortige aksie van die Heilige Gees as Parakleet en Getuie. Die tongetaal is die teken en seël van die koms van die Heilige Gees oor en in die gelowiges (Hand. 2:1-4; Hand. 10:44-48). Dit gaan om 'n direkte, *on-middel-like* getuienis en roep van die Heilige Gees in die gees van die mens. Die Heilige Gees laat die gelowige *roep* en *sing*: "Abba, Vader" (Rom. 8:15b; Gal. 4:6) en "Jesus, die Here" (Κυριος) (1 Kor. 12:3b). Die Heilige Gees getuig met ons (getuiende) gees dat ons kinders van God is (Rom. 8:16). Openlik na buite word getuig dat Christus, ons Leidsman, Redder en Here (Κυριος) is (Joh. 15:26-27; Hand. 5:32). Die Heilige Gees vervul dus 'n bemoedigende, getuiende funksie na binne (intern) en na buite (ekstern). Die Heilige Gees is die seël op die aanwesige geloof, onderpand van die toekomstige erfenis, eerste betaling van en eersteling van die beloofde skat (Ef. 1:13; 2 Kor. 1:20-22). Die Heilige Gees openbaar sig in die *algemene vrug* en die *individuele charismata* (1 Kor. 12-14).

Die betroubare beloftes van God en die on-middel-like getuienis van die Heilige Gees is die hoofgronde van die heilsekerheid omdat hulle God, die betroubare Oprigter en Instandhouer van die verbond tot Outeur het. By hierdie twee *hoofgronde* vir heilsekerheid kan nog twee newe gronde bygevoeg word, wat die heilsekerheid onderskraag, naamlik, die geloof van die gemeente en die vrugte van die Heilige Gees.

### 7.10.3 Die gemeenskap en paraklesis van die gemeente.

*Die derde (newe)grond van heilsekerheid* berus op die gemeenskap en paraklesis van die gemeente. Ons glo in die opstanding uit die dood, eerstens op grond van Christus se aankondiging en tweedens in die feit self, maar die eerste getuie gee die feit deur (1 Kor. 15:1-8). Tomas wil nie die feit van die opstanding glo nie omdat hy die getuies van die feit nie geglo het nie (Joh. 20:19-29). Paulus is na sy bekering opgevang deur broer Ananias (Hand. 9:12-19). Hy is daarna bemoedig deur die medewerking en die gebed van vele gelowiges (Rom. 15:30-33; Rom. 16:1-16; 2 Kor. 1:11 e.v.). Die gelowiges is nie geïsoleerde enkelinge nie, maar lede van 'n eeue-oue, wêreldwye gemeenskap. Die saligheid is *partikulier,* maar in die deurgee van die boodskap en die bevestiging daarin het voorouers, ouers, vriende, voorgangers 'n groot rol gespeel. Ook die kerk as *institusioneel-amptelike gemeenskap* is 'n geloof- en sekerheidfunderende medium in die hand van die Betroubare (Wentsel, 1998[4b]:655).

### 7.10.4 Geesteservaringe, vrugte, goeie werke, ondervindinge

*Die vierde, indirekte (newe)grond van heilsekerheid* is die geesteservarings, vrugte, goeie werke en ondervindinge van gelowiges in hierdie wêreld. Net die rank wat aan die wynstok vas is kan vrugte dra (Joh. 15:1-8). Die *goeie vrugte* (werke) maak bekend wie innerlik goed is (die gesonde boom). Die slegte vrugte (werke) maak bekend wie innerlik sleg is (die siek boom) (Matt. 7:13-23; Matt. 6:19-21). In hierdie lyn lê die aansporing om geestelik ryk te wees in goeie werke as goeie grondslag, θεμέλιος, vir die ewige toekoms (1 Tim. 6:17-19). Standvastigheid in geloofsvervolging is 'n teken en bevestiging van die stellige ingaan in die Koninkryk van God (Matt. 5:10-12; 1 Pet. 3:13-18; 1 Tess. 1:3-10). 'n Gelowige moet homself vanuit die Heilige Skrif toets aan sy deugdelikheid. Die kritiese Korintiërs twyfel aan die egtheid of volheid van Paulus se apostelskap. Daarom roep Paulus hulle op tot 'n eksperimentele selfondersoek van hulle eie gedragspatrone in die *pneumatiese* laboratorium om hulle eie geloofsoutentisiteit (egtheid van die geloof) te verifieer (2 Kor. 13:5a). 'n Variant op hierdie vorm van die verkryging van heilsekerheid is die "redekavelen of de reflectie". Met 'n sillogisme (sluitrede) word vasgestel of iemand seker kan wees van sy redding aan die hand van getoetste ervaringe.

## 7.11 Ware en valse sekerheid

### 7.11.1 Nugterheid word gevra

Die saak van ware en valse sekerheid is uiters aktueel in die lig van die tema van die studie. As dit gaan om heilsekerheid en heilstoe-eiening ontstaan die vraag, hoe daar tussen ware en valse heilsekerheid by die katkisante geoordeel sal kan word. Daar moet in nugterheid besin word oor hoe kan die kerk in die kategese kan waarsku teen valse heilsekerheid sonder om daardeur stelselmatig geestelike onsekerheid in die hand te werk. Tydens die Nadere Reformasie is die nadruk gelê op die persoonlike deel hê en lewe in die heil. Loonstra (1992[c]:156) maak melding van 3 moontlikhede:

a. Wie sy heilsekerheid gaan soek in die kenmerke van die ware geloof, neem die verkeerde pad, want dan keer jy terug na jou eie wisselvallige gemoedslewe. Op die gemoedslewe kan geen sekerheid gebou word nie.
b. Wie die sekerheid baseer op die Evangelie van Christus, sou homself egter ook kan bedrieg. Wie met blydskap die Woord van God aanneem, is immers daarmee nie vanself 'n ware gelowige nie. Dit sou ook om 'n tydelike geloof kan gaan wat nie standhou wanneer die verdrukking en die vervolging kom nie (Matt. 13:20-21).
c. Verder sou geloof in die belofte van die Evangelie kan bly vassteek in 'n gemaklike geloof, wat wel sonder probleme wil aanneem dat die sondes vergewe is, maar waar die geloof tog nie lewende geloof is nie (vgl. Jak. 1:19-27 en Jak. 2:14-26). Die lewe word nie daardeur verander nie, want die belydenis van geloof is nie sigbaar in die lewe van die persoon nie. Daarby ken die persoon ook nie die stryd van die geloof nie. Dit wys op 'n "geloof" sonder die band aan Christus. So 'n geloof lei tot valse sekerheid. In hierdie geval word nie gedink aan allerlei aardse sekerhede nie, "zoals het hebben van een veilig comfortabel huis en een onbedreigde maatschappelijke positie. Als mensen zoeken en zich daarmee tevreden stellen, komen zij aan de ***vraag naar die zekerheid van het heil*** niet eens toe" (Loonstra, 1992[c]:156). Dit gaan dan om valse godsdienstige sekerheid. Dit is die opvatting van mense wat dink dat hulle glo en ook wel goed lewe, en dus later ongetwyfeld na die hemel sal gaan, maar hulle het Jesus Christus nooit persoonlik leer ken nie.

### 7.11.2 Die kenmerke van ware heilsekerheid

Dit is nodig om die gemaksugtige lewenshouding wat as gemaklike geloof beskou word, want sonder probleme wil dit aanneem dat die sondes vergewe is, maar waar die geloof tog nie lewende geloof is nie, te ontmasker. Daartoe moet die verskille tussen ware en valse heilsekerheid aangetoon word. Die verskille tussen ware en vals heilsekerheid is 'n kwessie van verskil in kenmerke! Beteken dit dat die gelowige vir ware heilsekerheid moet terugval op die kenmerke daarvan? Dit is inderdaad die geval en daarteen kan niks negatief gesê word nie, mits jy goed in die oog hou dat die

geestelike sekerheid nooit op kénmerke gebou kan word nie. Heilsekerheid kan wel aan kenmerke getoets word. Die oë moet dus gevestig bly op die gepredikte Christus, en jy moet nie van Hóm af wegkyk na jou eie innerlike nie. Maar daarby moet die kritiese vraag gevra word: gaan dit werklik om Christus? Dit bring ons by die belangrikste verskille tussen ware en valse heilsekerheid.

### 7.11.3 Twee verskille tussen ware en valse heilsekerheid

As 'n mens die onderskeid wil trek tussen ware en vals heilsekerheid, kom twee verskille na vore.

#### 7.11.3.1 Die eerste en belangrikste verskil – vals heilsekerheid beskou nie die Evangelie as die lewende Woord van die sprekende God nie

'n Mens met vals heilsekerheid beskou nie die Evangelie as die lewende Woord van die sprekende God nie. Hulle sê die Evangelie is net 'n boek waarin waarheid van hoër waarde opgeneem is en waarmee jy jou sinne kan streel. Dié mense, hulle noem hulleself gelowiges, buig nie voor die Goddelike majesteit van die Woord deur die inwendige getuienis van die Heilige Gees nie. Hulle beskou die Evangelie van die genade as 'n **objektiewe mededeling** van 'n Hoërhand waaruit vrylik aangehaal kan word omdat die inhoud daarvan so mooi en strelend is. "Geloof" is hier die aanneming van die stand van sake, sonder onderwerping aan Christus wat in die gewaad van die Heilige Skrif tot die mens kom, sonder oorgawe aan sy werksame mag. Hier gaan die quae (geloofskennis) nie oor tot die qua (geloofsdade) nie.

Dit is waarom dit gaan in die verkondiging van die Evangelie. Daarin kom die heilige God ons tegemoet, sodat ons na Hom kan luister/hoor en onder sy oë kom, omdat ons voor Hom neerbuig en tot Hom opsien, en vir Hom sê: Here, genade! In hierdie ontmoeting met die lewende God mag ons ons deur Hom laat troos. Dit is die bron vir die ware heilsekerheid. Daarom is dit so belangrik *hoe* en *watter* leerinhoude van die kategese aan die kinders bedien word deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer en hoe die kinders na die verkondiging luister en daarop reageer. Dit is baie maklik om in die katkisasieklasse te sit en die kategeet te beoordeel om dan tuis vir ma of pa te vertel watter tekortkominge hy het en hoe droog sonder inspirasie die katkisasieklasse is. Dit dui aan dat die katkisant sy aandag net gerig het op die kategeet, sý woorde en sý doen en late. Dit is asof die katkisante hulle blind staar teen die figuur van die kategeet en daarmee God en sy Woord buite rekening laat.

In die kategese moet die verbondskinders duidelik onder die besef gebring word dat hulle in die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die Woorde van God hoor en in daardie Woorde die Here Self ontmoet. Dit stel die vereiste dat die kategeet die leerinhoud vanuit die Woord van God moet bring as Gód se woorde en nie die kategeet s'n nie. Die primêre aandag in die katkisasieklas is nie die aanbieding van die kategeet nie maar die Skrifgedeelte waaruit die les kom.[111] Die katkisasieles is diensbaar aan die deurwerking van die Skrifwoord in die lewe van die katkisante. Dán word daar 'n appèl gedoen op die katkisante om te luister na die les uit die Woord van God en om gehoor te gee aan die Woord van God, want dit is waarop dit neerkom. Dit vorm ook 'n inherente deel van die katkisasieles volgens die patroon van die handleiding.

#### 7.11.3.2 Die tweede verskil

##### 7.11.3.2.1 Valse heilsekerheid beskou net enkele gedeeltes uit die Bybel as God se Woord

Die tweede verskil tussen ware en vals heilsekerheid hang baie nou met die eerste verskil saam (Die eerste verskil is: 'n mens met vals heilsekerheid beskou die Evangelie nie as die lewende Woord van die sprekende God nie). 'n Mens met vals sekerheid neem net 'n deel van die Woord van God as God se woord aan; die *evangelie* word byvoorbeeld as die Woord van God aanvaar, maar nie die *wet* nie; wel die *belofte*, maar nie die *eis* nie; wel die *vergewing* maar nie die *aanklag* nie; wel die *vryspraak* maar nie die *veroordeling* nie; wel die *geloof*, maar nie die *liefde* nie; wel die *verlossing*, maar nie die *ellende* en die *dankbaarheid* nie.

##### 7.11.3.2.2 Ware heilsekerheid beskou die hele Bybel as God se Woord

Teenoor die vals heilsekerheid neem die ware heilsekerheid die hele Heilige Skrif as die Woord van God aan en hy onderwerp hom aan God van die Woord. God kom nie alleen met die *gawe* van sy liefde nie, maar ook met die *eis* van sy liefde; nie alleen met die evangelie nie, maar ook met die wet; nie alleen met die bemoediging nie maar ook met die teregwysing; nie alleen met die vryspraak nie maar ook met die veroordeling. Die ware geloof wat hom op Christus rig, onderwerp hom sowel

---

[111] In hierdie opsig moet die kategete duidelik besef dat 'n les nie gaan ***oor*** 'n sekere Skrifgedeelte nie, maar dat dit geneem is ***uit*** 'n Skrifgedeelte en dat die inhoud van die Skrifgedeelte aan die kinders onderrigtend verkondig moet word en dat hulle daaruit verkondigend onderrigleer moet ontvang. Dit is dieselfde gedagte as by 'n preek. Die prediker preek nie ***oor*** 'n sekere Skrifgedeelte nie, maar hy bedien die die Woord van God aan die gemeente ***uit*** 'n betrokke Skrifgedeelte.

aan die een as aan die ander. Dit het kennis van die ellende, van die verlossing en van die dankbaarheid.

### 7.11.4 Word getoets op grond van die Woord

#### 7.11.4.1 Die aanklag uit God se Woord

So laat die ware heilsekerheid hom toets aan kenmerke, maar al die kenmerke wys in die rigting van die afhanklikheid van God se Woord; *sola scriptura.* Die mees problematiese wat ervaar word deur die mens is ware sonde/ellendekennis. Hoe kom jy daartoe? Die antwoord is: Nie deur in jouself te wroeg en allerlei slegte gevoelens, verlangens en gedagtes na bo te haal nie. Dit lei nie tot die regte boetvaardigheid nie. 'n Dronk man, byvoorbeeld, kan vol wees van sondekennis, hy kan homself verag as 'n slapperd en 'n ellendeling wat homself en andere in die verderf stort. Hy kan skuldig voel teenoor sy medemense en selfs teenoor God, en tog kom hy nie tot verandering nie. Hy verdrink sy innerlike konflik, en daarmee volhard hy in sy kwaad. Ware sondekennis en berou is 'n verslaenheid van hart, omdat God in sy Woord tot ons kom met sy beskuldiging en sy aanklag. Die reaksie van Dawid, toe Natan hom die berig bring dat hy die man is wat egbreuk met Batseba gepleeg het en haar man vermoor het (2 Sam. 12; Ps. 51), is 'n voorbeeld hiervan. Dieselfde reaksie van verslaentheid lees ons van die mense na die Pinksterpreek van Petrus (Hand. 2:37-47). God het Jesus van Nasaret wie hulle doodgemaak het opgewek. Hierdie verslaentheid word gewerk deur die krag van God se Gees en Woord wat aan ons verkondig dat ons sondaars is. Daarin buig ons voor die Woord. Jou sonde ken jy in die eerste plek nie omdat jy *voel* dat jy 'n sondaar is nie, maar omdat die Here dit in sy Woord vir jou sê.

#### 7.11.4.2 Die troos uit die Woord van God

In dieselfde Woord sit dan ook die onuitspreeklike vertroostende, dat God sondaars met Hom versoen deur die bloed van Christus. Bowendien bevat dit die oproep dat die evangelie aangeneem en daaruit gelewe moet word. Wie so in die Woord van God sy houvas vind, mag selfs die sekerheid aangaande God se betroubare spreke in Christus terugvoer op sy ewige uitverkiesing, wat niks anders is as 'n uitverkiesing in Christus; dit wil sê dat in Christus God se verkiesende liefde tot ons kom (Ef. 1:3-6). Dit is die ware sekerheid, dat ons die hele Woord van God aanneem, nie as woord van mense nie, maar as God se Woord, wat deur die Gees werk in elkeen wat glo (1 Tess. 2:13). So kan jy uitsluitend op grond van die Woord van God met Paulus sê: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of

diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar Christus Jesus , onse Here, is nie." (Rom. 8:38-39.)

### 7.11.5 Die weg van die geloof: trapsgewys

#### 7.11.5.1 Vrede in die hart

Twee gedagtes speel in die agtergrond 'n rol:

a. Die eerste gedagte is dat die mens nie 'n onmiddellike en regstreekse sekerheid kan ontvang van wat in die hart van die Vader verborge is nie (Deutr. 29:29). God moet dit openbaar.
b. Die tweede gedagte is dat die mens trapsgewys en alleen deur die geloof tot die sekerheid kan kom.

Geloof is altyd geloof in Christus, die Saligmaker. En hierdie geloof deel in die vergewing van sondes en het die troos van die verkiesing. Dit gaan nie van die verkiesing na die geloof nie, maar die sekerheid van die geloof bring ons tot die sekerheid van God se verkiesende genade, wat aan alles voorafgaan. Die geloof in die verkiesing gee op homself geen sekerheid nie. Die geloof in Christus, tot vergewing van sondes, bied vrede vir die hart en waar vrede is, blyk die werk van die Heilige Gees.

a. Die gerustheid van die gewete is 'n uitwerking, 'n vrug, 'n innerlike kenmerk van die kindskap van God.
b. 'n Ander vrug wat ook as 'n kenmerk beskou kan word, is die gevoel, dat jy God liefhet. Die liefde tot God is 'n bewys, 'n getuienis dat Hy ons liefhet.
c. 'n Derde vrug van die geloof bestaan in die geneentheid om vurig tot God te bid.

Hierdie tekens wys op die aanwesigheid van die Heilige Gees.

#### 7.11.5.2 Warmte en lig van die son

Die helderheid van die maan is 'n bewys van die lig van die son. Wanneer klippe in die somer warm is, is dit die bewys dat die son op hulle geskyn het. Net soos sekere beweginge as getuienis dien dat die liggaam leef en dat daar 'n siel is, so is ook die getuienisse, die vrugte van die geloof, die werking van die Heilige Gees in ons. Uit die geloof en die wedergeboorte kom die vrugte voort. Dit

bepaal wat ons in ons voel, byvoorbeeld: die vrede en rus van die gewete voor God; die liefde tot God en jou naaste; die verandering van jou geneenthede, sodat jy begeer om jou lewe te verbeter en begeer om in die vrese van God te wandel; ons ywer om tot God te bid met sugtinge en vurige gebede en al dergelike vrugte van die Heilige Gees wat ons in ons voel. Dit alles is gewisse getuienisse en innerlike kenmerke dat jy waarlik God se kind is. Nie die konklusie van die geloofslogika bring sekerheid nie, maar die geloof het sy eie sekerheid in geloofsdade (Jak. 1:19-27; Jak. 2:14-26). En die tekens of die kenmerke van die geloof is "agterafkenmerke" en "agteraftekens". Hulle gaan nie voor die geloof uit nie, maar hulle volg daarop. Slegs die geloof, en niks anders nie, is in staat om dit as kenmerke waar te neem met 'n geestelike vreugde: "Dit is noodsaaklik dat versekering van uitverkiesing of heil, wel gepaard gaan met goeie werke. Daarom vind ons deurgaans 'n beklemtoning in die Skrif van die vrugte van die bekering." (Goetze, 1985:92.)

#### 7.11.5.3 Die beloftes van God

In sy Woord het God sy beloftes oorvloedig geopenbaar. Sy Woord is die waarheid. Daaruit leef die volk van God. Die hart van die mens is so arglistig dat hy self God voor sy eie karretjie wil span, om Hom iets te laat sê of nie te sê nie volgens sy Woord sodat dit kan inpas in die wil van die mens. Die mens kan homself nie red nie. God sal met sy Gees en Woord die weg moet aanwys. Anders kom ons om, en anders het ons ook geen uitsig en geen enkele troos nie. God se Woord kan deur sy smaak én hart én sinne streel. Dit is geloofstaal. Hierdie beloftes het God oorvloediglik in sy Woord geopenbaar. God se Woord is 'n skat van beloftes. Wanneer die volk van God karig leef dan is dit nie vanweë die Here nie, maar dan is dit te wyte daaraan dat die mens te weinig uit die beloftes van God lewe. Daarom lê die *gebrek aan sekerheid* nie in God nie. Hy kom met 'n oorvloed van beloftes, maar dit is die mens wat dit ignoreer. "Al wat ons ontbreek. Gee die Here as die mens daarom smeek, mildelik en oorvloedig." (Ps. 81:12b – Totiusberyming.)

#### 7.11.5.4 Belofte-kategese

As God se verbondskinders van sy beloftes wil lewe dan moet die kerk sorg dat die beloftes volledig in die kategese aan hulle bedien word. Op die *belofte* volg die *eis*. As dit in God se kerk ontbreek kry sy volk geen voedsel en geen voeding nie. Dan word dit 'n skrale toestand, ook al is daar nog soveel in die kerk "te koop". In die lewe van die geloof moet God se volk gelei word na God se beloftes om op die beloftes en uit die beloftes te lewe. Die geloof begin naamlik by die belofte, berus op die gelofte en eindig in die belofte. In die Woord van God lees ons telkens die woorde: Ek sal, Ek gee, Ek belowe, Ek skenk, Ek sorg, Ek maak. Wie waarlik geestelik wil lewe moet vanuit

hierdie beloftes van God lewe. God het tot ons troos die beloftes gegee en laat hierdie beloftes ook aan die gelowiges bedien in die prediking. God troos met wat Hy doen, met wie God is, met wat Hy beloof.

So groei daar dan sekerheid en al meer en meer sekerheid, want jy word seker van God se Woord, van Homself. Belofte-kategese lei daarom heen na God van die belofte, om Hom aan te roep. So gaan die gelowige seker weet en vas vertrou. Seker *weet* dat hulle deur God uitverkies is en *vas vertrou* dat hulle altyd 'n uitverkorene sal bly. *Vas* en *seker glo* dat hulle lewende lede van die kerk van Christus is en dit ewig sal bly. Ek weet dit alles vas en seker op grond van God se Woord wat aan my bedien word en die Heilige Gees wat God se Woord in my hart toepas. Op hierdie wyse word jy verseker van die vergewing van sondes en die ewige lewe, daarom kan jy dit Sondag na Sondag met oortuiging in die erediens bely (In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21 en 22 word dit breër uiteengesit wat daarmee bedoel word). *Belofte-kategese* is *troos-kategese*. En die troos het die gelowige in die sonde-gebrokenheid van die lewe daagliks nodig. God se volk moet leer om al meer en meer te lewe uit hierdie beloftes wat ewig vasstaande is.

### 7.11.5.5 Die getuienis van die Heilige Gees

Waar die Heilige Gees dit werk hang dit nie af van kwaliteite van die verstand nie, maar is dit meer 'n saak van *geestelike insig*, "van een geestelijk zo afgesteld zijn en afgestemd zijn dat we een geestelijke intuïtie ontvangen, een antenne die opvangt wat van God is." (Van Amstel, 1996[c]:714.) Die Heilige Gees vernuwe die mens en verseël God se kinders met die oog op die ewige toekoms. Die saak van die verseëling van die Heilige Gees as dit kom by die saak van geloofsekerheid en heilsekerheid, is van die allergrootste belang (vgl. Hfs 6). Die Heilige Gees is ten nouste daarmee betrek. Dit is die Heilige Gees wat die geloof in die hart werk. Maar dit is ook die werk van die Heilige Gees waardeur die gelowige tot die sekerheid van die geloof kom en al meer kom. Die gelowige is in geheel op die werk van die Heilige Gees aangewys en ten volle van hierdie werk van die Heilige Gees afhanklik. God sê: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus." (Rom. 8:16-17.)

As die Heilige Gees in die lewe van die mens werk is die eerste waarvan die mens oortuig word die sonde. Die oortuiging is so sterk dat die mens glo dat hy nie 'n kind van God is nie en ook nooit kan wees nie. Die mens staan voor die onmoontlikheid maar terselfdertyd word ook na die kindskap van God verlang. Om kind van God te wees word begeerlik en noodsaaklik omdat die Heilige Gees in die hart werk. By die ware sondebesef kom die wete dat 'n groot wonder nodig is om kind van God

te word. Dit lê nie in die vermoë van die mens nie, daarom is dit God alleen wat hierdie saak kan bewerk.

Die Heilige Gees gaan nie op 'n buite-bybelse wyse die sekerheid in jou oor fluister of 'n spesiale openbaring vir jou gee nie – nietemin wag sommige mense daarop. Die Heilige Gees bring jou so digby die Woord van God dat jy inderdaad dig by God is. Jy word na God toe gelei. Dit is die enigste weg. Die Heilige Gees werk in die hart van die mens. Hy open die hart vir die Woord van God en Hy open die Woord van God vir ons hart. Hy gaan die Woord van God in die hart van die mens toepas. Daarmee gaan die Heilige Gees nie hier en daar 'n teks uit die Woord van God neem om 'n vonk in jou hart te laat ontspring nie: "Maar het is veel rijker, want we hebben niet een tekst uit dit Woord, maar heel het Woord gekregen en komen er nooit meer klaar om het helemaal te verstaan." (Van Amstel, 1996[c]:714.) Die mens moet buig voor die héle Woord van God en gehoorsaam word aan die héle Woord van God. So word jy al meer en meer oortuig dat die Woord van God die volle waarheid is.

### 7.11.5.6 Kinderlike vrees

Die gevolg van die werk van die Heilige Gees in die hart is dat die mens meer en meer tot die gebed kom: 'n eenvoudige kinderlike gebed; 'n totale afhanklikheid van God. So ontstaan kinderlike vrees. Soos 'n kind vertrou jy God en jy gaan jou meer en meer aan Hom toevertrou. Die Heilige Gees leer jou om die Woord van God na te praat net soos ouers hulle kinders leer om "mamma" en "pappa" te sê. Namate die kinders ouer word gaan hulle al meer en meer die inhoud en betekenis van die woorde leer. So kom jy geestelik tot die sekerheid dat jy God as jou Vader mag ken en Hom ook Vader mag noem. As jy eenmaal as die kind van God aangeneem is, verstoot Hy jou nooit weer nie. Waar egte geloof is, is sekerheid. Tog kom daar momente van twyfel en onsekerheid.

### 7.11.5.7 Die sekerheid kwytwees

Mens kan die sekerheid kwyt wees en as gevolg daarvan ontredderd voel. Dis is so dat die gelowige die sekerheid vir 'n tydperk kan verloor. Die vraag is of jy dit weer deur middel van die Woord van God kan terug kry. In die Woord van God laat die Here sien wat daar in die lewe van die gelowige kan gebeur. Daarin openbaar die Here ook aan ons die stryd van die geloof en van die gebrek aan vertroue, en aan die ontbrekende sekerheid.

### 7.11.5.8 Die oorsake van twyfel

Twee oorsake kan genoem word vir gelowiges wat in twyfel verval:

### 7.11.5.8.1 Die oorsaak in die mens self

Die mens verval in twyfel, en selfs twyfel*s* – meer as eenkeer se twyfel. In die woordjie *twyfel* sit die woord *twee*, vandaar die "twee-stryd". Jy hink op twee gedagtes (1 Kon. 18:21) en is in wese 'n "twee-mens", waardeur jy geslinger word van links na regs, tussen die ou en die nuwe mens (Van Amstel, 1996$^c$:779). Twyfelende mense word heen en weer geslinger en weet nie wat die regte weg is nie. By Calvyn is te lese dat die twyfel byna nooit weg is nie, maar tegelyk kan hy sê dat die geloof ook nooit heeltemal weg is nie. In die gelowige se hart is die versekerdheid met twyfel deureen gestrengel (Van Amstel, 1996$^c$:779). Dit is duidelik dat die twyfel nie deel is van die geloof nie. Geloof is sekerheid. Maar twyfel is wel 'n deel van die gelowige. Dit sit nie in die geloof nie, maar in die gelowige. Want twyfel staan in verband met die vlees: "We kunnen ze zelfs de twijfelingen van het vlees noemen." (Van Amstel, 1996$^c$:779.) Dit word met ander woorde veroorsaak deur die vlees; wat tot die vlees behoort is sonde (Rom. 7). Hierdie twyfel kan daarom nooit goedgepraat word nie en seker ook nie verheerlik word nie, ook al lewe jy in 'n tyd van twyfel, waarin die stimuli tot jou uitgaan om te twyfel aan die waarheid.

Die geloofslewe weet van al die twyfelings: twyfel oor die belofte van God, twyfel oor die Woord van God, twyfel oor die Godsregering en twyfel oor die Godsleiding, twyfel oor die genade, twyfel oor God se guns, twyfel oor die noodsaaklikheid en die verhoring van gebede. "Twijfel is een geweldige woekerplant, die ondergronds doorwerkt en die altijd de beste sappen aan het geloof onttrekt." (Van Amstel, 1996$^c$:779.)

### 7.11.5.8.2 Die oorsake van buite

Sware aanvegtinge is 'n volgende oorsaak van die twyfel. In die slot van die Heidelbergse Kategismus word drie doodsvyande genoem, wat alles in die werk stel om die kinders van God in hulle geloof dood te maak.[112] Die Satan is die groot vyand van God en daarom ook die vyand van die kinders van God. (Vgl. Petrus, Timoteus word aangemoedig om die goeie stryd te stry. Ef. 6 noem die wapenrusting van die geloof. Dink aan Paulus volgens 2 Korintiërs 12. Verder Job. Ps. 31:23. Ps. 22. Ps. 116.) Wanneer God *beproef, versoek* die duiwel (kyk: Ons Vader). God se kinders deel nie

[112] Sondag 52, *Vraag* 127 – Wat is die sesde bede? *Antwoord*: *En lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose*. Dit is: Ons is in onsself so swak, dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie totdat ons eindelik die oorwinning ten volle behaal.

altyd in die sekerheid van die geloof nie. Hierdie toestand lê nie in die geloof nie, maar is te wyte aan faktore buite die geloof. Geloof sluit elke twyfel buite, maar in die gelowige tref 'n mens merendeels twyfel aan, selfs allerlei twyfels.

### 7.11.5.9 Op jou gevoel afgaan

Wat is die *sekerheid van die gevoel*?

- Sekerheid van die gevoel rus op die mens se *gewaarwordinge* van die werking van die Heilige Gees.
- Sekerheid van die geloof rus op die *beloftes van God*, die sekerheid van die gevóél op wat die mens ontdek as die werk van die Heilige Gees in hom.

Abraham voel nie toe hy dink in die rigting van Eliëser uit Damaskus nie; en ook nie toe hy daaraan dink om 'n kind te hê by Hagar die slavin nie. Dit was *ongeloof* wat hom in hierdie situasies gedryf het, toe hy slegs moes vashou aan die beloftes van God, al voel hy hoegenaamd niks van die vervulling daarvan in sy binnenste nie.

Soms kan die gevoel van God se nabyheid gemis word in die lewe van die gelowige. Dan sê die mens nie vanuit die ervaring dat dit vir hom goed is om naby God te wees nie. Hoogstens kan die mens sê: dit was vir my goed, of dit sal goed wees as God naby my is. Maar ook as die gevoel weg is of nie funksioneer nie, dan is die wortel van geloof nog nie weg(geneem) nie. Gelowiges voel soms niks en kan in die war raak. Deur siekte kan jy die gevoel verloor, trouens, ook deur die gebruik van medisyne. Dit maak mense soms wanhopig en hulle voel dan asof God hulle verlaat het. Wanneer kinders van God meer op hulle gevoel wil let eerder as om op die Woord van God en sy belofte te vertrou, raak hulle vir hulle gevoel die sekerheid kwyt. Dan moet op die troos van die Here gekonsentreer word.

### 7.11.5.10 Die verkiesing en die sekerheid van die heil

#### 7.11.5.10.1 'n Vaste grond

Ons uitverkiesing beteken dat ons heil op 'n genadige keuse en beslissing van God berus. Die relevante vraag hier is die waar die beslissing oor die heil van die mens val:

- Val dit eksklusief in God self, in sy verkiesende optrede of val dit – teen die agtergrond van die beginnende genade van God – in die menslike beslissingsvryheid? Hang ons heil van God se beslissing af of ons eie?
- Meestal streef die mens na 'n sintese en trag hy om die goddelike genade en die menslike vryheid as twee faktore harmonies met mekaar te verbind.
- Die tema van die sintese loop soos 'n rooi draad deur die geskiedenis van die dogma heen.
- Daar is allerlei variasies binne die sirkel van die sintetiese sinergisme.

By een van die belangrikste vorme van die sinergisme word die inisiatief wel by God gelê, maar word dit as die aandeel van die mens beskou, dat die genade van God effektief word en werklik tot die heil lei. Calvyn het dit al 'n dwaling genoem, dat die mens tot 'n medewerker van God gemaak word, sodat hy deur sy instemming die verkiesing bekragtig (Institusie, 3.24.3).

In die sinergisme sien ons met Berkouwer 'n teologiese vormgewing van die verset teen die soewereiniteit van die genadige God (1955:49). Ook vir die fundering van ons heil het hierdie standpunt ernstige gevolge. Dan het dit geen vaste grond meer nie, want die menslike medewerking is en bly 'n onsekere faktor.

Die Heilige Skrif leer ons anders. Ons dink aan wat in die tradisie die goue ketting van ons heil genoem word. Ons roeping, regverdiging en verheerliking vloei daaruit voort, dat God ons tevore geken het en ons tevore bestem het tot gelykvormigheid aan die beeld van sy Seun (Rom. 8:29-30). Daarmee word tot uitdrukking gebring, dat God se keuse nie volg op of afhanklik is van wat ons doen nie, maar dat dit daaraan vooraf gaan en daarvan onafhanklik is.[113] Die geloof en die regverdiging het alles met die uitverkiesing te doen, maar ook die volharding in die geloof en die heiliging. Heiliging is die doel van die verkiesing (Calvyn, Institusie, 3.23.12). Dit neem nie weg dat die hoogste doel die verheerliking van God is nie (Ef. 1:12; 1 Pet. 2:9-10).

### 7.11.5.10.2 Sekerheid van die verkiesing

[113] Hier en in die samehang van Romeine 8 en 9, net soos in Romeine 9 en 10, blyk dat regverdiging en verkiesing met mekaar verbonde is. Dit is bekend dat H.F. Kohlbrugge meen dat die Dordtse Sinode (1618/1619) sig deur die Remonstrante "had laten verschalken door de aandacht af te laten brengen" van die regverdiging om in plaas daarvan die uitverkiesing in die middelpunt te plaas. Graafland (1987, 402, 594-602), Jonker (1989, 112-114) en andere stemme met Kohlbrugge. Mens moet egter daaraan dink, dat by 'n direkte konflik oor die regverdiging ook afgewys moes word dat die mens daarby van sy kant moet voldoen aan die kondisie, dat hy glo. Daar gaan die Dordtse Sinode teen in met die belydenis, dat die geloof 'n gawe van God is. Hulle wat glo is met die geloof begiftig. Dit is wat juis in die leer van die verkiesing tot uitdrukking gebring word (Dordtse Leerreëls, 1.5-7).

Die verkiesing en die heilsekerheid staan met mekaar in direkte verband. 'n Perikoop soos Romeine 8:31-39 vorm 'n eenheid met wat daaraan voorafgaan (Rom. 8:29-30). Die sekerheid van ons verkiesing is nie 'n ander sekerheid as die sekerheid van ons heil nie. Dit is 'n sekerheid wat ons alleen deur die geloof ontvang. Op geen ander manier kan die mens tot heilsekerheid kom as net deur die geloof nie. Daar sal dus onderskei moet word tussen geloofsekerheid en heilsekerheid.

Rome leer dat niemand met 'n onbedrieglike geloofsekerheid kan weet dat hy God se genade ontvang het nie. 'n Mens kan nie weet wie God verkies het anders as 'n spesiale openbaring nie. Die verskil oor die sekerheid van die verkiesing bring ons by die brandpunt van ons konflik met Rome. As ons heil nie alleen van God se genade afhang nie, maar dat dit mede bepaal word deur ons disposisie en ons medewerking, is daar geen volstrekte sekerheid moontlik nie. Die kerk vorm met haar genademiddele vir die Rooms-Katolieke 'n teenwig teen die permanente onsekerheid, maar die gelowiges "de garantie geven", dat hulle vir ewig geborg sal wees, "kan zij niet". En wie ontvang die spesiale openbaring, wat nodig is om verder te kom? [114] *Die weg om tot die sekerheid te kom is duidelik.* Ons vind die sekerheid van ons verkiesing alleen in Christus, want in Hom is ons verkore. Daarom sê Calvyn dat Christus dus die spieël is, waarin ons ons verkiesing behoort te sien en dit sonder bedrog kan doen. Bullinger sluit in hierdie opsig by Calvyn aan. Ons het voldoende duidelikheid en vaste sekerheid, dat ons in die boek van die lewe opgeskryf is, wanneer ons gemeenskap het met Christus (Institusie, 3.24.5).

Behalwe die roeping, word die geloof, die regverdiging en die heiliging deur Calvyn as tekens, getuienisse of bewyse van die verkiesing gesien (Institusie, 3.14.18 & 19). "Slegs wanneer die mens reeds 'n geloofsdokument het, kan dit ondersteun word deur hulpmiddels en bevestigende tekens." (Goetze, 1985:90.) Die hart van 'n Christen rig sig geheel op die belofte van die onverdiende regverdigheid. Die werklikheid van die nuwe lewe word in die lig van die deurwerking van die liefde van God gesien. So word dit in 1 Johannes 3:1, 14 en 16 bedoel. Dit word soms 'n *sylyn* genoem. Om sonder meer op die woord van die belofte te vertrou sou vanweë die dubbele predestinasie nie alleen die hele las van die heilsekerheid kan dra nie. [115]

---

[114] Die sinergisme (wat inherent is aan die leer van Rome) verseëling met die Heilige Gees, vind ons in 'n enigsins ander vorm terug by die Remonstrante. Hulle leer dat die vaste troos van die ware gelowige in hierdie lewe weggeneem word en dat die twyfel, wat eie is aan die pousgesindes, weer in die kerk ingevoer word. Die ware gelowige kan egter van hulle ewige heil verseker wees en is dit ook, namate hulle vas glo, dat hulle ware en lewende dele van die Kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergewing van sondes en die ewige lewe het (Dordtse Leerreëls, 5 verwerping 5; 5.9). Maar bring die sekerheid nie sorgloosheid mee nie? Blykens die Besluit van die Dordtse Sinode volgens die Dordtse Leerreëls is die gereformeerdes verwyt dat volgens hulle die uitverkorenes nie hinder insake hulle heil nie ten opsigte van hoe hulle lewe nie. Dit word deur die kerk ten sterkste teengespreek (DL 1.13, 5.13). Die sekerheid of die versekerdheid van die verkiesing lei inteendeel tot ootmoed en ware godsvrug, tot vurige wederliefde jeens God en bestendige blydskap in God (DL 1.13; 5.12). Calvyn skryf in dieselfde gees daaroor (Institusie, 2.23.12).

[115] Ten opsigte van die *dubbele predestinasie* gaan dit om die uitverkiesing en die verwerping. Die verwerping word dan gesien as die teendeel van die uitverkiesing. Calvyn noem dit 'n groot en moeilike vraagstuk (Institusie, 3.21.1).

Ons het hier te maak met die funksie van die *praktiese sillogisme*. Daarmee word vir die heilsekerheid iets afgelei uit die werk van die Heilige Gees in die vernuwing van ons hart en lewe wat geloofs- en heilsekerheid kan bewerk (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 32 en die Dordtse Leerreëls, 1.12). Daar word gesê dat die uitverkorenes van die ewige verkiesing tot saligheid verseker word, as hulle die onmiskenbare vrugte van die verkiesing, soos in die Woord van God aangewys, met geestelike blydskap en heilige vreugde waar te neem".[116] Daar is nie 'n stem uit die hemel nie. Die heilsekerheid vloei nie voort uit een of ander spesiale openbaring wat sonder die Woord van God of daar buite om geskied nie (Dordtse Leerreëls, 5.10).

In sy Institusie van die Christelike Godsdiens, Boek 3, skryf Calvyn oor die wyse waarop die mens deel kry aan die heil in Christus. Hy noem dit "Die manier waarop ons die genade van Christus ontvang, die voordeel wat dit vir ons inhou, en die resultaat daarvan." Daarmee word aangetoon dat God iets het om die mens aan te bied en dat die mens in 'n toestand verkeer wat verander word deur dit wat God gee. God het dus iets om te gee en in die sondige mens is iets wat Hy wil wegneem. "En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binnenste gee; en Ek sal die hart van klip verwyder en hulle 'n hart van vlees gee." (Eseg. 11:19); "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. (Jes. 1:18.)

## 7.12 Samevatting

Tot die slotsom is gekom dat geloofsekerheid en heilsekerheid van mekaar verskil. Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die objektiewe waarheid van die godsdiens wat onwankelbaar vas staan in die Woord van God. Op hierdie punt moet die gelowige net luister en nie redeneer nie. Daarteenoor het heilsekerheid (certitudo salutis) betrekking op die subjektiewe deelname in die heil

Verkiesing (predestinatio) en verwerping (reprobatio) word genoem twee dele van die ewige besluit van God. Die woord "verbygaan" word ook gebruik (DL 1.15) en NGB, artikel 16 meld dat God regverdig is "deurdat Hy die ander in hulle val en verderf *laat bly* waarin hulle hulleself gewerp het." As verkiesing en verwerping op dieselfde wyse onder die begrip predestinasie val en dus gekoördineer word, word die verwerping as die keersy van die verkiesing gesien en omgekeerd.

116 Hierdie paragraaf is in die teologie hewig gekritiseer. Mens moet egter daarmee rekening hou, wat die agtergrond daarvan is – dat daar volgens die Remonstrante geen vrug, geen besef en geen sekerheid van die verkiesing is nie. Vrugte van die verkiesing is daar egter wel; die gelowiges kan dit self waarneem en dit is van belang by heilsekerheid. Daarmee het die vrugte van die verkiesing nie die eintlike grond van die sekerheid geword nie (Dordtse Leerreëls, 5.9 & 10). In die sewentiende en agtiende eeu word dit wel gangbaar om by die kenmerke en vrugte van die verkiesing te begin. Dit sien ons nie alleen by hulle wat tot die Nadere Reformasie en tot die gereformeerde piëtisme gereken word nie, maar ook by ander outeurs. Dit hang saam met 'n toenemende aandag vir die subjektiewe ervaring. Maar dit het tot gevolg dat die mens geneig is om hierby op homself te sien, terwyl sowel op direk Bybelse as op teologiese gronde gesê moet word, dat ons op Christus moet sien. Calvyn sê (Institusie, 3.24.4). Indien ons God se Vaderlike sagmoedigheid en sy hart, wat gunstig is teenoor ons, soek moet ons in die eerste plek die oë tot Christus wend, in wie alleen die Vader se hart rus (Matt. 3:17).

van die Here. Op hierdie punt maak die mens, onder leiding van die Heilige Gees, dit wat hy objektief uit die Woord van God hoor, subjektief sy eiendom en leef uit die waarheid van die Goddelike Woord:

- Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die objektiewe waarheid van die heil.
- Heilsekerheid (certitudo salutis) het betrekking op die subjektiewe deel in die heil van die Here.

Geloofsekerheid en heilsekerheid verskil van mekaar want elkeen het sy eie inhoud en dinamika, maar geloofsekerheid en heilsekerheid is in so 'n mate op mekaar gerig dat heilsekerheid nie sonder geloofsekerheid kan bestaan nie.

Geloof is 'n aktiwiteit van die mens. Met geloof in die hart doen die mens iets. Sy doen word gerig deur die geloofsinhoud wat hy besit. Daarby is geloof 'n persoonlike saak. Geloof is aan die een kant objektiewe geloofskennis en aan die ander kant is geloof subjektiewe geloofsdade. Die objektiewe geloofsinhoud lê buite die mens in die Woord van God waaruit die mens dit verkry. Die subjektiewe geloofsdade lê in die mens as 'n reaksie op die geloofsinhoud, die antwoord wat bestaan uit geloof en bekering. Geloof het twee kante: kennis en vertroue, en die een kan nie sonder die ander nie. Gelykelik moet die kind van God aan albei pole vashou anders word die een kant ten koste van die ander kant oorbeklemtoon wat die oorsaak is van 'n valse objektivisme of subjektivisme. Christus is die middelpunt van die objektiewe geloofsinhoud én die subjektiewe geloofsdade. Indien die verhouding versteur word kan dit lei tot dwaalleer. God het reeds in die daad van uitverkiesing sy kinders gegryp. Deur die geloof gryp die mens terug (actus reflexus). Dit is nie die gryp van die mens wat hom red nie, maar die gryp van God. Van buite af, van God af, word die genade in jou hart geplaas en kry jy deur die geloof deel aan die verlossing in Jesus Christus.

In die volgende hoofstuk word gefokus op die toe-eiening van die heil wat tot dusver bespreek en verduidelik is.

HOOFSTUK 8

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

# OP DIE TOE-EIENING VAN DIE HEIL

HOOFSTUK 8

## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP TOE-EIENING VAN DIE HEIL


| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Probleemstelling | 302 |
| 8.2 | Die doel van hoofstuk 8 | 302 |
| 8.2.1 | Hoofstuk 4, 5, 6 en 7: 'n terugskouing | 302 |
| 8.2.2 | Hoofstuk 8: 'n vooruitskouing | 303 |
| 8.3 | Voorafondersoek | 303 |
| 8.3.1 | Die Bybelse gegewens | 303 |
| 8.3.2 | Heilstoe-eiening in die briewe van Paulus | 303 |
| 8.4 | Verwerwing en toe-eiening van die heil | 306 |
| 8.4.1 | Die subjekte van die heilstoe-eiening | 306 |
| 8.4.2 | Samevatting met betrekking tot die heilsverwerwing | 307 |
| 8.5 | Heilstoe-eiening deur die Heilige Gees | 307 |
| 8.5.1 | Die Heilige Gees gebruik die Woord as middel | 307 |
| 8.5.2 | Kategese is heilsbemiddeling | 308 |
| 8.5.3 | Heilstoe-eiening gebeur nie outomaties nie | 310 |
| 8.5.4 | Die versekering van die Heilige Gees | 311 |
| 8.5.5 | Samevatting ten opsigte van die Heilige Gees se werk | 312 |
| 8.6 | Die verbondskind eien toe deur die geloof | 312 |
| 8.6.1 | Die aard van die geloof | 312 |
| 8.6.2 | Geloof is die sentrale punt | 315 |
| 8.6.3 | Verkondiging en geloof | 303 |
| 8.6.4 | Verkondiging en geloof betrokke op Jesus Christus | 316 |
| 8.6.5 | Die geloof kom uit die verkondiging | 316 |
| 8.6.6 | Geloof en ervaring | 317 |
| 8.6.7 | Geloof en roeping | 318 |
| 8.6.8 | Die verhouding objektiewe heil en subjektiewe geloofsdaad | 319 |
| 8.6.9 | God se soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid | 321 |
| 8.6.10 | Geloof en menslike verantwoordelikheid | 321 |
| 8.6.11 | Verantwoordelikheid tot heilstoe-eiening. | 323 |
| 8.6.12 | Passief en aktief | 325 |
| 8.6.12.1 | Belofte en eis van die verbond | 325 |
| 8.6.12.2 | Geheim van die menslike verantwoordelikheid | 326 |
| 8.6.12.3 | Die mens werk nie met die genade nie | 327 |
| 8.6.12.4 | Die posisie van huigelaars | 329 |
| 8.6.12.5 | Die Woord en die saligmakende werk van die Heilige Gees | 330 |
| 8.6.13 | Verseëling met die Heilige Gees en heilstoe-eiening | 331 |
| 8.7 | Samevatting | 332 |

# HOOFSTUK 8
# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP TOE-EIENING VAN DIE HEIL

## 8.1 Probleemstelling

Die probleemstelling wat in die studie ondersoek word is die vraag hoe die gelowige deel kry aan die verlossing in Jesus Christus en van die verlossing seker kan wees. Dit gaan dus om heilsekerheid en heilstoe-eiening en die vraag of die kategese as middel kan dien om dit te bereik.

## 8.2 Die doel van hoofstuk 8

### 8.2.1 Hoofstuk 4, 5, 6 en 7: 'n terugskouing

Alvorens toe-eiening van die heil in hierdie hoofstuk aan die orde kom, word hieronder kortliks eers aangedui wat die strekking was van die bespreking ten opsigte van die heil in die voorafgaande hoofstukke.

- Die gelowige staan in 'n apolêre verbondsverhouding tot God, soos in hoofstuk 4 en 5 vasgestel is. God is vrymagtig in sy besluit oor die mens se ewige heil. Tog hef God nie die verantwoordelikheid van die mens ten opsigte van sy heil op nie. God verwerklik die heil op 'n ordelike wyse in die lewe van sy uitverkore kinders. Dit is God die Vader wat die heil *beskik*, God die Seun wat die heil *verwerf* en God die Heilige Gees wat die heil *bedien*. Deur middel van die geloof realiseer God die heil in die lewe van die mens.

- In hoofstuk 5 en 6 is bevind dat die verseëling met die Heilige Gees onontbeerlik is as dit kom by heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die band tussen geloof en verseëling kan nie verbreek word nie. Waar die geloof kom, daar sit God sy seël van die Heilige Gees in die hart en daar plaas Hyself sy *eiendomsbewys*. Efesiërs 1:13 leer dat die *geloof* direk lei tot die *verseëling met die Heilige Gees*. Verseëling beteken dat die Heilige Gees in die gemeente en in elke gelowige bevestig wat van God se kant reeds onwankelbaar vas is.

- In hoofstuk 7 is tot die slotsom gekom dat geloofsekerheid en heilsekerheid van mekaar verskil. *Geloofsekerheid* (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens wat onwankelbaar vas staan in die Woord van God. Op hierdie punt moet die gelowige net luister en nie redeneer nie. Daarteenoor het *heilsekerheid* (certitudo salutis) betrekking op die *subjektiewe deelname* in die heil van die Here. Op hierdie punt maak die mens, onder leiding van die Heilige Gees, dit wat hy objektief uit die Woord van God hoor, subjektief sy eiendom en leef uit die waarheid van die Goddelike Woord.

### 8.2.2 Hoofstuk 8: 'n vooruitskouing

In hoofstuk 8 moet vasgestel word hoe heilstoe-eiening plaasvind en hoe verbondskinders in die kategese daartoe begelei kan word deur die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer van God se Woord aan hulle.

## 8.3 Voorafondersoek

In hoofstuk 2 is in die breë daarop gelet hoe die woord *toe-eiening* van die heil in die Bybel gebruik word. Die resultaat word kortliks saamgevat.

### 8.3.1 Die Bybelse gegewens

a. Vir die begrip *toe-eien* word in die Ou Testament drie woorde gebruik: לָקַח = neem, vat, gryp; אָחַז = gryp; תָּפַשׂ = gryp. Onder andere word aangedui dat לָקַח die betekenis van "appropriate", toe-eien het.

b. In die Nuwe Testament gee λαμβάνω en δέχομαι die aksie van toe-eiening weer. λαμβάνω se kernbetekenis is om iets met die hand te neem, om iets onder jou beheer te neem, om te vat, om dit jou eiendom te maak. δέχομαι beteken om iets te neem of te ontvang.

c. In beide die Ou en Nuwe Testament beteken toe-eiening dat jy iets wat buite jou is neem en dit deel maak van jou. Heilstoe-eiening beteken dat jy die heil wat Jesus Christus deur sy soenlyde en dood verdien het jouself toe-eien, jou eie maak, daaruit lewe.

### *8.3.2 Heilstoe-eiening in die briewe van Paulus*

#### 8.3.2.1 Heilshistories en heilsordelik

In 2 Korintiërs 5 verkondig God deur die pen van Paulus dat "een vir almal gesterf het" (vs. 15), "die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword" (vs. 17), en God het "in Christus die wêreld met Homself versoen" (vs. 19). Dit is die ***heilshistoriese***[117]. Maar Paulus het ook die ander sy beskrywe dat God "die bediening van die versoening" toevertrou het aan die apostels deur wie die roepstem kom "laat julle met God versoen" (vs. 20). Dít is die ***heilsordelike***[118]. Dit gaan om die bekendmaking van die verlossing in Jesus Christus in *heilshistoriese* sin, en die wyse waarop die verlossing en versoening in Christus werklikheid word in die lewe van God se uitverkore kinders by wyse van 'n *heilsordelike* weg.

Die bepalende uitgangspunt van die nuwe lewe van die gelowige is nie die **nuwe skepsel** nie maar die **nuwe skepping**. "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." (2 Kor. 5:17.) Dit beteken dat die nuwe mens tot die nuwe skepping behoort (Ridderbos, 1966:224). Hiermee word bedoel dat die nuwe wêreld van die herskepping, met die koms van Jesus Christus en met die uitstorting van die Heilige Gees aangebreek het en dat die uitverkorenes daaraan deel het (Floor, 1982: 213).

In die Nuwe Testament sal ons tevergeefs soek na 'n **heilsordelike sistematiek** (Quist, 1989:9): "De anthropologische betekenis van het heil vindt niet alleen in Christus haar grond, maar wordt in haar verschillende facetten ook uit hetgeen in en met Christus geschied is 'afgelezen' en benoemd. Het gevolg is, dat er in Paulus' prediking niet so iets te vinden is als een heils-ordelijke systematiek, een uitgewerkte leer van de anthropologische toepassing van het heil." (Ridderbos, 1966:224. Die ontstaan, die wording van die geloof word deur Paulus, en ook deur die ander skrywers van die Nuwe Testament na sy psigologiese gang beskrywe. Bavinck (1918[3]:682) skryf in hierdie verband: "Wedergeboorte, geloof, bekering, vernuwing, enz. duiden hier toch menigwerf geen opeenvolgende momenten op de heilsweg aan, maar vatten de ganse verandering, die in een mens plaatsgrijpt, in een enkel woord samen."

As die vraag gevra word op watter wyse die gelowige in Christus gesterf het en opgewek is, is daar in die Nuwe Testament nie 'n heilsordelike sisteem nie: "Gemeenschap met Christus laat zich niet denken buiten de gekruisigde Christus om; het is een gemeenschap met Hem die zich in de dood heeft overgegeven en uit de samenleving is weggedaan in het stille graf. Het is allereerst dat gebeuren van de Goede Vrijdag dat door de doop wordt vastgelegd en in onze levengeschiedenis ingedragen wordt." (Trimp, 1985:39.) Dit is die doop wat van die gemeenskap spreek: "Hij

[117] Vgl. punt 5.4.2 Heilshistories.
[118] Vgl. punt 5.4.3 Heilsordelik.

verankert onze levensgang in de stervens- en levensgang van Christus en draagt de heilsgeschiedenis van de drieënige God in onze levensgeschiedenis binnen." (Trimp, 1985:39.) Die doop het 'n besondere plek ten opsigte van die heilstoe-eiening. Doop en geloof vorm die weg of die middel waardeur die objektiewe heilshistoriese werklikheid in die lewe van die mens 'n subjektiewe lewende geloofswerklikheid word (Kol. 2:12; Rom. 6). Die heil is die groot heilshandele van God, wat in die Woord van God opgeskryf is. Verkondiging is nie net die weergee van 'n berig, mededeling van feite nie, "maar proclamatie van de heilsdaden van God in Christus" (Quist, 1989:16).

### 8.3.2.2 Plek van die heilsorde

In die studie gaan dit nie primêr om die volledige heilsorde nie daarom word dit nie behandel nie. Die kernvraag is: *Hoe word die heil van Christus voor ons neergesit en in ons lewe toegepas?* (Quist, 1989:10). Velema (1989:43) wys daarop dat "bij de toeëigening van het heil gaat het in het bijzonder om de weg die de Geest met de mens gaat, die in het heil deelt. Daarbij heet het er tegelijk om dat het Woord het middel is, terwijl in dat Woord zelf over de toeëigening van het heil gesproken wordt" Hoe moet die gelowige daarna gryp, daaruit lewe, daarvan geniet? Dit is die belangrike vraag! In kort: Hoe kry jy deel aan die heil? Uit die wet of uit die prediking van die geloof? (Rom. 10:6-8). Paulus bedoel hier die verkondiging van die Woord van God wat die geloof tot inhoud en tot doel het. Aan die Romeine skryf Paulus: "Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig." (Rom. 10:8.) en aan die Filippense: "dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie." (Fil. 1:27.)

Dieselfde gedagtes vind ons ook in Johannes 20:31[119] en 1 Johannes 1:3[120].

### 8.3.2.3 Samevatting met betrekking tot die voorafondersoek

- In die briewe van Paulus word heilstoe-eiening nie as 'n afsonderlike tema behandel nie; tog hang die saak van die heil nie in die lug nie maar word die eie maak van die heil telkens beskryf. Paulus gee in sy briewe nie 'n heilsordelike uiteensetting nie, maar die wekroep om vanuit die heil te lewe kom herhaaldelik na vore.

---

[119] Johannes 20:31 – "... maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam."

[120] 1 Johannes 1:3 – "... wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."

## 8.4 Verwerwing en toe-eiening van die heil

### 8.4.1 Die subjekte van die heilstoe-eiening

Die toe-eiening van die heil geskied teen die agtergrond van die *heilsbeskikking* as werk van God die Vader; die *heilsverwerwing* as werk van God die Seun en die *heilsbediening* as werk van God die Heilige Gees. Die *heilstoesegging* en *heilstoe-eiening* is as deel van die heilsbediening, die werk van God die Heilige Gees in die gelowige. Onder heilstoesegging word verstaan God se belofte en onder heilstoe-eiening word verstaan die deelagtigmaking van die belofte. Die gelowige het sy verlossing in Christus. *God se heil is die gelowige* ***toegesê***. Die geloofsaktiwiteit van die mens word nie uitgedruk in die begrip verwerwing nie maar deur die begrip **toe-eiening**. Dit gaan om die verhouding tussen die objektiewe verwerwing en die subjektiewe toepassing van die heil (Bavinck, 1967³:492). Die verwerwing en die toepassing van die heil kan nie van mekaar geskei word nie. Verwerwing kom voor toe-eiening, want die heil wat toege-eien moet word is *verworwe heil*. Die heil wat Christus deur sy soenlyde en dood verwerf het moet prakties deel word van die verbondskind se volledige lewe deur die geloof: "De toepassing des heils is een even wezenlijk bestanddeel van de verlossing als de verwerwing." (Bavinck, 1967³:520.) Die vervlegting van die heilsverwerwing en die heilstoepassing spreek duidelik in die trinitariese formule by die doop. Die *Vader* het die genadeverbond met ons opgerig, die *Seun* het ons in sy bloed gewas en die *Heilige Gees* eien ons toe wat ons in Christus het. As die kategeet in die ruimte van die katkisasielokaal besig is met onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Woord van God, staan hy van meet af aan onder die belofte dat die Heilige Gees sy kategetiese optrede wil gebruik as Hy die heil in die lewe van die verbondskinders toepas: "We mogen geloven dat in, met en onder ons werk, Gods werk en Woord herscheppend plaatsvindt en zo het heil wordt geschonken." (Verboom, 1989:73.) Op hierdie moment skakel die Heilige Gees die mens in. Hy glo nie in ons plek nie, Hy lei ons tot geloof sodat jy deur die geloof by Christus ingelyf word en die heil jou toe-eien as jy op die wyse deel het aan sy weldade. Die heilstoe-eiening val op tweërlei wyse uiteen:

a) *Die **Heilige Gees** is Subjek van die heilstoe-eiening* en eien ons die heil toe: "We hebben met God Zelf, en dan speciaal met de Geest als Subject van de toeëigening te doen." (Velema, 1989:43.) Die Gees eien ons die verworwe heil toe, sorg dat dit deel word van ons praktiese lewe. Hy is die Trooster. Maar van die werklike troos kan geen sprake wees buite die gemeenskap met die opgestane Christus nie. Daarom is die Gees die band met Christus. Hy lê die band deur self in ons te woon en so woon Christus ook deur die geloof in ons harte. Die

Gees maak ons die heil wat Christus verwerf het deelagtig deur ons dit toe te eien deur die geloof wat Hy in die mens werk (Rom. 10:17).

b) *Die **mens** is ook subjek van die heilstoe-eiening.* Dit is mense op wie die Heilige Gees sy toe-eienende werk rig. Hulle is die ontvangers van die heil. Die ***gelowige*** is derhalwe ook subjek van die heilstoe-eiening "**maar niet op dezelfde manier als de Geest Subject is**" (Velema, 1989:44). Die gelowige doen, deur die opstandingskrag van Christus en deur die wederbarende krag van die Heilige Gees, sy eie werk, naamlik, die werk van die geloof: tog bly dit die werk van God dat ons glo. Die toe-eienende krag word verbind aan die waaragtige geloof. Ek kan my die geregtigheid van Christus nie anders toe-eien nie as **net deur die geloof** nie (Heidelbergse Kategismus, Sondag 23, Vraag en antwoord 60).

Hierdie tweërlei aspekte mag nooit van mekaar losgemaak word nie. God beskik oor sy Gees. Die Gees is God en Hy stel Hom ten dienste van die mense maar bly Goddelike Subjek. Die Gees van God eien ons sondige mense die heil toe. Dit is egter ook waar dat die Heilige Gees sy toe-eienende werk op die mens rig, wat maak dat die mens ook subjek van die heilstoe-eiening is deur sy eie geloofsaktiwiteit.

### 8.4.2 Samevatting met betrekking tot die heilsverwerwing

- Christus het in opdrag van sy hemelse Vader die heil, die verlossing in sy volheid vir die uitverkore kinders van die Vader, deur sy lyde en kruisdood verwerf. Op geen ander manier kon die heilsverwerwing volgens God se wil plaasvind nie. Die heil wat Christus verwerf het moet die mens se eiendom word. Dit geskied deur heilstoe-eiening. Daar is sprake van twee "subjekte" as dit by heilstoe-eiening kom: die *Heilige Gees* eien toe en die *gelowige* eien homself die heil toe deur die *geloof*.

Agtereenvolgens gaan gelet word op die heilstoe-eiening deur die Heilige Gees en die mens deur die geloof.

## 8.5 Heilstoe-eiening deur die Heilige Gees

### 8.5.1 Die Heilige Gees gebruik die Woord as middel

"De bediening van het verbond in deelachtigmaking van het beloofde heil geschiedt door de Heilige Gees." (Brienen, 1993:34.) By (heils-)**toe-*eiening*** gaan dit in die besonder en allereerste om die weg van die Heilige Gees met die mens wanneer in die heil gedeel moet word (Velema, 1989:43). Die

Heilige Gees gebruik die Woord van God as genademiddel om tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het.[121] Op dié manier kom die uitverkore kinders van die Vader in besit van die weldade wat Jesus Christus aan die kruis verwerf het. In Handelinge 8:26-40 hoor ons iets van die orde wat die Heilige Gees gebruik in die realisering van die heil in die lewe van die hofdienaar van Ethiopië. 'n Engel stuur Filippus na die pad tussen Jerusalem en Gasa waar 'n man van Ethiopië besig is om te reis. Hy was op sy terugreis van Jerusalem na sy eie land en het die profesie van Jesaja gesit en lees, maar dit nie verstaan nie. "En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan hom verkondig." (vs. 35.) Die man kom tot geloof in die Here Jesus Christus (vs. 37) en word deur Filippus gedoop (vs. 38). Hy het sy weg met blydskap verder gereis. "Hier zien wij iets van de orde van God, waarvan Paulus in Romeinen 10:17[122] spreekt." (Van Genderen, 1993:37.) Toe die Emmausgangers (Luk. 24:13-35) nie kon verstaan wat alles met Jesus gebeur het nie het Hy "begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." (Luk. 24:27.)

## 8.5.2 Kategese is heilsbemiddeling

In die kategese word die evangelie van Jesus Christus deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien. So is God die Heilige Gees aan die werk in die heilsbediening. Christus bied Homself deur die evangelie aan. Die *belofte* van die evangelie hou in dat die Heilige Gees geloof in die verbondskinders wil werk want deur die geloof word hulle in Christus ingelyf en neem sy weldade aan (Heidelbergse Kategismus, antwoord 20[123]). Die betekenis van die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer moet na regte waarde geskat word. Kategese is nie "sondagskool" nie, nie 'n verheerlikte "godsdiensonderrigperiode" of 'n formele "bybelkundeklas" nie. Kategese is nie 'n aktiwiteit waardeur die kategeet (of hulp-kategeet) in 'n paar minute 'n oorsig gee van die "les" deur dit net maar vir die kinders oor te vertel en daaroor vrae te vra nie. Kategese is ***heilsbemiddeling***. Alle vorme van verkondiging[124] is by uitstek die middel waardeur die Heilige Gees die heil uitdeel. Dus: God bedien Hom onder andere van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders van sy keuse tot geloof en bekering (Mark 1:15) tot heilstoe-eiening te bring. Op dié wyse word die beloftes en die eise van die verbond aan die kinders voorgehou. So ontvang hulle die indikatief en die paraklese van die verbond. Dit is die metode waardeur die fides quae creditur (die objektiewe geloofsinhoud) aan hulle bedien word en hulle opgeroep word tot die

[121] Vgl. pt 5.8.5.3; 5.15.

[122] Romeine 10:17 "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God."

[123] 20. *Vraag:* Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het? *Antwoord:* Nee; maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.

[124] Dit is prediking, kategese, pastoraat, evangelisasie, sending.

fides qua creditur (die subjektiewe geloofsdaad). Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord (Velema, 1947:116; Polman, s.a.:315). Verboom (1989:81) beskryf die katkisasielokaal as "de werkplaats van de Heilige Geest. Langs de middellijke weg mag het zo komen tot de heilstoeëigening."

In die kategese vind heilsbemiddeling plaas as weg tot heilstoe-eiening. Dit is nie so dat die kategeet in die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer *ook* te doen het met die aspek van heilstoe-eiening nie. Die kategese is die voertuig van die heilswoord wat geskied (Verboom, 1989:71). Die kategeet se kategetiese optrede staan in diens van die heilsbemiddeling en dus ook in diens van die heilstoe-eiening. Die kategeet bedien God se heil van versoening en vernuwing met amptelike volmag, gegrond op die Woord van God. Die kategeet se taak is nie net om die leerinhoud van 'n les of 'n aantal lesse aan verbondskinders oor te dra nie. Die kategeet moet ook met die verbondskinders saam worstel tot heilstoe-eiening, dit is die eie maak van die heil, die toepassing van die heil in die lewe van elke verbondskind. Die kategeet moet die verbondskind onderrig tot geloofsbeoefening en hom ook daarin help. Dit bestaan uit die omgang met God deur sy Woord en die geloofsbelewing in die wêreld. Die daad van die geloof in die heilstoe-eiening is 'n persoonlike saak. Die kategeet kan die heil nie vir die verbondskinders toe-eien nie, maar hy kan hulle wel begelei op die weg daartoe. Hy moet dit doen in die Naam van die Here, Jesus Christus.

Die kategese is saam met die prediking die middel waardeur die heil aan die verbondsgemeente bedien word. So ontvang die bondelinge die aanbod van genade. Die Heilige Gees verkondig en deel die heilsweldade deur die verkondiging van die heilige evangelie uit (Matt. 28:19; Kol. 1:9-14; 1 Pet. 1:22-23). Kategese is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, amptelike bediening van God se Woord, deur die kerk, aan die verbondskinders in hulle verskillende leeftydsfases. As woordbediening is kategese *woord-opening, woord-ontsluiting, woord-vertolking* en *woord-toepassing* op 'n eie unieke wyse vir God se verbondskinders in die gemeente in hulle besondere lewensomstandighede en leeftydsfases.

Verboom (1989:81) dink "aan de situasie dat de toeëigening van het heil van kinds af via een organische weg, vervlochten met de gewone groei van het leven, tot stand komt". As daar in die latere lewe dan probleme kom met betrekking tot die heilstoe-eiening, "dan is dat nogal eens het gevolg van een onbijbelse, ongezonde ontwikkeling in hun groeiproces en de begeleiding daarvan door ouders en anderen" (Verboom, 1989:81). Die dooplidmate van die gemeente is kinders van die verbond aan wie die Here die belofte van die heil toegesê het. In die doop is die werklikheid van die belofte aan die kinders beteken en verseël. Die ouers en die kerk het die taak om die verbondskinders die waarde en betekenis van die verbond te leer verstaan en om die

verbondsweldade hulle toe te eien. Dit is die Heilige Gees wat die ouers, die kerk, die middele van woordverkondiging gebruik om die verbondskinders daartoe te bring. *Alles wat met onderrigleer in die kerk te doen het, hang met dié uitgangspunt saam.*

Die katkisasielokaal is die werkplek van die Heilige Gees. Langs dié middellike weg kan die kinders kom tot heilstoe-eiening. Wat aan geloofsvorming in die kinderjare bygebring is, kan later uitgroei tot 'n gesonde geloofslewe. Die heil moet in 'n voortgaande onderrigleerproses telkens weer en weer toege-eien word as 'n wonder van God se genade: "Zo rijpt het leven, ontrukt aan de machten van verderf, naar de God gegeven bestemming namelijk om mens van God te wees, tot alle goeie werke volmaak toegerus (2 Tim. 3:17)." (Verboom, 1989:81.) Kategese is uitsluitlik kerklike onderrigleer, die amptelike onderwysende arbeid van die kerk. Dit is egter onderrig in die sin van verkondiging en mededeling van die Woord van God by wyse van onderrigleer aan 'n bepaalde groep mense: die verbondskinders. In die kategese leer die kind die inhoud van die Bybel en die belydenis en al lerende word die inhoud daarvan hulle eie. Die heil in Christus mag in 'n voortgaande leerproses telkens weer toege-eien word as 'n wonder van God se genade.

### 8.5.3 Heilstoe-eiening gebeur nie outomaties nie

Die toe-eiening van die weldade van Christus vind nie outomaties plaas nie. Dit is nie so dat as die heilsboodskap deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskind bedien word dat heilstoe-eiening vanselfsprekend, outomaties plaasvind nie. Dit is die vryheid van die Heilige Gees om die heil ons toe te eien (Velema, 1989:45). Die toe-eiening of deelagtigmaking van die heil is die werk van die Heilige Gees (Heidelbergse Kategismus vraag 53[125]). Die Heilige Gees is aan die gelowige gegee met geen ander bedoeling, as om ons Christus en sy weldade deelagtig te maak nie. En die toe-eiening geskied deur 'n ware geloof wat die Heilige Gees in die harte van die verbondskinders werk. Die weldade van Christus is nie los, stuk-stuk verkrygbaar nie. Dit word slegs ontvang wanneer Christus self ons deel is (Heidelbergse Kategismus Sondag 7 Vraag 20 – *"deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word"*). Die saligheid word afhanklik gemaak van die inlywing in Christus en die inlywing geskied deur die geloof. Nie alle mense word salig nie maar net die wat deur 'n ware geloof by Christus ingelyf is *"en al sy weldade aanneem."*

[125] 53. *Vraag:* Wat glo jy van die Heilige Gees? *Antwoord:* Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.

### 8.5.4 Die versekering van die Heilige Gees

In verband met die werk van die Heilige Gees ten opsigte van die toe-eiening van die heil hoor ons in die doopsformulier: "As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word."[126]

God beskik oor sy Gees. Die Heilige Gees is die goddelike Subjek van die heilstoe-eiening. Hy stel sy Gees ten dienste van die mense maar bly Goddelike Subjek. Die Gees van Christus eien die sondige mense die heil toe: "Daarnaast is het evenzeer waar dat het mensen zijn op wie de Geest Zij toeëigenend werk richt. Zij zijn degenen die door de Geest bewerkt worden. Zij zijn dus de ontvangers van het heil." (Velema, 1989:44.) In die lewe van die verbondskinders gaan die *belofte* en die *eis* saam. Die belofte hou vir God se kinders verpligtinge in: "Het Zijn verbindende beloften." (Van Genderen, 1993:37.) Die beloftes lê 'n roeping, 'n verantwoordelikheid op die bondelinge. Hulle moet die Drie-enige God aanhang, vertrou en liefhê met hulle hele hart, met hulle hele siel, met hulle hele verstand en met al hulle kragte; hulle moet van die wêreld afsien, hulle ou natuur doodmaak en 'n godvrugtige lewe lei (Doopsformulier). Die mens word tot ***geloofsaktiwiteit*** opgeroep. Die mens *glo*, hy *bekeer* hom, hy *leer amen sê* en die heil *aanvaar*, hy *leer skuld bely* en *hoop* en *inwillig*. Die mens *aanbid* en *verwag*, hy is *verheug* en *vol hoop*. Met hierdie werkwoorde word die werksaamhede van die mens aangedui. Aktiwiteite word omskryf "waarbij zij het subject zijn" (Velema, 1989:44). Wie hier die onderwys van die Heilige Skrif verstaan, gaan lewe; nie om die lewe as't ware in eie hande vas te hou nie, maar om steeds meer en meer die diepe woord van die apostel te onderskryf: Christus wat ons lewe is (Joh. 6:52; Joh. 14:6; Gal. 2:20). Dit kom alles neer op die toepassende werk van die Heilige Gees. Indien die saak van (heils-)**toe-*eiening*** verwaarloos word verarm die geloofslewe en dreig die gevaar van vanselfsprekendheid en verbonds- of geloofsoutomatisme en word geen geestelike leiding in die kategese (ook die prediking) gegee nie. Dit maak die weg oop vir intellektualisme en formalisme.

[126] Die Dathenus-vertaling van die doopsformulier is vollediger: "In de derde plaats, daar wij in die naam van de Heilige Geest gedoopt worden, zo wordt ons beloofs, dat de Heilige Geest tot in eeuwigheid de Leraar en Trooster van ons en van onze kinderen wil zijn. Hij maakt ons tot ware leden van het Lichaam van Jezus Christus. Het doel daarvan is, dat wij aan Christus en al zijn goederen, tesamen met alle lede van de van de christelijke kerk gemeenschap hebben. Op die manier wordt er tot in eeuwigheid niet meer aan onze zonden gedacht. En ook de zonde en zwakheid, die in ons nog over blijft wordt hoe langer meer gedood. En in ons wordt een nieuw leven begonnen, dat ten slotte in de zalige opstanding (waarin dit ons vlees aan het verheerlijkt lichaam van Christus geldijkvormig zal zijn), in ons volkomen geopenbaard zal worden." Die vertaling van Dathenus van die doopsformulier is te vind in die Kerkorde van Palts, 1563 en afgedruk in d'Assonville, 1981:99.

God maak ons Self deur sy Heilige Gees die skatte van sy verbond en van die Middelaar van die verbond deelagtig. In Johannes 16 sê die Here Jesus Self, dat die Heilige Gees sy volgelinge die weg tot die volle waarheid sal wys (vs 13). Die Heilige Gees eien ons toe wat ons in Christus, die Middelaar van die verbond het, en dit is alles wat ons tot behoud en vernuwing nodig het: wysheid, regverdigheid, heiliging en verlossing (1 Kor. 1:30). Hoe maak die Heilige Gees ons die beloftes deelagtig? Die Heilige Gees bedien Hom van die middele van die genadeverbond: die verkondiging van die Woord en die sakramente (Hand. 8; Hand. 16; Rom. 10:13-17). Ons hoor in Romeine 10 dat die toe-eiening plaasvind deur die geloof. God vra om *inwilliging, toe-eiening, aanvaarding* en *toepassing* van sy heilsboodskap deur die bondeling. Uit die beloftes en na die aard van die beloftes, vloei die noodsaaklikheid van 'n gelowige aanneem daarvan voort. Die genadeverbond wil ons lei tot die gemeenskap met God en Christus deur die geloof.

"Zo is dit verbond bestemd om in de kracht van God door de bondeling bewust en vrijwillig aanvaard en bewaard te worden." (Bavinck, 1967[3]:211.) Kerk en ouers het die taak om die verbondskind "te leren de waarde en betekenis van het verbond te verstaan en de verbondsweldade toe te eiegenen" (Verboom, 1989:81). Dit is nie die menslike aspek van die verbondsonderrig (ouers en kategete) wat dit bewerk nie, maar dit is die Heilige Gees wat dit doen en die ouers en kategete in hierdie proses wil gebruik as instrumente.

### 8.5.5 Samevatting ten opsigte van die Heilige Gees se werk

- Die Heilige Gees gebruik die Woord van God as genademiddel om tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het. Die Heilige Gees verkondig en deel die heilsweldade deur die verkondiging van die heilige evangelie uit. Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord. God bedien Hom van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders tot geloof en bekering tot heilstoe-eiening te bring. Die Heilige Gees eien ons toe wat ons in Christus, die Middelaar van die verbond het. Die toe-eiening geskied deur 'n ware geloof in die harte van die verbondskinders te werk.

## 8.6 Die verbondskind eien toe deur die geloof[127]

### 8.6.1 Die aard van die geloof

127 Vgl. pt 4.3.8 – 4.3.10.

#### 8.6.1.1 Geloof en die evangelie

Die noue betrokkenheid van die geloof op die evangelie bepaal ook die *aard van die geloof* op meer as een manier.[128] Uitgaande van die evangelie as ***heilsboodskap*** is die geloof te kwalifiseer as *vertroue* en *oorgawe* (Quist, 1989:20). Ridderbos (1966:261) voer aan: "Men kan daarbij uitgaan van de inhoud van het evangelie, als heilsboodskap en het geloof dan vóór alles typeren als geloofs-overgave en geloofs-vertrouwen, speciaal in zijn tegenstelling met het vertrouwen op de werken der wet. Men kan ook meer formeel, zijn uitgangspunt nemen in het evangelie als heils-*boodskap,* waardoor het geloof vooral als geloofs-*gehoor*-zaamheid naar voren treedt". *Dít* is 'n saak van die hart (Rom. 10:9), kennis van die gees, beide begrippe wat die mens in sy sentrale selfbepaling aandui. Geloof is die afsien van vertroue op enige menslike prestasie, met name van die werke van die wet-as-heilsmiddel. Dit is oorgawe aan God se genadevolle heilswerk in Christus. Daarin is medebegrepe die *wete* om te leef en te mag deel in die krag van God tot deurwerking van die nuwe lewe in die mens, "deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het" (Kol. 2:12). As *hoop* is die geloof gerig op die toekoms wat God toegesê en gewaarborg het (Rom. 8:24). In hierdie bedeling van die **"alreeds"** en die **"nog nie"** val die nadruk op die krag, die sekerheid en die oorwinning wat toegeken word in die nuwe lewe as lewe uit die geloof en in die hoop, dan verder op die voorlopige openbaring van die nuwe lewe en van die nuwe mens (Rom. 8:23; Rom. 7:24).

#### 8.6.1.2 Geloof is nie 'n voorwaarde nie, maar 'n gawe

Die geloof is nie 'n voorwaarde vir die totstandkoming van die verbond nie. Die verbond kom nie tot stand deur die geloof van die mens nie. Die verbond gaan eensydig van God uit en gaan die geloof vooraf. Die geloof is 'n gawe wat in die verbond deur God aan die mens gegee word (Ef. 2:8). Die voorwaarde van die genadeverbond is nie gehoorsaamheid nie, maar geloof.[129] Hiermee word bedoel dat die geloof geen **voorwaarde** is om in die verbond te kom of die beloftes van die verbond te ontvang nie, maar dit is die **weg** *waarlangs die mens die toegesegde, beloofde heil deelagtig word.* God het sy Seun tot Middelaar verordineer. God beloof die ewige lewe. Die wyse waardeur jy dit ontvang is die geloof in Jesus Christus. Die inhoud van God se Woord verhoed ons om van die geloof ooit te praat as 'n prestasie van die mens, 'n prestasie wat deur die mens gelewer

---

128 Vgl. pt 4.3.7.

129 Aanvanklik het die Gereformeerdes vrymoedig van die voorwaardes van die verbond gepraat. Calvyn skryf in sy Institusie (4.15.17): "Hulle is dus slegs in die verbond wat God eenmaal met hulle in die besnydenis gesluit het, op *voorwaarde* dat hulle hulle sou bekeer." "Maar toen de de natuur van het genadeverbond dieper ingedacht werd en tegen Roomschen, Lutherschen en Remonstranten moest verdedigd worden, voelden velen daartegen bezwaar en vermeden dit spraakgebruik" (Bavinck, $1967^{3}$:211 voetnoot 2).

moet word as voorwaarde vir die toegang tot die heil. Die geloof is die weg, die wyse hoe die mens die verworwe en toegesegde heil deelagtig word. Die geloof is die eerste en die mees wesenlike, wat die Heilige Gees ons leer in verband met die inwilliging van die verbond. Die Bybel self stel hierdie samehang van die beloftes en die geloof en die volgorde van God wat eers aan ons alle heil in Christus kom belowe en op grond daarvan beveel dat dit wat belowe is in die regte geloof aangeneem en jouself toege-eien moet word.

### 8.6.1.3 Regverdiging is 'n saak van toerekening

Van belang is die Sondagsafdeling in die Heidelbergse Kategismus wat handel oor die regverdiging[130]. Regverdiging is 'n saak van toerekening. God skryf die geregtigheid van Christus op ons rekening, soos Hy op Christus se skouers die skuld en die vloek van die gelowige gelê het. Ons sonde word Hom toegereken en die skuldbrief van ons sonde het Hy aan die kruis vasgeheg (Kol. 2:14). Nou word in gemeenskap met Christus, en nimmer daarbuite, die onskuld en die geregtigheid van Christus ons **toegereken** en **geskenk** (Vraag 60). Daarom vra vraag 59: Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo? Die bate van die geloof word dan genoem: ***Dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe.*** Drie belangrike punte word hier aangeraak:

a. Dat ek in Christus is.
b. Dat ek in Christus regverdig is.
c. Dat dit nie 'n kwessie is van geregtigheid vir die mense nie maar van geregtigheid voor God. Ons sondes is Hom toegereken. Nou word die onskuld en geregtigheid van Christus ons toegereken en geskenk.

Hierdie drie dinge hang onderling saam. Watter plek neem die geloof hier in? Wat is die funksie van die geloof? Is dit 'n nuwe gehoorsaamheid, wat in die plek kom van die oorspronklike geregtigheid? Die geloof is 'n leë hand waarvan gesê word, dat ek die geregtigheid van Christus op geen ander manier kan aanneem en dit myself kan toe-eien as nét deur die geloof nie. So spreek Sondag 23 oor

---

[130] Sondag 23. **59.** *Vraag:* Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo? *Antwoord:* Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is.
**60.** *Vraag:* Hoe is jy regverdig voor God? *Antwoord:* Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus; só dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem.
**61.** *Vraag:* Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is? *Antwoord:* Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie.

die toe-eiening van die heil. Ek kan nie anders as om deur die geloof die geregtigheid, wat deur Christus verwerf is en in die evangelie my geskenk is, toe-te-eien deur die geloof nie.

## 8.6.2 Geloof is die sentrale punt

In die Nuwe Testament en veral by Paulus is die sentrale begrip die geloof. Immers, alles wat in die Woord van God tot ons kom, kan ons slegs deur die geloof ontvang. Op hierdie punt word die kategese 'n saak van die uiterste belang. As Paulus handel oor die ontstaan, die oorsprong van die geloof verwys hy voortdurend na die oorweldigende krag van die **woordverkondiging.** Natuurlik is dit 'n saak van die **Heilige Gees.** Die mag van die Woord is die mag van die Heilige Gees. Dit kan nie nagelaat word om ook te wys op die plek en betekenis van die **doop** as dit by die toe-eiening van die heil kom nie. Doop en geloof vorm die weg of die middel waardeur die heilshistoriese werklikheid (objektiewe geloofsinhoud) 'n lewende geloofswerklikheid (subjektiewe geloofsdade) word (Kol. 2:12; Rom. 6). "Tesamen vormen zij aldus de weg of het middel, waardoor de heilshistorische werkelijkheid tot een existentiële geloofswerklijkheid wordt." (Ridderbos, 1966:233.)

## 8.6.3 Verkondiging en geloof

Geloof en verkondiging is aan mekaar verbonde. Waar daar gehandel word oor die verhouding van die evangelie en die mens tref ons dikwels die woorde geloof en glo aan. So is Paulus in Romeine 1:1 "afgesonder tot die evangelie van God;" en in vers 5 "om geloofsgehoorsaamheid te verkry." In die evangelie word God se geregtigheid geopenbaar uit geloof tot geloof (vs. 17). Dit het "God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo te red" (1 Kor. 1:21).

In 1 Korintiërs 15 word die verbinding selfs drie keer bevestig:

a. Eerstens in verse 1 en 2: "Ek maak julle die evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan, waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het."
b. Tweedens in vers 11: "So preek ons en so het julle geglo."
c. Derdens in vers 14: "En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof."

Heel kompak staan dit in Galasiërs 1:23 – "Hy wat ons vroeër vervolg het, verkondig nou die geloof wat hy vroeër besig was om uit te roei." In Galasiërs 3:2 skryf Paulus oor die ontvangs van die Gees: "Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?" Paulus bedoel hier die verkondiging van die Woord van God wat die geloof tot inhoud en tot doel het. Aan die Romeine skryf Paulus: "Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig" (Rom. 10:8) en aan die Filippense: "dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie" (Fil. 1:27).

### 8.6.4 Verkondiging en geloof betrokke op Jesus Christus

Dat Paulus *verkondig* en *glo* dikwels in een asem noem, is nie toevallig nie. Die verwantskap tussen *verkondig* en *glo* is 'n inhoudelike verwantskap. Beide word gekenmerk deur hulle betrokkenheid op Christus. Ook van die *regverdiging* en die *versoening* kan gesê word, dat beide sowel inhoud van die verkondiging en voorwerp van die geloof is (regverdiging – 2 Kor. 5:20-21; Rom. 3:21-22; versoening – 2 Kor. 5:18-20; Rom. 3:25). Paulus verkondig Jesus as die gekruisigde (1 Kor. 1:23v), Hy wat uit die dood opgewek is (1 Kor. 15:12), die κυριος (2 Kor. 4:5). Die evangelie kan kortweg genoem word "die evangelie van Jesus Christus" (Rom. 15:19; 1 Kor. 9:12; 1 Tess. 3:2). Daarmee is Jesus Christus aangedui as **Verkondigde** en as **Verkondiger**.

As ons die Bybelse uitsprake oor **die verkondiging** met dié oor **die geloof** vergelyk is die *ooreenstemming* opvallend.

- "Jesus is die Here", *bely* jy met die mond (Rom. 10:9a).
- "God het Hom uit die dood opgewek", *glo* jy met die hart; (Rom. 10:9b).
- "Want ons *glo* dat Jesus gesterwe en opgestaan het" (1 Tess. 4:14).
- "So *preek* ons en so het julle *geglo*" (1 Kor. 15:11).

Die gekruisigde en opgewekte Christus staan sowel in die middelpunt van die **verkondiging** as die middelpunt van die **geloof**.

### 8.6.5 Die geloof kom uit die verkondiging

Paulus dui op die geboorteproses van die geloof: "Die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom. 10:17). God verkondig dat die mens op geen ander manier tot geloof kom as net deur die verkondiging van die Woord nie. Die evangelie is ook die onmisbare

voorwaarde vir die ontstaan van die geloof (Rom. 10:13-17). In die bekende Galasiërs 3:2 en 5 skryf Paulus: "Het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?" Dit gaan dus om die **prediking van die geloof** waarin Christus as die gekruisigde geskilder word. Verkondiging is nie maar net die weergee van 'n berig, die mededeling van feite nie, maar dit is 'n gesagvolle proklamasie van die heilsdade van God in Christus: "Zij is geschiedend, scheppend woord, dat schenkt wat het aanbiedt." (Quist, 1989:16.) Die geheim hiervan is, dat die woord van die kategete, nie hulle eie woorde is nie, maar woorde van God, wat werksaam is in die gelowige (1 Tess. 2:13; 1 Kor. 4:15). Dit is 'n werkende woord, wat mense in hulle totaliteit aangryp en verander. Wanneer die gesante van Christus sê, "laat jou met God versoen", dan is dit God wat deur hulle mond vermaan (2 Kor. 5:20).[131]

In hierdie verband moet daar veral gedink word aan dié uitsprake waarin die woord van die kruis of die evangelie genoem word "**die krag van God**" (1 Kor. 1:18 & 24; Rom. 1:6). 'n Krag wat in die mens die geloof werk en die gelowige uit die evangelie laat lewe. Daar word ook gesê dat die evangelie op die krag van God rus (1 Kor. 2:5) ook genoem die krag van die Gees (1 Tess. 1:5). Dieselfde skeppende woord van God, waardeur Hy die ganse skepping in aansyn geroep het, beweeg ook die hart tot geloof en maak hom 'n nuwe mens (2 Kor. 4:6).

### 8.6.6 Geloof en ervaring

Die Woord "wil geloofd en beleefd worden" (Velema, 1989:53). Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word (Velema, 1989:48). Ons sit "met deze studies in elk geval midden in de zaak, medias in res. Ze behoren bij wat de Geest doet in het hart van een zondaar. Ze zijn ervaringen zonder welke het deel hebben aan het heil niet denkbaar is" (Velema, 1989:51). Geloof is *lewe* en daarom ook *belewe*. Geloof impliseer *ervaring*, want die mens in wie se hart die geloof gewerk is, moet uit die geloof lewe. Die ervaring kan nader omskryf word (a) as ervaring van die geloof, (b) as lewe met God deur Christus en in die krag van die Heilige Gees, (c) as kennis van en diens aan God, (d) as kennis van onsself (soos Calvyn in die begin van sy Institusie skryf) onlosmaaklik verbonde met die kennis van God, as die belewing van Bybelse woorde soos regverdiging en heiliging, as die geloof in al sy gestaltes (positief en negatief) (Velema, 1989:42).

Toe-eiening van die heil gaan nie buite die gebruik van Woord en sakramente om nie. Samevattend kan gesê word dat die toe-eiening van die heil te make het met:

[131] Vgl. pt 4.3.2.2.2.3 en 5.4.3.1.

- Die *Gees* wat die heil aan sondaars toe-eien.
- Die *Woord* as middel waardeur die Heilige Gees die toe-eiening van die heil aan 'n mens tot stand bring.
- Die *heil* wat deur die Heilige Gees aan sondaars toegepas word.
- Die *mens* aan wie die Heilige Gees die heil toe-eien.

Ten opsigte van heilsekerheid en heilstoe-eiening moet daar nie vir die ervaring van die geloof teruggedeins word nie. Daar moet egter gewaak word dat die ervaring nie tot norm gemaak word in die kategese nie. As die ervaring tot norm gemaak word sal die ervaring die struktuur van die evangelie bepaal wat deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien word. Dit is in stryd met die evangelie self. Dan ontwikkel skeeftrekkinge, eensydigheid, halwe waarhede en dwalinge.

Dit gaan ook om die *verantwoordelikheid van die mens* in die heilstoe-eiening en ook die *ervaringe wat die mens opdoen* as die Heilige Gees in hulle werk. Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word (Velema, 1989:48). Dit gaan in heilstoe-eiening om die **toepassing** van die heil in die mens in al die relasies waarin hy staan. Die toepassing van die heil "is een even wezenlijk bestanddeel van de verlossing als de verwerving" (Bavinck, 1967[3]:520), en toe-eiening van die heil "raakt inderdaad de ervaring van de gelovige. Men kan ook zeggen: zij raakt de bevinding" (Velema, 1989:4). Geloof is 'n teken van die lewendmaking deur die Heilige Gees en die lewe van die verbondskinders moet daarvan getuig, want dit is 'n lewe wat die Heilige Gees in hulle werk op grond van die versoening van Jesus Christus. Die kategese is 'n middel waardeur die toe-eiening plaasvind. Omdat kategese onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer is, sit daar 'n *verkondigingsaspek* aan. Omdat die verbondskind betrokke is, sit daar ook 'n *ervarings- of belewingsmoment* aan verbonde. Die gelowige ervaar die verkondigde heil as 'n werklikheid wat deur die Heilige Gees geskenk is. Die heil wat verkondig word, die onderrig oor die Heilige Gees wat ons die heil deelagtig maak en die eksistensiële van die geloofsbelewing – die Here is my deel, my rots is my God – dit het ook alles met die tema te doen (Velema, 1989:45).

### 8.6.7 Geloof en roeping

Met die woord roeping bring Paulus die geloofswerklikheid onder woorde. Dit is God wat uitnooi en daarom kom in die uitnodiging of in die roeping al die krag van sy **heilswil** tot die een wat geroep word. Dit is 'n krag wat hom aangryp, losruk uit die gebondenheid van die sonde, hom vrymaak om aan die roeping gevolg te gee, 'n krag wat hom werklik verlos uit die mag van die duisternis en hom oorbring in die ligryk van Christus. ***Hier word die wedergeboorte voltrek, tot geloof gebring, die***

***verseëling met die Heilige Gees en die toe-eiening van die nuwe lewe deur die Heilige Gees***, nie alleen in sy aanvang of uitsluitend in sy verborge bestaan nie, maar in sy totaliteit as nuwe skepping, omdat totalitêre vernuwing deur die krag van die Gees bewerk word (1 Pet. 1:23; Joh. 3:3-5). Daar moet in berekening gebring word dat **wedergeboorte** in die Nuwe Testament *veral die beeld is om die wonder van die geloof aan te toon.*

Tweërlei moet onderskei word tussen die volgende sake:

a. Nooit kan en mag die mens die werke van die Woord van God los dink van die werke van die God van die Woord nie. Dit is die Here God self wat Hom in sy vrymag en trou bedien van die middel van die verkondigde Woord.
b. Vervolgens dink die mens dat die bostaande nie slegs betekenis het op die eenmaal tot geloof kom nie. Geloof is immers geen toestand waarin die mens kan rus, wanneer die mens dit eenmaal bereik het nie. In die aanvegtinge van hierdie bedeling (en vir die groei en die voortgang van die nuwe lewe) bly die verkondigde Woord steeds nodig en aktueel, en bly die geloof 'n saak wat steeds homself eie maak van die belofte van die evangelie, hom altyd toevertrou aan die God van die belofte, die God wat die dode lewend maak en die nie-synde tot aansyn roep (Rom. 4:17).

## 8.6.8 Die verhouding objektiewe heil en subjektiewe geloofsdaad

Heilstoe-eiening is die proses waardeur die objektiewe heil wat in Christus gegee is subjektief deel van die gelowige gemaak word.[132] Die ***gawe*** wat God in die verbond deur sy goddelike krag aan die mens gegee het, word vir hulle 'n ***opdrag*** om volgens God se wil te lewe. Die verhouding tussen die objektiewe heil en die subjektiewe geloof is sodanig dat die twee in die nouste verbintenis met mekaar bestaan. As antwoord op die objektiewe heil moet die subjektiewe geloof volg waardeur die heilstoe-eiening plaasvind. Die *fides quae creditur,* dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud*, (die objektiewe heil wat geglo moet word – die heilshistoriese faset) moet opgevolg word met die *fides qua creditur*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur – die heilsordelike faset). Die heilshistoriese element in die kategese ontvou die groot dade van God in die heilsgeskiedenis, dit wat God gespreek en gedoen het. Die heilsordelike element in die kategese ontvou die wyse waarop God se heil in Christus Jesus ons deel word en hoe die bondelinge daaruit moet lewe. Dan gaan dit oor roeping, wedergeboorte, bekering, geloof, regverdiging, heiliging en verheerliking.

---
[132] Vgl. pt. 2.5.7.1.1; 3.16; 4.3.2.2.1.2; 4.3.2.2.2.7; 4.3.7.

Binne die beskouing van vryheid en gebondenheid ontmoet die twee lyne van *Goddelike vrymag* en *menslike verantwoordelikheid* mekaar. Die *objektiewe heil* en die *subjektiewe geloof* ontmoet mekaar op 'n spanningslose wyse in die heilstoe-eiening. God se verhouding met Noag (Gen. 6) is 'n duidelike voorbeeld hiervan[133]. Dit is ook duidelik in die gebeurtenis met die koperslang (Num. 21:4-10). Die *objektiewe heil* (fides quae creditur) sit in die woorde: "Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe." (vs. 8.) Die *subjektiewe geloof* (fides qua creditur) sit in God se opdrag om 'n slang te *maak*, op 'n paal te *sit* en daarna te *kyk*. As Moses net na God se verlossingswoord geluister het (fides quae creditur) en nie die slang gemaak en op die paal gesit het nie sou die volk aan die slangbyte gesterf het. As die volk, van hulle kant, net die verlossingswoord (fides quae creditur) gehoor het en nie deur die geloof na die slang op die paal gekyk het nie (fides qua creditur) sou hulle ook nie gered word nie. Die objektiewe heil (fides quae) word egter vir Moses en die volk 'n werklikheid toe hulle deur subjektiewe geloof (fides qua) gedoen het wat God van hulle gevra het; om die slang op die paal te sit en daarna te kyk. Hulle geloof word 'n aktiewe geloof in gehoorsame geloofsdade.

In die Handelinge van die apostels is dit duidelik dat die *leiding van die Heilige Gees* nie buite die *verantwoordelikheid van die gelowige* om gaan nie (Hand 20:22; Hand 21:4): "Wanneer we tussen de leiding van de Geest en de overwegingen van de gelovige een tegenstelling maken, maken we een tegenstelling die het Nieuwe Testament niet kent." (Versteeg, 1976:27.) Die gelowige is by die leiding van die Heilige Gees betrokke, hy verloor nie dan sy eie verantwoordelikheid nie. Heyns (1978:308) noem dat die verhouding tussen die *fides quae creditur*, die **geloofsinhoud** en die *fides qua creditur* die **geloofsdaad**, van kritieke belang is. Fides qua (subjektiewe geloofsdaad) sonder fides quae (objektiewe geloofsinhoud) sou tot kettery lei, en fides quae (objektiewe geloofsinhoud) sonder fides qua (subjektiewe geloofsdaad) sou 'n blote vir-waar-hou impliseer van wat gegee is, maar 'n derglike neutrale afstandhouding is geen geloof meer nie. As subjektiewe daad is die geloof tegelyk besig met wat objektief geglo word en wat subjektief gevra word. Die persoonlike deel hê aan die heil in Jesus Christus (subjektiewe geloofsdaad) mag nie gemis word nie, omdat die objektiewe sekerheid van die geopenbaarde heil slegs die helfte van die waarheid is, waar die vertroue as die ander helfte nog moet bykom. Iemand kan kennis hê sonder vertroue, maar vertroue is nie moontlik sonder kennis nie. "En omdat de objectieve zekerheid logisch aan de persoonlijke zekerheid voorafgaat, moet ook de kennis aan het vertrouwen voorafgaan. Het laaste word uit de eerste geboren." (Graafland, 1961:29.) ***Geloofsekerheid*** volstaan met die *fides quae*, dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud*, (die objektiewe heil wat geglo moet word – die heilshistoriese faset),

[133] Kyk punt 4.3.2.2.1.4.

maar ***heilsekerheid*** dring deur tot die *fides qua*, dit wil sê die *subjektiewe geloofsdaad* (die subjektiewe geloof waardeur iets gebeur – die heilsordelike faset).

### 8.6.9 God se soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid

Ten opsigte van die verlossing is die plek van die mens se verantwoordelikheid nie maklik om te verstaan nie. Dit gaan om die ewige Raad van God wat oor alles handel (Ef. 1:11). Die stelling, dat God se raadsplan alles beheers, sou deterministies wees, as die menslike vryheid en verantwoordelikheid daarmee uitgeskakel word: "Maar wij blijven bijbels denken, als wij de menselijke verantwoordelijkheid ten volle honoreren. De verhouding van Gods soevereiniteit en onze verantwoordelijkheid kunnen wij nie doorgronden, maar het is zeker, dat het ene niets afdoet van het andere." (Van Genderen en Velema, 1992:189.) Wat ookal oor God se genade, God se ontferming en God se vrymag gesê kan word, dit neem niks weg van die verantwoordelikheid van die mens nie. Selfs God se voorsienigheid leer ons hoe afhanklik ons van God is, maar dit verminder nie ons persoonlike verantwoordelikheid nie. "Want God, wat ons lewe met grense beperk het, het terselfdertyd ook die versorging van die lewe aan ons toevertrou. Hy het ons ook toegerus met die middele en die hulpbronne om dit te bewaar. Hy het ons ook vooraf van die gevare bewus gemaak en voorsorgmiddels aan ons verskaf, sodat dit ons nie onverhoeds sou oorval nie." (Calvyn, Institusie, 1.17.4.) Die menslike verantwoordelikheid is nie beperk tot sy eie lewe nie. Binne die verbondsverhouding bestaan die Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloofsdade, spanningloos in harmonie met mekaar op alle terreine van die lewe.

### 8.6.10 Geloof en menslike verantwoordelikheid

Die vraag kom vanself na vore oor *watter rol die mens* toekom, wanneer die Gees deur die Woord die geloof in die hart van die uitverkorenes werk. Die vraag is: het die mens daarby 'n eie aktiewe rol? Die volgende tekswoorde wys op 'n sekere kant van die saak:

- "Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees" (Rom. 4:16).
- "Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus" (Rom. 3:22).
- "En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig" (Rom. 3:24).

Die inhoud van God se Woord by Paulus verhoed ons om van die geloof ooit te spreek as 'n prestasie van die mens, 'n prestasie wat deur die mens gelewer moet word as **voorwaarde** vir die

toegang tot die heil. Paulus se prediking teen die regverdiging wat bereik word deur die wetsnakoming sluit dit ten enemale uit. **Wet** en **evangelie, werk** en **geloof, Moses** en **Christus,** sou dan net gradueel van mekaar onderskeie wees. In plaas van die vele eise wat God aan die mens stel, "zou dan die ene - lichtere? - treden: geloven!" (Quist, 1989:18). Die feit dat Christus die heil verwerf en die Heilige Gees die heil skenk beteken nie dat mensewerk in hierdie saak uitgeskakel word nie, maar dat die Heilige Gees "zich in zijn toepassend werk juist wil bedienen van mensen (Verboom, 1989:66). Berkhof (1973:274) skryf van "participatio", waarmee hy bedoel "dat God de mens als verbondspartner betrekt in het heilsgebeuren".

Die geloof neem beslis nie as 'n selfstandige geïsoleerde entiteit 'n plek in die denke van Paulus nie. Dit is genade om die geloof te ontvang (Fil. 1:29). "Glo" is immers geloof in Hom wat die goddelose regverdig (Rom. 4:5). Geloof is die afsien van elke menslike prestasie om voor God te kan bestaan en verlos te word. Geloof is prysgawe van menslike selfversekerdheid in Joodse en heidense sin en die volledige aanvaarding van die gekruisigde en opgestane Christus in Wie die heilsekerheid lê. Geloof en bekering "golden wel algemeen als noodzakelijke weg tot de zaligheid; maar deze stonden toch ten slotte in de vrijheid van den mensch. De zaligheid was wel objectief door Christus verworven, maar om haar deelachtig te worden, was de vrije medewerking des menschen van noode" (Bavinck, $1967^3$:503).

Elke weg wat die mens eers sou moes aflê voordat hy tot geloof in Jesus Christus kom is in geheel vreemd aan die evangelie en is 'n vorm van wettisisme en eiegeregtigheid. Dit word in geheel afgewys, of dit nou 'n weg is van boetvaardigheid voorafgaande aan die kennis van die evangelie as voorwaarde of 'n weg van Joodse werkgeregtigheid of die weg om deur spirituele vroomheid op te klim tot God soos voorgestaan deur Plato en baie van sy tydgenote (Velema, 1987:153)

In alle Nuwe-Testamentiese geskrifte word geleer dat geloof noodsaaklik is om deel te kry aan die heil in Christus. "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom." (Joh. 3:36.) "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin." (Hand. 16:31.) Die evangelie verbied die mens om groot te praat van en te spog met die dade van die mens wat glo. God skep deur sy Gees en Woord alle voorwaardes vir die mens om tot geloof te kom (Rom. 10:13-17). Die voorwaarde is dat Jesus Christus die sondeskuld van die mens sal betaal en die sondestraf sal dra (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 10-15). Dat die mens God ken, dat die mens in God glo het nie soveel om die lyf nie. Veel belangriker is die wete om deur God geken te word. Glo is: "Om zich door God te laten schenk. Wij zijn slechts bedelaars." (Quist, 1989:18.)

Tog moet die mens glo. *Die geloof word nie buite die beslissing van die mens om gewerk nie, maar dit is juis die krag van die evangelie, waarin Christus as die gekruisigde afgeskilder word* (Gal. 3:1) *wat die mens tot die geloofsbeslissing bring.* Die Gees skep deur die Woord juis die moontlikheid dat die menslike subjek weer voluit kan funksioneer in vryheid en verantwoordelikheid. Anders sou die vele imperatiewe in die Nuwe Testament in geheel onbegryplik wees. 'n Imperatief is nie 'n versteekte indikatief nie (Quist, 1989:19). Die imperatief rus wel op die indikatief – "werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Fil. 2:12-13).

Omdat die mens ook subjek is van die heilstoe-eiening kom daar persoonlike faktore by wat in die toe-eiening van die heil 'n rol speel. By heilstoe-eiening kan die karakter-, persoonlikheids- en temperamentsverskille nie geïgnoreer word nie. Die Gees "neemt als Subject van de toeëigening onze eigenaardigheden in Zijn hand. Deze blijven geen belemmering om het heil te ervaren" (Velema, 1989:44). Hierdie laaste, "die gelowige eien homself toe", skryf Van't Spijker (1991[c]:324), is die mees geestelike werksaamheid wat daar is. Dit verskil in wese van die werk van Christus en die van die Gees. Dit is die verbondskinders in wie die Heilige Gees sy heilstoe-eienende werk doen. Hulle is die ontvangers van die heil. Die verbondskind is ook subjek maar nie op dieselfde manier as wat die Heilige Gees Subjek is nie. Tog is die verbondskinders subjekte in die saak van heilstoe-eiening. Hulle glo, hulle bekeer hulle, hulle leer amen sê en die heil aanvaar, hulle leer om hulle skuld te bely, hulle leer om te hoop, hulle aanbid en verwag, hulle verheug hulle en leef in toekomsverwagting. Met al die werkwoorde word die verbondskind se werksaamhede, se geloofsaktiwiteite omskryf, waarvan hulle die subjekte is (Velema. 1989:44). Persoonlike faktore speel dus by die toe-eiening van die heil 'n rol.

### 8.6.11 Verantwoordelikheid tot heilstoe-eiening

Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding tussen God en die mens. Die genade van God maak nie van die verbondskinders passiewe, lydelike mense nie. Die verbond maak die mens aktief (Van der Vegt, s.a.:35). Die verbondskind word die belofte in die verbond deelagtig deur geloof en bekering (Heidelbergse Kategismus, Antwoord 60(k) en 84(a); Polman, s.a.:315; Bavinck, 1967[3]:211; Van der Vegt, s.a.:34). In die verbondsverhouding roep God die bondeling tot geloof en bekering (Mark. 1:15). Met die *verbondsbeloftes (*objektiewe geloofsinhoud) en die *verbondseise* moet die bondeling wat self sondaar is, persoonlik werksaam word om te kom tot ware en volle belewing van die genadeverbond (subjektiewe geloofsdade). *Heilstoe-eiening is in hierdie opsig die*

*subjektiewe realisering van die objektiewe heil wat God ons toesê in die daaglikse lewe van die gelowige.* Toe-eiening is die proses waardeur die objektiewe heil in Christus subjektief deel gemaak word van die gelowige se daaglikse lewe. In die praktyk kom dit daarop neer dat die gelowige met behulp van die heilsparaklese in die Bybel gedryf word om Christus en al sy weldade na te jaag en aan te kleef en uit te leef.

***Geloofsdade as antwoord op die heilsbelofte is heilstoe-eiening (verbondsinwilliging).*** God vra van die bondeling 'n blye aktiewe instemming en aanvaarding van die *beloftes* (objektiewe geloofsinhoud) en die nakoming van die *eise* (subjektiewe geloofsdade) van die genadeverbond. Heilstoe-eiening is die proses waardeur die objektiewe heil in Christus (gegee) subjektief deel van die gelowige se lewensdade gemaak word (opdrag). Die ***gawe*** wat God aan die verbondskinders gegee het, word vir hulle 'n ***opdrag*** om volgens God se wil te lewe. Hulle moet tot persoonlike deelagtigwording kom, die subjektiewe hulle eie maak, van wat objektief in die verbond belowe is. Dit is die daad van heilstoe-eiening wat sigbaar word in alle fasette van die verbondskind se lewe. Deur heilstoe-eiening word alle paraklese van die Nuwe Testament deur die gelowige in die praktyk van die lewe toegepas.[134] Dit wil vir die navorser voorkom asof dit juis die sake is wat getoets moet word tydens belydeniskatkisasie, want dit is heilstoe-eiening, dit is heilsekerheid. Dit vra dade wat by die bekering pas.

Die verbond is die verseëling van die belofte van God en geloof en bekering as antwoord op die belofte is die inwilliging tot die verbond, die heilstoe-eiening. Die gedoopte kinders wat in die katkisasie onderrigleer ontvang is dooplidmate wat die beloftes van God het. Deur kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer moet die kind gebring word tot die sekerheid, die aanvaarding en die toe-eiening van die verbondsbeloftes van die heil in Jesus Christus. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes geproklameer word. Die uitnodigende aanbod van genade moet tot hulle gebring word deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer. Dit is nie so dat tydens die katkisasie jare dit net gaan om die objektiewe heilsinhoud nie en dat na aflegging van belydenis van geloof die taak van verwerkliking van die geloof eers aan die orde kom nie. Tydens kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer moet daar by die kinders aangedring word op deelagtigwording van die genade deur geloof en bekering (Mark. 1:15). Die kategeet moet aandring op verbondsinwilliging – die eis van die verbond moet saam met die verbondsbelofte bedien word. Die objektiewe heilsinhoud moet saam met die subjektiewe heilstoe-eiening tot die verbondskind

[134] Hier word gedink aan die parakletiese gedeeltes soos: Rom. 12; Gal. 5; Kol. 3; Ef. 4, 5 en 6; 1 Tess. 4 en 5; 1 Timoteus en 2 Timoteus; Jak. 1:19-27; Jak. 2:14-26 ens.

gebring word. Jy proklameer God se verbondsbeloftes aan die verbondskind. Jy bring aan hom die waarheid dat hy die kenmerk, die merkteken van die verbond dra. Hy word intensief daarop gewys dat hy gedoop is. Jy bring aan hom die rykdomme van God en ook die waarheid as jy dit glo en omhels – salig is jy. As jy dit verwerp, wag die ewige ondergang (voorbeelde is onder andere Kain, Esau, Saul, Judas en die ryk jongman).

Al hierdie dinge spreek baie duidelik uit die dankgebed by die doop van 'n verbondskindjie: *"... sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem, sodat hy u vaderlike goedheid en barmhartigheid wat U aan hom en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin, om U en u Seun Jesus Christus en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys."*

Hieruit blyk dat deur die nakoming van die eis van die verbond die bondeling daartoe gebring moet word dat hy die verbondsbeloftes wat is sy doop aan hom geskenk is, persoonlik deelagtig word. Hierdie heilstoe-eiening vind in die hart plaas, nie deur die toedoen van die mens nie, maar dit is die werking van die Heilige Gees deur die Woord van God in die hart van die verbondskind.

God bedien Hom dus van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders van sy keuse te bring tot geloof en bekering tot heilstoe-eiening. Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord (Velema, 1947:116; Polman, s.a.:315). Die belofte van die Gees gaan aan die gelowige aanvaarding van die verbond, die verbondsinwilliging of heilstoe-eiening vooraf, en bewerk dit (Jes. 59:21; Jer. 31:31-330) (Polman, s.a.:315; Bavinck[3], 1965:211). Die belofte van God se Gees en Woord word tot in ewigheid toe aan die bondeling toegesê. Dit is die Gees, wat "ons de beloften doet aanvaarden uit een herboren hart" (Polman, s.a.:303). Die belofte van die genadeverbond is die vergewing van sondes en die ewige lewe in Christus se verdienste. Die **beloof** van God roep om **geloof** deur die verbondskind. Deur middel van die Gees en die Woord lei God tot die geloof wat as gawe in die hart van die uitverkorenes plaasvind (Ef. 1:8): "Teaching has not been effective untill obedience has begun." (Wilson, 2000:597.)

## 8.6.12 Passief en aktief

### 8.6.12.1 Belofte en eis van die verbond

Let op die orde en ook die passiewe en aktiewe tydsvorm in die betrokke Skrifgedeeltes:

a. *Dié wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word* – in hierdie aktiwiteit is die mens *passief.*

b. *En al Christus se weldade aanneem* – hier tree die mens *aktief* op, alhoewel nie los van die werking van die Heilige Gees nie.

As aan die genadeverbond gedink word spreek dit duidelik dat die verbond bestaan omdat God dit so beskik het en nie omdat die mens daarom gevra het nie. Daar is by die sluiting van die verbond "geen sprake van een onderhandeling zoals bij een verdrag of verbond dat mense met elkaar sluiten. *God en de mens zijn geen partners"* (Van Genderen en Velema, 1992:509). In die genadeverbond het die mens God se *belofte* en God se *eis.* Met sy belofte gaan God se eis gepaard, want Hy sê nie alleen, dat Hy ons God is nie, maar ook, dat ons sy volk is en soos sy volk moet optree. Sy belofte roep ons op tot verantwoordelikheid. In die doopsformulier word na die ontvouing van die inhoud van die verbondsbelofte as belofte van die Drie-enige God gesê: "Omdat alle verbonde uit twee dele bestaan, daarom word ons ook weer deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid." Wat eis hierdie nuwe gehoorsaamheid van die mens? "Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, **aanhang, vertrou** en **liefhê** met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte; ons moet van die wêreld **afsien**, ons ou natuur **doodmaak** en 'n godvrugtige **lewe lei**." In die genadeverbond beloof God wat Hy vra en vra Hy wat Hy beloof. "De eis wordt als eis van het genadeverbond voorafgegaan en gevolgd, gedragen en omgeven door de belofte. In dit *verbond* is alles genade, ook de eis van geloof en bekering." (Van Genderen en Velema, 1992:511.) Wie verbond sê, sê daarmee saam dat die mens verpligtinge het om na te kom. Dieselfde vind ons ook in 2 Korintiërs 5:20 – "... laat julle met God versoen ...".

Uit die voorgaande blyk dat ons die verbondsbelofte nie kan sien as 'n onvoorwaardelike heilsbelofte aan die uitverkorenes nie. Die saamgaan van die belofte en die eis is 'n bewys, dat die belofte nie 'n *"voorzegging"* is nie maar 'n *"toezegging". "Met de toezegging moet de toeëigening corresponderen.* Hiervoor zijn ook andere woorden te gebruiken, zoals schenking en deelachtigmaking, die aan de belijdenis ontleend zijn (zie H.C., Zondag 25 en Vraag 20). Dat betekent, dat bij het ontvangen van de belofte het delen in heilstoe-eiening beloofde heil nog niet vast te stellen of zelfs maar te veronderstellen is." (Van Genderen en Velema, 1992:512.)

### 8.6.12.2 Geheim van die menslike verantwoordelikheid

Die geheim van die *mens se verantwoordelikheid* word heel diep in Efesiërs 5:18 vertolk, waar in verband met die groei van die geloofslewe gesê word: "word met die Gees vervul" (ἀλλὰ πληροῦσθε ἐν πνεύματι – πληροῦσθε = 2 ps. mv. praesens imperatief passief). Paulus vermaan die

Efesiërs: "Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid." Hierdie deel van die sin wys op die aktiwiteit van die mens wat tot sonde in sy lewe lei. Dan maak Paulus die kontras met ἀλλὰ: "maar word met die Gees vervul" – die opdrag in passiewe sin. God wat skeppend spreek, die mens wat gelowig hoor, luister en gehoorsaam, is 'n lyn wat deur die hele Bybel loop en daarbo kan die mens nooit uitkom nie.

Waar dit gaan om die **goddelike genade** en die **menslike verantwoordelikheid** is die formulering van groot belang. Berkhof (1973ª:494) toon aan dat dit onder andere gaan om die verhouding tussen *heiliging* en *heil*. Kan die mens van die standpunt uitgaan dat hy geheel en alleen deur die vryspraak tot kinders van God aangeneem is? Is die aanneming dan nie minstens mede afhanklik van die wyse waarop die mens hom deur die ontspanning tot inspanning laat inspireer nie? Kan die gelowige sê dat hy alleen deur genade gered word? Moet die mens dan nie in 'n mate met die genade meewerk nie? Die begrip *meewerk* is gans te vlak in betekenis om die verhouding in hierdie opsig uit te druk. Deur sy werke voeg die mens niks by tot die voldonge genade waarop hy hom in die geloof verlaat nie: "Wij werken niet met de genade mee, maar door het geloof wordt de genade operationeel; haar aanwezigheid blijkt door wat ze uitwerkt." (Berkhof, 1973ª:494.) Deur die geloof word die uitverkorene in Christus ingelyf en neem al sy weldade aan.[135] Inlyf staan teenoor "weldade aanneem". As die genade deur die geloof operasioneel word beteken dit dat die genade in die lewe van die gelowige toegepas word. Die genade word benut, van die genade word gebruik gemaak. Die genade word met dankbare gehoorsaamheid in die lewe van die gelowige toegepas. Die mens word in die genade **aktief**. In die Groot Tesourus van Afrikaans (1994:278) word aangetoon dat in die woord "operasioneel" die betekenis van *stryd* sit. Wanneer die genade in die lewe van die gelowige operasioneel word tree die gelowige gehoorsaam aktief toe in die stryd teen die groot vyand van God, die Satan.

### 8.6.12.3 Die mens werk nie met die genade nie

Dan is dit nie so dat in die lewe van die mens niks van God se genade gesien kan word nie. As die genade, deur die geloof, operasioneel word in die lewe van die mens, sal dit sigbaar wees in lewensdade wat by die genade en die geloof pas. Hier moet baie duidelik onderskei word: die mens werk nie **met** die genade nie, maar **in** die genade deur die geloof, want so is die gelowige by Jesus Christus ingelyf, en word die genade sigbaar in die mens se woorde en dade (Jak. 1:19-27; Jak. 2:14-26). Slegs diegene wat "door het geloof de krampachtigheid tot 'werken' en 'heiliging' verliest, kan

[135] Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, vraag en antwoord 20: Slegs die mense word salig wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aanneem.

iets uitwerken dat aan zijn leven met God en de naaste vruchtbaarheid en voortgang verleent" (Berkhof, 1973:495). Dit gaan dan dikwels deur soveel stryd teen die eie ek heen, dat die gelowige self daarin meer en meer sy mislukkings raaksien. Die stryd wat gestry word is "teen ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur."[136] Wie ten spyte hiervan die voortgang van die geloofsvrugte in sy lewe sien, kan God dan loof en dank vir die krag van sy genade. Geloof hou in dat die mens *werksaam* sal wees, maar ook dat hy nooit op sy eie werke die grond vir sy verlossing sal sien nie. Die genade van God gaan die werke van die mens ver te bowe en vooraf. Eers is alles genade, dan volg bekering. Hierdie leer maak mense egter nie onverskillig en roekeloos nie. Want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.[137] In die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 24 bely ons: "Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde vir God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen."

Paulus wat so radikaal sê dat die mens nie deur werke nie, maar deur die geloof geregverdig word, kan ook sê dat die mens in die gerig van God na hulle werke geoordeel sal word (Rom. 2:9-11; 1 Kor. 3:13; 1 Kor. 4:5; 2 Kor. 5:10; Gal. 6:7-9; Kol. 3:23). Die verhouding tussen **goddelike genade** en **menslike verantwoordelikheid** omskryf Paulus in 1 Korintiërs 3:10-15. As die geloof in hoofsaak waardelose vrugte oplewer, ontvang die mens geen 'loon' nie, maar word hy wel self gered, egter met skade en skande (vs 15). Efesiërs 2:8-10 skep ook 'n afstand tussen geloof en werke; "de gelovige trekt de werken als een reeds gereed liggend kleed aan" (1 Kor 4:5; Fil 1:11) (Berkhof, 1973:495). Calvyn het 'n deurbraak gemaak toe hy die weldade van Christus beskryf het, en ook aandag gegee het aan die wyse waarop Hy dit uitdeel (Velema, 1987:126). Albei moet ook

[136] Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 52, vraag en antwoord 127. "En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een omblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur, nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal."

[137] Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 24, vraag en antwoord 64. *Vraag:* Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie? *Antwoord:* Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.

aan die orde gebring word: die inhoud van die weldade van Christus en die manier waarop dit deel word van die gelowige.

### 8.6.12.4 Die posisie van huigelaars

In die kategese moet met die werklikheid rekening gehou word. Dit is wel so dat daar in die kategese (netsoos in die gemeente as geheel) bondelinge in die verskillende klasse sit. Daar kan egter 'n onderskeid gemaak word. Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 31 maak in die besonder bekend wat die toestand is van die bondelinge: daar word gepraat van *gelowiges, ongelowiges* en *huigelaars.* Omdat daar nie nét gelowiges is nie, maar ook ongelowiges en huigelaars in die verbond is moet die kategese ook daarmee rekening hou. Daar kan nie uitgegaan word van 'n verbondsoutomatisme of 'n veronderstelde wedergeboorte soos by Kuyper nie. Daar kan nie van die veronderstelling uitgegaan word dat as die Woord van God suiwer deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien word, dat die ongelowiges en die hipokriete hulle self sal bekendmaak nie. Hulle word nie outomaties uitgesuiwer nie (Velema, 1947:126; Kremer, 1976:25). Hulle moet in die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aangespreek word en aan hulle moet die toorn en die oordeel van God oor ongeloof en skyngeloof aangekondig word, dit kan nie verswyg word nie.

Daar moet nie vergeet word nie dat die apostel Paulus in sy eerste brief aan die Korintiërs in die gemeente 'n belangrike onderskeid maak: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." (1 Kor. 2:14.) Dit is die *natuurlike mense* wat die Heilige Gees nie het nie. Verder: "Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie" (1 Kor. 2:15). Dit is die *geestelike mense* wat die Heilige Gees het en wel glo. Maar ook die *geestelike mense* kan *vleeslik* wees en optree as onmondiges in Jesus Christus. Hulle moet volmaaktes word. Tussen hierdie uiterstes in die kategese beweeg die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer. Hiermee sal die praktyk van die kategese deeglik rekening moet hou en die evangelie van genade sal suiwer, direk en prakties deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer bedien moet word. God laat tereg in sy Woord opskryf: "Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God." (1 Kor. 1:18.) En verder: "Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red." (1 Kor. 1:21.)

### 8.6.12.5 Die Woord en die saligmakende werk van die Heilige Gees

Daar word gespreek oor 'n al te vanselfsprekende verhouding tussen die Woord soos dit onderrigtend verkondig en verkondigend onderrig word in die kategese en die saligmakende werk van die Heilige Gees. Kan 'n mens van elke katkisasieklas sê: Hier werk die Heilige Gees? Daar moet onderskei word tussen die geopenbaarde Woord van God en die kategese en die prediking. 'n Mens het immers te doen met die swakheid en die beperktheid van die kategeet en die prediker. Moet daar dan nie meer beskeidenheid kom in ons spreke nie? 'n Waarskuwing teen die oorskatting van die amp is nie oorbodig nie:"Wij zijn mensjes uit het stof verrezen (Calvyn.)

Ook word met nadruk die gedagte afgewys as sou die weë en effekte van die Woord in die mag van die kategeet en die prediker lê. Die Here is immers soewerein en vrymagtig. Dit is Hy wat verkies. Hy gee aan ons die opdrag om die Woord in die kategese te bedien. Hy wil die Woord gebruik tot redding en verlossing van sondaars, maar Hy kan in sy regverdige oordeel ook mense laat bly in die boosheid van hulle hart. Alle ampswerk in die gemeente, met name die verkondiging van die Woord in kategese en prediking, evangelisasie, sending en pastoraat, moet van God geskied in die diepste afhanklikheid van die Here.

'n Fyner onderskeid moet gemaak word tussen die begrippe: (a) *tot ons eiendom maak* en (b) *wat ons in Christus het*. As tot ons eiendom gemaak word wat ons in Christus het, beteken dit dat wat ons in Christus het in ons lewe *gesien* sal kan word: "Alles wat daar boven uitgaat is valse mystiek, overdreven gevoelsleven, al te onderwerplijk of subjectief." (Van't Spijker, 1991[e]:340.) Die waarheid is hier voor die handliggend: *"wat ons in Christus het"* moet gesien kan word dat jy dit het. "Wat ons in Christus het" word ons eiendom deur *"tot ons eiendom te maak"*. Dit word die gelowige se eiendom deur **toe-eiening**. Daar is mense wat negatief staan teenoor die begrip heilstoe-eiening en daarvan niks wil weet nie. By hulle is daar die vrees dat te veel aktiwiteit aan die mens toegeskryf word in die hele saak van heiligmaking. Daar is ook geen aandrang daarop dat *"wat ons in Christus het"* in die daaglikse lewe van die gelowige gesien moet word, dat jy dit het nie. Hierby kom ook die vraag wat die gelowige moet vra, naamlik hoe kom ons in besit van *"wat ons in Christus het"*. "Daarbij is hun aandacht niet sozeer gericht op de goederen van het heil, maar op zichzelf: heb ik het, ken ik het, beleef ik het, bevind ik het" (Van't Spijker, 1991[e]:340). Teenstanders van die standpunt van heilstoe-eiening lê veral klem op die passiewe: *word toege-eien*. Daarmee beklemtoon hulle dat die gelowige in hierdie aksie 'n passiewe ontvanger is en niks meer nie. Dit is asof daar 'n vrees is vir verbondsoorskatting maar dan in die slaggat van

verbondsoutomatisme getrap word. In hierdie proses vergeet hulle dat die Heidelbergse Kategismus die mens ook aandui as 'n aktiewe deelnemer.

Daar is geen heil buite Christus nie. Dit gaan wel om die *skuldvergewing* en die *lewensvernuwing*, maar nie om hierdie weldade op hulleself nie. Wat is 'n geregverdigde en 'n geheiligde op sigself? Dit gaan daarom dat jy sal leef van die genade van Jesus Christus en deel in die rykdom van die gemeenskap met Jesus Christus. Die Heilige Gees wil in die weg van die toe-eiening Christus in ons lewe verheerlik.

As daar gekom is tot die gelowige toe-eiening van die heil in Christus kan jy dan maar die belofte mis? Allermins! Ook dan bly dit 'n lewe by God se beloftes. Almal wat aan die verbondsgemeente behoort kom nie tot heilstoe-eiening: "Niet allen zijn met de toezegging werkzaam. Er zijn er die er niet in het geloof amen opzeggen, zelfs geen ja, maar. Bij hen is het nee en blijft het nee." Ongeloof is ook 'n realiteit waarmee rekening gehou moet word. In die lig van God se heilsbelofte is daar egter geen enkele verontskuldiging voor nie.

### 8.6.13 Verseëling met die Heilige Gees en heilstoe-eiening

Die bondeling moet as eiendom van God lewe volgens God se wil. Die geloof is die middel, waardeur ons die eiendomstempel van die Heilige Gees ontvang, want deur die geloof is ons in Jesus Christus ingelyf. Net soos die inlywing by Christus[138] deur die geloof geskied, is dit ook die geval met heilstoe-eiening. Die verseëling met die Heilige Gees geskied ook deur die geloof. Die geloof lei tot die verseëling met die Heilige Gees. Dit beteken dat verseëling nie 'n *ekstra* is na die geloof nie, maar dat dié twee, geloof en verseëling saamval. Die geloof is die middel waardeur die gelowige die eiendomstempel van die Heilige Gees ontvang. Waar die geloof kom, sit God sy seël van die Heilige Gees in die hart. Daar plaas Hyself sy *eiendomsbewys*. Efesiërs 1:13 leer dat die *geloof* direk lei tot die *verseëling met die Heilige Gees en die geloof lei ook tot heilstoe-eiening*. As daar nie geloof is nie, word die Heilige Gees ook nie as seël ontvang nie en kan die heilstoe-eiening ook nie plaasvind nie.

Wat is die doel van die werk van die Heilige Gees wat as verseëling omskryf word? Verseëling is dat die Heilige Gees in die uitverkorenes bevestig wat van God se kant reeds onwankelbaar vas is. Sommige mense meen dat die verseëling met die Heilige Gees die eintlike gebeure in die heil is. Hulle sê dán *eers* word die saligheid ervaar. Die uitgangspunt is dat wat in die stille ewigheid gebeur

[138] Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, Vraag & antwoord 20.

in God se *verkiesing* is oneindig buite die mens se belewingswêreld. Wat ook eenmaal aan die kruis op Golgota gebeur het ten opsigte van die *verlossing* lê eeue der eeue agter die gelowiges. Maar wat die werk van die Heilige Gees betref, dit ervaar die mens self, nou (Van't Spijker, 1989[b]:386). Wat die werking van die Heilige Gees betref gebeur dit in die belewingswêreld van die gelowiges. Die Efesiërs het die verseëling met die Heilige Gees ontvang deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het. Toe het God sy seël op hulle gesit. Dit was die wonder van die Gees. Deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het, die oomblik toe hulle begin glo word hulle verseël met die Heilige Gees. In hierdie opsig is daar 'n *oorsaaklike verband*, dat die gepredikte, die-tot-klank-gekome-Woord van God wat ons *hoor*, as 'n ***medium dien om aan ons die verseëling met die Heilige Gees te skenk***.

Die kom tot die geloof (πιστεύσαντες) en die verseëling met die Heilige Gees van die belofte (τὸ εὐαγγέλιον τῆς σωτηρίας ὑμῶν) vind koïnsident, gelyktydig plaas. Efesiërs 1:13 maak duidelik dat die aksies wat deur beide werkwoorde *glo* (πιστεύσαντες) en *verseël* (ἐσφραγίσθητε) aangedui word, baie nou met mekaar in verband staan. Ons moet 'n onmiddellike relasie lê tussen geloof en verseëling want dit is die fondament waarop die heilstoe-eiening rus.

## 8.7 Samevatting

Die bevindinge van hierdie hoofstuk, oor die toe-eiening van die heil, kan soos volg aangestip word:

- Die heil wat Christus in opdrag van die Vader verwerf het moet die eiendom word van God se uitverkore kinders.
- Die gelowiges ontvang die weldade wat Jesus Christus aan die kruis verwerf het by wyse van heilstoe-eiening. In hierdie proses is die Heilige Gees sowel as die gelowige subjekte.
- Die heilstoe-eiening geskied deur die geloof wat die Heilige Gees in die harte van die gelowiges werk deur middel van die verkondiging van die evangelie.
- Ten opsigte van die verbondskinders is die kategese die ruimte waar die heilsbemiddeling plaasvind. In die kategese vind heilsbemiddeling plaas as weg tot heilstoe-eiening.
- Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord. God bedien Hom van die amptelike kategese as middel om die verbondskinders tot geloof en bekering te lei, die heilstoe-eiening.
- In die saak van heilstoe-eiening speel die verantwoordelikheid van die mens ook 'n rol. Heilstoe-eiening geskied nie eensydig net van die kant van die Heilige Gees nie.
- Dit is die verantwoordelikheid van die mens om die genademiddele van God te gebruik waardeur die heilstoe-eiening plaasvind.

- Geloof as antwoord op die verbondsbelofte is heilstoe-eiening. So kom die bondelinge tot 'n blye aktiewe instemming en aanvaarding van die beloftes (objektiewe geloofsinhoud) en die nakoming van die verbondseis (subjektiewe geloofsdaad).
- Die geloof is die middel waardeur die verbondskind die eiendomstempel van die Heilige Gees ontvang. Deur die geloof word die bondeling by Christus ingelyf en vind die verseëling met die Heilige Gees plaas wat ook die beginmoment van heilstoe-eiening is.
- Die kom tot geloof en die verseëling met die Heilige Gees van die belofte vind koïnsident, gelyktydig plaas.

Vanuit die insigte wat daar in hierdie en vorige hoofstukke verkry is oor die aspekte van die heil en heilstoe-eiening, word daar nou in die volgende deel van die bespreking gefokus op die verbondskind wat hierdie heil deelagtig word.

# DEEL B

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING

HOOFSTUK 9

# DIE VERBONDSKIND IN META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

# HOOFSTUK 9

# DIE VERBONDSKIND IN META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

- **Deel 1**

Die verbondskind in perspektief van sy psigiese funksionering

- **Deel 2**

Die verbondskind in perspektief van sy leeftydsfases

- **Deel 3**

Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkraamwerk

- **Deel 1**

  Die verbondskind in perspektief van sy psigiese funksionering

HOOFSTUK 9

## DIE VERBONDSKIND IN META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Deel 1 : Die verbondskind in perspektief van sy psigiese funksionering


9.1 Probleemstelling ... 338
9.2 Die doel van hoofstuk 9 ... 338
9.3 Prinsipiële uitgangspunt ... 338
9.4 Perspektiewe op die verbondskind as mens ... 339
9.5 Die essensie van menswees van die verbondskind ... 341
9.5.1 Die verbondskind se betrokkenheid op God ... 341
9.5.2 Beeldskap van God ... 342
9.5.3 Invloed van die sondeval ... 342
9.5.4 Verlossing en herskepping ... 344
9.6 Die dimensies van die verbondskind se menswees ... 345
9.7 Die wese en bestemming van die verbondskind ... 346
9.7.1 Die verbondskind as *religieuse wese* ... 346
9.7.2 Die verbondskind as *eenheidswese* ... 347
9.7.3 Die verbondskind as *unieke wese* ... 348
9.7.4 Die verbondskind as *verbandswese* ... 348
9.7.5 Die verbondskind as *opdragwese* ... 348
9.7.6 Die verbondskind as *antwoordgewende wese* ... 349
9.7.7 Die verbondskind as *gebroke wese* ... 349
9.7.8 Die verbondskind as *koninkryksmens* ... 350
9.7.8.1 Die belangrike plek van die *geloof* ... 350
9.7.8.2 Die sentrale plek van die *liefde* ... 350
9.7.8.3 Die essensiële plek van die *hoop* ... 350
9.7.9 Die verbondskind as *verbondswese* ... 350
9.8 Samevatting ten opsigte van die wese en bestemming van die verbondskind ... 351
9.8.1 Religieuse wese ... 351
9.8.2 Eenheidswese ... 351
9.8.3 Unieke wese ... 351
9.8.4 Verbandswese ... 351
9.8.5 Opdragwese ... 352
9.8.6 Antwoordgewende wese ... 352
9.8.7 Gebroke wese ... 352
9.8.8 Koninkrykswese ... 352
9.8.9 Verbondswese ... 352
9.9 Die psigiese funksies van die verbondskind ... 352
9.10 Die vlakke van psigiese funksionering ... 353
9.11 Die vyf vlakke van motivering ... 354
9.12 Die indeling en kompleksiteit van motiewe ... 355
9.12.1 Die indeling van motiewe ... 355
9.12.2 Die kompleksiteit van motiewe ... 356
9.13 Die wil van die mens ... 356

HOOFSTUK 9

DEEL 1

# DIE VERBONDSKIND IN PERSPEKTIEF VAN SY PSIGIESE FUNKSIONERING

## 9.1 Probleemstelling

Die doel met die studie is om die probleem te ondersoek van hoe die verbondskinders deel kry aan die heil in Jesus Christus en hoe hulle in die kategese begelei kan word tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 9.2 Die doel van hoofstuk 9

In die saak van heilsekerheid en heilstoe-eiening is die verbondskind betrokke as volledige mens in al sy fasette. Daar moet vasgestel word watter psigiese eienskappe in die verbondskind in ag geneem moet word sodat die kategese kan dien as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 9.3 Prinsipiële uitgangspunt

Die objek van die kategése is die kinders van die gemeente wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is. Die sentrale grond vir die kerk om sy kategese op die verbondskind te rig is eerstens die opdrag van God om die verbondskinders op te voed en te onderrig in die groot dade van God (Deut. 6:7-9; Jos. 4:6-7; Ps. 79:3-9). Tweedens is dit nodig vanweë die verbondsverpligting waarna die doopsformulier verwys as "*verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid.*" Derdens gaan dit om die wasdom van die kerk en die opgroei van die verbondskinders tot heilsekerheid en heilstoe-eiening (Ef. 4:11-12). In hierdie opsig het die kategese te doen met die verbondskind in sy volledige menswees en nie net met die verbondskind se verstand of net met sy hart of net met sy emosie en gevoel nie. Die verbondskind is na hoof, hart en hand betrokke in die kategese. Kategese het te make met sy oë, wat nood moet raaksien; met sy hart, wat meegevoel moet hê; met sy hande en voete, wat in gehoorsaamheid en medelye en mededeelsaamheid in beweging gebring moet word in diens van die Drie-enige Verbondsgod wat sy hele lewe as verbondskind omvat. *Godsdiens* het met die totale mens te make wat tot eer van God moet optree (Pred. 12:13; 1 Kor. 10:31, Kol. 3:17, 1 Pet. 4:11); derhalwe is dít die uitgangspunt vir die kategese.

Alhoewel verskillende domeine by die groeiproses van die kind betrokke is, is dit die verbondskinders *in hulle totaliteit* (wat uiteraard ook hulle godsdienstige belewinge insluit as die vernaamste faset) wat betekenis aan hulle religieuse begrippe en ervarings gee. Daar moet rekening gehou word "niet alleen met het verskil in begaafdheid tussen kinderen, maar ook met de leeftijdsfase van het kind en met de mogelijkheden en beperkingen die kenmerkend zijn voor deze fase" (Kole en Proos, 1999:125). Daar word gevolglik in hierdie hoofstuk gelet op die antropologiese kenmerke van die verbondskinders.

## 9.4 Perspektiewe op die verbondskind as mens

### 9.4.1 Die agtergrond van volledige menswees

Om in die kategese met die verbondskind (mens) te werk is alleen moontlik vanuit 'n grondige kennis van die mens. 'n Antropologiese Basisteorie op die verbondskind as mens is noodsaaklik vir effektiewe kategese. Om eventueel 'n oplossing te vind vir die saak van heilsekerheid en heilstoe-eiening moet die verbondskind eers geplaas word teen die agtergrond van sy volledige menswees. Die Bybel is nie 'n handboek vir die antropologie of die ontologie nie, maar dit is 'n *geloofsboek* waarin God **Homself**, sy Goddelike **dade** en sy Goddelike **wil** bekend maak. In geloofstaal leer dit aan ons nie net oor God nie maar ook wat ons oor die mens moet glo en bely. Omdat geloof ons laaste sekerheid is, gee die Woord van God aan ons die belangrikste, die diepste, die mees wesentlike informasie oor die mens (Van der Walt, 1995:20). In die Bybel vind ons *geloofs*perspektiewe ten opsigte van die ganse skepping dus ook oor die verbondskind, perspektiewe wat ons nie op wetenskaplike wyse sou kon bekom deur die kindersielkunde, die ontwikkelingsielkunde, die faseologie en die ontologie nie. Dit is nodig om kortliks die volgende begrippe waarmee gewerk gaan word vooraf te verklaar,[139] naamlik *hart, gees, liggaam, vlees, siel, verstand.*

- Die *verbondskind se **hart*** dui op sy *hele menswees in die diepste van sy bestaan*, voor die aangesig van die Verbondsgod.
- Die *verbondskind as **gees*** vestig die aandag op die *motiverende, rigtinggewende krag* van die kind se bestaan, onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die hele kind (mens) *van binne na buite* bekyk.
- Die *verbondskind as **liggaam*** wys op die kind in sy *sigbare gestalte* en sy funksionering as skepsel van God. Dit is die hele kind (mens) *van buite na binne* beskou.

[139] Eksegetiese studies toon dat die Bybel dié woorde nie as tegnies-eksakte begrippe gebruik nie. Hulle het dus baie meer betekenisse, maar wat hier gegee word, is die basiese (Van der Walt, 1995:20).

- Die *verbondskind as* ***vlees*** vra die aandag vir die hele kind (mens) as *swak, broos en sterflik*, in teëstelling tot God wat ewig en onverganklik is. Soms dui die begrip ***vlees*** ook op die sondige mens wat deur die Satan beheer word teenoor die geestelike mens, dit wil sê die mens wat deur die Gees van God beheers word.
- Die *verbondskind as* ***siel*** slaan op die hele kind (mens) as *lewende wese*, wat sy lewensasem aan God te danke het.
- Die *verbondskind se* ***verstand*** teken die kind (mens) as iemand wat *God se Openbaring kan verstaan en daarop antwoord.*

### 9.4.2 'n Prinsipiële uitgangspunt

"Eeuwenlang heeft de theologische antropologie haar informatie uit die bijbel geput of in elk geval gemeend en gezegd te putten – en toch is ze blijkbaar nooit deze fundamentele bijbelse noties op het spoor gekom en moet ze die nu eindelik via de seculaire wetenschappen van onze tijd gaan ontdekken!" (Berkhof, 1973[b]:109.) Olivier (1985:247) skryf dat hierdie situasie te betreur is. Die Bybel bevat 'n magdom van kennis oor die wesensaard van die kind. Omdat die Bybel nie hierdie kennis, soos in die geval van 'n handboek, op ge-ordende, gestruktureerde en gerieflik bekombare wyse weergee nie, skyn dit asof die insigte nie veel neerslag gevind het in die praktyk van die kategese nie. Daar is op die vakgebied van die kategese 'n leemte wat die (verbonds-) kinderantropologie betref.[140] Die leemte is veral 'n basisteoretiese studie insake geloofs-faseologie met die oog op die kategese.

Die uitgangspunt vir 'n Christelike antropologie is nie eerstens bloot 'n skeppingsperspektief (die mens is geskape na die beeld van God), of 'n Christologiese perspektief (die mens is met God versoen deur Jesus Christus) nie, omdat 'n skeppingsperspektief nie in die eerste plek bedoel is vir 'n leer oor die mens (antropologie) nie (Louw, 1997:151-152).

- Die *skeppingsperspektief* is bedoel om te sê dat die mens in verhouding tot God staan en wesenlik van God afhanklik is. So 'n stelling besit wel antropologiese implikasies, maar moet vanuit die pneumatologiese perspektief verstaan en vertolk word.
- Die *Christologiese perspektief* is nie bedoel om 'n leer oor die mens self te ontwerp nie, maar is daar om God se genade vir die mens en die versoening in terme van Christus se Middelaarsfunksie te beskryf.

[140] Wat die pedagogiek en didaktiek betref is daar 'n ondersoek gedoen deur S.G. Roos: "*'n Ondersoek na die sinsamehange tussen kinderantropologie, fundamentele pedagogiek en opvoedingsleer.* D.Ed proefskrif, Universiteit Pretoria. 1972. Hierdie bron was op versoek deur interbiblioteekdiens nie beskikbaar in die Biblioteek van die Universiteit van Pretoria nie.

- Die *pneumatologiese perspektief* gee balans ten opsigte van die antropologiese uitgangspunt want Christus se kruis, opstanding en hemelvaart het implikasies vir menswees maar dan moet dit vertolk word vanuit die inwoning van God *in* die mens. *Die nuwe mens is wesenlik 'n pneumatiese wese* (Louw, 1997:152).

Die mens is nie net 'n *pneumatiese wese* nie maar ook 'n *psigiese wese*. Genade staan nie los van psigiese en persoonlike ervaringe van die mens nie. "'n Psigologie van religieuse ervarings en 'n psigologie van genade gryp, pneumatologies gesproke, in mekaar oor" (Louw, 1997:152).[141] 'n Kort (opsommenderwyse) antropologiese oorsig word nou weergegee as agtergrond vir die verskillende fases en domeine waarin die godsdiensontwikkeling van die verbondskinders plaasvind. Dit word gedoen aan die hand van die volgende bronne: De Klerk, Duvenage en van Wyk (1972), De Klerk (1972), De Klerk (1975), Smit (1975), Coetzee (1976), Heyns (1979), Duvenage (1993), Olivier (1985), Deist (1992), Kruger (1993), Taljaard (1995), Van der Walt (1995), Louw (1997), Van der Walt (1999), Kruger (2000) en Pretorius (2000). Uit die aard van dié studie is 'n omvattende "antropologie vir die kategese", nie moontlik nie.

## 9.5 Die essensie van menswees van die verbondskind

### 9.5.1 Die verbondskind se betrokkenheid op God

Die vernaamste aspek van die verbondskind se lewe is sy *betrokkenheid op God.* Dit is so omdat God die kind se Skepper is. Tussen Skepper en skepsel is daar 'n skeppingsverband. "In die Bybelse spreke oor die mens is die mens nooit op sigself aan die orde nie maar altyd in verhouding tot God. Vir die Bybel gaan dit veel meer om die mens se verhouding tot God as wat dit gaan om 'n beskrywing van wat die 'wese' van die mens sou wees of wat die mens onder 'persoonlikheid' moet verstaan." (Smit, 1975:5.) Die *Godsverhouding* konstitueer menswees (Berkouwer, 1957:59). Prinsipieel is die mens onselfgenoegsaam en kreatuurlik en mag en kan daarom nie verselfstandig word tot 'n eiemagtige outonome wese nie. "Los van sy betrokkenheid op God kry ons 'n skewe beeld van die mens." (De Klerk, 1975:13.) Die verhouding tussen kind en God is 'n *afhanklike selfstandigheid.* Die kind is *onselfgenoegsaam* en *kreatuurlik.* Los van die kind se betrokkenheid op God word 'n skewe beeld van die kind gekry.

---

[141] As onderafdeling van die praktiese teologie bestaan daar reeds 'n Pastorale Antropologie wat van groot betekenis vir die Pastoraat is. In die Kategese as onderafdeling van die praktiese teologie bestaan daar nog nie iets soos 'n Kategetiese Antropologie nie. So 'n studie sal vir die kategese van onskatbare waarde wees. De Klerk (1972[3]) skryf van die *psigologie van pastorale relasies* waaronder hy insluit "die pastor en die kategese". As 'n vakwetenskap in eie reg behoort daar 'n selfstandig Antropologie vir die kategese ontwerp te word.

## 9.5.2 Beeldskap van God

"Beeld van God beteken om in die regte verhouding tot God te staan, om sy wette te gehoorsaam" (Van der Walt, 1995:13). Kruger (1983:27) verwys insake die menslike beeldskap na 'n stelling van Kotze[142] (1971:116/7): "*Vir die Gereformeerde pastoraat is die kontakpunt in die beeldkarakter van die mens geleë. Kragtens die feit dat die mens 'n unieke afhanklikheid van God is, vertoon hy die beeld van God. En dit is hierdie beeldkarakter wat hom aanspreekbaar en toerekenbaar maak.*" Die verbondskind as geskapene van God en ook beeld van God, is 'n wese wat sy persoonlike lewenssin nie in homself dra nie. Hy is essensieel op God gerig en leef vanuit hierdie religieuse gerigtheid op God in verhouding met homself, sy medemens en die skepping. Die verbondskind het nie die beeld van God in *iets* nie. Die kind is nie 'n *beelddraer* nie maar die hele kind is beeld van God. 'n Beeld**draer** kan (soos 'n ampsdraer) die beeld neerlê. Die kind kan dit egter nie doen nie. Hy is as die beeld van God geskep en kan hom nooit daarvan losmaak nie. Dit is belangrik in die lig van die antropologie ten opsigte van die.verbondskinders, om in gedagte te hou dat die beeldskap van God nie staties is in die sin dat die kind/mens deur God as finaal afgehandelde skepsele beskou word nie. Die kind/mens moet elke dag meer en meer na die beeld van God vernuwe word. Sonder die Gees en die Woord kan dit nie gebeur nie want so ontvang die kind insig in die saak van sy beeldskap van God: "Om God se beeld te vertoon, beteken dus dat ek met al my gawes, talente, tyd, kragte en middele God se gebooie (saamgevat in die liefdesgebod) moet uitleef en so my medemens en die hele skepping dien. (Van der Walt, 1995:13.) Die verbondskind is 'n *aangesproke wese* en derhalwe 'n *antwoordende wese* (De Klerk, 1975:13). Vir die kategese is die religieuse verhouding van die verbondskind met God, die diepste grond van sy intensionele, doelbewuste gerigtheid om in selftransendensie die ontmoeting te realiseer vanuit die vertikale grondmotief na die horisontale ontmoetings.

## 9.5.4 Invloed van.die sondeval

Die sondeval in die Paradys (Gen. 3) hang ten nouste saam met die feit dat die kind na die beeld van God geskape is. In plaas van net die *beeld van God* (imago Dei) te wees, wou Adam en Eva *soos God* wees (sicut Deus). Die eerste mense wou sélf God wees! Dit toon aan dat die wese van die sonde 'n wilsaksie is. Vier elemente in die mens se houding en optrede met die sondeval is van belang (Kruger, 1993:38; Helberg, 1976:94): (a) ondankbaarheid, (b) ongeloof, (c) selfverheffing en (d). ongehoorsaamheid

[142] Kotzé, G.J. 1971. Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde Pastoraat met spesiale verwysing na die Client-centred Amerikaanse pastoraat. Pretoria: R.G.N. – publikasiereeks nr. 41. 163 p. D.D. Proefskrif – PU vir CHO.

a. **Ondankbaarheid**

Ondankbaarheid is die gebrek aan die gevoel van ***volheid***. God het die hele skepping vir die mens gegee om te gebruik en van te geniet, behalwe die boom van alle kennis. Die mens maak asof God hom nie genoeg gegee het nie, maar iets van hom weerhou. In ondankbaarheid smag hy na dit wat God van hom weerhou het (die boom van alle kennis) en vergeet van die *volheid van die skepping* wat God aan hom gegee het.

b. **Ongeloof**

Ongeloof is die gebrek aan die gevoel van ***vertroue***. Die mens vertrou God nie meer nie want hy "glo" die leuens van die Satan (slang). Teenoor God kom daar wantroue en agterdog. Die mens vertrou nie dat God vir hom die allerbeste bedoel nie.

c. **Selfverheffing**

Selfverheffing is die gebrek aan die gevoel van ***tevredenheid***. Die mens is nie tevrede met wat hy is nie, naamlik *Imago Dei,* Beeld van God. In ontevredenheid met wat God hulle gegee het wil hulle *Sicut Deus,* soos God wees. Hierdie poging tot identifikasie (vereenselwiging) en deïfikasie (vergoddeliking) geskied deur selfverheffing. Hy wil los van God en teenoor God 'n staanplek inneem. Die mens vind nie meer vreugde en vervulling in 'n afhanklikheidslewe van God nie.

d. **Ongehoorsaamheid**

Ongehoorsaamheid is die gebrek aan die gevoel van ***verbondenheid.*** Sonde is *ongehoorsaamheid* aan die bevel van God omdat die mens nie meer aan God verbonde voel nie. Die opdrag van God om die skepping te beheers en te versorg word verontagsaam omdat die mens hom aan die Satan (slang) onderwerp, 'n nuwe verbondenheid.

Vanweë die sondeval van Adam en Eva (Gen. 3) het in die mens 'n nuwe wesenstrek ontstaan, die mens is 'n *gesplete wese.* Voor die sondeval was die mens in sy *ongebroke toestand,* in sy totaliteit op God gerig (Wijngaarden, 1963:39). Maar na die sondeval het die mens se afhanklikheidsbesef in sy *gebroke toestand* verander in selfverheffende selfstandigheid. Onties bly die mens egter steeds 'n afhanklikheidswese en het hy slegs die bewussyn daarvan verloor (Kruger, 1983:39; Louw, 1993:123). 'n Nuwe wesenstrek het in die mens ontstaan, die mens is 'n *gesplete wese.* In homself is die mens 'n *gedisintegreerdheid* vol *innerlike teenstrydighede.* In die verbondskind is tweërlei kragte aan die werk. Die krag van aftakeling en die krag van opbou. Hy beweeg tussen die *aftakelende krag* van die sonde wat aktief deurwerk in die gebrokenheid en die *bewarende krag* van God wat in die algemene en besondere genade deurwerk in die opbouing van die mens. Alle mense

word deur twee teenoorgestelde, ambivalente en botsende tendense beheers: die *aftakelende* kragte en die *opbouende* kragte en dit werk deur in die volle eksistensie van die mens. Die mens sien homself en ander nie meer as 'n geïntegreerde eenheidswese nie, maar 'n gedisintegreerde wese waarvan die samestellende elemente geobjektiveer is (Kruger, 1993:40). Hierdie kragte kan soos volg beskryf word:

- *Fisies* is daar aftakelende en genesende kragte.

- *Psigies* is daar funksionele remminge en disintegrasie sowel as 'n merkwaardige vermoë tot psigiese homeostase (genesing).

- *Geestelik* is daar ongeloof, disharmonie, ongeregtigheid, onsedelikheid, ensovoorts, sowel as die gestaltes van Godsbesef, norme en waardes van positiewe inhoud en medemenslikheid. "Daar is dus 'n universele en totalitêre *ambivalensie* by alle mense. Geloof – ongeloof; egosentrisme – altruïsme; liefde – haat; gemeenskap – isolasie; oorgawe – ontvlugting; verslawing – vryheid; ensovoorts." (De Klerk, 1975:13.)

### 9.5.4 Verlossing en herskepping

Die sondeval het die mens egter nie vernietig nie. Na die sondeval bly die mens deur Gods liefde voortbestaan, maar in 'n ander verhouding tot Hom as voorheen. God het egter na die eerste sondedaad aan die mens die vooruitsig gestel van 'n verlossing van die straf van die sonde (Gen. 3:15) (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk5.1-3).[143] Saam met die oplegging van die straf aan die gevalle skepsel, spreek God die mens in sy liefde aan en gee in genade die belofte van redding en herskepping (Coetzee, 1976:35). Met die koms van Christus kom hierdie belofte tot vervulling, oorwin Hy die mag van die sonde en bevestig Hom as die Verlosser van die mensdom en die Middelaar tussen God en die mensdom. Uit die verlossingsdaad van Christus spruit vir die mens die belangrike taak voort. Hy moet tot Gods eer en ten aansien van die wêreld die natuur herskep en tot kultuur omvorm op so 'n wyse dat God al die eer toekom (Coetzee, 1976:35). Die *vernuwing* word

[143] **Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5, artikels 1-3.** *5.1* Hulle wat God volgens sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle bedorwe natuur en bestaan nie. *5.2* Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid; en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig. Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die bedorwe natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang, totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam met die Lam van God in die hemel regeer. *5.3* Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan kan die bekeerdes nie in hierdie genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig daarin bewaar.

uitgedruk met die begrip ἀνανεόω wat die volgende betekenisse kan dra: Om nuut te maak deur te verjong, om iemand se jeug te herstel, of om iets weer op datum te bring. Die beginpunt van hierdie vernuwing lê in die πνεῦμα van die νοῦς (*"en dat julle vernuut moet word in die gees* (πνεύματι) *van julle gemoed* (νοὸς)*"* – Ef. 4:23). Paulus skryf aan die Romeine: *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die* ***vernuwing van julle gemoed****"* (Rom. 12:2).[144] Die vernuwing manifesteer in die eerse plek in die innerlike mens wat dan 'n noodwendige uiterlike manifestasie as konsekwensie het (Kruger, 1993:224). Die opstanding van die nuwe mens is gegrond in die magsdaad van die Vader waardeur Hy sy Seun uit die dood opgewek het. Die praktiese gevolg van Christus se opstanding is dat ons ook nou in 'n nuwe lewe kan wandel (Rom. 6:4). Dit beteken dat dieselfde krag waarmee Christus uit die dood opgewek is, ook in die gelowige werksaam is, sodat hy ook opstaan in 'n nuwe lewe. Die nuwe mens is 'n mens wat na die beeld van God herskape is. Die bekeringsproses hou dus ook herstel van beeldskap in.

## 9.6 Die dimensies van die verbondskind se menswees

Ten opsigte van die verbondskind word drie dimensies onderskei waar elke dimensie ingebed is in die ander.

a. Die *liggaam* as die *gestalte* van die kind waarin die volle mens beliggaam is.
b. Die *psige* is die *bewustheid* van die kind.
c. Die *gees* is die *gerigtheid* van die kind.

Vanuit 'n ander hoek kan die volgende dimensies onderskei word (De Klerk, 1975:14):

a. Die *somatiese dimensie* met sy fisiko-chemiese-biotiese samestelling en funksionering.
b. Die *psigiese dimensie* met sy fisiogeniese drifstruktuur van honger, dors en prokreasie en die psigogeniese drifte as die onmiddellike reaksie van die kind op sy omgewing. Albei hou verband met die emosionele, nie-logiese spontane reaksies van die kind.
c. Die *gevoelsmatig-noëtiese dimensie* met sy georganiseerde geheel van psigo-emosionele inhoude en denke.
d. Die *pneumatiese dimensie* as 'n grondprinsipe van kindwees. Dit is die selfbewustheid van die kind en die vermoë om homself te transendeer, heenwysend na 'n "divine reference point".

[144] Die primêre "orgaan" van die geloofservaring is die **gemoed**. Onder *gemoed* word verstaan die *binnenste van die mens, opgevat as die setel van sy gevoel, hartstogte, stemminge, gewete* (HAT, 2003:272). Kruger (1993:224) omskryf die **gees** (πνεύματι) en **gemoed** (νοὸς) so: "Die menslike πνεῦμα soos dit hier bedoel word, is die **ek** wat deur die Heilige Gees geheilig is. Dit is die subjek van vernuwing. Die byvoeging van τοῦ νοῦς ὑμῶν het 'n nadere bepaling ten doel, naamlik dat die intellektuele werking van die πνεῦμα hier bedoel word. In vers 17 waar die uitdrukking *"die verdwaasdheid van hulle gemoed"* gebruik word, beteken νοῦς die denkende gees".

Die gees kan omskrywe word as die beginsel van die kind se lewe en beweging. Dit is 'n funksionele en geen substansiële begrip nie – dit hou verband met die kind as relasiewese

## 9.7 Die wese en bestemming van die verbondskind

Onder projeksies van die verbondskind word verstaan die kind gesien vanuit verskillende hoeke. Die volledige kindwees is egter in elke projeksie teenwoordig.

### 9.7.1 Die verbondskind as *religieuse wese.*

#### 9.7.1.1 Projeksie

Die feit dat die kind beeld van God is en in 'n verhouding tot God staan, dui daarop dat hy 'n religieuse wese is. Religie beteken eenvoudig oorgawe: totale en radikale oorgawe (Van der Walt, 1995:19). Die kind kan nie sy lewe vir homself behou en ook nog iets daarvan aan God gee nie. Dit is óf die een óf die ander. Die kind *het* egter nie, bykomend tot sy menswees, 'n religieuse roeping nie, sy hele bestaan *is* diens aan God of diens aan 'n afgod (Eerste gebod, Heidelbergse Kategismus, Sondag 34, Vraag en antwoord 94 & 95). As religieuse wese is die verbondskind geroepe tot geloof, bekering, heiligmaking, lydsaamheid, volharding, heerlikmaking. Die stryd moet aangesê word teen die magte van ongeloof en twyfel. Vanuit hierdie projeksie word gefokus op die sentrale motiewe van die verbondskind:

- in die gerigtheid van sy hart; die leidende prinsipe van sy lewe;
- die alomvattende en fundamentele onderbou van sy eksistensie soos dit gestalte vind in sy lewens- en wêreldbeskouing;
- sy instelling teenoor die diepste kernvrae soos God, die naaste, skuld en dood; die kwaliteit en die rigting van sy selftransendensie.

Hier word die diepste lae van menswees ontdek. Die verbondskind se religieuse verhouding tot God is dus *totaal*, *sentraal* (of radikaal) en *integraal.*

- *Totaal*: dit omvat die verbondskind se hele lewe, sy totale bestaan as kind van God.
- *Sentraal*: die lewe van God se kind moet gesentreerd wees. In alles wat hy doen moet sy hart, sy diepste wese teenwoordig wees (Spr. 4:23).

- *Integraal*: die lewe van God se kind moet geïntegreerd wees. Hy het sy hart aan God gegee. Christene kan mense uit één stuk wees, ware integriteit openbaar, omdat hulle die enigste ware God dien.

#### 9.7.1.2 Samevatting

Vanuit die religieuse projeksie van die kind word gefokus op die sentrale motiewe van die verbondskind. Die fokus val op die gerigtheid van sy hart op God wat die leidende prinsipe van sy lewe is. Dit is projeksie van die alomvattende en fundamentele onderbou van sy eksistensie soos dit gestalte vind in sy lewens- en wêreldbeskouing, sy instelling teenoor die diepste kernvrae soos God, die naaste, skuld en dood; die kwaliteit en die rigting van sy selftransendensie.

### 9.7.2 Die verbondskind as *eenheidswese*

As totaliteit is die verbondskind 'n dinamiese knooppunt van talryke samehange en funksies, saamgebundel deur die "ek". Die kind is nie 'n meganiese eenheid wat in kompartemente ingedeel kan word nie, of in verskillende dele uiteenval nie. Die meganiese mensbeskouing het gelei tot die dwaling dat die mens alleen uit liggaam en siel bestaan en dat hy die som van sy dele is. Daar moet gefokus word op die kind in sy verskeidenheid sowel as in sy talryke samehange en funksies en ook op die totaliteit vanuit sy ek of persoonlikheid. Die verbondskind is 'n persoonlike eenheid wat meer is as die som van sy dele of funksies. Die eenheid van al die funksies van die verbondskind trek saam in die hart van die kind as religieuse sentrum[145] wat gerig is op God (teosentries) of gerig is op iets in die skepping as 'n afgod (kosmosentries). Die verskillende afsonderlike funksies of modaliteite van die kind kan onderskei word, tog is daar 'n intieme vervlegtheid daarvan in die kind as persoon, 'n kunstige geweefdheid wat deur die Skepper aan die kind gegee is (Ps. 139:13 – Want Ú het my in my moeder se skoot geweef).[146] Die volgende onderskeidings kan binne die eenheid van die kind gemaak word:

- die onderskeiding tussen die liggaamlike en die geestelike;
- die onderskeiding tussen die verskillende vlakke binne die kind: die fisiese, die biologiese, die drifmatig-instinktiewe, die psigies-emosionele en die geestelik-intellektuele gevoelsmatige.

Op grond hiervan het die kind die roeping tot selfintegrasie. Omdat die verbondskind wesenlik 'n eenheid is en die sondegebrokenheid die eenheid aantas deur 'n disharmonie van sy funksie te bring, is die kind geroepe om die eenheid te bewaar en sy funksies in harmonie te integreer.

[145] "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe." (Spr. 4:23).
[146] Stoker onderskei 12 sodanige modaliteite waaraan die mens deel het en Dooyeweerd onderskei 15.

### 9.7.3 Die verbondskind as *unieke wese*

Dit is in die Woord van God geopenbaar dat elke verbondskind na die beeld van God geskape is (vgl. Punt 9.4.3.1). Dit beteken dat die kinders elkeen 'n unieke, eiesoortige, onherleibare en onherhaalbare wese is. Vanuit hierdie projeksie word gefokus op die mens in sy unieke onherhaalbaarheid en unieke situasie. Elke kind het 'n eie individualiteit, persoonlikheid, denkvermoë en wilslewe. Menslike *differensiasie* en *individualisasie* vanuit die breë skemas van die persoonlikheidstruktuur, mentaliteitstipes, leeftydsfases en vermoëns staan hier in die sentrum. Daarby kom die hele kwessie van die betrokke verbondskind se realisering van sy uniekheid en frustrasies in dié verband sterk na vore.

### 9.7.4 Die verbondskind as *verbandswese*

Kragtens sy beeldskap is die verbondskind op God, op sy medemens en op sy wêreld of samelewing betrokke. Wesenlik is die kind *verbondskind*; hy staan nie net in (verbonds-) verhouding met God nie, hy is ook in relasie met medemense, die verbondskind is gemeenskapswese, ontmoetingswese. Vanuit hierdie projeksie word gefokus op die kind se *medemenslikheid* in sy verskillende relasies en verbande. As verbandswese is die kind geroepe om sy verhoudinge uit te bou: die verhouding met God, met die medemens, met die natuur in kultuurvorming, gemeenskapsverhoudinge. Die verbondskind kon in sy verband ook geskets word as *kulturele wese*. Van der Walt (1995:26) onderskei hier die volgende perspektiewe wat aktueel is in die faseologie van die verbondskind. Die perspektiewe word net ter kennisname genoem en nie verder uitgewerk nie.

- Vanuit die perspektief van God se *eiendomsreg* oor alles (Gen. 1:1; Ps. 24:1; Ps. 9; Ps. 19; Ps 104).
- Vanuit die perspektief van God se *kultuuropdrag* aan die mens (Gen. 1:26-29; Gen. 2:15; Ps 9:7-9).
- Vanuit die perspektief van die verbondskind se *rentmeesterskap* oor God se skepping (Gen. 1:29; Gen. 2:15; Gen. 4:17-22; Gen. 9:19-20; Rom. 9:16-22).
- Vanuit die perspektief van God se *norme* vir sy hele skepping (Matt. 22:27-40; Spr. 12:10).

### 9.7.5 Die verbondskind as *opdragwese*

Vanuit hierdie projeksie word gefokus op die bestemming van die kind tot die *vervulling van 'n roeping*. Sy ontos ("being") is gerig op die logos ("meaning"). Die logos alleen gee betekenis en

vervulling aan sy lewe. Deur selftransendering, vryheid en verantwoordelikheid positiveer hy norme en realiseer hy waardes wat subjektiewe vervulling bring, deur objektiewe inhoud daaraan te gee.

### 9.7.6 Die verbondskind as *antwoordgewende wese*

Die kind staan wesentlik onder die aanspraak van God, sy medemens en die wêreld. Alles lê aan hom 'n taak op, roep hom tot 'n opdrag. Die kind as mens is 'n verantwoordelike wese, wat steeds in alles wat hy doen antwoord gee aan God. In hierdie antwoord is die mens se vryheid en verantwoordelikheid instrumente om die werklikheid te beheers en diensbaar te stel. As antwoordwese is die verbondskind *geroepe om sy vryheid en verantwoordelikheid* in sy veelvuldige antwoorde te realiseer. As antwoordwese is die verbondskind dus *geroepe tot gehoorsaamheid,* 'n beginselordening en waarderealisering op alle terreine.

### 9.7.7 Die verbondskind as *gebroke wese*

Die sonde het ten opsigte van die verbondskind veral twee verwoestende uitwerkings gehad.

a. Dit het die kind skuldig gemaak voor God.

b. Die kind het te staan gekom onder die mag van die sonde en is derhalwe verdorwe.

Die in-sonde-gevalle verbondskind is doemskuldig voor God. God het kragtens die skepping van die mens reg op die mens en al sy kragte maar Adam, die hoof van die menslike geslag, het daarteen in opstand gekom en die hele menslike geslag met hom saam ingetrek in die rebellie en opstand teen God. Met reg kan God sy toorn stel teenoor die afvallige kind. Gevolglik is die kind se bestemming verydel en staan hy in die geestelike dood omdat die band met God deurgebreek is. Dit bring mee dat die kind 'n *gesplete wese* is. So is die beeld van God in die mens wel geskend maar deur God se algemene genade nie weg geneem nie. Die verantwoordelikheid van die kind, die toerekenbaarheid is daardeur nie weggeneem nie. [147] God hou die kind aanspreeklik vir sy dade. Maar in Jesus Christus is die straf op die sonde, van al God se uitverkore kinders, betaal.

[147] **Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 & 4, artikel 4:** Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer bederf hy dit heeltemal op verskillende maniere en hul dit in ongeregtigheid. Omdat hy dit doen, is daar vir hom geen verontskuldiging voor God nie.

### 9.7.8 Die verbondskind as *koninkryksmens* (vgl. Hoofstuk 2B, punt 3.17-3.29)

#### 9.7.8.1 Die belangrike plek van die *geloof*

Deur die geloof in Christus kry die verbondskind deel aan die verlossing, word hy verlos van die *skuld* van die sonde. Deur die vernuwing deur die Heilige Gees word die verbondskind verlos van die *mag* van die sonde. Daarom speel die geloof in God so 'n belangrike rol. Deur die geloof word die sondaar-verbondskind 'n burger van die koninkryk van God. Natuurlik is die kind nog nie volmaak nie. Dan moet die self stry teen die kwaad op elke terrein van die lewe volgens die wette wat in God se koninkryk geld.

#### 9.7.8.2 Die sentrale plek van die *liefde*

Die *liefde* kry 'n sentrale plek in die koninkryk van God. Dit is so omdat die wet van God van die koninkryksburger liefde tot God en liefde tot die naaste eis. Die liefde moet sigbaar word, 'n werklikheid word in die verhoudings-realisering van die verbondskind (Deutr. 6:5; Matt. 22:37-40).

#### 9.7.8.3 Die essensiële plek van die *hoop*

Die *hoop* speel 'n essensiële rol by die burger van die koninkryk van God. Die verbondskind is in die lig van die verkiesing deur die Vader, die verlossing deur Christus en die vernuwing deur die Heilige Gees 'n ewigheidsbestemde wese. Dit is elke Christen se roeping om mee te werk aan die voltooiing van die koninkryk van God. Die oorwinning van die eie onvolmaaktheid en ook die oorwinning oor die dood, word deur die koninkryksidee as 'n verwagting (*hoop*) aan die gelowige verbondskind voorgehou. Dit is die inhoud van die hoop waaruit die verbondskind leef. Dit is ook die verbondskind se primêre roeping om mee te werk aan die voltooiing van die koninkryk van God en uit hierdie primêre verhouding vloei daar verskillende sekondêre roepinge voort.

### 9.7.9 Die verbondskind as *verbondswese* (vgl. Hoofstuk 3A, punt 3.2-3.16)

God het die mens uit die stof van die aarde geformeer en in sy neusgate die asem van die lewe geblaas. Die mens is geskep na God se beeld en gelykenis. Volgens hierdie struktuur van hom verskil die mens vanaf sy skepping met alle ander skepsele. "Hierdie mens, geskep na die beeld van God, dus van nature goed, deur God aangespreek en tot die goeie gerig, is in die *verbond* as konkrete

korrelaat van die Drie-enige opgeneem en moet God se heerlikheid op aarde weerspieël (2 Kor 3:19) en in oorspronklike geregtigheid aan die eis van die wet voldoen" (Taljaard, 1995:54).

## 9.8 Samevatting ten opsigte van die wese en bestemming van die verbondskind

Die belangrikste punte wat in die bespreking hierbo uitgelig is oor die wese en bestemming van die verbondskind, word hieronder saamgevat en herhaal:

### 9.8.1 Religieuse wese

Vanuit die religieuse projeksie van die kind word gefokus op die sentrale motiewe van die verbondskind. Die fokus val op die gerigtheid van sy hart op God wat die leidende prinsipe van sy lewe is. Dit is projeksie van die alomvattende en fundamentele onderbou van sy eksistensie soos dit gestalte vind in sy lewens- en wêreldbeskouing, sy instelling teenoor die diepste kernvrae soos God, die naaste, skuld en dood; die kwaliteit en die rigting van sy selftransendensie.

### 9.8.2 Eenheidswese

Op grond van die eenheidsprojeksie van die kind kom in sig die roeping tot selfintegrasie. Omdat die verbondskind wesenlik 'n eenheid is en die sondegebrokenheid die eenheid aantas deur 'n disharmonie van sy funksie te bring, is die kind geroepe om die eenheid te bewaar en sy funksies in harmonie te integreer.

### 9.8.3 Unieke wese

Op grond van die uniekheidsprojeksie beteken dit dat die verbondskind 'n unieke, eiesoortige, onherleibare en onherhaalbare wese is. Vanuit hierdie projeksie word gefokus op die mens in sy unieke onherhaalbaarheid en unieke situasie. Elke kind het 'n eie individualiteit, persoonlikheid, denkvermoë en wilslewe.

### 9.8.4 Verbandswese

Vanuit die projeksie van die verbondskind as verbandswese word gefokus op sy *medemenslikheid* in sy verskillende relasies en verbande. As verbandswese is die kind geroepe om sy verhoudinge uit te bou: die verhouding met God, met die medemens, met die natuur in kultuurvorming, gemeenskapsverhoudinge.

### 9.8.5 Opdragwese

Vanuit die projeksie van die verbondskind as opdragswese word gefokus op die bestemming van die kind tot die *vervulling van 'n roeping.* Sy ontos ("being") is gerig op die logos ("meaning"). "Die logos gee alleen betekenis en vervulling aan sy lewe. Deur selftransendering, vryheid en verantwoordelikheid positiveer hy norme en realiseer hy waardes wat subjektiewe vervulling bring, deur objektiewe gestalte daaraan te gee." (De Klerk, 1975:16.)

### 9.8.6 Antwoordgewende wese

As antwoordwese is die verbondskind *geroepe om sy vryheid en verantwoordelikheid* in sy veelvuldige antwoorde te realiseer. As antwoordwese is die verbondskind dus *geroepe tot gehoorsaamheid,* 'n beginselordening en waarderealisering op alle terreine.

### 9.8.7 Gebroke wese

Vanuit die projeksie dat die verbondskind 'n gebroke wese is bring dit mee dat die kind 'n *gesplete wese* is. So is die beeld van God in die mens wel geskend maar deur God se algemene genade nie weg geneem nie. Die verantwoordelikheid van die kind, die toerekenbaarheid is daardeur nie weggeneem nie. God hou die kind aanspreeklik vir sy dade. Maar in Jesus Christus is die straf op die sonde, van al God se uitverkore kinders, betaal.

### 9.8.8 Koninkrykswese

Die projeksie as koninkrykswese bring dit mee dat die kind 'n *gesplete wese* is. So is die beeld van God in die mens wel geskend maar deur God se algemene genade nie weg geneem nie. Die verantwoordelikheid van die kind, die toerekenbaarheid is daardeur nie weggeneem nie. God hou die kind aanspreeklik vir sy dade. Maar in Jesus Christus is die straf op die sonde, van al God se uitverkore kinders, betaal.

### 9.8.9 Verbondswese

Die verbondskind, geskep na die beeld van God, en dus van nature goed, word deur God aangespreek en tot die goeie gerig. Die kind is in die *verbond* as konkrete korrelaat van die Drie-enige God opgeneem en moet God se heerlikheid op aarde weerspieël (2 Kor 3:19) en in oorspronklike geregtigheid aan die eis van die wet voldoen.

## 9.9 Die psigiese funksies van die verbondskind

Die geloof van die verbondskind realiseer in die psigiese funksies van die kind. Daarom moet die kategeet op die hoogte wees van die psigiese funksies van die verbondskind.

De Klerk (1975:18) deel die psigiese funksies van die mens in vyf groepe:

a. Die *ontvangende funksie* waaronder die "ontvangsapparaat" in die mens bedoel word wat indrukke van buite opneem. Hieronder word veral die sintuie gereken.
b. Die *bewarende funksie* is die verskillende vermoëns van die mens om wat hy opgeneem het te bewaar en te laat nawerk in sy funksionering Hieronder word veral onderskei: Gewoontevorming, die geheue, herkenning en herinnering.
c. Die *verbindende funksie* is die saamvoeging en ordening van die verskillende psigiese inhoude deur voorstellings, fantasie, denke en leer.
d. Die *waarderende funksie* is die emosionele funksionering van die mens waaronder die temperament, gemoed, gevoel, emosie, stemmings en affekte – gevoelsaandoening en gemoedsbeweging.
e. Die *verlangende funksie* omvat die wilslewe van die mens waarvan menslike motivering 'n belangrike onderdeel vorm.

Al hierdie funksies word *deurstraal, saamgebundel, georganiseer en geïntegreer tot 'n dinamies unieke struktuur deur die* ***ek***.

## 9.10 Die vlakke van psigiese funksionering

Ten opsigte van die kategese moet die verbondskind in sy geheel gesien word veral waar die saak van heilsekerheid en heilstoe-eiening ter sprake kom omdat dit die psigiese funksies van die kind omvat. Enkele grepe wat bevorderlik is vir die kategese, word opsommend weergegee.

a. *Menslike waarneming is nooit objektief nie.* Dit bly altyd subjektief. Uit die totale veld wat waargeneem word, word alleen op 'n deel gefokus en alleen 'n deel word opgeneem. Hierdie seleksie word bepaal deur vorige-ervaring, deur die intensie van die ek en deur verdringing van bedreigde stimuli in waarneming.
b. Insig in die *geheue* van die verbondskinders sal 'n bydrae lewer wanneer die leerinhoude in die kategese onderrigtend aan hulle verkondig word en hulle verkondigend daarin onderrigleer ontvang.

c. Die *denkproses* is 'n intensionele handeling waardeur oplossingsmetodes en ordeningsmiddele geaktiveer word ter oplossing van probleemsituasies in die omgang van die persoon met die werklikheid.

d. Ten opsigte van die *gevoelslewe* van die verbondskinders is die volgende onderskeidinge van belang.

e. Elke kind het sy eie *temperament* en ook sy eie unieke *gemoed.*

f. Elke kind beleef sy eie *emosies* wat vrees en angs; woede en aggressie; jaloesie en afguns; vreugde en verdriet en skrik is.

g. Elke kind het sy eie *stemminge* wat die permanensie van die gevoel is. Elke kind het 'n *grondstemming* wat 'n tendens vertoon van een van die volgende: *euforie, disforie en apatie.*

h. *Euforie* is die stemming van opgewektheid, frisheid, gelukkigheid, tevredenheid.

i. *Disforie* is die stemming van neerslagtigheid, treurigheid, ergernis.

j. *Apatie* is die stemming van ontrekking en gevoelsonverskilligheid.

k. Elke kind het sy eie *affekte*, dit is plotselinge algemene vitale reaksies waarin psigiese krag plotseling toeneem soos in vreugde of toorn of plotseling afneem soos in skok.

## 9.11 Die vyf vlakke van motivering

Die evangelie van Jesus Christus word in die kategese deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien. Die *belofte* van die evangelie is dat die Heilige Gees geloof in die verbondskinders se harte werk. Deur die geloof word hulle in Christus ingelyf en neem sy weldade aan (Heidelbergse Kategismus, antwoord 20[148]). Kategese is ***heilsbemiddeling*** waarin deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders tot geloof en bekering (Mark. 1:15) tot heilstoe-eiening gebring word. Op dié wyse word die beloftes en die eise van die verbond aan die kinders voorgehou. So ontvang hulle die indikatief, die fides quae creditur (die objektiewe geloofsinhoud) én die paraklese wat hulle oproep tot die fides qua creditur (die subjektiewe geloofsdaad). Die verbondskinders moet kinders van God wees "vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17).

Deur die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit God se Woord word die beloftes van God (fides quae creditur) aan die katkisante bedien en hulle word *gemotiveer* om op die verkonding te antwoord met geloofsdade (fides qua creditur). Dit is nie moontlik om motivering in

[148] 20. *Vraag:* Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het? *Antwoord:* Nee; maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.

die breë te behandel nie, daarom word slegs gekyk na die vyf vlakke van motivering vanuit psigologiese hoek.

a. *Instinkte* is aangebore motiewe wat die kind se basiese funksies in stand hou. Instinkte is hoofsaaklik biologies van aard soos die moederinstink, die paringsinstink en die kudde-instink.
b. Die *vitale dryfvere* hou verband met die liggaamlike funksies en word ook *drifte* of *drange* genoem. Belangrike drifte is honger, dors, slaap, beweging, die geslagsdrang.
c. Die *emosionele motiewe* waarin gevoelens 'n aandrywende krag is wat aan gedrag 'n ander wending kan gee, soos vrees, woede, vreugde, jaloesie. Emosionele motiewe speel by 'n kind 'n groot rol.
d. Die *sosiale motiewe* is meer kompleks van aard en dit gaan om selfagting en selfontplooiing in gemeenskapsverband. Hier word gedink aan affiliasie, maatskaplike goedkeuring, versorging, veiligheid, konformisme, sekuriteit, identifikasie, vrees vir afkeuring.
e. Die *waardestrewinge* is dié motiewe wat bepaalde waardes wil verwesenlik waardeur die persoon vastigheid en sekuriteit kan bekom. Die oriëntasie van die kind se lewe bepaal sy waardestrewinge.

## 9.12 Die indeling en kompleksiteit van motiewe

### 9.12.1 Die indeling van motiewe

Motiewe is komplekse verskynsels. Daar is onderlinge samehang en vervlegtheid van verskillende motiewe; kultuurpatrone, ontwikkelingsgeskiedenis, opvoeding, persoonlikheidsstruktuur speel 'n rol in motiewe. Dikwels is motiewe onbewus; wil, denke en gevoel is met verskillende intensiteite aan motiewe verbind. In aansluiting by die antropologiese model wat in punt 9.4 geskets is kan vyf vorme van motiewe onderskei word.

a. Die motiewe van *selfbehoud* sluit aan by die mens as **eenheidswese** wat as sentrale moment die handhawing van die funksionering van die self op alle werklikheidsvlakke het.
b. Die motiewe van *selfhandhawing* sluit aan by die mens as **unieke wese** wat as sentrale moment die selfbegrip en al die motiewe om die selfbegrip te bou en te beskerm het.
c. Die motiewe van *partisipasie* sluit aan by die mens as **verhoudingswese** wat as sentrale moment die positiewe en negatiewe in die medemenslike wisselwerking het.
d. Die motiewe van *diensbaarheid* sluit aan by die mens as **opdragwese** wat as sentrale moment waarderealisering het.

e. Die motiewe van *selftransendensie* wat aansluit by die mens as **religieuse wese** wat as sentrale moment die religieuse gerigtheid en gestaltegewing het.

### 9.12.2 Die kompleksiteit van motiewe

Met die oog op heilsekerheid en heilstoe-eiening moet in die praktyk van die kategese 'n ope oog wees vir die basiese motiewe wat in die gedrag van die verbondskinders 'n rol speel. In die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer is dit noodsaaklik om bewus te wees van die algemeen menslike motiewe en behoeftes. Dit sal 'n rol speel in die lewe van die verbondskinders as die indikatief, die fides quae creditur (die objektiewe geloofsinhoud) moet oorgaan tot die paraklese, die oproep tot die fides qua creditur (die geloofsdaad). Daar moet kennis geneem word van die indeling van die menslike motiewe in vyf groepe.

a. Die behoefte en strewe na *selfbehoud*.
b. Die behoefte en strewe na *selfhandhawing*.
c. Die behoefte en strewe na *partisipasie*.
d. Die behoefte en strewe na *diensbaarheid*.
e. Die behoefte en strewe na *selftransendensie*.

## 9.13 Die wil van die mens

Om te wil is 'n egmenslike verskynsel wat alle bewuste psigiese of motoriese handelinge voorafgaan. Die wil van die mens is die geïntegreerde aktiewe strewe na 'n doel, deur wetend 'n keuse te maak (De Klerk, 1975:24). Die wil is die innerlike dryfkrag agter al die kind se handelinge en kan met die oog op die kategese nie geïgnoreer word nie (Du Toit en Kruger, 1991:56). De Klerk (1975:24) en Du Toit en Kruger (1991:56) wys op die drie belangrike momente in 'n wilshandeling: die *strewingsmoment*, die *keusemoment* en die *beslissingsmoment*. Elke wilshandeling van die kind stuur op 'n doel af. Elke bewuste handeling van die kind word uitgevoer omdat hy wil, omdat hy 'n wens, 'n begeerte, 'n verlange, 'n behoefte of 'n strewe het wat hy, deur die handeling uit te voer, wil bereik. Dit impliseer 'n *doel* wat met die handeling bereik kan word en die *wil* om die doel te bereik. De Klerk (1975:24) pas hierdie waarheid toe op die pastoraat en skryf: "Psigologies is dit onverantwoord van die pastor om 'n blote appèl op die wil te maak. Die voorarbeid van rigtinggewende waardes, ideale, sentimente en norme moet eers beslag kry, voordat die wil kies en beslis." Hierdie afleiding van De Klerk ten opsigte van die pastoraat is ook van toepassing op die vakterrein van die kategese. Insig in die verloop van 'n wilshandeling is van groot waarde as dit kom

by kategetiese onderrigleer en in die besonder by die keuse wat die kind maak om op dit wat gegee is (fides quae creditur) te antwoord met 'n lewe dankbaarheid (fides qua creditur).

Die wil het 'n besondere plek in die psigiese struktuur van die kind. "In die verhouding van die wil tot die strewings is die wil die koetsier en die strewings die perde" (De Klerk, 1975:24). Die wil integreer, koördineer en elimineer die stukragte rondom 'n bepaalde doel. Die wil is die sentrale **ek** in die aksie. Baie sterk strewings kan die houvas van die wil omgooi, veral as dié strewings gedra word deur 'n baie sterk emosie. Die keuse en beslissingsmomente van 'n wilshandeling het rasionele en emosionele komponente. *Wilskrag* en *wilswakte* word bepaal deur veral twee dinge:

a. Die rigtinggewende waardes, ideale, sentimente en norme.
b. Die vermoë tot distansiëring van 'n situasie selfs onder emosionele druk.

Die wil is gebonde aan die menslike natuur. Die wil is gebonde aan wat die ek is, want in die wil bepaal die ek homself.

■ **Deel 2**

Die verbondskind in perspektief van sy leeftydsfases

HOOFSTUK 9

## DIE VERBONDSKIND IN META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Deel 2 Die verbondskind in perspektief van sy leeftydsfases


9.14 Inleiding ten opsigte van die kind se ontwikkelingsfases .................. 360
9.15 Die keuse tussen twee denkstromings .................. 360
9.16 Die religieuse ontwikkelingsfases .................. 361
9.17 Die kleuterfase of voorskoolse kind .................. 362
9.17.1 Persoonlikheidsontwikkeling .................. 363
9.17.1.1 Die behoefte aan liefde: .................. 363
9.17.1.2 Die verlange na geborgenheid: .................. 363
9.17.1.3 Die drang om alles te ondersoek .................. 363
9.17.2 Die godsdienstige ontwikkeling .................. 363
9.17.3 Toepassing ten opsigte van godsdienstige ontwikkeling .................. 365
9.18 Die ses- tot sewejarige kind .................. 365
9.18.1 Godsdienstige profiel .................. 365
9.18.1.1 Die ontwikkeling .................. 365
9.18.1.2 Godsdienstige oordrag .................. 366
9.18.1.3 Toepassing ten opsigte van godsdienstige ontwikkeling .................. 366
9.19 Die wending op 9 jaar .................. 366
9.19.1 Algemene beskrywing .................. 366
9.19.2 Klemverskuiwings .................. 367
9.20 Die agt- en negejarige .................. 368
9.20.1 Algemene beskrywing .................. 368
9.20.2 Praktiese toepassing .................. 369
9.21 Die verbondskind van tien en elf jaar .................. 369
9.22 Kategese aan die kind van twaalf en dertien jaar .................. 387
9.22.1 Algemene profiel .................. 369
9.22.2 Kategetiese neerslag .................. 370
9.23 Die verbondskind op hoërskool .................. 371
9.23.1 Algemene leeftydsprofiel .................. 371
9.23.2 Die godsdienstige profiel .................. 372
9.23.3 Kategetiese neerslag .................. 374
9.23.4 Religieuse fasette .................. 384.

HOOFSTUK 9

Deel 2

DIE VERBONDSKIND IN PERSPEKTIEF VAN SY LEEFTYDSFASES

## 9.14 Inleiding ten opsigte van die kind se ontwikkelingsfases

Kategese wat net gerig is op die kognitiewe en nie rekening hou met die affektiewe, normatiewe en konatiewe nie, en ook nie rekening hou met die religieuse potensiaal van die verbondskind nie, is nutteloos. Kategese is ook irrelevant as dit nie rekening hou met die religieuse werklikhede van die lewe wat aktualiteit en lewensrelevansie betref nie. "Kinders moet God self ontdek en die volwassene is slegs die tussenganger of medium waardeur God die kind bereik. Die Woord van God is die enigste middel waardeur die kind God kan ontdek. Die volwassene moet slegs die Woord van God aan die kind deurgee sodat die kind God kan ontdek." Roux (1994:77) wys ook daarop dat: "Each and every child is born with an inherent religious potential. The development of this potential, which may be manifested in various religious experiences, may take place quite independently of cognitive development as such is no prerequisite for the development of religious potential." Verbondskinders word "opgevoed en voorberei om hulle plek, op watter terrein ookal in te neem" (Roux, 1997:10). Ten opsigte van die ontwikkelingsfases van die verbondskind gaan daar net op die godsdienstige ontwikkeling gelet word en waar nodig na ander fasette verwys word in verhouding tot die religieuse.

## 9.15 Die keuse tussen twee denkstromings

Daar moet oorsigtelik kennis geneem word van twee denkstromings wat bestaan in die beskrywing van die religieuse ontwikkeling van die kind. Van Niekerk (1997:61) verwys na die navorsing van Roux.[149]

Die twee denkstromings is die volgende:

a) 'n benadering wat die ***kognitiewe aspekte*** in die religieuse ontwikkeling van die kind beklemtoon met Piaget (1929), Goldman (1964) en Fowler (1991)[150] as die belangrikste eksponente.

[149] ROUX, C. 1994. Die religieuse potensiaal van die kind. Stellenbosch: Kindergodsdiensburo.

b) 'n benadering wat die fokus rig op die ***inherente religieuse potensiaal*** van die kind in sy religieuse ontwikkeling, met Montessori (1965), Robinson (1993), Cavaletti (1993), Berryman (1995) en Roux (1994) as belangrike eksponente.

Vir dié studie word instemmend aangesluit by die ***inherente religieuse potensiaal-ontsluitings-tradisie*** op die voetspoor van Roux en Van Niekerk.

Van Niekerk (1997:59) verwys na die resultate van navorsers van die Buro vir Kurrikulering en Evaluering van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur wat drie kategorieë ge-gewens oor die kind se ontwikkelingsgang onderskei het: *Ontwikkelingskenmerke, behoeftes* en *belangstellings*. Hulle bevind dat daar op 'n spesifieke tydstip in 'n kind se ontwikkeling sekere veranderinge plaasvind wat lei tot die ontstaan en uitbouing van bepaalde behoeftes. Die genoemde navorsers skryf dat, soos wat hierdie kenmerke, behoeftes, belangstellings en vermoëns ontwikkel, vind daarmee saam 'n niveauverheffing (bevoegdheid-verheffing) in die verskillende **domeine** plaas. Van Niekerk (1997:59) gee hierdie domeine weer:

- Die psigo-motoriese domein (fisieke ontwikkeling).
- Die affektiewe domein (emosies, gesindhede, houdings).
- Die kognitiewe domein (intellektuele vermoëns).
- Die sosiale domein (vaardighede gerig op die self en die medemens of groep).
- Die normatiewe domein (gerig op moraliteit en die persoon se norme en waardestelsels).
- Die religieuse domein (gerig op die persoon se verhouding met sy Oorsprong of Skepper).

Hierby moet ook gereken word die konatiewe ontwikkeling van die verbondskind ten opsigte van sy ***wil.***

## 9.16 Die religieuse ontwikkelingsfases

Van Niekerk (1997:69) sluit by C. Roux[151] aan met die onderskeiding van die volgende religieuse ontwikkelingsfases (Godsbegripsfases) van die kind vanuit die religieuse potensialiteitsteorie:

---

[150] Dit is jammer dat Kole en Proos (1999:125) juis by Fowler aansluit in hulle deeglike en praktiese behandeling van die fase 0-12 jaar. Hierdie uitgangspunt weerspieël in die behandeling van die godsdienspsigologiese fase van die kind 0-12 jaar. Indien hulle die benadering van Montessori (1965), Robinson (1993), Cavaletti (1993) of Berryman (1995) gevolg het, sou hulle beskrywing van groter waarde kon wees.

[151] ROUX, C. 1994. Teaching the Bible to little children. *Scriptura* (49):10-23.

- Religieuse stadium 1 (ongeveer 3-9 jaar).
- Religieuse stadium 2 (ongeveer 6-12 jaar).
- Religieuse stadium 3 (ongeveer 10-16 jaar).
- Religieuse stadium 4 (ongeveer 16-19 jaar).

Van Niekerk (1997:69-122) gebruik in die bespreking van die religieuse ontwikkelingsfases van die kind, die indeling van Roux. Dit is 'n baie gemaklike en praktiese indeling vir die behandeling van die religieuse ontwikkelingsfases van die kind. Vir die studie word, met inagneming van die praktyk in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika[152], die volgende indeling geformuleer:

- 4 tot 5 jaar: As kleuter by die huis.
- 6 tot 7 jaar: Eerste twee skooljare in gradeklasse.
- 9 jaar: Die wendingsjaar – Graad 3.
- 9 tot 10 jaar: Graad 4 en 5.
- 11 tot 12 jaar: Graad 6 en 7.
- Die tienerfase:
    - 13 tot 14 jaar: Graad 9 en 9.
    - 15 tot 17 jaar: Graad 10, 11, 12.

By elkeen van die lewensfases word net gelet op die hoofmomente wat van toepassing is vir die studie. Die doel is nie om 'n volledige uiteensetting van alle fasette van die kind se ontwikkeling te gee nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die ontwikkelingsfases nie eenders verloop by alle kinders nie: " 'n Tienjarige kind kan byvoorbeeld soms ontwikkelingskenmerke toon wat eie is aan kinders in die junior primêre fase of hy/sy kan sy/haar tydgenote ver vooruit wees en kenmerke toon wat eie is aan kinders in die sekondêre skool. Hierdie fases is dus nie skerp af te baken nie." (Van Niekerk, 1997:57.) Kinders beweeg geleidelik van die een fase na die ander en hoewel sekere ouderdomme genoem word, dien dit slegs as breë riglyne. "Dit is egter waar dat die tempo waarteen kinders deur die verskillende fases beweeg, versnel kan word deur leerryke ervarings." (Van Niekerk, 1997:59.) Die religieuse ontwikkeling van die kind word oorsigtelik besien met die oog daarop om vas te stel hoe die kategese kan dien as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

## 9.17 Die kleuterfase of voorskoolse kind

[152] Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se lesroosters en handleiding word ingedeel volgens die skoolgrade van die verbondskinders.

### 9.17.1 Persoonlikheidsontwikkeling

Die hooflyne waarlangs die verbondskind in sy vroeë kleuterjare ontwikkel is die volgende:

**9.17.1.1 Die behoefte aan liefde:**

Vanaf geboorte is die kind ten volle van die moeder afhanklik. Eet, drink, slaap, speel is die hoofmomente in die lewe van die baba. Daar is dus by die kind die inherente behoefte aan liefde en sorg. Namate die kind ouer word brei die behoeftes aan sorg uit oor ander fasette van sy lewe.

**9.17.1.2 Die verlange na geborgenheid:**

Die verlange na geborgenheid hang baie nou saam met die verlange na liefde. Die kind wil veilig voel. In hierdie lig moet die "lastige vrae" van die kind in die derde en vierde lewensjaar gesien word (Higgo, 1968:27). Die kennis wat verkry word in die antwoorde op die vrae bring sekerheid en veiligheid in sy gemoed.

**9.17.1.3 Die drang om alles te ondersoek**

Die drang om te ondersoek hang ook nou saam met die behoefte en verlange na liefde en geborgenheid. Drie fasette speel hier 'n belangrike rol: (a) Die kenlewe. (b) Die wilslewe. (c) Die gevoelslewe. Die voedings- en bewegingsdrange is by die baba teenwoordig. Op hierdie stadium is daar nie werklik van die kind se bewuste wil sprake nie want hy gehoorsaam sy innerlike, natuurlike drange. In die gang van die tweede en derde lewensjare groei daar 'n doelbewuste keuse-handeling. Die kind handel onder die invloed van impulse en prikkels van die buitewêreld. Vanaf die derde lewensjaar kry die optrede van die kind die karakter van 'n keusehandeling wat affektief bepaald is en uiters egosentries is.

### 9.17.2 Die godsdienstige ontwikkeling

Die leefwêreld van die kleuter is klein en konkreet, en bestaan hoofsaaklik uit ma en pa, die naaste familie en moontlik die tannie by die dagsentrum of kleuterskool. Die kleuter kan nie abstrak dink of redeneer nie daarom is dinge vir hom konkreet. God is daarom vir die kleuter iemand soos Ma of Pa, miskien net 'n bietjie groter en sterker, maar nietemin konkreet. Die kind in hierdie vroeë fase van ontwikkeling op weg na volwassenheid aanvaar godsdienstige gebruike en idees spontaan. Dit is deel van die kleuter se konkrete leefwêreld. Die eienskap van *nuuskierigheid* en *weetgierigheid* kan

besonder goed ingespan word as dit kom by Bybelonderrigleer vir die kleuter: "Hulle nuuskierigheid word normaalweg ook met 'n heel eenvoudige antwoord tevrede gestel." (Deist, 1992:21.) Fantasie speel 'n groot rol in die lewe van die kleuter en Theunissen (1978:9) wys daarop dat: "Die voorskoolse kind is intellektueel nog onvolwasse, hy het 'n beperkte woordeskat en 'n gebrek aan lewenservaring. Dié beperkinge moet 'n mens deeglik in aanmerking neem wanneer jy met die Bybel na die kind toe gaan." Tog moet in aanmerking geneem word dat die voorskoolse jare die tydperk is waartydens fondamente gelê moet word. Geloof is nie net verstandskennis nie. Geloof berus ook op ervaring, en dié soort ervaringe wat 'n kind na God sal lei kan die kind reeds van sy eerste lewensjaar af hê. Dit is onsigbare bouwerk wat in die kleuter gedoen word. Dit is die tyd vir die aanleer van gesindhede: positiewe houdinge ten opsigte van godsdiens, liefde vir die alomteenwoordige God, 'n begeerte om Hom beter te leer ken, dankbaarheid vir alles wat Hy ons gee en berou oor wat ons verkeerd doen (Theunissen, 1978:10). Hulle kan nie eintlik abstrak onderskei tussen dinge wat in hulleself moreel "goed" en "kwaad" is nie. Die perspektief waaruit hulle "goed" en "kwaad" beskou, is dus gebaseer op wat die lewe vir hulle goed of sleg maak (Deist, 1992:21).

Opvoeding "moet in deze fase in de handen van de ouders blijven: het 'onderwijs' en de opvoeding dienen plaats te vinden in de liefdevolle ouer-kind-relatie. Van grote betekenis is daarbij dat er bij de opvoeders ten aanzien van levensbeschouwelijke zaken eenheid van denken en gevoelen is." (Kole en Proos, 1998:126.) Die volgende sterk eienskappe is by die voorskoolse kind teenwoordig: egosentries, fantasie en werklikheid word nie onderskei nie, religieuse voorstellings is bepalend veral die voorbeeld van die ouers. Daar word nie tussen die religieuse wêreld en die belewingswêreld van die kleuter onderskei nie. Voorstelling van God hang af van die voorbeeld van die ouers. Die kleuter leer omgaan met taal en spraak. Die denke staan in die teken van *waarneem* wat direk en konkreet sigbaar is. Die samehang van die dinge en veral die oorsaak-gevolg-verhouding het vir die kind geen betekenis nie. Die gesin is vir die kleuter van die allergrootste belang.

Omdat die kleuter nog nie abstrak kan dink nie, het hy 'n spesifieke konkrete voorstelling van God: "Om God konkreet vir homself voor te stel, fantaseer die kleuter rondom die begrip 'God' en stel vir hom God voor as 'n bejaarde man met 'n baard."[153] (Roux, 1999:5.) Die kleuter dink aan God slegs in sy konkrete hoedanigheid. God is dus ook iemand wat kan kwaad word, moeg word, eensaam voel en hartseer wees. Vanweë die kleuter se egosentriese instelling is God vir hom nie daar om te loof en te prys nie, maar om na sy eie persoonlike behoeftes om te sien. Dit kom na vore in

[153] Ouers moet waaksaam wees dat die kleuter nie 'n indentifikasie maak tussen God die Vader en vader Krismis nie.

kleutergebedjies. Daarom glo die kleuter dat God sommer regstreeks in die lewe ingryp om alledaagse probleme op te los. "Dit gaan dus vir die kleuter daarom dat sy versoeke ten opsigte van geskenke, nood en verandering deur God beantwoord sal word" (Roux, 1997:6). Vir die kleuter is God almagtig. Ander eienskappe van God is nog nie aan die kleuter bekend nie.

### 9.17.3 Toepassing ten opsigte van godsdienstige ontwikkeling

Skrifgedeeltes waardeur die kleuter God en sy dade kan leer ken, is baie geskik vir onderrigleer in hierdie fase van ontwikkeling. Van der Walt (1992:24) waarsku dat dit gevaarlik is om die kleuter se begrip van God met 'n "liewe Jesus"-idee af te water. "Vader" is baie nader aan hulle leefwêreld, maar daar moet onthou word dat God nie die swakhede van 'n pa het nie; wat 'n pa goed doen, wys net na wat God die Vader foutloos doen. Keuse van Bybelse inhoud is veral gesinsgebeurtenisse in die Bybel waarin gesinsverhoudinge 'n belangrike rol speel. Dit is die begin van die geloofsontwikkeling wat in die vroeë adolessensie uitloop op heilsekerheid en heilstoe-eiening. Van waarde is die voorbeeld van die ouers ten opsigte van Bybellees, gebed, bywoning van die eredienste, ernsmaak met die inhoud van die Bybel ensovoort.

## 9.18 Die ses- tot sewejarige kind

Die ses- tot sewejarige kind het die skoolgaande ouderdom bereik en is gewoonlik in die kindertuinfase van die laerskool.

### 9.18.1 Godsdienstige profiel

#### 9.18.1.1 Die ontwikkeling

Godsdienstig vertoon die ses- tot sewejarige kind nog baie sterk die trekke van die kleuter. Kinderlike gedragspatrone is nog opmerklik teenwoordig. Hierdie kind het nog nie 'n volledige besef van die werklikheid nie, omdat fantasie nog 'n groot rol in sy gedagtewêreld speel. Die kind is nog onskuldig en aanvaar dinge maklik. 'n Godsdienstige kenmerk van hierdie kind is dat daar nog nie gevra word na die oorsaak en gevolg van dinge nie. Die behoefte aan *liefde*, die verlange na *beskerming* en die drang na *ontdekking* is drie belangrike hooflyne in die ontwikkelingsgang van die ses- tot sewejarige kind.

### 9.18.1.2 Godsdienstige oordrag

In die ontwikkelingsfase van die ses- tot sewejarige kind is die volgende sake op godsdienstige vlak van belang. Belangstelling in die Bybelse geskiedenis moet by die kind in hierdie ontwikkelingstadium sterk aangemoedig word, omdat dit binne hulle belangstellingswêreld lê. Hulle aandag moet gevange gehou word deur die beklemtoning van verskillende groot figure uit die Bybelse geskiedenis en wat God gedoen het deur die optrede van hierdie figure. Dit wat geskied het, soos wat dit in die Bybel opgeskrywe is, moet benadruk word, met die klem daarop dat dit God is wat die dinge laat gebeur het. Die ontwikkelingslyn van die Goddelike openbaring sal op hierdie kind nog geen indruk maak nie. Sy ontwikkeling is nog nie sover dat dit die eenheidsgedagte van die Bybel kan snap en daaroor kan besin nie.

As kleuter het die klein kind hom in 'n besondere mate met sy ouers en ander volwassenes geïdentifiseer. Vir die ses- tot sewejarige kind verskuif die identifikasie gaandeweg vanaf die medemens na Christus. Die liefde tot God, die goeie Vader, wat vir sy kinders baie goed sorg, kan hier besonderlik gewek word. Met groot vrug kan benadruk word dat Jesus Christus elke behoefte van die kind vervul. Sy behoefte aan bewondering, sy behoefte aan sekuriteit en geborgenheid, sy behoefte aan vreugde en geluk, maar ook sy behoefte aan gesag en dissipline.
Die ses- tot sewejarige kind wil hoor van iemand wat hulle kan liefhê, in wie se lewe hulle 'n intense belangstelling kan hê, soos Josef, Moses, Dawid, Daniël, Jesus ensovoorts.

### 9.18.1.3 Toepassing ten opsigte van godsdienstige ontwikkeling

Konsentreer in die les op die lewendige, dog Bybelgetroue, oordrag van die Bybelse geskiedenis. Konsentreer hoofsaaklik op een enkele figuur. Laat die liefde van God en sy vaderlike sorg vir sy kinders lewensgetrou uitstraal sonder Metodistiese sentiment. Benadruk die gebed as die vertrouende praat met die hemelse Vader wat altyd hoor. Laat die kind soveel moontlik praat en vertel wat Hy weet in verband met die Bybel se feite wat in die les na vore kom en sy persoonlike lewe as 'n verbondskind.

## 9.19 Die wending op 9 jaar

### 9.19.1 Algemene beskrywing

In sy ontwikkelingsgang tot hiertoe het die kind die godsdienstige waarhede klakkeloos *aanvaar*, maar daarvan nog niks *ervaar* nie. Sy godsdienstige belewings is deurweef met die fantasie van die jong ontwikkelende gedagte van die kind. Niks het werklik deurgedring tot die werklikheid en die konkrete nie. Maar ongeveer in die agste lewensjaar is daar 'n kenmerkende en grondige wending te bespeur. Teen hierdie ouderdom interesseer die fantasiewêreld hulle skielik nie meer nie en bereik die kind die konkreet-funksionele vlak van denke. Hy beleef nou die tydperk tussen fantasie en volwasse logika. Abstrakte begrippe, wat vroeër onverstaanbaar was, begin gaandeweg vir die verbondskind sin maak totdat die ideë-wêreld van die fantasiefase sy plek langs die konkrete wêreld inneem. Hulle begin onderskei tussen sigbaar en onsigbaar, konkreet en denkbeeldig. Vanaf die agste jaar begin die kind meer en meer om ontledend en krities na dinge en verskynsels om hom te kyk. Daarom is 'n onbevredigbare weetgierigheid in hierdie fase sigbaar. Nou begin die kind ook uitreik na ander en word medelye en meelewing iets wat vir hom 'n werklikheid word. Skrifgedeeltes wat die kind voorlig oor hoe meegevoel medelye word, dit wil sê wat 'n mens in sulke omstandighede behoort te *doen*, sal hom in dié fase sterk aanspreek, en hom aanmoedig om daardie lewenstyl na te volg (Deist, 1992:51). In die wending vanaf die agste jaar begin die verbondskind ook die vermoë ontwikkel om dinge uit iemand anders se oogpunt te sien. Derhalwe sal die kind al meer en meer sy eie plek besef as kind van God in sy verhouding met medemense. Die klemverskuiwings in hierdie oorgangsfase kan só saamgevat word:

## 9.19.2 Klemverskuiwings

Die kind begin God nou sien en beleef as die bomenslike. Soms verwar die menslike uitdrukkinge van die Skrif die kind as daar gepraat word van God se stem, God se hand, God se mag. Dit verwar hom dat God teenwoordig kan wees en hy kan Hom nie as persoon sien nie. (Eers in die dertiende lewensjaar, wanneer die abstrakte denke goed ontwikkel is, breek die begrip hiervoor deur.) Ten opsigte van die kind se persoonlike verhouding met God, bly God vir hom steeds die Een wat die kwaad straf en daar ontwikkel twyfel of God alle mense liefhet, soos wat die kind dit in die vorige periode so rotsvas geglo het. Hy weet dit moet so wees, maar die agtjarige kan die probleem van die slegte mense in die gemeenskap nie oorkom nie.

Dat Jesus Christus as mens gebore kon word en op die aarde as 'n volwasse man kon optree, vind by die kind meer begrip. Die klem ten opsigte van die betekenis van Jesus word baie sterk gevind in die wondertekens wat Jesus doen. Die Satan en sy bose werking vind ook nou 'n plek in die gedagtekring van die kind. Hy begin geleidelik verstaan dat die duiwel die meesterbrein agter alle slegte dade is wat deur die mens gedoen word. As die bron van alle waarheid, begin die kind die

Bybel al meer en meer eerbiedig, maar dan moet die onderrigleer geskied in woorde en begrippe vanuit die kind se ervaringswêreld.

Die gebede in die lewe van die kind neem spontaan toe en word bewustelik gerig op God of Christus. In die gebede van die agtjarige kind word die klem baie sterk geplaas op *voorbidding* om bewaring en beskerming, op herstel van siekte en op die feite van menslike lyding. Die eerste tekens van die *gewete* word ook nou sigbaar. Nou is dit nie meer slegs ouerlike goedkeuring en afkeer wat oor goed en kwaad beslis nie, maar die kind ontwikkel 'n eie vermoë om in te sien wat vir homself én sy groep goed is en wat kwaad veroorsaak (Deist, 1992:22).

## 9.20 Die agt- en negejarige

### 9.20.1 Algemene beskrywing

Vanuit die voorafgaande wending- en oorgangsfase kan die agt- en negejarige kind godsdienstig beter beoordeel word. Na die fase van wending, stabiliseer die godsdiens van die agt- en negejarige verbondskind in 'n duidelik waarneembare patroon. Geestelike en verstandelike verdieping was die resultaat van die wending. Abstrakte denke begin stadigaan ontluik. Die godsdienstige lewe van die kind kry dus al meer en meer die karakter van 'n gedagtelewe, meer as 'n voorstellingslewe. Hulle godsdiens begin ook iets word wat in die praktyk van die lewe meespreek. Die kind in hierdie ontwikkelingsfase is daarop uit om die veelheid van dinge te leer ken. Die verbinding tussen sekere feite en die ontwikkelingslyn van sake word nou vir die kind belangrik. Hulle wil weet hoe het dit gekom dat sekere dinge op 'n sekere wyse gebeur het en hulle stel ook intens belang om die voortgang te weet van wat verder gebeur het. Die oorsaaklike verband tussen dinge hou hulle aandag in hierdie fase besonderlik gevange. Die verstand speel nou 'n sterker rol as die emosie. Die kind beweeg in hierdie fase graag in groepsverband. Onderling word groepe gevorm waar interne reëls geld wat deur die groep daargestel is. Hulle spel en samesyn en optrede teenoor mekaar geskied langs rigiede reëls. Baie gou sal iemand oor die vingers getik word as hy die reëls oortree. Dit word ook as onregverdig beskou om die neergelegde reëls van die groep te ignoreer of vir eie voordeel te buig en te rek. Die kind in hierdie lewensfase toon derhalwe 'n kenmerkende sin vir regverdigheid. Kategetiese onderrigleer kan by hierdie regverdigheidsin aansluit deur die verhouding tussen Jesus en sy groep dissipels in diè lig te teken. By wyse van die gebruikmaking van geskikte leerinhoude kan die verbondskinders se Christelike moraliteit van hierdie punt af *ontwikkel* gerig op die praktyk van sy lewe (Deist, 1992:54). Die ontwikkeling kan op geen ander manier plaasvind in die lewe van die verbondskind nie.

### 9.20.2 Praktiese toepassing

Nou is die ontwikkelingsfase van die kind sodanig gevorder dat dit geskik is vir die aanleer van opeenvolgende Bybelse gebeurtenisse juis omdat die kind nou 'n sin vir die ontwikkelingslyn begin ontwikkel. Die kronologiese verband tussen dinge uit die Bybelse geskiedenis kan nou gelê word. Godsdiens-opvoedkundiges uit die Gereformeerd-Calvinistiese sfeer is van mening dat die kind hier teen die einde van graad 4 reeds die ontwikkeling van die Bybelse geskiedenis in hoofsaak behoort te ken. Daar moet in die oordra van die gebeurtenisse nie net by die geskiedkundige feite in hulle onderlinge verband gebly word nie, die Goddelike waarhede in alles moet met die oog op die geloofslewe van die kind uitgelig en beklemtoon word in hulle praktiese verband. Die kinders moet leer hoe om in hulle daaglikse lewe te antwoord op wat uit God se Woord aan hulle bedien word.

## 9.21 Die verbondskind van tien en elf jaar

Gedurende hierdie leeftydsfase begin die belangstelling van die kind in die ***sin*** en ***betekenis*** van dinge. By die ordeninge en indeling van die leerinhoude vir die kategese, moet in gedagte gehou word dat daar nou aan die verbondskind geleer kan word dat die Bybel nie alleen net interessante feite en verhale oor mense en dinge bied nie maar dat God Homself in die feite wil openbaar. Die kind sal beslis nog nie begrip toon vir die *volle Godsopenbaring* nie, maar 'n begrip vir die organiese karakter van die Godsopenbaring ontwikkel nou en moet in ag geneem word. Op hierdie wyse kan die verbondskind ook geleer word op watter wyse en met watter gesindheid hy met die Woord van God moet omgaan en hoe dit vir hom van praktiese betekenis kan wees. Waar die kind in die kleuterjare as hy oortree het en die ouerlike misnoeë opwek, bloot vrees vir verwerping, begin hy nou langer en hoe meer egter teleurstelling – selfs berou – ervaar wanneer hy sy "ideale ek" nie kan uitleef nie.

## 9.22 Kategese aan die kind van twaalf en dertien jaar

### 9.22.1 Algemene profiel

In hierdie jare van onwikkeling gaan die verbondskind geleidelik oor in die puberteitsfase en het die verbondskind sy "kleuter"-verhoudinge en -opvattinge met betrekking tot sy ouers, medemense, maats en die lewe in die algemeen ontgroei. In die periode twaalf tot dertien jaar ontwikkel 'n nuwe wêreld- en lewensbeskouing in die kind. Hulle begin die wêreld nou deur hulle eie oë sien. Hulle begin dinge nou baie meer intens ervaar as vroeër, want die verbondskind begin homself as indiwidu

te vind en kan hom aan ander gee. Dit is dié tyd dat kinders begin gereed word om die godsdiensopvoeding wat hulle oor die jare gekry het, werklik hulle eie te maak en besluite in dié verband te neem (Deist, 1992:72). Leerinhoude vir kategetiese onderrigleer moet in hierdie fase ingestel wees op die ***gemoed*** van die verbondskinders, eerder as op die ***verstand***. Daar kan eerder klem gelê word op *ervaring* as op *verstaan*. Deist (1992:72) verduidelik dat omdat die kind op dié ouderdom juis op persoonlike ervaring ingestel is, hy die geleentheid gegun moet word om die mistiek van die groter werklikheid self te beleef. Hy vervolg: "Dis die tyd vir kampe en wandelings in die natuur, vir die poësie van die skeppingspsalms soos Psalm 9, Psalm 19 en Psalm 104, en gedigte soos Job 39 en 40. Dis ook tyd vir ervarings van 'n heel persoonlike aard aan die hand van persoonlike belydenisse soos dié in Psalm 9, Psalm 23, Psalm 121 en dies meer."

In hierdie lewensfase heg die kind groot waarde aan ***egtheid***. Hy sal byvoorbeeld die gesag van die opvoeder kritiekloos aanvaar, maar dan moet die gesag eerbaar en geloofwaardig wees. Die kind in hierdie ontwikkelingsfase kan geweldig geskok en teleurgesteld wees indien die optrede van mense na wie hy opsien, nie ooreenkom met dit wat hy leer nie. Dit wat ouers, onderwysers, kategete, volwassenes aan hulle leer, word getoets aan die lewe van die betrokke persoon. 'n Belangrike ontwikkeling in dié fase van moraliteit is dat die kind reëls *uit vrye wil* en *uit eie keuse* nakom, en nie maar net omdat iemand anders hom beveel om so te maak nie.

### 9.22.2 Kategetiese neerslag

Die algemene profiel van die kind dui daarop dat dit nou die geskikte tyd is om 'n grondige en egte kennis uit God se Woord op te bou en om goeie, mooi en sedelike karaktergewoontes en maniere vas te lê en te bestendig veral as die Skrifgedeeltes sy lewe aanspreek. Voortdurend is daar by die kind die *waarom* vraag in die soeke na antwoorde op lewensvraagstukke. In die kategese moet daar aandag geskenk word aan hierdie vrae en probleme in die lig van die kind se veranderde lewens- en wêreldbeskouing. Omdat die kinders nou abstrak kan dink, simboliek kan verstaan en meer as een aspek van 'n saak in ag kan neem, kan *meer ingewikkelde gelykenisse* in hierdie stadium behandel word (Van Niekerk, 1997:93). Chronologie en kousaliteit word nou vir die kind belangrik en moet in die leerinhoude gesien kan word. Van Niekerk (1994:94) is van oordeel dat die meeste van die profetiese boeke, Hooglied, Prediker, die sendbriewe en Openbaring op hierdie stadium nog nie behandel kan word nie.

Die digterlike en wysheidsboeke kan nie in geheel behandel word nie, maar temas uit die boeke kan wel met groot sukses as leerinhoud gekies word gerig op die praktiese lewe van die verbondskind.

## 9.23 Die verbondskind op hoërskool

In hierdie periode het ons te doen met die verbondskind in sy veertiende tot sewentiende/agtiende lewensjaar.

### 9.23.1 Algemene leeftydsprofiel

Opsommend gestel is die volgende fasette ten opsigte van die leeftydsfase van veertien tot agtien jaar belangrik.

- Die kind dra in hom `n drang na *selfontplooiing, selfontdekking, selfbepaling* en *selfbehoud.* Dit is die fase van die ontwaking van die *selfbewussyn.* Twee fases wat met mekaar vervleg is, vind nou plaas. Eerstens vorm die kind 'n duidelik konsepsie van homself en die omringende wêreld. Die tiener is sterk na binne gerig en selfs egosentries. Tweedens is die tiener ook na buite gerig, maar nie in objektiewe sin nie, want sy "**ek**" bly die middelpunt in al sy betrekkinge en verhoudinge na buite. In die hart van die kind is daar die begeerte na ***sekerheid,*** daarom ontwikkel hulle `n besonder kritiese instelling tot mense en die lewe.
- `n Fanatieke drang na ***egtheid*** word sigbaar. Daarom word daar in hierdie lewensfase naarstiglik gesoek na iemand wat sal begryp.
- `n Baie sterk wil om op eie verantwoordelikheid te lewe, groei innerlik. Dit is 'n emansipasiesug na selfstandigheid en onafhanklikheid. Hierdie strewe raak alle kringe waarin die tiener beweeg. Derhalwe kom daar `n ongekende belangstelling in die wêreld waarin hy leef. Idealisme is `n grondtrek van die kind se gedagtes.
- Die kind in hierdie ontwikkelingsfase van die lewe het `n teësin aan formalisme en uiterlike gedrag. Daarom is die verbondstiener heel dikwels negatief en prikkelbaar. Ongebalanseerdheid is kenmerkend. Die kind het vele denkbeeldige probleme met baie gewetensbeswaar. Dit bring gevoelens van onsekerheid na vore wat op hulle beurt weer die behoefte aan steun versterk.
- Die verbondskind in hierdie leeftydsfase is soms `n bondel teenstrydigheid: Verlange na eensaamheid aan die een kant en 'n begeerte na menslike nabyheid aan die ander kant. 'n Drang na selfgelding enersyds, teenoor die bewussyn van lojale toewyding andersyds. Die een oomblik die brandende begeerte na sukses en die volgende oomblik die gevoel van skaamte en mislukking.

### 9.23.2 Die godsdienstige profiel

Die tienerfase word beskou as die mees radikale fase in die lewe van enige verbondskind. Op geen ander tydstip vind daar so baie uiterlike veranderinge en so baie innerlike woelinge plaas as juis in hierdie stadium nie. Van Niekerk (1997:107-109) som die kenmerke van die tiener só op: "*Kan kognitief abstraheer en logies redeneer; kousale denke ontwikkeld; moreel op vlak van post-konvensionele moralisme; religieus in tydperk van sinteties-konvensionele geloof of oënskynlike argeloosheid; bevraagteken tradisionele godsdiens; behoefte aan God wat dinge kan doen.*" In hierdie stadium skep die kinders die indruk by volwassenes dat hulle geen erg het aan enige godsdienstige aktiwiteite nie en dat hulle geen belangstelling vir die religieuse het nie (Van Niekerk, 1997:103). Tog is die tieners in staat tot 'n ware en diepe geloof in God. In geen tydperk spreek die godsdienstige só sterk soos in hierdie lewensfase nie. Bingle (1940:221; 1962:19) gee die volgende opsomming van die godsdienstige lewe in hierdie tydperk:

- *Ongebalanseerdheid:* die een oomblik is hy vol Godsvertroue en die volgende oomblik voel hy hom van God verlate.
- *Radikalisme:* die jeug ken nie die sogenaamde goue middeweg nie. Iets is óf reg óf verkeerd. Vandaar die felle kritiek op alles wat hom nie aanstaan in die godsdiens nie.
- *Ek-gesentreerdheid:* alles word op die eie persoon betrek, sodat die godsdiens persoonlike voordeel moet afwerp.
- *Denkbeeldige problematiek:* probleme word in die geestelike lewe geskep wat eintlik geen probleme is nie en daarmee word die eie lewe vergal.
- *Verskerpte gewetenswerking:* die jeugdige hou hom gedurig besig met dinge wat mag en nie mag nie en daardeur skep hy vir hom meer sondes as wat werklik bestaan. Tipies is die so-genaamde nood-skuldgevoel dit wil sê hy voel dat hyself sleg en boos van hart is.
- *Geneigdheid tot romantiek en mistiek*: die verlange na die oneindige kom dikwels in die gods-diens van die jeugdige voor.
- *Aktivisme*: die jeugdige wil die innerlike godsdienstige oortuiging in die daad omskep. Veral by meisies ontstaan die behoefte om 'n daad van selfopofferende liefde te doen byvoorbeeld om 'n arme of 'n hulpelose of 'n nooddruftige te help.
- *Protes teen dwang en beperking*: die jeugdige sien in dwang en beperking 'n bedreiging van sy persoonlike vryheid. Hy wil volgens sy eie oortuiginge leef.
- *Krities teenoor misstande van die kerk*: soms word die jeugdige afvallig van die Kerk, omdat misstande in die Kerk of in die lewe van kerkmense hom nie aanstaan nie.

- *Gebed*: die jeugdige bid meesal uit gewoonte, maar soms bid hy net so vurig soos die volwassene. Seuns is meer egosentries en meisies meer altruïsties in hulle gebede.
- *Bekering*: abrupte bekering kom wel in hierdie tyd voor, maar nie in die reël nie.
- *Verlange na leiding*: hoewel hy op eie verantwoordelikheid wil leef, verlang hy tog ook sterk na leiding.
- *Eensaamheid en gemeensaamheid*: soms verlang die jeugdige na die een en dan weer na die ander.

Anders geformuleer kan dit só benadruk word:

- Die godsdiens van die verlede kry persoonlike aandag.
- Die kind wil die godsdiens omskep in die daad.
- Die werking van die gewete is baie duidelik te bemerk.
- Daar is by hierdie kind die verlange na 'n verstandelike insig en rype verstaan van die oorgelewerde godsdiens.
- Sy gemoedstoestande word baie sterk belewe. Hy voel hom die een oomblik baie naby God en die volgende oomblik onnoemlik ver van die Here af.
- Die sondebesef by die kind is baie sterk.

Die verbondskind in die tienerfase skep die indruk by volwassenes dat hulle geen erg het aan enige godsdienstige aktiwiteite nie en dat hulle geen belangstelling in die religieuse het nie. Van Niekerk (1997:103) wyt hierdie argeloosheid van die tiener aan die sogenaamde "Bybelsatheid" – die gevolg van die verkeerde aksentuering van Bybelse leerinhoud wat ontstaan het vanweë die gebruik van die konsentriese beginsel by die seleksie, ordening en indeling van leerinhoude. Dit het meegebring dat dieselfde Bybelse feite oor en oor herhaal is. Ten opsigte van die godsdiens van die tiener is daar in die besonder drie probleemareas: 1. *aanvaarding*, 2. *belewing* en 3. *teleurstelling*:

- As ontluikende jongmens **aanvaar** die tiener gevestigde opvattings nie meer so maklik nie. Bevraagtekening, kritiese besinning en ligte tot felle twyfel is 'n sigbare kenmerk. Sentrale leerstellings van die Christendom kom heel dikwels onder skoot.
- Die tiener se **belewing** van die godsdiens het vir hom soms ernstige probleme. Sy godsdiensbelewing skommel saam met sy emosionele onewewigtigheid.
- Die **teleurstelling** kom vir hom daarin dat hy as tiener konkreet en absolutisties lewe en nou "werk" die dinge in die godsdiens nie vir hom uit nie. Daar gebeur te min. Die gaping tussen leer en lewe is te groot.

- Kerkmense tree inkonsekwent op. Hy ervaar mense se skynheiligheid, oordrewe vroomheid, gevoelloosheid, passiwiteit en dit alles irriteer hom as jongmens. Die resultaat daarvan is teleurstelling. Die verbondskind in hierdie fase van die lewensontwikkeling se Godsbegrip het so verander dat hy God nou as bonatuurlik eerder as bomenslik sien (Goldman, 1964:132).

### 9.23.3 Kategetiese neerslag

In hierdie fase van ontwikkeling sal die verbondstiener van die kategeet veel geduld, takt en goeie oordeel verg. Daarom is dit noodsaaklik dat die besondere uitstaande eienskappe wat die verbondskind in hierdie lewensfase beleef, in ag geneem moet word in die praktyk van die kategese. Die volgende gedagtes kan dien as riglyn vir die praktyk van die kategese aan die tiener.

- Die liefde en genade van God moet in die kategetiese leerinhoude baie sterk beklemtoon word, omdat die verbondskind 'n diepe hunkering en verlange daarna het.
- Die verbindingslyne tussen Godsopenbaring, belydenis van die kerk, kerkgeskiedenis en die praktiese lewe moet baie aandag en beklemtoning ontvang.
- Die leerinhoude van die kategetiese onderrigleer moet vir die kind ***"lewe"*** en nie iets bly uit die verre verlede nie.
- Vanuit die kategetiese leerinhoude en die aanbieding daarvan moet die tiener homself kan "ontdek" en ook sy eie lewe kan orden. Die leerinhoude moet sodanig aangebied word dat dit deel kan word van sy praktiese lewe.
- Norme en waardes moet baie sterk beklemtoon word.
- Die regte verhouding tussen wet en evangelie moet beklemtoon word.
- Die uitnodigende van die godsdiens moet beklemtoon word, sonder om die regte verhouding tussen genade en oordeel, verkiesing en verantwoordelikheid te vermy.
- Kategetiese leerinhoude moet rustig en sistematies behandel word en argumente moet oortuigend en Bybelgefundeerd wees.
- Herhaling van die hooflyne van die leerinhoude is noodsaaklik, sodat insig in die Bybel verbreed kan word. [154]

### 9.23.4 Religieuse fasette

[154] Die 5 vlakke van leer soos geïdentifiseer deur Richards (1998:120-129) moet hier in gedagte gehou word. Richards het die volgende vlakke ontwikkel: (1) The Rote Level. (2) The Recognition Level. (3) The Restatement Level. (4) The Relation Level. (5) The Realization Level.

Van Niekerk (1997:115) meld dat: "Alhoewel sommige kinders geloofsekerheid het, is ander nog soekend." Die verbondstiener soek na vastigheid en sekuriteit, na sekerhede waarop die Christen kan reken. Dit is belangrik dat die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Bybel op hierdie stadium nie net gerig is op geloofsekerheid nie, maar dat in die besonder aandag geskenk word aan die saak van heilsekerheid en heilstoe-eiening. Dit is die regte tyd om dit te doen want kognitief is die tiener in 'n fase van *formeel operasionele denke.* Hulle beweeg na 'n *post-konvensionele vlak van moraliteit.* 'n Soeke na geloofsekerheid is kenmerkend.

Geloofsekerheid het twee kante: (a) dit het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens en (b) dit het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. Heilsekerheid is die oortuiging dat jy persoonlik deel het aan die heil. Dit is 'n sekerheid wat slegs deur middel van die geloof verkry kan word. Geloofsekerheid is op heilsekerheid gerig en heilsekerheid kan nie onafhanklik van geloofsekerheid bestaan nie. Die onderskeid tussen geloofsekerheid en heil-sekerheid kan só geformuleer word:

- Geloofsekerheid (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die gods-diens.
- Heilsekerheid (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here. Heilsekerheid kan nader bepaal word as 'n sekerheid van die vergewing van sondes.

Heilsekerheid kan nader bepaal word as 'n sekerheid van die vergewing van sondes, die vernuwing van die lewe, die gemeenskap met God, die kindskap van God, die verkiesing, die volharding en die ewige lewe. Dit is die sekerheid dat jy deel het aan Christus en aan alle heil wat Hy verwerf het. Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding met God. Dit raak die saak van die ***fides quae creditur***, die *objektiewe geloofsinhoud*, die heilshistoriese feite, die indikatief, dit was God gegee het en die ***fides qua creditur***, die *subjektiewe geloofshouding*, die heilsordelike weg, die paraklese, dit wat God van die gelowige vra as antwoord op dit wat hy ontvang het. sondes, die vernuwing van die lewe, die gemeenskap met God, die kindskap van God, die verkiesing, die volharding en die ewige lewe. Dit is die sekerheid dat jy deel het aan Christus en aan alle heil wat Hy verwerf het. Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding met God. Dit raak die saak van die ***fides quae creditur***, die *objektiewe geloofsinhoud*, die heilshistoriese feite, die indikatief, dit was God gegee het en die ***fides qua creditur***, die *subjektiewe geloofshouding*, die heilsordelike weg, die paraklese, dit wat God van die gelowige vra as antwoord op dit wat hy ontvang het.

## ▪ Deel 3

Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkklimaat

HOOFSTUK 9

## DIE VERBONDSKIND IN META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Deel 3 : Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkklimaat


| | | |
|---|---|---|
| 9.24 | Inleidend | 378 |
| 9.25 | Die denkraamwerk van die tyd | 379 |
| 9.26 | Historiese agtergrond en indeling | 379 |
| 9.27 | Premodernisme | 379 |
| 9.27.1 | Tydperk | 380 |
| 9.27.2 | Kenmerke van die premodernisme | 380 |
| 9.28 | Modernisme | 380 |
| 9.28.1 | Tydperk | 380 |
| 9.281.2 | Kenmerke van die modernisme | 381 |
| 9.29 | Postmodernisme | 381 |
| 9.29.1 | Tydperk | 381 |
| 9.29.2 | Agtergrondgebeure wat lig werp op die postmodernisme | 382 |
| 9.29.2.1 | Die nuwe belangstelling in godsdiens | 382 |
| 9.29.2.2 | Om God te ervaar | 382 |
| 9.29.3 | Algemene kenmerke van die postmodernisme | 383 |
| 9.30 | Die postmodernisme in die samelewing | 384 |
| 9.30.1 | Die negatiewe kant | 384 |
| 9.30.2 | Die positiewe kant | 385 |
| 9.30.3 | Hoe ervaar die gelowige God in 'n postmoderne tyd? | 385 |
| 9.30.4 | Vergelyking tussen die modernisme en die postmodernisme | 386 |
| 9.30.5 | Reaksie op die postmodernisme | 386 |
| 9.31 | Die postmodernisme en Skrifverklaring | 386 |
| 9.32 | Die postmodernisme en die verkondiging van die evangelie | 388 |
| 9.33 | Sekere feite moet in die oog gehou word | 388 |
| 9.34 | Diep-ernstige vrae moet gevra word | 389 |
| 9.35 | Voor watter bedreiging staan die kerkjeug vandag | 391 |
| 9.36 | Kategese in die smeltkroes | 392 |
| 9.37 | Geloof en ervaring | 394 |

## HOOFSTUK 9

### Deel 3

# DIE VERBONDSKIND IN PERSPEKTIEF VAN DIE TEENSWOORDIGE TYDGEES

## 9.24 Inleidend

Elke mens leef teen die agtergrond van 'n sekere denkraamwerk (paradigma, ideologie, lewens- en wêreldbeskouing). Dit is 'n denkwyse wat tipies kan wees vir elke land of elke volk of elke tydperk in die geskiedenis. 'n Denkraamwerk of 'n ideologie kan ook wêreldwyd sy invloed laat geld. 'n Ideologie kan ook op 'n ideomotoriese wyse outomaties plaasvind as die onwillekeurige gevolg van sekere idees. As daar 'n verandering of verskuiwing kom wat 'n sekere denkraamwerk betref word daar gepraat van 'n *paradigmaskuif.* 'n Paradigma is 'n stel idees wat vir 'n tyd lank die denke en die lewe van mense beheer. Wanneer daar verandering of verskuiwings plaasvind in hierdie stelle idees, word gepraat van 'n paradigmaverskuiwing (Vorster, 1999:10). "Hierby moet 'n mens natuurlik in ag neem dat die beskrywing van 'n denkraamwerk 'n abstraksie is. Niemand tree altyd geheel en al op volgens die denkpatrone wat beskryf word nie. Dit maak die abstraksie egter nie ongeldig nie. Die raamwerk is onmiskenbaar daar; dit lê in die lyne van die geskiedenis." (Smit en Vorster, 2000:516.) Die verbondskinders in die kategese moet noodwendig dus gesien word teen die agtergrond van die heersende paradigma. Om die Woord van God suksesvol onderrigtend te verkondig en verkondigend te onderrig en te leer is dit noodsaaklik om die denkraamwerk van die kinders in die kerk te ken. Postmodernisme verteenwoordig in 'n sekere sin die gees van ons tyd. Daar moet in ag geneem word dat 'n tydsgees op sekere lewensterreine 'n groter invloed het as op ander. So is dit ook met die tydsgees van Postmodernisme wat tans heers. Dit laat hom geld op feitlik elke terrein van die lewe, ook op die terrein van die godsdiens en teologie. Die konsekwensies daarvan vir die godsdiens en die teologie gaan egter straks verder as op die meeste ander terreine.

- Ten opsigte van die prediking gesien teen die agtergrond van die postmodernisme skryf Jang (2003:41): "The preacher is called to preach not to people in the past but to people in the contemporary context, influenced by post modern ideas. Then he should understand postmodern ideas, which are the most dominant environment of his audience in this age."

- Smit en Vorster (2000:516) oordeel dat die heersende denkraamwerk "ingrypende implikasies vir die gereformeerde identiteit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)" het.
- Goudzwaard (1995:1) stel die vrae "hoe om sin te maak van die Postmodernisme" en "watter sin kan die Postmodernisme van ons maak?" en laastens "wat beteken die Christelike geloof vanuit die gesigspunt van die Postmodernisme?"

## 9.25 Die denkraamwerk van die tyd

In die Kategese moet die kerk rekening hou met die ideologiese raamwerk waarbinne die verbondskinders lewe. "Die omgewing waarbinne kerke deur die eeue geleef het, het hulle vorm medebepaal" (Van der Walt, 1999[2]). Die wekroep om heilsekerheid en heilstoe-eining gaan uit na kerkjeug wat in 'n postmoderne kultuurgestalt groot word. Die Woord van God moet bedien word aan die kerkjeug "in the contemporary context, influenced by postmodern ideas" (Jang, 2003:41). Kortliks word nou gelet op die karaktereienskappe van die postmodernisme.

## 9.26 Historiese agtergrond en indeling

John Cobb was die eerste persoon wat die begrip "postmodernisme" gebruik het in 'n voordrag in 1964 (Jang, 2003:42). Die Franse filosowe Lyotard en Welsch was ook van die eerstes wat die term Postmodernisme gebruik het. Die postmodernisme kan egter nie ontleed word sonder kennisname van die modernisme, wat dit voorafgaan, nie. Modernisme kan in drie aspekte beskryf word, naamlik "a time span, an ideological spell and moral spinout" (Jang, 2003:43).

Makroparadigmas van die begin van die jaartelling af tot in die twintigste eeu kan onderskei word (Vorster, 1999:106-110; Smit en Vorster, 2000:517). Die geskiedenis van die Westerse beskawing word in hierdie opsig in 3 tydperke verdeel. As indelingsprinsipe word verskillende dominante stelle idees geneem wat die denk- en leefwêreld van mense vir 'n tydperk bepaal het. In elkeen van hierdie tydperke het mense op bepaalde wyses gedink. Die drie tydperke wat onderskei word is premodernisme, modernisme en postmodernisme. In elke periode was daar 'n unieke stel idees wat die kultuur, godsdiens, politiek en filosofie gedomineer het.

## 9.27 Premodernisme

Die dominante grondmotief in die premoderne paradigma was die idee dat alles beheer word deur die metafisiese (bo-natuurlike). Die *rede* was gedomineer deur die *religie*. Die dominansie van die

metafisiese het gelei tot 'n kultuur waarin aanvaar is dat alles deur metafisiese kragte beheers is. Godsdiens as sodanig is hoog geag.

### 9.27.1 Tydperk

Die Premodernisme duur deur die Middeleeue tot die 13e eeu.

### 9.27.2 Kenmerke van die premodernisme

- Die klem val op die metafisiese kragte in 'n lewe wat wentel rondom blote voortbestaan. In die lewe het dit gegaan om die basiese dinge soos kos, bestaan en voortbestaan.
- Die premodernisme oorheers die geloofsfunksie die rede. Die mens- en die kultuurbeskouing was pessimisties van aarde en alles is gedoen onder leiding van die geloof wat in beheer van die metafisiese kragte staan. Derhalwe het die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie agterweë gebly. Die premoderniteit was die oorsaak van die kerksentriese samelewing van die eerste 13 eeue na Christus en die onaanvegbare gesagsposisie van die pous en die klerus. Bygeloof en groepgerigtheid is bepalende faktore in hierdie periode.

## 9.28 Modernisme

### 9.28.1 Tydperk

Vergeer (1999:13) omskryf die modernisme as 'n breë intellektuele beweging wat in die Verligting van die sewentiende en agtiende eeu 'n hoogtepunt bereik het. Die modernisme was aanvanklik self ook 'n reaksie op die magtige invloed van tradisie, onbewese voorveronderstellings en bygeloof. Die wortels van die modernisme is reeds in die Renaissance sigbaar en dit stu voort deur die Verligting (Aufklärung). Met die Renaissance het 'n makro-paradigmaverskuiwing begin intree toe die dominansie van die metafisiese stelsel bevraagteken is. Jang (2003:43) bied die volgende verduideliking daarvan aan: "Modernity is identified in three aspects: a time span, an ideological spell, an moral spinout. By a time span, modernity is identified as the 200-year period between 1789 an 1989, between the French Revolution and the collapse of Communism. By an idealogical spell, modernity is characterized not merely as a period or temporal duration but more so as a mesmerizing, spellbinding vision of the human possibility that has held the human imagination in its grip. By a moral spinout, modernity is regarded as an outcast. Modernity is considered as a disabling social malaise, a clash of the moral immune system, a collapse of virtue."

### 9.281.2 Kenmerke van die modernisme

- Die oorheersing van die metafisiese kragte word deur die oorheersing van die rede vervang, wat die grondmotief vir die menslike lewe geword het. Die rede van die mens het die metafisiese as dominante faktor in die bestaan van die mens vervang. Godsdiens word bevraagteken en rasionalisme en humanisme het die godsdiens verdring.
- Die moderniteit het gelei tot 'n optimistiese siening van die vermoë van die mens en sy rede. Die mens sien homself toenemend as die bepaler van sy eie bestemming. Op grond van hierdie beskouing het 'n nuwe waardesisteem ontwikkel waarin die klem lê op die belange en die regte van die mens self.
- Individualisme en verstandelike prestasie is van die bepalende faktore waaraan die mens se waarde vir die gemeenskap gemeet word. Die nuwe mensgerigtheid het die fokus algaande weggeskuif van godsdiens en die mag van die kerk en tradisionele teologiese beskouings is óf verwerp óf met 'n nuwe inhoud gevul.
- Skrif en kerk is in die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu, onder die aanslag van die menselike rede, aan 'n ingrypende herinterpretasie en revolusionêre herdefiniëringsprogram onderwerp. Hiervan is die destydse opspraakwekkende sekularisasieteologie, waarin beweer is "dat God dood is", 'n duidelike voorbeeld.

## 9.29 Postmodernisme

### 9.29.1 Tydperk

Die bevrydingstryd van die sestigerjare het 'n derde makro-paradigmaverskuiwing in die geskiedenis van die mensdom ingelui en veral na die tweede wêreldoorlog het die koers van die Postmodernisme duidelike vorm begin aan te neem. Stelselmatig is die moderniteit met sy klem op die dominansie van die rede vervang deur 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing en siening van die gemeenskap, kultuur, godsdiens en wetenskap: "Hierdie paradigmaverskuiwing behels 'n omvangryke verandering aan denkwyse op die gebied van die wetenskappe, maar ook ten opsigte van die samelewing. Kortom, dit hou 'n verandering van lewenswaardes in. 'n Nuwe paradigma word nie deur 'n individu of 'n groep 'geskep' nie; dit groei eerder tot rypheid binne die konteks van 'n buitengewone netwerk van verskeie sosiale en wetenskaplike faktore." (Smit en Vorster, 2000:515.) As reaksieverskynsel is die Postmodernisme hoofsaaklik gekant teen die gewaande objektiewe sekerheid waarmee die weteskap alles vir alle mense in alle tye en alle plekke wil

verklaar. Die sin van bestaan word nie in 'n toekomstige utopie gesoek nie, maar in die hier en die nou (Vergeer, 1999:13).

Ingrypende geestelike grondverskuiwings is besig om tans – nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd – plaas te vind. 'n Nuwe, totaal ander Suid-Afrika is gebore, wat diepgrypende gevolge het op politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele en ook godsdienstige terreine (Van der Walt, $1999^2$). Suid-Afrika gaan die derde millennium in met 'n nuwe lewensgevoel: dié van die postmodernisme.

## 9.29.2 Agtergrondgebeure wat lig werp op die postmodernisme

### 9.29.2.1 Die nuwe belangstelling in godsdiens

Een van die uitstaande kenmerke van die postmodernisme is die nuwe belangstelling in godsdiens. (Floor, 2000:27). Die Modernisme het die bestaan van God bevraagteken. Waar die modernisme vroeër gesê het jy mag geen God dien nie, sê die Postmodernisme vandag jy mag *enige god* dien (Van der Walt, $1999^2$). Die postmodernisme vra: "Hoe tree 'n mens in verbinding met God?" (Vorster, 1998:11). Teenoor die *rasionele* van die modernisme het ons nou te staan gekom teenoor die *emosionele* van die postmodernisme. Die mens wil God ***ervaar***. Dit lyk na 'n winspunt maar al wat gebeur het is dat die vroeëre ateïsme van geen God nie vervang is met die standpunt dat enige god aanvaarbaar is (Van der Walt, 1999:88)[155].

### 9.29.2.2 Om God te ervaar

Die saak ten opsigte van die ***ervaar* van God** strek so ver terug soos die begin van die Christelike jaartelling. Hierdie patroon word sigbaar in Klein-Asië. Die bevolking in daardie besondere gebied het in die loop van die eeue verskillende invloede ondergaan onder andere die Griekse kultuur en godsdiens en ook die Romeinse staatsgodsdiens. Die mense het egter moeg geword vir die onpersoonlike Romeinse godsdiens en die bakleiery van die Griekse gode op die berg Olympus (Floor, 2000:27). Dit is 'n feit dat soldate en amptenare uit die Ooste nuwe godsdienstige idees saamgeneem het in die vorm van misteriegodsdienste. Hierdie verandering van die godsdiens het by die bevolking byval gevind want hulle wou die *godsdiens* ***ervaar***, dit *persoonlik* ***belewe***. Dit het op die gebied van die godsdiens 'n paradigmaskuif geïnisieer. 'n Vermenging van verskillende godsdienste het probeer om in die vraag na *religieuse* ***ervaring*** te voorsien. Watter god jy ook al

[155] In hierdie opsig verwys Floor (2000:27) na die Wêreldparlement van godsdienste wat in 2003 in Kaapstad plaasgevind het.

vereer, as jy die god maar net kan ervaar (Floor, 2000:28). Binne die kring van die gelowiges was daar leraars wat op ervaring met God aanspraak gemaak het. Hulle het verkondig jy kán die ware God ervaar. Dit maak nie saak hoe jy lewe nie, as jy maar net via 'n bepaalde kennisweg stap dan sal jy *God **ervaar***. Maar hulle het die lidmate in hierdie opsig verkeerd voorgelig. Floor (2000:28) wys daarop dat daar, met betrekking tot die verhouding met God, vir die gelowiges in Klein-Asië 'n tweevoudige bedreiging was: een van buite af en een van binne uit. Van buite af was daar die politeïsme en van binne uit die valse leer oor die godservaring.

In die Nuwe Testament word die saak van *Godservaring* veral in die sendbriewe van Johannes aangeroer. Floor (2000:33-35) toon dit duidelik aan. In verband met die Godservaring dring Johannes by die lesers van sy briewe eerstens daarop aan dat hulle hulleself ernstig moet ondersoek. Hulle moet eers seker weet dat hulle die ewige lewe deelagtig is. Hulle geestelike ondersoek hou verband met hulle geestelike STAAT. Is hulle wedergebore? Is hulle kinders van God? Tweedens wys Johannes sy lesers hoe hulle as God se kinders die gemeenskap met God kan ervaar. Dit hou verband met hulle geestelike STAND. Johannes wys in sy eerste sendbrief daarop dat daar drie kriteria is, drie kardinale maatstawe, waar volgens elke gelowige kan oordeel of hy werklik wedergebore is en op grond daarvan God kan ervaar. Dit is (a) 'n teologiese maatstaf, (b) 'n morele maatstaf en (c) 'n sosiale maatstaf.

a) Die ***Teologiese Kriterium*** is die belangrikste vereiste om God te kan ervaar. Dit is die geloof dat Jesus die Seun van God is (1 Joh. 4:2). God kan alleen bereik en ervaar word deur middel van Jesus Christus, die Seun van God.
b) Die ***Morele Kriterium*** bring die gelowige by die vraag: Bewaar ons God se gebooie (1 Joh. 2:3-6)? Doen die gelowiges die regverdigheid, lewe hulle regverdig (1 Joh. 3:7)?
c) Die ***Sosiale Kriterium*** konfronteer die gelowige met die vraag: Het julle die broeders werklik lief (1 Joh. 2:7-11; 3:11-18; 4:7-12; 4:13-21)?

In 1 Johannes 5:1-3 vat Johannes die drie kriteria saam: "*Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is. Hieraan weet ons dat ons kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.*"

### 9.29.3 Algemene kenmerke van die postmodernisme

- Die mens is 'n gewillige verbruiker van die wetenskap en die tegnologie en wat daardeur tot stand gebring is. Die mens ontwikkel egter 'n verset teen die verdingliking van die mens wat

'n gevolg van die ontwikkeling is. Die groot supersosiale strukture wat die mens tot stand gebring het word deur homself bevraagteken.

- Absolutistiese stelsels word gewantrou en absolute waarhede word bevraagteken. Alle vorme van absolutisme is uit en relativisme is in. Absoluuthede en absolutistiese stelsels word verwerp Die wyse waarop godsdiens tot uiting kom word bevraagteken en spiritualiteit (godsdienstigheid) word 'n nuwe golf.
- Die mens begryp dat hy nie net in 'n verstandelik verklaarbare wêreld leef nie. Die werklikheid bestaan nie net uit wit-swart blokke nie en die probleme van die wêreld word nie met koue logika besweer nie. Die waarheid het baie kante. Derhalwe word veel meer as een moontlike antwoord op dieselfde vraagstuk aanvaar. Die vraag is nie meer soos in die modernisme, of geloof 'n geldige antwoord op die mens se lewensvraagstukke bied nie. Die vraag is nou of één bepaalde geloof noodwendig 'n geldige antwoord op die mens se lewensvraagstukke kan bied.
- Die postmoderniteit verset hom teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie, die humanisme en die groot super-sosiale strukture wat dit tot gevolg het. Die eg menslike soos ervaring, menslikheid, verskeidenheid en die geldigheid van verskillende waarhede word op die voorgrond gestel.

Die postmodernisme is die denkwêreld waarin die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deur die loop van die komende dekades sal leef en die Woord van God aan die verbondsjeug in die kategese moet bedien: "Die wyse waarop die GKSA 'n postmoderne denkklimaat gaan verwerk en beantwoord gaan bepalend wees vir die behoud van sy gereformeerde identiteit al dan nie." (Smit en Vorster, 2000:518.)

## 9.31 Die postmodernisme in die samelewing

### 9.30.1 Die negatiewe kant

"Soos die piramides die antieke Egiptenare nie bó kon laat uitkom nie, so kon die modernistiese mens se supersosiale strukture hom nie bó laat uitkom nie. Trouens, baie van dié strukture het ingetuimel. Nou kan die postmodernistiese mens onder sy eie handewerk uitkruip – en hy wil gesien word, gehoor word en begryp word. Hy, én sy, aanvaar nie meer die onbetwiste woord van die kerk nie" (Smit en Vorster, 2000:518).

As die denkraamwerk van die mense in die samelewing opsommend beskryf moet word, kan die volgende gesê word:

- Die kerk bevind hom in 'n samelewing waar vryheid van denke, vryheid van spraak en menseregte belangrike standpunte.is. Dit lei daartoe dat die indiwidu oorwaardeer word. In die weg van die indiwidu word die belydenis, die tradisie en die kerk nie geduld nie.
- Grense vervaag, daar word geëksperimenteer en gespeel met beginsels en waardes om dalk "toevallig" 'n beter opsie te ontdek. "Ongemerk het ons 'n vervangingskultuur, 'n weggooikultuur betree." (Smit en Vorster, 2000:519.) Wat inruilbaar is en vervang kan word, het betekenis tot op daardie punt dat dit geen nuttigheidswaarde meer het nie en word dan weggegooi. Die klem van die samelewing het verskuif van "herstel" na "vervang". Dit beteken dat waardes wat vir die mens nie meer pas nie, ewe maklik vervang word met 'n nuwe stel waardes.
- Van die kerk word daar verdraagsaamheid gevra. Verdraagsaamheid veral ten opsigte van die ou waarhede van die kerk, die leer en die belydenisskrifte, want daaroor moet herbesin en opnuut geïnterpreteer word. Daar moet ook opnuut weer gekyk word na die verhouding tussen die Christelike godsdiens en die ander godsdienste wat daar is.

### 9.30.3 Die positiewe kant

Postmodernisme hou egter ook sekere positiewe gevolge in vir die gelowige, byvoorbeeld:

- Die postmoderne verset kom teen die mag van die rede, die wetenskap en die tegnologie. Dit veroorsaak dat die menslike kwaliteite van ervaring, gevoel, ondervinding, die betekenis van die indiwidu en 'n wegbeweeg van wit-swart-skemas, simplistiese reg-verkeerd-skemas en die terugkeer na die sentrum van waarde-oordele. Daar word gefokus op die mens self met sy voorveronderstellings, sy uitgangspunte, sy gevoel en sy spiritualiteit (godsdienstigheid).
- Daar word teruggekeer na die grondliggende, basies geestelike uitgangspunte wat al die doen en late van die mens bepaal. Daar is 'n soeke na die geestelike, na spiritualiteit.
- Dit word gekenmerk deur 'n verwerping van hiërargiese, dominerende gesag. Dit gaan nie oor die gesagsdraer nie, maar oor die *inhoud* van sy gesag. Dien dit jou en is dit tot jou voordeel?
- Die klem val op belewenis, ervaring, emosie en intuïsie teenoor koue logika. Die rasionalistiese *Godsbewyse* word vervang met 'n behoefte aan outentieke *Godservaring,* sonder ingewikkelde dogmas. Teenoor die intellektualistiese skemas van vroeër is daar nou 'n meer mistieke denkwyse.
- Die nuwe belangstelling in die metafisiese bring 'n erkenning van die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin te weeg. Waardes soos dogmastrukture en kerklike voorskrifte

word gerelativeer en spiritualiteit (godsdienstigheid) is in. Die postmoderne mens wil sy spiritualiteit (godsdienstigheid) uitleef op 'n wyse en manier wat hom pas.

- In die uiterste vorme van postmodernisme is individuele interpretasie dus alles. Maar dan nie interpretasie as manier om die werklikheid te verstaan nie, maar om die werklikheid te skep! Die mens bestaan voort omdat hy homself deur interpretasie in die toekoms vooruitgaan.

### 9.30.3 Hoe ervaar die gelowige God in 'n postmoderne tyd?

Dit gaan nie alleen daarom dat die Postmodernisme sekere karaktertrekke en eienskappe in die gelowige wek nie, maar dit gaan ook oor die wyse hoe die gelowige God in 'n postmoderne tyd ervaar.

### 9.30.4 Vergelyking tussen die modernisme en die postmodernisme

Jang (2003:44) trek die volgende vergelyking tussen die modernisme en die postmodernisme:

| Modernisme | Postmodernisme |
|---|---|
| romantic view of life | absurd view of life |
| purpose | play |
| design | chance |
| hierarchy | anarchy |
| word | silence |
| a completed work | process |
| analysis from distance | analysis through participation |
| creation/synthesis | deconstruction/antithesis |
| presence | abscence |
| centering | dispersal |
| semantics/words | rhetoric/presentation |
| depth | surface |
| semantics/*grande histoire* | antinarrative/*petite histoire* |
| metaphysics | irony |
| transcendence | immanence |

### 9.30.5 Reaksie op die postmodernisme

- In die teologie en godsdiens gaan dit uiteindelik daaroor dat die evangelie van Jesus Christus tot eer van God en tot heil van die uitverkorenes suiwer en effektief bedien moet word. In hierdie taak kon die kerk eenvoudig nog nooit aan die invloed van die tydsgees ontsnap nie. Die kerk is eerder in elke bedeling gelei om positiewe elemente van die tydsgees in te span om die rykdom van die evangelie te ontplooi.

- So het die Gereformeerde Kerke "nou vir lank modernistiese elemente effektief in diens van die evangelie ingespan" (Vergeer, 1999:13). Benewens al die voordele en sekerhede van die Modernisme se redelike en logiese aanpak, het ook koue rasionalisme, formalisme, hoogmoedige selfregverdiging, onverdraagsaamheid en ander uitwasse hulle soms in ons godsdiens en teologie tuisgemaak.

- Die kerk moet aanvaar dat die postmodernisme die samelewing sterk beïnvloed. Die kerk moet dus met gesonde en suiwere onderskeidingsvermoë by positiewe aspekte van die postmodernisme aansluiting vind. Die nuwe tydsgees bied aan die kerk die geleentheid om aan 'n strakke, beterweterige, kille koudheid en die hoogmoedige, onbeskeie humanisme van die Modernisme te ontsnap.

- Vergeer (1999:14) waarsku dat die kerk nie kritiekloos die sake waarvoor die postmodernisme hom uitgee moet aanvaar nie. Aspekte soos die ontkenning van die bestaan van 'n objektiewe waarheid, die relativering van alle beginsels, die individualisering van betekenis, die uitsoekerige en vervreemdende benadering tot die werklikheid, is onbybels en maak in sy uiterste vorm kerkwees, prediking en gemeentelewe onmoontlik.

- Terselfdertyd open die postmodernisme se soeke na persoonlike betekenis 'n wye deur om die evangelie van die persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus aan baie mense te bedien. Weg is die modernisme se onregverdig en innerlik teenstrydige eise oor die krities-rasionele verantwoording van geloofsvertrekpunte, wat in die verlede so baie kosbare bedieningstyd ingesluk het. Byvoorbeeld is dit vir die postmoderne mens nie meer belangrik hoe Jona vir drie dae in 'n historiese vis aan die lewe kon bly nie. Die vraag is eerder wat Jona op hierdie manier van God beleef het en hoe die ontmoeting met die God van Jona die hedendaagse leser/hoorder se individuele verhouding met God betekenis gee.

- Dit maak gelowiges weer persoonlik verantwoordelik in hulle soeke na betekenis. Die prediking kan as amptelike verkondiging terselfdertyd 'n wonderlike begeleiding en persoonlike oopdekking en ontdekking deur God se Woord wees. As gevolg hiervan word die liturgie aangrypende momente – ware rigtinggewende ontmoetinge in die tyd. Alles bly dan vars en nuut omdat binne dieselfde Godsopenbaring die moontlikhede in die belewing van God oneindig is.

- Juis vanuit die geloof dat die Gereformeerde belydenis vir alle eeue, tye en plekke is, is dit relevant vir die mense van die renaissance, modernisme, postmodernisme en al die stromings wat daarop sal volg.

## 9.31 Die postmodernisme en Skrifverklaring

- 'n Mens kan nie die Bybel neutraal bestudeer nie. Ons lees en bestudeer die Bybel vanuit die geloofsoortuiging dat dit die Woord van God is. In die Bybel, so glo ons, openbaar God alles wat Hy aan ons wil bekend maak met gesag. Die ganse heelal is God se skepping, God se werklikheid. God en sy werklikheid bestaan wel objektief, buite die mens, maar niemand kan dit objektief of neutraal bestudeer nie.

- Die waarheid kan nie objektief waargeneem word nie. Elkeen se waarneming word subjektief bepaal deur sy eie oortuigings. Elke leser skep vanuit die Bybel sy eie evangelie, na gelang van hoe hy die Bybel lees. God bestaan buite die gedagtes van die mens. Hy is 'n objektiewe werklikheid en sy werke, sy skepping en alles daarin, bestaan ook werklik buite die mens. Verder het God ook in sy Woord buite die mens vir hom sy objektiewe waarheid laat opteken.

- Deur die werking van die Heilige Gees, wat God in ons subjektiewe harte stuur, lei Hy die mens al nader aan die regte verstaan van die objektiewe waarheid wat Hy aan ons bekend maak.

## 9.32 Die postmodernisme en die verkondiging van die evangelie

- Kategese is een van die verkondiginggestaltes van die kerk waardeur die evangelie bedien word. Die Postmoderne mens sê daar is nie meer absolute waarhede nie daarom moet gelowiges saam konsensus oor 'n bepaalde teks probeer verkry. Wat die prediking en die kategese betref is die postmoderne mens nie meer op die gehoor alleen ingestel nie. Hulle wil ook sien en hoor al het Jesus gesê die sien is verby (Joh. 20:29). Die postmoderne mens wil nie toeskouer wees nie, maar deelneem en alles moet deursigtig wees. Die standpunt dat die verkondiging van die evangelie intellektueel moet wees, maar moenie by die mondigheid van die mens om self te kan besluit, inmeng nie. Die mens wat konsekwent in die postmoderne raamwerk dink sê dat verkondiging nie meer moontlik is nie, want die skêr van kritiek het net die buiteblaaie van die Bybel laat oorbly. Daar is in elk geval geen vaste waarheid nie en die mens sal altyd 'n soeker bly.

- In die prediking en die kategese moet dus rekening gehou word met die ***tyd*** waarin geleef word, asook die omstandighede van die ***mense*** van die bepaalde tyd. Die Woord van God is nie tydgebonde nie, maar tydgerig. Die Woord van God word nie vasgevang in die grense van die tyd waarin dit die eerste keer ontstaan het nie. Die Woord is so lewend dat dit op elke tyd gerig kan word en vir elke tyd alles sê. Die Woord troos tydig ... en ontydig! Die Woord bou tydig ... en ontydig! Die Woord onderrig tydig ... en ontydig! Omdat die Woord die krag (dinamiet/dinamo) van God is, werk God met sy Woord in elke tyd.

- Die kategeet moet die verbondskinders aan wie die Woord onderrigtend verkondig word en wie die verkondigende onderrigleer ontvang, in ag neem. Die katkisante moet deur die onderrigtende verkondiging en die verkondigende onderrigleer God in sy magtige teenwoordigheid in hulle spesifieke lewenskonteks ontdek en so gelei word tot aanbidding, lofprysing, heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die kategese moet nie bloot net intellektuele informasie en kennis oor 'n abstrakte God onderrig en leer nie. Die Woord van God wat onderrigtend aan die verbondskinders verkondig en verkondigend onderrig en leer word moet *lewensverandering* bewerk.

- Vir die verbondskinders om die onsienlike God te kan sien, het hulle 'n bril nodig. Die Woord as die openbaring van God is die enigste betroubare bril om God te kan sien. Wie dus die bril van die Skrif gebruik, sien dieselfde onsienlike God van die geskiedenis deur die geloof hier en nou (De Klerk, 1999:25). Vir die kerkjeug van vandag wat onder die invloed van 'n postmoderne denkpatroon staan moet die genade van God so verkondig word dat verwondering, ootmoed en blydskap oorheers omdat daar by hulle heilsekerheid en heilstoe-eiening is. Dit is net moontlik as die kategeet aan die hand van die Woord van God wat toegespits en doelmatig uitgewerk in die handleiding voorkom aan die katkisasiekinders bedien met inagneming van die konteks waarin hulle leef.

- Dan sal die Heilige Gees deur die volle omvang van die Woord, wat God in die katkisasieklas aan die kinders uitwys, hulle ou manier van dink, leef en ervaar nuut maak. Dan sal die opdrag uitgevoer kan word: "Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe!" (Rom. 12:2.)

## 9.33 Sekere feite moet in die oog gehou word

Uit die bespreking hierbo blyk die volgende kenmerke van die kerkjeug vandag, wat in ag geneem moet word wanneer daar oor die kategese besin word –

a. Hulle reageer op die modernisme en al sy leerstellings.
b. Hulle verwerp objektiewe waarheid.
c. Hulle is skepties en suspisieus wat gesag betref.
d. Hulle is soos verlore mense opsoek na hulleself en 'n eie identiteit.
e. Hulle het 'n verwarde moraliteit en hang enigiets aan wat vir hulle voordelig is.
f. Hulle is voortdurend opsoek na die transendente.
g. Hulle leef in 'n media wêreld sonder gelyke.
h. Hulle is beterweterig, weet altyd beter as iemand anders.
i. Hulle is opsoek na kameraadskap.
j. Hulle lewe in 'n materialistiese wêreld.

## 9.34 Diep-ernstige vrae moet gevra word

Ten opsigte van die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer moet duidelike vrae gestel en helder antwoorde gegee word. Die kernvraag is of die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beantwoord aan die eise van die postmoderne tyd. Smit en Vorster (2000:524) vra indringende vrae ten opsigte van die kerkjeug in die postmoderne tyd. Word die verbondsjeug van die gemeente werklik toegerus met borsharnasse, 'n helm op die kop en die swaard van die geloof in die hand, om hulle geloof te kan verantwoord? Of leer hulle slegs om 'n klomp bestudeerde antwoorde te kan opsê – wat weinig vir hulle geloofsgroei beteken? Word die kinders die kans gegee om self ook te praat, om self die kwelvrae uit hulle beleweniswêreld te verwoord én om antwoorde daarop te leer formuleer – of word hulle slegs aanhoudend oor allerlei geloofswaarhede toegespreek? Word die verbondsjeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as die volwasse kerk van môre in staat gestel om hulle godsdiens te kommunikeer? Wat nog meer kommerwekkend is is die vraag of daar in die jong harte van die Gereformeerde jeug liefde vir die Gereformeerde leer aangesteek? Om meer gereeld met die Bybel – uit liefde daarvoor – om te gaan? Sal weeklikse boeiende Bybelstudie vir katkisasiekinders én aktuele gespreksgeleenthede oor geloofsake nie 'n goeie opsie wees, sodat die volwasse kerk van môre toegerus kan word om 'n Skrifverantwoorde mening te kan gee nie?

## 9.35 Voor watter bedreiging staan die kerkjeug vandag

In die voorafgaande is algemene patrone ten opsigte van die postmodernisme genoem. Om antwoorde te verskaf ten opsigte van die kerkjeug word die bedreiging vanuit die postmodernistiese kultuurgestalt geformuleer. Die formulering van die bedreiginge word gedoen aan die hand van die volgende bronne: De Klerk (1964), De Klerk (1972[1.]), De Klerk, Duvenage en Van Wyk (1972[2.]), De Klerk (1975), Duvenage (1983), Deist (1992), Van der Walt (1995), Smit en Vorster, 2000).

a. **Die bedreiging van *desakralisasie:*** Omdat daar 'n groot klem gelê word op immanensie in plaas van vertikalisme. Alles word ontmitologiseer. Medemenslikheid, sosiale geregtigheid. kry 'n godsdienstige lading.

b. **Die bedreiging van *demokratisering* en *antipaternalisme:*** Die rewolusie teen die "vaders" eis afplatting van gesag, inspraak, medeseggenskap en dialoog.

c. **Die bedreiging van *funksionalisme:*** Die waarde van die mens word gemeet aan sy funksie en nie aan sy persoon, amp of posisie nie.

d. **Die bedreiging van *ideologiese pluralisme:*** Die vanselfsprekendheid van die Christendom het verdwyn om plek te maak vir kaleidoskopiese oriënteringspunte, eksperimentele denkkonstruksies en 'n relativisme wat waarheid bevraagteken. Daar is 'n verset teen die konvensionele en 'n durende subjektiwiteit wat twyfel en weeg en aftas, weg van die skema, die dogma, die "establishment".

e. **Die bedreiging van *tydelikheid:*** Daar is 'n geweldige tempo waarin die verhouding met dinge, plekke, mense en kennis verander. Daardeur is stabiliteit verlore.

f. **Die gevaar van *onverbondenheid.*** Groot instellings soos die kerk en kultuurkring, se invloed vervaag. Kleiner bindingstrukture verloor ook sy houvas soos die buurt, die gemeente, die vriendekring, die familie en gesin. Dit alles lei tot massifikasie aan die een kant en tot sterk individualisme en enkelheidsbelewing aan die ander kant. Losser en selektiewe bindinge vervang vaste bindinge; ongebondenheid, onverbondenheid en selektiewe verbondenheid tree na vore.

g. **Die gevaar van die *nuwe verbondenheid*** beweeg in die rigting van 'n lewensverbondenheid wat fokus op die konkrete. Daarom ontwikkel 'n *provisoriese bestaansmodus* wat leef by die moment. Op sy beurt ontwikkel dit in 'n *fanatiese bestaansmodus* of Dionysus-stelling van ekstase, "peak-experiences", lusbevrediging, die ontsnapping van kontroles en die soeke na genot. Die versamelnaam hiervoor is *permissiwiteit.*

h. **Die gevaar van 'n nuwe *menstipe:*** naamlik 'n selfgenoegsame en individualistiese mens wat sy eie lewensontwerpe maak of 'n gekondisioneerde mens wat losgeslaan, gejaagd,

vereensaam en verveeld is of 'n jagtige menstipe wat normloos en versaaklik die verbruikersinstelling het en die sintuiglike genotsprinsipe najaag.

## 9.36 Kategese in die smeltkroes

a. Kategese is 'n opdrag van God aan die kerk om deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Bybel die verbondsjeug tot heilsekerheid en heilstoe-eiening te bring. Die kategeet is in werklikheid die *verteenwoordiger van God.* God laat die verkondiging plaasvind deur geroepe mense (Rom. 10:13-17). Dit geskied deur menslike aktiwiteite. Dit is God wat deur Christus die heil in die wêreld bekendstel en deur die Heilige Gees die mens in daardie heil laat deel. In hierdie saak val die aksente op die aktiwiteit van God én op die instrumentele funksie van die menslike verkondiging (Trimp, 1985:23). Maar wat ervaar die kinders in die daaglikse lewe? Die postmoderne mens beweeg op horisontale vlak en die vertikale verbinding met God kry al hoe minder 'n plek. Omdat die Godsbeeld vir die postmoderne kind vervaag, vervaag ook die leraarbeeld van die kategeet.

b. In die kategese funksioneer ampsgesag, kerkgesag en Woordgesag. Die postmoderne verbondskind word vanweë die heersende kultuurgestalt beïnvloed om gesag te bevraagteken. Die gees van antipaternalisme en demokratisering bring die postmoderne verbondskind daartoe om mense te beoordeel aan die hand van die wyse waarop hy funksioneer of dit goed is of sleg.

c. In die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Woord van God word daar met die absolute gewerk. Op grond van die Skrif word beginsels en norme neergelê en daar is 'n absolute sigbare skeiding tussen reg en verkeerd, wat behoort en wat nie behoort nie. God leer in sy Woord daar is 'n duidelike ja en nee in die lewe van gelowiges. Die postmoderne verbondskind leef in 'n kultuuratmosfeer met 'n *ideologiese pluralisme* (verskillende botsende waarhede kan naas mekaar bestaan), *relativisme* (wat is waarheid?) en in *subjektivisme* (elkeen stel sy eie waarheid vas). Op dié wyse spreek die leerinhoud van die kategese nie die kind aan nie.

d. In die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Woord van God word op 'n godsdienstige vlak gekommunikeer. Die gees van industrialisme met die gepaardgaande verstedeliking versper die kommunikasie op verskillende vlakke. Dit werk in die kind 'n kontakverlies met God en met die "Godsmense" deur wie hy onderrig word. By dit

alles kom die vervlakking, wat diepgaande vervreemding bewerkstellig. Verder is daar die invloed van die passiewe lewenshouding, die bevooroordeelde skeptisisme, die oorheersing van materialistiese waardes en die vervreemding van die kerklike taal. Meteens verkeer die kategese in die krisis van kommunikasie.

e. As verantwoordelike moet die kategeet die godsdiens vir die verbondskinders aktualiseer. Daar is egter 'n probleem. Binne die raamwerk van horisontalisme neig die aktualiteitsbelewing van die katkisante al hoe meer na die hier en nou en staan die kategeet in die krisis om die "ander wêreld" in hierdie konteks 'n persoonlike werklikheid te maak. In die praktiese lewe van die katkisasiekinders dring die eksistensiële vrae na vore en die tradisioneel-dogmatiese antwoorde bevredig nie die postmoderne verbondskinders nie. Prakties beteken dit dat die kategeet nie in die katkisasieklasse kan aanbied wat gevra word nie en dit lei tot funksieverlies van die kategeet.

f. In die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit God se Woord aan die kerkjeug is dit die kategeet se taak om die toepassing van die leer in die lewe van elke dag te bring. Hier ontstaan 'n krisispunt want die permissiwiteit, die dualisme en die praktiese deïsme slaan die kloof tussen die leer en die lewe al hoe groter oop.

g. Omdat kategese een van die verkondigingsgestaltes van die kerk is poog die kategeet deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer van die Woord van God om die verbondskinders die verskillende vlakke van die gemeenskap van die heiliges te laat ervaar. As gevolg van die toenemende heterogeniteit, disassosiasie en individualisme loop die kategeet hom te pletter teen die inskakeling. Nie net die kinders nie maar ook die belydende lidmate beleef nie die samebindingstruktuur van die kerk nie en die reaksie wat die kategeet kry is dat die verbondskinders net soos die belydende lidmate al hoe meer uiteenval in fragmentisme.

h. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is wat die oorgrote meerderheid betref stadsgemeentes wat gekenmerk word deur die verskeidenheid van lidmate ten opsigte van beroepsverskeidenheid, sosio-ekonomiese verskeidenheid en die verskeidenheid van agtergronde, temperamentstipes, persoonlikhede ens. Dieselfde tendens is ook sigbaar in die kategese. Die kinders verskil wat hulle leeftydsfases, belangstellings, skole, buitemuurse aktiwiteite, kultuur ervarings ens. betref. Die kinders ervaar die gevoelens van vervreemding, wetteloosheid, vereensaming, onbetrokkenheid, irrelevansie ens. Selfs in die skole is die kind

ook maar net 'n nommer op 'n klaslys vanweë die onhanteerbare groot klasse wat deur onderwysers onderrig moet word.

i. Die kind ervaar in die skool, huis en gemeenskap 'n verlies van sensitiwiteit en soek dus nie daarna in die katkisasiegroep nie. Selfs die katkisasieklasse is 'n gejaagde tempo want 'n 20 of 30 minute word na die oggenddiens vir kategese afgesonder en die ouers sit ongeduldig buite in motors vir die kinders en wag. Die kategete beskik nie oor die tyd om die leerinhoud rustig met die nodige erns en klem en veral hersiening te onderrig nie. Daarmee saam word daar maar vir 25 of 27 lesse per jaar voorsiening gemaak uit die 52 weke wat daar is. Daar is vir die kategeet werklik nie die nodige en rustige tyd beskikbaar om deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die Woord van God kalm en met die nodige erns oor te dra nie. Kategese is immers ***Woord-opening***, heel anders as wat die preek dit doen, maar tog ***Woord-ontsluiting*** vir die verbondskinders van die gemeente en ***Woord-vertolking*** in die besonder van die waarheid van God en ook ***Woord-toepassing*** in die lewe van die verbondskinders waardeur die weg vir hulle aangetoon word om te lewe soos kinders wat deur die hemelse Vader aangeneem is in die bloed van Jesus Christus. Om katkisasieklasse in die week in te ruim word haas onmoontlik vanweë die oorvol skoolprogramme en buitemuurs waarby die kinders betrokke is.

j. By die skole word die kinders onderrig met die modernste en mees praktiese hulpmiddele. Daarteenoor is die kategese maar vaal en onaantreklik omdat die nodige lokale nie bestaan nie en daar ook nie plek of geleentheid is vir moderne hulpmiddele nie. Omdat die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer van die Woord van God nie aan die verbondskinders aanskoulik aangebied kan word nie ervaar die kinders dit wêreldvreemd en iets wat maar in die lug hang.

## 9.37 Geloof en ervaring

"Het Woord wil geloofd en beleefd worden." (Velema, 1989:53.) Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word (Velema, 1989:48). Antwoord 2 van die Heidelbergse Kategismus kom hier in sig. Om in die troos salig te kan lewe en sterwe is die besef van drie dinge nodig: (a) Hoe groot my sonde en ellende is. (b) Hoe ek van al my sonde en ellende verlos kan word. (c) Hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees. 'n Mens kan die vrugte waarvan die belydenisskrifte praat sien as die konkretisering van hierdie drie dele. Antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus gee 'n inhoudelike beskrywing van wat die gelowige bely en

ervaar. Die belydenis en ervaring is dus trinitaries bepaald: (a) om die eiendom van Jesus Christus te wees, (b) deur God die Vader versorg en bewaar te word en (c) deur die Heilige Gees tot diens aan God gewillig gemaak te word. "We zitten met deze studies in elk geval midden in de zaak, medias in res. Ze behoren bij wat de Geest doet in het hart van een zondaar. Ze zijn ervaringen zonder welke het deel hebben aan het heil niet denkbaar is." (Velema, 1989:51.) Geloof is *lewe* en daarom ook *belewe*. Geloof impliseer *ervaring*, want die mens in wie se hart die geloof gewerk is, moet uit die geloof lewe. Die ervaring kan nader omskryf word as (a) ervaring van die geloof, (b) lewe met God deur Christus en in die krag van die Heilige Gees, (c) kennis van en diens aan God en (d) kennis van onsself (soos Calvyn in die begin van sy Institusie skryf) onlosmaaklik verbonde met die kennis van God, as die belewing van Bybelse woorde soos regverdiging en heiliging, as die geloof in al sy gestaltes (positief en negatief) (Velema, 1989:42).

Toe-eiening van die heil gaan nie buite die gebruik van Woord en sakramente om nie. Samevattend kan gesê word dat die toe-eiening van die heil te make het met:

- Die *Gees* wat die heil aan sondaars toe-eien.
- Die *Woord* as middel waardeur die Heilige Gees die toe-eiening van die heil aan 'n mens tot stand bring.
- Die *heil* wat deur die Heilige Gees aan sondaars toegepas word.
- Die *mens* aan wie die Heilige Gees die heil toe-eien.

Ten opsigte van heilsekerheid en heilstoe-eiening moet daar nie vir die ervaring van die geloof teruggedeins word nie. Daar moet egter gewaak word dat die ervaring nie tot norm gemaak word in die kategese nie. As die ervaring tot norm gemaak word sal die ervaring die struktuur van die evangelie bepaal wat deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer aan die verbondskinders bedien word. Dit is in stryd met die evangelie self. Dan ontwikkel skeeftrekkinge, eensydigheid, halwe waarhede en dwalinge.

Dit gaan ook om die *verantwoordelikheid van die mens* in die heilstoe-eiening en ook die *ervaringe wat die mens opdoen* as die Heilige Gees in hulle werk. Die ervaring is die belewing van die heil wat deur die Heilige Gees aan hulle toege-eien word (Velema, 1989:48). Dit gaan in heilstoe-eiening om die **toepassing** van die heil in die mens in al die relasies waarin hy staan: "De toepassing des heils is een even wezenlijk bestanddeel van de verlossing als de verwerwing." (Bavinck, 1967[3]:520.) "Toeëigening van het heil raakt inderdaad de ervaring van de gelovige. Men kan ook zeggen: zij raakt de bevinding." (Velema, 1989:4.) Geloof is 'n teken van die lewendmaking deur die Heilige

Gees en die lewe van die verbondskinders moet daarvan getuig, want dit is 'n lewe wat die Heilige Gees in hulle werk op grond van die versoening van Jesus Christus. Die kategese is 'n middel waardeur die toe-eiening plaasvind. Omdat kategese onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer is, sit daar 'n *verkondigingsaspek* aan. Omdat die verbondskind betrokke is, sit daar ook 'n *ervarings- of belewingsmoment* aan verbonde. Die gelowige ervaar die verkondigde heil as 'n werklikheid wat deur die Heilige Gees geskenk is. Die heil wat verkondig word, die onderrig oor die Heilige Gees wat ons die heil deelagtig maak en die eksistensiële van die geloofsbelewng – die Here is my deel, my rots is my God – dit het ook alles met die tema te doen (Velema, 1989:45)

HOOFSTUK 10

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT EMPIRIESE GEGEWENS OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING

HOOFSTUK 10

**METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT EMPIRIESE GEGEWENS OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING**


| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Inleiding | 399 |
| 10.2 | Die Nasionale Sinode 1961 | 399 |
| 10.3 | Die Nasionale Sinodes 1988 en 1991 | 400 |
| 10.3.1 | Laerskool- en Hoërskoolgroep | 400 |
| 10.3.1.1 | Persoonlike Bybellees | 400 |
| 10.3.1.1.1 | Bybelleestye | 400 |
| 10.3.1.1.2 | Bybelleesmetode | 401 |
| 10.3.1.1.3 | Hoe die Bybellees ervaar word | 401 |
| 10.3.1.1.4 | Samevatting | 402 |
| 10.3.1.2 | Geloofsekerheid | 402 |
| 10.3.1.3 | Die persoonlike gebedslewe | 403 |
| 10.3.1.4 | Erediensbywoning | 404 |
| 10.3.1.4.1 | Gereeldheid van erediensbywoning | 404 |
| 10.3.1.4.2 | Die redes vir erediensbywoning | 404 |
| 10.3.1.4.3 | Samevatting | 404 |
| 10.3.2 | Naskoolse jeug | 405 |
| 10.3.2.1 | Persoonlike Bybellees | 405 |
| 10.3.2.1. | Respons | 405 |
| 10.3.2.1.2 | Samevatting | 405 |
| 10.3.3 | Geloofsekerheid | 406 |
| 10.3.3.1 | Respons | 406 |
| 10.3.3.2 | Samevatting | 406 |
| 10.3.4 | Persoonlike gebedslewe | 406 |
| 10.3.4.1 | Respons | 406 |
| 10.3.4.2 | Samevatting | 406 |
| 10.3.5 | Gereeldheid van erediensbywoning | 406 |
| 10.3.5.1 | Respons | 406 |
| 10.3.5.2 | Samevatting | 406 |
| 10.4 | Toepaslike bevindings | 406 |
| 10.5 | Tieneronderzoek NG Kerk 2000 | 408 |
| 10.5.1 | Die vraelys en die ondersoek | 408 |
| 10.5.2 | Die resultate | 408 |
| 10.5.2.1 | Godsdienstige oortuigings | 408 |
| 10.5.2 1.1 | Oortuigings oor die tradisionele Christelike waarhede | 409 |
| 10.5.2.1.2 | Oortuigings oor die verhouding met God | 409 |
| 10.5.2.1.3 | Oortuigings oor intermenslike verhoudinge | 410 |
| 10.5.2.2 | Godsdienstige ervarings | 410 |
| 10.5.2.3 | Godsdienstige gedrag | 411 |
| 10.5.2.3.1 | Bywoning van die eredienste | 411 |
| 10.5.2.3.2 | Bybellees en gebed | 411 |
| 10.5.2.3.3 | Getuienis en dienswerk | 412 |
| 10.6 | Samevattende konklusies en toepassings | 412 |

# HOOFSTUK 10

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT EMPIRIESE GEGEWENS OP HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING

## 10.1 Inleiding

Ten opsigte van die tema van hierdie studie word die empiriese gegewens van drie ondersoeke ten opsigte van die godsdiens van die jeug geneem, geïntegreer en toegepas. Aangesien die empiriese gegewens goed met mekaar ooreenstem, is daar nie 'n nuwe vraelys vir die studie opgestel nie. Daar word met dankbaarheid en erkenning gebruik gemaak van bogenoemde resultate.

Die ondersoeke is die volgende:

a. 'n Ondersoek by wyse van 'n vraelys wat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedoen het (Handelinge van die 34e sinodale vergadering 1961 & Handelinge van die 35e sinodale vergadering 1964).

b. 'n Ondersoek by wyse van 'n vraelys wat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1988 gedoen het (Handelinge van die 43e sinodale vergadering1988 & Handelinge van die 44e sinodale vergadering 1991).

c. 'n Tienerondersoek by wyse van 'n vraelys wat in 1999 onder tieners van die NG Kerk gedoen is en waarvan die resultate gepubliseer is in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (2001:15-27) Maart & Junie).

## 10.2 Die Nasionale Sinode 1961

Op grond van 'n vraelys wat aan kerkrade voorgelê is, is op sinodale vlak (Nasionale Sinode 1961) die volgende oor die jeug in die Gereformeerde Kerke gerapporteer: "Dit blyk dat 24% van die jongmense wat oud genoeg is om belydenis af te lê, dit nog nie gedoen het nie en selde of ooit in die

katkisasie kom en dus geen behoorlike onderrig ontvang nie. By die ondersoek na die kerkbesoek van die belydende jongmense kan die bevredigende konklusie getrek word dat die oorwegende aantal die kerk baie gereeld besoek. Slegs 50% van die belydende jongmense skakel baie aktief by die gemeentelike lewe in, hoewel die toestand in die stede veel ongunstiger is as op die platteland. Die bewering dat jongmense eers weer na hul huwelik aan die gemeentelike lewe begin deelneem word deur 70% van die kerkrade gestaaf. Ongeveer alle kerkrade meen dat die hedendaagse jongmense 'n algehele of gedeeltelike verandering ondergaan het ten opsigte van lewensuitkyk, -wyse en - optrede. Hierdie verandering lê veral daarin dat hulle nie meer onder sterk gesag staan nie en dus self gesag in hande neem en dat daar minder verantwoordelikheidsbesef is." De Klerk (1964:103) skryf drie jaar later: "Gerusstellend sal ons hierdie rapport uit die boesem van die Kerk nie durf noem nie – meer onrusbarend is die feit dat na verloop van drie jaar daar geen noemenswaardige verskuiwing plaasgevind het om die toestand die hoof te bied nie."

## 10.3 Die Nasionale Sinodes 1988 en 1991

Die Nasionale Sinode van 1988 het aan die Deputate Jeugsorg die opdrag gegee om aan die kerkrade leiding te gee oor die behoeftes en probleme van die kerkjeug (Handelinge 1988, art. 162, p. 803). Met kundige hulp is 'n vraelys saamgestel met drie teikengroepe wat by die opname betrokke was, naamlik die laerskooljeug (graad 5-7); die hoërskooljeug (graad 8-12) en die naskoolse jeug tot en met 25 jaar. Ten opsigte van die studie word die gegewens in verband met die laerskool- en hoërskooljeug saam behandel met die gegewens in verband met die naskoolse jeug 'n aparte groepering. Die doel is om die vrug van die kategese afsonderlik te toets in die praktiese lewe van die naskoolse jeug. Die resultate van al die fasette van die vraelys word nie behandel nie maar net dié inligting wat nodig is vir die studie. Die resultate van die volgende sake in die vraelys is vir die studie van kateges as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening van belang:

- Bybellees
- Geloofsekerheid.
- Gebed.
- Erediensbywoning.

### 10.3.1 Laerskool- en hoërskoolgroepe

#### 10.3.1.1 Persoonlike Bybellees

#### 10.3.1.1.1 Bybelleestye

Die Bybelleestye van die laer- en die hoërskooljeug is die volgende:
Hoërskooljeug:

| |
|---|
| 73,0% lees Bybel 0-2 keer per week soggens. |
| 19,8% lees Bybel 5-7 keer per week soggens. |
| 29,2% lees Bybel 0-2 keer per week saans. |
| 57,5% lees Bybel 5-7 keer per week saans. |

Vir die laerskooljeug is nie onderskei tussen oggend en aand Bybellees nie.

| |
|---|
| 20,4% lees Bybel 0-2 keer per week. |
| 50,6% lees Bybel 5-7 keer per week. |

Die vraelys het getoon dat 'n groot persentasie van die laer- en hoërskooljeug op 'n ongereelde basis tyd vir persoonlike bybellees inruim en dat daar nie 'n vaste roetine ten opsigte van Bybellees bestaan nie. 'n Hoë persentasie van die laerskooljeug toon goeie omgang met die Bybel. Die Bybelleespatroon van die hoërskooljeug is egter 'n rond en bont-lees patroon. By 'n groot aantal laer- en hoërskooljeug is daar nie kennis oor die wyse van Bybellees nie. Die belangrikste redes van die hoërskooljeug vir 'n ongereelde *Bybelleespatroon* is 'n vol program (39,2%) en moegheid (33,5%).

#### 10.3.1.1.2 Bybelleesmetode

Daar is bevind dat die laerskooljeug Bybellees aan katkisasievoorbereiding verbind. Die hoërskooljeug lees die Bybel nie op 'n beplande, konstruktiewe wyse nie (66,2% lees rond en bont).

#### 10.3.1.1.3 Hoe die Bybellees ervaar word

Die meerderheid laerskooljeug ervaar hulle Bybellees positief, 62,10% van die laerskooljeug meld dat hulle sukkel om te doen wat God in die Bybel van die mens vra. 'n Hoë persentasie van die hoërskooljeug het 'n waardevolle en belangrike belewing van Bybellees.[156] Die grootste meerderheid van hoërskooljeug bevraagteken nie die beginsel van Bybellees nie. Die belewing van

156 Vgl. Pt 8.7.6: Geloof en ervaring.

Bybellees in die praktyk kry nie so 'n positiewe respons nie. Op die sewepuntskaal word die volgende waardes aan die praktiese belewing van die Woord van God aan hoërskooljeug toegeken:

| |
|---|
| 78,7% aangename ervaring. |
| 71,3% die kry van 'n boodskap. |
| 75% interessantheid. |

#### 10.3.1.1.4 Samevatting

Die ondersoek het getoon dat 'n groot persentasie van laer- en hoërskooljeug op 'n *ongereelde* basis tyd vir persoonlike Bybellees inruim. Ten opsigte van Bybellees het die laer- en hoërskooljeug nie 'n *vaste roetine* nie. Wat die *laerskooljeug* betref is daar 'n hoë persentasie wat goeie omgang met die Bybel aandui. Ten opsigte van die hoërskooljeug wys die statistiek dat daar nie 'n goeie Bybelleesmetodiek in die laerskooljare gevestig is nie. Daarom verval die tieners se Bybellees in 'n rond-en-bont-leespatroon.

By die *hoërskooljeug* is daar 'n groot groep by wie nie kennis bestaan oor die wyse van Bybellees nie. Net 'n klein persentasie van die hoërskooljeug volg erkende Bybelleesmetodes. Die gebruik van 'n Bybelstudieboek 17,4%, en die gebruik van 'n boek met Skrifoordenkings 21,4%. Dit blyk dus dat veral die hoërskooljeug *dink* hulle weet hoe om die Bybel te lees, maar nie werklik *weet* nie.

Die aanduiding van 'n vol program en meegaande moegheid as redes wat gereelde Bybellees verhinder, wys op verkeerde tydsbenutting, ongeballanseerde prioriteitstelling, oorvol buitemuurse programme, die druk van die hoë verwagtinge en oorvol sosiale programme.

### 10.3.1.2 Geloofsekerheid[157]

#### 10.3.1.2.1 Respons

Feitlik alle *laerskooljeug* glo dat Christus vir hulle sondes gesterf het (107,3%) en dat die Here hulle liefhet (91,6%).

[157] Vgl. pt 7.7: Geloofsekerheid teenoor heilsekerheid.

Die grootste persentasie *hoërskooljeug* het geen twyfel dat God bestaan nie. 'n Groep van 4,6% twyfel aan die bestaan van God. 'n Groot persentasie (74%) bely dat die Here hulle liefhet en 91,6% getuig dat Christus vir al hulle sondes gesterf het. Daar is egter 'n noemenswaardige groep van 21% tieners wat soms twyfel of die Here hulle liefhet. Die vraelys het egter aangetoon dat die hoërskooljeug wat met groot sekerheid aangetoon het dat Christus vir hulle sondes gesterf het, *tog groter twyfel oor hulle ewige saligheid openbaar.*

### 10.3.1.2.2 Samevatting

Hierby het die deputate tot die slotsom gekom dat die waarheid dat Christus se soenverdienste die enigste grond van ons ewige saligheid is en dat elkeen wat glo, die ewige lewe het, ondubbelsinnig in die kategese vir die kinders uitgespel moet word. Die konsekwensies van die heilsfeite moet met groter klem vir die jongmense geleer word. Die betekenis daarvan vir die Christen-jongmens in die daaglikse lewe moet onderstreep word.

### 10.3.1.3 Die persoonlike gebedslewe

### 10.3.1.3.1 Respons

Volgens die ondersoek bid 68,1% van die *hoërskooljeug* minstens een keer per dag. Van die *laerskooljeug* bid 66,8% in die periode van 'n week 7 tot meer kere. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat 'n groot persentasie van die laer- en hoërskooljeug slegs eenkeer per dag persoonlik tot die Here bid. Van die laerskooljeug het 2,6% en van die hoërskooljeug 1,7% erken dat hulle nooit bid nie.

### 10.3.1.3.2 Inhoud en belewing van die gebedslewe

Vanuit die vraelys blyk dat 65,4% van die hoërskooljeug hulle persoonlike gebede as 'n "biddende gesprek" met die Here beleef. 'n Klein persentasie het aangetoon dat hulle gebede bloot 'n pligsgevoel is, 'n formaliteit en onverhoorde gebede is. Dit het geblyk dat 80% van die hoërskooljeug met nadenke, diepsinnig en uit begeerte bid.

### 10.3.1.3.3 Samevatting

Daar is 'n neiging onder die kerkjeug om slegs een keer per dag persoonlik te bid terwyl 1 uit elke 5 hoërskooljeug erken dat hulle ongereeld bid. Die meerderheid van die kerkjeug dra kennis van die regte gebedsgesindheid en gebedsinhoud en beoefen dit ook in die praktyk.

### 10.3.1.4 Erediensbywoning

#### 10.3.1.4.1 Gereeldheid van erediensbywoning

Die aanddienste word nie so goed soos die oggenddienste bygewoon nie. Die persentasie erediensbywoning van die 4 Sondae voorafgaande aan die invul van die vraelys 1 keer of minder 'n aanddiens bygewoon het, beloop 52,1% by die *laerskooljeug* en 50,0% by die *hoërskooljeug*. 'n Sorgwekkende persentasie laerskooljeug dui swak erediensbywoning in die oggend en aand aan.

#### 10.3.1.4.2 Die redes vir erediensbywoning

Die statistiek toon aan dat die grootste meerderheid van die laer- en hoërskooljeug die eredienste bywoon nie omdat hulle verplig word om te gaan nie. Die kerkjeug beleef erediensbywoning as 'n verantwoordelikheid[158], alhoewel die innerlike begeerte om eredienste by te woon by meer as die helfte van die hoërskooljeug dikwels ontbreek. By die laerskooljeug het 43.8% gemeld dat hulle eredienste bywoon omdat hulle katkisasie moet bywoon. Daar is 'n lae persentasie laerskooljeug wat net die katkisasie bywoon en nie ook die erediens nie.

#### 10.3.1.4.3 Samevatting

Die erediensbywoning van die laer- en hoërskooljeug, veral wat die aanddienste betref, vertoon nie 'n hoë persentasie nie. Alhoewel die meerderheid die verantwoordelikheid ten opsigte van erediensbywoning besef, ontbreek die begeerte dikwels om die erediens by te woon. 'n Te groot persentasie van die laerskooljeug woon eredienste by omdat katkisasie bygewoon moet word.

Alhoewel die meerderheid laerskooljeug die prediking as jeugdienste prediking ervaar, erken 'n beduidende persentasie dat hulle nie altyd so goed na die prediking kan luister nie. Die laer- en hoërskooljeug meld dat hulle met die onthou en die uitvoering van die prediking 'n bepaalde mate

---

[158] Vgl. pt 8.8: Die gelowige eien homself toe.

van probleme het. Die laer- en hoërskooljeug erken dat hulle gedagtes tydens gebed dwaal en dat hulle nie altyd met begrip sing nie.

### 10.3.2 Naskoolse jeug

#### 10.3.2.1 Persoonlike Bybellees

##### 10.3.2.1.1 Respons

Die tendens is dat oor die algemeen min naskoolse jeug Bybel lees in die oggend. 71,7% naskoolse jeug lees 0-2 keer in die oggend Bybel. Van die naskoolse jeug lees 22% die Bybel 5-7 keer per week in die oggend. Saans lees 23,3% naskoolse jeug 0-2 keer per week die Bybel, teenoor die meer gereelde 5-7 kere per week deur 64% naskoolse jeug. Uit die gegewens blyk dat daar 'n groot persentasie naskoolse jeug is wat nie 'n vaste roetine van persoonlike Bybellees het nie. Die verkeerde tydsbenutting (60,10%) deur die naskoolse jeug, 'n vol lewensprogram (43,1%) en moegheid (310,5%) is die belangrikste faktore vir ongereelde Bybellees. Dit blyk egter dat 'n groot persentasie naskoolse jeug die Bybellees met hulpmiddels en meer sistematies aanpak as die laer- en hoërskooljeug (31,4% gebruik 'n Bybelstudieboek, 25,8% lees Skrifoordenkinge, 46,6% lees rond en bont in die Bybel, 51,2% lees 'n Bybelboek van voor af deur en 23,4% lees die Bybel van vooraf deur).

##### 10.3.2.1.2 Samevatting

'n Hoë persentasie van die naskoolse jeug ken 'n waardevolle en belangrike belewing van Bybellees daaraan toe. Die grootste meerderheid bevraagteken nie die beginsel van Bybellees nie, maar die belewing van Bybellees in die praktyk toon nie 'n positiewe respons nie. Die volgende blyk:

| |
|---|
| 76,5% 'n aangename ervaring.<br>62,6% die kry van 'n boodskap.<br>75,4% interessantheid |

### 10.3.3 Geloofsekerheid[159]

[159] Vgl. pt 7.7: Geloofsekerheid teenoor heilsekerheid.

#### 10.3.3.1 Respons

95,3% van die naskoolse jeug glo aan die bestaan van God en net 2,1% twyfel aan die bestaan van God. 83,2% naskoolse jeug glo dat die Here hulle liefhet en 103,4% glo dat Christus vir al hulle sondes gesterf het. Daar is tog 'n noemenswaardige groep van 14,7% wat soms twyfel of die Here hulle liefhet. Dit val op dat 93,4% van die naskoolse jeug met groot sekerheid gesê het dat Christus vir hulle sondes gesterf het maar 47% openbaar twyfel oor hulle ewige saligheid.

#### 10.3.3.2 Samevatting

### 10.3.4 Persoonlike gebedslewe

#### 10.3.4.1 Respons

73,5% van die naskoolse jeug bid minstens een keer per dag. 28,1% bid ongereeld en 0,9% bid nooit. 62,4% van die naskoolse jeug beskou die persoonlike gebed as 'n biddende gesprek met God. 2,9% van die naskoolse jeug toon aan dat hulle gebede bloot 'n pligsgevoel is, 'n formaliteit en dat gebede nie verhoor word nie.

#### 10.3.4.2 Samevatting

### 10.3.5 Gereeldheid van erediensbywoning

#### 10.3.5.1 Respons

42,8% van die naskoolse jeug toon aan dat hulle bywoning van die aand eredienste swak is. 'n Groter persentasie woon die oggenddienste by. Die naskoolse jeug woon nie die eredienste by omdat hulle verplig word nie. Hulle beskou dit as 'n verantwoordelikheid.

#### 10.3.5.2 Samevatting

## 10.4 Toepaslike bevindings

Die kategetiese onderrigleer is die periode waartydens die laer- en hoërskooljeug geskool en voorberei word om mondige lidmate van die kerk te wees. Daarom was dit nodig om te let op die bevindinge van die vraelys van 1990. Gegewens wat in punt 4.2.1 en 4.2.2 genoem is, raak egter die naskoolse jeug na die aflegging van geloofsbelydenis. Die volgende is in die bronne gevind:

- Die ***erediensbywoning*** van die naskoolse jeug is bevredigend, aangesien die meerderheid die eredienste gereeld bywoon.
- Slegs 50% van die naskoolse jeug skakel aktief by die ***gemeentelike lewe*** in. Die bewering dat jongmense eers weer na hul huwelik aan die gemeentelike lewe begin deelneem, word deur 70% van die kerkrade in 1988 gestaaf.
- Predikante kla (1972) dat die naskoolse jeug nie heeltemal die ***konsekwensies van belydenisaflegging*** besef nie, dat hulle nie voldoende begrip van die Godsopenbaring toon nie, dat hulle nie by magte is om die hoofsom van die Gereformeerde leer te verstaan en weer te gee nie (Van Wyk, 1972:33).
- Dit lyk of die jong belydende lidmate dikwels kort na belydenisaflegging die ***binding met die kerk kwytraak*** en ***geen belangstelling*** vir kerklike aktiwiteite toon nie en moeilik tot meelewendheid met die kerk beweeg kan word.
- Ouers kla dat die naskoolse jeug ***onverskillig en opstandig*** is teen geykte gebruike, konvensies, belydenisskrifte, Bybel en kerk.
- Dit kom voor asof daar al die jare net ***objektief*** met die Woord van God omgegaan is en dat daar nooit tot ***subjektiewe*** eiendom en belewing gekom is nie.

In die lig van hierdie feite sal die gegewens van die vraelys ten opsigte van die naskoolse jeug saamgevat moet word.

Vervolgens word aandag aan die volgende sake gegee:

- Die ooreenkoms en verskil tussen die heilshistoriese en heilsordelike benadering.
- Die ooreenkoms en verskil tussen sekerheid, onsekerheid en twyfel.

Die vraag ontstaan of die kategese en die uiteindelike belydenisondersoek nie te intellektualisties is nie, as gevolg van die skeiding tussen die objektiewe kennis en die subjektiewe vertroue nie. Calvyn is daarvan beskuldig dat dit die probleem was met die belydenisondersoek in Geneve (Theron, 1985:299). Vanweë dié skeeftrekking sou die kategese en belydenisondersoek te intellektualisties wees. Calvyn se definisie van geloof is bekend (Institusie, 3,2,7): "Geloof is die vaste kennis van die

welwillendheid van God, gegrond in die waarheid van sy belofte in Christus en deur die Heilige Gees geopenbaar en beseël." In Calvyn se geval dra die *kennis* 'n eksistensiële karakter en sluit derhalwe die *vertroue* in (Theron, 1985:301). Terselfdertyd bring die aksent op die geloof as kennis mee dat die genade nie misties-sakramenteel verstaan word nie, maar as *toesegging* wat in die beloftes van die Woord na ons toe kom.

## 10.5 Tieneronderstoek NG Kerk 2000

In die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (2001, Maart & Junie) word verslag gedoen van 'n tieneronderstoek wat in 1999 onder tieners van die NG Kerk gedoen is. Die ondersoek het onder andere[160] gehandel oor 'n aantal aspekte van kerklike betrokke tieners se persepsies van hulle geloofsoortuigings en geloofsbelewing. Die ondersoek is gedoen onder 331 tieners uit 16 gemeentes in verskillende dele van die land. Die ondersoekgroep was 48% manlik en 52% vroulik. Van die respondente was 91% in die ouderdomsgroep 14 tot 17 jaar. Slegs 6% was 13 jaar oud en 3% was 18 jaar oud.

### 10.5.1 Die vraelys en die ondersoek

Die kommunikasie van die evangelie is nie gerig op die oordra van 'n stel oortuigings of die aanleer van sekere waardes nie, maar op die oordra van 'n vorm van lewe (Richards, 1975:10). Die uitgangspunt kan geneem word uit Johannes 10:10 – "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê." Hier gaan dit om lewe in gemeenskap met God deur die Heilige Gees wat op die mens in sy totaliteit beslag lê. Daar moet aan drie essensiële elemente aandag gegee word, naamlik geloof as oortuiging (kognitiewe dimensie), geloof as belewing (affektiewe dimensie) geloof as gedrag (konatiewe dimensie). Die affektiewe dimensie kan ook onderskei word in houdings en ervarings. Op verskillende aspekte van die resultate wat van toepassing is vir die studie word nou gelet.

### 10.5.2 Resultate

#### 10.5.2.1 Godsdienstige oortuigings

[160] Die ander fasette van die ondersoek het gehandel oor hulle ouers se godsdiensbeoefening en hulle verhouding met hulle ouers. Die ondersoek na die tieners se geloofsoortuigings en geloofsblewing word behandel aangesien dit van toepassing is vir hierdie studie.

Geloof veronderstel 'n sekere kennis waarop dit rus en waaruit dit telkens opnuut krag put (Ridderbos, 1966:266).[161] As dit kom by geloofskennis gaan dit om meer as die kognitiewe aanvaarding van die waarhede van die Christelike geloof.[162] Uit die antwoorde op die vraelys kan maklik vasgestel word in watter mate daar met die geloofswaarhede instemming is, maar daar is 'n reserwe: die resultate toon glad nie hoe die respondente in hulle persoonlike lewe met dié waarhede omgaan nie. Met die vraelys is gepoog om meer hiervan te wete te kom. Derhalwe word drie aspekte van die godsdienstige oortuigings van die respondente onderskei.

- Oortuigings oor die tradisionele Christelike waarhede.
- Oortuigings oor die verhouding met God.
- Oortuigings oor intermenslike verhoudinge.

### 10.5.2.1.1 Oortuigings oor die tradisionele Christelike waarhede

Die tradisionele Christelike waarhede oor God is deur 100% van die respondente aanvaar. Toe daar egter eksklusief navraag gedoen is oor die uniekheid van Jesus Christus was die persentasie aanvaarding aanmerklik laer. Daaruit word tot die konklusie gekom dat die respondente vir hulleself sekere sake as waar aanvaar, maar hulle is mindere mate bereid om stellings te aanvaar wat eksklusief is. Hierdie feit moet in verband gesien word met die pluralistiese denkklimaat van die samelewing waarin hulle grootword.

### 10.5.2.1.2 Oortuigings oor die verhouding met God[163]

Deur vrae is probeer om vas te stel of daar by die respondente sekerheid oor hulle verhouding met God in Christus is. Wie leef met die oortuiging van verlossing en die belofte van die ewige lewe, behoort ook seker te wees dat hy/sy die ewige heerlikheid sal erf.[164] Van die respondente het 75% saamgestem dat hulle na afsterwe na die hemel sal gaan, terwyl 22% onseker was en 3% onomwonde "nee" geantwoord het. As grond vir hulle sekerheid het 87% sake soos die geloof, die uitsprake van die Heilige Skrif en oorgawe aan die Here aangedui. 'n Getal van 13% het gronde genoem soos hulle eie pogings om goed te lewe. Van die totale aantal respondente was daar 65%

[161] Vgl. pt 4.3.7; 4.5.2; 7.8.1.2; 8.7.
[162] Vgl. pt 7.8.1.1.
[163] Vgl. pt 4.3.2.5 Geloof as binding van die verhouding tussen God en mens. Pt 7.10.4 Geesteservaringe, vrugte, goeie werke, ondervindinge. Pt 7.10.5.10 Op jou gevoel afgaan. 8.7.6 Geloof en ervaring.
[164] Vgl. pt 5.3: Eiendomsreg en eiendomsbesit.

wat blykbaar seker was en wat daarvoor legitieme gronde kon aandui.[165] Dit blyk dus dat 13% van die respondente nie genoegsame duidelikheid oor hierdie saak gehad het nie. Tot die volgende konklusies is ook gekom ten opsigte van hierdie afdeling:

a) 'n Groot aantal van die respondente verklaar dat hulle, op grond van die genade van God, van hulle verlossing seker is. Tog blyk dat daar nie 'n goeie begrip van wat die genade van God beteken nie.

b) Die korrelasies tussen geloofsekerheid[166] en 'n aantal aspekte van die geloofslewe bied meer insig oor wat hierdie sekerheid vir die respondente inhou. Daar was 'n sterk korrelasie (0,4036) daarmee dat hulle geloof 'n rol speel in daaglikse besluite. Daar is ook 'n redelike korrelasie (0,2444) daarmee dat hulle vooraf dink of hulle handelinge reg of verkeerd sal wees. Hulle het in groot mate (0,3238) getuig dat hulle baie uit die erediens kry en dat hulle daaglikse lewe vir hulle sin maak (0,2821). Daar was 'n geringe korrelasie (0,1059) met die bereidheid om vir 'n vreemde persoon ongerief te verduur en om uit te reik na iemand wat by die skool deur ander verstoot word (0,1392).

### 10.5.2.1.3 Oortuigings oor intermenslike verhoudinge

Met die stelling dat *as 'n mens jou medemens benadeel, sondig jy teen God,* het 79% van die respondente saamgestem. Daar is dus 'n redelike sterk oortuiging dat die Christelike godsdiens net soveel met die verhouding tot die medemens te doen het. Die vraag is natuurlik in watter mate hierdie oortuiging konkreet in die lewe van die tieners gestalte kry.

### 10.5.2.2 Godsdienstige ervarings

Emosionele ervaring speel 'n belangrike rol in die Christelike godsdiens. Dit is 'n wesenlike element van die vertroue op God, die verlossing in Christus, van Christelike waardes en aktiwiteite.[167] Dit blyk dat ervaring in die ontwikkeling van die adolessente van grootbelang, maar die betekenis daarvan word verskerp deurdat hulle grootword in die sogenaamde postmodernistiese tyd wat 'n nuwe aksent op die belangrikheid van ervaring plaas. Die jeug is nie tevrede met godsdiens as 'n formele religieuse verpligting nie, maar vra na die waarde veral na die ervaringsaspek van godsdiens. Ten opsigte van geloofsekerheid moes die respondente antwoord op die stelling: *Die kere*

---

[165] Vgl. pt 7.10: Gronde van heilsekerheid.

[166] Vgl. pt 7.7: Geloofsekerheid teenoor heilsekerheid.

[167] Vgl. pt 2.2: Geloof. Pt. 4.3.8: Geloofs is vertroue en oorgawe. Pt. 4.5.2: Vasstaande kennis en vaste vertroue. Pt. 7.8.1.2: Geloof is kennis en vertroue. Pt. 7.8.1.3: Christus is die sentrum van qua en quae.

*wat ek ongelukkig voel, twyfel ek of ek 'n kind van God is.* Net 19% het met die stelling saamgestem en 23% was onseker. Van die respondente het 58% die stelling afgewys.

### 10.5.2.3 Godsdienstige gedrag

Ten opsigte van godsdienstige gedrag word op drie sake gelet:

- Bywoning van die eredienste.
- Bybellees en gebed.
- Getuienis en dienswerk.

### 10.5.2.3.1 Bywoning van die eredienste

In die Gereformeerde tradisie word 'n gesonde geloofslewe verbind aan 'n aktiewe betrokkenheid by die geloofsgemeenskap. Daarvan is die erediens die sentrum. Op die vraag oor erediensbywoning het 26% verklaar dat hulle die vorige 4 Sondae ses of meer kere die eredienste bygwoon het. 'n Groep van 61% het vier of meer kere die eredienste bygewoon. Slegs 6% was glad nie in 'n erediens nie en 15% net een keer of glad nie.

### 10.5.2.3.1.1 Bybellees en gebed

In die Protestantse teologie is daar nie sprake van 'n omgang met God buite sy Woord om nie. Persoonlike omgang met die Bybel is 'n onontbeerlike faset van die geloofslewe. Dieselfde geld vir die gebed. Gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid. Calvyn wys daarop dat God slegs deur die geloof aangeroep wil word en dat Hy beveel het dat die aanroeper se gebed volgens die rigsnoer van die Woord van God gevorm moet word. Hy noem die Woord van God as die moeder van die regte gebed (Institusie, 3.20.27). Op navraag oor hoeveel keer die respondente alleen, op hulle eie, uit die Bybel lees en bid het 51% aangedui dat hulle dit minstens een keer per dag uit die Bybel lees en bid, terwyl 29% minstens een keer per dag Bybel lees. 'n Groep van 4% het nie die voorafgaande week alleen gebid nie, en 21% het nooit alleen uit die Bybel gelees nie. Dogters lees die Bybel meer gereeld as seuns en jonger kinders meer as ouer kinders. 'n Groep van 33% van die seuns in die groep 16-18 jaar het nie die Bybel een keer die voorafgaande week gelees nie. Wat die respondente betref het 49% daagliks 5 minute en minder aan gebed bestee en 46% aan Bybellees. Slegs 26% gee 10 minute of meer per dag aan sowel vir Bybellees as gebed.

### 10.5.2.3.3 Getuienis en dienswerk

Dienswerk is 'n wesenskenmerk van die Christelike geloof en is essensieël vir die gelowige se geloofsgroei. Dit is 'n bekende feit dat een van die belangrikte redes waarom jongmense die kerk verlaat, is dat hulle voel dat daar nie vir hulle geleentheid is om 'n sinvolle bydrae in die kerk te maak nie. Van die respondente was 45% by werk betrokke wat hulle vir die saak van die Here doen. Die swakste reaksie was by die senior seuns (31%) en die beste by die senior dogters (59%). Waar die ondersoekgroep as geheel aangedui het dat slegs 47% geneig is om uit te reik na iemand wat verstoot word, was daar 'n sterk korrelasie met aktiewe betrokkenheid in werk vir die Here. Die feit dat slegs 51% van die respondente kon aandui dat die gemeente vir hulle geleenthede tot praktiese diens bied. terwyl 26% dit ontken het, dui daarop dat dit 'n aspek van jeugbediening is wat aandag verdien.

## 10.6 Samevattende gevolgtrekkings en toepassings

a. Dit blyk uit die ondersoeke dat 'n groot persentasie van laer- en hoërskooljeug op 'n *ongereelde* basis tyd vir **persoonlike Bybellees** inruim en dat hulle nie 'n *vaste roetine* vir Bybellees het nie. Onder die *laerskooljeug* is daar 'n hoë persentasie wat wel goeie omgang met die Bybel aandui.

b. Statistiek toon aan dat die hoërskooljeug nie 'n goeie **Bybelleesmetodiek** het nie. Derhalwe verval die Bybellees van die tieners in 'n rond en bont-leespatroon. 'n Bybelstudieboek word deur 17,4% gebruik en 21,4% gebruik 'n boek met Skrifoordenkings.

c. In die kategese moet Christus se soenverdienste as die enigste grond van ons ewige saligheid ondubbelsinnig in die kategese uitgespel word. Die konsekwensies van die heilsfeite moet vir die jongmense benadruk word en dat die katkisante dit nie alleen net moet bely nie maar ook belewe.

d. *Erediensbywoning* van die skoolgaande jeug, veral wat die aanddienste betref, is swak. Alhoewel die meerderheid die verantwoordelikheid ten opsigte van erediensbywoning besef, ontbreek die begeerte dikwels. 'n Groot persentasie van veral die laerskooljeug woon die eredienste net by omdat die katkisasie na die diens plaasvind. Die skoolgaande jeug onthou die prediking nie goed nie en het probleme as dit by die uitvoering van die prediking kom.

e. Die ***erediensbywoning*** van die naskoolse jeug is bevredigend maar net 50% van die naskoolse jeug skakel aktief by die ***gemeentelike lewe*** in.[168] Die jong belydende lidmate raak dikwels die binding met die kerk kwyt kort na belydenisaflegging en toon geen belangstelling vir kerklike aktiwiteite nie en hulle word baie moeilik tot meelewendheid met die kerk beweeg. Dit is asof alles vasgesteek het by geloofs*belydenis* en nie oorgegaan het tot geloofs*belewenis* nie. Die naskoolse jeug staan soms onverskillig en opstandig teen geykte gebruike, konvensies, belydenisskrifte, Bybel en kerk. Dit kom voor asof daar al die jare net ***objektief*** met die Woord van God omgegaan is en dat daar nooit tot ***subjektiewe*** eiendom en belewing gekom is nie.

f. In geheel laat die resultate uit die vraelyste die vraag ontstaan of die kategese en die uiteindelike belydenisondersoek nie te intellektualisties was nie as gevolg van die skeiding tussen die objektiewe kennis en die subjektiewe vertroue.

Hiermee word die bespreking van die empiriese ondersoek na heilsekerheid en heilstoe-eiening afgesluit. Die insigte wat hieruit verkry is, word in die volende hoofstuk toegepas op die kategese.

---

[168] Die bewering dat jongmense eers weer na hul huwelik aan die gemeentelike lewe begin deelneem word deur 70% van die kerkrade in 1988 gestaaf.

# DEEL C

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING

**Hoofstuk 11**

# KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD: *PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE*

HOOFSTUK 11

## KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE


| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Inleidende gedagtes | 417 |
| 11.2 | Ekklesiologiese Perspektiewe | 418 |
| 11.3 | Die Kerk is 'n samelewingsverband | 418 |
| 11.4 | Duidelike onderskeid is nodig | 419 |
| 11.4.1 | Kategese en skoolonderrigleer | 419 |
| 11.4.2 | Kategese en Godsdiensonderrigleer | 420 |
| 11.4.3 | Kategese en Bybelkunde | 421 |
| 11.4.4 | Kategese en Prediking | 421 |
| 11.4.5 | Kategese en Geloofsopvoeding | 422 |
| 11.5 | Diakoniese Perspektiewe | 422 |
| 11.5.1 | Die amptelike karakter van die kategese | 422 |
| 11.5.2 | Die predikant is die amptelike kategeet | 422 |
| 11.6 | 'n Noodmaatreël word getref | 423 |
| 11.6.1 | Die hulpkategete onder die soeklig | 423 |
| 11.6.2 | Die hulpkategeet se geestelike toestand | 423 |
| 11.6.3 | Opleiding, bekwaammaking en toerusting is 'n vereiste | 423 |
| 11.6.4 | Gedagtes ter oplossing van die praktiese probleem | 424 |
| 11.7 | Kategete en hulle gawes | 425 |
| 11.8 | Pistologiese Perspektiewe | 427 |
| 11.9 | Teosentriese Perspektiewe | 428 |
| 11.10 | Faseologiese Perspektiewe | 429 |
| 11.11 | Didagonale Perspektiewe | 429 |
| 11.11.1 | Die Bybel is Godsopenbaring | 430 |
| 11.11.2 | Relevansie van die Woord van God | 430 |
| 11.12 | Metodologiese Perspektiewe | 431 |
| 11.12.1 | Inleidend | 431 |
| 11.12.2 | Verskillende metodes | 431 |
| 11.12.3 | Die keuse van 'n metode | 433 |
| 11.13 | Praktykgerigte perspektiewe | 434 |
| 11.13.1 | Die sake wat ter sprake is | 434 |
| 11.13.2 | Die eise wat die praktyk van die kategese stel | 434 |
| 11.14 | Samevatting | 435 |

# HOOFSTUK 11

# KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 11.1 Inleidende gedagtes

In die vasstelling van die praktykteoretiese perspektiewe van die kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk van God word van die agt beginsels van die kategese uitgegaan. Die praktykteoretiese perspektiewe word ten opsigte van die volgende inhoude geformuleer:

a) Die **wese** van die Kategese.
b) Die **karakter** van die Kategese.
c) Die **leeruitkoms** van die Kategese.
d) Die **subjek** van die Kategese.
e) Die **objek** van die Kategese.
f) Die **leerinhoud** van die Kategese.
g) Die **metode** van die Kategese.
h) Die **praktyk** van die Kategese.

a. Perspektiewe afgelei uit die **wese** van die kategese as ***kerklike diens*** in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod: Dit is die **ekklesiologiese perspektiewe** wat die lig laat val op die ***kerk*** wat in opdrag van God die verbondsjeug kategeties moet onderrig.

b. Perspektiewe afgelei uit die **karakter** van die kategese as ***amptelike diens*** in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod: Dit is **diakoniese**[169] **perspektiewe** wat die lig laat val op die ***amp (diens)*** van die kategeet wat van die kerk die opdrag ontvang om die verbondsjeug kategeties te onderrig.

c. Perspektiewe afgelei uit die **leeruitkoms** van die kategese, naamlik ***om die verbondskinders van die kerk deur verkondiging van en onderrigleer in die Woord van God te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.*** Dit is **pistologiese perspektiewe** wat die lig laat val op die ***leeruitkoms van die kategese.***

d. Perspektiewe met betrekking tot die **subjek** van die kategese, ***ons Drie-enige Verbondsgod:*** Dit is **teosentriese perspektiewe** wat die lig laat val op God Drie-enig as die Opdraggewer ten opsigte van kategetiese onderrigleer.

e. Perspektiewe afgelei uit die **objek** van die kategese, die ***gedoopte verbondskind van God:*** Die **faseologiese perspektiewe** laat die lig val op die ***verbondskinders*** in hulle verskillende leeftydsfases, wat in opdrag van God kategeties onderrig moet word.

f. Perspektiewe afgelei uit die **leerinhoude** van die kategese. Dit is **didagonale perspektiewe** wat die lig laat val op die ***leerinhoud*** wat in opdrag van God deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die kategese aan die verbondsjeug bedien moet word.

g. Perspektiewe afgelei uit die **metode** van die kategese: Dit is **metodologiese perspektiewe** wat die lig laat val op die ***metodes*** wat gebruik moet word in die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in opdrag van God aan die verbondsjeug.

h. Perspektiewe afgelei uit die **praktyk** van die kategese: Dit is **praktykgerigte perspektiewe** wat die lig laat val op die ***praktyk van die kategese*** wat 'n belangrike rol speel in die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer.

## 11.2 Ekklesiologiese Perspektiewe - Die Kerk is 'n samelewingsverband

---

[169] In die Nuwe Testament word die woord διακονία gebruik om die dienskarakter van die geroepenes deur God aan te dui. Van διακονία word nou 'n byvoelike naamwoord afgelei – ***diakoniese*** – om die karakter van die kategese, naamlik "amptelike diens" deur die kategeet, aan te dui. ***Diakoniese perspektiewe*** dui dus op perspektiewe wat die lig laat val op die **amp/diens** van die kategeet.

Die **ekklesiologiese perspektiewe** laat die lig val op die ***kerk***, wat in opdrag van God die verbondsjeug kategeties moet onderrig. Dit is perspektiewe afgelei uit die **wese** van die kategese as ***kerklike diens*** in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod. Kategese is wesenlik **diens van die *Kerk*** aan die dooplidmate. Dit is die **verbondskinders** van die **gemeente** wat in die kerklike gemeenskap ingelyf is deur die verbond, waarvan die doop die teken en seël is.

In die praktyk van die kategese moet die feit in berekening gebring word, naamlik dat die kerk een van die samelewingsverbande is. Daar moet teen totalitarisme gewaak word, of om aan een verband absolute seggenskap oor die ander verbande en oor die mens te verleen. Die kerk is iets besonders maar terselfdertyd iets gewoons, iets aards en iets menslik. Tog is die kerk nie 'n politieke party, 'n kultuurorganisasie, 'n sosiale vereniging of 'n sportklub nie. In die kategese sal hierdie unieke wesensbestaan van die kerk duidelik en helder aan die verbondskinders geleer moet word. Die kerkjeug moet goed verstaan waarom hulle in die kerk ook onderrig moet word. As mense wat in die wêreld lewe maar wat nie van die wêreld moet wees nie, sal die verbondskinders duidelik moet kan onderskei tussen die uniekheid van die kerk en die verhouding tot elkeen van die ander samelewingsverbande. Dit hou in dat die verbondskinders tot die besef kom waarom dinge in die kerk anders gedoen word as in die ander samelewingsverbande. Net die kerk het die unieke identiteit en vertoon kenmerke en bewys dienste wat verrig word deur die krag van die Heilige Gees. Om tot hierdie insig te kom sal met die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die kategese nie by die objektiewe heilsskennis volstaan kan word nie, maar die kinders sal begelei moet word tot subjektiewe heilstoe-eiening. Die geloofsbelydenis van die katkisante moet oorgaan tot geloofsbelewing. Om in die kategese die leeruitkoms van heilsekerheid en heilstoe-eiening te bereik, moet die kinders die eiesoortige onderrigleer van die kategese teenoor algemene skoolonderrigleer verstaan.

## 11.3 Duidelike onderskeid is nodig

### 11.3.1 Kategese en skoolonderrig

Sodat die verbondskinders presies kan weet wat kategese is, moet hulle daarop gewys word dat daar 'n mate van ooreenkoms is tussen kategese en skool. Kategese en skoolonderrig het beide te doen met onderrigleer. Die wese van 'n skool bestaan daarin dat kultuur as leerinhoude in sillabusse geselekteer, vereenvoudig en ingedeel word. Die leeruitkoms van skoolonderrigleer en kategese verskil wesenlik. Waar die leeruitkoms van die kategese gerig is op 'n persoonlike geloofsverhouding met die Drie-enige Verbondsgod, is skoolonderrigleer suiwer gerig op kennis, houdings en vaardighede. Algemene onderwys is gerig op kennis in 'n bepaalde kultuursituasie en

kategese is gerig op die geloof. Net soos in die geval van onderwys in didaktiese sin, het kategese wel met onderrigleer van kennis te doen, maar dit is eiesoortige onderrigleer wat unieke kennis tuisbring, kennis wat los van en bo enige menslike kultuur staan (Spoelstra, 1990a:22). Die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die kategese het nie met kennis in algemene sin te doen nie maar met kennis van die Woord van God. Die kennis wat in kategetiese onderrigleer ter sprake is, is ***geopenbaarde kennis.*** Dit is nie kennis in die algemeen soos wat dit in die sekulêre onderwys die geval is nie. Kategese is dus daardie onderrigleer wat iemand deur die Woord van God, as Godsopenbaring, begelei met die doel dat hy verantwoordelik, selfstandig en persoonlik sy innige verbondenheid aan God deur geloof sal bely en verder met sy leer en lewe sal bewaarheid (Spoelstra, 1990a:23).[170] Die leeruitkoms van die kategese is om die kindergeloof te laat toeneem in kennis, begrip, insig, onderskeiding, omhelsing, belydenis, getuienis en blydskap van die volle inhoud van die Woord van God (Van der Walt, 1992:11).

Indien kategese benader word op die skoolmodel as onderrigleer met die oog op kennis van die indikatief van die Woord, kom die paraklese van die Woord van God nie tot sy reg nie. Net soos die prediking, geskied die kategese tegelyk in die gestalte van proklamasie van die heilsindikatief én die heilsparaklese. Omdat kennis alleen nie die wesenskenmerk van kategese is nie, kan kategetiese onderrigleer nie eensydig as didaktiese onderrigleer bestudeer en beoefen word nie. Wanneer kategese net as godsdienstige onderwys en religieuse opvoeding beskou word, is formalisme en tradisionalisme die voorland van daardie samelewing.

### 11.3.2 Kategese en Godsdiensonderrigleer

Omdat kerkrade voorkeur gee aan onderwysers om as kategete op te tree, veral as hulle op skool Godsdiensonderrig of Bybelkunde gee, moet die kategete en ook die ouers die onderskeid ken tussen kategese, godsdiensonderrigleer en Bybelkunde wat tot onlangs nog in die skole gedosseer is. Van selfsprekend moet die katkisante ook hoor wat die verskille is. Selfs die verskil tussen prediking en kategese moet duidelik uitgespel word veral vir die kategete. Die leeruitkoms van godsdiensonderrigleer is om God Almagtig aan die kind in sy besondere leefwêreld, in sy konkrete situasie, hier en nou, bekend te stel, sodat hy Hom sal ken, liefhê en dien uit 'n lewende geloof in

---

170 Deur kategetiese onderrigleer en skoolonderrigleer gelyk te stel, het Larry Richards gefouteer as hy skryf oor "*A Theology of Christian Education*" (1975) en waar hy "Christian Education" dan beskou as sinoniem met kategese (1975:77). Hy maak die verwarring groter deur te verklaar dat "Christian Education" is "the concept of teaching as shaped by our culture" (1980:127). Richards (1980:127) haal Meyer Fortes instemmend aan as hy skryf dat opvoeding is in die wydste betekenis van die woord "the process by which the cultural heritage is transmitted from generation to generation" en dat die wesenlike taak van die opvoedkunde is "the moulding of individuals to the social norm". Kategese en skoolonderrigleer is nie dieselfde nie. Dit is die duidelikste sigbaar as daar op die leeruitkoms en leerinhoude van elkeen gelet word.

Jesus Christus op alle lewensterreine (Van der Wessthuizen en Duvenage, 1979:11). Omdat kerk en skool as twee verskillende bestaanskringe in oorsprong, bestemming, doelstellinge, funksie, karakter en metodiek verskil, sal godsdiensonderrigleer en kategese ook wesenlik verskil. Al sou hulle in leerinhoude ooreenstem, verskil hulle wesenlik wat die einddoel betref. Die leeruitkoms van die kategese is heilsekerheid en heilstoe-eiening. Die skool, as kultuurproduk, wil met godsdiensonderrigleer die leerlinge ryker kennis en dieper insig in die Woord van God gee om hulle medemense daardeur (want dit is nie die enigste opvoedkundige middel nie) te lei tot 'n aktiewe Christelike lewe (Van Wyk, 1979:20).

### 11.4.3 Kategese en Bybelkunde

Kategese verskil ook van die skoolvak Bybelkunde. Bybelkunde is 'n wetenskap wat tot voorwerp van ondersoek het die kennis van God wat deur die besondere openbaring, die Woord van God, tot die mens kom (Van der Westhuizen, 1982:9). Die leeruitkoms van Bybelkunde is om 'n studie van die Bybel te maak met die oog op kennis van die Bybel as Godsopenbaring en as grondslag vir geloof en lewe. Bybelkunde is die "vaste spys" (Heb. 5:12-14) en hierin onderskei Bybelkunde hom van Godsdiensonderrigleer (Van der Westhuizen, 1982:9).

### 11.4.4 Kategese en Prediking

Prediking en kategese is beide bediening van die Woord van God. Die bediening van die Woord neem in die kerk meer as een gestalte aan, naamlik: prediking, kategese, evangelisasie, sending, pastoraat (Van der Walt, 1992:10). Kategese is egter Woordbediening op 'n heel ander wyse as wat die geval is met die prediking in die eredienste. Prediking is die onderneming van die prediker om die Woord van God in 'n bepaalde gedeelte suiwer te verklaar en lewend en konkreet toe te pas aan die mense van ons tyd, veral in gemeenteverband, sodat dit vir hulle as 'n riglyn kan dien in hulle praktiese lewe in diens van die Here. Die lidmate moet hulle dankbaarheidslewe skoei volgens die riglyne van God se Woord. Die Heilige Gees verkondig en deel die heilsweldade deur die prediking uit. Kategese is as Woordbediening ook *Woord-opening, Woord-ontsluiting, Woord-vertolking* en *Woord-toepassing* op 'n eie unieke wyse vir die verbondskinders in die gemeente in hulle besondere lewensomstandighede, maar dit verskil wesenlik van Woordbediening as prediking. Die onderskeid tussen "onderrig" (διδάσκειν) en "verkondiging" (κηρύσσειν) is nie te vind in die **inhoud** van elkeen nie maar wel in die **vorm** waarin beide geskied (Ridderbos, 1955:137). Beide prediking en kategese het God se Woord as inhoud maar, terwyl κηρύγμα die werk is van die herout, stam διδάχη uit die lewenskring van religieuse onderwys. Prediking is **κηρύγμα, verkondiging,** terwyl kategese **διδάσκειν, onderrigleer** is.

### 11.4.5 Kategese en Geloofsopvoeding

**Geloofsopvoeding** het as leeruitkoms die begeleiding van die verbondskind tot geloofskennis van God se verbond met sy volk en met Hom persoonlik. Die kind word begelei tot kennis van en 'n lewe vanuit die weldade en verpligtinge van die verbond. Hy word begelei om as deel van God se verbondsvolk in noue gemeenskap met en in gehoorsaamheid aan God te leef. Om die leeruitkoms te bereik, word die verbondskinders op verskillende wyses in die Woord onderrig.

## 11.5 Diakoniese Perspektiewe

### 11.5.1 Die amptelike karakter van die kategese

Perspektiewe afgelei uit die **karakter** van die kategese as ***amptelike diens*** in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod. Kategese is **kerklike diens** aan die verbondskinders deur middel van die **amp.** Die **diakoniese perspektiewe** laat die lig val op die ***amp (diens)*** van die kategeet wat van die kerk die opdrag ontvang om die verbondsjeug kategeties te onderrig. Die kerk is nie alleen vrug van Christus se diens nie maar ook middel waardeur Hy sy diens voortsit en voltooi (Van der Linde, 1965:41). Die amp kom uit Christus die Koning van die kerk voort, gewortel en gegee ter wille van die kerk, tot opbou daarvan (Matt. 16:18, Ef. 4:12). Dit maak van die amptelike diens van die kerk diens van God in Christus ten behoewe van die kerk. Omdat kategese kerklike diens is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, deur middel van die amp, daarom het die kategese 'n **amptelike karakter**. Christus se diens aan die verbondskinders van die kerk is amptelike diens deur die amp van die kategeet. Van geen ander onderrigleer kan dit gesê word dat dit amptelike onderrigleer is nie. Christus werk instrumenteel deur die amp in en aan sy gemeente, dit beteken dat die predikant die enigste amptelike kategeet is. Christus se diens aan die verbondskinders van die kerk is amptelike diens deur die amp van die kategeet.

### 11.5.2 Die predikant is die amptelike kategeet[171]

Dit is een van die praktiese probleme tans in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dat die amptelike karakter van die kategese onderbeklemtoon word. In wese is die predikant in die gemeente nie net die enigste amptelike *prediker* nie, maar ook die enigste amptelike *kategeet* omdat hy spesiaal vir die doel opgelei en afgesonder is. God laat die verkondiging plaasvind deur geroepe

[171] Artikel 16, Kerkorde. Ook die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord – punt 4: "*U moet die verbondskinders onderrig in die kennis van die Woord van God, gedagtig aan die woord van Christus aan Petrus: Laat my lammers wei.*"

mense (Rom. 10:13-17). Dit geskied deur menslike aktiwiteite. Dit is God wat deur Christus die heil in die wêreld bekendstel en deur die Heilige Gees die mens in daardie heil laat deel. In hierdie saak val die aksente op die aktiwiteit van God én op die instrumentele funksie van die menslike verkondiging.

## 11.6 'n Noodmaatreël word getref

Vanweë talle praktiese probleme is dit nie vir die amptelike kategeet, die predikant, moontlik om al die kategetiese werk in die gemeente te doen nie. Dit is 'n toestand wat diep betreur moet word en die oë moet nie gesluit word vir die probleme wat daaruit onstaan nie. Vanweë hierdie situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word vir dekades al 'n *noodmaatreël* getref met die aanwys van katkisasieonderwysers, of ook genoem hulpkategete of hulpkragte om die kategetiese onderrig waar te neem. Oor die algemeen word hierdie reëling aanvaar as die normale situasie. In hierdie studie is meer as eenkeer aangetoon watter negatiewe resultate hierdie reëling veroorsaak.[172] Desondanks word met dankbaarheid gedink aan die werk wat hulpkategete gelewer het en nog lewer. Die skuld lê nie by die hulpkategete nie maar by kerkrade wat nie toesien dat hulle bekwaam gemaak en toegerus word nie.

### 11.6.1 Die hulpkategete onder die soeklig

#### 11.3.4.1 Die hulpkategeet se geestelike toestand

Om die verbondsjeug deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer te begelei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening, moet die kategeet self heilsekerheid hê en die heil vir homself toege-eien het (Deutr. 6:6 *"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees."* Vgl. ook Joh. 13:17 – *"As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."*[173]). In die lewe van die kategeet moet sy geloofsbelydenis prakties tot geloofsbelewing kom, anders sal die kategeet in die oë van die katkisante ongeloofwaardig wees.

#### 11.3.4.2 Opleiding, bekwaammaking en toerusting is 'n vereiste

Daar is groot waardering vir die werk wat 'n skare katkisasieonderwysers wel verrig, maar die werklikheid moet in die oë gestaar word dat hulle nie opgelei is vir hierdie taak nie. Vanweë die

---

172 Vgl. die volgende punte: 7.11.3.1 p.295; 8.4.1 p.313; 8.5.2 p.316; 8.6.1 p. 333; 8.6.12.5 p. 338; 9.14.1 p.363; 9.26.3 p.387; 9.34.3 p. 404; 9.34.4 p.404; 9.37.6 p. 407; 9.38.4 p. 408; 9.38.5 p.408; 9.38.6 p.408; 9.38.8 p. 409.

173 Vgl. ook: Deutr. 11:18-21; Ps. 37:31; Ps. 40:9; Ps. 119:11; Spr. 2:10-11; Spr.3:1-5; Spr. 7:3; Jes. 51:7; Jer. 31:33-34; Luk. 2:51; Luk. 8:15; 2 Kor. 3:3; Kol. 3:16; 2 Joh. vs. 2)

gebrek aan opleiding, toerusting en bekwaammaking om die verbondskinders kategeties te onderrig volg die hulpkategete 'n metode wat deur die dekades heen geyk het, naamlik om net die kinders se *kennis* te toets.[174] Om vrae aan kinders te stel oor 'n sekere Skrifgedeeltes is in Suid-Afrika 'n paar eeue oud, want dit was die wyse van huisgodsdiens en kategese van die vroegste tye af. Op hierdie wyse kan die verbondskinders wel begelei word tot objektiewe geloofskennis, maar ontbreek dit nog aan subjektiewe geloofsbelewing. As net by die objektiewe geloofskennis vasgesteek word, besit die kind nog net objektiewe geloofsekerheid (certitudo fidei) maar besit hulle nog nie subjektiewe heilsekerheid (certitudo salutis) wat tot heilstoe-eiening lei nie.[175] Indien 'n kategeet nie deeglike opleiding ontvang nie kan hy in hierdie opsig nie duidelike leiding gee nie (dieselfde reël geld vir die predikant ten opsigte van die prediking). Van die allergrootste belang is die kategeet se verhouding met die Here. Indien die kategeet se verhouding met God nie opreg, eerlik en oop is nie, sal dit nie moontlik wees om die nodige begeleiding aan die verbondskinders te gee nie en sal die kinders ook nie 'n voorbeeld hê om hulle mee te identifiseer nie. Dan word die katkisasieklasse bloot die objektiewe oordra van feitekennis en die objektiewe navraag doen oor die feite wat geleer is. Die handleidings wat in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beskikbaar is vir die kategete sowel as vir die verbondskinders en hulle ouers, is uitstekend saamgestel, juis om nie net te bly vassteek by die objektiewe heilskennis nie maar om die kinders as handleiding (nie handboek nie) te begelei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

### 11.3.4.3 Gedagtes ter oplossing van die praktiese probleem

Ter verbetering van die situasie van die kategete kan die volgende oorweeg word:

a) Skoling van die kategete sal prioriteit moet kry. Dit kan prakties op meer as een manier gedoen word. In elke gemeente kan kwartaalliks of halfjaarliks 'n eie skolingsgeleentheid gereël word vir die kategete waartydens aan die verskillende fasette van kategese aandag geskenk kan word.

b) Skolingskursusse tussen nabygeleë gemeentes of in klassisverband of aangebied deur een gemeente met die uitnodiging aan kategete uit enige deel van die provinsie of land is prakties moontlik.

c) Van publikasies kan daar ook gebruikgemaak word, bv. 'n "tydskrif" vir kategete deur inisiatief van die Deputate vir Katkisasie of Deputate van Publikasies van die Gereformeerde

---

174 Vgl. Hoofstuk 4 p. 151-192; 7.8.1.1.2 p.281-282; 7.8.1.2 p. 283-284; 7.8.1.3 p. 284-286; 8.6.8 p. 327-329; 9.14.1 p. 362-364; 9.15.4 p. 367-368; 9.16 p. 368-370.

175 Vgl. 4.3.8 p.173-174; 5.3.4 p.177-200; 5.4.1.2 p. 201-202; Hoofstuk 7 p. 268-306; 8.6.11 p. 332-334; 9.14.1 p.362-364.

Kerke in Suid-Afrika waarin aktuele sake met die kategete bespreek kan word. Daar is ook 'n moontlkheid dat die Deputate vir Katkisasie kwartaalliks of halfjaarliks 'n "omsendskrywe" aan kerkrade kan rig om belangrike riglyne vir die kategete deur te gee.

d) Daar word in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika skolingskursusse vir berading aangebied wat strek oor 'n aantal weke of 'n aantal maande (een maal per week). Na voltooiing van die kursus ontvang die deelnemers 'n sertifikaat van erkenning. Die navorser is van oordeel dat die instelling van sulke kursusse, gerig op die kategete, haalbaar is. Tydens die kursusse kan 'n sekere sillabus deurgewerk word met onder andere soveel praktiese werk as moontlik.

e) Kerkrade moet ook op die hart gedruk word dat hulle nie sommer lukraak in 'n gemeente iemand moet benoem om as kategeet op te tree nie. Kerkrade sal groot verantwoordelikheid aan die dag moet lê om net lidmate, wat daarvoor "kwalifiseer", aan te wys, met die voorneme dat hulle van die beskikbare skolingsgeleenthede gebruik sal maak om hulleself beter voor te berei vir die belangrike taak wat aan hulle opgedra is. In die Dordtse Leerreëls kom die volgende sinnetjie voor (Hoofstuk 3 & 4:17 – die laaste gedeelte): "Hoe gewilliger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word die weldaad wat God in ons werk, openbaar." Kerkrade sal na die volgende "eienskappe van 'n kategeet" in die lidmate wat oorweeg word, moet soek.

### 11.3.4.4 Kategete en hulle gawes

James Michael Lee (1985) en Jung Sook An (2001) toon aan dat die kategete oor die volgende bekwaamhede moet beskik:

a. **'n Kategeet moet 'n *godvrugtige lewe* lei, 'n lewe met 'n skoon gewete.**[176] Indien die kategete nie 'n godvrugtige lewe lei nie sal hulle nie in staat wees om die katkisante tot 'n godvrugtige lewe kan aanspoor en 'n voorbeeld wees nie. Kategete moet 'n innige en opregte verhouding met God hê om sukses in die katkisasieklas te kan behaal.

b. **Die kategete moet in staat wees om die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer met *gesag* te kan doen.** Dit kan alleen gedoen word indien die kategete self aktief en eerlik uit die Woord van God en in verhouding met die Drie-enige Verbondsgod lewe. Kinders word beïnvloed deur die lewenspatroon van die wat hulle onderrig en daarom

---

176 Dit is 'n waarheid wat in oorvloed in die Nuwe Testament geleer word bv. Hand. 24:16; Rom. 9:1; 2 Kor. 1:12; 2 Tim. 1:3; 1 Tim. 1:19; 1 Tim. 3:9.

moet die kategete se verhouding met God heg wees. Dan kan hulle onder leiding van die Heilige Gees die inhoud van die Woord met gesag bedien.

c. **Die lewe van die kategete moet *empatie* uitstraal.** Op hierdie wyse sal die kategete hulleself in die posisie van die kinders kan inleef en inspeel op die behoeftes van die kinders in hulle verskillende leeftydfases: "Competent teachers, being concerned for their children, are kind, gracious and considerate, never discourteous, blunt and tactless." (An, 2001:191.)

d. **Kategete moet belangrike *vaardighede* kan bemeester.** Die kategete moet die Bybel ken en die kennis van die Bybel vaardig en suksesvol aan die kinders kan oordra. 'n Kategeet moet dinamies wees, taalvaardig, geduldig, ordelik, nederig, opreg wees. Die kategeet moet voorbereid in die klas kom en "meester" wees van die leerinhoud. Die handleidings vir kategete in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is uitnemend geskik vir die kategeet om deeglik voor te berei.

e. **Die kategete moet *spontaan* en *eerlik* wees.** Dit beteken die kategeet moet nie optree asof hy vooraf vir die taak "geprogrammeer" is nie. Hy moet nie kop onderstebo uit die handleiding vir die kinders voorlees en van 'n stukkie papier af vir hulle vrae vra nie. Die leerinhoud van die les moet so deel geword het van die lewe van die kategeet dat hy die leerinhoud van die les spontaan en entoesiasties onderrigtend kan verkondig en verkondigend kan onderrig en leer.

f. **Die kategete moet *sensitief* wees vir die kinders se behoeftes en inspeel op hulle intieme oomblikke met God.**[177] Kategete wat lief is vir die kinders en die kinders weet en ervaar dit, kommunikeer by verre dieper en inniger met die kinders. 'n Kategeet moet sensitief wees vir die kinders se innerlike behoeftes.

g. **Die kategete se lewe en optrede moet getuig van *nederigheid*.**[178] Kategete moet onthou hulle is onvolmaak en feilbaar in hulle optrede. Hulle moet ook van hulle swakhede bewus wees in hulle verhouding met die kinders. Hulle is net maar slawe van Christus, dienskneate van die Allerhoogste.

h. **Twee fasette van 'n kategeet moet sigbaar wys: sy spiritualiteit en sy toewyding aan die saak van God.** Spiritualiteit verwys na die *geestelike lewe van die gelowige in sy verhouding*

---

177 Let op Jesus se sensitiwiteit (Mark. 4:33; Joh. 16:12). Ons lees ook van Paulus se sensitiwiteit (2 Kor. 2:4; Fil. 3:18; 2 Kor. 11:29).

178 Jesus is God (Joh. 1:1), Hy is Die Seun van God (Matt. 3:17), Hy is die Here van die here en die Koning van die konings (Openb. 17:14). Tog was Hy 'n Dienskneg (Fil. 2:7-8), Hy het gekom om in nederigheid te dien (Matt. 20:28; Mark. 10:45). Paulus was een van God se mees nederigste diensknegte (1 Kor. 11:1; Fil. 2:5-8; 1 Kor. 9:16). So moet die kategete ook wees (Ef. 4:2; Fil. 2:3-4; Kol. 3:12).

*tot God,* of *die beleweniskant of ervaringskant van die religie* (Oostenbrink en Lotter. 1999:369). Spiritualiteit is eintlik net 'n nuwe woord vir 'n ou en bekende eienskap van die Protestantse voorgeslag, "naamlik vroomheid, godvresendheid of godsvrug." (De Klerk, 2004:20.) Dit is eerbied vir God en die eerbied beïnvloed die lewe van die gelowige en kom in die praktiese lewe in 'n bepaalde lewenswyse tot uiting. "Dit gaan oor ons belewing van gemeenskap met God en ons diens aan God. Hierdie lewenswyse is daarop ingestel om God in alles te verheerlik. Ongelukkig het die mooi begrip "vroomheid" 'n negatiewe etiket ontvang asof 'n vroom mens oneg is in sy lewenswandel met God. Die moderne begrip spiritualiteit verwys meestal na die beleweniskant van godsdiens soos geloofsbelewing, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk. Spiritualiteit staan dus in die nouste verhouding met ons geloofslewe." (De Klerk, 2004:20.) Spiritualiteit wys dus ook na die *praktiese beoefening van godsdiens.* Anders geformuleer: *Spiritualiteit is 'n balans van innerlike vroomheid en die praktiese uitlewing daarvan, ook genoem die praxis pietatis.* Saamgevat is Gereformeerde spiritualiteit die manier waarop *gelowiges voor die aangesig van God, in gemeenskap met Hom en medegelowiges in hierdie wêreld lewe* (Oostenbrink en Lotter, 1999:379). Kategete moet op drieërlei wyse hulle spiritualiteit oefen (An, 2001:196): (a) die omgang met God se Woord, (b) gebed en (c) afhanklikheid van die Heilige Gees. Eerstens moet die kategeet op een of ander wyse die Bybel bestudeer, selfstandige Bybelstudie doen of saam met 'n Bybelstudiegroep. Tweedens sal die kategeet vir sy kategetiese werk bid en ook vir die kinders wat in die klas is. Derdens sal die kategeet volkome van die Heilige Gees afhanklik moet wees in die uitoefening van die kategetiese opdrag.

## 11.3 Pistologiese Perspektiewe[179]

Die pistologiese perspektiewe laat die lig val op die *leeruitkoms van die kategese* soos dit aan die kerk opgedra is uit die Woord van God. Die leeruitkoms van die kategese is *om die verbondskinders van die kerk deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die Woord van God te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.* Die genade in die verbond word aan die verbondskinders bedien vanuit die Woord van God en hulle word daardeur begelei tot geloof en bekering as antwoord op die verbondsbelofte van God. Die bediening van God se Woord is die instrument waardeur God die Heilige Gees geloof in die hart werk (Rom. 10:17). Op dit wat God in die verbond *beloof,* moet die verbondskinders antwoord met *geloof* en *bekering* dit beteken *heilsekerheid* en *heilstoe-eiening.* Gedoopte kinders het die belofte van God dat 'n ewige genadeverbond met hulle oprig en hulle tot

[179] **Pistologies** is die afgeleide byvoeglike naamwoord van πιστευω, om te glo (πιστός = geloof). word vekies eerder as die gebruiklike *pisties,* wat 'n wysgerige lading dra.

sy kinders en erfgename aangeneem is. Die verlossing in Jesus Christus is elke kind van God se *eiendomsreg*, maar dit moet deur toe-eiening hulle *eiendomsbesit* word. Dit beteken dat die erfenis in Jesus Christus vir die verbondskind nie net 'n saak van objektiewe kennis moet wees nie maar ook van subjektiewe belewing daarvan. Die leeruitkoms van die kategese is die werking, onderhouding en uitbouing van die geloof van die verbondskinders in wat beloof is in die verbond, sodat hulle tot gehoorsaamheid aan die verbondseis van God kan kom. Die genade in die verbond word aan die verbondskinders bedien vanuit die Woord van God en hulle word daardeur begelei tot geloof en bekering as antwoord op die verbondsbelofte van God.

## 11.4 Teosentriese Perspektiewe

Die **teosentriese perspektiewe** laat die lig val op God Drie-enig as die Opdraggewer ten opsigte van kategetiese onderrigleer. Dit is perspektiewe met betrekking tot die **subjek** van die kategese, ***ons Drie-enige Verbondsgod.***

Die Subjek van die kategese is die Drie-enige Verbondsgod. Die feit dat die Drie-enige Verbondsgod die Subjek is wat wedergeboorte en geloof gee, maak kategese anders as sekulêre onderwys waar opvoeders deur hulle leer en voorbeeld ("model") kultuur aan die jonger geslag oordra. As Subjek van die kategese, werk die Drie-enige Verbondsgod direk en onmiddellik deur sy Gees en Woord in die harte van die verbondskinders. Slegs wanneer God Drieënig self in die kategese teenwoordig is, kan daar sprake wees van suksesvolle kategese. In die kategese as verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging moet wat God **gee** (indikatief), wat God **wil** (paraklese) en wat God **beloof** (belofte) aan die verbondskinders bedien word. Die Drie-enige Verbondsgod is Subjek van die kategese omdat Hy sy verbondsvolk verkies, die verbond, waarby die kinders ook ingesluit is, met hulle oprig en die verbond vir hulle werklikheid maak in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Kategese is dus teosentriese onderrigleer en begeleiding (Spoelstra, 1990a:37). Kategese gaan van die Drie-enige Verbondsgod uit, dit het God as inhoud en trek verbondskinders na Hom toe (Joh. 6:37, Joh. 8:28, Joh. 15:15-16, Joh. 17:2-8). Omdat die Woord van God die middel is waardeur die Drie-enige Verbondsgod Homself openbaar, is dit leerinhoud vir die kategese. Die kategeet het met die Woord te doen, die openbaring van die Drie-enige Verbondsgod, wat Homself in die genadeverbond aan die verbondskinders bind en dit beseël met die doop. Omdat *genade* die vertrekpunt is, word daar altyd begin by wat God die Vader in sy Seun Jesus Christus en deur die Heilige Gees *gegee* het, naamlik die verlossing en vernuwing, soos wat die wet met sy beloftes en eise by Sinai voorafgegaan is deur die verlossing van Israel uit Egipteland (Van Wyk, 1989:91). Die *gawe* doen nie afbreuk aan die *belofte* nie, soos wat die *belofte* nie die *eis* van die Vader ophef nie. Daarom gaan dit nie in die eerste plek in die Bybel om "die feite" nie. Dit

gaan om die Godsopenbaring. Die vraag is telkens hoe God Homself in die gebeure wat in die Bybel opgeskryf is, openbaar. Die geskrewe Bybelse gebeure wil as't ware 'n metafoor wees wat vir die verbondskinders wil sê: só, soos die gebeurtenisse in die Bybel vertel word, is God ook in die geskiedenis van die verbondskinders teenwoordig (Deist, 1992:16). Dan vervolg Deist: "Feite is dinge wat deur die intellek beoordeel en geklassifiseer word. En as die intellek die 'feite' ongeloofwaardig vind, verwerp mense ook die geloof. Intussen gaan dit nie in die Bybel oor die ***is***-taal van die 'feite' nie, maar die ***soos***-taal van die metafoor."

## 11.5 Faseologiese Perspektiewe[180]

Die **faseologiese perspektiewe** laat die lig val op die ***verbondskinders*** wat in opdrag van God kategeties onderrig moet word. Faseologiese perspektiewe is afgelei uit die objek van die kategese, die *gedoopte verbondskind van God.* Dit blyk uit die handleidings wat vir kategete, katkisante en ouers geskryf is vir gebruik in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, dat daar wel deeglik met die leeftydfases van die kinders rekening gehou is. 'n Duidelike uiteensetting daarvan is nodig om dit vir die kategete beskikbaar te stel. Elke kategeet behoort riglyne te ontvang ten opsigte van die verskillende leeftydkenmerke van die kinders aan wie kategetiese onderrig gegee moet word. Die kategeet moet ten minste insig hê ten opsigte van die leeftydseienskappe van die klas met wie hy te doen het (Vgl. Hfs. 9). In hierdie opsig het die kategese te doen met die verbondskind in sy volle menswees en nie net met die verbondskind se verstand nie. Die verbondskind is na hoof, hart en hand betrokke in die kategese. *Godsdiens* het met die totale mens te make wat tot eer van God moet optree (Pred. 12:13; 1 Kor. 10:31; Kol. 3:17; 1 Pet. 4:11); derhalwe sal dit ook die uitgangspunt vir die kategese moet wees.

## 11.6 Didagonale Perspektiewe[181]

Die **didagonale perspektiewe** laat die lig val op die ***leerinhoud*** wat in opdrag van God deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die kategese aan die verbondsjeug bedien moet word. Vir die kategese is leerinhoude alles wat waardevol is om deur middel van onderrigleer aan die verbondskinders te onderrig en waaruit hulle moet leer, sodat hulle tot heilsekerheid en heilstoe-eiening kan kom. Kategese kan nie plaasvind sonder leerinhoude nie. Om te sorg dat die leerinhoude bydra daartoe dat die katkisante kom tot heilsekerheid en heilstoe-eiening

---

180 Faseologiese perspektiewe is afgelei uit die **objek** van die kategese. Die begrip *faseologies* dui op die wordingsgang van die kind (Olivier, 1985:257). Lombard (1999) dui die betekenis van die woord *faseologies* aan as dit wat in fases voorkom of verloop. *Faseologies* word dus gebruik in die betekenis van die verskillende fases waardeur die kind beweeg op weg na volwassenheid.

181 **Didagonale** is die afgeleide byvoeglike naamwoord van διδάχη wat die **leerinhoude** aandui. Derhalwe word didagonale eerder as didaktiese gekies. ***Didakties*** is 'n té omvattende woord om net op *leerinhoude* te dui.

moet daar eers 'n situasieanalise gemaak word van die kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daarna moet die doelstellings van die kategese geformuleer word soos dit aansluit by die situasieanalise. Daarop volg die seleksie van temas en leerinhoude waardeur die leeruitkoms van die kategese bereik kan word (Van der Merwe, 1999:228).

### 11.7.1 Die Bybel is Godsopenbaring

Die Bybel as leerinhoud vir die kategese kan nie gelykgestel word met byvoorbeeld wiskunde as leerinhoud vir die skoolonderrigleer, of rekeningkunde, geskiedenis, biologie of watter vak ook al nie. As leerinhoud vir die kategese, is die Bybel nie bloot maar net "leerinhoud" soos alle ander leerinhoude in didaktiese sin nie. Die Woord van God is in die eerste en in die laaste instansie **Godsopenbaring**. Die Bybelse leerinhoude is ***veritates revelatae***: *geopenbaarde waarhede.* Van groot betekenis vir die kategese is dat die Woord van God nie verstaan ***word*** nie, maar self die verstaan ***bewerk.*** Daarom is kategese nie bloot net onderrigleer van die leerinhoud in die Bybel nie, maar kategese is *verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging.* Die Bybel is *heilsnoodwendige* woordgebeure, maar terselfdertyd ook *mededeelbare* woordgebeure. Die Woord van God is die woordgebeure in Jesus Christus waarin God self aankom by die mens, Homself as Borg stel vir die mens se toekoms en so die menslike situasie as eskatologiese situasie kwalifiseer. Die Woord van God voeg nie iets by die kennis van die werklikheid nie. Die Woord van God maak ons nie bekend met 'n ekstra stuk werklikheid náás die werklikheid waarin ons leef en waarmee ons reeds vertroud is nie. Die Woord van God gee 'n ander lig waardeur ons die werklikheid op 'n nuwe wyse verstaan. Die mededeling van die geloofswoord word *verkondiging* (κηρύσσειν) genoem en die onderrigleer van die geloofswoord word *onderwys* (διδάσκειν) genoem.

### 11.7.2 Relevansie van die Woord van God

In die verkondiging (κηρύγμα) en die onderrigleer (διδάσκειν en μανθάνω) is die kerk aangewys op die Woord van God as Godsopenbaring. Die ***verkondigingskarakter*** van die Skrif mag in die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer uit die Skrif nie vergeet word nie. Die draagwydte en struktuur van die Woord van God as Godsopenbaring word in die lig van die leeruitkoms van kategese geïnterpreteer. Telkens moet die vraag beantwoord word hoe die verkondigende onderrigleer uit die Woord van God en die onderrigtende verkondiging van die Woord van God relevant kan wees vir die katkisante en dus sin kan maak vir hulle in die moderne tyd waarin hulle lewe. Hulle geloofsbelydenis moet kom tot geloofsbelewenis, tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. Omdat die Woord van God verkondiging is, vra dit geloof. Die belangrike waarheid daarvan is dat dit God is wat met die verbondskinders praat deur die Godsopenbaring. As

verkondiging van God en sy dade kan jy die Heilige Skrif slegs deur die geloof verstaan en speel menslike denke en menslike vermoë alleen nie 'n rol nie. Tog sal noukeurig daarop gelet moet word dat die gekose leerinhoude relevant is vir die verbondskinders aan wie dit onderrig en geleer word. Richards en Bretfeldt (1998:239) noem dat die relevansie van die leerinhoude uiters belangrik is: "People learn best when learning is relevant."

## 11.8 Metodologiese Perspektiewe

Die **metodologiese perspektiewe** laat die lig val op die ***metodes*** wat gebruik moet word in die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in opdrag van God aan die verbondsjeug.

### 11.8.1 Inleidend

As dit gaan om die metodes wat eie is aan die kategese, gaan dit om die ***hoe*** daarvan. Die vraag moet gevra word hoe die leerinhoude aan die verbondskinders oorgedra moet word. 'n Metode is 'n handelswyse of 'n werkswyse. Die metode is die pad waarlangs jy stap om die leerinhoude aan die kind oor te dra.

### 11.8.2 Verskillende metodes

Dit val nie binne die bestek van die tema om 'n indringende studie te maak ten opsigte van die metodes van die kategese nie. Derhalwe word volstaan met 'n verwysing na die verskillende metodes, soos dit in die beskikbare literatuur gevind word.

a. Die metode van kategese in die vroeg-Christelike kerk was niks anders nie as prediking, waartoe elkeen toegang gehad het. Die onderrigleer was homileties-verklarend en die metode word die analitiese metode genoem.

b. Gedurende die vroeë Middeleeue geskied die onderrigleer volgens die samespraakvorm in vraag-en-antwoord, die erotematiese metode genoem.

c. In die periode van die latere Middeleeue het die behoefte vanweë die opkoms van die skolastiek ontwikkel om die geloofswaarhede wetenskaplik te ondersoek en te formuleer en in 'n sisteem vas te vang. Dit het tot 'n nuwe metode gelei, te wete die logies-deduktiewe metode. Terselfdertyd het die intellektualisme gelei tot die dialektiese metode.

d. Die elfde eeu word beheers deur die skolasties-tematiese metode en die twaalfde eeu, wat die kenmerk van die nominalisme van Abelardus en Lombardus dra, het die nomisties-

moralistiese onderrigleermetode in die praktyk van onderrigleer ontwikkel. Die dertiende en veertiende eeu belewe die mistiek as reaksie teen die strenge skolastiek en die kategetiese metode van dikteer en memoriseer maak plek vir die mistieke metode van meditasie en kontemplasie.

e. Met die opkoms van die biegpraktyk moes die kinders 'n deeglike kennis van die hoofsondes hê en by die biegstoel is die sondes behandel aan die hand van die vraag-en-antwoord-metode. Die bieg het dus verloop as 'n erotematiese gesprek.

f. In die tydperk van die Renaissance en die oorheersing van die Humanisme was die metode wat Desiderius Erasmus geyk het die metode waartydens 'n handboek gebruik word met gesprekke daaruit.

g. Die Reformatore het nie in die besonder besin oor metodes vir onderrigleer nie, maar die verskyning van die aantal kategismusse toon aan dat die vraag-en-antwoord-metode algemeen gebruik is. Calvyn se eerste kategismus het die suiwer mededelende metode gevolg, terwyl die tweede kategismus na die vraag-en-antwoord-metode oorgeskakel het. Luther se metode word aangetoon as akroamaties-memoratief.

h. Met die Sinode van Dordtrecht (1618/1619) se besluit oor die opstel van die verskillende kategismusse, blyk dit dat met die vraag-en-antwoord-metode volstaan is.

i. Gedurende die sewentiende eeu ontstaan die litterale metode, waarvolgens die kategismus in alfabetiese kolomme ingedeel is, en ook die histories-teoretiese metode.

j. Vanweë die opkoms van die rasionalisme in die agtiende eeu word die dialektiese metode ontwikkel.

k. Gedurende die negentiende eeu is dit veral onder leiding van Herbart dat die assosiasiemetode ontwikkel word.

l. In die twintigste eeu ontstaan die aktiverende metode vanweë die Amerikaanse gewoontevormingsteorie wat die assosiasiemetode skerp teengestaan het. B. ter Haar ontwikkel die individuele werkmetode, terwyl die broers P. en J. Jonges die stilleesmetode in die praktyk toepas. In die dertigjare ontstaan ook die verslagmetode, die projekmetode en die globalisasiemetode. Gesteun deur die arbeidskool ten opsigte van die metodiek van godsdiensonderwys en onder invloed van die moderne opvoedkundig-psigologiese eise, kom die dramatiseringsmetode tot stand. Ander metodes wat ook in die literatuur genoem word, is

die heuristiese of probleemstellingsmetode, die projekmetode, die tetiese metode, die verslagmetode, die handboekmetode, die Bybelmetode, die probleemstellingsmetode, die konsentriese metode, die genetiese metode, die aanskouingsmetode, die akroamatiese of verhalende metode en die individuele werkmetode.

### 11.8.3 Die keuse van 'n metode

In hierdie studie is reeds vasgestel dat kategese plaasvind by wyse van onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer. Dit beteken dat die metode van die kategese aan die een kant die karakter dra van verkondiging (κερύσσω) en aan die ander kant van onderrig (διδάσκειν) en leer (μανθάνω). Gesamentlik dra hierdie twee kante van die metode 'n ***dialogiese karakter***. Dit is verkondig en luister; praat en saampraat, vra en antwoord, stelling en motivering, probleem en ontknoping, analise en sintese, uitleg en toepassing, herhaling en oefening, verduideliking en selfwerksaamheid, kennis en insig (wat afhanklik is van die rypingsgraad van die kinders), induksie en deduksie. Dit is onwys om die kategese in die keurslyf van 'n enkele metode vas te pen. As die vernaamste uitgangspunt is dat kategese verkondigende onderrigleer en onderrigtende verkondiging is, kan verskillende metodes gebruik word. Die klem moet egter val op die **verkondiging** in die onderrigleer. Daarby kan gebruik gemaak word van vraag en antwoord, assosiasie, aanskoulikheid, analise, gesprek, mededeling, aktivering, selfwerksaamheid, betrokkenheid ensovoorts. Die belangrikheid is dat daar deur die kategese met die leerinhoude ingewerk word op die verstand, gevoel en wil van die verbondskind. Die metode moet die opmerksaamheid en konsentrasie van die verbondskinders voed en 'n positiewe atmosfeer in die klas skep. Die metode wat in die kategese gebruik word, moet 'n ontmoeting bewerkstellig tussen God en verbondskind. Dit is ook so dat die aard van die leerinhoud bepalend sal wees vir die spesifieke vorm waarin dit aangebied word. Richards en Bredfeldt (1998:186) stel dat die keuse van 'n metode moet aan die hand van vier vrae geskied. (1) Eerstens moet die verbondskind se ouderdom en bevattingsvermoë in berekening gebring word. (2) Daarna moet gevra word wat die leeruitkoms van die les is. (3) Die derde vraag wat beantwoord moet word, is op watter stadium van die les gaan die metode gebruik word. (4) Laastens moet vasgestel word watter eksterne faktore die keuse van 'n metode kan beïnvloed, soos hulpmiddele wat die kategeet tot sy beskikking sal hê vir die aanbieding van die les, die beskikbare lokaal, die grootte van die klas ensovoorts.

Die metodiek van die kategese stel die volgende vereistes:

a. Die leerinhoud wat vir 'n besondere les georden en ingedeel moet word moet sodanig wees dat dit gemaklik, rustig en met sukses in die besondere lesperiode aangebied kan word. Daar

moet dus gewaak word dat die leerinhoud vir 'n les en selfs vir 'n besondere jaar nie te veel is nie.

b. Die ordening en indeling van die leerinhoude moet sodanig wees dat dit deurlopende hersiening moontlik maak. Alhoewel elke les met 'n eie tema en verkondigingsinhoud saamgestel word, moet die leerinhoude sodanig by mekaar inskakel dat dit metodies sinvol by wyse van verkondiging en onderrigleer bedien kan word.

c. Derhalwe moet die leerinhoud vir 'n jaar saamgebind wees deur 'n tema, terwyl elke les ook 'n afgeronde geheel moet vorm, alhoewel dit deel sal wees van 'n jaartema.

## 11.8 Praktykgerigte perspektiewe

Die **praktykgerigte perspektiewe** laat die lig val op die ***praktyk van die kategese*** wat 'n belangrike rol speel in die kategese as onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer. Die volgende perspektiewe word afgelei uit die **praktyk** van die kategese:

### 11.9.1 Die sake wat ter sprake is

Onder die praktyk van die kategese word die volgende verstaan: die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is en die **aantal lesse** wat per jaar beplan is; die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan; die **hulpmiddels** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte, skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.); die **aantal katkisante** in die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep en of een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is.

Die praktykgerigte kriteria sal nie van belang wees by die ***seleksie*** en ***ordening*** van die leerinhoude nie, maar speel wel 'n rol as dit kom by die ***indeling*** van leerinhoude in 'n aantal lesperiodes vir 'n jaar. Rekening sal dan gehou moet word met die eise wat die praktyk van die kategese stel, want die praktiese implementering en aanbieding van die leerinhoude sal beïnvloed word deur die praktyk van die kategese in die algemeen en in die besonder in elke gemeente.

### 11.9.2 Die eise wat die praktyk van die kategese stel

Die volgende is sake wat onder andere oorweeg sal moet word:

a. Die **tydsduur** wat vir elke les vasgestel is, sal bepaal hoeveel van die leerinhoude wat geselekteer en georden is ***ingedeel*** kan word vir 'n lesperiode.

b. Die **aantal lesse** wat per jaar beplan is vir kategetiese onderrigleer, sal 'n bepalende faktor wees by die ***indeling*** van die leerinhoud wat vir 'n jaar geselekteer en georden is.

c. Die **lokaal** wat beskikbaar is en die meubilering daarvan sal in gedagte gehou moet word by die ***indeling*** van leerinhoude vir 'n bepaalde les. Die lokaal of die gebrek aan 'n afsonderlike lokaal sal 'n invloed uitoefen op die manier waarop die katkisasiekinders aandag in die klas sal kan gee.

d. Die **hulpmiddels** wat tot beskikking van die kategeet is (muurkaarte, skryfbord of blaaibord, oorhoofse projektor, flitskaarte, modelle ens.) of in gevalle waar geen hulpmiddels beskikbaar is nie, sal bepalend wees vir die ***indeling*** van geselekteerde en geordende leerinhoude vir elke les.

e. Die **aantal katkisante** in die klas en of die klas net bestaan uit kinders van dieselfde jaargroep of as een of meer jaargroepe in een klas saamgevoeg is, sal 'n faktor wees as die ***indeling*** van leerinhoude wat geselekteer en georden is, gemaak word.

## 11.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is gefokus op die praktykteoretiese perspektiewe ten opsigte van die kategese en daar is bevind dat:

- Kategese verskil van skoolonderigleer, Godsdiensonderrigleer, Bybelkunde, Prediking en Geloofsopvoeding.
- Vanuit diakoniese hoek gesien is kategese amptelike diens wat aan die predikant opgedra is vanweë die dienskarakter van die kategese. Indien daar hulpdiens vir die predikant nodig is moet met groot versigtigheid keuses van lidmate gemaak word.
- Hulpkategete moet aan sekere vereistes voldoen om met die nodige vrug die diens te kan waarneem. Kerkrade sal op 'n gereëlde basis aandag moet skenk aan die opleiding, bekwaammaking en toerustig van broeders en susters wat as hulpkategete optree.
- Pistologiese, teosentriese, faseologiese en didagonale perspektiewe sal voortdurend verken moet word sodat die leeruitkoms van die kategese, naamlik heilsekerheid en heilstoe-eiening verwesenlik word.

- Ter bereiking van die leeruitkoms van die kategese sal vanuit metodologiese perspektief noukeurig gelet moet word op die metodes van onderrig sowel as praktykteoretiese sake soos lokale, hulpmiddels, tydsduur van die klasse ens.

HOOFSTUK 12

# KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD: SAMEVATTENDE KONKLUSIES

## HOOFSTUK 12

## KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD: *SAMEVATTENDE KONKLUSIES*


| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Inleidend | 439 |
| 12.2 | Resultate Empiriese Ondersoeke | 440 |
| 12.3 | Die verhouding tussen God en die mens | 440 |
| 12.4 | Die realisering van die heil in Jesus Christus | 441 |
| 12.4.1 | Die betrokkenheid van God Drie-enig | 441 |
| 12.4.2 | Heilsbeskikking, heilsverwerwing en heilsbediening | 442 |
| 12.4.3 | Die verseëling met die Heilige Gees | 442 |
| 12.4.4 | Heilstoesegging en heilstoe-eiening | 443 |
| 12.4.5 | Die verbondskinders is die ontvangers van die heil | 446 |
| 12.5 | Geloofsekerheid en heilsekerheid | 446 |
| 12.6 | Die gronde vir geloofs- en heilsekerheid | 447 |
| 12.6.1 | Betroubare beloftes van God | 447 |
| 12.6.2 | Die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees | 448 |
| 12.6.3 | Die gemeenskap en paraklesis van die gemeente | 448 |
| 12.6.4 | Geesteservaringe, vrugte, goeie werke, ondervindinge | 448 |
| 12.7 | Die verbondskind in perspektief van sy psigies funksionering | 448 |
| 12.8 | Die verbondskind in perspektief van sy leeftydfases | 449 |
| 12.9 | Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkraamwerk | 450 |
| 12.10 | Ten laaste | 451 |

**HOOFSTUK 12**

**KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD:**
***SAMEVATTENDE KONKLUSIES***

## 12.1 Inleidend

Die verhandeling het as fokuspunt: *Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk.* Die sentrale probleemstelling wat in die studie om 'n oplossing gevra het, is die wyse waarop die kategese as 'n middel kan dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening. Kategese is nie menslike inisiatief nie, maar dit is 'n opdrag van God aan die Kerk (Deutr. 6; Ps. 78; Matt. 29:19-20; Ef. 4:11-16; 2 Tim. 3:14-15). In die kategese moet die kerk die opdrag van God uitvoer deur die verbondskinders te onderrig uit God se Woord. Net soos in die prediking, is die kategese een van die verkondigingsgestaltes van die kerk en moet die Woord van God aan die verbondskinders bedien word.

In wese is kategese die onderrigtende verkondiging en die verkondigende onderrigleer van die Bybel, die openbaring van God, aan die verbondskinders van die Here. Kategese is, in opdrag van die Drie-enige Verbondsgod, amptelike diens van die kerk aan sy verbondskinders om hulle deur verkondiging van en onderrigleer in die Woord van God te bring tot geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsgehoorsaamheid sodat elkeen persoonlik en openlik belydenis van geloof kan doen. Die leeruitkoms van die kategese is deur die eeue op verskillende maniere geformuleer, maar oor die algemeen is die leeruitkoms gesien as die geloof van die verbondskinders en dan in die besonder geloofsekerheid, geloofsvolwassenheid en geloofsbelydenis. Dit blyk uit die navorsing vir hierdie studie dat daar ten opsigte van die leeruitkoms van die kategese 'n leemte is. Die kinders moet nie net gelei word tot ***geloof***sekerheid (certitudo fidei) en geloofsgehoorsaamheid nie, maar ook tot ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening. Omdat die verbond sy neerslag vind in die doop en die leeruitkoms van die kategese sigbaar word in die koninkryk van God, daarom moet oor die kategese gehandel word in die konteks van die verbond en die koninkryk van God.

## 12.2 Resultate Empiriese Ondersoeke

Uit die empiriese ondersoeke het dit geblyk dat alles geestelik nie wel is met die verbondsjeug van die kerk nie, veral nie na belydenisaflegging nie. Dit blyk dat die kinders nie ten volle die implikasies van hulle geloof begryp nie, want dit word nie sigbaar in hulle daaglikse lewe nie. Daar is empiriese getuienis dat die kerkjeug wel goed onderlê is in die sake wat die *objektiewe geloofskennis* betref, maar te kort skiet wat die saak van die *subjektiewe geloofsdade* betref. Die identifisering van hierdie probleem vra dat die saak van die leeruitkoms van die kategese weer onder die loep geneem word.

Ten opsigte van die formulering van die leeruitkoms van die kategese bevind hierdie studie aan dat daar 'n klemverskuiwing van ***geloof**sekerheid* en ***geloofs**belydenis* tot ***heil**sekerheid* en ***heil**stoe-eiening* moet kom. Vanuit hierdie nuwe perspektief is die sentrale probleemstelling wat ondersoek is die vraag na ***heil**sekerheid* en ***heil**stoe-eiening*. Onder **heil** word verstaan die groot heilshandele van God, waarvan die Skrif vol is. Dit gaan om die daad en die toestand van verlossing uit die kwaad. Die wese van die Ou en Nuwe Testament is die aankondiging dat God verlossing skenk. ***Heil*** is die redding wat voortvloei uit 'n versoende verhouding met God en die lewe binne hierdie versoende verhouding met God in en deur Jesus Christus. Die heil wat toege-eien word is dus alles wat die gelowige in Jesus Christus toegesê is. In die doopsformulier word daarna verwys as verduidelik word waarom die kind in die Naam van God die Heilige Gees gedoop word: Deur die doop "verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig, *deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe*".

Die grondvraag is: hoe kry die gelowige deel aan die verlossing (heil) wat Christus aan die kruis verwerf het, en op watter wyse, indien wel, kan die kategese as middel dien om dit te bereik? In die studie is gepoog om die vraag te beantwoord van hoe die kategese as middel gebruik kan word om die verbondskinders tot heilsekerheid en heilstoe-eiening te bring.

## 12.3 Die verhouding tussen God en die mens

Die volgende bevindinge is gemaak oor die verhouding tussen God en die mens:

a. Die verhouding tussen God en die mens is nie 'n polêre verhouding nie maar 'n apolêre verbondsverhouding. In hierdie apolêre verhouding met God is die verbond die vaste struktuur

waarbinne die apolêre verhouding gewortel is. Deur die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond is dit duidelik dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel.

b. Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof, bestaan spanningloos langs mekaar in die apolêre verbondsverhouding tussen God en mens en is nie teenstrydig nie.

c. Die grond van die vryspraak van die sonde is nie die geloof van die mens nie maar die soenlyde van Jesus Christus. Geloofsekerheid is derhalwe sekerheid van Jesus Christus, die Middelaar en die Verlosser en nie die sekerheid van die geloof nie. Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie maar word deur die Heilige Gees in die hart gewerk deur die verkondiging van die evangelie.

d. Binne die Gereformeerde teologiese tradisie het die standpunt tussen 'n objektivistiese opvatting van die heil aan die een kant en die subjektivistiese toe-eiening daarvan deur die geloof aan die anderkant beweeg. Dit raak die saak van die ***fides qua creditur*** en die ***fides quae creditur.***

e. Met die fides quae creditur word bedoel die *objektiewe geloofsinhoud* - die heilshistoriese. Daar was verkondigers van die standpunt dat dit in die kategese van die verbondskinders net om die objektiewe geloofsinhoud gaan en dat daar nie 'n appèl op die verbondskind was om ook iets te doen nie. Dit is die standpunt dat God alles doen en die mens niks.

f. Die fides qua creditur beteken die *subjektiewe geloofsdade,* naamlik die geloof wat die grond van jou belydenis is – dit is die heilsordelike. Daar was ook verkondigers van die standpunt dat van die verbondskinders ook aktiwiteite verwag word net opsigte van die realisering van die verlossing in hulle lewe. Daar rus dus 'n verantwoordelikheid op die verbondskind om aktief betrokke te wees by die realisering van die heil in die lewe van die verbondskind.

g. In die saak van die geloof gaan dit om beide die *fides quae,* dit wil sê die *objektiewe geloofsinhoud* en die *fides qua,* dit wil sê die *subjektiewe geloofsdade.*

## 12.4 Die realisering van die heil in Jesus Christus

### 12.4.1 Die betrokkenheid van God Drie-enig

Die tema van die studie omvat die **toepassing** van die uitverkiesende en die verlossende genade in die lewe van die verbondskinders. Dit is die verdere **uitwerk** van die verlossing van Jesus Christus totdat dit sigbaar word in die daaglikse lewe van die gelowige, onder die voortdurende leiding van die Heilige Gees. Die Christelike verlossing is nie anoniem nie maar bestaan nét in Jesus Christus,

die Seun van God. Daar moet vasgestel word hoe die verlossing in Jesus Christus, die enigste Verlosser en Saligmaker, die eiendom word van die verbondskinders van God. Deur die verkondigende onderrigleer en die onderrigtende verkondiging word die Drie-enige Verbondsgod aan die verbondskinders bedien. Dit gaan dus om die heil (verlossing) waaraan die mens deel moet kry.

### 12.4.2 Heilsbeskikking, heilsverwerwing en heilsbediening

Die aandag in die kategese moet gerig wees op die Drie-enige God want die hele saak in verband met die heil gaan die Drie-enige Verbondsgod aan. God die Heilige Gees wil *"tot ons eiendom maak wat ons in Christus he."*. Dit beteken dat die verlossing in die lewe van die kinders 'n werklikheid moet word. God realiseer die heil op 'n ordelike wyse in die lewe van sy uitverkore kinders. Die toe-eiening van die heil geskied teen die agtergrond van die *heilsbeskikking* as werk van God die Vader; die *heilsverwerwing* as werk van God die Seun en die *heilsbediening* as werk van God die Heilige Gees. Die eerste twee fases, die werk van God die Vader en die werk van God die Seun geskied buite die mens. Dat God die Vader die heil beskik staan vas en stewig in God se Raadsplan. Dat God die Seun, Jesus Christus, die heil aan die kruis vir God se kinders verwerf het, het buite die mens op Golgota plaasgevind. Die beskikking van die Vader en die verwerwing van die Seun moet nou in die lewe van die gelowige realiseer. Dit geskied deur die geloof. Die geloofsaktiwiteit van die mens word nie uitgedruk in die begrip beskikking of verwerwing nie maar deur die begrip **toe-eiening**. Die verwerwing en die toepassing van die heil kan nie van mekaar geskei word nie. Verwerwing kom voor toe-eiening, want die heil wat toege-eien moet word is *verworwe heil.* Die heil wat Christus deur sy soenlyde en dood verwerf het moet prakties deel word van die verbondskind se volledige lewe deur die geloof.

### 12.4.3 Die verseëling met die Heilige Gees

Die verseëling met die Heilige Gees is vir heilsekerheid en heilstoe-eiening onmisbaar. Salwing en verseëling is nie dieselfde saak nie. Salwing en verseëling is wel albei aktiwiteite van die Heilige Gees maar in wese is hulle verskillend met uiteenlopende vertrek- en doelpunte. Deur die salwing word jy deelgenoot van Christus. Die verseëling met die Heilige Gees dui aan dat die gelowige figuurlik deur God gemerk is omdat hy eiendom van God is. So het die gelowige dan voortdurende sekuriteit. Die daad van verseëling is onveranderlik, en dit gee die bevestiging dat die een wees met Christus steeds sal toeneem.

Die verseëling met die Heilige Gees is die aanduiding van die heil wat uit die ewigheid van die Vader se *verkiesende liefde*, óór die Golgota van die *versoenende liefde* van die Seun heen, vandag, hier en nou, in ons eie lewe 'n plek soek as die *verseëlende liefde* van die Heilige Gees wat deur ons ervaar word. Deur die verseëling word dit aan die gelowiges gesertifiseer dat hulle kindskap eg is want God self druk deur sy Heilige Gees gedurig sy stempel op hulle af en waarmerk hulle as God se kinders. Verseëling het verder die betekenis dat die gelowiges veilig bewaar sal word. Dit is die betekenis wat na vore kom in die saak van die verseëling met die Heilige Gees. Die Heilige Gees verseël, sertifiseer, bevestig dat die kindskap van die gelowige eg, waar is. God plaas die Heilige Gees as 'n seël op die gelowige waardeur as't ware op die gelowige geskrywe is: *oorspronklik, eg, waar*. Dis 'n uiters belangrike funksie wat die Heilige Gees hier verrig: om herhaaldelik die gelowiges in te prent dat hulle egte Christene is en nie nabootsers of mense wat nie kompleet is nie, asof daar nog iets moet bykom. Die Heilige Gees as onderpand/waarborg, wys na die afbetaling of eerste paaiement van die beloofde verlossing wat God in die harte van sy gelowige kinders gegee het. Die Heilige Gees waarborg dat God hulle gesalf en verseël het.

Die ***verseëling*** staan nie los van die ***geloof*** nie, maar is juis onlosmaaklik daarmee verbind. Daarmee maak ons die afleiding dat die verseëling met die Heilige Gees 'n werklikheid word, as jy tot geloof kom, op die geloof, of deur die geloof is God se kinders met die Heilige Gees verseël. Deur die geloof, toe hulle tot geloof gekom het, die oomblik toe hulle begin glo word hulle verseël met die Heilige Gees. In hierdie opsig is daar 'n *oorsaaklike verband*, dat die gepredikte, die-tot-klank-gekome-Woord van God wat ons *hoor*, as 'n ***medium dien om aan ons die verseëling met die Heilige Gees te skenk.*** Die kom tot die geloof en die verseëling met die Heilige Gees is ***koïnsidente*** gebeure, dit vind gelyktydig plaas. *Glo* en *verseël* moet beskou word as die twee kante van een en dieselfde saak. Die volgorde is: eers die kom tot die geloof en dan die verseëling met die Heilige Gees van die belofte.

### 12.4.4 Heilstoesegging en heilstoe-eiening

Die *heilstoesegging* en *heilstoe-eiening* is as deel van die heilsbediening, die werk van God die Heilige Gees in die gelowige. Onder heilstoesegging word verstaan God se belofte en onder heilstoe-eiening word verstaan die deelagtigmaking van die belofte. *God se heil is die gelowige **toegesê***. Die heil word 'n werklikheid in die lewe van die mens deur middel van die geloof wat God die Heilige Gees in sy hart werk as die *Heilsbedienaar*.

Die genade maak nie van die gelowiges passiewe, lydelike mense nie maar dit maak aktiewe mense wat die Here dien. Die deelagtigwording van die belofte in die verbond vind plaas deur geloof en bekering. Die (ver)bondelinge moet tot persoonlike deelagtigwording kom van wat objektief in die verbond belowe is. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbonds*beloftes* en die dringendheid van die verbonds*eise* onderrigtend verkondig word. Die feit dat Christus die heil verwerf en die Heilige Gees die heil toepas beteken nie dat die mens in hierdie saak uitgeskakel word nie. Die realisering daarvan geskied deur die geloof. Geloof is die afsien van elke menslike prestasie om voor God te kan bestaan en verlos te word. Geloof is prysgawe van menslike selfversekerdheid in Joodse en heidense sin en die volledige aanvaarding van die gekruisigde en opgestane Christus in Wie die heilsekerheid lê.

Tog moet die mens glo. *Die geloof word nie buite die beslissing van die mens om gewerk nie, maar dit is juis die krag van die evangelie, waarin Christus as die gekruisigde afgeskilder word, wat die mens tot die geloofsbeslissing bring.* Die Gees skep deur die Woord juis die moontlikheid dat die menslike subjek weer voluit kan funksioneer in vryheid en verantwoordelikheid. Anders sou die vele imperatiewe in die Nuwe Testament in geheel onbegryplik wees. Die oproep tot geloof en bekering bring die Woord van God na vore as die middel waardeur die Heilige Gees die geloof werk. Deur die geloof waartoe die mens gebring word, word hy by Jesus Christus ingelyf (Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, Vraag 20[182]). Die geloof word deur die Heilige Gees in die mens se hart gewerk deur die prediking van die Woord (Heidelbergse Kategismus, Sondag 25, Vraag 65[183]). In die kategese word deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer die inhoud van die Heilige Skrif aan die verbondskinders bedien. Die verbondsverhouding roep die bondeling van God se kant tot heilstoe-eiening deur die geloof. Die eis van geloof en bekering word nie weggeneem nie maar dit is nie kondisies vir die verbond nie. Dit beteken dat die bondelinge met God se verbonds*beloftes* en verbonds*eise* persoonlik werksaam moet word om te kom tot die waaragtige belewing van die genadeverbond, tot heilstoe-eiening. Die bondelinge moet tot persoonlike deelagtigwording van wat objektief in die verbond belowe is kom. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes en die dringendheid van die verbondseise verkondig word.

182 20. *Vraag:* Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?
*Antwoord:* Nee; maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem.

183 65. *Vraag:* Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?
*Antwoord:* Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

Die heilstoe-eiening vind in die hart plaas, nie deur die toedoen van die mens nie, maar dit is die werking van die Heilige Gees deur die Woord van God. Die aanvaarding en toe-eiening is dus nie 'n vrye keuse van die menslike wil nie, maar dit word deur God gewerk, deur sy Woord en Gees.

God bedien Hom van die amptelike kategese as middel om deur die werking van Gees en Woord die verbondskinders van sy keuse tot geloof en bekering en tot heilstoe-eiening te bring. Heilstoe-eiening is geesteswerk deur middel van die Woord. Die belofte van die Gees gaan aan die gelowige aanvaarding van die verbond, die verbondsinwilliging of heilstoe-eiening vooraf, en bewerk dit. Die belofte van God se Gees en Woord word hier weer tot in ewigheid toe aan die bondeling toegesê. Die belofte van die genadeverbond: vergewing van sondes en die ewige lewe is in Christus se verdienste. Die eis van die genadeverbond is geloof en bekering. As die eis nagekom word, word die gelowige die belofte persoonlik deelagtig. Die *beloof* van God roep tot die *geloof* van die mens. Deur middel van die Gees en die Woord lei God tot die geloof wat as gawe in die hart van die uitverkorenes plaasvind. Die Heilige Gees gaan nie op 'n buite-bybelse wyse sekerheid in die oor fluister of 'n spesiale openbaring gee nie. Die Heilige Gees bring jou so dig by die Woord van God dat jy inderdaad dig by God is. Jy word na God toe gelei. Dit is die enigste weg. Die Heilige Gees werk in die hart van die mens. Hy open die hart vir die Woord van God en Hy open die Woord van God vir ons hart. Hy pas die Woord van God in die hart van die mens toe. Daarmee gaan die Heilige Gees nie hier en daar 'n teks uit die Gods Woord neem om 'n vonk in die hart te laat ontspring nie. Die mens moet buig voor die héle Woord van God en gehoorsaam word aan die héle Woord van God. So word jy al meer en meer oortuig dat die Woord van God die volle waarheid is.

Dis nie die *feite* van die Bybelse leerinhoude wat so belangrik is nie, maar die volgende:

- Die goddelike *werklikheidsdimensie* wat deur die Bybelse leerinhoude ontsluit word is die belangrikste.
- Die *lewensmoontlikhede* wat uit die **ontmoeting met God** ontstaan is van groot waarde. Wat is gevolg van die konsekwente feite-benadering?
- Op die lang duur wil mense die Bybel "feitelik", soos een of ander akademiese handboek, lees en ken.
- Hulle wil godsdiens bloot ***intellektueel*** beleef. Wat het gebeur dan?
- Die besef van die groter werklikheid wat *spontaan* by verbondskinders ontstaan (vgl. 6-9 jaar se eienskappe) word versmoor en daarmee saam ook hulle **besef** en **belewenis** van God.

### 12.4.5 Die verbondskinders is die ontvangers van die heil

Omdat die mens ook subjek is van die heilstoe-eiening kom daar persoonlike faktore by wat in die toe-eiening van die heil 'n rol speel. By heilstoe-eiening kan die persoonlikheid- en temperamentsverskille nie geïgnoreer word nie. Dat die gelowige homself die heil toe-eien is die mees geestelike werksaamheid wat daar is. Dit verskil in wese van die werk van Christus en die van die Gees. Dit is die verbondskinders in wie die Heilige Gees sy heilstoe-eienende werk doen. Hulle is die ontvangers van die heil. Die verbondskind is ook subjek maar nie op dieselfde manier as wat die Heilige Gees Subjek is nie. Hulle glo, hulle bekeer hulle, hulle leer amen sê en die heil aanvaar, hulle leer om hulle skuld te bely, hulle leer om te hoop, hulle aanbid en verwag, hulle verheug hulle en leef in toekomsverwagting. Met al die werkwoorde word die verbondskind se werksaamhede, se geloofsaktiwiteite omskryf, waarvan hulle die subjekte is. Persoonlike faktore speel dus by die toe-eiening van die heil 'n rol.

## 12.5 Geloofsekerheid en heilsekerheid

***Geloofsekerheid*** het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens. Dit is die sekerheid wat jy het van die geloofswaarhede in die Woord van God.

***Heilsekerheid*** het betrekking op die *subjektiewe geloofsdade* van die gelowige. Dit is die oortuiging dat jy persoonlik in die heil, die verlossing in Jesus Christus, deel en uit daardie sekerheid lewe –"As julle hierdie dinge weet (οἴδατε), salig is julle as julle dit doen (ποιῆτε)" (Joh. 13:17)[184]. Die heilsekerheid is die sekerheid van deel hê aan Christus en aan alle heil wat Hy vir die mens verwerf het.

- **Geloofsekerheid** (certitudo fidei) het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens en vra nie na die praktiese toepassing daarvan nie.
- **Heilsekerheid** (certitudo salutis) het betrekking op die *subjektiewe deel* in die heil van die Here en vra na die praktiese toepassing daarvan.

Heilsekerheid kan nader bepaal word as 'n sekerheid van die vergewing van sondes, die vernuwing van die lewe, die gemeenskap met God, die kindskap van God, die verkiesing, die volharding en die ewige lewe. Heilsekerheid is die sekerheid aangaande die ***werklikheid*** en ***egtheid van die geloof.***

---

[184] (vgl. Ook Gen. 6:22; Eks. 40:16; Ps. 119:1-5; Eseg. 36:27; Matt. 7:24-25; Matt. 12:50; Luk. 12:47-48; Joh. 15:14; Gal. 5:6; Hebr. 11:7-8; Jak. 1:25; Jak. 2:20-24; Jak. 4:17; Openb. 22:14).

Weliswaar is geloof 'n gawe van die Heilige Gees, maar dit beteken nog nie dat ek daarom op my geloof mag vertrou nie. Goeie werke is, as vrug van die Gees, tog ook gawes van God, maar daaruit volg nie dat ek op my goeie werke mag vertrou nie. Wie op sy goeie werke of op sy geloof vertrou, al is dit gawes van God, vertrou op homself.

Hierdie waarheid het praktiese betekenis vir die kategese wat nie geïgnoreer kan word nie. Dit gaan veral by die ondersoek van verbondskinders wat aansoek doen om belydenis van geloof af te lê. Verbondskinders kan met groot vrymoedigheid en sekerheid bely dat hulle die belydenis van die kerk soos gefundeer in die Woord van God aanvaar en op grond van hierdie belydenis as geloofsryp geag word om belydenis van geloof af te lê. In hierdie geval word in die praktyk geoordeel op grond van die *objektiewe geloofsinhoud*, die fides quae creditur, die geloofskennis waarvan die katkisant dalk baie goed rekenskap kan gee terwyl daar nie gelet word op die *subjektiewe geloofsdade* nie.

Daar is ook 'n ander faset in hierdie saak. Dit is die moontlikheid dat die fides qua creditur, die subjektiewe geloofsdade, los staan van die fides quae creditur, die objektiewe geloofsinhoud. Dan word die voorbeeldige lewenswyse van 'n katkisant verkeerdelik gesien as geloofswerke, terwyl die katkisant bloot 'n oppervlakkige, 'n algemeen geldende, humanistiese en eksistensiële beginselraamwerk gebruik om 'n 'vroom en goeie' lewe te vertoon. Dit beteken dus dat die lewe van die kind nie gewortel is in God en sy Woord nie. Die uitkoms van die kategese moet dus nie vassteek by geloofsekerheid nie, maar moet verder deurdring na die heilsekerheid, wat in lewensdade sigbaar word.

*Geloof is vanuit hierdie hoek gesien 'n aktiwiteit van die mens. Met geloof in die hart doen die mens iets. Sy doen word gerig deur die geloofsinhoud wat hy besit. Daarby is geloof 'n persoonlike saak. Geloof is aan die een kant objektiewe geloofskennis en aan die ander kant is geloof subjektiewe geloofsdade. Die objektiewe geloofsinhoud lê buite die mens in die Woord van God waaruit die mens dit verkry. Die subjektiewe geloofsdade lê in die mens as 'n reaksie op die geloofsinhoud. die antwoord wat bestaan uit geloof en bekering.*

## 12.6 Die gronde vir geloofs- en heilsekerheid

### 12.6.1 Betroubare beloftes van God

*Die eerste grond van heilsekerheid* is die betroubare beloftes van God. Die beloftes omvat die heil in sy geheel, besonderlik die kindskap, die vergewing van sondes, die ewige lewe en die gawes van die

Heilige Gees soos dit in die doop sigbaar afgebeeld word. Die beloftes word aan die mens bekend gemaak in die Heilige Skrif, en die amptelike bediening van die Woord in al sy vorme en die sakramente.

### 12.6.2 Die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees

*Die tweede grond van heilsekerheid* is die onmiddellike getuienis van die Heilige Gees waarmee Hy die geloof beseël en versterk. Die Heilige Gees getuig met ons (getuiende) gees dat ons kinders van God is. Die Heilige Gees is die seël op die aanwesige geloof, onderpand van die toekomstige erfenis, eerste betaling van en eersteling van die beloofde skat.

### 12.6.3 Die gemeenskap en paraklesis van die gemeente.

*Die derde (newe)grond van heilsekerheid* berus op die gemeenskap en paraklesis van die gemeente. Die kerk as *institusioneel-amptelike gemeenskap* is 'n geloof- en sekerheid-funderende medium in die hand van God.

### 12.6.4 Geesteservaringe, vrugte, goeie werke, ondervindinge

*Die vierde, indirekte (newe)grond van heilsekerheid* is die geesteservarings, vrugte, goeie werke en ondervindinge van gelowiges in hierdie wêreld. Die *goeie vrugte* (werke) maak bekend wie innerlik goed is (die gesonde boom). Die slegte vrugte (werke) maak bekend wie innerlik sleg is (die siek boom). In hierdie lyn lê die aansporing om geestelik ryk te wees in goeie werke as goeie grondslag vir die ewige toekoms.

## 12.7 Die verbondskind in perspektief van sy psigiese funksionering

Kategese wat net gerig is op die kognitiewe en nie rekening hou met die affektiewe, normatiewe, konatiewe en die religieuse potensiaal van die verbondskind nie, is nutteloos. Kategese is ook irrelevant as dit nie rekening hou met die religieuse werklikhede van die lewe wat aktualiteit en lewensrelevansie betref nie. Kinders moet God self ontdek en die volwassene is slegs die tussenganger of medium waardeur God die kind bereik. Die Woord van God is die enigste middel waardeur die kind God kan ontdek. Die volwassene moet slegs die Woord van God aan die kind deurgee sodat die kind God kan ontdek. Verbondskinders word opgevoed en voorberei om hulle plek, op watter terrein van die lewe ook al, in te neem.

In hierdie fase van ontwikkeling sal die verbondstiener van die kategeet veel geduld, takt en goeie oordeel verg. Daarom is dit noodsaaklik dat die besondere uitstaande eienskappe wat die verbondskind in hierdie lewensfase beleef, in ag geneem moet word in die praktyk van die kategese. Die volgende gedagtes kan dien as riglyn vir die praktyk van die kategese aan die tiener.

- Die liefde en genade van God moet in die kategetiese leerinhoude baie sterk beklemtoon word, omdat die verbondskind 'n diepe hunkering en verlange daarna het.
- Die verbindingslyne tussen Godsopenbaring, belydenis van die kerk, kerkgeskiedenis en die praktiese lewe moet baie aandag en beklemtoning ontvang.
- Die leerinhoude van die kategetiese onderrigleer moet vir die kind *"lewe"* en nie iets bly uit die verre verlede nie. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is in die gunstige posisie dat die handleidings wat vir kategese beskikbaar is, riglyne gee vir die subjektiewe toepassing van die Skrifwaarhede in die lewe van die verbondskinders. Die aanbieding van elke les deur die kategete kan egter 'n probleem wees omdat die kategete in die onderrigleer moontlik sal voortgaan om die lesse aan te bied soos dit in die verlede die gebruik was, naamlik die oorbeklemtoning van die kennis (fides quae creditur).
- Dit het veral ten opsigte van die tieners 'n negatiewe uitwerking omdat die verbondskind homself nie kan "ontdek" en ook sy eie lewe kan orden in die lig van die Skrif nie. Die leerinhoude moet sodanig aangebied word dat dit deel kan word van sy praktiese lewe.
- Norme en waardes moet baie sterk beklemtoon word.
- Die regte verhouding tussen wet en evangelie moet beklemtoon word.
- Die uitnodigende van die godsdiens moet beklemtoon word, sonder om die regte verhouding tussen genade en oordeel, verkiesing en verantwoordelikheid te vermy.
- Kategetiese leerinhoude moet rustig en sistematies behandel word en argumente moet oortuigend en Bybelgefundeerd wees.
- Herhaling van die hooflyne van die leerinhoude is noodsaaklik, sodat insig in die Bybel verbreed kan word.

## 12.8 Die verbondskind in perspektief van sy leeftydfases

Dit is noodsaaklik dat in die kategese rekening gehou word met die ontwikkelingsfases van die verbondskind in die katkisasieklasse. Indien net rekening gehou word met die kognitiewe en nie ook met die affektiewe, normatiewe en konatiewe nie, is die aktiwiteite in die kategese nutteloos. Die kategese sal ook irrelevant wees as dit nie rekening hou met die religieuse werklikhede van elke kind in sy besondere leeftydfase nie, wat aktualiteit en lewensrelevansie betref nie. Kinders moet God self

ontmoet en die volwassene is slegs die tussenganger of medium waardeur God die kind bereik. Die Woord van God is die enigste middel waardeur die kind God kan ontmoet. Die volwassene moet slegs die Woord van God aan die kind deurgee sodat God Hom aan die kind kan openbaar. Terselfdertyd word die verbondskinders opgevoed en voorberei om hulle plek, op watter terrein van die lewe ook al as God se kind in te neem.

Elke ontwikkelingsfase van die kind stel sy eie vereistes vir die onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer van God se Word aan hom. So byvoorbeeld is Godsdiens-opvoedkundiges uit die Gereformeerd-Calvinistiese sfeer van mening dat die kind teen die einde van graad 4 reeds die ontwikkeling van die Bybelse geskiedenis in hoofsaak behoort te ken. Met die oog op heilsekerheid en heilstoe-eiening moet nie net by die geskiedkundige feite in hulle onderlinge verband gebly word nie, maar die Goddelike waarhede moet in alles met die oog op die geloofslewe van die kind uitgelig en beklemtoon word in hulle praktiese verband. Die kinders moet leer hoe om in hulle daaglikse lewe te antwoord op wat uit God se Woord aan hulle bedien word. Hulle geloofsbelydenis moet kom tot geloofsbelewenis.

Op die geskikste tyd moet 'n grondige en egte kennis uit God se Woord in die kind opgebou word sodat in die kind goeie, mooi en sedelike karaktergewoontes en maniere vasgelê kan word uit veral die Skrifgedeeltes wat sy lewe aanspreek. In elke lewensfase stel die verbondskind 'n sekere *waarom*-vraag in sy soeke na antwoorde op aktuele lewensvraagstukke. Aan die hand van die leeftydfase waarin die verbondskind verkeer moet aandag geskenk word aan die vrae en probleme in die lig van die kind se veranderde lewens- en wêreldbeskouing.

Uit die bevindinge van hoofstuk 9 is dit duidelik dat die kategese met volle erns die leeftydfases van die kind in berekening moet bring in die praktyk van die kategese.

## 12.9 Die verbondskind in perspektief van die teenswoordige denkraamwerk

In die bevindinge van hoofstuk 9 is tot die slotsom gekom dat elke mens leef teen die agtergrond van 'n sekere denkraamwerk (paradigma, ideologie, lewens- en wêreldbeskouing). Dit is 'n denkwyse wat tipies kan wees vir elke land of elke volk of elke tydperk in die geskiedenis. 'n Denkraamwerk of 'n ideologie kan ook wêreldwyd sy invloed laat geld. Hierby moet onthou word dat die beskrywing van 'n denkraamwerk 'n abstraksie is. Niemand tree altyd geheel en al op volgens die denkpatrone wat beskryf word nie. Dit maak die abstraksie egter nie ongeldig nie. Die raamwerk is onmiskenbaar daar; dit lê in die lyne van die geskiedenis. Die verbondskinders in die kategese moet

noodwendig dus gesien word teen die agtergrond van die heersende de nkraamwerk. Om die Woord van God suksesvol onderrigtend te verkondig en verkondigend te onderrig en te leer is dit noodsaaklik om die denkraamwerk van die kinders in die kerk te ken. Vandag is dit die postmodernisme wat die gees van ons tyd beheers. Daar moet in ag geneem word dat die postmoderne tydsgees op sekere lewensterreine 'n groter invloed het as op ander. Die postmodernisme laat sy invloed geld op feitlik elke terrein van die lewe, ook op die terrein van die godsdiens en teologie. Maar die konsekwensies daarvan vir die godsdiens en die teologie gaan straks verder as op die meeste ander terreine. Die bevindinge ten opsigte van die postmodernisme vir die kategese soos dit in hoofstuk 9 geformuleer is, moet in gedagte gehou word in die praktyk van die kategese.

## 12.10 Ten laaste

Hiermee is die doel bereik wat in die studie in die vooruitsig gestel is, naamlik: *kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk.* Die sentrale probleemstelling wat in die studie om 'n oplossing gevra het, is die wyse waarop die kategese as 'n middel kan dien om die verbondskinders te lei tot heilsekerheid en heilstoe-eiening.

- ***Basisteoreties*** is die belangrikste fasette grondig bestudeer en is sekere konklusies bereik wat bygedra het tot die oplossing van die sentrale probleemstelling.
- ***Metateoreties*** is perspektiewe geformuleer wat verband hou met inter-dissiplinêre koppeling tussen die Praktiese Teologie en Kinderpsigologie en Didaktiek.
- ***Praktykteoreties*** is die sentrale probleemstelling teoreties beskrywe van hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer.

**OPSOMMING**
**SUMMARY**

# OPSOMMING

## Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die Koninkryk van God

Die probleemstelling in die studie hou verband met die waarneming dat alles geestelik nie wel is met die verbondsjeug van die kerk nie. Dit blyk dat die kinders nie ten volle die implikasies van hulle geloofbelydenis begryp nie, want dit word nie sigbaar in hulle daaglikse lewe nie. Daar is empiriese getuienis dat die kerkjeug wel goed onderlê is in die *objektiewe geloofskennis* maar te kort skiet wat die *subjektiewe geloofsdade* betref. Die aanname is gemaak dat die kategete nie altyd voldoende toegerus is om die balans tussen die *objektiewe geloofskennis* en die *subjektiewe geloofsdade* in die kategese toe te pas nie. Die verhandeling het as fokuspunt: *Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk.* Die grondvraag is: hoe kry die gelowige deel aan die verlossing (heil) wat Christus aan die kruis verwerf het, en op watter wyse die kategese as middel dien om dit te bereik.

Wesenlik is kategese amptelike diens van die kerk aan sy verbondskinders om hulle deur onderrigtende verkondiging en verkondigende onderrigleer in die Woord van God te bring tot heilsekerheid en heilstoe-eiening sodat elkeen persoonlik en openlik belydenis van geloof kan doen. Die kinders moet nie net gelei word tot ***geloof***sekerheid (certitudo fidei) en geloofsgehoorsaamheid nie, maar ook tot ***heil***sekerheid (certitudo salutis) en ***heil***stoe-eiening.

Die verhouding tussen God en die mens is nie 'n polêre nie maar 'n apolêre verbondsverhouding. In hierdie apolêre verhouding met God is die verbond die vaste struktuur waarbinne die verhouding gewortel is. Die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond wys dat God die mens as verantwoordelike (ver)bondgenoot behandel. Goddelike vrymag of objektiewe heil en die menslike verantwoordelikheid of die subjektiewe geloof, staan spanningloos langs mekaar in die apolêre verbondsverhouding tussen God en mens en is nie teenstrydig nie. Daarom is dit duidelik dat die mens moet glo. *Die geloof word nie buite die beslissing van die mens om gewerk nie, maar dit is juis die krag van die evangelie, waarin Christus as die gekruisigde afgeskilder word, wat die mens tot die geloofsbeslissing bring.* Die genade maak nie van die gelowiges passiewe, lydelike mense nie maar aktiewe mense wat die Here dien. Die eis van geloof en bekering word nie weggeneem nie maar dit is nie kondisies vir die verbond nie. Dit beteken dat die bondelinge met God se verbonds*beloftes* en verbonds*eise* persoonlik werksaam moet word om te kom tot die waaragtige

belewing van die genadeverbond deur heilstoe-eiening (ook genoem verbondsinwilliging). Die bondelinge moet tot persoonlike deelagtigwording van wat objektief in die verbond belowe is kom. Uit die Woord van God moet vir die kinders die werklikheid van die verbondsbeloftes en die dringendheid van die verbondseise verkondig word. ***Geloofsekerheid*** het betrekking op die *objektiewe waarheid* van die godsdiens. Dit is die sekerheid wat jy het van die geloofswaarhede in die Woord van God. ***Heilsekerheid*** het betrekking op die *subjektiewe geloofsdade* van die gelowige. Dit is die oortuiging dat jy persoonlik in die heil, die verlossing in Jesus Christus, deel en uit daardie sekerheid lewe. Die heilsekerheid is die sekerheid van deel hê aan Christus en aan alle heil wat Hy vir die mens verwerf het.

# SUMMARY

## Catechises as a means through which salvation is secured and appropriated within the context of the covenant and the Kingdom of God

The observation is made that the spiritual well being of the church youth – i.e. the covenantal youth – is not healthy. The aim of this thesis is to study this observation. It seems that when children come to the point that they confess their faith they do not grasp the full implications of this undertaking as they do not bear the fruits of faith in their daily lives. There exists emperic evidence that the church youth are well equipped in the *knowledge of faith*, but when it comes to *subjective acts of faith*, there is a great lack. The assumption is made that the catechist is not always sufficiently equipped to apply the balance between *knowledge of faith* and *subjective acts of faith* in catechises. The focus point of the study is: Catechises as a means through which salvation is secured and appropriated within the context of the covenant and the Kingdom of God. The fundamental question at stake is: How does the believer share in the salvation that Christ has earned on the cross, and in which way can the catechises serves as a vehicle to achieve this goal.

Essentially catechises is the official service of the church through which children of the covenant are assured of their salvation. They must also come to the point where they claim this redemption. The church obtains this objective by proclaiming the truths and instructing the doctrines of the Word of God to these children in such a way that each individual should come to confess his/her faith publicly and personally. Catechists must shepherd and guide these children not only to obtain certainty of faith (certitudo fidei) and to be obedient as believers, but also to be convinced of their salvation (certitudo salutis) and to make this redemption their own.

The unity between God and man is not a polar one, but an apolar covenantal relation. Within this polar relation the covenant is like a solid foundation in which this oneness is rooted. The monopleuric (one-sided, unilateral) and dipleuric (two-sided, bilateral) character of the covenant proves that God treats man as a responsible associate in this treaty. God's sovereignty or objective salvation, on the one hand, and human responsibility or subjective faith, on the other hand, coexists without any strain or uneasiness whatsoever within this apolar covenantal connection between God and man. There is no contradiction between God's redemptive word and man's responsibility. It is

therefore compulsory for man to believe; *that man has faith is not something that takes place without his decision. However, it is through the power of the gospel that faith is created in man – the gospel that Christ was crucified.* The grace of God does not cause the believer to be a passive being; it has the effect that he is in active service of the Lord. The requirement to believe and to repent is not set aside; in fact, it remains a condition of the covenant. This means that, in the relation between God and His people, the promises and the demands of the covenant must be operative and active in the personal lives of the people of the covenant. The purpose of this exercise is that the believers will be able to experience the grace of the promises of the covenant as a reality. There is also a call at the address of these people to appropriate the salvation promised in the covenant. The children of the covenant must share in the promises of the pact on a personal basis. The reality of these promises, as well as the urgency of the demands – according to the gospel of God – must be proclaimed to the catechumens. There is a close relationship between certainty of faith and the objective truths of religion. This certainty is built on the truths that form the content of the Word of God. Certainty of salvation links up with the subjective acts of faith. A believer takes part on a personal level in the redemptive work of Christ. The fact that he is saved, through this redemption, forms the foundation of the Christian's life.

**Internetsoektog : sleutelwoorde**

AFRIKAANS

**KATEGESE AS MIDDEL TOT HEILSEKERHEID EN HEILSTOE-EIENING IN KONTEKS VAN DIE VERBOND EN DIE KONINKRYK VAN GOD**

GELOOFSEKERHEID
GODDELIKE GENADE
HEILSEKERHEID
HEILSHISTORIESE
HEILSORDELIKE
HEILSTOE-EIENING
HULPKATEGEET
KATEGEET
KATEGESE
KATEGETIEK
KONINKRYK VAN GOD
MENSLIKE VERANTWOORDELIKHEID
OBJEKTIEWE HEIL
REALISERING VAN DIE HEIL
SUBJEKTIEWE GELOOF
VERBOND VAN GOD
VERSEËLING VAN DIE HEIL

ENGELS.

**CATECHESIS AS A MEANS THROUGH WHICH SALVATION IS SECURED AND APPROPRIATED WITHIN THE CONTEXT OF THE COVENANT AND THE KINGDOM OF GOD**

CERTAINTY OF FAITH
GRACE OF GOD
CERTAINTY OF SALVATION
SALVATION HISTORY
APPROBATION OF SALVATION
CATECHIST ASSISTANT
CATECHIST
CATECHESIS
CATECHETICS
KINGDOM OF GOD
HUMAN RESPONSIBILITY
OBJECTIVE SALVATION
REALISATION OF SALVATION
SUBJECTIVE FAITH
COVENANT OF GOD
SEALING OF SALVATION

## Onderwerpe vir verdere studie

Namate die studie oor die: *Kategese as middel tot heilsekerheid en heilstoe-eiening in konteks van die verbond en die koninkryk* gevorder het, het dit duidelik geword dat daar verwant aan hierdie studie nog talle onderwerpe is vir verdere ondersoek en studie, onder andere:

1. 'n Antropologie vir die Kategese.

2. 'n Psigologie van religieuse ervarings en 'n psigologie van genade gryp, pneumatologies gesproke, in mekaar oor t.o.v. die Kategese.

3. Die betekenis van die Gereformeerde Spiritualiteit vir die Kategese.

4. Godsdienstige opvattinge van die tiener in die postmoderne denkklimaat met die oog op 'n aktuele leergang en leerplan vir die Kategese.

5. Bevindelike Kategese. Nuwe perspektiewe vir 'n ou waarheid.

6. Die Godsdienstige ontwikkeling van die verbondskinders.

7. Die verbondskind tussen doop en belydenisaflegging. Aspekte van 'n basisteorie, metateorie en praktykteorie.

8. Die belangrikheid van die ontwikkelingsfases van die kind vir die kategese.

9. Geskiedenis van die Kategese in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 'n Prinsipiële en Historiese ondersoek.

10. Bybelse Perspektiewe op die verbondskind in die Kategese.

11. Die Hulp-kategeet in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 'n Basisteoretiese, Metateoretiese en Praktykteoretiese Studie.

12. Die betekenis van die heilsorde in die vasstelling van die leeruitkoms van die Kategese.

13. Die plek van die kategese met die oog op persoonlike geloofsgroei.

14. Kategese in diens van die verbond en die koninkryk van God.

# BIBLIOGRAFIE

## A 🕮

**AALDERS, G.Ch.** 1939. Het Verbond Gods. Kampen : Kok 224 p.

**ABBOTT-SMITH, G.** 1956. A Manual Greek Lexicon of the New Testament. Edinburgh : T. & T. Clark. 512 p.

**ALDEN, R.L.** 1993. The New American Commentary. Volume II. Job. USA : Broadman & Holman Publishers. 432 p.

**ALEXANDER, T.D. & ROSNER, B.S.** 2000, *reds.* New Dictionary of Biblical Theology. Leicester, England : Inter-Varsity Press. 866 p.

**AN, J.S.** 2001. Creative Bible Teaching to young children. . (Thesis Ph.D.- PU vir CHE.) 358 p.

**ANDERSON, N.T.** 1993. Each new day with Neil T. Anderson. Eugene, Oregon : Monarch Books. 383 p.

**ANGLADA, P.R.B.** 1987. The sealing with the Spirit in Ephesians 1:13. (Dissertation - Th.M. PU vir CHO) 145 p.

**ANON.** 1986. Van die Here ontvang. Hulp aan Gereformeerde ouers. Potchefstroom : Herald. 100 p.

**ANON.** 1998. Gereformeerdes bely die konnkryk van God. *Die Kerkblad.* 101(3037):4-5, Junie, 10.

**ANON.** 1999. Postmodernistiese Skrifuitleg – 'n doodloopstraat. *Die Kerkblad,* 101(3056):15-24. Maart, 24.

**ANON.** 2002. Handleiding vir Nagraadse Studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (D 20/2002) 48 p.

**ARNDT, W.F. & GINGRICH, F.W.** 1957. A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian Literature. Chicago : University of Chicago Press. 909 p.

## B 🕮

**BAKKER, J.T.** 1956. Coram Deo: Bijdrage tot het onderzoek naar de structuur van Luthers' Theologie. Kampen : Kok. 229 p.

**BALKE, W., GRAAFLAND, C., HARKEMA, H.** 1976. *Reds.* Wegen en gestalten in het Gereformeerd Protestantisme. Amsterdam : Uitgeverij Ton Bolland. 310 p.

**BALZ, H. & SCHNEIDER, G.** 1990. Exegetical Dictionary of the New Testament. Vol. 1. Grand Rapids : Eerdmans. 463 p.

**BARBOUR, R.S.** 2000. Kingdom of God (*In* The Oxford Companion to Christian Thought, *eds.* Hastings, A., Mason, A., Pyper, H. Oxford : University Press. 777 p.)

**BARCLAY, W.** 1969 The King and the Kingdom. Edinburgh: The Saint Andrew Press. 211 p.

**BARKER, K.L. & BAILEY, W.** 1998 The New American Commentary, Volume 20, Nashville : Broadman & Holman Publishers 528 p.

**BARNARD, A.C.** 1988. Die begeleiding van verbondskinders tot belydenis van geloof. (*In:* Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 101 p.)

**BARTH, G.** 1993. πίστις, πιστεύω. (*In* Exegetical Dictionary of the New Testament, p. 91-98. Balz, H. & Schneider, G., *eds.* Volume 3. Grand Rapids : Eerdmans. 566 p.)

**BARTHOLOMEW, C.G.** 1997. The church and the world the power of identity. (*In* Signposts of God's Liberating Kingdom. Perspectives for the 21st century. Volume 1, *eds* Van der Walt, B.J. & Swanepoel, R. Institute for Reformational Studies. Potchefstroom University for Christian Higher Education. Potchefstroom. 377 p.)

**BAUER**, D.R. 1992. Son of God. (*In* Dictionary of Jesus and the Gospels, *eds.* Green J.B. & McKnight, S. Leicester : Inter-Varsity Press 933 p.)

**BAVINCK**, H. 1903. De zekerheid des geloofs. Kampen : Kok. 105 p.

**BAVINCK**, H. 1967[1] Gereformeerde Dogmatiek, Eerste deel, Kampen : Kok. 591 p.

**BAVINCK**, H. 1967[2] Gereformeerde Dogmatiek, Tweede deel, Kampen : Kok. 579 p.

**BAVINCK**, H. 1967[3] Gereformeerde Dogmatiek, Derde deel, Kampen : Kok. 604 p.

**BAVINCK**, H. 1967[4] Gereformeerde Dogmatiek, Vierde deel, Kampen : Kok. 759 p.

**BEAGLEY, A.J.** 1997. Scrolls (*In* Dictionary of the latter New Testament and its developments. A compendium of Contemporary Biblical Scholarship, *eds.* Martin, R.P. & Davids, P.H. Leicester : InterVarsity Press. 1289 p.)

**BEHM, J.** 1964. διαθήκη. (*In* Theology Dictionary of the New Testament, *ed.* Kittel, G. Grand Rapids : Eerdmans. 955 p.)

**BEKER, E.J. & HASSELAAR, J.M.** 1979. Wegen en Kruispunten in die Dogmatiek. Deel 2. Kampen : Kok. 248 p.

**BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, S.F.H.J.** 1956. Catechetiek. Nijkerk : Callenbach. 390 p.

**BERKHOF, H.** 1973[a]. Christelijk Geloof. Een inleiding tot de geloofsleer. Nijkerk : Callenbach. 586 p.

**BERKHOF, H.** 1973[b]. Theologische Antropologie. (*In* De veranderbaarheid van de mens. L.W. Nauta en medewerkers. Kampen : Kok. 108 p.)

**BERKHOF, H.** 1990. Christian Faith. An introduction to the study of the faith. Revised. Grand Rapids : Eerdmans. 572 p.

**BERKHOF, L.** 1963. Systematic Theology. London : Banner of Truth Trust. 784 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1949[a]. Geloof en rechtvaardiging. Kampen : Kok. 220 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1949[b]. Geloof en volharding. Kampen : Kok. 215 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1949[c]. Geloof en heiliging. Kampen : Kok. 222 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1950. De voorzienigheid Gods. Kampen : Kok. 336 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1952. De Persoon van Christus. Kampen : Kok. 334 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1953. Het werk van Christus. Kampen : Kok. 387 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1954. De Sacramenten. Kampen : Kok. 407 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1955. De Verkiezing Gods. Kampen : Kok. 414 p.

**BERKOUWER, G.C.** 1957. De Mens het beeld Gods. Kampen : Kok. 407 p.

**BEUKES, M.J. du P.** 1974. Kategese as opdrag aan die Kerk. Universiteit van Pretoria. D.D.-proefskrif. 266 p.

**BIESTERVELD, P.** 1900. Het Karakter der Catechese. Kampen: Kok. 109 p.

**BHAE, J.Y.** 2000. The subject of the letter to the Ephesians: A thought-mapping approach. (Thesis - Ph.D. PU vir CHE) 203 p.

**BIJLSMA, R.** 1964. Schriftgezag en Schriftgebruik. Nijkerk : Callenbach. 276 p.

**BIJLSMA, R.** 1969. Kleine Catechetiek. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach. 304 p.

**BINGLE, H.J.J.** 1940. Enkele godsdienstige opvattinge van die middelbare skoolleerling: Opvattinge oor 'n paar aspekte van die godsdiens, oor God, die Bybel, en die kerk. (Proefskrif - D.Ed. Potchefstroom : PU vir CHO) 428 p.

**BINGLE, H.J.J.** 1962. Metodiek van Godsdiensonderrig op die Middelbare skool. 78 p.

**BINGLE, H.J.J.** 1969. Onderwys en opvoeding in die Koninkryk van God op aarde. (*In* Die Koninkryk van God. p. 315-327, *red.* Du Toit, S. Potchefstroom : Herald. 370 p.)

**BIRD, J. (Joseph) & L. (Lois).** 1972. Ken jou kind. Kaapstad : Tafelberg. 70 p.

**BLOEMHOF, F.** a.s. Het Kind en de Bijbel. Nijkerk : Callenbach. 131 p.

**BOGUE, C.W.** 1975. Jonathan Edwards and the covenant of Grace. New Jersey : Mack Publishing Company. 312 p.

**BORCHARDT, C.F.A.** 1988. *Red.* Wedergeboorte en bekering in verbondsperspektief. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 123 p.

**BORCHERT, G.L.** 1996. The New American Commentary. Volume 25A. John 1-11. USA : Broadman & Holman Publishers. 399 p.

**BOSHOFF, B.** 1976. Die Adolessent: sy ontwikkeling en ontwikkelingstake. Stellenbosch / Grahamstad. 134 p.

**BOS, C.G.** 1985. Toe-eigening van het heil. *De Reformatie,* 61(1):1-3. Oktober, 5.

**BOTHA, J.** 1999. Postmodernisme in die visuele kunste – vriend of vyand? *Die Kerkblad,* 101(3056):37-40. Maart, 24.

**BOTTERWECK, G.J. & RINGGREN, H.** 1990. Theological Dictionary of the Old Testament. Vol. VI. Grand Rapids : Eerdmans. 491 p.

**BREED, D.G.** 1994. Die kenmotief in 2 Petrus: 'n Eksegetiese studie. (Proefskrif - Th.D. PU vir CHO) 383 p.

**BREED, D.G.** 1996. Fokus op 2 Petrus. Calvyn Jubileumfonds. Pretoria : V & R Drukkery. 77 p.

**BREED, D.G.** 2000. Verandering van die moreel-etiese situasie in Suid-Afrika in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 2:3-4. *In die Skriflig* (34)2:207-299.

**BREED, D.G.** 2000. Geloofsvolharding en moreel-etiese agteruitgang in die lig van die kenmotief in 2 Petrus 1:8-11. *In die Skriflig* (34)4:577-593.

**BREED, G.** 1989. Onderrigleer tot getuienis as 'n doelpunt van die kategese. (Verhandeling - Th.M.. PU vir CHO) 200 p.

**BREED, G.,** 1994. Kategese en geloofsopvoeding. (Proefskrif - Th.D. PU vir CHO) 332 p.

**BREEN, A.C.** 2004. Kind en Kategese. *Kompas* 13(9):4-9, September.

**BRIENEN, T.** 1969. Onderlinge dienst. Schets van gemeenschapsbelewing in de gemeente van Christus. Uitgave van de Christelijke Gereformeerde Lectuurstichting "Ds. H. Janssen" Utrecht. 103 p.

**BRIENEN, T.** 1978. Bevinding. Aard en funktie van de geloofsbeleving. Kampen : Kok. 174 p.

**BRIENEN, T.** 1985. Wat een problemen, (*In* Knevel A.G., *red.* Geloofsopvoeding en praktijk, Kampen : Kok. 106 p.)

**BRIENEN, T.** 1990. Leren in Jodendom en Christendom. De plaats van Israel in de Cathechetiek. Kampen : Kok. 77 p.

**BRIENEN, T.** 1993. Gods ontferming in tijd en eeuwigheid. Bezinning op Verbond en Verkiesing. Kampen : Kok. 107 p.

**BRIGHT, J.** 1953. The Kingdom of God. New York/Nashville : Abington/Cokesbury Press. 288 p.

**BRILLENBURG-WURTH,** 1951. Het Christelijke leven in de Maatschappij. Kampen : Kok. 300 p.

**BRONS, J.** 2004[a]. Van der Schuit over het genadeverbond (1). Mogelijke uitweg uit schijnbaar vastgelopen discussie. *De Wekker.* 113(14):222-223. Februari, 13.

**BRONS, J.** 2004[b]. Van der Schuit over het genadeverbond (2). Genadeverbond, gemeenschapsrelatie met God. *De Wekker.* 113(15):238-239. Februari, 20.

**BRONS, J.** 2004[c]. Van der Schuit over het genadeverbond (3). Verbond niet idealiseren. *De Wekker.* 113(16):254-255. Februari, 27.

**BRONS, J.** 2004[d]. Van der Schuit over het genadeverbond (4). Verbond niet uithollen. *De Wekker.* 113(17):270-271. Maart, 5.

**BRONS, J.** 2004[e]. Van der Schuit over het genadeverbond (5). Verbond Bijbels gefundeerd. *De Wekker.* 113(24):382-383. April, 23.

**BRONS, J.** 2004[f]. Van der Schuit over het genadeverbond (6). Verbond beleden. *De Wekker.* 113(25):398-399. April, 30.

**BRONS, J.** 2004[g]. Van der Schuit over het genadeverbond (7). Verbond beleefd. *De Wekker.* 113(26):414-415. Mei, 7.

**BROWN, W.A.** 1931. Pathways to certainty. London : Student Christian Movement Press. 254 p.

**BRUEGGEMANN, W.** 1982 Genesis. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Atlanta : John Knox Press. 384 p.

**BRUNER, F.D.** 1970. A theology of the Holy Spirit. Grand Rapids : Eerdmans. 390 p.

**BULTMAN, R.** 1969, ἀλήθεια. (*In* Theological Dictionary of the New Testament. Volume 1, p. 237-251. Grand Rapids : Eerdmans. 475 p.)

**BURGE, G.M.** 1987. The anointed Christ Community, the Holy Spirit in the Johanine tradition. Grand Rapids : Eerdmans. 269 p.

**BUYTENDACH, F.W.** s.a. Die Predestinasieleer van Karl Barth. (Verhandeling - Th.M. P.U. vir C.H.O)

**BYBEL.** 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

**BYBEL.** 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**BYBEL, VERKLARENDE BYBEL.** 1989. *Red.* Van Zyl, A.H. Kaapstad : Lux Verbi. 1465 p.

**BYBEL IN PRAKTYK.** 1993. *Reds.* Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F.J. Vereeniging : CUM. 2120 p.

